AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



SAKELYS
vir die
AGTSTE SINODE
gehou te Pretoria

8 – 13 September 1997

VERTROULIK!

Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die sinode oor sake daarin besluit het nie.

Inhoudsopgawe

1. INHOUDSOPGAWE i
2. VOORWOORD ii
3. ORDEREËLINGS iii
4. DAGPROGRAM v

VERSLAG VAN

5. SENTRALE KERKEKOMMISSIE 1
6. VERTEENWOORDIGER BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA 14
7. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE 19
8. KOMMISSIE VIR VERBONDSONDERRIG EN OPVOEDING 32
9. FINANSIËLE KOMMISSIE 53
10. KOMMISSIE ViR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK 109
11. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE 137
12. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE 149
13. KURATORIUM 174
14. KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK 183
15. KOMMISSIE VIR KERKARGIEF 191
16. PUBLIKASIEKOMMISSIE 194
17. AD HOC-HERSIENINGSKOMMISSIE VIR *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* 209
18. KOMMISSIE VIR BYBELVERKLARING 210
19. KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS 214

Voorwoord

Inleidend

In 'n oorsig oor sinodebesluite van die afgelope tien jaar, soos in ons feesbundel "God laat groei" weergegee, blyk duidelik: ons is voortdurend besig om geskiedenis te maak, in dié verband dan deur ons sinodebesluite en die uitvoering daarvan.

In 'n sakelys soos hierdie lê iets van die dinge waarmee ons kerkverband hom besig hou oop en bloot – die dinge wat ons doen, maar ook die leemtes van ons versuim.

Wat ons omstandighede en ons verantwoordelikhede betref, geld die voorwoord vir die sakelys van die sewende sinode steeds – nou meer as ooit. Dis die moeite werd om dit weer te lees.

In die sakelys vir die agtste sinode verskyn veel wat 'n mens tot dankbaarheid stem. Uit die verslae hierin blyk dit dat die meeste kommissies hard gewerk het, en nie weggeskram het van selfs moeilike vraagstukke nie. Daar is diepgaande besinning wat tot verhelderende aanbevelings gelei het. Daarvoor verdien die kommissies die dank van die hele kerkverband. Natuurlik gaan nie almal saamstem oor elke aanbeveling nie; daarom kan enige afgevaardigde met vrymoedigheid die besondere lig wat hy oor 'n saak het, in die sinode daarop werp.

Daar is egter ook somber sake op die tafel van die sinode. Verslae oor geskille, en appélle en beswaarskrifte voortvloeiend daaruit, wek die indruk dat ook ons nie ontkom aan onderlinge gevegte wat so eie is aan ons huidige samelewing nie. Soms word verskille met venyn en bitterheid vergiftig, met dodelike gevolge vir 'n gemeente. Verskille wat eintlik eie aan die verskeidenheid is, behoort verrykend vir die gemeente en tot voordeel van die koninkryk te wees wanneer dit in liefde gehanteer word.

Mag die liefde ook die debatte tydens die sinode kenmerk – kenmerk sodat almal daaraan sal weet dat ons dissipels van Jesus Christus is (Jn 13:24).

Praktiese reëlings

Afgevaardigdes wat deur hulle kerkrade met die hoë verantwoordelikheid vertrou is om die kerkrade by die sinode te verteenwoordig, word vriendelik gevra om

1. 'n kopie van Omsendbrief 8/1997 by hulle skribas te bekom en hulle vertroud te maak met die inhoud daarvan;
2. die inhoud van die agenda as vertroulik te beskou totdat die sinode dit afgehandel het;
3. die hele agenda vooraf aandagtig te bestudeer; **die inhoud sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word;**
4. 'n Bybel, Psalm- en Gesangboek, asook 'n eksemplaar van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk (1996-uitgawe) saam te bring na die sinode;
5. die "Ordereëls vir kerklike vergaderings" op bl. 46-50 in die Kerkorde aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal ook as gelese beskou word by die aanvang van die sinode);
6. onderling te reël dat na afloop van die sinode, en na ontvangs van die Handelinge, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig;
7. gereeld voorbidding vir die komende sinode te doen en te vra by hulle gemeentes.

Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die sinode toegebid.

DS. MC ADENDORFF
(Skriba van die SKK)

Ordereëlings

1. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig KO Bepaling 41E totdat voorsitter gekies is: prof. JC Lombard
2. Waarnemende skriba totdat skriba verkies is: ds. MC Adendorff
3. Opening deur waarnemende voorsitter: Skriflesing, sang en gebed
4. Verwelkoming deur:
   4.1 waarnemende voorsitter
   4.3 voorsitter, kerkraad AP Kerk Moot-Sentraal
5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe
6. Konstituering
7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers
8. Kennisname van ordereëls vir Kerklike Vergaderings (bl. 46 in Kerkordeboek) – word as gelese beskou
9. Verkiesing (Artikel 40 en Bepaling 41B)
   9.1 Voorsitter
   9.2 Ondervoorsitter
   9.3 Skriba
   9.4 Hulpskriba
   9.5 Tweede hulpskriba
   9.6 Aktuarius
10. Benoeming van tydelike kommissies (voorlopige indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede deur afgevaardigdes vooraf op Vorm Sin.3B aangedui)
11. Vasstelling van Sakelys
12. Goedkeuring van Dagprogram
13. Openingsrede deur ondervoorsitter van SKK
14. Broederlike gesprek
15. Verslae van Permanente Kommissies (o.m. SKK)
16. Nagmaal op uitnodiging van AP Kerk Moot-Sentraal
17. Verslae van Tydelike Kommissies
    A Kerkregtelike Sake
    B Finansies
    C Verbondsonderrig en Opvoeding
    D Barmhartigheidsdiens
    E Argief
    F Formuliere en Liturgie
    G Kerkleer en Christelike Etiek
    H Besluiteregister van sinodale besluite vir aandag van kerkrade en ringe
    I Kerksang en -musiek
    J Mediaskakeling
    K Samestelling van Permanente Kommissies
    L Ringsindeling
    M Algemene Sake, Administrasie en Administratiewe hulpmiddels
    N Verlofaansoeke
    O Notule
    P Literatuuruitstalling
    Q Geloofsbriewe
    R Kuratorium
    S Publikasies*
    T Stemtellers
    U Herderlike brief
    V Bybelverklaring*

* In Omsendbrief 8/1997 is Bybelverklaring en Publikasies nog saamgegroepeer soos voorheen. Afgevaardigdes wat dus op vorm Sin 3B aangedui het dat hulle op dié tydelike kommissie wil dien, en so deur die SKK ingedeel is, moet asseblief tydens die eerste vergadering verdeel volgens hulle belangstellingsvelde (nl. Publikasies of Bybelverklaring) en die naamlys van die twee kommissies so gou moontlik aan die skriba van die sinode besorg. Die tydelike kommissie vir Bybelverklaring rapporteer dan aan die sinode met verslae gemerk V1, V2, ens.

18. Konstituering van Permanente Kommissies
19. Konstituering van RKA
    19.1 Vergadering van die RKA waartydens die verslag van die BRKA behandel word.
    19.2 Verkiesing van 5 lede (met sekundi) van die BRKA (kyk Reglement 6.1, bl. 64–65 in Kerkordeboek en aanbeveling 23.1.3 in BRKA-verslag).
20. Bedankings
21. Mosies
22. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed
23. Spreekbeurte: ds. WM Grové (behandeling van verslag van KKA)
    Bybelgenootskap van SA

Dagprogram

LET WEL:

1. **Die sinode besluit dat sy verrigtinge geslote is vir die openbare media totdat die vergadering anders daaroor besluit.**
2. **Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.**
3. **Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang onder leiding van die Kommissie vir Kerksang en -musiek.**

MAANDAG 8 SEPTEMBER 1997

08:00–11:00 Registrasie: 1. vir sinode/RKA en
2. vir verblyf.

Let wel: Afgevaardigdes wat na 11:00 registreer, sal nie stemreg hê alvorens 'n tweede verslag later deur die sinode behandel is nie.

11:00–12:00 Kommissie vir Geloofsbriewe stel na registrasie verslag op
12:00–13:00 Etenspouse
13:00 Sinodesitting neem 'n aanvang en verloop volgens Ordereëlings punte 1–12 en 15.
14:50–15:00 Verlofaansoeke en aankondigings
15:00–15:30 Koffiepouse
15:30–17:30 Verslag Sentrale Kerkekommissie
17:30–18:30 Aandete
18:30–19:15 Openingsrede
19:15–20:30 Broederlike gesprek
20:30–21:00 Teepouse

DINSDAG 9 SEPTEMBER 1997

07:00–08:00 Ontbyt
08:00–08:20 Bidstond–afgevaardigde oudl. AP Kerk Groter Durban
08:20–08:30 Aankondigings en reëlings
08:30–10:30 Verslag van Kommissie vir Formuliere en Liturgie
10:30–11:00 Teetyd
11:00–12:50 Verslag Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding
12:50–13:00 Uitdeel van notule van vorige dag en aankondigings
13:00–14:00 Etenstyd
14:00–15:50 Verslag Finansiële Kommissie
15:50–16:00 Aankondigings
16:00–16:30 Koffietyd
16:30–17:45 Verslag Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek
17:30–18:00 Mediaverslag, aankondigings en verlofaansoeke
18:00–19:00 Aandete
19:00–19:15 Behandeling van notule
19:15–20:30 Nagmaalviering
20:30–21:00 Teepouse
21:00 Tydelike Kommissies vergader

WOENSDAG 10 SEPTEMBER 1997

07:00–08:00 Ontbyt
08:00–08:20 Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Hluhluwe
08:20–08:30 Aankondigings en reëlings
08:30–10:30 Verslag BRKA na konstituering van RKA. Verkiesing van 5 lede met sekundi vir BRKA
10:30–11:00 Teetyd

11:00–12:50	Verslag van BRKA
12:50–13:00	Aankondigings en uitdeel van notule
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–15:50	Konstituering van sinode en verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:30	Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule
19:30–20:30	Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydelike Kommissies vergader

DONDERDAG 11 SEPTEMBER 1997

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Newcastle
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag Kuratorium
10:30–11:00	Teepouse
11:00–12:50	Verslag Kommissie vir Kerksang en -musiek
12:50–13:00	Aankondigings en uitdeel van notule
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–15:50	Verslag Kerkargief
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:30	Verslae Tydelike Kommissies
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule
19:30–20:30	Verslag Sentrale Kerkekommissie
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydelike Kommissies vergader

VRYDAG 12 SEPTEMBER 1997

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Zululand
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag Publikasiekommissie (waarby ingesluit verslag ad hoc-kommissie *Skriflig*)
10:30–11:00	Teepouse
11:00–12:50	Verslag Kommissie vir Finansies
12:50–13:00	Aankondigings, uitdeel van notule
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–14:30	Verslag verteenwoordiger Bybelgenootskap
14:30–15:00	Verslag Sentrale Kerkekommissie
15:00–15:50	Verslag Tydelike Kommissie vir Kommissies
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:30	Verslag: Kommissie vir Bybelverklaring
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule
19:30–20:30	Verslag Kommissie vir Barmhartigheidsdiens
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Konstituering van Permanente Kommissies Konstituering BRKA

SATERDAG 13 SEPTEMBER 1997

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond afgevaardigde oudl. AP Kerk Vryheid
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings, uitdeel van notule
08:30–10:00	Verslae Tydelike Kommissies Afhandeling van sake wat oorstaan
10:00–10:30	Mediaverslag
10:30–10:40	Dankbetuigings deur ondervoorsitter
10:40–10:50	Mosies
10:50–11:00	Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed

TYDTOEDELING

SKK	3 uur 30 min
BRKA	3 uur 50 min
KKS	3 uur 50 min
Kur	2 uur
FK	3 uur 40 min
Pk	2 uur
Ad hoc – *Skriftig*	(saam met Pk)
KKM	1 uur 50 min
KKCE	1 uur 15 min
KBD	1 uur
KKA	1 uur 50 min
KFL	2 uur
BSA	30 min
KBVK	1 uur
Tydelike Komm.	3 uur 20 min
Totaal	31 uur 35 minute

Verslag van die Sentrale Kerkekommissie (SKK)

Tydperk 8 September 1995 tot 5 Junie 1997

1. PERSONEEL

Prof. IA Brink (voorsitter), dr. CI van Heerden (ondervoorsitter), di. MC Adendorff (skriba), NJ Rautenbach (hulpskriba), RMJ Britz, JH Theron. Die drie sekundi-lede is di. JP Bezuidenhout, G Pretorius en oudl. GP Bezuidenhout.

2. VERGADERINGS

In die tydperk is 13 vergaderings gehou, sover moontlik eweredig versprei.

3. LASGEWING

Die SKK het volgens sy lasgewing opgetree.

3.1 AANBEVELINGS

Die sinode keur die volgende wysiging aan die lasgewing van die SKK goed:

3.1.1 Voeg 'n nuwe punt 17 in wat so lui: "... dien as skakel om werksaamhede van susterskonferensies te koördineer".

3.1.2 Die huidige punte 17 word 18.

3.1.3 Wysig punt 15 om te lees: "... help waar moontlik, op versoek van ouderlingerade met koördinering van sendingaksies (vgl. KO art. 47) en evangeliseringsaksies (vgl. KO art. 46) wat deur gemeentes of ringe geloods word."

4. SINODEREËLINGS

AANBEVELINGS

Die sinode keur die volgende reëlings goed:

4.1 die plek, datum en tydsduur van die sinode;

4.2 die ordereëlings;

4.3 die dagprogram vir die sinode;

4.4 die Sakelys soos voorgelê;

4.5 die sinode besluit dat twee hulpskribas verkies word om die skriba tydens die sinodesitting met notulering by te staan;

4.6 die sinode besluit om ordereël 29 wat lees: "Die notule van 'n ringsvergadering en 'n sinodale vergadering word by die volgende dagsitting gelees en goedgekeur. Die notule van die laaste sittingsdag word vir goedkeuring en ondertekening verwys na die kommissie deur die ring of sinode daarvoor aangewys" te wysig na "Die notule van 'n ringsvergadering en 'n sinodale vergadering word verkieslik by die volgende dagsitting gelees en goedgekeur. Die notule van die laaste sittingsdag word vir goedkeuring en ondertekening verwys na die kommissie deur die ring of sinode daarvoor aangewys."

5. STATISTIEK

'n Gemeentelike statistiekvorm vir verpligte gebruik, asook 'n gemeentelike verslagvorm vir vrywillige gebruik deur ringe is in 1996 en 1997 aan gemeentes na luid van lasgewing 11, versend.

Die sinodebesluit, punt 13, bl. 129 van die Kerkordeboek 1996 het nie tot veel verandering in die reaksie van gemeentes ten opsigte van statistiekvorms bygedra nie. Gemeentes se reaksie bly steeds 'n probleem vir die SKK ten einde sinvol aan Lasgewing 6 uitvoering te gee.

Op 6 Junie 1997 het slegs 71 gemeentes hulle statistiek aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur. Dit is nie vir die SKK duidelik of die versuim aan die deur van gemeenteskribas of die ringskribas gelê moet word nie. Die SKK is dus nie in staat om sy opdrag in dié verband uit te voer nie.

5.1 AANBEVELING

Die sinode vestig die aandag van die skribas van kerkrade en ringe pertinent op die volgende verantwoordelikhede soos dit in die Kerkordeboek 1996 voorkom:

5.1.1 "Die kerkraad is verantwoordelik om –

sinodale besluite t.o.v. die Sentrale Kerkkantoor na te kom, nl. maandeliks aanstuur van vorm F1 met die voorgeskrewe geldelike verpligtinge;

jaarliks via die ringskriba 'n afskrif van die doop- en lidmateregister te stuur, asook die gemeentelike verslagvorm met statistiek en ander gemeentegegewens;

ander voorskrifte van ring en sinode soos van toepassing uit te voer;

toe te sien dat die gemeenteskriba aan alle kerklike amptelike omsendbriewe die verlangde aandag gee" (Handelinge Sinode 1995, bl. 235, 9.3.1.1 – aangehaal op bl. 129 in Kerkordeboek 1996);

5.1.2 Bep. 37E "Die ringskriba voer alle besluite en opdragte van die ring uit, behartig korrespondensie, versend alle ringsverslae binne 14 dae na die Sentrale Kerkkantoor vir argiefdoeleindes, voer die toepaslike bepalings van die Kerkorde uit en hanteer alle sake van die ringskommissie" (Kerkordeboek 1996, bl. 26).

6. GEMEENTES GESTIG SEDERT VORIGE SINODE

AP Kerk Petrus Steyn, 15/10/1995; AP Kerk Caaguazu, 22/10/1995; AP Kerk Diamantstreek 10/12/1995; AP Kerk Stella 28/7/1996; AP Kerk Welbekend 28/11/1996; AP Kerk Hoëveld 23/3/1997.

7. GEMEENTES ONTBIND SEDERT VORIGE SINODE

AP Kerk Cradock 27/4/1996; AP Kerk Northam 16/6/1996; AP Kerk Sasolburg 2/3/1997; Daniëlskuil 13/3/1997.

8. LERAARS GEËMERITEER

Ds. HJ Liversage 30/6/1996; dr. MFM Pretorius 31/1/1996; di. JM Rheeder 31/8/1996, OD Scheuer 17/9/1996, JH Swart 30/4/1996, JAV van der Schyff 31/7/1996, prof. WJG Lubbe 15/3/1997.

9. LERAARS UIT BEDIENING

9.1 Band losgemaak en nog nie beroep nie

Di. CJ Kruger (art. 19) 7/11/1994, JD Jansen van Rensburg (art. 19) 12/4/1995.

9.2 Amp neergelê

Di. JAV van der Schyff, PC Poley, PJ du Plessis.

10. LERAARS OORLEDE

Di. MJ de Kock, 13/5/1996 (in memoriam in 1997 Kerkjaarboek, bl. 90) en WJ Liebenberg, 2/3/1997. Kyk Bylae KKA 1.

11. LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET

Gedurende die verslagtydperk het di. CJ Kruger, OD Scheuer, RMJ Britz, TJ Verryne, AJ van Niekerk, prof. IA Brink en dr. MFM Pretorius reisende diens vir die SKK gelewer. Die gevestigde gemeenteleraars hier genoem, is by geleentheid gebruik nadat met hulle kerkrade ooreengekom is.

Die volgende bedrae is aan reisende diens bestee: R171 943 vir sewe reisende leraars.

Die SKK besef dat veral die kleiner gemeentes nie finansieel selfstandig kan bestaan nie en steeds van reisende leraars gebruik sal moet maak vir noodsaaklike bediening. Groot eise word vir die doel aan die Bedieningsfonds gestel.

12. HULPBEHOEWENDE GEMEENTES

12.1 Geldelike hulp aan gemeentes verleen

Vanaf 1 September 1995 tot 30 April 1997 is die volgende bedrae bestee:

Vanaf 1/9/1995 tot 31/12/1995 R95 470
'n Totaal van agt gemeentes is hiermee gehelp.

Vanaf 1/1/1996 tot 31/12/1996 R457 122
'n Totaal van 32 gemeentes is hiermee gehelp.

Vanaf 1/1/1997 tot 30/4/1997 R239 820
'n Totaal van 22 gemeentes gehelp.
Groot totaal: R792 411

Volgens berekening verteenwoordig bedieningshulp 4 van die 15% bydraes van gemeentes.

In die lig van die nood in die gemeentes moes die SKK sy beleid waarvolgens hulp verleen word, hersien en word daar nou hulp verleen in gevalle waar gemeentes vroeër nie gehelp was nie. Die bedieningsfonds dra swaar aan die las en danksy die verhoogde begroting en die oordrag van surplusse kon daar tot hiertoe gehelp word. Dit is egter onrusbarend dat die SKK skrywes ontvang van gemeentes wat weier om hulle 15% bydraes aan die kerkverband oor te betaal. Dit kan meebring dat gemeentes wat werklik hulp nodig het dit in die toekoms sal moet ontbeer.

Gemeentes wat om hulp aansoek doen moet dit op die voorgeskrewe vorms doen en die gevraagde inligting volledig en betyds aan die kantoor deurstuur. Die aansoekvorms is vereenvoudig sodat die voltooiing daarvan makliker is. Gemeentes moet daarop let dat hulpverlening nie sonder die nodige inligting oorweeg kan word nie.

12.2 Bedieningsbehoefte van klein gemeentes

Dit blyk dat daar 81 gemeentes met minder as 200 lidmate is. Dertien gemeentes het tussen 200 en 150 lidmate, 20 gemeentes 150 tot 100 lidmate, 35 gemeentes 100 tot 50 lidmate en 13 gemeentes minder as 50 lidmate. Sommige van hierdie klein gemeentes het weinig hoop op groei, hoofsaaklik as gevolg van geografiese omstandighede. Verskeie gemeentes, selfs met meer as 200 lidmate, kan nie 'n voltydse leraarspos in stand hou nie en maak gebruik van geëmeriteerde leraars. Met enkele uitsonderings is die geëmeriteerde leraars in die AP Kerkverband elkeen op een of ander wyse weer betrokke by die pastorale versorging van 'n gemeente. Hierdie predikante lewer

waardevolle diens maar kan nie op ringe of die sinode met stemreg sitting neem nie.

Dit blyk dat die volgende besluit wat die sinode van 1993 geneem het probleme oplewer: "Die sinode besluit dat 'n leraar in diens van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk, asook 'n leraar of ander amptenaar in diens van die kerkverband (d.w.s. verbonde aan die Sentrale Kerkkantoor en die Teologiese Skool) verplig is om aan die einde van die jaar waarin hy 65 jaar oud word, sy emeritaat te aanvaar (of af te tree in die geval van 'n amptenaar)."

Kerkregtelik kan 'n leraar slegs by wyse van 'n beroepsbrief kontraktueel in diens geneem word. Tog word geëmeriteerde leraars op een of ander wyse sonder 'n beroepsbrief tydelik in diens geneem – in sommige gevalle ook nie so tydelik nie.

T.o.v. 'n werknemer (nie-leraar) in diens van 'n kerk of kerkverband het die sinode van 1993 (Handelinge van die Sesde Sinode, bl. 280) soos volg besluit: "Die sinode besluit dat in die geval van 'n werknemer (nie-leraar) 'n werkgewer geregtig is om volgens eie diskresie die gepensioeneerde werknemer vir 'n beperkte tyd her in diens te neem."

Die bedoeling van die BRKA wat die oorpronklike aanbeveling aan die sinode voorgelê het, was dat laasgenoemde reëling ook t.o.v. leraars sou geld (Sakelys, Sesde Sinode, bl.16).

AANBEVELINGS

12.2.1 Die sinode wysig die besluit van die sinode in 1993 oor die ouderdomsgrens van predikante soos volg: 'n leraar wat na die sinode van 1993 tot die kerkverband toegetree het, is verplig om aan die einde van die jaar waarin hy 65 jaar oud word, sy emeritaat te aanvaar. Waar 'n kerkraad of 'n sinodale kommissie as werkgewer van 'n leraar egter oordeel dat 'n leraar bo die ouderdom van 65 jaar nog vrugbare diens kan lewer, word so 'n leraar in diens geneem met 'n beperkte dienstermyn beroepsbrief (of benoemingsbrief in die geval van 'n kommissie). Dit geld 'n leraar wat ten tye van die bereiking van sy verpligte emeritaatsdatum reeds in diens is, of wat deur die kerkraad of kommissie in diens geneem wil word.

12.2.2 Beroepsbrief D

T.o.v. beroeping van 'n emeritusleraar word 'n nuwe beroepsbrief gebruik soos hieronder geformuleer.

Aan die weleerwaarde heer .....

Die Kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk .....

groet u in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Die Kerkraad deel u graag mee dat u op ..... beroep is tot herder en leraar van die gemeente vir 'n vaste termyn beginnende op die datum van u bevestiging en eindigende ses maande daarna. Indien die kerkraad u diens daarna verder wil gebruik, word u dienstermyn met 'n verdere ses maande verleng. Sodanige verlenging, en enige verdere verlenging wat telkens nie langer as ses maande mag wees nie, word telkens deur 'n kerkraadsbesluit bevestig sonder dat u weer met gebruikmaking van die bevestigingsformulier bevestig hoef te word.

Die Kerkraad onderneem om u te onderhou terwyl u in diens van die kerkraad is, soos hier onder uiteengesit.

Van u word verwag om al u pligte as herder en leraar soos in die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk vervat, in die gees van Gods Woord te vervul. Van sy kant beloof die Kerkraad aan u die liefde en agting, die gebede en stoflike onderskraging wat aan 'n dienskneg van die Here verskuldig is volgens Gods Woord. Om u van bekommernisse oor die stoflike te vrywaar, onderneem die Kerkraad om aan u die volgende geldelike ondersteuning te voorsien:

*** (By beroeping skrap die kerkraad t.o.v. punte 5, 6 en 7 die moontlikhede wat nie aangebied word nie en behou en voltooi slegs dié een wat die kerkraad verkies. Kerkrade kan ook die voorwaardes hieronder aanpas volgens eie omstandighede en ooreenkoms met die betrokke emeritusleraar – punt 1 en 2 sal byvoorbeeld weggelaat word waar die leraar reeds tot by emeritaat in diens van die gemeente was.)**

1. **Die koste van die vervoer van u gesin en u meubels vanaf u huidige standplaas tot in die woning wat u plaaslik sal betrek.**
2. **Verder 'n eenmalige verhuisingstoelae van .....**
3. **'n Traktement soos deur die kerkraad met u ooreengekom, te wete R..... p.m.**
4. **'n Pro rata diensbonus bereken op die basis dat vir 'n volle jaar se diens een twaalfde van die jaarlikse basiese traktement betaal word.**

***5a. 'n Reistoelae van ..... per maand. Die reistoelae sal van tyd tot tyd hersien word.**

***5b. 'n Reistoelae van .....c per km. met 'n minimum van R ..... p.m.**

Die reistoelae sal van tyd tot tyd hersien word.

***5c. Die voorsiening van 'n motor vir gemeentewerk, volledig onderhou deur die kerkraad. Die motor bly die eiendom van die kerkraad.**

***6a. 'n Woningtoelae van ..... per maand.**

***6b. 'n Telefoontoelae van ..... per maand.**

***6c. 'n Toelae vir water en elektrisiteit van ..... per maand.**

OF

***7. Die voorsiening van 'n woning, volledig onderhou deur die kerkraad, toegerus met 'n telefoon waarvoor u slegs vir privaathooflynoproepe betaal. Geliewe skriftelik te meld of u punt 6 of 7 verkies.**

8. Sestig persent van die ledegeld neergelê deur die Kaapse Mediese Plan volgens reëls van die skema, terwyl u self veertig persent van die ledegeld dra.

9. Hierdie voorwaardes (of voorwaardes waaroor van tyd tot tyd deur u en die kerkraad ooreengekom word) geld slegs vir die vaste termyn waarin u in diens van die gemeente staan.

10. Verlof soos deur die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk bepaal is in Bepaling 14F, word pro rata vir u bereken.

U word vriendelik gevra om op hierdie beroep te antwoord voor of op .....

Die kerkraad wil u graag so gou as wat dit vir u moontlik is, hier ontvang, maar vestig u aandag pertinent op Bep. 12G van ons KO, waarvolgens hierdie beroep onderhewig is aan approbasie deur die gemeente.

Mag die Here u lei om spoedig helderheid oor hierdie beroep te verkry. Dit sal ons verheug as Hy dit so beskik dat u die beroep aanneem om in die krag en wysheid van die Here verder hier te kom bou op ons enigste fondament, naamlik Jesus Christus (1 Kor 3:11). Ons bid vir u en u huis.

VOORSITTER ..... DATUM .....

Telefoon: .....

SKRIBA: .....

Telefoon: ..... (Werk) ..... (Huis)

Onderteken deur 'n kworum van die Kerkraad:

OUDERLINGE: DIAKENS:

13. GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE

Soos deur die sewende sinode besluit (Handelinge bl. 223) is gesprekke met ander kerke ooreenkomstig KO art. 64 gevoer. Die volgende gesprekke het plaasgevind:

13.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk

Twee vergaderings is gehóu op 13 Maart 1996 en 23 Oktober 1996. Die gesprek het gehandel oor onder meer die onderwys, liederebundels, ekumeniese verhoudings, Geloftedag, waarheids- en versoeningskommissie, volk en kerk, konvent van Afrikaanse kerke en die Kerkordes. Die gesprekke vind in 'n opbouende gees plaas en die standpunte van die AP Kerk word duidelik gestel.

13.2 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Net een vergadering het in die verslagtydperk plaasgevind en wel op 23 Oktober 1996. Die gesprek rondom art. 3 van die KO van die AP Kerk is voortgesit en oor sake wat die onderlinge verhoudings raak word debat gevoer. 'n Konvent van Afrikaanse kerke word deur die deputate van die GKSA so verduidelik: Dit is 'n ad hoc-kerklike vergadering van afgevaardigdes uit verskillende gereformeerde kerke (dit kan ook Engelse gereformeerde kerke insluit) wat volgens magte deur hulle onderskeie kerkverbande aan die afgevaardes toegeken, besluite neem. Die bedoeling is om gesprek te voer oor sake wat almal raak soos om, wanneer nodig, met die owerheid in gesprek te tree.

13.3 Ander kerke

Geen formele samesprekings het met enige ander kerkverband plaasgevind nie. Met die NHK is geskakel oor die hersiening van die beryming van die Psalm- en Gesangebundel. Samewerking is verleen aan die Vereniging Bybel en Volk waar behoudende predikante van gereformeerde belydenis byeengebring is om te besin oor die onderwerp "Owerheid en onderdaan". Daar is met ander kerke en kultuurorganisasies vergader by Bloedrivier en gesprek gevoer oor die toekoms van die Geloftefeeste by die terrein. Korrespondensie is gevoer met ander kerkverbande oor sake soos aborsie en die kunsuitstalling by die Parlementsgebou in Kaapstad.

13.4 AANBEVELINGS

13.4.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om met inagneming van art. 64 van die KO gesprekke met ander Christelike kerke voort te sit en steeds op die wyse die besondere getuienis van die AP Kerk uit te dra.

13.4.2 Die sinode dra dit aan die SKK op om gesprek met die GKSA, NGK en ander gereformeerde kerke te voer oor 'n moontlike konvent van gereformeerde kerke ten einde gesamentlik teenoor die owerheid oor gemeenskaplike sake met inagneming van art. 64 van die KO te getuig.

13.4.3 Die sinode neem die stel aanbevelings wat gelykluidend ook aan die Algemene Sinode van die NG Kerk aangebied word, voortvloeiend uit die samesprekings tussen die SKK en die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk, in behandeling. (Dit sal DV ter vergadering beskikbaar gestel word.)

14. NASIONALE DAE VAN VEROOTMOEDIGING

Die SKK het verskeie oproepe en skrywes van kerkrade en lidmate ontvang wat gevra het dat landswye dae van verootmoediging of dankdae gehou moes word. Die reëling van die SKK was aan alle gemeentes gestuur in 'n omsendskrywe (10/1996).

15. SKAKELING MET DIE OWERHEID

Die SKK het met die owerheid geskakel deur middel van briewe waarin oor verskeie sake beswaar gemaak is oor owerheidsoptrede en beleid. Daar is nooit met enige persoon onderhoude gevoer nie. So is korrespondensie gevoer oor die verkoop van drank op Sondae, die kunsuitstalling by die Parlementsgebou, aborsie op aanvraag, die owerheid se optrede om die kerk te vervreem in sy beleid, die aanhef van die grondwet, die onregverdige behandeling van regse politieke gevangenes en die onderwyswetgewing.

Die SKK het ook in korrespondensie getree met die owerheid van Namibië oor die verblyfreg van leraars.

16. MEDIASKAKELING

16.1 Die skriba van die SKK het enkele kere aan gesprekke oor die radio deelgeneem waar die standpunte van die AP Kerk baie duidelik uitgespel is. Waar die standpunte van die AP Kerk deur die media aangevra is, is dit gereeld gegee. Dit was veral Radio Pretoria wat die SKK dikwels genader het, maar die pers het ook van tyd tot tyd verklarings gevra.

16.2 Kerknuus is gereeld aan Radio Pretoria deurgegee vir uitsending. Nuusberigte wat aan die SABC gegee was, is soms uitgesaai. Uitsaaibeurte vir godsdiensprogramme oor Radio Pretoria word gereeld aan AP kerke gegee.

16.3 In gevalle waar die AP Kerk in die openbare pers in berigte betrek is, is geantwoord. Alle antwoorde is egter nie sonder redigering geplaas nie. Op versoek is in die media oor aktuele onderwerpe berig.

16.4 Persverklarings is by geleentheid saam met ander instansies uitgereik waar alle betrokkenes gemeenskaplike belang gehad het, soos oor die regering se onderwysbeleid.

16.5 **Opdragte van sewende sinode aan die Radio- en TV-komitee**

16.5.1 Die sinode sien af van enige verdere onderhandelinge met Radio Kansel en spits hom toe op samewerking met die netwerk waartoe onder meer Radio Pretoria behoort (Handelinge bl. 223, 10.5.2).

16.5.1.1 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan die SKK op om die bestaande goeie verhouding met die Radio Pretoria-netwerk te handhaaf en uit te bou.

16.5.2 Vanweë die feit dat daar vanuit 'n aantal gemeentes sodanige behoefte aangedui is, dra die sinode dit aan die SKK op om ondersoek in te stel na die moontlikheid om klank- en videokassette met praatjies deur kundiges oor aktuele onderwerpe beskikbaar te stel (Handelinge bl. 223/4, 10.5.5). Kyk ook Pk.-verslag, 7.7.

16.6 Die SKK is genader oor moontlike samewerking met ander kerkverbande oor die beeldsaai van eie programme op Uplink, 'n satelietnetwerkstasie sowel as CTV wat daagliks op M-net beeldsaai. 'n Inligtingsvergadering is met Uplink gehou en verdere ontwikkeling word afgewag. 'n Uitnodiging na die M-net uitsendings is mondelings ontvang en verdere reaksie word afgewag.

16.6.1 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan die Radio-en TV-komitee op om met onderhandelinge voort te gaan ten einde uitsaaibeurte vir APK-leraars te bekom d.m.v. Uplink of CTV.

17. KOÖRDINERING VAN AKSIES OP DIE TERREIN VAN SENDING EN EVANGELISASIE

17.1 Die SKK het gepoog om as koördineerder op te tree vir AP Kerk Frankfort in sy Emmaüs-aksie. Reaksie is egter tot op hede nie na wense nie.

17.2 Die SKK het praktiese riglyne vir sending en evangelisasiewerk opgestel vir gebruik deur kerkrade en dit gereedgekry vir publikasie in "Die Boodskapper". (Handelinge 1993, bl. 242, Opdrag 99.)

18. KORRESPONDENSIE

Die SKK het in die verslagtydperk 'n enorme administratiewe las gedra in die vorm van korrespondensie, onderhoude, telefoongesprekke en besoeke wat baie tyd in beslag geneem het. Onderhoude is gevoer met verskeie instansies waaronder buitelandse joernaliste. Met gemeentes, verenigings en aksies is ook van tyd tot tyd onderhoude gevoer.

19. KAPELAANSDIENSTE

Die veranderde situasie in Suid-Afrika het daartoe gelei dat daar geen verpligte diensplig-stelsel meer is nie. Voorlopige samesprekings is met die kapelaan-generaal gevoer en dit wil voorkom of lede van die magte deur plaaslike gemeentes bedien kan word.

19.1 AANBEVELING:

Die sinode versoek kerkrade om lede van die weermag in militêre eenhede binne hulle gemeentes as deel van die gemeentes te bedien.

20. ANDER SINODALE OPDRAGTE

20.1 **Tienjarige feesprogram** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 232, 15.4.1.1)

20.1.1 Die sinode besluit dat die 10-jarige bestaan van die AP Kerk op 27 Junie 1997 of so na moontlik daaraan by wyse van dankfeeste op streeksbasis by die volgende sentra gevier sal word: Pretoria, Durban, Windhoek, Bloemfontein, Worcester, Upington.

20.1.2 Die sinode benoem die volgende persone as verteenwoordigers van die ses streke om saam met die SKK 'n reëlingskomitee te vorm om in oorleg met mekaar die feeste te reël: die predikante van AP Kerk Moot-Sentraal, Groter-Durban, Bloemfontein-Noord, Outjo, Worcester, en Gordonia. Beplanning moet betyds gedoen word.

20.1.3 Oorweging kan aan die volgende sake vir insluiting in 'n program gegee word: eredienste, bekendstelling van die feesbundel, koorfeeste, vasvrakompetisies, feesrede, boekuitstalling, groeteboodskappe, tablo, boodskap vir die 1997-sinode, ens.

20.1.4 Die sinode keur dit goed dat die koste van die reëlingskomitee t.o.v. die feesbeplanning uit die bedrag deur die FK daarvoor begroot, gedelg word. Ringe in die ses streke is verantwoordelik vir die koste verbonde aan plaaslike feeste.

20.1.5 AANBEVELINGS

20.1.5.1 Die sinode neem met dank kennis van die 10-jarige feeste wat landswyd gehou is en spreek sy dank uit teenoor al die komitees wat verantwoordelik was vir die reëlings.

20.1.5.2 Die sinode gee geleentheid vir boodskappe van die onderskeie streeksfeeste aan die sinode.

20.1.5.3 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die samestellers van die feesbundel "God laat groei" en beveel dit by kerkrade en gemeentelede aan as 'n waardevolle boek oor die ontwikkeling van die AP Kerk van 1987 tot 1997.

20.1.6 **Wenk van AP Kerk Wesmoot** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 232)

Sou dié sinode besluit om DV weer oor twee jaar te vergader (m.a.w. 1997) wil die kerkraad van AP Kerk Wesmoot aan die hand doen, indien dit enigsins moontlik is, dat:

a) die sinode só beplan word dat dit rondom die datum van 27 Junie 1997 gehou word sodat die tienjarige feesvieringe van ons geliefde Kerk daarmee saam gevier word;

b) die sinode sowel as die tienjarige feesvieringe in die Skilpadsaal by die Pretoria Skougronde gehou word – dié plek waar die AP Kerk op 27 Junie 1987 gestig is.

Alhoewel ons as kerkraad daarmee rekening hou dat die beoogde sinode vir 1997, soos vanjaar die geval, ook op 'n tenderbasis uitgesit sal word, hou die kerkraad hom aanbevole om met die reëlings behulpsaam te wees aangesien die Skilpadsaal binne AP Kerk Wesmoot se gemeentegrense val en dit vir ons 'n besondere eer sal wees om u tydens dié feestyd daar te ontvang.

20.1.7 **Optrede**

Die SKK het besluit om vanweë administratiewe drukte nie die sinode en die feesviering te laat saamval nie. Die Skilpadsaal kon nie vir een van die twee geleenthede bekom word nie en ander akkommodasie is verkry. 'n Reëlingskomitee het verdere reëlings getref waarby die gemeente wel betrek was. Ons vertrou dat die reëlings so in orde is.

20.2 **CVO- en Kerkskole** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 232, 15.5.1)

Die sinode dra dit aan die SKK en KVO op om 'n wakende oog te hou oor die belange van dagskole, CVO- en kerkskole in die opstel van 'n nuwe Grondwet vir Suid-Afrika en indien nodig met die owerheid in gesprek te tree.

20.2.1 **Optrede**

Die SKK het kommentaar op die eerste Witskrif op Onderwys van die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding (KVO) ontvang maar

wag nog kommentaar af op die tweede verslag alvorens met moontlike samesprekings met die owerheid begin kan word. Die SKK het 'n versoek aan prof. R Marè gerig om die SKK te voorsien van 'n beginselstandpunt oor die wenslikheid al dan nie van skole en tersiêre onderwysinrigtings onder kerklike beheer.

20.2.2 AANBEVELINGS

20.2.2.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om 'n wakende oog te hou oor die belange van dagskole, CVO- en kerkskole onder die nuwe Grondwet van Suid-Afrika en om indien nodig met die owerheid hieroor in gesprek te tree.

20.2.2.2 Die sinode dra dit aan die SKK op om na ontvangs van die verslag oor die beginselstandpunte oor die wenslikheid van kerklike beheer oor skole en tersiêre onderwysinrigtings, dit met die KVO te bespreek en aanbevelings hieroor aan 'n volgende sinode voor te lê.

20.3 **Handves van Fundamentele Regte** (Handelinge bl. 232, 15.6.3.1)

20.3.1 Die sinode keur die optrede van die SKK goed en dra dit aan die SKK op om enige inligting van belang vir kerkrade wat uit die verdere ontwikkeling van die Handves van Fundamentele regte voortvloei, te bestudeer en in oorleg met die KKS advies aan kerkrade deur te gee.

20.3.2 **Optrede**

Die laat verskyning van die finale Handves van Fundamentele regte het die optrede van die SKK baie aan bande gelê. Die SKK verwys egter na die publikasie "Skriflig op Kerk en Volk" waarin kommentaar op die Handves onder punt 4.9.2 gelewer is. Waar nodig het die SKK punte in die Handves wat van belang is onder aandag van kerkrade en leraars gebring soos bv. knelpunte in die arbeidswetgewing. In die huidige Grondwet van die RSA is die handves as hoofstuk 2 onder die titel "Handves van regte" opgeneem.

20.3.2.1 AANBEVELING

Die sinode keur die optrede van die SKK t.o.v. die Handves goed en dra dit aan die SKK op om enige inligting rakende die Handves van regte wat van belang vir die kerkverband kan wees, aan gemeentes deur te gee.

20.4 **Gemeente in Paraguay** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 240, 20.3.1.2)

Die sinode dra dit aan die SKK op om die moontlikheid te ondersoek om die bediening in die beoogde AP Kerk Paraguay te koppel aan die bediening van lidmate elders in die buiteland wat deur 'n reisende leraar behartig kan word.

20.4.1 AANBEVELING

Die sinode aanvaar dat APK Caaguazu in Paraguay tans nie saam met ander buitelandse lidmate bedien kan word nie en keur dit goed dat 'n leraar, wanneer moontlik, in Paraguay gevestig word.

20.5 **Bedieningsfonds** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 278, 11.10.3)

Die sinode dra dit aan die FK op om in oorleg met die SKK die Bedieningsfonds uit te brei sodat, as hoë prioriteit, alle gemeentes behoorlik pastoraal versorg kan word.

20.5.1 AANBEVELING

Die sinode keur die uitbreiding van die Bedieningsfonds goed en dra dit aan die SKK op om steeds na die bedieningsbehoeftes van alle gemeentes wat daarvoor kwalifiseer, om te sien.

20.6 **Ringsgroepering** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 239, 19.1.1)

Die sinode keur dit goed dat hierdie saak terugverwys word na die betrokke ringe, nl. Oos-Kaap en Suid-Vrystaat vir hantering. Indien nodig, kan die ringe ook oorleg pleeg met die SKK.

20.6.1 AANBEVELING

Die sinode neem kennis dat gemeentes in die ringe in Oos-Kaap en Suid-Vrystaat in samewerking met die SKK nuwe kombinasies gevorm het om die bediening meer effektief te maak.

20.7. **Inwin van regsadvies** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 297)

Die sinode neem kennis van aanbeveling 7.1. Die sinode verwys bg. saak vir bespreking en uitsluitsel na die KKS, Pk. en SKK onder voorsitterskap van die SKK. Die sinode versoek bg. DRIE kommissies om die resultaat van hul bevindinge saaklik per omsendbrief aan alle gemeentes deur te gee.

20.7.1 Die SKK, KKS en Publikasiekommissie het die saak bespreek en die volgende besluite herbevestig:

a) Geen persoon of kommissie mag aan enige regsgeleerde 'n opdrag gee wat geldelike implikasies vir die BRKA het nie;

b) eerstens moet die KKS om advies genader word;

c) slegs die BRKA kan 'n opdrag met geldelike implikasie aan 'n regsgeleerde gee;

d) die AP Kerk het geen amptelike regsadviseur nie maar die BRKA is besig met die samestelling van 'n lys van regsgeleerdes wat deskundiges is op verskillende gebiede.

20.7.2 AANBEVELING

20.7.2.1 Die sinode keur die optrede van die SKK, KKS en Publikasiekommissie t.o.v. besinning oor die inwin van regsadvies goed.

20.7.2.2 Die sinode keur dit goed dat die besluit nie per brief aan die gemeentes bekendgestel is nie, aangesien dit 'n saak is wat die werkswyse van kommissies van die sinode raak.

20.8. **Afhandeling van die notule van die sinode** (Handelinge bl. 299)

20.8.1 Die sinode neem kennis dat die notule goedgekeur is tot by bl. 10 van die derde sittingsdag.

20.8.2 Aangesien die finale notule met die skriba gekontroleer moet word, besluit die sinode om die afhandeling van die res van die notule na die SKK en aktuarius te verwys.

20.8.3 Veranderinge wat afgevaardigdes aangebring wil hê, moet so gou moontlik aan die Sentrale Kerkkantoor besorg word.

20.8.4 AANBEVELING

Die sinode neem met dank kennis dat die notule afgehandel is soos besluit en spreek sy dank uit vir 'n baie groot taak wat deur die skribaat en die aktuarius verrig is.

20.9. **Sinode 1997 – FK-Verslag** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 274)

Die volgende voorstel word na die SKK vir oorweging verwys:

Die Finansiële Kommissie se verslag moet tydens die volgende sinode op die 2de dag van die sinode dien, dan wel ook in die voormiddag.

20.9.1 AANBEVELING

Die sinode neem kennis dat die verslag van die FK vir die tweede sittingsdag geskeduleer is en dat dit aan die voorsitter oorgelaat word om na gelang van omstandighede die verslag te hanteer.

20.10 **Bedieningsfonds** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 284, 2.2.2.10.1)

Die sinode besluit dat die pos "Bedieningsuitgawes" verander word na "Bedieningsfonds".

20.10.1 AANBEVELING

Die sinode keur dit goed dat die pos "Bedieningsuitgawes" volgens vorige sinodebesluit omskep is tot "Bedieningsfonds" en dat enige moontlike saldo dus jaarliks na die volgende jaar oorgedra kan word.

21. **BESKRYWINGSPUNTE AAN SINODE 1997**

21.1 **Ring van Somerset-Oos, AP Kerk Kareedouw – hulp met reiskoste na sinodesittings**

Die sinode besluit dat die BRKA die kerke wat baie ver van die plek van die sinodesitting geleë is, finansieel sal ondersteun t.o.v. reiskoste van afgevaardigdes na die sinodes.

Motivering

Die kerke in die ring van Somerset-Oos se kostes is geweldig hoog om die groot afstande na Pretoria af lê om die sinodesittings by te woon. Op die lang duur raak dit ons finansieel nadelig en kan dit daartoe lei dat dit vir ons finansieel onmoontlik sal wees om sinodesittings by te woon. Ons maak reeds gebruik van saamrygeleentheid waar prakties moontlik, maar kostes bly steeds hoog. Ons voel dat dit van die uiterste belang is dat dit vir alle gemeentes moontlik moet wees om die sinodesittings by te woon.

21.1.1 AANBEVELINGS

21.1.1.1 Die sinode versoek die afgevaardigdes van gemeentes, veral gemeentes wat ver van Pretoria af is, om met mekaar te skakel en saam te ry na sinodale vergaderings.

21.1.1.2 Die sinode versoek die SKK om aansoeke van klein gemeentes om hulp met reiskoste, te oorweeg ná die afhandeling van die sitting.

21.2 **Ring van Steynsburg – Landswye gebedsaksie**

Die sinode besluit om 'n landswye gebedsaksie te loods.

★ Gemeentes word versoek om hulle voortdurend voor God te verootmoedig.

★ Daar in die gemeentes gebedsaksies geloods sal word.

★ Bidure gereeld gehou sal word, selfs in die eredienste.

★ Mense aangemoedig sal word om aan gebedskettings deel te neem.

Motivering

1. Die toestande in ons land versleg daagliks. Daar heers 'n valse vrede wat mense mislei.

Volgens die woord Hosea 4:6 gaan ons volk ten gronde weens gebrek aan kennis. Die wêreld wil die Boervolk belas met 'n skuldgevoel en selfs 'n skuldige gewete en baie van ons volksgenote buig voor hierdie aanslag. In die geskiedenis sien ons dat ons voorouers hulle voor God verootmoedig het in sulke tye en dat die Almagtige God hulle hulpgeroep gehoor het en aan hulle uitkoms gegee het.

2. Ons lees in Jesaja 59:6: "En Hy het ... Hom verbaas dat niemand tussenbeide getree het nie." Voorbidding is onmisbaar vir die bloei en volmaaktheid van die Kerk. Word dit min of gladnie beoefen nie, verloor die Kerk een van sy grootste sierade, en mis dit die ware vreugde van die geestelike lewe.

3. Volgens Jesaja 62:6 moet ons nie moeg word om die Here aan sy beloftes te herinner nie.

4. Ons moet let daarop dat Openbaring 8:1–6 'n halfuur stilte in die Hemel voorspel het omdat die Here op die gebede van die heiliges wag en ons moet besef watter groot rol ons gebede in die uitvoering van Gods raadsplanne speel.

5. Op ons as Geloftevolk rus daar 'n besondere verantwoordelikheid met betrekking tot die voorbidding. Waar ons nou onder 'n stelsel van sekulêre humanisme ingedwing is, is daar sekerlik 'n verlange by elkeen dat die Here ons weer sal herstel in ons erfenis (fisies, kultureel, geestelik, ens.).

6. Die wederkomsverwagting voeg 'n element van dringendheid toe tot die voorbidding. Dit stel 'n totale perspektief waarbinne ons Christelike dienswerk benader en uitgevoer moet word. Dit moet 'n sterk rigtinggewende invloed op ons daaglikse lewe en arbeid uitoefen.

21.2.1 AANBEVELING

Die sinode wys die gemeentes op die Bybelse roeping om voor God in verootmoediging en gebed te lewe en om so dankbaarheid te toon vir sy voortdurende sorg en leiding. Gemeentes word versoek om elke geleentheid binne hul eie omstandighede te benut om voor God in aanbidding neer te buig.

21.3 **Ring van Middelburg – AP Kerk Cullinan/ Rayton – Gemeentegetalle**

Die sinode versoek kerkrade om uitvoering te gee aan sinodebesluite en herbevestig sinodebesluit van 1987 dat: –

(i) gemeentes liefs nie groter as 350 lidmate moet wees nie, waarna afgestig moet word, en

(ii) daar nie meer as een Bedienaar van die Woord in 'n gemeente moet diens verrig nie.

Motivering

Verwys besprekings wat gevolg het in die verband tydens die sinodesitting van 1987.

21.3.1 AANBEVELING

Die sinode besluit dat gemeentes waar moontlik nie meer as 350 lidmate sal wees nie en dat kerkrade deeglik moet besin oor deeglike bediening. Afstigtings moet lewensvatbaar en sinvol wees.

21.4 **Ring van Potgietersrus: riglyne vir diakens**

Die sinode besluit om skrywers van handleidings as riglyne vir ouderlinge en diakens te versoek om pertinent aandag te gee aan die huisbesoek deur diakens – veral wat betref gebruik van die Bybel met spesifieke voorbeelde – om dit duideliker te omskryf en helder deur te gee.

Motivering

In die boekie van prof. R Marè oor ouderlinge en diakens word huisbesoekvoorbeelde vir die ouderling spesifiek uitgewerk terwyl daar nie oor elke soort besoek van die diaken voorbeelde uit die Skrif uitgewerk is nie.

21.4.1 AANBEVELINGS

21.4.1.1 Die sinode dra dit aan die SKK wat die lasgewing van die kommissie vir gemeentelike bediening oorgeneem het, op om riglyne vir die dienswerk van diakens op te stel en aan gemeentes beskikbaar te stel.

21.4.1.2 Die sinode dra dit aan die BRKA en Kommissie vir Barmhartigheidsdiens op om moontlik in oorleg met gemeentes of ringe professionele maatskaplike werkersdienste daar te stel waarheen lidmate verwys kan word en hulp kan kry in geval van maatskaplike probleme wat diakonieë teëkom. So 'n kantoor moet beman word deur 'n maatskaplike werker uit die AP Kerkverband. Vir diens gelewer moet deur die betrokke gemeente waaruit 'n kliënt afkomstig is, betaal word sodat die pos selfonderhoudend kan wees. "Die Boodskapper" word versoek om so 'n diens bekend te stel wanneer dit realiseer.

Motivering

a) Die maatskaplike hulpdienste wat tans bestaan, is nie altyd bruikbaar of gewillig om die AP Kerk by te staan nie.

b) Die verslegtende landstoestande bring al meer maatskaplike toestande na vore wat aandag verdien.

c) Die AP Kerk het geen goedgesinde kanaal om sy lidmate in sake by te staan waar professionele dienste – soms met regsimplikasies – vereis word nie (bv. aanneming of kinderhofprosedures).

21.5 **Ring van Nelspruit – Ringsindeling – AP Kerk Arnot/Hendrina en AP Kerk Hoedspruit**

21.5.1 Die sinode besluit om die AP Kerk Arnot/Hendrina los te maak van die ring van Nelspruit en in te deel by die ring van Morgenzon.

Motivering

Afstandsgewys is dit net baie meer prakties vir die gemeente om sinvol in te skakel by die ring van Morgenzon.

21.5.2 Die sinode besluit om die AP Kerk Hoedspruit los te maak van die ring van Dendron en in te deel by die ring van Nelspruit.

Motivering

1. Afstandsgewys is dit vir hierdie "Laeveldgemeente" meer prakties om sinvol in te skakel by die ring van Nelspruit.
2. Bedieningsbehoeftes sal beter aangespreek kan word indien die AP Kerk Hoedspruit amptelik ingedeel is by die ring van Nelspruit.

21.5.3 AANBEVELING

Die sinode verwys die beskrywingspunte na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling.

21.6 **Ring van Nelspruit – Riglyne t.o.v. sendingwerk**

1. Die sinode versoek die SKK om aan plaaslike kerke daadwerklike leiding te gee t.o.v. sending en evangelisasiewerk.
2. Die sinode versoek die SKK ook om moontlikhede van gesamentlike sendingwerk (deur AP kerkverband) te ondersoek.

Motivering

Die ring van Nelspruit besef dat sending die taak en roeping van die plaaslike kerk is. Die ringsgemeentes het egter 'n daadwerklike leemte ervaar ten opsigte van leiding oor georganiseerde sendingwerk sedert die sinode van 1993 die kommissie vir Sending en Evangelisasie beëindig en sy werksaamhede by die SKK ingedeel het.

21.6.1 AANBEVELING

Die sinode bring die stuk "Riglyne vir praktiese Sending en Evangelisasiewerk" wat deur die SKK opgestel is, onder aandag van gemeentes en ringe. Die sinode wys kerkrade en ringe op lasgewing 15 van die SKK waarvolgens die koördinering van sendingaksies wat deur gemeentes of ringe begin word, slegs op versoek van ouderlingrade deur die SKK behartig word.

21.7 **Ring van Dendron – ouderdomsverspreiding**

Die ring beveel by die sinode aan dat in die kerkverband 'n ondersoek gedoen word na die ouderdomsverspreiding en ouderdomsgroepering van lidmate in die AP Kerk.

Motivering

1. Die kerkverband moet ondersoek instel na die ouderdomsamestelling van lidmate belydend en doop – om vas te stel hoedanig die groei in die kerk is.
2. Dit sal goed wees om vas te stel of die kerk die Afrikaner-jongmens bereik.
3. Duidelike gegewens oor ouderdomsverspreiding sal kan help in verdere beplanning van kerklike werksaamhede.

21.7.1 AANBEVELING

Die sinode besluit om te volstaan met die huidige statistiekvorms aangesien dit voldoende is vir beplanningsdoeleindes.

21.8 **Ring van Dendron – optrede van lidmate, kerkrade en gemeentes – broederlike gesprek**

Die ring beveel by die SKK en sinode aan om by die volgende sinode (1997) 'n geleentheid te skep waar:

1. indringend besin kan word oor die optrede van lidmate, kerkrade en gemeentes teenoor mekaar sowel as na buite;
2. leiding gegee kan word om onnodige verkeerde optrede van lidmate en kerkrade sover moontlik uit te skakel.

Motivering

1. Verkeerde optrede van lidmate en kerkrade loop so dikwels uit op allerhande geskille, soms onaangenaamhede en langdurige ondersoeke en vergaderings.

2. Die ring is bekommerd dat daar baie tyd en kragte bestee word aan die oplossing van probleme wat in baie gevalle voorkom kon wees as alle rolspelers hou by die Skrif, die Kerkorde en 'n ordelike Christelike optrede.

21.8.1 AANBEVELING

Die sinode keur dit goed dat die optrede van lidmate, kerkrade en gemeentes teenoor mekaar asook na buite aandag sal kry tydens 'n broederlike gesprek ná die openingsrede op Maandagaand 8 September 1997.

21.9 **Ring van Vereeniging – "Wie mag preek in die AP Kerk?"**

Die sinode neem met onsteltenis kennis dat die sinodebesluit oor "Wie mag in 'n AP Kerk preek?" (KO 1996, bls. 51–52) deur sommige binne die APK sodanig afgewater word in praktyk dat aan die AP Kerk-karakter van die AP kerke ernstige skade berokken word. Derhalwe bring die sinode die besluit opnuut onder die aandag van alle APK-lidmate, APK-ampsdraers en APK-vergaderinge. Die sinode gee opdrag aan ringe om onverwyld op te tree teen kerkrade wat hulle skuldig maak aan afwatering van die besluit. Ook beklemtoon die sinode dat hy met "SKK" en "Dagbestuur van die Kuratorium" hierdie liggame in amptelike vergadering bedoel, en dat van die uitnodiging van 'n kerkraad aan 'n nie-APK-leraar om by geleentheid in 'n AP Kerk (AP gemeente) op te tree, skriftelike bewys aan die SKK of die dagbestuur van die Kuratorium voorgelê word, en dat die betrokke ring/ringskommissie onmiddellik van die besluit van die SKK of dagbestuur van die Kuratorium verwittig moet word. Die SKK en die dagbestuur van die Kuratorium via die Kuratorium moet aan die sinode rapport lewer van die getal vergunnings aan kerkrade toegestaan.

Motivering

1. Veral die vergunning aan nie-APK-leraars (1.3 en 1.4 van die betrokke besluit) om by wyse van hoë uitsondering op te tree in AP kerke, word ernstig afgewater. Kerkrade laat toe dat eie ouderlinge die geleentheid om 'n leesdiens te hou, ontsê word deur 'n bekombare nie-APK-leraar (soms in alleryl) nader te roep.

2. Kerkrade laat toe dat 'n nie-APK-leraar vir korter of langer tyd in 'n gemeente preek en selfs pastorale arbeid verrig.

3. 'n Enkele lid of 'n paar lede van die SKK of dagbestuur van die Kuratorium gee telefonies goedkeuring vir die optrede van 'n nie-APK-leraar in 'n AP kerk (gemeente).

4. Ringe kyk roerloos en lydelik toe na misbruik deur kerkrade van wat as sinodale vergunning "slegs by wyse van hoë uitsondering en as tydelike maatreël" bedoel was.

5. Intussen word die selfstandigheid en karakter van die AP Kerk weens die afwatering van 'n sinodale vergunning afgetakel.

21.9.1 AANBEVELINGS

a. Die sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om erns te maak met die besluit oor wie mag preek in die AP Kerk.

b. Die sinode versoek ringe om in hulle visitasietaak daarop te let dat gemeentes die besluit oor wie mag preek in die AP Kerk nakom.

c. Die sinode wys kerkrade daarop dat aansoeke om nie-APK-leraars in hulle gemeentes te laat optree, betyds aan die SKK of dagbestuur van die Kuratorium voorgelê moet word en dat hulle oor sulke geleenthede aan die ring moet rapporteer.

21.10 **Ring van Mooinooi – Gesprek met NG Kerk**

Die sinode besluit om alle gesprekvoering met die NG Kerk te staak.

Motivering

Ons glo dat dit onprakties is om nog met die NG Kerk gesprek te voer, daar hulle ons van die begin af nie wou erken nie en omdat 'n hele aantal van hul gemeentes ten gunste van die Belhar-belydenis is.

21.10.1 AANBEVELING

Die sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Mooinooi oor staking van die gesprek met die NG Kerk nie goed nie en volstaan met die reëlings soos vervat in art. 64 van die KO.

21.11 **Ring van Beaufort-Wes – geheime organisasies**

Die sinode beveel aan dat lidmate van die AP Kerk hulle moet losmaak van enige geheime organisasie waaraan hulle mag behoort in die hele spektrum van die volkslewe.

Motivering

Geheime organisasies beskik oor die inherente potensiaal om die Afrikanervolk en die Kerk te verdeel en uiteindelik te verskeur soos dit al in 'n vorige Kerkverband ervaar is.

Voorts is daar niks wat 'n geheime organisasie, hoe edel die motiewe ookal mag wees, in die geheim vir ons volk en ons Kerk kan doen

wat nie ook in die openbaar gedoen kan word nie.

21.11.1 AANBEVELING

Die sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes oor geheime organisasies nie goed nie.

Motivering

a. Die sinode kan nie die gewetens van sy lidmate bind nie.

b. Die Kerk moet waak teen enige bedreiging wat hom wil vernietig ongeag deur wie dit bedink word. Sulke bedrywighede sal altyd in die geheim bedink word maar in die openbaar uitgevoer word, wie ook al dit wil doen.

c. Geheimhouding is nie noodwendig 'n bedreiging terwyl nie-geheimhouding dit nie is nie.

21.12 **Ring van Beaufort-Wes – Bydraes aan CVO-skole en bedieningshulp**

Die sinode besluit om nie bydraes aan CVO-skole in berekening te bring wanneer bedieningshulp aan plaaslike kerke bereken word nie.

Motivering

Gesien in die lig van die krisis in die onderwys is dit dringend noodsaaklik dat die Kerk help om Christelik-volkseie skole daar te stel.

21.12.1 AANBEVELING

Die sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes oor bydraes aan CVO-skole en bedieningshulp nie goed nie.

Motivering

Die sinode het simpatie met die saak van die onderwys maar kan hom net bepaal by streng kerklike werk in die beoordeling van hulp aan gemeentes.

21.13 **Ring van De Aar – Oorkoepelende beplanning**

Die sinode gee opdrag aan die SKK om in samewerking met ringe 'n deeglike oorkoepelende beplanning daar te stel vir veral die klein en afgeleë gemeentes (bv. die gemeentes in die Noord- en Oos-Kaap).

Motivering

1. By baie gemeentes is daar 'n gebrek aan enige beplanning of selfs 'n visie vir gemeentelike bediening. Dit bring mee dat lidmate in sommige gevalle binne drie verskillende afgebakende grense, dié van die gemeente, distrik en dorp, ingedeel is en dit kan gebeur dat lidmate dan afvallig of onsuiwer in leer raak. In baie gevalle is kerkrade en ringe betrokke by die indeling en afbakening van gemeentegrense, oningelig oor die probleme wat lidmate ervaar met sommige indelings en afbakenings wat gemaak is.
2. Dit gebeur dat gemeentes en ringe beplanning op 'n lukrake wyse doen en bedieningsooreenkomste is al tussen gemeentes binne ringsverband gesluit waar leraars deur gemeentes moet reis om by hul bedieningsgemeentes uit te kom.
3. Deur net 'n meer sinvolle beplanning en afbakening binne gemeente- en ringsverband daar te stel deur die SKK en die sinode, kan leraars beter tussen gemeentes en ringe versprei word om sodoende 'n beter landswye dekking van ons leraars te bewerkstellig.

21.13.1 AANBEVELING

Die sinode gee opdrag aan die SKK om in samewerking met ringe deeglik te beplan ten einde die effektiefste bediening te verseker in gebiede waar klein gemeentes nie selfstandig kan funksioneer nie.

22. VERSLAG VAN VERTEENWOORDIGERS VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

22.1 AANBEVELING

Die sinode neem Bylae SKK1 en Bylae BSA in behandeling.

23. APPÈLLE EN BESWAARSKRIF

Die volgende beswaarskrif en appèlle is ontvang nadat die verslag van die KKS aan die sinode reeds voltooi was.

1. Beswaarskrif van kerkraad van AP Kerk Steynsburg teen sinodebesluit 1995 oor die onderskrif by die kerknaam.
2. Appèl, kerkraad van AP Kerk Witbank teen besluit van ring van Middelburg oor stigting van tweede gemeente in Witbank.
3. Appèl, ouderlingraad van AP Kerk Kemptonpark teen besluit van ring van Benoni oor appèl br. JPJ van Rensburg.

23.1 AANBEVELING

Die sinode verwys die volgende laatingekome stukke na die TKKS vir hantering tydens die sinode:

1. **Beswaarskrif van kerkraad van AP Kerk Steynsburg teen sinodebesluit 1995 oor die onderskrif by die kerknaam.**
2. **Appèl, kerkraad van AP Kerk Witbank teen besluit van ring van Middelburg oor stigting van tweede gemeente in Witbank.**
3. **Appèl, ouderlingraad van AP Kerk Kempton-park teen besluit van ring van Benoni oor appèl br. JPJ van Rensburg.**

Die SKK vertrou dat hy sy taak na behore uitgevoer het en bid die sinode die seën van die Here toe.

w.g. **PROF. IA BRINK** VOORSITTER **DS. MC ADENDORFF** SKRIBA

BYLAE SKK1

Verslag: Verteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

1. **PERSONEEL**

Die sinode het die volgende persone benoem as hul verteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Johannesburg-streek:

Ds. HC Venter (primarius).
Diak. FPZ Stevens (primarius).

Ds. FJ van der Merwe (sekundus).
Oudl. GJ Rheeders (sekundus).

2. **VERGADERINGS**

Sedert die vorige sinode (1995) is daar 6 vergaderings van die Johannesburg-streekraad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gehou. Al die vergaderings is deur die AP Kerk se primarii verteenwoordigers nl. ds. HC Venter en diak. FPZ Stevens bygewoon. Voor die beplande sinodesitting in September 1997 vind daar nog 2 kwartaallikse vergaderings plaas op 29 Mei en 28 Augustus en u primarii verteenwoordigers sal dit ook DV bywoon.

3. **VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK 1997 – BYLAE BSA**

Ons verwys na die betrokke bylae (BSA) se hoofpunte hieronder en lê AANBEVELINGS t.o.v. die bylae soos volg voor:

3.1 **Lief en Leed (BSA 1)**

AANBEVELINGS

3.1.1 Die sinode neem kennis van die hoogtepunte en terugslae wat die Bybelgenootskap tydens die verslagjaar ervaar het.

3.1.2 Die sinode spreek sy misnoeë uit i.v.m. die terugtrek van die belastingvergunning vir donasies vir die Bybelgenootskap sowel as die besluit van die SABC om nie meer Bibliathons in die toekoms aan te bied nie.

3.1.3 Die sinode dra dit aan die SKK op en versoek kerkrade om beswaar aan te teken by die owerhede en die SABC i.v.m. die verandering wat by 3.1.2 genoem is.

3.1.4 Die sinode versoek radiostasies soos Radio Pretoria en Radio Kansel asook Christelike televisiekanale vriendelik om die leemte wat deur die weiering van die SABC geskep is, te vul.

3.2 **Publikasies (BSA 2)**

AANBEVELINGS

3.2.1 Die sinode neem kennis daarvan dat die produksie van volledige Bybels met 36,65% afgeneem het in vergelyking met die vorige verslagjaar (1994).

3.2.2 Die sinode neem met dank kennis dat 46413 Bybels en 4362 Testamente van die 1953-Afrikaanse Bybelvertaling versprei is.

3.2.3 Die sinode neem kennis van die subsidie wat die Bybelgenootskap bydra om 'n Bybel teen R17,50 te verkoop en beveel aan dat elke kerkraad een Bybel per lidmaat per jaar teen R11,00 per lidmaat sal subsidieer.

4. **FINANSIES (BSA 5)**

AANBEVELING

4.1 Die sinode neem kennis van die besteding van die fondse en is dankbaar dat meer as die helfte van elke rand vir Bybelproduksie gebruik word.

5. **DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (BSA 7)**

AANBEVELINGS

5.1 Die sinode neem met dank kennis dat 20 gemeentes en 5 ringe deur die sekretarisse besoek is en spreek besondere dank uit teenoor die sekretarisse vir hul toewyding.

5.2 Die sinode beveel by kerkrade aan dat hulle die sekretarisse van die Bybelgenootskap uitnooi om hul gemeentes te besoek in belang van Bybelverspreiding. Kerkrade kan skakel met Bybelhuise en die sekretarisse wat naaste aan hul geleë is soos in die verslag gemeld.

5.3 Die sinode neem met dank en waardering kennis van die pragtige styging in bydraes deur plaaslike kerke en wil kerkrade en lidmate hiervoor ook namens die Bybelgenootskap dank.

5.4 Die sinode beveel aan dat kerkrade alle bydraes wat vir Bybelverspreiding ontvang word, so gou moontlik oorbetaal aan die Bybelgenootskap sodat bydraes dadelik in Bybels omgesit kan word.

5.5 Die sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap

van Suid-Afrika te oorweeg en dit te oormerk vir die druk en verspreiding van die 1953-Bybelvertaling.

6. BENOEMING VAN VERTEENWOORDIGERS BY STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

AANBEVELINGS

6.1 Die betrokke ringsgroepe wys tydens hierdie sinodesitting twee verteenwoordigers met sekundi vir elk van die volgende streekrade aan: Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth. Een primarius en een sekundus verteenwoordiger wat vir elke streekraad aangewys word, moet 'n nie-predikant wees.

6.2 Die Kommissie vir Kommissies moet die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes verkry en aan die skriba van die sinode besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hul toelating as verteenwoordigers van die AP Kerk op die onderskeie streekrade van die Bybelgenootskap.

7. SLOT

Hierdie verslag is opgestel en voorgelê aan die sinode namens u twee primarii-verteenwoordigers vir die Johannesburg-streek nl. ds. HC Venter en diak. FPZ Stevens.

Hiermee vertrou ons dat ons ons taak volvoer het en bid die sinode die besondere leiding van die Heilige Gees toe.

w.g. **DS. HC VENTER VDM**
(PRIMARIUS VERTEENWOORDIGER).

BYLAE BSA

Bybelgenootskap van Suid-Afrika aan die Afrikaanse Protestantse Kerk vir die Sinodesitting van September 1997

VERSLAGTYDPERK 1 NOVEMBER 1995–3 OKTOBER 1996

Geagte voorsitter en lede

God se Woord: Lewe vir Almal
Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed Johannes 10:10

Tereg maak die Hoofsekretaris die opmerking as hy sê:

As die land finansieel swaarkry, die waarde van sy geldeenheid afneem en sy mense sukkel om ekonomies te oorleef, word die Bybelgenootskap vanselfsprekend op dieselfde manier geraak.

Inderdaad was daar negatiewe dinge soos dat daar meer vir papier en bindmateriaal betaal moet word, die belastingvergunning wat op 1 Oktober 1996 verval het.

Dan was daar die hoogtepunte waaroor daar gejubel word en die Here in dankbaarheid geprys word.

Hoogtepunte soos die publikasie van 'n nuwe vertaling van die Xhosa Bybel, die plaaslike produksie van die eerste Suid-Afrikaanse uitgawe van die "Contemporary English Version" (CEV) Bybel, die voltooiing van 'n Afrikaanse Braillebybel deur elektroniese setwerk, asook die Markus Evangelie in Braille vir Vendasprekendes. Die eerste volledige Bybel in Swati is pas voltooi. Die Bybel is gedurende Paasnaweek, 1997 aan die Koning van Swaziland oorhandig.

Hierdie verslag wat u ter hand het getuig van God se genade en 'n oes wat ingesamel is. Die oes is versamel by gemeentes, individue, sakeondernemings en ander organisasies. Ons kan net sê: Soli Deo Gloria.

VERTALING EN TEKSVERSORGING

Psalm 33:4 sê: *Wat die Here sê, gebeur ...* Hierdie departement gaan al die vertaalde manuskripte na en sorg dat dit persklaar gemaak word.

Teksversorging

In 1996 is die volgende publikasies gehanteer: Afrikaans, Chewa, Engels, Kwanyama, Suid-Ndebele, Portugees, Shona, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Swati, Tsonga, Tswana (Sentraal), Venda, Xhosa en Zulu.

Vertaling

Afrikaans

Daar word ernstig gewerk aan die NAV-Verwysingsbybel wat hopelik in 1997 sal kan verskyn.

Noord-Sotho

Nog net die profetiese boeke moet vertaal word.

Swati

Die projek nader afhandeling.

Venda

Die eerste proefbladsye van die OT is al geproduseer.

Xhosa

Op Sondag 9 Junie 1996 is die nuwe vertaling in King Williamstown bekend gestel.

Zulu

Die ortografiese hersiening word tans geproeflees.

PUBLIKASIES

Hierdie departement koördineer die produksie en verspreiding van alle Bybels en Bybelgedeeltes.

Produksie

'n Totaal van 765 530 Bybels, 34 601 Testamente, 249 592 Bybelgedeeltes en 20 857 Nuweleser Bybelgedeeltes in 14 tale en vertalings is in 1996 geproduseer. Dit sluit nuwe publikasies in. Die produksie van die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel in Braille is elektronies voltooi en het in Oktober 1996 verskyn.

'n Nuwe Testament vir die SANW in amptelike inheemse tale is gedruk in Suid-Sotho, Venda, Xhosa, Zulu en Tsonga.

Papier het gestyg tot R9 000 'n ton en 700 ton papier is verwerk. 'n Totaal van 777 70 items

is in verskillende stadia van produksie. Dit sluit 685 700 volledige Bybels in.

Verspreiding

In 1996 is 'n totaal van 985 030 Bybels en Bybelgedeeltes in 117 tale (144 vertalings) versprei, waarvan 635 852 volledige Bybels en 82 211 Testamente was. Twee en negentig persent van die verspreide Bybels en Bybelgedeeltes is gesubsidieer. Die prys van 'n gesubsidieerde Bybel is R17,50 terwyl sy produksieprys bykans R29,00 is.

Tale waarin Bybels die meeste in aanvraag was, was Engels, Afrikaans, Zulu en Tswana.

Die verspreiding van die Afrikaanse Bybels en Testamente sien soos volg daar uit:

1933/53-vertaling	46 413 Bybels
	4 362 Testamente
1983-vertaling	90 139 Bybels
	8 805 Testamente

Totale aantal 1933/53 Bybels versprei sedert 1934 = ± 6 506 313. Totale aantal 1983 Bybels versprei sedert 1983 = ± 2 351 497. Vanjaar is daar weer 142 367 Bybels en Bybelgedeeltes aan ons bure in ander lande voorsien, waarvan 137 933 volledige Bybels was. Hierdie Bybels en Bybelgedeeltes is in 28 tale (51 vertalings) na bestemmings in 20 lande gestuur.

KOMMUNIKASIE

Hierdie departement sorg dat promosie-items beskikbaar is en dat inligting vir die pers en ander instansies beskikbaar is.

FINANSIES

Daar kan met groot dank gesê word dat R19,2 miljoen ontvang is van donateurs, en dit kan die kostes van alle Bybelprogramme waarvoor in 1996 begroot is, dek. Aan God die dank vir genade in oorvloed.

Elke rand word soos volg bestee:

Bybelproduksie 53c; vertaling 4c; bokoste 10c; ondersteuningsprogramme 8c; menslike hulpbronne 24c; internasionale werk 1c.

DIE WOORD VIR DIE WÊRELD

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se eerste prioriteit is om in ons land se Bybelbehoeftes te voorsien. Ons reik egter ook uit na ander lande om te help met Bybelverspreiding.

Die Bybelgenootskap van Suid Afrika is 'n volle lid van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG). Hierdie familie van 138 nasionale Bybelgenootskappe is in meer as 200 lande en gebiede werksaam.

In September 1996 het die WBG sy vyftigste bestaansjaar herdenk by die Algemene Vergadering wat elke agtste jaar plaasvind.

Die tema was: *God se Woord: Lewe vir almal.*

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het vanjaar R376 770 bygedra tot internasionale programme.

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Gedurende die afgelope 2 jaar is 20 gemeentes en 5 ringe deur die Bybelgenootskap besoek. Dit was 'n voorreg en 'n vreugde om die Woord te bedien en lidmate in te lig oor die werksaamhede rondom die Boek van boeke. Die sekretarisse van die Bybelgenootskap sal graag op uitnodiging u gemeentes besoek.

Skakel gerus met een van die Bybelhuise naaste aan u geleë. Kempton Park 011-9704010 (Ds. JJ Krige); Durban 031-2074933 (Ds. AJ Boshoff); Bloemfontein 051-448451 (Ds. GJ van Dyk); Kaapstad 021-212040 (Ds. E Louw); Port Elizabeth 041-311138 (Ds. BP Fourie).

'n Bedrag van R91208,11 is gedurende die verslagjaar (Nov. '95–Okt. '96) deur kerke en individue vir Bybelproduksie en -voorsiening bygedra uit die verskillende streke soos aangedui op die tabel. Vir u ondersteuning en meelewing sê ons baie dankie. Ek speld graag 'n pluimpie hier vas vir die APK-boekwinkel ... die personeel doen 'n groot werk ten opsigte van Bybelverspreiding.

BYDRAE-INKOMSTE VAN DIE AP KERK (LANDSWYD)

	1994/95	1995/96	% +/–
Johannesburgstreek	34 091,27	39 768,66	16,65
Bloemfonteinstreek	35 854,26	34 865,59	–2,75
Kaapstadstreek	9 017,37	11 703,23	29,78
Port Elizabethstreek	590,76	2 129,96	260,54
Durbanstreek	1 963,00	2 126,70	8,33
Kwazulu-Natal	–	614,00	100,00
TOTAAL	81 516,66	91 208,11	11,88

TEN SLOTTE

Wanneer die afgelope jaar in oënskou geneem word, kan 'n mens nie anders as om ons hemelse Vader te dank vir sy daaglikse voorsiening nie. Ja, dit was 'n jaar vol hoogtepunte, 'n jaar van vreugdes en teenspoed. Soms was ons bekommerd oor die stand van sake, maar tog was dit 'n glorieryke jaar omdat Hy ons die hele pad stap vir stap gelei het.

So het die Here voorsien dat ds. HJ Geyer vanaf 2 April 1996 die leisels by ds. GM Steyn kon oorneem as Streeksekretaris van die Johannesburg-streek.

U kroon die jaar met u goeie gawes – Psalm 65:12.

AANBEVELINGS

1. Subsidiëring: Die algemene Gebruiksbybel kos tans R28,50 om te produseer. Hierdie Bybel word teen R17,50 bemark sodat elkeen dit kan bekostig. 'n Subsidie van R11,00 is dus nodig om die Bybels steeds te kan produseer.

   Die sinode beveel aan dat kerkrade een Bybel per lidmaat per jaar sal subsidieer d.w.s. R11,00 per lidmaat.

2. Produksie van Bybels: Om deurlopend Bybels te produseer is 'n konstante vloei van fondse nodig.

3. Die sinode beveel aan dat kerkrade alle bydraes vir Bybelverspreiding ontvang so spoedig moontlik oorbetaal aan die Bybelgenootskap sodat bydraes dadelik in Bybels omgesit kan word.

wg. **DS. JJ KRIGE**
ORGANISERENDE SEKRETARIS

Verslag: Kommissie vir Formuliere en Liturgie (KFL)

TYDPERK: 10 SEPTEMBER 1995 TOT 29 APRIL.1997

1. PERSONEEL

1.1 Primarii: Di. L Skein, JJJ Roodt, dr. GJJ Labuschagne

1.2 Sekundi: Di. JAC Erasmus, DJ (Danie) Malan.

2. VERGADERINGS

Vier vergaderings is gehou nl.:

2 Oktober 1996, 3 en 4 Desember 1996, 4 en 5 Maart 1997, 28 en 29 April 1997.

3. OPDRAGTE VAN SEWENDE SINODE

Uitvoering is gegee aan die opdrag van die sewende sinode (verwys Acta 1995 item 30 bl. 226)

4. ANDER WERKSAAMHEDE

4.1 Moontlike hersiening van Die Kerkboek

Die Kommissie het twee skrywes gedateer 22 Julie 1996 en 3 Desember 1996 in dier voege van die Publikasiekommissie ontvang. Die volgende word aangehaal uit die skrywe van 22 Julie 1996: *Aangesien die Pk. bewus is daarvan dat enige wysiginge deur 'n sinode goedgekeur moet word, en die Pk. van mening is dat sommige van die formuliere dalk hersiening nodig het, het die kommissie besluit om die aangeleentheid te verwys na die KFL vir nuwe voorstelle aan die sinode van 1997. Prof. R Marè sal steeds voortgaan met die taalkundige verbeteringe.*

Uit die skrywe van die Pk. gedateer 3 Desember 1996 die volgende aanhaling: *Die Pk. doen ook graag die wenk aan die hand dat u oorweging daaraan skenk om die hele predikantekorps te kontak vir moontlike insette.*

5. UITVOERING VAN DIE OPDRAG VAN DIE SEWENDE SINODE

Verwys acta 1995 item 30 bl. 226: *Die sinode dra dit aan die KFL op om in oorleg met die dosent in liturgie 'n grondige besinning te doen oor die liturgie vir die kerkverband, moontlik by wyse van 'n werkswinkel met alle belangstellendes en kundiges, of op enige ander wyse, en die eersvolgende sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien.*

In uitvoering van bogenoemde opdrag het die KFL 'n grondige studie gedoen oor die liturgie van die gereformeerde erediens. Die kommissie wil graag hiermee die resultaat van sy studie aan die sinode voorlê.

Die kommissie is verder van mening dat hierdie studiestuk as inleidende opmerkings tot die liturgiese ordes in 'n moontlik hersiene uitgawe van Die Kerkboek opgeneem word. Derhalwe wil die kommissie hierdie studiestuk aanbied in die vorm waarin dit in die moontlik hiersiene Kerkboek gedruk moet word.

5.1 Inleidende opmerkings oor die liturgie

Kyk Bylae KFL1

6. Liturgiese ordes vir eredienste

Kyk Bylae KFL2

7. VERSOEK VAN PUBLIKASIEKOMMISSIE INSAKE MOONTLIKE HERSIENING VAN FORMULIERE

Verwys item 4.1 van die verslag.

In die aangehaalde skrywe van 22 Julie 1996 het die Pk. die mening uitgespreek dat sommige van die formuliere dalk hersien moet word. Die Pk. het hierdie kommissie versoek om voorstelle in die verband aan die sinode voor te lê.

In uitvoering van hierdie versoek het die kommissie reeds begin om die eietydse formuliere grondig na te gaan.

Die kommissie is van oordeel dat sommige formuliere wel grondig hersien moet word, maar dat die klassieke formuliere onveranderd gelaat moet word.

Die kommissie het verskeie insette ontvang uit die geledere van die predikantekorps.

Die kommissie wil in uitvoering van die versoek van die Pk. graag die hersiening en verkorting van die volgende eietydse formuliere voorlê vir bespreking en moontlike goedkeuring:

1. Eietydse formulier vir die bediening van die heilige nagmaal.
2. Eietydse formulier vir die bediening van die doop aan die kinders van gelowiges.
3. Huweliksformulier.

Kyk Bylae KFL3

8. BESKRYWINGSPUNTE ONTVANG

8.1 Ring van Mooinooi: Insake Dordtse Leerreëls

Die KFL het hierdie beskrywingspunt verwys na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek.

8.2 Ring van Middelburg: Inligtingstuk vir voornemende huwelikspaartjies.

Hierdie beskrywingspunt is laat ingedien.

9. AANBEVELINGS

9.1 Die sinode neem met dank kennis van die verslag van die KFL.

9.2 Die sinode besluit dat Die Kerkboek van die AP Kerk grondig hersien moet word.

9.3 Die sinode besluit dat die studiestuk "Inleidende opmerkings oor die Liturgie" in 'n hersiene uitgawe van Die Kerkboek opgeneem word.

9.4 Die sinode keur die verskillende liturgiese ordes soos voorgelê deur die KFL vir gebruik in die AP kerke goed.

9.5 Die sinode keur die hersiene eietydse formuliere soos deur die KFL voorgelê goed vir gebruik in die AP kerke.

9.6 Die sinode gee opdrag aan die KFL om voort te gaan met die hersiening van die oorblywende eietydse formuliere.

9.7 Die sinode gee opdrag aan die KFL om in oorleg met die Kommissie vir Kerksang en -musiek en dosente in teologie, verdere studie te onderneem t.o.v. die plek en funksie van die koor rondom die erediens.

9.8 Die sinode gee opdrag aan die KFL om in samewerking met die dosente in teologie voort te gaan met 'n studie oor die betekenis en plek van die offergawes by die erediens.

10. LASGEWING

Die kommissie volstaan met die huidige spesifieke lasgewing (sien Kerkorde 1996 pt. F op bl. 111).

11. BEGROTING

Kyk vir die begroting van die Kommissie vir Formuliere en Liturgie die verslag van die Finansiële Kommissie met aanbeveling aan die sinode 1997.

12. Die KFL vertrou dat hy sy opdragte bevredigend uitgevoer het en bid die sinode die seën van die Here toe op sy sitting.

DS. L SKEIN: Voorsitter
DR. GJJ LABUSCHAGNE: Ondervoorsitter
DS. JJJ ROODT: Skriba

BYLAE KFL1

INLEIDENDE OPMERKING OOR DIE LITURGIE

1. DIE GEREFORMEERDE EREDIENS

Alvorens die verskillende liturgiese ordes voorgehou word, is dit nodig dat enkele inleidende opmerkings rakende die teologiese onderbou van die gereformeerde erediens in die AP Kerk gemaak word. In ons erediens wil ons gereformeerd wees, en die Bybelse riglyne duidelik stel. Alleen so kan die erediens in die AP Kerk na reg verstaan en waardeer word.

Tydens die sinode van 1995 is herhaaldelik die gedagte uitgespreek dat die AP Kerk ook in die erediens sy eie karakter moet ontwikkel. Hierdie eie karakter moet egter duidelik en verantwoordbaar wees uit die Woord van God.

1.1 Die wese van die erediens

Die kerngedagte in Kerkorde art. 42.1 (1996) is dat die erediens die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God is. Die erediens is dus wesenlik 'n *ontmoetingsgebeure* tussen God en sy volk. Hier neem Hy die inisiatief: Hy roep sy gemeente tot vergadering, en Hy tree met hulle in gesprek.

Hy spreek die eerste en die laaste *woord*, maar sy gemeente mag ook *antwoord* op sy woord. Die erediens moet dus hierdie orde van *woord* en *antwoord* weerspieël. Die gemeente se woord is slegs die antwoord of *wederwoord* op God se woord.

In die orde van die erediens moet hierdie *dialogiese karakter* (gesprekskarakter) duidelik tot uitdrukking kom, en versigtig gehandhaaf word. Daarom moet die liturg daarteen waak dat hierdie wesenlike van die erediens nie aangetas word nie.

Hy, die Drie-enige God, is en moet altyd in die middelpunt, die sentrum van die erediens staan. *Dit gaan in elke erediens om God en sy eer, sy verheerliking en sy aanbidding.* Daarom moet elke poging om die erediens aantreklik en aangenaam vir die *mens* te maak, sonder meer afgewys word.

1.2 Die inrigting van die erediens

Art. 42.2 van die Kerkorde bepaal dat die inrigting van die erediens deur die kerkraad vasgestel en gereël moet word, met gebruikmaking van die Bybelvertaling wat deur die sinode vir amptelike gebruik goedgekeur is, die liturgiese ordes van die erediens, die Psalm- en Gesangboek, en die liturgiese formuliere. Dat die kerkraad die inrigting van die erediens vas-

stel, gee daaraan 'n kerklik amptelike karakter.

Die kerkraad bring nie die vergadering van God se volk tot stand nie, maar *reël* dit sodat die erediens welvoeglik en ordelik verloop (1 Kor 14:33,40). Die goeie orde sluit ook die liturgiese ordes in waaraan die liturg hom, soos voorgeskryf, moet hou.

1.3 Die rol van die liturg

Die Kerkorde bepaal dat die bedienaar van die Woord of 'n manlike lidmaat deur die kerkraad aangewys, die leiding tydens die erediens moet neem (art. 42.3).

Dit beteken dat die persoon die leiding met die verloop van die liturgiese orde moet neem. *Hier is geen plek vir enige willekeur nie.* Dit is nooit die liturg se vergadering nie. Hy is slegs die spreekbuis van God. Daarom moet hy God se woord spreek en nooit sy eie nie. Hy moet dus afsien van eie waarde, allerlei dekorasies, onnodige gepraat, tierlantyntjies en liefhebberye. Hy moet hou by die sinvolle voorgeskrewe liturgiese ordes soos bepaal deur die sinodes van die kerk.

1.4 Die gemeente

Gesien in die lig van die wese van die erediens, as die vergadering van God met sy volk, is Hy deurentyd die Hoofwoordvoerder. Hy spreek die eerste en laaste woord, en *al* wat die gemeente kan doen is om telkens te antwoord op sy woord. Die gemeente se woord in onder meer gebed en lied is altyd *wederwoord.*

Dit gaan nooit in die erediens om *iets* wat die gemeente kom haal of kom kry tot hulle stigting of bevrediging van eie behoeftes nie. Wie met so 'n gesindheid na die erediens kom, sal altyd leeg en onbevredig weggaan. Dit gaan immers om *die eer, verheerliking en aanbidding* van God Drie-enig.

1.5 Grondtrekke van die erediens

Omdat die erediens 'n ontmoetingsgebeure met God is, is daar enkele grondtrekke inherent aan die gereformeerde erediens.

1.5.1 Eerbied

Die gemeente het eerbied vir die God wat hulle gaan ontmoet. Hy is almagtig, heilig, alwetend. Gesien in hierdie lig, val alle vrae rakende kleredrag weg. Die gelowige wat sy Skepper in die erediens ontmoet, sal te alle tye netjies en waardig geklee wees.

1.5.2 Ordelikheid

God is 'n God van orde en nie wanorde nie (1 Kor 14:33,40). Daarom moet alles wat die goeie orde en harmonie versteur deur die liturg vermy word.

1.5.3 Duidelikheid en verstaanbaarheid

Alle elemente in die erediens moet duidelik en verstaanbaar aangekondig word, sonder enige tierlantyntjies. Alles moet spreek van soberheid en eenvoud (nie eenvoudigheid nie).

1.6 Voorafhandelinge

1.6.1 Voorbereiding

Elke kerkganger behoort hom/haar reeds tuis voor te berei om die Here in die erediens te ontmoet. Dit stem hom/haar tot aanbidding en ontvanklikheid.

1.6.2 Die stilgebed voor die erediens

Die kerk is die huis van God. Wanneer die kerkganger sy plek ingeneem het, buig hy/sy die hoof in stil gebed tot die Here. Ook hierdie handeling stimuleer tot aanbidding.

1.6.3 Afkondigings

Afkondigings moet kort en bondig wees, en slegs beperk word tot gemeentelike en breëre kerklike aktiwiteite bv. in sinodale- en ringsverband.

1.6.4 Groet en verwelkoming

Enige groet en verwelkoming van die kant van die liturg gerig aan die gemeente moet as onvanpas afgewys word. Met die seëngroet wat straks gaan volg, groet God sy gemeente by monde van die liturg. Daarom is dit onvanpas om die gemeente eers in sy eie naam, en daarna weer in die Naam van die Here te groet.

Voorts moet die liturg ook afsien van die gewoonte om die gemeente/besoekers welkom te heet. *Dit is tog God wat sy gemeente bestel* en byeenroep. Dit is 'n *verpligting* dat die gemeente teenwoordig sal wees.

Die verwelkoming wek verkeerdelik die indruk asof die gemeentelid die keuse het om teenwoordig of afwesig te wees. Die erediens is God se vergadering waar Hy sy gemeente bestel. Wanneer die erediens begin, sal Hy die vergadering van gelowiges konstitueer (die votum) en groet (die seëngroet).

1.6.5 Die intogs- of introïtuslied

Daar moet liefs afgsien word van die intogslied, d.w.s. dat die gemeente sing wanneer die predikant en kerkraad inkom. Indien dit egter wel gedoen word, behoort die liedere afgewissel te word.

2. DIE LITURGIESE ORDE

2.1 Votum

Die votum is die *konstituering* van die gelowiges, wat bymekaar is, tot 'n amptelike vergadering waar God sy volk ontmoet.

Die bekendste en belangrikste vorm van die votum is die *adjutorium* (aanroeping van God se Naam) – *Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het* (Ps 124:8). Dit is later uitgebrei met Ps 146:6 en Ps 138:8 nl: *wat trou bly tot in ewigheid* en *wat nie laat vaar die werk van sy hande nie*. Die adjutorium gee uitdrukking daaraan dat die gemeente met die noem van sy Naam voor sy aangesig gestel word, en in sy magtige Naam gekonstitueer word tot sy vergadering.

Die votum moet altyd woord van God wees, 'n Bybelteks. Liturge moet baie versigtig wees met die keuse van 'n teks.

Die volgende tekste is as vota aanvaarbaar:

Ps 84:12a en b; Ps 95:6; Ps 121:2; Ps 123:2; Ps 125:2.

Vota behoort altyd kort en saaklik te wees.

2.2 Die seëngroet

By die seëngroet gaan dit om meer as net 'n groet. God se eerste spreke na die votum is sy groetseën aan sy vergaderde volk. Sy groet bevat 'n toesegging van seën. God groet die gemeente met sy seën. Die liturg is slegs sy spreekbuis. Derhalwe val die klem op die seën.

Volgens Skrifvoorbeeld moet die seëngroet, net soos die seën aan die einde van die erediens met *beide hande opgehef* (in die geval van 'n predikant) uitgespreek word (Nm 6:24–26 en 9:22). Dit gee beter uitdrukking daaraan dat dit God is wat in sy vergadering handel. Die seëngroet is geen gebed nie. Dit is dus nie nodig dat óf die liturg óf die gemeente die oë sluit nie. Dit is sinvol dat die gemeente die simboliek van die seënende hande, nl. dat God seënend en in vrede tot sy gemeente kom, sal *sien.*

As voorbeelde kan dien: Rm 1:7; 1 Kor 1:3; 1 Tm 1:2; 2 Tm 1:2; Tt 1:4.

2.3 Die lofsang

Die eerste antwoord van die gemeente nadat die Here hulle seënend gegroet het, is 'n lofsang waarin hulle met harte vol dankbaarheid en verwondering God loof en prys. Hiervoor is talle psalms en gesange geskik. Die gemeente jubel dit uit met 'n loflied tot sy eer en verheerliking.

2.4 Die Wet

Die funksie van die Wet in die erediens is onder meer:

1. die reël vir die gelowige se dankbaarheidslewe – Jn 14:15
2. die kenbron van sonde en ellende van die mens – Rm 3:20b.

Die sondige gemeente staan voor die heilige God (Ps 27:8). Hulle moet geheilig word sodat Hy tot hulle kan spreek. Dit bewerkstellig Hy by wyse van sy Wet, die spieël waarin sy gemeente hulself sien en moet beoordeel.

Dit is sinvol om die Wet na die lofsang te laat volg en nie eers na die prediking nie. Lees dit redelik stadig, met gesag en nadruk. Die gemeente moet hoor dat dit gesagswoorde is, en moet daardeur aangegryp word. Liturge behoort voorkeur te gee aan die volledige Wet (Ex 20:1–17 of Dt 5:6–21).

Die *samevatting* van die Wet deur Christus in Mt 22:34–40 en Mk 12:28–31 het inderdaad 'n sinvolle plek, en kan afwisselend gebruik word. 'n Alternatiewe samevatting is Dt 6:4–5 (die eerste tafel) saam met Rm 13:8–10 (die tweede tafel). (By wyse van afwisseling kan die liturg soms Gesang 262:1,2 en 5 laat sing in plaas van die samevatting van die Wet).

2.5 Die skuldbelydenis

Verootmoediging en skuldbelydenis is reeds sedert die Hervorming deel van die liturgiese orde. Sang is die beste uitdrukking van ordelike skuldbelydenis.

Psalms – 6:1; 25:3; 32:3; 38:1 en 15; 51:1,2,3 en 8; 130:1 en 2; 119:2 (ook op die melodie van gesange 29, 130 en 245). Gesange – 9:2: 13:3; 51:1,2; 53:1,2; 54; 55:1–4; 57:1–4; 74:1,4 (by die samevatting van die Wet); 169:1; 192:3; 238:1,3; 227:4,5; 239:4; 240:1–2; 242:3; 243:1–3; 244:1; 253:1,2; 264:1–3; 266:1. Gepaste Skrifgedeeltes wat soms in die plek van sang gebruik kan word is bv. Ps 51 en Esr 9:5–10.

2.6 Genadeverkondiging

God het deur sy Wet gespreek. Die gemeente se wederwoord is nou skuldbelydenis. Nou spreek God weer 'n wonderlike woord van genadeverkondiging nl. vergifnis van sonde kragtens die beloftes van sy Woord. Formules wat gebruik kan word is:

★ *Aan almal wat met 'n ware berou en 'n opregte geloof hulle toevlug neem tot hulle enigste Verlosser, Jesus Christus verkondig ek in die Naam van die Here die vergifnis van sonde;*

of

verkondig die Woord van God vergifnis van sonde.

★ *Vanuit die Woord van God, in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees,*

verkondig ek vergifnis van sonde aan elkeen wat met ware berou in die hart vanweë sy of haar sonde, belydenis daarvan voor die Here gedoen het.

★ *Gepaste tekste* wat moontlik op sigself of saam met genoemde formules gebruik kan word is:

Ps 32:1–2; Jes 1:18; Jes 43:25; Jes 44:2â; Esg 36:26–27; Rm 5:1; Ef 1:7; 1 Jn 1:9.

2.7 **Die geloofsbelydenis**

Die kerkhervormers het aan die geloofsbelydenis 'n plek in die erediens gegee. Teen die einde van die 16de eeu het dit 'n vaste plek gekry na die Wet en voor die prediking. So het dit sinvol ingepas in die gespreksaard van die erediens. God spreek deur die Wet, waarop die gemeente antwoord met skuldbelydenis. Hy spreek weer deur genadeverkondiging en die gemeente antwoord met sy geloofsbelydenis.

Die Twaalf Artikels is die mees gebruiklike geloofsbelydenis in die erediens. Die geloofsbelydenis van Nicea kan ook by wyse van afwisseling gebruik word.

Die geloofsbelydenis kan op drie wyses in die erediens hanteer word.

★ *Voorlesing of voordrag* deur die liturg terwyl die gemeente met hart en verstand meedoen. Dit is ordelik en stigtelik en die verkieslikste op hierdie stadium.

★ *Sang* deur die gemeente (Gesang 246 is hiervoor geskik, en kan ook op die melodie van Psalm 107 gesing word). Gesang 245 is vanweë die lengte daarvan minder geskik.

Die sang na die geloofsbelydenis kan ook weggelaat word, aangesien dit 'n versteuring kan inhou van die orde Woord wederwoord.

★ *Voordrag* deur die gemeente. Die grootste beswaar is dat dit meestal onordelik is (1 Kor 14:40).

Gepaste wydingsliedere is die volgende:

Gesange 1:4; 5:3; 190:1; 194:5; 199:4; 230:3; 245:11; 264:5; 269:1,2 en 3; 275:5 of Psalm 25:6.

Die geloofsbelydenis is aanbidding en toewyding, maar nie in gebedsvorm nie. Ruimte moet egter gelaat word vir die vroom gemoed wat uit piëteit die oë wil sluit. Oop of toe oë is aanvaarbaar.

2.8 **Voorgebed/Skriflesing**

Die *plek* van die huidige *voorgebed* in die liturgiese orde moet verstaan word in die lig van die feit dat die erediens 'n gesprek tussen God en sy gemeente is. Die verloop van daardie gesprek is altyd woord en wederwoord. In die voorafgaande elemente het die gemeente die laaste geantwoord met die geloofsbelydenis. Daarom is dit begryplik dat God nou weer aan die woord kom deur middel van die *Skriflesing.* Dit sou dus nie vanpas wees as die voorgebed sou volg op die geloofsbelydenis voor die Skriflesing nie.

Die gebed pas sinvoller in nadat die liturg die Skriflesing gedoen het.

In hierdie gebed bid die liturg nie vir die opening van die Skrif nie, maar om die verligting deur die Heilige Gees, sodat die gemeente die Woord kan verstaan. In die gebed behoort die volgende aspekte beklemtoon te word:

★ Verootmoediging – die gemeente besef sy afhanklikheid en onwaardigheid in die teenwoordigheid van 'n heilige God.

★ Aanroeping en aanbidding – dit gaan nooit oor die mens en sy eie belange of eer nie, maar die aanbidding moet op God alleen gerig wees.

Aanbidding is die erkenning van die wese en heerlikheid van God.

★ Voorbidding en petisie.

2.9 *In die prediking* wat volg op die gebed kom God weer aan die woord.

2.10 **Slotgebed**

Die gemeente antwoord na afloop van die prediking, by monde van die liturg, met die slotgebed. Die liturg moet bedag wees daarop om nie die slotgebed te gebruik as 'n opsomming van die preek nie. Dit moet kort en bondig wees en behoort veral die volgende aspekte in te sluit:

★ Lofprysing en

★ Danksegging.

Die slotgebed behoort altyd afgesluit te word in die Naam van Jesus Christus, en nie slegs met 'n *amen* nie.

2.11 **Slotsang**

Die slotgebed en slotsang vorm saam die antwoord van die gemeente op die verkondiging van God se Woord.

2.12 **Die seën**

Met die votum open en konstitueer God sy vergadering met sy gemeente. Nie alleen spreek Hy eerste nie, maar Hy spreek ook die laaste woord in die erediens. Die seën is die toesegging, die versekering dat Hyself met ons mee-

gaan in die alledaagse lewe. Dit impliseer ten diepste dat die gemeente daarbuite in die wêreld sal leef voor sy aangesig. Aanbidders word nou ook seëndraers.

Geskikte tekste: Nm 6:24–26; 2 Kor 13:13.

3. DIE PLEK VAN DIE KOOR EN OFFERGAWES

3.1 Offergawes

Daar is in die AP Kerk duidelik twee gedagtelyne insake die plek van die offergawes.

Eerstens, is daar die uitgangspunt dat die offergawes deel is van die aanbidding van die gemeente in die erediens. So gesien, is die offergawe dus 'n daad-antwoord van die gemeente op die spreke van God in sy verkondigde Woord. Dit is 'n offer van dankbaarheid vir God se gawes, in besonder vir die gawe van verlossing in Jesus Christus. Dit is dus teken van die oorgawe van die self, met alles wat besit word, aan die Here.

Tweedens is daar ook die siening dat die offergawes na die erediens by die deure ingesamel behoort te word (deurkollekte). Die motivering vir hierdie siening is dat die offergawes nie op dieselfde vlak as woord en wederwoord beskou kan word nie. Ook staan dit nie op dieselfde vlak as die sakramente nie. Woord en sakrament hoort, teologies beskou, saam. Indien die offergawe 'n dankoffer is, asook 'n offer vir die noodlydendes, kan dit net so goed vóór of ná die erediens in die skatkis gegooi word. Die KFL wil die sinode versoek om uitsluitsel te gee oor hierdie aangeleentheid.

3.2 Die koor

Die plek van die koor *binne* die liturgiese orde van die erediens is ietwat problematies.

Dit is die standpunt van die KFL dat die koor nooit 'n vermaaklikheidsfunksie sal hê nie, maar 'n dienende rol sal vervul in die gemeente. Indien die koor binne die opset van die erediens funksioneer, moet dit so aangewend word dat dit die gemeente die kerklied leer. So kan die koor eers een of twee verse van 'n lied sing, en die gemeente dan daarna die daaropvolgende verse bv. net na die insameling van die offergawes. Die koor behoort die meentesang te lei en te stuur, en 'n bydrae te lewer met die aanleer van nuwe kerkliedere. Daarom mag dit nooit die gemeentesang oorheers nie.

BYLAE KFL2

LITURGIESE ORDES VIR EREDIENSTE

1 OGGENDDIENS

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van Wet (Ex 20 of Dt 5) of by wyse van afwisseling Mt 22:35–40, Mk 12:28–31
5. Skuldbelydenis (deur sang en/of gebed)
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang as wydingslied
9. Skriflesing
10. Gebed
11. Sang (opsioneel)
12. Prediking
13. Dankgebed
14. Insameling van offergawes
15. Slotsang
16. Seën

★ Alternatiewe orde vir oggenddiens

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van die Wet
5. Skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang as wydingslied
9. Voorgebed om seën op Skriflesing en prediking
10. Skriflesing
11. Prediking
12. Dankgebed
13. Offergawes
14. Slotsang
15. Seën

★ Die insameling van die offergawes kan ook na die erediens by die deure geskied.

2 AANDDIENS

Dieselfde orde as by die oggenddiens kan gevolg word, of met die weglating van die punte 4–8.

3 NAGMAALSDIENS

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van die Wet (of samevatting daarvan)
5. Skuldbelydenis (sang en/of gebed)
6. Genadeverkondiging
7. Skriflesing
8. Prediking
9. Voorlees van formulier
10. Kommunie (Geloofsbelydenis, tafelgebed en bediening)
11. Lofverheffing en gebed (voorbidding)
12. Insameling van offergawes
13. Slotsang
14. Seën

★ **Alternatiewe orde vir die Nagmaalsdiens**

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van die Wet (of samevatting daarvan)
5. Skuldbelydenis (sang en/of gebed)
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang
9. Skriflesing
10. Prediking
11. Voorlees van formulier
12. Kommunie (Tafelgebed en bediening)
13. Dankgebed
14. Insameling van offergawes
15. Slotsang
16. Seën

4 DOOPDIENS

1. Votum
2. Seëngroet
3. Lofsang
4. Voorlees van Wet
5. Skuldbelydenis
6. Genadeverkondiging
7. Geloofsbelydenis
8. Sang
9. Voorlees van formulier
10. Bediening van die doop
11. Skriflesing
12. Gebed
13. Prediking
14. Dankgebed
15. Insameling van offergawes
16. Slotsang
17. Seën

★ As alternatief kan die voorlees van die formulier en die bediening van die doop plaasvind na die prediking.

5 BEVESTIGING VAN AMPSDRAERS

Die liturg kan die bevestiging doen óf ná die geloofsbelydenis en sang óf ná die prediking. Dieselfde orde kan gevolg word by die openbare belydenis van geloof.

6 HUWELIKSBEVESTIGING

(LW: Dit is geen erediens nie)

1. Gebed
2. Lofsang
3. Skriflesing
4. Woordverkondiging
5. Voorlees van formulier
6. Bevestiging van huwelik
7. Gebed
8. Sang deur gemeente
9. Seën (uitgespreek of as bede)

(Solo- of koorsang moet geskied ná die seën)

7 BEGRAFNISDIENS

(LW: Dit is ook nie 'n erediens nie)

1. Gebed
2. Sang
3. Skriflesing
4. Woordverkondiging
5. Dankgebed
6. Sang
7. Seënbede
8. Geleentheid vir bedankings en lewenskets
9. By die graf: Skriflesing en/of sang of geloofsbelydenis; begrafnisformulier; gebed

BYLAE KFL3

EIETYDSE FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

1. DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

Die heilige nagmaal is deur onse Here Jesus self ingestel. Ons lees daarvan in 1 Kor 11:23–26: *Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.*

2. DIE WESE VAN DIE NAGMAAL

Die nagmaal is in wese 'n verbondsmaaltyd. Hier word die verbintenis tussen Christus en sy gemeente telkens weer bevestig. As verbondsmaaltyd het dit die volgende betekenisse:

2.1 Die nagmaal is eerstens 'n *gedagtenismaaltyd.*

Die Here het by die instelling daarvan gesê: *doen dit tot my gedagtenis* (Lk 22:19).

By die nagmaal dink ons na oor die lyding en sterwe van Jesus.

2.2 Die nagmaal is tweedens 'n *waarborg.*

Hy sê immers: *dit is my liggaam* en *dit is my bloed* (Mt 26:26,28). So seker as wat hierdie brood voor ons oë gebreek en hierdie beker aan ons gegee word, en ons dit met die mond eet en drink, so seker het ons deel aan Christus, sy sterwe en opstanding.

2.3 Die nagmaal is in die derde plek 'n *gemeenskapsmaaltyd.*

Ons beoefen gemeenskap met die Here Jesus en met mekaar. Die nagmaal verbind ons met sy bloed en sy dood, en help ons om in gemeenskap met Hom te lewe. Deur die Heilige Gees is Christus in die nagmaal by ons teenwoordig.

Verder word ons deur die Gees ook met mekaar as lede van een liggaam in liefde verbind. Die apostel sê immers: *Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood* (1 Kor 10:17).

2.4 Die nagmaal is in die vierde plek 'n *verwagtingsmaaltyd.*

Ons verkondig by die nagmaal ook ons toekomsverwagting. Ons het in die feesmaal die versekering dat die Here Jesus een met ons is. Tog sien ons ook uit na sy wederkoms. Ons verkondig daarmee die dood van die Here totdat Hy weer kom (1 Kor 11:26).

2.5 Die nagmaal, nl. die brood en wyn, spreek van die lyding en sterwe van Christus. Nogtans staan die nagmaalviering nie in die teken van rou en droefheid nie. Dit is 'n vreugdefees, want die Heiland gee hier op 'n besondere wyse die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding aan sy gemeente.

2.6 Die nagmaal is ten slotte ook 'n *dankbaarheidsmaaltyd.*

By die gebruik van die tekens dank ons Christus met ons hele wese. Dit is ook ons ernstige voorneme om uit dankbaarheid ons lewens opnuut aan God te wy. Ons doen dit met 'n opregte liefde vir Hom en ons naaste.

3. DIE BOODSKAP EN VRUG VAN DIE NAGMAAL

Christus het ons beveel om die nagmaal te vier. Wanneer ons dit doen, verseker die Heilige Gees ons van twee uitsonderlike waarhede. Jesus Christus het vir ons sondes gesterf, en in die geloof word ons met Hom verenig. Ons word so een met hom dat dit in die oë van God is asof ons self alles gely en die skuld aan Hom ten volle betaal het.

4. DIE VOORBEREIDING VIR DIE NAGMAAL

Aangesien ons begeer om die seën van die nagmaal te ontvang, is dit nodig dat elkeen homself vooraf eerlik sal ondersoek sodat hy nie 'n oordeel oor homself eet en drink nie (1 Kor 11:27–29).

Eerstens word ons opgeroep om ernstig na te dink oor alle sondes wat ons met gedagtes, woorde of werke gedoen het. Hierdie selfondersoek moet ons bring tot opregte berou voor die Here.

Tweedens moet ons opreg glo dat al ons sondes op grond van die soenverdienste van Christus vergewe is, en dat Hy alle swakhede wat nog in ons oorgebly het met sy lyding en sterwe bedek.

Laastens moet ons ons ernstig voorneem om voortaan met ons hele lewe dankbaarheid aan die Here te bewys deur in ware liefde tot Hom en ons naaste te lewe.

Mag die almagtige barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus, deur sy Heilige Gees ons daartoe help. Amen.

(Nadat, of terwyl die tafel voorberei is/word, kan die liturg 'n gepaste lied laat sing bv. Ges 324; 325:1; 326:3; 327:1,3; 328; 329:1; 330; 331:1,2 ens.)

(Die liturg en ouderlinge gaan tydens of na die sang hul plekke inneem aan die tafel.)

5. GELOOFSBELYDENIS

(Indien die geloofsbelydenis nie reeds vroeër tydens die erediens aan die orde was nie, kan dit nou deur die liturg voorgelees/voorgedra word. Andersins word direk oorgegaan tot die tafelgebed.)

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy Eniggebore Seun, onse Here, wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria, wat gely het, onder Pontius Pilatus gekruisig is, gestorwe en begrawe is en ter helle neergedaal het, wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk.

Ek glo aan die gemeenskap van die heiliges, die vergewing van sondes, die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe. Amen.

6. TAFELGEBED

6.1 Vrye gebed

(Die liturg kan voor die bediening van die nagmaal óf 'n vrye gebed doen of onderstaande gebed gebruik, met of sonder die Onse Vader óf net die Onse Vader.)

6.2 **Gebed** Barmhartige God en hemelse Vader, ons dank U vir u geliefde Seun Jesus Christus, wat ons tot die ewige lewe voed en versterk met sy liggaam wat gekruisig en sy bloed wat vergiet is. Laat ons nie met ons harte aan die sigbare tekens van brood en wyn vaskleef nie, maar laat ons ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus, ons Voorspraak, aan u regterhand is.

Versterk ook ons geloof deur die werking van u Heilige Gees tot verheerliking van u Naam en tot meerdere diens in u koninkryk, in die Naam van Jesus onse Here. Amen.

6.3 **Die Onse Vader**

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Die bedienaar van die Woord roep nou die gemeente op tot die nagmaal met die volgende woorde as voorbeeld:

Liewe gemeente, in die Naam van Jesus Christus, ons Gasheer, nooi ons u nou uit om deel te hê aan die viering van die heilige nagmaal.

(Die bedienaar van die Woord kan, indien nodig, nou die prosedure van die nagmaalgebruik verduidelik, nl. dat elkeen by die ontvangs van die tekens van brood en wyn dit dadelik gebruik en nie wag totdat almal eers bedien is nie.)

7. BEDIENING VAN DIE NAGMAAL

Na die oproep tot die nagmaal, breek die bedienaar die brood en sê:

Die brood wat ons breek is die gemeenskap met die liggaam van onse Here Jesus Christus. Neem, eet, gedenk en glo dat sy liggaam gebreek is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (1 Kor 10:16b, 1 Jn 1:2); of

Die brood wat ons breek is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet almal daarvan, doen dit tot sy gedagtenis (Mt 26:27; Lk 22:19; 1 Kor 10:16).

By die skink en oorhandiging van die beker sê die bedienaar:

Die beker van danksegging, waarvoor ons die Here dank, is die gemeenskap met die bloed van onse Here Jesus Christus. Neem, drink almal daaruit. Gedenk en glo dat sy bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes (Mt 26:27; 1 Kor 10:16); of

Neem, drink almal daaruit, doen dit tot sy gedagtenis (Mt 26:27, Lk 22:19, 1 Kor 10:16).

8. LOFVERHEFFING

Na die bediening sê die bedienaar:

Aangesien die Here ons nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam, met dankbaarheid sy Naam van harte prys met dié woorde:

(Gebruik enigeen van die volgende Skrifgedeeltes)

Ps 103:1–5 en vs. 8–13:

Loof die HERE, o my siel, en alles wat binnein my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.... Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.

of Rm 8:33–39:

Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus – verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard? Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape. Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

of Op 1: 5b en 6:

Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons

sondes gewas het in sy bloed, en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

of enige ander toepaslike Skrifgedeelte.

9. **DANKGEBED**

('n Vrye dankgebed of die onderstaande formuliergebed volg nou)

Barmhartige God en Vader, ons loof en prys U dat U uit genade u Seun as Middelaar aan ons geskenk het. Hy het deur sy kruis en opstanding die straf op ons sondes gedra en sodoende vir ons die voedsel en drank van die ewige lewe geword. Ons dank U dat U aan ons die geloof skenk waardeur ons in hierdie weldade kan deel. Ons dank U dat ons opnuut in hierdie nagmaal in ons geloof versterk is. Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees die gedagtenis aan ons Here Jesus Christus, ook die verkondiging van sy dood totdat Hy kom, sal gebruik om ons daagliks in die regte geloof en in die innige gemeenskap met Christus te laat groei.

Ons bid U dat U deur die werking van die Heilige Gees heerlike vrugte uit hierdie nagmaalsviering in ons lewens sal laat voortkom, tot u verheerliking en tot ons saligheid. Dit bid ons in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen.

EIETYDSE FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE DOOP AAN KINDERS VAN GELOWIGES

Geliefdes in die Here, vir die bediening van die doop moet ons die volgende weet en van harte daarop vertrou:

1. **DIE DOEL VAN DIE DOOP**

Ons doop omdat God 'n genadeverbond met die gelowige mens gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: *Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou* (Gn 17:7).

In die Ou Testament was die besnydenis (Gn 17:10–12) en pasga (Ex 12 en 13) tekens dat die verbond geldig is. In die Nuwe Testament het Christus Jesus die verbond in sy Persoon en deur sy verlossingswerk bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop (Mt 28:19) in die plek van die besnydenis (Kol 2:11–12), en die nagmaal (Mk 14:22–24) in die plek van die pasga ingestel. Onse Here Jesus het sy dissipels in Mt 28:19 beveel om te doop: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Elke verbond het twee kante. Aan die een kant het God Hom verbind om ons God te wees en ons te seën. Aan die ander kant moet ons Hom uit dankbaarheid en in gehoorsaamheid van harte liefhê, vertrou en dien (1 Pt 1:22).

2. **BETEKENIS VAN DIE DOOP**

Die doop in die naam van die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – is ryk aan betekenis: Ten eerste verseker die Here ons dat Hy as Vader ons in sy genadeverbond insluit en tot sy kinders aanneem. Ten tweede leer die Bybel dat ons en ons kinders in sonde ontvang en gebore word (Ps 51:7). Ons kan die koninkryk van God alleen beërwe indien ons weergebore word (Jn 3:3). Derdens word ons deur die doop aan Jesus Christus die Seun van God verbind. Sy bloed was al ons sondes af (1 Jn 1:7b). Die doop is 'n teken en seël daarvan. Vierdens waarborg die doop ons inlywing as lewende lidmate in die kerk van Christus. Ten vyfde gee God aan ons 'n dubbele versekering: Hy woon deur sy Gees in ons (Rm 8:9, 1 Kor 3:16). Die Gees regeer daagliks ons lewens en vernuwe ons lewe (Gl 5:16,25).

3. **VERPLIGTING VAN DIE DOOP**

Die kinders van gelowiges moet gedoop word. Die Here God sluit tog die kind van die begin af in die genadeverbond in. In die Nuwe Testament is hele gesinne gedoop toe die ouer(s) tot bekering gekom het (Hd 16:14–15, 31–34).

Die kinders verstaan wel nog nie die doop nie, maar die betekenis daarvan geld ook vir hulle. Trouens dit beklemtoon juis dat God die verlossing uit genade aan hulle belowe en skenk (Ef 2:5,8). Die doop plaas die ouer(s) onder 'n besondere verpligting teenoor die dopeling(e).

Ten eerste: om daardie kind te onderrig aangaande die betekenis en eise van die genadeverbond.

Ten tweede: om 'n voorbeeld te stel in die uitlewing daarvan.

Ten derde: 'n oproep om die beloftes van God hul eie te maak.

4. **KLASSIEKE FORMULIERGEBED (OF 'N VRYE GEBED)**

Om dan nou hierdie heilige ordening van God tot sy eer, tot ons troos en tot stigting van die gemeente uit te voer, laat ons sy heilige Naam aldus aanroep.

O, Almagtige, ewige God!

U wat deur u strenge oordeel die ongelowige en onboetvaardige wêreld met die sondvloed gestraf het en die gelowige Noag met sewe ander deur u groot barmhartigheid gered en bewaar het; U wat die verharde Farao saam met al sy manne in die Rooi See laat verdrink het en u volk Israel droogvoets daardeur gelei het – waardeur die doop aangedui is; ons bid U, by u grondelose barmhartigheid, dat U hierdie kinders genadiglik wil aansien en deur u Heilige Gees in Jesus Christus, u Seun, wil inlyf, om met Hom deur die doop in sy dood begrawe te word, en met Hom op te staan in 'n nuwe lewe, om hul kruis blymoedig te dra, Hom daagliks na te volg – en Hom aan te hang met waaragtige geloof, vaste hoop en vurige liefde; om dan eindelik hierdie lewe – wat tog niks anders is as 'n gestadige dood nie – om u ontwil getroos te verlaat en die laaste dag voor die regterstoel van Christus, u Seun, sonder verskrikking te verskyn – deur Hom, onse Here Jesus Christus, u Seun, wat met U en die Heilige Gees, een enige God, leef en regeer in ewigheid. Amen.

(Die liturg versoek nou die doopouers om na vore te kom. Dit kan geskied onder die sing van 'n toepaslike psalm of gesang.)

5. **DOOPGELOFTE**

Geliefde(s), die doop is 'n Goddelike instelling. Die Here waarborg daardeur sy verbond van genade vir ons en ons kinders. Om aan te dui dat u die doop vir die doel en nie uit gewoonte of bygelowigheid gebruik nie, moet u nou op die volgende drie vrae eerlik en opreg antwoord:

★ Ons kinders word as sondaars gebore en staan daarom onder die oordeel van God. Bely u dat hulle nogtans in Christus deel het aan die verbond? Verklaar u dat hulle daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?

★ Erken u dat die leer van die Bybel soos saamgevat in ons kerk se belydenisskrifte, die ware en volle leer van verlossing is?

★ Belowe u as ouer(s) (of voog[de]) om u kind in dié leer so goed u kan self te onderrig en deur die kerk te láát onderrig?

NN, wat is hierop u hoorbare antwoord?

Antwoord: Ja.

(Die liturg laat nou die kind(ers) na vore bring, en gaan na die doopvont. Dit kan ook geskied onder die sing van 'n aparte psalm of gesang).

6. **BEDIENING**

Die leraar wat die doop bedien sê: *NN (volle naam en van) ek doop jou in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.*

7. **SANG** (nadat die kind(ers) gedoop is)

(Bv. Ps 105:5; 128:3,4; 134:4; 146:8; Ges 318; 320; 321.)

8. **DANKGEBED (enige van onderstaande twee gebede of vrye gebed)**

Almagtige, ewige God en Vader, ons dank U vir u genadeverbond waarin U ons en ons kinders laat deel. Ons dank U dat U ons deur die bloed van Jesus Christus van al ons sondes gereinig het. Ons dank U dat U ons deur u Heilige Gees tot lidmate van sy gemeente ingelyf en ons tot u verbondskinders aangeneem het. Ons dank U ook dat U deur die doop hierdie waarhede aan ons en ons kinders waarborg en bekragtig!

O, Vader, regeer hierdie kind(ers) tog só deur u Woord en Gees dat hy/sy/hulle U voortdurend uit dankbaarheid en met vreugde sal dien, en met volharding teen die ou mens, die sondige wêreld, die duiwel en al sy magte sal stry en oorwin, totdat hy/sy/hulle eenmaal met vrymoedigheid voor u troon sal staan.

Here God, ons bring aan U die lof en dank, aanbidding, eer en heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

Alternatiewe dankgebed

Almagtige, barmhartige God en Vader, ons dank en loof U! U het ons en ons kinders ál ons sondes vergewe deur die kosbare bloed van Jesus Christus.

U het ons tot lidmate van u eniggebore Seun en tot u kinders aangeneem deur u Heilige Gees! Dit alles het U aan ons met die heilige doop beseël en bekragtig!

Ons bid U, deur Jesus Christus, u liewe Seun: regeer hierdie kind(ers) altyd deur u Heilige Gees! Mag hy/sy/hulle daardeur Christelik en godsalig opgevoed word, en mag hy/sy/hulle in die Here Jesus Christus groei en toeneem!

Ons bid U, laat hom/haar/hulle u vaderlike goedheid en barmhartigheid leer ken – U het dit aan hom/haar/hulle en ons almal bewys! Laat hom/haar/hulle in alle geregtigheid lewe onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus! Laat hom/haar/hulle moedig stry teen die sonde, die duiwel en sy ganse ryk én oorwin!

Ons bid U, laat hom/haar/hulle U en u Seun, Jesus Christus, en óók die Heilige Gees – die enige en waaragtige God – ewig loof en prys! Amen.

EIETYDSE FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN DIE HUWELIK

Liewe Bruid en Bruidegom

U het begeer dat u huwelik openlik in die Naam van God bevestig moet word. Daarom moet u nou eers hoor wat Hy in sy Woord oor die huwelik leer.

1. DIE INSTELLING VAN DIE HUWELIK

Die Bybel leer dat die huwelik 'n instelling van God is. Heel in die begin het Hy aan die man gesê: *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie* (Gn 1:18). Daarom het hy vir die man 'n vrou geskape, en haar na hom toe gebring (Gn 2:21, 22).

2. DIE DUUR VAN DIE HUWELIK

Die huweliksband is onverbreeklik. Van die huwelik sê onse Here Jesus Christus: *Wat God dan saamgevoeg het mag geen mens skei nie* (Mt 19:6, vgl. 1 Kor 7:10). Die Heilige Skrif leer ons dat die huwelik alleen deur die dood ontbind mag word (1 Kor 7:39).

3. DIE WESE VAN DIE HUWELIK

Die huwelik is ten diepste 'n liefdesverhouding tussen een man en een vrou. Daarom vermaan die apostel Paulus die mans: *Manne, julle moet jul eie vroue liefhê soos Christus ook die gemeente liefgehad... het* (Ef 5:25), en die vrouens: *Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig soos aan die Here* (Ef 5:22). Hierdie verhouding behoort verder iets uit te straal van die eenheid en intieme verbintenis tussen Christus en sy kerk (Ef 5:30–32).

4. DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

Om in die huwelik sinvol te kan saamleef moet u nou ook weet met watter doel God die huwelik ingestel het.

Die *eerste rede* is dat die man en vrou mekaar getrou moet help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe hoort (Gn 2:18).

Die *tweede rede* is dat ouers die kinders wat hulle van die Here mag ontvang, in die ware kennis en vrees van God tot sy eer en tot hulle saligheid moet opvoed (Ef 6:4). Die menslike geslag moet deur die huwelik gebou word (Gn 1:28).

Die *derde rede* is dat elke huweliksmaat alle onkuisheid en sondige begeertes moet vermy om met 'n goeie en geruste gewete te kan lewe (1 Kor 7:9).

5. DIE SLUITING VAN DIE HUWELIK

5.1 **Die leraar rig nou die volgende vraag tot beide die bruid en bruidegom:**

A (naam van bruidegom) en B (naam van bruid),

Noudat u weet wat die oorsprong, wese en doel van die huwelik is, verklaar u dat dit u opregte voorneme is om só in die huwelik saam te lewe en begeer u dat u in die huwelik bevestig moet word? Wat is hierop u albei se antwoord? Albei antwoord hardop: Ja

5.2 **Vraag aan die bruidegom**

Verklaar u, A (naam van bruidegom), dat sover u weet, daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met die bruid B (naam van bruid) hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u B (naam van bruid) nou neem tot u wettige vrou?

Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja

5.3 **Vraag aan die bruid**

Verklaar u, B (naam van bruid), dat sover u weet daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met die bruidegom A (naam van bruidegom) hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u A (naam van bruidegom) nou neem tot u wettige man?

Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja

6. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDSPAAR

Mag onse Here God die voorneme wat Hy u gegee het bevestig, en mag die begin van u huwelik wees in die Naam van die Here wat hemel en aarde geskape het.

Gee mekaar nou die trouringe en die regterhand as teken van die verbintenis wat u nou gaan sluit.

7. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM

A (naam van bruidegom), u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u B (naam van bruid) tot u wettige vrou neem. Belowe u dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en Godvresende man aan sy vrou verskuldig is; dat u haar nooit sal verlaat nie; dat u heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly, ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God?

Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja

8. DIE LERAAR AAN DIE BRUID

B (naam van bruid), u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u A (naam van bruidegom) tot u wettige man neem. Belowe

u dat u hom nooit sal verlaat nie; dat u hom in liefde sal gehoorsaam en help, soos 'n Godvresende vrou aan haar man verskuldig is; dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God?

Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: Ja

9. VERKLARING DEUR DIE LERAAR AS HUWELIKSBEVESTIGER

Ek verklaar hiermee dat A (bruidegom) en B (bruid) hier teenwoordig regtens getroud is. Mag God die Vader u sy genade skenk dat u gelowig lank en heilig mag saamlewe. Amen.

Die leraar kan nou die bruidspaar laat kniel. Hierna doen hy 'n vrye- of die formuliergebed

Formuliergebed

Almagtige God, ons bid dat U die band wat hierdie egpaar bind sal heilig. Laat hulle saamlewe deur die krag van u Heilige Gees. Lei hulle in voor- en teenspoed, in vreugde en droefheid tot die einde toe. Seën hulle genadiglik en gee dat hierdie huwelik sal meewerk tot die eer van u Naam, die opbouing van u gemeente en die uitbreiding en verheerliking van u koninkryk. Amen.

Net na die gebed en terwyl die egpaar nog kniel, kan die leraar 'n gepaste lied laat sing, en sy hande seënend liggies op hulle hoofde plaas

(Gepaste liedere is bv. Ps 128:4; Ps 134:4 en Gesang 338–341.)

Na die bruidspaar weer opgestaan het, spreek die leraar die seën oor die gemeente uit.

OPSIONEEL I.P.V. 7 EN 8

10. DIE LERAAR AAN DIE BRUIDEGOM

Sê die volgende hardop agter my aan:

Ek, A, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruid, B, tot my wettige vrou neem. Ek beloof dat ek haar nooit sal verlaat nie; dat ek haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en Godvresende man aan sy vrou verskuldig is; dat ek ook heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

11. DIE LERAAR AAN DIE BRUID

Sê saam met my hardop:

Ek, B, verklaar hier voor God en almal teenwoordig dat ek my bruidegom A tot my wettige man neem. Ek beloof dat ek hom nooit sal verlaat nie; dat ek hom in liefde sal gehoorsaam en help, soos 'n Godvresende vrou aan haar man verskuldig is; dat ek heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God.

Verslag: Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding (KVO)

TYDPERK: 10 SEPTEMBER 1995 TOT 15 MEI 1997

1. PERSONEEL

Lede deur die sinode van 1995 verkies (sub-kommissie in hakies):

Dr. JH Ellis (voorsitter, Jeug en Verbondsonderrig), di. FJ van der Merwe (ondervoorsitter, Onderwys), G Pretorius (skriba, Jeug en Verbondsonderrig), JP Bezuidenhout (Onderwys), A Boshoff (Jeug en Verbondsonderrig), G Botes (Jeug en Verbondsonderrig), JN Joubert (Onderwys), prof. JC Lombard (Onderwys), di. PB Müller (Jeug en Verbondsonderrig), AJ van Niekerk (Hersiening), AP Viljoen (Jeug en Verbondsonderrig).

Hierdie kommissie funksioneer in die twee sub-kommissies, soos deur die sinode van 1995 besluit is.

2. VERGADERINGS

Twee vergaderings van die volle kommissie is gehou, twee van die sub-kommissie vir Onderwys en vyf deur die sub-kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig.

3. UITVOERING VAN OPDRAGTE DEUR DIE SEWENDE SINODE

3.1 Hersiening van Verbondsonderrighandboeke (Handelinge bl. 260). Buiten vir die st. 9 Lesgids is al die lesgidse in 'n staat van voorbereiding en behoort almal DV teen die einde van die jaar afgehandel te wees. Die meeste van die leerboeke word herdruk en daar sal DV voldoende voorraad beskikbaar wees vir aanstaande jaar.

3.1.1 AANBEVELING

3.1.1.1 Die sinode neem met dank kennis van die deurlopende aandag wat die KVO aan die handboeke en lesgidse vir verbondsonderrig gee.

3.2 **Riglyne ten opsigte van verbondsonderrig (Handelinge bl. 260)**

Die pamflet *Riglyne ten opsigte van verbondsonderrig* soos deur die KKS gekorrigeer en deur die vorige sinode aanbeveel, is as pamflet in die proses van publikasie.

3.3 **Skolingskursusse vir verbondsonderrigvoorgangers (Handelinge bl. 260)**

Verskeie kursusse (17) is op aanvraag deur gemeentes en ringe die afgelope twee jaar aangebied deur dr. JH Ellis en ds. G Pretorius, om verbondsonderrigpersoneel te skool. 'n Sertifikaat is laat druk wat voorsien word aan elkeen wat die skolingskursus bygewoon het. Sedert die instelling van die kursus vyf jaar gelede het reeds meer as 800 persone dit bygewoon.

3.3.1 AANBEVELINGS

3.3.1.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding vir die skoling van verbondsonderrigpersoneel die afgelope vyf jaar.

3.3.1.2 Die sinode moedig kerkrade en ringe aan om van die geleentheid gebruik te maak wat deur die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding geskep is om hulle verbondsonderrigpersoneel te skool, deur sodanige kursusse te reël in hulle gemeentes en/of ringe.

3.4 **Kursus in Jeugbearbeiding (Handelinge bl. 260, 261)**

Nadat enkele leemtes tydens die dagkursus wat op 4 Maart 1995 gehou is, geïdentifiseer is, is 'n naweekkursus aangebied te Kroonstad onder leiding van dr. JH Ellis, di. G Pretorius, A Boshoff (jr.) en PB Müller. Spesifieke aandag is gegee aan die daarstelling en ordelike funksionering van verbondsjeugaksies binne die plaaslike AP kerk, aangesien dit onder hierdie kommissie se aandag gekom het dat sommige jeugaksies gebruik maak van metodes en materiaal van ander kerkverbande en ook interkerklike organisasies (soos die CSV).

3.4.1 AANBEVELINGS

3.4.1.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding vir die geslaagde naweekkursus vir jeugleiers.

3.4.1.2 Die sinode neem met dank kennis dat die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding voortgaan om die kursus vir jeugleiers op gedesentraliseerde vlak aan te bied op versoek van ringe of groeperings van plaaslike kerke.

3.4.1.3 Die sinode aanvaar die *Riglyne vir jeugbearbeiding binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband* (Sien Bylae KVO1) as breë motivering vir die ordelike funksionering van verbondsjeugaksies binne AP kerkverband.

3.4.1.4 Die sinode neem kennis dat sommige plaaslike kerkjeugaksies 'n behoefte het aan praktiese leiding, ten opsigte van ordelike funksionering.

3.4.1.5 Die sinode dra dit aan die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding op om, na aanleiding van die beginsels gestel in *Riglyne vir jeugbearbeiding binne die Afrikaanse Protestantse Kerkverband* (BYLAE KVO1) praktiese riglyne daar te stel vir die ordelike funksionering van verbondsjeugaksies. Die volgende sinode moet bedien word met hierdie praktiese riglyne.

3.5 **Satanisme (Handelinge bl. 261)**

Op versoek van die sewende sinode word die aanbevelings soos goedgekeur (Sakelys 1993 bl. 53 en 54, pt. 4) toegepas met die herdruk van die verbondsonderrighandboeke. Dit word egter op so 'n wyse gedoen dat dit nie belangstelling by die kind prikkel nie, maar dat dit stigtelik en opbouend deurwerk.

3.6 **Die Verbondsgesprek (Handelinge bl. 261)**

Die Publikasiekommissie het berig dat hierdie pamflet reeds in die proses van druk is. Die hoop word (in die lig van die vorige sinode se opdrag) uitgespreek, dat hierdie pamflet spoedig beskikbaar sal wees as hulpmiddel vir gebruik tydens gesprekke met voornemende doopouers.

3.7 **Programsketse (Handelinge bl. 261)**

Die opstel van programsketse vir gebruik by jeugbyeenkomste geniet hoë prioriteit by hierdie kommissie. Spesiale aandag is die afgelope tyd daaraan gegee. Aangesien dit nog 'n probleem is om die sketse by die gemeentes te kry, het die kommissie aandag gegee aan die moontlikheid om *Die Jeugboodskapper* se volume te verdubbel met die doel om programsketse maandeliks op hierdie wyse te publiseer. Ons is dankbaar dat die redaksie van *Die Boodskapper* positief op hierdie versoek gereageer het. Dit kon egter nog nie realiseer alvorens die sinode 'n besluit hieroor geneem het nie. Kwotasies wat ingewin is dui op 'n verhoging van ongeveer 28c per eksemplaar.

3.7.1 AANBEVELINGS

3.7.1.1 Die sinode verleen goedkeuring aan die positiewe gedagte om die volume van *Die Jeugboodskapper* te vergroot sodat programsketse vir jeugbyeenkomste daarin gepubliseer kan word.

3.7.1.2 Die sinode versoek die Publikasiekommissie om sy begroting dienooreenkomstig aan te pas om die koste van die volumevermeerdering van *Die Jeugboodskapper* te absorbeer.

3.8 **Skoolverlaterskampe (Handelinge bl. 261)**

Sedert die vorige sinode is twee kampe in Transvaal aangebied deur die AP Kerke Verwoerdburg en Biesiesvlei. Hierdie kampe groei jaarliks. Ook vir Vrystaat en Natal is kampe aangebied deur die AP Kerk Lindley. Die organiseerders is dankbaar teenoor kerkrade wat inligting deurgee en hul matrikulante aanspoor om hierdie belangrike voorbereidingsgeleentheid vir die grootmenswêreld by te woon.

Vir 1997 word drie kampe beplan naamlik:

a. Die AP Kerk Kareedouw bied onder leiding van ds. A Boshoff (jr.) 'n kamp aan vir die (Suid-) Kaapprovinsie.

b. Die AP Kerk Biesiesvlei bied 'n kamp aan onder leiding van dr. JH Ellis en ds. DJ van der Linde vir Transvaal.

c. Die AP Kerk Lindley bied 'n kamp vir Vrystaat en Natal aan onder leiding van ds. NJ Groenewald en ds. JA Jacobs.

3.8.1 AANBEVELING

Die sinode versoek kerkrade om matrikulante jaarliks aan te moedig om skoolverlaterskampe by te woon veral gesien in die lig van die feit dat soveel van ons kerkjeug *vervreem* na skoolverlating.

3.9 **Skoolverwisselingskampe (Handelinge bl. 261)**

Die AP Kerke Amajuba en Carolina het skoolverwisselingskampe aangebied onder leiding van ds. G Pretorius. Die kamp vir 1997 word beplan vir die eerste week in die Desember vakansie DV. Nie net word dit 'n al hoe belangriker toerustingsgeleentheid t.o.v. al die gekonsentreerde aanslae gedurende die hoërskoollewe nie maar dit is ook 'n tyd in die kind se lewe waar talle aanpassings gemaak en vrae hanteer moet word.

3.9.1 AANBEVELING

Die sinode versoek kerkrade om die skoolverwisselingskamp jaarliks onder die aandag van voornemende st. 6 leerlinge te bring, en moedig kerkrade aan om dit te ondersteun.

3.10 **Die Kerkverband se standpunt oor die onderwys (Handelinge bl. 261)**

Waar verskeie opdragte deur die sinode aan die kommissie gegee is rakende die onderwys, was die werk van die kommissie bemoeilik deurdat daar nie 'n prinsipiële standpuntstelling as breë riglyn bestaan het nie. Die gevolg

is dat ons nie uit een mond kan praat nie. Die sinode het kommentaar gelewer op die voorlegging wat gemaak is, en dit terugverwys na hierdie kommissie vir afronding in die lig van kommentaar gelewer. Sien Bylae KVO2 in hierdie verband.

3.10.1 AANBEVELINGS

3.10.1.1 Die sinode keur die studiestuk *Die Afrikaanse Protestantse Kerkverband se standpunt oor die onderwys – 'n Christelik-prinsipiële verantwoording* (BYLAE KVO2) as breë riglyn vir standpuntstelling oor die onderwys, deur die AP Kerkverband, goed.

3.11 **Alternatiewe onderrigmodelle (Handelinge bl. 261)**

Die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding het besluit om nie in hierdie stadium 'n studie oor alternatiewe onderrigmodelle voort te sit nie aangesien die BCVO en die VCHO reeds (met baie meer kundigheid tot hul beskikking as hierdie kommissie) sodanige studies onderneem. In die lig van die vorige sinodes se besluite rondom hierdie organisasies kan kerkrade dus vryelik daar om leiding aanklop.

3.11.1 AANBEVELINGS

3.11.1.1 Die sinode besluit om nie sy opdrag aan die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding rakende alternatiewe onderrigmodelle te kontinueer nie.

3.11.1.2 Die sinode moedig kerkrade aan om by die BCVO en die VCHO inligting in te win rakende alternatiewe onderrigmodelle indien hulle behoefte daaraan het.

3.12 **Witskrif vir Onderwys (Handelinge bl. 262)**

Die kommentaar op die konsep-wetsontwerp van 1996 is by hierdie verslag aangeheg as BYLAE KVO3. Die *Outcomes Based Education* is tans nog nie uitgespel nie en kommentaar sal voorberei word sodra dit amptelik verskyn.

3.12.1 AANBEVELINGS

3.12.1.1 Die sinode neem kennis van die kommentaar op die konsep-wetsontwerp van 1996 (soos vervat in BYLAE KVO3).

3.12.1.2 Die sinode versoek die Tydelike Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding om die sinode te dien met kommentaar op die *Outcomes Based Education*.

3.12.1.3 Die sinode doen 'n beroep op kerkrade om deeglik kennis te neem van die kommentaar op die konsep-wetsontwerp van 1996.

3.12.1.4 Die sinode doen 'n spesiale beroep op kerkrade om veral die volgende besluite van die sinode van 1995, rakende die onderwys, weereens ernstig onder ouers se aandag te bring:

- **Die sinode versoek kerkrade om alles in hul vermoë te doen om verbondsouers te inspireer en te ondersteun in hul verantwoordelikheid om, kragtens hul doopgelofte, Christelike Bybelonderrig en Christelike vakonderrig tot beskikking van hul kinders te stel (Handelinge bl. 261, 3.9.1.4).**
- **Die sinode versoek kerkrade om lidmate doelgerig aan te moedig om Christelik-volkseie Skole wat Christelike vakonderwys in 'n Christelike milieu aanbied, vir hulle kinders te kies en te ondersteun (Handelinge bl. 261, 3.9.1.6).**
- **Die sinode herbevestig sy steun aan die BCVO en beveel by kerkrade aan om by die BCVO te affilieer en waar moontlik die saak op plaaslike vlak uit te bou (Handelinge bl. 261, 4.1.3).**

3.12.1.5 Die sinode versoek kerkrade om 'n spesiale beroep op ouers te doen om, in die lig van hulle doopgelofte en in gehoorsaamheid aan die Here, ernstig te herbesin indien hulle kinders nog nie op 'n gereformeerde grondslag opvoeding en onderwys ontvang nie.

3.12.1.6 Die sinode beveel dringend aan dat kinders geplaas moet word in skole waar die *lewensuitkyk van die onderwyser* en die *inhoud van die leerstof* duidelik beantwoord aan die geloofsrigting van die Drie Formuliere van Enigheid. Skole moet ook in geheel aan die *Protestants-gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing*, waarin *die Christelik-volkseie siening* 'n integrale prominente plek vind, beantwoord.

3.12.1.7 Die sinode versoek kerkrade om *aktiewe voorligting aan ouers* te gee ten opsigte van die Calvinistiese grondslag en vereistes vir die onderwys van hul kinders (veral in die lig van 3.12.1.5 en 3.12.1.6 hierbo).

3.12.1.8 Die sinode versoek die SKK om in die *gemeentelike verslagvorm aan die ring* 'n aantal vrae by te voeg, waarin pertinent gesien sal word in watter mate kinders van daardie plaaslike kerk gereformeerde opvoeding en onderwys ontvang.

3.12.1.9 Die sinode neem met dank kennis van die ontstaan en funksionering van die Akademie vir Christelike Volkseie Hoër Onderwys en moedig lidmate aan, om waar moontlik, dit te ondersteun.

3.12.1.10 Die sinode besluit om 'n kort spreekbeurt aan die voorsitter van die BCVO toe te staan, met die oog daarop om die sinode op hoogte te hou in verband met die vordering van die BCVO en die ACVHO, veral in die lig van die vorige sinode se besluite in hierdie verband.

3.13 **Begroting vir 1997**

Die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding het alles in sy vermoë gedoen om koste te bespaar. Telefoonvergaderings is gehou om reiskoste te bespaar (en meestal op die rekenings van die betrokke individue), die meeste dupliseringswerk, faks- en telefoonuitgawes is gedra deur die lede se gemeentes. Die subkommissie vir Onderwys het bespaar t.o.v. reiskoste deurdat hul vergader het wanneer die VCHO sy vergaderings gehou het (wat in die toekoms nie meer sal kan gebeur nie). Die persone wat die verskillende kursusse aangebied het, het in die meeste gevalle geen koste vir uitgawes verhaal nie.

In die lig van bogenoemde besparingsmaatreëls en ook in die lig van die feit dat hierdie kommissie 'n diens lewer aan nagenoeg 40% van die totale sieletal met 'n baie klein persentasie van die totale begroting, het hierdie kommissie vrymoedigheid om die begroting hieronder aan te beveel.

3.13.1 AANBEVELINGS

3.13.1.1 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding vir die wyse waarop hierdie kommissie gepoog het om te bespaar ten opsigte van uitgawes.

3.13.1.2 Die sinode keur die begroting van die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding goed om soos volg daar uit te sien:

Reiskoste en etes	**R17 000-00**
Sub-kommissie vir Onderwys	**R 5 000-00**
Sub-kommissie vir Jeugwerk en Verbondsonderrig	**R3 000-00**
Kursus vir Verbondsonderrig-voorgangers	**R2 000-00**
Kursus vir Jeugbearbeiding	**R3 000-00**
Totaal	**R30 000-00**

3.13.1.3 Die sinode dra dit aan die BRKA op om 'n keuse vir 'n ligter en goedkoper ete tydens vergaderings aan kommissies aan te bied sodat daar op hierdie wyse besparings kan wees op vergaderingskoste van kommissies.

3.14 **Die geestesrigting (religieuse koers) van die wetenskap in tersiêre inrigtings (Handelinge bl. 263)**

3.14.1 AANBEVELINGS

3.14.1.1 Die sinode neem met dank aan prof. JC Lombard kennis van die insiggewende werkstuk oor die geestesrigting van die wetenskap in tersiêre inrigtings (BYLAE KVO4).

3.14.1.2 Die sinode spreek sy waardering uit teenoor die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys wat vir die afgelope 46 jaar getroue getuienis gelewer het vir die Christelike hervorming van die tersiêre onderwys in ons land, as die tregter waardeur dosente opgeleì word vir al die onderskeie vakke. Die besondere betekenis daarvan is dat dit tans die leemte vul ten opsigte van die vakfilosofieë en die vakinhoude.

3.14.1.3 Die sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor dosente en onderwysers wat, te midde van die huidige onderwyskrisis en die sekularisering van die onderwys, nog hulle beste lewer vir gereformeerde volksei onderrig.

3.14.1.4 Die sinode versoek die lidmate van ons Kerk wat as ouers skoolgaande kinders het om ernstig te besin oor die aanwesigheid van hierdie kinders in staatsskole wat teen 'n vaartversnellende tempo versekulariseer.

3.15 **Koördinasie tussen organisasies in die daarstelling van onderwys (Handelinge bl. 263)**

Die sinode het reeds rondom die onstaan van die Beweging vir Christelike Volksei Onderwys (BCVO) besluite geneem waarin positiewe steun uitgespreek is, aangesien die BCVO onomwonde staan op die Drie Formuliere van Eenheid en dus die Calvinistiese lewensbeskouing.

Die vorige sinode het ook met dank kennis geneem van die bevordering van gereformeerde vakonderrig deur die VCHO gedurende die afgelope 50 jaar. Daar het 'n pragtige samewerkingsooreenkoms tussen hierdie twee gereformeerde onderwysinstansies plaasgevind en die gevolg is onder andere dat fluks gevorder is met die skryf van Bybelonderrighandboeke asook ander gereformeerde vakhandboeke. Ten opsigte van die gereformeerde onderwysopleiding is ook pragtige vordering gemaak.

3.15.1 AANBEVELING

Die sinode spreek sy waardering uit vir die noue samewerking tussen die VCHO en die BCVO as die huidige speerpunte van gereformeerde volksei onderwys in Suid-Afrika.

4. **ANDER WERKSAAMHEDE**

4.1 **Sang tydens jeugbyeenkomste**

Die kommissie het kennis geneem dat die jeug

in talle gemeentes na willekeur gebruik maak van 'n wye verskeidenheid van liedere. Talle jeugaksies het selfs hul eie *liederebundels* en ander gebruik weer 'n sameflansing van liedere uit sangbundels van verskillende denominasies en verenigings.

In sommige gevalle kan ernstige teologiese besware teen liedere gehuldig word. Hierdie kommissie reken dat die benadering wat hierdie kommissie en ook die meeste kerkrade gevolg het, naamlik om dit te verbied, nie die gewenste uitwerking gehad het nie.

4.2 AANBEVELINGS

4.2.1 Die sinode versoek die Kommissie vir Kerksang en -musiek om in samewerking met die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding dringend 'n seleksie van liedere daar te stel vir gebruik tydens jeugbyeenkomste en kampe.

4.2.2 Die sinode versoek die Kommissie vir Kerksang en -musiek om intussen liedere vir jeugsang beskikbaar te stel wat reeds deur sinodes gekeur is.

4.2.3 Die sinode beveel by kerkrade aan dat die jeug se sang vir die huidige beperk sal word tot die Psalm en Gesangeboek, die Proefsangbundel en die Jeugsangbundel.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 **Ring van Mooinooi: Benaming van Jeugaksies**

Die sinode besluit dat die jeugaksie van die plaaslike AP kerke voortaan as die Afrikaanse Protestantse Kerk Jeugaksie (APKJ) bekend sal staan.

Motivering

Die AP kerke is toenemend besig om hulle los te maak van die *erfgoed* uit die vorige kerkegroeperinge en hulle eie tradisies te skep. By die gebrek aan 'n eie naam gebruik baie plaaslike jeugaksies nog die benaming van 'n vorige kerkegroepering.

5.1.1 AANBEVELING VAN DIE KVO

Die sinode besluit om te volstaan met die benaminge *junior verbondsjeug, senior verbondsjeug en bolydende verbondsjeug* (soos reeds by 'n vorige sinode besluit) en beveel by alle kerkrade aan om hierdie benaminge toe te pas.

5.2 **Ring van Ermelo: Ondersoek na die CSV**

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig word versoek om die grondslae en doelstellings van die buitekerklike organisasie nl. die CSV te ondersoek en riglyne t.o.v. betrokkenheid aan kerkrade deur te gee.

Motivering

Die gevaar bestaan dat vreemde leerstellings aan veral ons hoërskooljeug oorgedra kan word wat van die gereformeerde leer afwyk.

5.2.1 AANBEVELING VAN DIE KVO

Die sinode versoek die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding om die grondslae en doelstellings van die CSV te ondersoek en riglyne ten opsigte van betrokkenheid by die CSV aan kerkrade deur te gee.

5.3 **Ring van Vereeniging: Getrouheidseëls**

Die sinode besluit om:

1. Die bewoording op die diploma soos volg te wysig:

   AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

   .....

   ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

   Verklaar dat .....

   Verbondsonderrig deurloop het waarvan meelewing en getrouheid weerspieël word in die seëls vir onderskeie jare.

2. **Kommentaar**

Die gewysigde erkenning van getrouheid word weerspieël in die volgende verhouding:

1.1.1 80% en meer ontvang 'n goue seël

1.1.2 70%–79% ontvang 'n silwer seël

1.1.3 60%–69% ontvang 'n brons seël

1.1.4 50%–59% ontvang 'n blou seël

1.1.5 Onder 50% ontvang 'n geel seël.

3. **Motivering**

3.1 Tans word die voorgangers onder veel druk geplaas deur ouers wat ontsteld is wanneer hulle kinders aan die einde van die jaar nie 'n seël of diploma ontvang nie.

3.2 Kinders word vanweë onvermoë of ontrou van ouers beswaar.

3.3 Ten alle koste wil 'n ouderlingeraad nie die verbondsonderrigvoorgangers diplomas en seëls laat uitreik teenstrydig met die begrip getrouheid soos tans in die aanhef nie.

3.4 Met die verlangde verandering sal getrouheid in elk geval weerspieël word.

3.5 Veel trane en hartseer van kinders en argwaan van ouers sal hiermee afgesny word.

5.3.1 AANBEVELING DEUR DIE KVO

Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Vereeniging insake getrouheidseëls en wys kerkrade daarop dat die klem in die huidige stelsel op getrouheid lê en nie op prestasie nie.

5.4 Ring van Vereeniging: Vraelys

Die sinode dra dit aan sy Tydelike Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding (TKVO) op om staande hierdie sinodale vergadering (1997), 'n vraelys voor te lê, 'n vraelys wat dan deur die sinode bespreek en goedgekeur word, en waarop alle kerkrade moet antwoord voor 15 November 1997. Die vraelys moet inligting vra oor die APK jeug (tot 30 jaar) sodat beweringe uit verskeie oorde dat die AP Kerk besig is om sy jeug te verloor en daardeur aan uitsterf is, deeglik ondersoek kan word.

Die sinode gee aan die permanente Kommissie vir Verbondsonderrig en Onderwys opdrag om die vraelys onmiddellik na die afsluiting van die sinode uit te stuur en antwoorde van kerkrade te verwerk, en sy bevindings, met positiewe aanbevelings, voor 31 Maart 1998 aan elke kerkraad te besorg, en in *Die Boodskapper* te publiseer.

5.4.1 Motivering

1. Blykens ouderling Abe Louw (AP Kerk Coligny) se jongste ontleding – hy doen jaarliks 'n ontleding van die jongste beskikbare syfers soos vervat in die Kerkjaarboek – toon die AP Kerk se dooplidmaatsyfer vir die eerste keer in 10 jaar 'n negatiewe groei.
2. In vele gemeentes van die AP Kerk is daar minder of meer verbondskinders wat glad nie of onderbroke verbondsonderrig geniet.
3. In talle gemeentes *verdwyn* jong lidmate na aflegging van belydenis en voeg hul amptelik of nie amptelik by die jeuggroepe van ander kerke.
4. In vele gemeentes van die AP Kerk word geen of weinig aandag deur die kerkrade of ampsdraers aan jeugwerk gewy.
5. In vele gemeentes van die AP Kerk word min of geen voorsiening gemaak om georganiseerd in die behoeftes van jongmense voorsiening te maak.
6. Sommige wyt die negatiewe toestande aan die ouers, ander aan die jeug self, ander aan die leraars, ouderlinge en diakens, nog ander aan gebrekkige oordrag van die etos of identiteit van die AP Kerk deur ouers, onderriggewers en ampte wat vir die jeug verantwoordelik is.

5.4.2 AANBEVELINGS DEUR DIE KVO

5.4.2.1 Die sinode dra dit aan sy Tydelike Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding (TKVO) op om staande hierdie sinodale vergadering (1997), *'n vraelys* voor te lê, 'n vraelys wat dan deur die sinode bespreek en goedgekeur word, en waarop *alle kerkrade moet antwoord voor 15 November 1997.* Die vraelys moet inligting vra oor die APK jeug (tot 30 jaar) sodat beweringe uit verskeie oorde dat die AP Kerk besig is om sy jeug te verloor en daardeur aan uitsterf is, deeglik ondersoek kan word.

5.4.2.2 Die sinode gee aan die permanente Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding opdrag om die *vraelys onmiddellik* na die afsluiting van die sinode *uit te stuur* en *antwoorde* van kerkrade *te verwerk*, en sy *bevindings*, met positiewe aanbevelings, *voor 31 Maart 1998* aan elke kerkraad te besorg, en in *Die Boodskapper* te publiseer.

6. SLOT

Die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding vertrou dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die sinode en kerkverband in geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die AP Kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

DR. JH ELLIS (Voorsitter)

DS. G PRETORIUS (Skriba)

BYLAE KVO1

RIGLYNE VIR JEUGBEARBEIDING BINNE DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKVERBAND

1. OPDRAG

Die sinode (van 1995) dra dit aan die Kommissie vir Verbondsonderrig en Opvoeding op om riglyne op te stel vir die ordelike funksionering van jeugaksies, vir die verskillende belangegroepe, in die gemeente.

2. VERTREKPUNT

Die bediening van die jeug is 'n gesinsaak. Hier word die kind deur gelowige ouers ingelei in die beginsels van God se Woord en die werk van die kerk. Die kerk se jeugwerk begin dus by die gesin waar ouers bygestaan en voorgelig word.

Die vertrekpunt vir 'n ordelike bediening aan die jeug vind ons amptelik in die verbondsonderrig soos vervat in Artikel 44 van die Kerkorde 1996 asook in die omvattende bediening van die lidmate deur die ampsdraers soos vervat in onder andere Artikels 45, 15 en 21 (KO 1996). Die vertrekpunt is dus toegespitse herderlike sorg (gemeentelike bediening) aan hierdie spesifieke belangegroep, as voortsetting en uitlewing, van die verbondsonderrig op Sondae.

3. SKRIFTUURLIKE BEGRONDING VIR JEUGWERK

Die taak van die kerk kan nooit anders as Skrifgefundeerd wees nie. Hy kan nie 'n taak opneem as die Bybel dit nie aan hom toeken nie. Dit moet ook waar wees van die bediening van sy jeug. Die volgende sake is daarom van groot belang.

(a) Die gemeente as liggaam van Christus op aarde is instrument waardeur God werk maar word ook baie duidelik in die Woord as arbeidsveld aangedui. Dit is dan ook hierdie waarheid wat die weg baan vir die bediening van die jeug. Hulle is deel van die gemeente en as sodanig aanspreekbaar. As deel van die gemeente moet hulle bedien word. Nooit mag hulle egter as *kerk binne 'n kerk* beskou word nie. Hulle mag nie losgemaak word van die Godgegewe verbande waarbinne hulle leef nie. Hulle bly steeds deel van gesinne en wyke en hierdie gawes mag nooit uit die oog verloor word nie.

(b) 'n Verdere gegewene wat erken en benut moet word is dat die jeug deel uitmaak van God se *verbond* met sy volk. Die doopformulier sê tereg dat God die kind van die begin af in sy verbond insluit. Die verbondsbeloftes en eise moet aan die kind bekendgemaak word sodat hy hierbinne kan leef. Uit die verbondsperspektief is die kind ook belangrik in die sin dat hy die voortdraer is van die boodskap van die heil van God. Die verbond verplig die ouer om die heilsdade van God aan die kind oor te dra (Dt 6:4–8), wat op sy beurt weer 'n belangrike skakel in die toekoms van die volk is. Die kind wat die heilsboodskap ontvang het moet dit weer aan die volgende geslag oordra (Ps 78:1–3).

Die aandag wat aan die kind in die *Ou Testament* gegee en in die *Nuwe Testament* verder uitgebou word, ondersteun juis die verbondsverbintenis van die jongmens. In die *Ou Testament* word die kind besonderlik aangespreek. Talle opdragte in verband met vermaning, teregwysing, tugtiging en onderwysing wat veral voorkom in Spreuke 1:8, 9; 2:1; 3:1; 4:1; 19:18; 23:13, 14; 29:17 ens. asook byvoorbeeld Prd 12 is verdere bewyse van God se besondere bemoeienis met die jeug en sy toekoms.

Die kind word as gawe gesien wat dui op God se seën aan 'n gesin (Ps 127, 144). Word die jongman en die jongedogter bedreig, is die volk in gedrang (Dt 32:25). Die jongedogters is die vroue in wording, die toekomstige moeders van wie die menslike voortbestaan en uitbouing van die volk afhang.

Die Here gebruik die kind in sy diens. So het Hy by geleentheid Homself aan Samuel openbaar en hom beklee met verantwoordelikhede. So ook vir 'n jonge Jeremia in sy roeping as profeet en vir Dawid in sy roeping as koning.

In die *Nuwe Testament* is ook verskillende geleenthede opgeteken waar met kinders bemoeienis gemaak word. In die lewe van Jesus Christus op aarde het Hy die weg gebaan waarvolgens met die kind gehandel moet word. Sy bekende seën van die kinders en genesing van kinders dui op belangstelling in die kind. In Jn 6:9 maak Jesus gebruik van die visse en die brood van 'n seuntjie om die skare te voed. Uit Hd 2:17 kan ons aflei dat die jongmense ook instrumente in die hand van die Here is om sy Woord te verkondig. Ook Paulus verwys meermale na jongmense as deel van die volk van God (1 Kor 7:14; Ef 5:23). Hy rig ook onder andere briewe aan Timotheüs en Titus wat nog jongmanne was.

(c) 'n Baie belangrike saak wat nooit vergeet mag word nie is dat die jeug aangespreek moet word omdat hulle sondaars is (Ps 51:7). Veral in die lig van die hedendaagse aanslag teen die jeug se norme en waardes is dit noodsaaklik om te besef dat hulle uit hul eie heeltemal weerloos is. Die beeld van God is ook in die jongmens verduister en moet deur sy genadewerking herstel word.

(d) Uit die paar voorbeelde wat hierbo vermeld word kan geen twyfel bestaan dat daar in die Bybel aan die kind erkenning verleen word nie. Trouens dit is niks minder as reg om te sê dat die kind nie anders beskou kan word as deel van die gemeente nie. Die vraag word dan ook gevra of hulle nie as deel van die gemeente bedien moet word nie. Die jeug as deel van die gemeente moet natuurlik as deel van die gemeente bedien word maar dit impliseer nie dat hulle as gemeentelede nie ook binne eie belangegroepe bedien mag word nie. Wie mooi kyk na die Bybel sal opmerk dat die kind en jongmens tog 'n *eiesoortigheid* openbaar wat vra om aangespreek te word. Hy is meer kwesbaar vir versoekings (2 Tm 2:22; Gn 4:7; 1 Jn 2:14) en is dikwels onnadenkend en voortvarend (Prd 12:1; Tt 2:4–6). By die jongmens ontbreek soms die vertroue om vir die Here te werk (Jer 1:6). Hulle het dikwels 'n valse of misplaaste vertroue (Spr 20:29). Hulle is dikwels vol entoesiasme en neem standpunt in wat as voorbeeld vir ander kan dien soos ons by Daniël en sy vriende leer.

(e) Konklusie

Hierdie, en daar is vele meer eienskappe, vra dat daar spesifieke aandag aan die jeug geskenk moet word. Dit beteken nie dat hulle buite die gemeentelike bedieningspatroon val nie maar dit vra tog spesifieke aandag. Die grootste aandrang dat die jeug bedien moet word is juis die feit dat hulle deel van die gemeente is en saam met die gemeente bedien moet word. Aanvullend tot en as deel van die gemeentelike bediening kan die jeug dan ook as groep bedien word (soos bv. in die geval van bejaardesorg of susterswerksaamhede reeds in die meeste gemeentes gedoen word). 'n Geleentheid om die jeug rondom hulle eiesoortige ontwikkelingsprobleme te ontmoet kan die hele gemeente tot seën wees. Die werk wat Sondag tydens die verbondsonderrig aangebied word, is reeds so 'n geleentheid. Terwyl dit egter hier om die teorie gaan moet die praktyk by verdere geleenthede aandag kry. Dit is uiters noodsaaklik dat die inhoud van programme vir die verbondsjeugaksies doelgerig sal aansluit by die verbondsonderrig, en nie los daarvan sal staan nie.

4. SPESIFIEKE BELANGEGROEPE

Die fisiese-, verstandelike-, emosionele- en godsdienstige kenmerke van die jeug is eiesoortig. Hier word net baie kortliks daarna verwys:

★ In die junior primêre fase moet die kind geleer word om God as ongesiene Gees te bely, en nie as fisiese identiteit met menslike beperkinge nie. Omdat die kind in hierdie leeftydfase graag naboots en met voorgangers identifiseer, moet die regte voorbeelde voorgehou en gestel word;

★ In die senior primêre fase benader kinders godsdiens meer logies, maar is nog materialisties ingestel. God word gesien as iemand wat wraak oefen en selfs inkonsekwent kan optree. Die kind dink konkreet en kan nog nie werklik abstraheer nie. Hy bid egosentries. In die programbeplanning moet voortdurend korrektief ten opsigte van gemelde sake te werk gegaan word.

★ In die sekondêre fase begin die kind al hoe minder konkreet dink. Hy heg groot waarde aan die leerstellinge. Gebede begin onbaatsugtig word. Skuld word bely. Hy wil godsdiens beleef en uitleef. 'n Kritiese ingesteldheid by die tiener is dikwels 'n verskuilde soeke na waarheid. Gevoelskommelinge en twyfel kan voorkom. Die kind van standerd sewe tot tien is in die tyd van godsdienstige beslissing en standpuntinname.

★ Die verbondsjeug na aflegging van belydenis van geloof (tersiêre fase) beleef veral 'n tyd van intense veranderinge. Liggaamlike veranderinge bereik wasdom en moet aangespreek word deur doelgerigte leiding.

Psigiese veranderings lei soms tot grootskaalse emosionele skommelings. Die verhoogde begeerte na selfstandigheid gee dikwels aanleiding tot botsings. Losmaking van 'n bekende leefwêreld word gevolg deur blootstelling aan verskillende nuwe invloedsfere. Kulturele invloede deur veral die portuurgroep, massamedia en belydenis – asook volksvreemde opvoedingsinstansies speel 'n groot rol. Intellektuele verandering vereis logiese en informatiewe begeleiding. Omdat hy dikwels self sy geloofsbasis wil verower en maklik krities staan teenoor sy eie kerkverband, word hy maklik die prooi van proselietmakery deur sektariese groepe. Daarom is dit so noodsaaklik om ook hierdie portuurgroep sinvol in te skakel by kerklike jeugaksies en werksaamhede.

5. ARBEID ONDER DIE JEUG BINNE DIE PLAASLIKE KERK

(a) Doel

Die doel bly steeds die verheerliking van God (en nie menslike behoeftes nie). Ter bereiking van hierdie breë doelwit in en deur ons verbondsjeug sou ons kon sê die doelwit van jeugwerk binne die plaaslike kerk is: die werk van God deur sy ampte in die begeleiding van die jeug, tot die kennis en uitlewing (leer en bely) van God se verbondsliefde.

Wanneer hierdie doelwit bereik is sal hy as geestelik volwasse lidmaat van die plaaslike kerk sy verantwoordelikhede as belydende lidmaat besef en uitleef tot eer van God. Ook op al die werksakkers van die samelewing moet hul begelei word om hulle Godgegewe roeping in die lig van sy Woord tot sy eer te kan uitlewe.

(b) Teikengroep

Die teikengroep is eksklusief sowel as inklusief. Die eksklusiewe teikengroep is die Afrikaanse Protestantse Kerk se verbondsjeug. Dikwels is daar egter ook 'n inklusiewe teikengroep deurdat kinders en/of jongmense van ander kerkverbande ook die AP kerke se verbondsjeugaksies bywoon. Ook ten opsigte van jeugpastoraat beleef leraars dikwels, vanweë streng en duidelike standpuntinname, dat jongmense uit ander kerkverbande om leiding aankloop. Die doelstelling met jeugwerk bly egter altyd op die eksklusiewe teikengroep gerig en bly dus 'n kerklike bediening van die AP Kerk.

Hierdie eksklusiewe teikengroep kan opgedeel word sodat elke belangegroep (soos in afdeling 4 hierbo uitgelig) se eiesoortige fisiese-, verstandelike-, emosionele- en godsdienstige kenmerke aangespreek sal word. As praktiese toepassing en uitlewing van die verbondsonderrig kan die verbondsjeugaksies verdeel word in 'n junior- en senior- (KO 1996, bepaling 44A) asook in 'n belydende verbondsjeugaksie.

(c) Jeugbediening as gesins-, gemeente en groepsbediening

Die jeug is 'n onvervreembare deel van die plaaslike kerk en daarom is jeugwerk 'n spesifieke handeling van die Here deur sy ampte aan 'n spesifieke gedeelte van die plaaslike kerk se verbondsjeug.

Artikel 45 van die Kerkorde (1996) bepaal: *Die bedienaar(s) van die Woord, ouderlinge en diakens sal deur gereelde en getroue huisbesoek die lidmate van die gemeente versorg ooreenkomstig hulle onderskeie opdragte soos in die Kerkorde bepaal.*

'n Groot persentasie (ongeveer 40% in 1996) van hierdie lidmate wat versorg moet word is jongmense.

- In sy pastoraat moet die besondere ampte dus spesifiek ook aandag gee aan hierdie deel van sy gemeente sodat hulle tot verantwoordelike lidmaatskap van die kerk begelei kan word.
- In sy prediking kan die jeug nie geïgnoreer word nie. Daar mag egter nooit 'n skeiding in die verbondsgemeenskap gemaak word deur aparte eredienste vir kinders te hou nie.
- Deur verbondsjeugaksies wat ordelik funksioneer kan die plaaslike kerkraad vir sy jeug die ruimte skep waarbinne hul op 'n praktiese wyse die teorie van die verbondsonderrig kan toepas en uitleef.
- Tydens huisbesoek moet die jeug ook besoek word en aandag kry.
- Ouers moet begelei word sodat hulle hul kinders kan voorlewe en begelei.
- Wyke moet die jeug raaksien en benut en inskakel in hulle werksaamhede binne die gemeente.

Die Kerkorde bepaal ook *die dooplidmate van die gemeente ... moet onder toesig van die ouderlingeraad in die Woord van God en die leer en geskiedenis van die kerk onderrig word met die oog op die aflegging van belydenis van geloof, waardeur hulle tot volle lidmaatskap van die gemeente toetree ... met al die regte en verantwoordelikhede daaraan verbonde* (KO. 1996, art. 44).

Die ouderlingeraad is dus die liggaam wat toesig hou oor die ordelike en doelgerigte funksionering van jeugwerk binne die plaaslike kerk. Omdat jeugwerk toegespitse gemeentebediening is mag dit nooit los van hierdie ordelike gemeentestruktuur bestaan of funksioneer nie. Die ouderlingeraad mag ook 'n kommissie aanwys (Ordereël 27) wat leiding gee en toesig hou. Hierdie kommissie is verantwoordelik aan die ouderlingeraad.

Leraars en kerkrade moet, te midde van die geweldig gekonsentreerde aanslag op die jeug, die jeug binne gemeenteverband raaksien en met opregte liefde saam met die jongmens sy probleme in die oë kyk.

Die jongmense moet weer leer, ook deur die praktiese uitlewing in die jeugaksie, dat die gereformeerde of Calvinistiese leer en belydenis beteken dat alle lewensterreine tot eer van God hervorm moet word, met geen neutrale gebied waar die Christelike beginsels nie geld nie. Hul moet ook prakties leer dat hierdie suiwere leer in die huidige krisis die duidelikste antwoord bied.

BYLAE KVO2

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKVERBAND SE STANDPUNT OOR DIE ONDERWYS – 'N CHRISTELIK-PRINSIPIËLE VERANTWOORDING

1. INLEIDING: TAAKSTELLENDE BEGRENSING

Dis die prinsipiële reg en plig van die kerk as instituut om 'n duidelike standpunt oor die onderwys, waarby al ons lidmate buitendien betrokke is, te formuleer. Die kerk het 'n onontwykbare roeping om oor so 'n belangrike werksakker in die koninkryk van God sy Christelike getuienis te lewer. Dit kan wel nie 'n gedetailleerde onderwysbeleid behels nie, omdat die kerk sy eie roepingsgebied in so 'n geval sal oorskry.

Die kerk is nie ingestel op opvoedkundige beroepskundigheid nie. Aangesien die hele onderwysstruktuur egter as 'n eenheid funksioneer, of moet funksioneer, kan die kerk wel oor alle aspekte wat die religieuse koers en inhoud daarvan betref positiewe ondersteunende kommentaar of kritiese insette lewer. Dit geld vir onderwys vanaf die informele tot op die tersiêre vlak.

Dis daarom noodsaaklik ter wille van korrekte perspektief om die grense van die kerk se bevoegdheid hieroor uit te stippel en tegelyk aan te toon dat die vervlegting en wisselwerking tussen die kerk en die nie-kerklike samelewingsverbande noodsaaklik en onvermydelik is. Beide die begrensing enersyds en die vervlegting andersyds van die samelewingstruktuure is gegee in die Christelike beskawingsmondige kultuurontplooiing onder die voorsienige bestel van God. Ons maak hier ook uiteraard gebruik van die Christelik-wetenskaplike besinning hieroor, soos tot op datum gelewer. Dit word vervolgens saaklik nader toegelig.

2. DIE KERK SE EIE TIPIESE BEGRENSENDE ROEPINGS- EN WERKSGEBIED

Die samelewingsverbande waarbinne en waarmee die mens tot eer van God in gehoorsaamheid aan sy Woord en Wet 'n roeping moet vervul, het binne die skeppingsorde elk 'n eie struktuur (bouvorm) en selfstandigheid, ook genoem 'n vryheid in eie bevoegdheid, of soewereiniteit in eie kring. As hierdie beginsel in die lewe van die kerk gehoorsaam word sal baie van die pragmatiese grensoorskrydings op die gebied van die nie-kerklike samelewingsverbande soos dit telkens voorkom, vermy word. Die amptelike bediening van die Woord is net aan die kerk toevertrou. Dit lei tot die belydenis en uitlewing van die geloof.

3. DIE KERK IN VERVLEGTING EN WISSELWERKING IN DIE SAMELEWING – DIE PROFETIESE GETUIENIS

Omdat God die menslike lewe as 'n eenheid geskape het, is daar in 'n normale Christelike samelewing tussen kerk en die ander samelewingstrukture vervlegting, interafhanklikheid, voortdurende wisselwerking en positiewe wedersydse ondersteuning. Hier kan ons as voorbeelde noem die intieme verband tussen huwelik en gesin, tussen gesin en kerk, tussen gesin en skool. Onvermydelike raakpunte bestaan byvoorbeeld tussen gesin, skool, beheerliggame van die skool en die owerheid.

Dit is juis die tipiese kerklike roeping en taak in hierdie wisselwerking om met die swaard van die Woord en as getroue getuie te alle tye profetiese getuienis te lewer vir 'n uitgesproke Christelike onderwysbeleid, omdat God as Soewerein ook die onderwys onvoorwaardelik opeis om sy Naam groot te maak.

4. BEGINSELGRONDSLAG VAN DIE KERK OOR ONDERWYSBELEID

4.1 Kontinuïteit verantwoord

Kerklike toetrede tot die stryd om Christelike onderwys is nie iets nuuts nie. In 'n noodsituasie mag die kerk selfs gedwing word om sy kerkskole op te rig ten einde sy lidmate in staat te stel om hul doopgelofte na te kom.

Dit dring en dwing die Bybelgehoorsame kerke en nie-kerklike Christelike organisasies om in nouer bondgenootskap en wisselwerking, sonder om te versmelt, die stryd vir Christelik-volkseie onderwys te intensiveer.

In die eenheid van die geloof en die belydenis vanuit die hartsoortuiging (Spreuke 4:23) onder die leiding en verligting van die Heilige Gees is die volgende grondwaarhede se normatiewe betekenis vir die onderwys steeds ononderhandelbaar.

4.2 Die finale en onfeilbare gesag van Gods Woord

Ons aanvaar onvoorwaardelik God se geïnspireerde Woord as betroubaar en waaragtig in sy

geheel en al sy dele as normatief vir alle menslike handelinge. Die gesag van die Woord is absoluut en die bevrydende lig daarvan val sirkelvormig oor alle lewensgebiede, met name ook op die opvoeding en onderwys. Deur die Woord proklameer God sy absolute gesag oor alles en almal en eis aanvaarding en onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Daarom behels dit die uiterste rebellie en verwaandheid om die onderwys en wetenskap as *neutraal* te beskou. Die sogenaamde neutraliteit in die wetenskap is 'n fiksie en soos 'n bril sonder glase waarvan die raam weg is.

4.3 Die absolute gesag van God Drie-enig volgens sy Woord oor alles en almal

4.3.1 God as Skepper

Alles en almal is onder sy gesag en die ganse skepping is sy eiendom. Al die geskape dinge wys na Hom soos 'n gespanne kompasnaald. God proklameer dit in sy onfeilbare Woord en eis ALLE menslike arbeid op alle lewensakkers vir sy eer op, lewenswyd. Dit beteken dat daar geen menslike handeling is wat neutraal is nie, met name ook nie die onderwys nie. Juis ook vir die onderwys en die wetenskap geld voluit die eerste drie bedes van die Onse Vader, konkreet in die toepassing daarvan.

4.3.2 God as Verlosser in Jesus Christus

Jesus Christus is die Hoof van sy kerk en kosmos (heelal). Sy versoening geld nie net in enger saligmakende sin vir saligheid van die mense se sieleheil nie, maar vir die ganse skepping. Vergelyk hier onder andere Kol 1:15–20 en Ef 1:10.

In beginsel en praktyk is sy versoening herskeppend en heradelend juis ook vir alle menslike werksopdragte, met name die onderwys. Om Jesus Christus as Koning te erken beteken om onder andere die onderwys volgens Bybelse perspektief te hervorm. Dit beteken dat Christelike onderwyswerk, net soos kerklike werksaamhede juis ook koninkrykswerk is in sy diens en tot sy verheerliking.

4.3.3 Die leiding van die Heilige Gees

Wat is Pinkster in die onderwys?

Die Bybel leer dat alle menslike arbeid wat tot Gods eer sal gedy, algeheel afhanklik is van die Heilige Gees. Die Bybel leer dat dit die Heilige Gees is wat aan vakmanne wat bou, boere wat ploeg en saai, helde wat veg, kortom aan alle arbeiders op alle lewensterreine, die wysheid skenk om dit goed en reg te doen.

Dit beteken dat alle ouers en onderwysleiers diep afhanklik is van die genadige leiding van die Heilige Gees vanaf tegniese vakmetodiek tot by die onderrig byvoorbeeld van geskiedenis, Bybelkunde en wiskunde. Dis die ontsluitende werking van die Heilige Gees wat verdiep en verbreed ten opsigte van Christelike beginselinsig en meerdere vakkennis.

Dit is wat Pinkster beteken in die onderwys en opvoeding vir 365 dae van die jaar.

4.4 Die genadeverbond in Jesus Christus

Die wyse waarmee God uit soewereine genade sy uitverkorenes verlof gee om Hom te dien en te eer, geskied binne die ruimte van die genadeverbond. Hiermee het God ons as ryklik begenadigdes verbind tot dure verpligtinge in verbondsgehoorsaamheid op alle lewensterreine – niks uitgesonderd nie. Sy alles dekkende wet moet uit liefde in dankbaarheid gehoorsaam word. Dit sluit vanselfsprekend ook die opvoeding en onderwys in al sy geledinge in.

Vanuit die sentrale liefdesgebod (Dt 6:1–9 en Mt 22:34–40) is dit primêr die verbondsouers (bygestaan deur die kerk) wat deur die Here in sy Woord verantwoordelik vir die Christelike opvoeding van die verbondskinders gemaak word. Die kerk as verbondsgetuie het die roeping om toe te sien dat die Christelike lewensruimte vir die nakoming van die verbondsgelofte (by die doop) gewaarborg en uitgebou word. Die doopgelofte het dus sy verlengstuk in verdere Christelike opvoeding en onderwys onder toesig van die verbondsouer. Dit is as gelowige antwoord op die onverdiende verbondsgenade deel van ons danksegging en heiligmaking, in alle lewensuitgange, as lewenswyse. Vergelyk Spr 1:7; Ps 66:11; 1 Kor 10:31 en Ef 6:1–4. Dit vind ook duidelike weerklank in die inhoud van ons Psalms en Gesange.

4.5 Die volkseie kultuurstempel van onderwys en opvoeding

Die volkseie sfeer en kultuurgerigtheid van goeie opvoeding en onderwys is 'n vereiste wat deur talle kultuur- en opvoedkundige leiers ook in die moderne tyd, as ononderhandelbaar beskou word (vergelyk ook referatebundel van Volkskongres oor Onderwys, 1982 te UOVS onder die titel *Onderwys vir die Toekoms*).

Ook die volk en die volkseie staan onder die gesag en die tug van die Woord. Daar bestaan ook humanistiese volksywer en volkstate. Die sonde voor God in 'n volk se bestaan moet veroötmoedigend bely en reformerend uitgesuiwer word.

Die Calvinistiese geestestroming is die mees konsekwente Protestantse weergawe van die Christelike belydenis.

Die voorreg van 'n volk op sy eie vryheid, selfstandigheid en identiteit is vanuit Bybelse perspektief reeds deeglik verantwoord, wat ook bevestig word deur ander vakdissiplines. Die Christelik-verantwoorde volks- en vaderlandsliefde is 'n integrale deel van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing en moet dus ook 'n normale en integrale deel wees van die geestelike gerigtheid in ons opvoeding en onderwys. Dit geld nie net vir vakke soos geskiedenis en taalonderrig nie, maar ten opsigte van alle vakdissiplines. Ons is geroepe tot Christelike verset teen die liberalistiese aftakeling van die Christelike volkseie en die geestelike verarming wat dit by die jeug tot gevolg het.

5. BELANGRIKE RIGLYNE WAT DIE WEG VIR ONDERWYSHERVORMING ONTSLUIT

In aansluiting by die voorafgaande is die volgende stellings van besondere belang:

5.1 Teenoor die gewaande neutraliteit in die onderwys en wetenskap moet gestel word dat daar 'n direkte verband is tussen religieuse, lewens- en wêreldbeskoulike oortuiging en die beoefening van die wetenskap en dit geld vir alle vakgebiede.

Dit word bevestig deur resente publikasies van die RGN en die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys oor navorsing onlangs aan verskeie universiteite gedoen.

5.2 Die wetenskap op Christelike grondslag bestaan *de facto*, maar daar moet net lewensruimte geskep word dat dit in 'n onderwyssisteem aangebied kan word. Dit geld vir alle dissiplines in die wetenskap. Dit moet in die kurrikulering terugwerkend deurgevoer word vanaf die tersiêre na die sekondêre en primêre onderwysvlak.

5.3 Christelike wetenskapsbeoefening en onderwys op alle leervlakke behels nie die bibliSistiese teksverwysings met humanistiese vakinhoud nie. Dit behels ook nie verkerkliking of verteologisering van die onderwys volgens die Roomse skolastiese denkpatroon nie. Dit beteken die interne Christelike reformasie van elke vakgebied volgens die aard daarvan vanuit die penwortel en die stam. Christelike wetenskap is juis meer omdat dit die kennissleutels soos in God se Woord gegee, aanvaar en verwerk.

5.4 'n Onderwysinrigting is integraal Christelik eers as die vakaanbieding op Christelike-wetenskaplike-grondslag geskied. Daarmee word nie ontken dat die inrigting in al die binnemuurse en buitemuurse aktiwiteite buite die klas- of lesingkamer die Christelike lewenstyl moet handhaaf nie.

Bogenoemde behels dat die opleiding van die onderwysers en dosente op tersiêre vlak van kardinale belang is. Die humanistiese wetenskapsiening mag nie die toon aangee nie.

5.5 Die ouers mag kragtens Bybelse opdrag en hul doopgelofte Christelike onderwys vir hul kinders opeis. Die staat mag ouers die voorreg tot Christelike onderwys nie ontneem nie.

5.6 Vir dinamiese reformasie van die onderwys is dit nodig dat die kerk se lidmate self aktief sal optree binne die konteks van die amp van die gelowige.

5.7 Die kerk moet sy profetiese getuienis wat betref Christelik-Volkseie onderwys, helder laat deurklink via die prediking en ander toepaslike kanale op gemeentelike, rings- en sinodale vlak. Ons lidmate moet op lewens- en wêreldbeskoulike vlak meer geestelik weerbaar gemaak word wat die Calvinistiese siening betref. Dit sluit uiteraard in die meerdere kennis van die Drie Formuliere van Enigheid.

BYLAE KVO3

KOMMENTAAR OP ONDERWYSWETGEWING IN SUID-AFRIKA

A. KONSEP-WETSONTWERP VAN 1996

Die Kommissie het 'n opdrag ontvang om u te bedien met 'n reaksie op die Konsep-onderwyswet van September 1996. Dit sou egter 'n vermorsing van tyd en geld gewees het, aangesien politici ons gewaarsku het dat die ANC Regering hom nie by sy eie konsep-wetgewing gaan hou nie. Die konsep-wetgewing was slegs 'n politieke aksie om ander partye so ver as moontlik vooraf te beïnvloed (of te dryf) en d.m.v. die *konsensus*-tegniek die grenspale van opponente te verskuif, voordat die verdere *aanpassings* tydens die diening van die wet in die parlement self gedoen is. Toe is alle "konsensus" vergete en is lede van die ANC toegelaat om hulle eie party se wetgewing na willekeur te amendeer. (Iets wat slegs ontevrede opposisie-partye in die verlede toegelaat was om te probeer doen. Regeringspartye in die Westminster tradisie het nog nooit hul eie konsep-wetgewing nie ondersteun nie!!) As

gevolg van die nuwe Afrika benadering was die konsep-wetgewing nie die papier werd waarop dit geskryf was nie. Die party wie se konsepwet dit was, het self nie die *konsensus-produk* aanvaar of verdedig nie, maar na willekeur eie veranderinge deur blote meerderheidstem (tydens die diening in die parlement) laat aanbring.

B. DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET (JANUARIE 1997)

Die Sub-kommissie vir Onderwys lewer die volgende kommentaar op die finale *Suid-Afrikaanse Skolewet* wat op 1 Januarie 1997 in werking getree het.

1. VERPLIGTE SKOOLBYWONING

Die nuwe wet bepaal in art. 3 (1) dat skoolplig geld vanaf 7 jaar tot 15 jaar of gr. 9 (st. 7). Kinders wat buite hierdie ouderdomsgroep val kan dus privaat deur ouers onderrig word OF: SONDER REGERINGSTOESTEMMING, IN TUISSKOLE GROEPEER.

2. OPENBARE SKOLE

Die wet maak formeel 'n *einde aan eie skole* vir bepaalde volksgroepe. Volgens die wet self is dit bedoel om *voorsiening te maak vir 'n eenvormige stelsel vir die organisering, bestuur en finansiering van skole*. Dit is ironies dat die eie behoeftes van kultuur- en godsdiensgroepe tans in Brittanje en die VSA, met die sogenaamde *Charter Schools*, al hoe meer erken, toegelaat en uitgebrei word.

★ Art. 5 (3) beveel: *Geen leerder mag toelating tot 'n openbare skool geweier word nie op grond daarvan dat sy of haar ouers:*

(a) nie in staat is of versuim het om skoolgeld soos deur die beheerliggaam kragtens art. 39, bepaal, te betaal;

(b) nie die missie-stelling van die skool onderskryf nie.

★ Terwyl art. 5 (9) sê: *Enige leerder of ouer van 'n leerder wat toelating tot 'n openbare skool geweier is, kan teen die beslissing appèl by die LUR ('n politikus) aanteken.*

★ Art. 6 (3) bepaal: *Geen vorm van rassediskriminasie mag in die uitvoering van die keuse van 'n onderrigtaal plaasvind nie.* Geen skool mag dus die leerling se taalvaardigheid bepaal nie en Afrikaanse skole moet dus altyd swart nie-Afrikaanssprekendes toelaat. (Sodat hulle by mislukking van studie, met taaleise en demonstrasies kan kom, soos die praktyk o.a. te Vryburg uitgewys het.)

Die wet het wel in werking getree maar die *minister en LUR'e* moet nog regulasies opstel; norme en standaarde bepaal en riglyne neerlê vir 'n toelatingsbeleid by skole; taalbeleid; finansiering; tug en dissipline; vrystelling van skoolgeld; kriteria vir die betaling van skoolgelde; ouderdomsvereistes en dies meer. Die status quo sal dus nog vir 'n tyd geld.

Riglyne vir finansiering in die wet self ontbreek en word aan die willekeur van die minister en LUR'e oorgelaat.

Vir die skyn is *demokratiese* besluitnemingsbevoegdhede aan die beheerliggame van skole oor verskeie aangeleenthede verleen. Die bevoegdhede word egter ooreenstemmend met bekende kommunistiese eenparty diktatuurstelsels onderhewig gemaak aan nasionale en provinsiale politieke wetgewing en politici soos ministers en LUR'e. Met ander woorde skoolbeheerrade kan besluit soos hulle *demokraties* wil – *solank die wil van die minister en politieke LUR'e uitgevoer word*. Die bevoegdhede is dus 'n rookskerm en niksseggend. Lg. geld byvoorbeeld ten opsigte van toelating en taalbeleid.

Die handhawing van eie standaarde by 'n skool word ook deur die toelatingsbeginsels in die wet tot niet gemaak. Art. 5 (2) bepaal: *Die beheerliggaam van 'n openbare skool mag nie enige toets wat verband hou met die toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool, toepas of die prinsipaal van die skool of enige ander persoon opdrag gee of magtig om sodanige toets toe te pas nie.* Geen leerling wat van elders arriveer mag dus deur 'n skool vir 'n standerd evalueer word nie. Enige skool se uitslae moet dus sonder evaluasie aanvaar word.

3. ONAFHANKLIKE SKOLE

★ Art. 46 (1) lees: *Geen persoon kan 'n onafhanklike skool stig of onderhou nie tensy dit deur die Departementshoof geregistreer is.* (Lg. is die polities aangestelde Adjunk Direkteur-Generaal vir onderwys.) Lees hiermee saam art. 46 (2) wat bepaal dat die LUK ('n politikus) alleen riglyne vir toelating van onafhanklike skole opstel.

Lees ook saam art. 46 (3) (b):

'n Departementshoof moet 'n onafhanklike skool registreer indien hy of sy oortuig is dat die skool se toelatingsbeleid nie op grond van ras diskrimineer nie. Waar 'n volk normaalweg uit een ras bestaan (soos in geval van die Afrikanervolk) kan 'n vyandige politikus dus onder die dekmantel van anti-rassisme 'n volk sy eie skole weier.

Die voortbestaan van alle Afrikaanse skole word dus aan die grille van die regerende party onderwerp. Alles rondom die onafhanklike skole en onderrig, taal en kultuur (eintlik die hele onderwysbeleid) is in die hande van politici en nie in die hande van die onderwysprofessie of provinsiale parlemente (soos in die verlede) nie.

4. PROVINSIALE RIGTINGWYSERS

Provinsies moet nog op hierdie wet reageer in hulle eie wetgewing. Die Noordwes provinsie het alreeds reageer met 'n konsep witskrif. Gauteng provinsie het reageer met 'n konsepwet.

Dit kan verwag word dat provinsies ook die *herverdeling* van *Afrikaner staatskole*, wat met groot opofferings en werkywer van Afrikanerouers opgebou is, gaan eis. Die Noordwes provinsie stel in sy *Draft White Paper on Broad Policy Guidelines for the Department of Education...* die volgende korttermyn doelwit:

★ *The best quality facilities and resources are found in the state-aided schools of the former House of Assembly (Volksraad). These facilities and resources include educational equipment, libraries, laboratories and sports facilities as well as the high concentration of skilled and experienced human resources at management level, on the governing body and teachers. Creative programmes can be introduced in order tot work towards greater equity and resource sharing. Such programmes may include ..... new circuits which cut across the former racial residential boundaries ..... (forced) twinning of schools, which involves (forced) teacher exchanges, ... joint extra-curricular activities ....* (bl. 12)

Dit wil sê 'n skool wat deur ouers se harde werk, belasting en bydraes deur jare opgebou is, kan as 'n tweeling kampus met 'n skool waar alles afgebreek, verbrand en vernietig is, verklaar word. Alles moet dan tussen die skole herverdeel word, ingeslote onderwysers onder 'n nuwe gesamentlike beheerliggaam, op-een-ouer-een-stem beginsel gekies.

Eie Afrikaner staatskole sal ook provinsiaal teengegaan word. Die genoemde konsep Witskrif van die NW provinsie verklaar:

★ *Schools may be required (forced) to become parallel or dual medium ..... Such requirements may be made to prevent a privileged (Afrikaner?) school from using its language of learning and instruction as a mechanism to exclude students not proficient in a certain language. (Afrikaans?) (bl. 19)*

Humanistiese skole word vereis. Die NW provinsie verklaar:

★ *In general, the ethos of schooling should be secular.* (Nie-Christelik) (bl. 20)

BYLAE KVO4

DIE GEESTESRIGTING VAN DIE WETENSKAP IN TERSIÊRE INRIGTINGS

1. DIE ROL VAN TERSIÊRE WETENSKAP IN DIE VOLKSLEWE

Via die tersiêre onderrig word oorwegend al die leiers op alle terreine van die volkslewe akademies en opvoedkundig gevorm, en dit geld van beide die natuur- en die geesteswetenskappe. Dit behels dat die onderrig op universiteite en kolleges 'n belangrike geestelike stempel op die volkslewe afdruk, en die vrugte daarvan is onmiskenbaar te sien, in positiewe en negatiewe sin. Sedert die stigting in 1949 het die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys pertinente en kontinue aandag geskenk aan hierdie aangeleentheid – juis vanweë die strategiese betekenis daarvan. Vgl. in hierdie verband VCHO se publikasies *Roeping en Riglyne* en *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*. Die VCHO het talle insette gelewer by die owerheid en universiteitsrade om die Christelike wetenskap se lewensruimte te verruim.

2. DIE BEOEFENING VAN DIE WETENSKAP DEUR MENSE IS RELIGIEUS GERIG EN GESTEMPEL

Dit word vandag ook deur nie-Christelike wetenskaplikes erken dat geen vakwetenskap *neutraal* beoefen kan word nie. Talle stewige publikasiewerke in dier voege is in die resente tyd gelewer en wel van Christelike en nie-Christelike akademiese kant. Dit is vandag eintlik oudmodies om van suiwer *neutrale wetenskap* te praat. Die akademici (natuur- en geesteswetenskappe) wat wel voorgee dat hulle wetenskappe neutraal beoefen, verkeer onder 'n ernstige misverstand. Dis die méns met sy geestelike toerusting en die religieuse koers vanuit sy hart (gees) wat die wetenskap beoefen.

3. DIE MENS WORD IN AL SY HANDELINGE, LEWENSWYD EN ALTYD, RELIGIEUS GERIG DEUR DIE UITGANGE UIT DIE HART

Niemand kan sinvol, objektief en wetenskaplik oor die mens praat as hy die Godgegewe waarhede van die Woord nie sy uitgangspunt maak nie! Die Bybelse perspektief gee ons 'n onberekenbare voorsprong in die wetenskap teenoor die nie-Christelike akademikus, wat betref die kennis van die mens. Bv. die mens is deur God geskape na sy beeld, hy is uniek geskape as die mandaathouer van God (Gn 1:28, Ps 8); hy is radikaal in sy hart en lewe deur die sonde getref, maar ook vanuit die radikale ingrype van God deur Jesus Christus uit die sondedood gered en herstel tot die lewe deur die kragvolle werking van die Heilige Gees. Dit bemoontlik *Christelike* kultuurwerk w.o. Christelike wetenskap, onderwys en opvoeding.

3.1 Uitgange uit die hart

In die lig van die Woord is dit vir die mens beslissend watter geestesrigting, standpunt, ideologie op sy hart beslag lê. Vgl. bv. Spr 4:23 *Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe,* en Ps 86:11. Vgl. Die Verklarende Bybel in Afrikaans oor Spr 4:23.

Dit beteken prakties dat die wedergebore mens wedergebore deur die Gees van God in staat en *geroepe* is om as akademikus onvoorwaardelik Christelike wetenskap vanuit Bybelse perspektief te beoefen. Dit is Gods proklamasie vanuit die Woord dat deur die wetenskapsbeoefening:

Sy Naam geheilig sal word.
Sy koninkryk sal kom.
Sy wil sal geskied.

4. DIE TEENSTELLING TUSSEN CHRISTELIKE EN HUMANISTIESE WETENSKAP

Die Christelike wetenskap is 'n werklikheid. Dis nie net 'n wens of 'n ideaal nie. Ten opsigte van elke vakwetenskap, ook van die wysbegeerte (afgesien van die teologie) is daar 'n ryke literatuurskat in terme van handboeke en tydskrifartikels wat dit bevestig.

Daarenteen is die humanistiese wetenskap sedert die Griekse oudheid 'n magtige en afbrekende faktor in die mens, veral die Westerse beskawing, se geskiedenis. Die heiden, Aristoteles, se leerstellinge het die fatale skolastiek in die Roomse teologie ingevoer wat tot vandag toe die geestelike trefkrag van hierdie kerk geminimaliseer het. Dit het ook baie geestelike skade berokken binne die Protestantse en met name ook die gereformeerde teologie, asook t.o.v. die ander vakwetenskappe, en die wysbegeerte.

5. AFVALLIGE, HUMANISTIESE WETENSKAP – OOK IN DIE RSA

5.1 Die teenstelling tussen Christelike wetenskap en onderwys is in hierdie sondige bedeling 'n werklikheid wat hom elke dag aan ons opdring met kommerwekkende konsekwensies. Die gevolge daarvan kom na vore op elke akker van die volkslewe. In die sestigerjare het die belangwekkende Van Wyk de Vries kommissie se lywige verslag oor onderwys in die RSA ter tafel gekom wat pertinent bogenoemde stellinge onderskryf.

Adv. Van Wyk de Vries was 'n gereformeerde denker, en onder sy leiding is hierdie twee religieuse pole en speerpunte duidelik uitgestippel.

5.2 In breër akademiese verband het prof. H Dooyeweerd van Nederland in sy driebandige standaardwerk oor die wysbegeerte nog die mees grondige kritiek gelewer oor die *immanensie*-filosofie wat een of ander aspek of saak *binne* die skepping verafgod (bv. die rede of die gevoel of net die eksakte feite). Selfs vanuit humanistiese akademiese kant is die meriete van sy werk onomwonde erken. Hierdie grondige kritiek het ook besondere betekenis en waarskuwingsligte vir ons stryd en werk hier te lande op onderwysgebied. Dit toon ons watter afdraaipaaie vermy moet word, met die oog op die positiewe uitbouing van die Bybelgefundeerde wetenskap.

6. KORTSLUITINGS ONDER EIE GELEDERE

6.1 Inleidend

Ons verwys hier, breed genome, na die gereformeerde belyers in ons land. Die piëtisme en metodisme, in talle variasies en nuanses versmal die gesag van Gods Woord net tot die saligheidsleer (soteriologie) en kan nie begryp wat integrale lewenswye Christelike onderwys en wetenskap in Bybelse perspektief behels nie. Daarvoor moet die lewenswye appèl van die Bybel vir alle lewensterreine op die hart beslag lê. Dis daarom dat bg. denkrigtings asook die Roomse Kerk nooit kan uitkom by die grondige Christelike hervorming van die samelewing en met name die onderwys nie.

Om die krisis en noodsituasie wat betref die religieuse koers en die huidige stand van die tersiêre onderwys te illustreer, volstaan ons met enkele konkrete voorbeelde uit die onderskeie vakgebiede. Wat van tersiêre onderwys gestel word, geld tot die grootste mate ook vir die sekondêre onderwys omdat die onderwysers vir die skole op tersiêre vlak opgelei word. Ons wil beklemtoon dat onderstaande voor-

beelde grondiger en uitvoeriger gestel en gemotiveer sou kon word. Ons het dit egter net elementêr en saaklik gestel, wat nié die geldigheid van die stelling as sodanig verminder nie.

6.2 Vrysinnige Teologie

Die humanistiese wysbegeerte het 'n bepalende rol in die Roomse, maar ook in die Protestantse, w.o. die gereformeerde teologie gespeel. Hiervoor kan ons die kerkverval, veral vanaf die 18de eeu en verder, onder oë neem. Die teologie is nie in die ensiklopedie van die wetenskappe immuun in 'n glaskas nie, en daarom die talle ontsporings. Toe die sinode van Dordrecht in 1618–19 die suiwere verlossingsleer formuleer, was René Descartes (1596–1656) besig met sy rasionalistiese formuleringe wat gelei het tot die verrasionalisering van die 17de en 18de eeu – in sover dit deurgewerk het. In Teologiese skole het die vrysinnigheid posgevat, waaruit geblyk het dat die *hoogleraars* hulle nie meer deur God en sy Woord laat leer het nie, maar in eiewysheid die geloof en geloofsinhoud ondergrawe het. Dit het bv. in die 19de eeu in die Nederlandse Hervormde Kerk sy toppunt bereik. Kinders is in die Kerk bv. gedoop in die naam van landbou, handel en nywerheid. Tans nog bestaan die Kerk uit vyf denkrigtinge, vanaf ultra-vrysinnig tot behoudend-gereformeerd. Die bg. situasie in die 19de eeu het A Kuyper *cum suis* laat oorgaan tot die stigting van die Vrye Universiteit, (Amsterdam) aan die einde van die 19de eeu.

Karl Barth het erken dat hy o.m. beïnvloed is deur die eksistensiefilosofie en dit blyk ook uit sy uitsprake. Hy ontken die moontlikheid van so iets soos 'n Christelike skool of universiteit, of Christelike wetenskap en onderwys. Sy dualisme het baie navolgers in die RSA tot gevolg gehad, selfs professore in die gereformeerde dogmatiek! As al Barth se navolgers hom meer krities gelees het as wat hulle hom bewonder het, sou daar minder predikante in gereformeerd-belydende Afrikaanse Kerke gewees het wat onderhewig is aan teologiese skisofrenie. Hulle ontken Christelike-wetenskap en onderwys en wil so *Gods gesag oor alles* eiewillig inperk, en so loën hulle hul eie Calvinistiese belydenis. Daar moet dan noodwendig in die prediking gevaarlike kortsluitings ontstaan en daarvoor het ons in ons land al duur betaal.

6.3 *Voorbereidende studie vir teologiese opleiding* lewer ook oor bg. saak veelseggende feite. Sekere Afrikaanse Kerke het al 'n peperduur prys betaal omdat hulle voornemende teologiese studente van sg. *neutrale* universiteite in die voorstudie en selfs nagraads, met humanistiese vooroordele vanuit die *vakaanbieding* ingesuur word. Hiervan is daar baie empiriese getuienis. As 'n behoudende professor in gereformeerde dogmatiek stel dat vier jaar se gereformeerde teologie nie daarin slaag om die humanistiese wetenskap uit sommige van die teologiese studente se gedagtes te elimineer nie, bevestig dit die erns van die toestand.

Die ten diepste humanisties-verankerde *teologiese* bevrydingsteologie, waarbinne die neomarxistiese denke Christelik en soms selfs met 'n gereformeerde handelsmerk gespreiverf word, is van bogenoemde problematiek 'n duidelike bevestiging. Ons weet mos van die oorywerige sekondante uit selfs gereformeerd-belydende Afrikaanse Kerke wat voorspraak gemaak het vir die horisontalistiese versoening en bevryding, wat tans insluit die volbloed humanistiese grondwet w.o. ook die menseregte afgod. Hierdie maatskappy teer op die humanistiese kateders. Handboeke en ander pleitbesorgers op akademies-ideologiese vlak het moeisaam en volhardend die voorbereidingswerk gedoen wat gelei het tot die rewolusie en die geestelike krisis waarbinne ons pynlik geknel word. Dit, terwyl die tersiêre onderwys tans juis meer vervorm en gedeformeer word in 'n dominante horisontale humanistiese rigting, met berekende doelwitte.

6.4 Die Opvoedkunde

Tans word dit wat ook genoem word die *fundamentele pedagogiek* sistematies aan ook Afrikaanse universiteite uitgerangeer. Dit was die dissipline wat juis by uitstek die Christelike grondslag van die vak aan die student tuisgebring het – d.w.s. waar dit wel gedoseer is. So word nog meer plek ingeruim vir die *neutrale* en juis ideologiese grondslae van die rasionalistiese en irrasionalistiese humanisme waaronder die fenomenologie en die eksistensie-filosofie, die beginsellose pragmatistiese *Moral Education* en die sosialistiese gedienstigheidsaanpassings, wat standaarde dramaties laat tuimel. Dit laat net 'n opvoedings- en onderwysresultaat wat prinsipieel vir die Bybelgetroue Christenbelyer fundamenteel onaanvaarbaar is.

Daar was nog altyd dosente, o.a. belyers van die gereformeerde geloof, van ook Afrikaanse Kerke, wat weinig of niks van die Christelike wetenskap in hierdie vak tereg laat kom het nie, maar tans het die antitese tussen Christelike geloof en die humanisme in hierdie opsig krisisafmetings aangeneem. Simptomaties daarvan is ook dat Bybelkunde nou gereduseer is tot 'n fenomenologiese studie van al die

heidense godsdienste waarby die Christendom darem ook 'n plek op die gelykwoordige uitstalling vind.

Die anneksasie van die onderwys is een van die gevolge van die liberalistiese filosofie wat uitgedra is vanuit vele universiteite wat die denkmagasyne vir hierdie afval was en is. Winde is gesaai, en nou word stormwinde geoes (Hs 8:7).

Dit, terwyl die protes en waarskuwing van baie ouers en akademici met hulle gereformeerde geloofsbelydenis teen die on-Christelikheid en anti-Christelikheid van die nuwe sisteem net 'n ingehoue fluistering is.

6.5 Die Sielkunde (psigologie)

Die lewens- en wêreldbeskouing van die akademikus en van daaruit die terapeutiese sielsorg en pastorale sielkunde speel hier 'n deurslaggewende rol. Dit is juis 'n strategiese en sensitiewe vak omdat dit met die intieme aspekte van die menslike gedragskunde te doen het. In hierdie strategiese vak met sy baie aktuele toepassingsveld is deur nie-Christelike denkers waardevolle empiriese navorsing gedoen wat tot nut is, maar hulle geestesrigting vanuit die hart bepaal die metode hoe om terapie te beoefen. Die denkstrominge en gestaltes in hierdie vak as denkskole is om en by twintig, afgesien van die Christelike, Bybelsgefundeerde sielkunde. Dit sluit in alles vanaf McDougall se deterministiese behaviorisme tot by die skool wat die godsdiens net sien as psigologiese ontvlugtingsmetode soos bv. die gebruik van 'n kalmeerpil. Hoe kan 'n psigoloog bv. objektief, wetenskaplik oor die mens praat en 'n mens in nood behandel as hy uitstaande feite en waarhede (deur God geopenbaar) oor die mens negeer bv. dat hy deur God geskape is na sy beeld, dat hy bodemdiep in die sonde geval het maar ook deur Gods genade in Jesus Christus deur die werking van die Heilige Gees sy allerbelangrikste lewensterapie kan ontvang? Ken u ook psigoloë en psigiaters wat daarvan net meewarig kennis neem in die gereserveerde gebied van die Kerk en sy dominees? Intussen vorm hulle vanuit die akademie al die mense wat in die praktyk met hierdie vak gaan werk, sonder dat die studente 'n woord verneem van die Christelike antropologie.

Daar bestaan uitstekende standaardwerke oor hierdie vak, geskrywe uit die wortel van die Bybelse perspektief en die Christelike antropologie. Daar is ook enkele dosente in ons land wat in hierdie sin die vak tot sy reg laat kom.

6.6 Die Sosiologie

Daar bestaan inderdaad 'n deeglike en uitgebreide Christelik-wetenskaplike leer van die samelewing en die sosiologie as vak vanuit die grondlyne van Althusius en A Kuyper, aansienlik verbreed en verdiep deur Herman Dooyeweerd, en aangevul deur o.a. JD Dengerink en H van Riessen, benewens baie ander gereformeerde geesgenote. Vgl. ook dr. HJ Smith (red. *Die Boodskapper*) se D Phil proefskrif, asook die meer populêre weergawe daarvan *Sosiologie en die Ryksburger* – uitgegee deur VCHO. Van 'n radikaal Christelik gefundeerde sosiologie en leer van die samelewing kom daar bitter min tereg aan die universiteite. Die persentasie dosente wat dit so doseer is 'n klein persentasie van 'n Gideonsbende, en dit geld van 'n vak wat in ons moderne samelewing groot insette lewer. Dis juis 'n vak met 'n veelvoudigheid van uiteenlopende humanistiese denkskole en wat vanuit eiesinnige en vrysinnige standpunt sy groot bydrae gelewer het om die weg te baan vir die huidige rewolusionêr-humanisties gedikteerde samelewing waarin alle egte reënboogkleure deur die sonsverduistering verbleik en verdwyn het. Sosiologie is juis die vak waarin, in interdissiplinêre samewerking met volkekunde en kultuurkunde, die *VOLK* as samelewingsgegewe vanuit Christelike perspektief belig moet word, en daar is soveel duidelike grondslae en data *juis* ook ter sake vir ons eie volk. Net enkele dosente vanuit gereformeerde en Afrikanervolkseie oortuiging laat reg daaraan geskied, te midde van die *lawine* van anti-rassistiese oplaaiing teen alles wat net vermeld word ten opsigte van Afrikanervolksidentiteit. Van ons eie Afrikaanse akademici, bedoelend juis ook Christene van gereformeerde belydenis, buig oor hierdie kardinale saak en die aktiewe aftakeling daarvan so ver agteroor as hulle kan om te akkommodeer, of gaan sak op die knieë voor afpersers, maar *staan* vir niks wat die Christelik-volkseie wil beskerm nie, laat staan nog uitbou. Hulle vergeet dat hulle in elke saak wat 'n saak van Gods koninkryk is, juis ook, en eerstens, vertikaal verantwoording moet doen voor sy aangesig.

6.7 Staatsleer of Politieke Wetenskap

Soos die Franse Rewolusie, is die Suid-Afrikaanse Rewolusie van die laaste 15 jaar nie 'n produk net van die rewolusionêre *struggle* nie. Laasgenoemde was maar net die praktiese ingreep op die teelaarde wat voorberei is deur die Jean Jacques Rousseaus en die Voltaires van die liberale Engelse universiteite en die baie nalopers en napraters later vanuit die Afrikaanse universiteite. Die denkskole wat

hulle gevorm het en hulle publikasies lewer nou konkrete resultate. Dit is getrou in bepaalde sin en konteks opgevolg deur navolgers uit Engelse en let wel, Afrikaanse Kerke waar eksegeties korrekte Skrifprediking vervang is met motto-prediking waarin versoening, liefde en geregtigheid aangewend is om die Christelik-volkseie te devalueer, 'n rasgemengde samelewing te sanksioneer en rassevermenging aansienlik te vergemaklik.

Die akademici en teoloë wat wel daarteenoor die positiewe teendeel gestel het se rol is sover moontlik uitgeskakel of behendig geneutraliseer.

Selfs die tydige waarskuwings op Christelik-akademiese gronde dat die oorgawe van staatsgesag aan 'n beskawingsonmondige stemmemassa fatale gevolge sou hê, is deur akademici en akademies opgeleide politici minagtend in die wind geslaan, en met woord en daad beveg. Om die huidige politieke chaos in ons land te begryp, moet ons eers vasstel wat in die lesingsale van die indrukwekkende wetenskapstempels as politieke wetenskap aangebied is, waar leiers voorberei is. Daar is nog enkele dosente wat die Christelike staatsleer en vakwetenskap aan studente tuisbring, maar hulle is yl en dun gesaai en by die meeste universiteite totaal afwesig.

Die akademiese publikasies oor die Christelike grondslae en implementering van die staatsleer kan bykans 'n gemiddelde biblioteek vul. Jammer dat die *lewensruimte* en die *deurgee* daarvan ontbreek.

6.8 Regsfilosofie

By verre die *oorgrote meerderheid* regstudente is en word ook aan Engelse en Afrikaanse universiteite opgelei in die humanistiese regsfilosofie. Daar is nog 'n klein minderheidsgroepie Afrikanerdosente aan enkele universiteite wat doseer vanuit die Calvinistiese regsfilosofie. Dit is ook beskrywend van hierdie beklemmende situasie dat daar ook van die Afrikaanssprekende regslui in die afgelope tyd sedert die nuwe humanistiese grondwet voorberei is weinig grondige prinsipiële Christelike kritiek gelewer is. Afgesien van die gebrek aan moed het die geestelike toerusting daartoe ontbreek. Hoe moet hulle die humanisme beveg op Christelike grondslag as hulle nie die toerusting ontvang het nie?

Die sg. Deklarasie van Menseregte getuig van die groot oorwinning van die sosialisties gefundeerde individualisme wat daarin hoogty vier, terwyl oor die regte van 'n volk soos die Boere-Afrikanervolk en ander volke hier te lande nie 'n woord gerep word nie.

Hier en daar is 'n bietjie lapwerk gedoen en 'n paar korrektiewe aangebring sonder om aan die wesentlike filosofie en uitgangspunte iets te verander.

6.9 Geskiedenis

Die radikale geestelike verarming van die nuwe onderwysbedeling blyk uit die uitskakeling van die aanbieding van hierdie vak op akademiese waarheidsgrondslag. Die proses is nou aan die gang om wat nog daarvan oorbly pragmatisties diensbaar te maak aan die ideologiese onderbou van die sosialistiese transformasieproses, en dit radikaal in sover dit ook blyk uit nuwe handboeke wat reeds verskyn het, en die nuwe onderwyswet. Die blanke Westerse beskawingsgeskiedenis word retrospektief verwring om dit teen ons te gebruik as 'n klagstaat met die inkleding van rassisme en onreg. Daar word klinies berekend besluit om die leuen te produseer en te vertroetel. Dis te hope dat hierdie *sielstergende* feit tog 'n klompie meer van ons ouers sal wakkerskok om die verwikkelinge in die staatskole raak te sien. Binne die filosofie van hierdie vak is daar 'n veelheid van humanistiese standpunte vanaf Karl Marx se dialektiese materialisme (via Hegel; tese, antitese, sintese) tot by die huidige New Age beweging se skema vir utopiese spontane self-verlossing – 'n eie verlossingsleer en eie eskatologie.

Aan die positiewe kant kan ons ook meld dat dit juis 'n vak is waaroor daar talle standaardwerke vanuit die Calvinistiese siening geskrywe is. Dan moet ons egter die vorige refrein toevoeg: *Hoe kom dit tot sy reg en waar is die lewensruimte van hierdie vak vanuit ons standpunt?*

Waar word in 'n akademiese geskiedenis gewys op die intieme verband tussen religie en beskawingsontwikkeling en spesifiek op die reformerende invloed van die Calvinisme op die Westerse beskawing waar dit daarmee in aanraking gekom het? Hierdie waarheid geld ook in die besonder van ons eie volksgeskiedenis vanuit die kerkhervorming, via 1652 tot tans.

Die huidige berowing van ons eie volksgeskiedenis op universiteit en skool het nie maar soos 'n aasvoël skielik uit die blou lug vanweë die *struggle* geval nie. Dit is *óók* en oorspronklik *déúr* humanistiese akademici gevisualiseer, voorgestel en gesekondeer.

6.10 Die Natuurwetenskappe

In die eerste basiese handleiding wat vir die vakaanbiedings deur die VCHO gepubliseer word, is ook gemotiveer waarom die natuurwetenskappe nie maar net met *neutrale* eksakte feite, eksperimente en tegniese toepassing te doen het nie.

Die natuurwetenskaplike is ook vanuit die uitgange van die hart 'n religieuse persoon, met 'n lewens- en wêreldbeskouing en dit bepaal ook sy metode en interpretasie van die wetenskaplike feite. In elk van hierdie vakke is dan ook uiteenlopende vakfilosofiese denkskole met belangrike implikasies ten opsigte van die toepassing en benutting daarvan soos reeds duidelik bewys deur Christelike natuurwetenskaplikes *én* nie-Christelike vakmense. Vgl. hier bv. die standaardbydraes via proefskrifte van H van Riessen: *Filosofie en Tegniek* en E Schuurman: *Tegniek en Toekoms* (Nederland).

In die wiskunde is daar bv. drie basiese wysgerige denkrigtings nl. die formalistiese, die intuïsionistiese en die logisistiese. In 'n proefskrif het D Wessels (Unisa) skerp uitgewys dat die aritmetisering van die wiskunde die gevolg is van 'n foutiewe vakfilosofiese benadering om getal en ruimte te verwar. Daar is ook interne vakfilosofiese norme of wette vir die chemie, afgesien van die morele, juridiese en geloofsnorme vir die farmakologie (dwelms, toelaatbare medisynes, gifgasoorlog, lugbesoedeling e.s.m.). Die natuurwetenskaplikes moet altyd onthou dat hulle onder die soewereiniteit van God staan.

6.11 Die biologie as voorbeeld

In hierdie vakgebied is die kernprobleem vir die Christen, die beweerde genetiese ketting van lewende wesens waar daar 'n oorgang is van diersoorte na die mens (evolusionisme). Dan is daar volgens wetenskaplikes *binne* die ewolusieleer vyf verskillende vakfilosofiese denkrigtings wat onderling van mekaar verskil, wat bevestig dat ons nie hier met bewyse te doen het nie, maar met 'n bepaalde geloofskeuse wat betref die voorveronderstellings as die ewolusiehipotese gemotiveer word. Dit beteken nie dat die Christengelowige wetenskaplike ewolusie binne die soorte ontken soos bv. die genetiese opgradering van plante en diere nie. Die probleem is dat die ewolusionisme spekuleer oor die herkoms van die mens. Hierdie ewolusionistiese *geloof*, veronderstelling, kry ruimskoots dekking op die radio en televisie asook in populêre en wetenskaplike tydskrifte.

6.12 Ewolusionisme en die onderwys

Die probleem en die tragiek is dat hierdie onbewese teorie ook in die RSA veral wat die biologie betref, die toneel by verre oorheers. Die dosente en onderwysers wat wil, en wat in staat is om biologie (en plantkunde) vanuit die waarheid van die skepping deur God aan te bied, is 'n klompie enkelinge. Ons spreek hier vanuit die praktiese ondervinding van die VCHO sedert sy ontstaan, want ons het van die begin af die geestelike swaard gekruis met hierdie legendariese teorie wat sy duisende en tienduisende verslaan het. Ons het lidmate in die bediening as evangelisasiegevalle ontmoet wat prontuit verklaar dat hulle op gesag van dosent, ewolusionisme *wetenskaplik* en logies deurgetrek het en nie kan glo dat daar skepping, sondeval en verlossing in Jesus Christus is soos die Bybel en die Kerk leer nie.

Bogenoemde beteken dat die Christelike wetenskap en onderwys verwaarloos is, juis ook deur gereformeerde belyers, en nou moet die kerk die slagoffer van die humanistiese wetenskap onder die geleerdes optel. Die voorkomende aksie het ontbreek! Daar is ook baie lidmate van gereformeerde kerke wat vasgevang is in 'n onversoenlike dualisme in die sin dat hy enersyds gelowige lidmaat wil bly maar in 'n heel ander kompartement *met sy verstand die geló6f in die ewolusionisme bly vashou.*

Dit moet ook gestel word dat die ewolusionisme juis natuurwetenskaplik met *húlle* soort geloof en veronderstellings op dryfsand beweeg. Daar is nie-Christelike natuurwetenskaplikes wat dit verwerp op wetenskaplike gronde maar ook Christelike natuurwetenskaplikes wat juis vanuit natuurwetenskaplike navorsing dit as 'n onbewese hipotese verwerp. Die skade wat hierdie teorie ook in ons vaderland gedoen het, moet ook swaar rus op die gewete van die kerke.

6.13 Die Mediese Etiek

Die Christelik-mediese etiek kom nêrens by 'n mediese fakulteit tot sy reg nie. Gesien die sensitiewe wyse waarop die geneeshere onder kritiese omstandighede met pasiënte *as mense* werk, waaronder talle Christene, moet hulle tog basiese lewens- en wêreldbeskoulike onderrig ontvang oor die Christelike mensbeskouing, en die Christelike sin en betekenis van hulle vakgebied in verantwoordelikheid voor God.

7. HOE VUL ONS DIE GAPENDE LEEMTES?

Ons is gekonfronteer met die volgende kernprobleme:

7.1 Die nie-Christelike wetenskap domineer by verre in byna al die tersiêre inrigtings in die RSA.

7.2 Baie van die dosente is ongelowiges. Andere bely die Christelike geloof kerklik, maar dit en die *neutrale* wetenskapsaanbieding as twee verskillende pole in 'n dualistiese teenstelling beteken dat van Christelike doseerwerk niks tereg kom nie.

Daar is diegene wat opreg is in hulle begeerte om vakke *so Christelik as moontlik* aan te bied maar hulle het nie die toerusting daarvoor ontvang van hulle dosente nie. Daar is egter ook dosente, hoewel yl gesaai, wat hulle vak(ke) aanbied vanuit 'n integrale Christelike benadering.

8. DIE HUIDIGE OWERHEID

8.1 Die owerheid se onderwysbeleid minimaliseer enige lewensruimte in staatsondersteunde inrigtings vir Christelike volkseie onderwys. Dit impliseer iewers 'n breuk of afsnypunt deur elke Christenouer met Christelike integriteit. Hulle sal van die inrigtings moet wegbreek. Hieraan moet toegevoeg word dat die nuwe leerplanne, in sover dit reeds verskyn het, iets uit 'n ander wêreld is. Die voorkoms en inhoud stem ooreen met die van 'n opspraakwekkende riller.

8.2 Bogenoemde beteken ook dat honderdduisende studente wat net binne die bestek van vyf jaar tersiêre onderwys ontvang, prinsipieel onvolledig opgevoed is, dat van die ouers se doopgelofte in *hiérdie* opsig niks tereg kom nie. Dit hou in die geleidelike sekularisasie van die intellektuele deel van die blanke bevolking.

8.3 Die meeste Christen-Afrikaner ouers slaap in die rus van dekades gesus. Daar is mos op die kampus 'n kerk, 'n studenteleraar en die dosente behoort lidmate van kerke te wees en my kind moet net sy graad behaal. By die ouers is nie net onbetrokkenheid in onderwys as sodanig nie, maar juis ook insake die kern oor wat die geestesrigting van die dosente en die vakinhoud is wat aangebied word. Min besef hulle dat die *Christelike* hervorming van die onderwys 'n vanselfsprekende deel is van my gehoorsaamheid aan die Here as deel van my danksegging en heiligmaking.

8.4 Daar was in hierdie eeu in die RSA net twee universitêre inrigtings waar doelbewus gestrewe is om Christelike hoër onderwys ook *inhoudelik* tot sy reg te laat kom, by die een wel heelwat later as by die ander. By enkele onderwyskolleges is vanuit die VCHO se inisiatiewe ook bemoedigende vordering gemaak en gereeld Christelik-wetenskaplike sessies gelewer met toespitsing op bepaalde vakke.

Eerstehandse getuienis is egter dat dit vanweë die huidige owerheid se *transformasie*- en degradasie-inisiatiewe by bg. inrigtings vinnig op die afdraande pad beweeg.

9. POSITIEWE OPTREDE EN HERVORMING

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) is vir die afgelope 48 jaar vanaf 'n klein begin aktief besig met die studie, bekendstelling, uitbouing en bevordering met die oog op die praktiese implementering van Christelike wetenskap en onderwys. Insette is gelewer by die owerheid en universiteitsrade; konferensies is gehou met universiteitsdosente en lewende kontak is gehou met geesgenote in veral Noord-Amerika en Nederland, wat in verskeie opsigte al verder as ons gevorder het met Christelike vakinhoude en kurrikulering. Verskeie akademiese geesgenote is van daardie oorde oorgenooi met die oog op akademiese verryking en kruisbestuiwing. Baie waardevolle literatuur vir hierdie doeleindes is ook van daardie oorde ontvang en aangekoop. Hierdie kontak met buite-instansies moet voortgaan en toeneem. Aan eie publikasies is baie aandag en geld bestee, waarmee vrugbare saaiwerk landwyd gedoen is. Die mondstukke is *Roeping en Riglyne* en *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, lg. geakkrediteer met ook buitelandse lesers. Waardevolle deurlopende getuienis is ook landwyd in 'n groot getal NG gemeentes sedert 1949 gelewer by wyse van beplande besoeke aan 'n bepaalde volledige ringsgebied per naweek. Die prediking word toegespits op Christelike onderwys en opvoeding. Hierdie lewende kontak gaan steeds met groot vrug voort.

Danksy bg. volgehoue arbeid kan die VCHO tans die leemte vul t.o.v. die vakfilosofie en die gereedmaking van die onderskeie vakinhoude, via deskundiges op elke vakgebied en in hierdie opsig is VCHO, BCVO, en ACVHO hegte bondgenote.

9.1 Die J van Wyk de Vries Onderwysverslag

Die verwysing na hierdie verslag is sinvol binne die konteks van die opdrag van hierdie kommissie. Adv. Van Wyk de Vries was as akademikus ook belyer van die gereformeerde geloof. Daarom kan hy in hierdie verslag as regeringsopdrag duidelik die antitese uitlig tussen humanisme en Christendom in die onderwys soos die stand van sake in die sestigerjare was. Die gevolg van hierdie lywige verslag was Wet No. 39 van 1967 soos geamendeer. Hierdie wet (wat tans nog nie amptelik herroep is nie) het die weg oopgemaak vir Christelike onderwys by name. Ongelukkig het daar min van tereggekom by die Protestants-Christelike

volksdoel wat die reformasie van die onderwys betref. Die valse gerustheid te midde van oorwegend humanistiese onderwysinhoud het voortgeduur.

9.2 *The First International Conference of Reformed Institutions* – 1975 te PU vir CHO

Dit was in die volle sin van die woord 'n internasionale gereformeerde onderwyskongres met selfs ook verteenwoordigers van gereformeerde inrigtings uit Japan, Indonesië, Argentinië, Korea en Suid-Frankryk, benewens ander deelnemers uit die Westerse lande. By hierdie geleentheid is kragtige getuienis ten behoewe van Christelike onderwys gelewer in 33 voordragte. Samewerking met begrypende geesgenote buite ons grense spreek vanself.

9.3 1982 Volkskongres oor Onderwys te Bloemfontein, UOVS

Hierdie kongres is vir ons 'n skerp vingerwysing met die oog op die huidige onderwyskrisis in ons tans swaar geteisterde vaderland. Dis bygewoon deur 1600 amptelike afgevaardigdes met 1244 instansies (kerke en organisasies) verteenwoordig, waarvan die kerke 52% uitgemaak het. Die referente was almal belydende lidmate van een van die drie onderskeie Afrikaanse Kerke van toentertyd. Die standaard was hoog. Al die besluite wat geneem is, is feitlik met 'n 80% plus meerderheid goedgekeur, met die veelseggende toevoeging dat dit ononderhandelbaar is.

Die saak van Christelike-volkseie onderwys is met deeglike opvoedkundige fundering en met indringende besprekings van alle kante toegelig. Ongelukkig het van daardie grootse inset met die gloed van *ononderhandelbaarheid* weinig of niks tereg gekom nie.

Die tema van die kongres en so van die referatebundel was en is *Onderwys vir die Toekoms.* Daar is toe nog van die veronderstelling uitgegaan van sg. *eie sake en algemene sake* en dat blanke onderwys beveilig sou wees – so is die volk verseker. Tussen politieke wispelturigheid en die skaakspel tussen waarheid en leuens het dit alles deur die mat geval.

Die helde van Bloemfontein 1982 het gefaal en geval buite die beskermende omgewing van die kongres. Daar was later weinig of geen Christelike verset teen die blanke uitverkopers van ons blanke onderwys nie en die getuienis in die kongressaal het net teen die plafon vasgeslaan en in druk verskyn.

Die *onderwys vir die toekoms* was toe van heel korte duur - net 12 jaar, of het hulle volgens die standpunt in die teologie genoem die *Naherwartung* 'n heel spoedige wederkoms verwag?

Toe in 1996, 1997 e.v. daar meer aktiewe Christelike volksverset teen dit wat nou as onderwys aan ons opgedis word, verwag is, is geswyg, goedgepraat en stelselmatig aangepas – iets wat mens nooit sou vermoed moontlik kon wees nie in die lig van die hooggety van die Bloemfonteinkongres.

CJ Langenhoven het gesê: swaai die vlag en tel die helde; vra vrywilligers en tel die vlag. In bogenoemde duur les het ons t.o.v. die onderwys geleer dat praat en doen 'n integrale eenheid moet wees. Tans is ons in die drukgang van DOEN ingedwing.

Verslag: Finansiële Kommissie

TYDPERK: 10 SEPTEMBER 1995 TOT 15 MEI 1997

1. PERSONEEL

Ds. CF Swart (voorsitter), oudle. BJM Rossouw (ondervoorsitter), WS du Plessis, WP Murray, JF Serfontein, BHA van den Berg, brs. CJ de la Rey (administrateur), CC du Preez, LJ Korkie (rekenmeester) en ds. LD Pienaar (skriba).

2. VERGADERINGS

Agt vergaderings is gehou, nl. op 2 November 1995, 30 Januarie 1996, 20 Maart 1996, 4 Junie 1996, 20 Augustus 1996, 3 November 1996, 30 Januarie 1997, 9 Mei 1997.

Die vergadering om die begroting op te stel, sal DV in Augustus 1997 gehou word.

3. OPDRAGTE VAN SINODE 1995

Die volgende opdragte van die sinode 1995 is behandel:

3.1 **Ondersoek na vergoeding van leraars (Handelinge van sinode 1995, pt. 7.5, bl. 276)**

Die KKS sal hieroor verslag doen.

3.2 **Bedieningsfonds (pt. 11.10.3, bl. 278)**

Die sinode dra dit aan die FK op om in oorleg met die SKK die Bedieningsfonds uit te brei, sodat as hoë prioriteit alle gemeentes pastoraal versorg kan word.

3.2.1 Die FK het hieraan ernstige aandag gegee en uit die oorskot van 1995 is 'n bedrag van R425 000 oorgeplaas na die Bedieningsfonds.

3.2.2 Die aanbeveling hieroor sal in die verslag oor die begroting aan die sinode voorgelê word.

3.3 **Goedkoper mediese skema (pt. 11.12.1.2, bl. 278)**

Die sinode dra dit aan die BRKA en die FK op om die beste moontlikhede vir mediese voordele vir predikante en die personeel van die Sentrale Kerkkantoor te benut.

3.3.1 Die FK het geoordeel dat hierdie saak baie goed en indringend ondersoek moet word. Die ondersoek duur voort en finale besluite is nog nie geneem nie.

3.3.2 Die FK was voortdurend in gesprek met die BRKA hieroor.

3.3.3 **Moontlike uittrede uit mediese skema (voorstel 2, bl. 285)**

3.3.3.1 AANBEVELING

Die sinode besluit dat 'n leraar wat 'n lid van die AP Kerk se mediese skema is, nie uit die skema kan tree nie, aangesien die mediese skema 'n groepskema is waaraan alle permanente werknemers gebonde is om te behoort volgens die skema se reglement.

3.3.4 **Noodsaaklikheid van die mediese skema**

Die FK wil graag die volgende besluit as 'n dringende saak aan die sinode voorlê:

3.3.4.1 AANBEVELING

Die sinode wys kerkrade weereens op die belangrike voordeel dat 'n leraar by die goedgekeurde mediese skema ingeskakel *moet* wees. 'n Kerkraad sal verantwoordelik wees vir groot mediese uitgawes in 'n geval waar die leraar nie aan die goedgekeurde Mediese Skema behoort nie. Die premies van die bepaalde skema, al lyk dit hoog, weeg nie op teen sulke uitgawes nie.

3.4 **Vyfde leerstoel (1.10.2, bl. 279)**

Die sinode besluit om te hou by die 15%-bydraes van die gemeentes, sodat die vyfde leerstoel gouer bekostigbaar word en moontlik in 1996 geïmplementeer kan word na finale raadpleging deur die Kuratorium, FK en BRKA.

3.4.1 Op 20 Maart 1996 het die FK by die BRKA aanbeveel dat die fondse bewillig word om die vyfde dosentepos tot stand te bring, aangesien dit uit die state van 1995 geblyk het dat die finansiële posisie sodanig verbeter het.

3.4.2 AANBEVELING

Die sinode neem kennis van die optrede van die FK nl. dat die fondse bewillig is om die vyfde dosentepos tot stand te bring.

3.5 **AP Kerk Pensioenfonds en AP Kerk Trustfonds**

1. *Die RKA dra aan die BRKA en die FK op om die moontlikheid te ondersoek dat die AP Kerk Pensioenfonds en die AP Kerk Trustfonds saamsmelt. Die sinode besluit ook dat die moontlikheid om diensjare terug te koop, ondersoek moet word (pt. 3.2.1, bl. 284).*
2. *Die RKA gee opdrag aan die BRKA en FK*

om die ondersoek i.v.m. verhoging van pensioenvoordele uit die vergrote AP Kerk Trustfonds voort te sit (pt. 3.2.3, bl. 284).

3. *Die BRKA kry opdrag om vanuit bogenoemde ondersoeke te besluit watter skema die voordeligste vir al die betrokkenes is, en kry volmag om daardie skema waarop besluit word, so gou moontlik te implementeer, maar nie later nie as 1 Januarie 1996* (pt. 3.2.6, bl. 284).

3.5.1 Die FK het voortgegaan met indringende besprekings om die pensioen van afgetrede leraars te verhoog.

3.5.2 Op 30 Januarie 1996 is die finale besluit geneem en aan die BRKA oorgedra.

3.5.3 As gevolg van die tydsverloop van hierdie ondersoeke en verdere administratiewe omstandighede kon die uitbetaling van die verhoogde pensioen eers op 1 Julie 1996 in werking tree, en dus nie op 1 Januarie 1996 soos die sinode besluit het nie.

3.5.4 AANBEVELING

Die sinode keur die volgende besluite van die FK (30 Januarie 1996) goed:

1. **Die AP Kerk Trustfonds word behou en voortgesit, sodat meerdere hulp by wyse van 'n bykomende toelae tot die pensioenuitbetaling aan die betrokke afgetrede leraars gebied kan word.**
2. **Die AP Kerk Trustfonds word drasties uitgebrei deur groter bydraes uit gemeentes sowel as deur 'n bydrae uit die begroting van die sinode, soos reeds goedgekeur.**
3. **Die huidige skaal van bydraes deur kerkrade word behou, met byvoeging van die volgende maandelikse bydraes:**

301–400 lidmate	R70–00
401–500 lidmate	R80–00
500 en meer lidmate	**R90–00.**

4. **Hierdie bydraes sal op 1 April 1996 in werking tree.**
5. **Die FK besluit dat 'n verdere belegging dadelik gemaak word. Om die grootste moontlike opbrengs te verdien, sal hierdie belegging gemaak word deur:**
   - **'n eerste bedrag van R60 000 (uit die begroting);**
   - **'n verdere maandelikse bedrag van R2 000 per maand (uit bydraes van kerkrade);**
   - **'n tweede bedrag van R60 000 op 1 Maart 1997 (uit die begroting).**
6. **Die uitbetaling van alle verhoogde pensioen tree op 1 Julie 1996 in werking.**

3.5.5 **Reglement**

Die Reglement wat die funksionering van die AP Kerk Trustfonds beskryf, word as bylae FK1 by die verslag aangeheg.

3.5.6 **Terugkoop van diensjare (pt. 1 van opdrag)**

Die FK het, na raadpleging van kundiges, besluit dat dit nie betalend is om diensjare terug te koop nie, tensy die werkgewer ook 'n bydrae maak. Die FK oordeel dat so 'n las nie op kerkrade gelê kan word nie.

3.5.7 **Trustees van die AP Kerk Pensioenfonds**

3.5.7.1 In die behandeling van die bogenoemde sake het dit geblyk dat die bestaande besluit i.v.m. die aanwys van Trustees soms onnodig omslagtig is. Indien die volgende aanbeveling goedgekeur word, kan die enkele sake wat die Trustees moet hanteer, op 'n gewone vergadering afgehandel word, sonder ekstra kostes.

3.5.7.2 AANBEVELING

Die sinode besluit dat die Raad van Trustees van die AP Kerk Pensioenfonds bestaan uit:

- **twee werkgewerlede wat op die FK dien;**
- **twee werknemerlede wat op die FK dien;**
- **Die Direkteur van Kerkadministrasie.**

3.6 **Fonds vir onvoorsiene gebeurlikhede (pt. 6, bl. 285)**

1. *Die sinode/RKA dra aan die BRKA en FK op om 'n fonds tot stand te bring waaruit leraars en hulle gesinne finansiële hulp kan ontvang in geval van ernstige probleme as gevolg van ongelukke, ander gebeurlikhede, ens.* (pt. 6.3.1).
2. *Aan die FK word opgedra om die moontlikheid te ondersoek dat voortaan bydraes tot die Fonds ook uit die begroting bewillig word* (pt. 6.3.6).

3.6.1 Die BRKA het die daarstelling van 'n fonds vir onvoorsiene gebeurlikhede en die opstel van 'n reglement daarvoor afgehandel.

3.6.2 Finansiële ondersteuning van die fonds sal weer by die bespreking van die begroting aandag kry.

3.7 **Hulp aan afgetredenes met bydraes tot mediese skema (bl. 285)**

Die volgende voorstel is na die BRKA en FK verwys vir ondersoek:

Die sinode dra dit aan die FK en BRKA op om die 50% ondersteuning vir afgetrede predikante insake mediese bydrae ook van toepassing te maak op die weduwees van afgetrede predikante asook predikante wat afsterf terwyl in die bediening.

3.7.1 Die FK het die saak weer indringend bespreek en besluit om 'n omvattende aanbeveling aan die sinode voor te lê.

3.7.2 AANBEVELING

Hulp aan afgetredenes met bydraes tot mediese skema.

Die sinode besluit:

1. **Die sinode handhaaf die besluit van 1995, nl.:**

   Die sinode besluit dat 50% van die bedrag waarvoor 'n afgetredene verantwoordelik is as premie aan die Kaapse Mediese Plan of enige ander skema waarop besluit mag word, uit die begroting van die BRKA betaal word.

2. Die bedrag wat uit die begroting voorsien word, word omskryf as 50% van die lid se verpligting aan die mediese skema.

3. Hierdie toelae is van toepassing op persone wat op die normale ouderdom, 65 jaar, aftree.

4. Die toelae (soos omskryf in pt. 2) sal ook aan die weduwee van 'n afgetredene en die weduwee van 'n lid wat in diens te sterwe kom, betaal word.

5. By elke sinode word die bogenoemde subsidie heroorweeg.

6. Aan die FK word opgedra om die befondsing van hierdie toelae verder te ondersoek.

3.7.2.1 **Motivering van pt. 6:**

1. Daar moet 'n fonds beskikbaar wees om die toelae te dek.
2. 'n Blote bedrag op begroting is nie voldoende dekking nie.

4. ANDER WERKSAAMHEDE

Alle ander werksaamhede is volgens die lasgewing van die sinode uitgevoer.

4.1 Tarief vir reiskoste

4.1.1 Die tarief vir reiskoste van leraars en vir sinodale werk is voortdurend in behandeling geneem.

4.1.2 Op 2 November 1995 is die tarief op R1-10 per km bepaal vir sinodale werk en by kerkrade aanbeveel, in beide gevalle vir implementering op 1 Desember 1995.

4.1.3 Op 4 Junie 1996 is die tarief op R1-15 per km bepaal vir sinodale werk en by kerkrade aanbeveel vir implementering op 1 Junie 1996.

4.1.4 AANBEVELING

Die sinode keur die optrede van die FK goed, nl. dat die tarief vir reiskoste vanaf 1 Junie 1996 op R1-15 per km gestel word.

4.2 Traktementskale van leraars

4.2.1 Daar is jaarliks aandag aan die traktementskale gegee en aanbevelings is aan kerkrade deurgestuur.

4.2.2 'n Vorige besluit van die sinode het die FK gebind om die traktementskaal steeds in verband te hou met dié van ander Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis. Dit was soms nogal moeilik om gegewens by ander kerke te bekom. Die FK wil nou die volgende aanbeveling aan die sinode voorlê.

4.2.3 AANBEVELING

Die sinode besluit om 'n eie traktementskaal vir leraars op te stel, met inagneming van die salarisse van vergelykbare instansies. Die uitvoering hiervan word aan die FK opgedra, soos in die FK se lasgewing vervat (KO 1996).

4.3 Gemeentes wie se 15%-bydraes en premies vir Pensioenfonds en mediese skema uitstaande is

4.3.1 Die FK het by elke vergadering kennis geneem van etlike kerkrade wat in gebreke bly om hulle 15%-bydraes maandeliks aan die Kerkkantoor te besorg, hoewel die invordering daarvan aan die BRKA opgedra is. Volgens berekening van die rekenmeester beloop dit reeds 'n bedrag van R848 210. Die FK het meer as een aanbeveling aan die BRKA voorgelê om te help om die *probleem* op te los. Die BRKA het die FK versoek om 'n lys van gemeentes wie se bydraes agterstallig is, in sy verslag aan die sinode op te neem, met vermelding waar bevredigende reëlings getref is vir aansuiwering in reaksie op die besluite van 1995.

Die lys van gemeentes wie se bydraes op 11 April 1997 uitstaande was, word aan die end van hierdie verslag verstrek (kyk Bylae FK2). Die FK oordeel dat die sinode hiervan moet kennis neem, aangesien dit daarop neerkom dat gemeentes wat getrou hulle bydraes oorbetaal, ander gemeentes subsidieer – gemeentes wat ook voordeel trek uit die werksaamhede wat befonds word.

4.3.2 Uit hierdie besprekings het telkemale die feite na vore gekom van kerkrade wat weier om hulle finansiële state aan die betrokke ring voor te lê, kassiere wat finansiële boeke nie behoorlik byhou nie, kerkrade wat sonder 'n finansiële kommissie funksioneer, en ander negatiewe omstandighede.

4.3.3 **Die FK het onder andere die volgende besluit geneem:**

Aan die SKK word 'n dringende versoek gerig om in die beplanning van die sinode 'n geleentheid in te ruim waar 'n broederlike bespreking van die afgevaardigdes uit die kerke kan plaasvind rondom die onderwerp: Dissipline in die Afrikaanse Protestantse Kerkverband.

4.3.3.1 **Die FK oordeel dat art. 31 en art. 66 van die Kerkorde 1996 hier van toepassing is:**

Art. 31: *Die besluit van 'n kerkvergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif en/of belydenisskrifte en/of die kerkorde en/of 'n ander sinodebesluit, kan hy appelleer na 'n meerdere vergadering of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.*

Art. 66: *Hierdie Kerkorde is bindend op alle lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beskrywingspunt of 'n beswaarskrif aan 'n sinode.*

4.3.3.2 Die FK is dus van oordeel dat 'n kerkraad wat aanhoudend versuim om sy 15%-bydrae te maak en/of nie hou by die kerkorde en/of besluite van die sinode nie, hom deur so 'n optrede losmaak van die kerkverband.

4.3.4 **Premies wat agterstallig is**

4.3.4.1 Die FK het ook kennis geneem van kerkrade wat nie die premies vir die Pensioenfonds en die Mediese Skema inbetaal nie (kyk Bylae FK3). Tot sover het die rekenmeester sodanige persone se premies uit die sinodale fondse oorbetaal. Die FK oordeel dat dit 'n onbillike praktyk is, aangesien ander kerkrade nou so 'n (ontroue) kerkraad subsidieer.

4.3.4.2 Die FK oordeel dat die sinode opdrag moet gee dat hierdie praktyk dadelik gestaak word.

4.3.4.3 Indien die premies aan hierdie fondse nie betyds elke maand oorbetaal word nie, beteken dit natuurlik dat daardie lid se voordele verval.

4.3.5 AANBEVELINGS

4.3.5.1 Die sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15%-bydraes, daarvoor aanspreeklik bly en die agterstallige bedrae moet vereffen.

4.3.5.2 Die sinode besluit 'n agterstallige gemeente bespreek sy agterstalligheid en die vereffening daarvan voor 31 Desember 1997 met die BRKA.

4.3.5.3 Die sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig opname te maak van elke agterstalligheid en wat i.v.m. terugbetaling met die BRKA gereël is.

4.3.5.4 Die sinode dra dit aan elke ring op om toe te sien dat die reëlings van agterstallige gemeentes rakende agterstallige bydraes met die BRKA nagekom word.

4.3.5.5 Die sinode dra dit aan elke ring op om dringend en gereeld die volgende sake ernstig te hanteer:

4.3.5.5.1 om tydens visitasie aandag te gee aan gemeentes in sy ringsverband wie se 15%-bydraes uitstaande is, volgens die lys wat deur die rekenmeester voorsien word;

4.3.5.5.2 om na te gaan of alle gemeentes in sy ringsverband se oorbetaling aan die Pensioenfonds en die Mediese Fonds op datum is;

4.3.5.5.3 om aan die BRKA hieroor verslag te gee direk na die ringsitting, maar nie later as 31 Mei van die bepaalde jaar nie;

4.3.5.5.4 om van elke kerkraad in sy ringsverband 'n afdruk van die F1-vorms as deel van die finansiële verslag aan te vra.

4.3.5.6 Die sinode wys alle betrokkenes daarop dat dit 'n kerkraad vrystaan om 'n gravamen in te dien indien 'n kerkraad nie met 'n besluit van die sinode, ook i.v.m. bydraes aan die sinode, saamstem nie.

4.3.5.7 Die sinode gee opdrag aan die Afdeling Finansies dat slegs die kerkrade wie se maandelikse bydraes aan die Pensioenfonds en/of die Mediese Skema betyds by die Kerkkantoor inbetaal word, aan die betrokke instansie oorbetaal word.

4.3.5.8 Die sinode bring die volgende sake baie dringend onder aandag van elke kerkraad:

4.3.5.8.1 die kerkraad se finansiële sake moet bedryf word volgens die *riglyne vir finansiële bestuur deur kerkrade* (omsendbrief 4/1993), wat aan elke kerkraad besorg is;

4.3.5.8.2 elke kerkraad moet 'n kommissie aanwys wat die finansiële sake van die gemeente bestudeer, beheer en kontroleer;

4.3.5.8.3 die finansiële boeke van die kerkraad moet jaarliks behoorlik deur 'n eksterne ouditeur geouditeer word, volgens besluite van die sinode. Dit is vir beveiliging van alle betrokkenes;

4.3.5.8.4 elke kerkraad moet sy finansiële state en/of verslag aan die ring voorlê as deel van die ring se visitasietaak;

4.3.5.8.5 die kerkraad moet 'n behoorlike ooreenkoms met sy kassier aangaan, waarin pligte en verantwoordelikhede duidelik aangewys word, ter beskerming van alle partye;

4.3.5.8.6 in so 'n ooreenkoms moet duidelik bepaal word dat die finansiële boeke die kerkraad se eiendom is en dat 'n persoon wat weier om sodanige boeke aan die kerkraad te besorg, wetlik diefstal pleeg;

4.3.5.8.7 kerkrade moet skrywes en omsendbriewe van die Kerkkantoor behoorlik behandel en betyds reageer waar nodig. Versuim om op sulke briewe te reageer, bring bale onnodige uitgawes mee sowel as 'n vermorsing van die personeel se tyd.

4.4 Afskryf van agterstallige gelde

4.4.1 Meer as een versoek is gerig dat die agterstallige gelde van 'n kerkraad om een of ander rede afgeskryf word (o.a. deur AP Kerk Springs – kyk Bylae FK4). Die FK het besluit dat dit nie gedoen kan word nie. Die feit dat sommige kerkrade agterstallig is, bring juis mee dat *ander kerkrade* sodanige kerkrade onbillik subsidieer.

4.4.2 Die FK het geoordeel dat daar wel 'n tegemoetkoming ingevoer moet word om kerkrade aan te spoor om die agterstallige gelde aan te suiwer.

4.4.3 **Ter motivering en na beraadslaging met die BRKA word die volgende aangebied:**

4.4.3.1 Daar is kerkrade wat nie gemotiveer is om hierdie gelde in te betaal nie, aangesien die bedrag sielkundig te groot geword het.

4.4.3.2 Hierdie agterstallige bedrae veroorsaak negatiewe gesindhede.

4.4.3.3 Die rente-verlies aan hierdie agterstallige bedrae sal oor vyf jaar meer wees as die 50% wat afgeskryf word – die kerkverband en die betrokke gemeente sal dus hierby baat.

4.4.3.4 Dit kan daartoe meewerk dat die persentasie van bydraes verlaag kan word.

4.4.3.5 Die afsnydatum word bepaal op 31 Desember 1995, aangesien die sinode van 1995 'n besluit geneem het oor inbetaling van agterstallige bedrae.

4.4.4 Die volgende aanbeveling word, na raadpleging met die BRKA, dus voorgelê:

4.4.5 AANBEVELING

4.4.5.1 Die sinode besluit dat gemeentes wat op 31 Desember 1995 agterstallig was met hulle 15%-bydraes en dit nou nog nie aangesuiwer het nie, op een of ander manier 'n aansporing moet ontvang om die bedrae te vereffen.

4.4.5.2 Die sinode besluit om aan 'n gemeente wat op 31 Desember 1995 agterstallig was met 15%-bydraes en steeds agterstallig is, die volgende aanbod te maak:

- **50% van die bedrag wat 'n gemeente voor 31 Desember 1995 verskuldig is, word afgeskryf;**
- **die balans van die verskuldigde bedrag word maandeliks oor 'n tydperk van 60 maande inbetaal.**

4.4.5.3 Die sinode besluit dat aan die volgende voorwaardes en vereistes voldoen moet word ten einde die sinodale vergunning te bekom:

4.4.5.3.1 die kerkraad moet skriftelik aansoek doen;

4.4.5.3.2 die aansoek moet vergesel word van geouditeerde finansiële state tot 31 Desember 1995, wat by die vorige ring gedien het;

4.4.5.3.3 daar sal geen onderbreking in die terugbetaling wees nie;

4.4.5.3.4 die toegewing word verbeur indien die terugbetaling 'n maand nie ontvang word nie;

4.4.5.3.5 die toegewing word verbeur indien die lopende maandelikse oorbetaling nie gedoen word nie en meer as een maand agterstallig raak;

4.4.5.3.6 die toegewing word verbeur as die lopende terugbetalings meer as R1 000 tekort toon met die jaarlikse afsluiting op 31 Desember;

4.4.5.3.7 die kerkraad moet gedurende die afbetalingstydperk geouditeerde finansiële state, wat tydens die jaarlikse ringsitting gedien het, voor 31 Mei aan die BRKA voorsien.

4.4.5.4 Die sinode besluit dat uitstaande bydraes wat na 1 Januarie 1996 ontstaan het, nie in aanmerking geneem word vir hierdie toegewing nie.

4.4.5.5 Die sinode bevestig dat aanbevelings 4.3.5.1–4 streng toegepas word vir bedrae verskuldig vanaf 1 Januarie 1996.

4.5 Finansiële verslae

4.5.1 Die FK het die geouditeerde finansiële jaarstate van 1995 en 1996 behandel en dit aan die BRKA voorgelê

4.5.2 Verslag 1995

Die volledige verslag met al die bylaes en opmerkings word hiermee aangebied vir kennisname.

4.5.2.1 Geouditeerde finansiële jaarstate 1 Januarie–31 Desember 1995

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

FINANSIËLE JAARSTATE - 1995

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie	2
Bekragtiging van die finansiële jaarstate	2
Verslag van die ouditeur	3
Inkomstestaat	4
Balansstaat	5
Aantekeninge by die finansiële jaarstate	6-10
Kontantvloeistaat	11

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

Die Rekenmeester het ingeslote finansiële jaarstate aan die Finansiële Kommissie (FK) van die Sinode voorgelê. Die FK het die state deeglik nagegaan en dit is aanbeveel vir aandag by die BRKA wat dit goedgekeur het. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state blyk duidelik hoe die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël word. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met die geseënde werk voort te gaan.

Aan ons Rekenmeester, Rekeningkundige Beampte, Rekenaaroperatrise/Klerk en ander personeel betrokke, ons hartlike waardering vir baie harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, onderstreep.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.

DS NJ (NICO) RAUTENBACH
(Voorsitter, BRKA)

BEKRAGTIGING VAN FINANSIËLE JAARSTATE

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 - 11 is op 18 April 1996 deur die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedgekeur.

Geteken namens die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie

DS NJ RAUTENBACH
(Voorsitter, BRKA)

MNR LJ KORKIE
REKENMEESTER

OUDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 4 - 11 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die BRKA. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons oudit ooreenkomstig algemeen aanvaarde ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Oudit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek op toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmaking wat in die finansiële state ingesluit is, steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons ouditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële toestand van die BRKA op 31 Desember 1995 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

19 April 1996

MA FAUL
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER (SA)
BENONI

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1995

	Aantekening	1995 R	1994 R
INKOMSTE		4 135 134	3 818 775
Gemeentebydraes (15%)		4 116 844	3 810 738
Rente ontvang		16 359	5 438
Rente ontvang - APK Jeugtuiste	2	-	-
Skenkings ontvang		1 931	2 599
UITGAWES		2 358 543	2 421 032
Advertensies		158	433
APK Jeugtuiste - verlies	2	42 565	66 833
Bankkoste		660	559
Bedieningswerk (nou Bedieningsfonds)		-	264 631
Dosentevergoeding		503 268	477 413
Groepversekering		42 859	40 909
Huur van toerusting		19 910	18 359
Instandhouding - geboue/terrein/meubels		186 443	141 425
Kommissiewerk		154 684	137 384
Mediese bystand afgetrede lede		29 600	-
Munisipale koste		49 071	48 410
Ouditgelde		4 000	3 600
Posgeld		9 823	10 394
Regskoste		-	2 062
Reiskoste - administratief		26 442	20 929
Rente betaal		1 474	72 810
Salarisse - administratief		1 045 479	953 432
Sinodekoste		49 719	8 228
Skryfbehoeftes		36 041	35 867
Spaarplan - leraars		11 461	13 902
Spyseniering en verversings		3 312	5 624
Telefoon en faks		26 962	26 185
Versekering		16 770	7 302
Waardevermindering		97 842	64 341
NETTO INKOMSTE VIR DIE TYDPERK		1 776 591	1 397 743
Min: Oorplasing na ander fondse volgens begroting		1 776 591	1 397 743
Motorvervangingsfonds		9 730	14 071
Bedieningsfonds		875 000	-
Bybelverspreidingsfonds		-	36 754
Studiefonds - leraars		50 000	100 000
Publikasiefonds		352 000	-
Reserwefonds		339 861	1 146 918
Willie Lubbe Studiefonds		150 000	100 000
NETTO INKOMSTE NA OORPLASING NA ANDER FONDSE		-	-
Plus: OPGEHOOPTE FONDS AAN BEGIN VAN TYDPERK		2 339 929	2 339 929
OPGEHOOPTE FONDS AAN EINDE VAN TYDPERK		2 339 929	2 339 929

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1995

	Aantekening	1995 R	1994 R
FONDSE BESKIKBAAR			
Opgehoopte fonds		2 339 929	2 339 929
Reserwefonds	3	2 603 779	2 263 918
Spesifieke fondse		2 815 505	1 831 493
Alimentasiefonds	4	41 515	58 820
APK Trustfonds	5	399 420	384 181
APK Weeshuisfonds	7	1 058	1 000
Bedieningsfonds	6	551 500	-
Biblioteekfonds	7	71 319	67 440
Bybelverspreidingsfonds	7	25 707	19 531
Gebeurlikheidsfonds	7	24 702	23 358
Motorvervangingsfonds	7	48 501	36 134
Ouetehuisfonds	7	529	500
Publikasiefonds	8	266 511	273 844
Studiefonds: Boshoff kinders	7	11 100	6 100
Studiefonds - leraars	9	361 220	300 000
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	7	10 575	10 000
Teologiese Opleidingsfonds	7	113 365	-
Vroue-aksiefonds	7	18 605	17 643
Willie Lubbe Studiefonds	10	869 878	632 942
		7 759 213	6 435 340
AANWENDING VAN FONDSE			
Vaste bates	11	4 659 379	4 483 759
Studielenings - leraars	9	225 898	165 975
Studielenings - studente	10	860 307	608 391
Biblioteek		121 831	90 920
Netto bedryfsbates		1 891 798	1 086 295
Kontant in die bank		135 019	-
Kontant voorhande		2 194	1 953
Spesiale deposito	12	1 007 166	250 000
Gemeentebydraes verskuldig		195 150	159 442
Publikasievoorraad		349 296	367 150
Diverse debiteure		545 713	548 898
Deposito munisipaliteit		1 340	570
Oortrokke bankrekening		-	(74 714)
Diverse krediteure		(344 080)	(167 004)
		7 759 213	6 435 340

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AANTEKENINGE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1995

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

1.1 Rekeningkundige grondslag

Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegrondslag opgestel.

1.2 Vaste bates en waardevermindering

Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie.

Waardevermindering word soos volg voorsien:

- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys

- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys

1.3 Pubikasievoorraad

Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

2. APK JEUGTUISTE

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1995

		1995 R	1994 R
INKOMSTE		90 921	82 593
Huur ontvang		-	-
Etegeld	*	-	-
Losies		90 121	81 128
Skenkings		800	1 465
UITGAWES		133 486	149 426
Etegeld - tekort	*	27 301	16 253
Instandhouding - Geboue, terrein & meubels		67 304	98 041
- Skoonmaakmiddels		2 606	2 341
Munisipale koste		32 373	22 957
Reiskoste		1 524	2 246
Skrytbehoeftes		170	-
Telefoon		2 208	7 588
RENTE AAN BRKA/(VERLIES NA BRKA)		(42 565)	(66 833)

* Etes:-

Etegeld ontvang	72 843
Min: Eetware	(66 273)
Salaris: Spysenier	(32 214)
Tydelike hulp vir spysenier	(1 657)
Netto etegeld ontvang/(tekort)	(27 30

3. RESERWEFONDS

	1995 R	1994 R
Saldo aan begin van die tydperk	2 263 918	1 117 000
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	539 861	1 146 918
Plus: Rente toegedeel		
	2 803 779	2 263 918
Min: Oorgeplaas na ander fondse	200 000	-
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	2 603 779	2 263 918

4. ALIMENTASIEFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	58 820	57 970
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	5 272	2 940
Plus: Rente toegedeel	2 804	-
	66 896	60 910
Min: Bedrag aangewend gedurende die tydperk	25 381	2 090
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	41 515	58 820

5. APK TRUSTFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	384 181	350 912
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	80 528	70 901
Plus: Rente toegedeel	21 902	50 786
	486 611	472 599
	87 191	88 418
Min: Premies betaal	60 000	60 000
Toelaes betaal	27 191	28 418
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	399 420	384 181

6. BEDIENINGSFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	-
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	875 000
Plus: Rente toegedeel	328
	875 328
	323 828
Min: Hulp aan gemeentes	236 973
Netto koste - reisende leraars	84 876
Hospitaalbesoeke	1 979
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	551 500

7. ANDER FONDSE

	Beginsaldo R	Ontvang/ toegedeel R	Uitbetaal/ oorgeplaas R	Eindsaldo R
APK Weeshuisfonds	1 000	58	-	1 058
Biblioteekfonds	67 440	3 879	30 911	40 408
Bybelverspreidingsfonds	19 531	6 176	-	25 707
Gebeurlikheidsfonds	23 358	1 344	-	24 702
Motorvervangingsfonds	36 134	12 367	-	48 501
Ouetehuisfonds	500	29	-	529
Studiefonds: Boshofkinders	6 100	10 000	5 000	11 100
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	10 000	575	-	10 575
Teologiese Opleidingsfonds	-	113 365	-	113 365
Vroue-aksiefonds	17 643	1 012	50	18 605
	181 706	148 805	35 961	294 550

8. PUBLIKASIEFONDS

	1995 R	1994 R
INKOMSTE	629 140	624 527
Verkope - Publikasies	468 472	440 734
Verkope - Boodskapper	141 984	165 014
Advertensies - Publikasies	2 100	3 550
Advertensies - Boodskapper	16 584	15 229
UITGAWES	1 052 898	771 637
Aankope en drukkoste - Publikasies	306 258	212 309
Advertensies	-	300
Beoordeling - boeke	679	1 467
Drukkoste - Boodskapper	266 089	230 692
Instandhouding - meubels & toerusting	957	-
Intekengeld	78	258
Ledegeld	601	550
Pliglewerings	4 533	11 912
Posgeld - Publikasies	16 674	13 950
Posgeld - Boodskapper	24 427	21 395
Promosies	200	2 416
Regskoste	1 418	12 755
Reiskoste - Publikasies	1 920	101
Reiskoste - Boodskapper	-	345
Reiskoste - vergaderings	12 798	-
Salarisse - admin. & versending	262 880	147 646
Salaris - redakteur	106 760	102 675
Skryfbehoeftes	16 351	-
Tantieme	9 475	7 315
Telefoon	7 426	-
Tydelike hulp	5 330	1 203
Tydskrifte	-	-
Verpakking - Publikasies	8 044	1 182
Verpakking - Boodskapper	-	3 166
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(423 758)	(147 110)
SALDO AAN BEGIN VAN DIE TYDPERK	273 844	420 954
PLUS:		
Oordrag vanaf ander fondse volgens begroting	152 000	-
Aansuiwering vorige jaar volgens begroting	200 000	-
Regstelling ten opsigte van verkope 1991	43 732	-
Rente toegedeel	20 693	
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	266 511	273 844

9. STUDIEFONDS LERAARS

	1995 R	1994 R
Saldo aan begin van tydperk	300 000	200 000
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	50 000	100 000
Ontvang deur die jaar	2 037	-
Rente toegedeel	9 183	-
Saldo aan einde van tydperk	361 220	300 000

Ontleding

Studielenings toegestaan		277 283
	- 1990 tot 1994	208 229
	- 1995	69 054
Studielenings terug ontvang		51 384
	- 1991 tot 1994	42 254
	- 1995	9 130
		225 898
Bedrag onaangewend op 31/12/1995		135 322
		361 220

10. WILLIE LUBBE STUDIEFONDS

	1995 R	1994 R
Saldo aan begin van tydperk	632 942	433 469
Plus: Kontant ontvang gedurende die tydperk	81 642	99 473
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	150 000	100 000
Plus: Rente toegedeel	5 294	-
Saldo aan einde van tydperk	869 878	632 942

Ontleding

Studielenings toegestaan		979 835
	- 1988 tot 1994	699 381
	- 1995	280 454
Studielenings terug ontvang		119 528
	- 1988 tot 1994	90 990
	- 1995	28 538
		860 307
Bedrag beskikbaar op 31/12/1995		9 571
		869 878

11. VASTE BATES

	1995 R	1994 R
Grond en geboue	3 982 348	3 883 438
- Erf RE 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2	413 853	413 853
Kosprys 24 Oktober 1988	227 083	227 083
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	186 770	186 770
- Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2	716 055	716 055
Kosprys	432 117	432 117
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	283 938	283 938
- Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2	2 753 129	2 739 530
Kosprys	1 528 466	1 528 466
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	1 224 663	1 211 064
- John Rockwoonstel 103, Johnsonstraat, Sunnyside	85 311	-
Kosprys	80 916	-
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	4 395	-
- Onderverdeling 3 van plaas Tweespruit 198, Parys, grootte 20ha	14 000	14 000
Die eiendomme is onbeswaar.		
Meubels en toerusting	574 844	506 311
Kosprys	772 246	639 021
Opgehoopte waardevermindering	197 402	132 710
Motorvoertuie	102 187	94 010
Kosprys	159 446	131 228
Opgehoopte waardevermindering	57 259	37 218
	4 659 379	4 483 759

12. SPESIALE DEPOSITO

	R
Bedrag belê	930 000
Plus: Rente ontvang	77 166
Saldo op 31 Desember1995	1 007 166

Verteenwoordig deur:

	Saldo van spesifieke fondse op 31/12/95	Beleggings ten opsigte van spesifieke fondse op 31/12/95	Spesifieke fondse deur BRKA geleen en nog nie terugbetaal op 31/12/95 nie
	R	R	R
Alimentasiefonds	41 515	24 781	16 734
APK Trustfonds	399 420	238 419	161 001
APK Weeshuisfonds	1 058	632	426
Bedieningsfonds	551 500	329 198	222 302
Biblioteekfonds	40 408	24 120	16 288
Bybelverspreidingsfonds	25 707	15 345	10 362
Gebeurlikheidsfonds	24 702	14 745	9 957
Motorvervangingsfonds	48 501	28 951	19 550
Ouetehuisfonds	529	316	213
Publikasiefonds	266 511	159 084	107 427
Vroue-aksiefonds	18 605	11 106	7 499
Studiefonds teraars	135 322	80 776	54 546
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	10 575	6 312	4 263
Willie Lubbe Studiefonds	9 571	5 713	3 858
Teologiese opleidingsfonds	113 365	67 669	45 696
	1 687 289	1 007 166	680 123

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1995

	1995 R	1994 R
KONTANT BEHOU UIT BEDRYWIGHEDE	2 023 731	1 213 528
Kontant gegenereer deur bedrywighede(Aantekening 1)	2 007 372	1 208 090
Beleggingsinkomste (rente ontvang)	16 359	5 438
KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKTIWITEITE	603 103	662 346
Verbetering aan eiendomme	17 994	190 313
Aankoop van eiendomme	80 916	-
Aankoop van meubels en toerusting	133 225	92 335
Aankoop van voertuie	28 218	78 648
Toename in studielenings - leraars	59 923	112 165
Toename in studielenings - studente	251 916	185 639
Biblioteek aankope	30 911	3 246
KONTANT VERKRY UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE	(452 718)	13 601
Toename in spesifieke fondse	984 012	264 426
Toename in reserwe fonds	339 861	-
Trek af: Interne oorplasings	1 776 591	250 825
TOENAME/(AFNAME) IN KONTANTFONDSE	967 910	564 783

AANTEKENING 1: KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE

Netto inkomste per inkomstestaat	1 776 591	1 397 743
Trek af: Rente ontvang	16 359	5 438
	1 760 232	1 392 305
Tel by: Waardevermindering	97 842	64 341
	1 858 074	1 456 646
Trek af: Wins met verkoop van vaste bates	13 109	-
	1 844 965	1 456 646
Min: Aansuiwering vir toename in netto bedryfsbates (uitgesonderd kontantfondse)	(162 407)	248 556
Toename/(afname) in gemeentebydraes verskuldig	35 708	(3 675)
Toename/(afname) in publikasievoorraad	(17 854)	128 620
Toename in diverse debiteure	(3 185)	45 691
(Toename)/afname in krediteure	(177 076)	77 920
	2 007 372	1 208 090

4.5.2.2 Meting van werklike bedrae teen die begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 1995

	ONTVANG	BEGROOT	SURPLUS
	R	R	R
	4 116 844	3 448 400	668 444
Gemeentebydraes (15%)	4 116 844	3 448 400	668 444

	BESTEE	BEGROOT	BESKIKBAAR/ (OORBESTEE)
	R	R	R
	3 412 701	3 448 400	35 699
APK Jeugtuiste	42 565	-	(42 565)
Bankkoste	660	1 000	340
Bedieningsfonds	450 000	450 000	-
Diverse	158	5 000	4 842
Dosentevergoeding & -reiskoste	503 268	530 800	27 532
Groepversekering	42 859	50 000	7 141
Huur van toerusting	19 910	25 000	5 090
Instandhouding-geboue/toerusting	186 443	51 000	(135 443)
Kommissiewerk	154 684	257 100	102 416
Mediese bystand afgetrede lede	29 600	-	(29 600)
Meubels en toerusting	100 000	100 000	-
Munisipale koste	49 071	55 000	5 929
Ouditgelde	4 000	3 000	(1 000)
Posgeld	9 823	10 000	177
Publikasiefonds	152 000	152 000	-
Regskoste	-	10 000	10 000
Reiskoste - administratief	26 442	29 000	2 558
Rente	1 474	-	(1 474)
Salarisse - administratief	1 045 479	1 106 000	60 521
Sinodekoste	49 719	40 000	(9 719)
Skryfbehoeftes	36 041	50 000	13 959
Spaarplan - leraars	11 461	11 500	39
Spyseniering en verversings	3 312	17 000	13 688
Studiefonds - leraars	50 000	50 000	-
Telefoon	26 962	30 000	3 038
Verbeterings - geboue	250 000	250 000	-
Versekering	16 770	15 000	(1 770)
Willie Lubbe studiefonds	150 000	150 000	-
	704 143		704 143

Opmerkings

1. Vir hierdie begroting is begroot vir ontvangste van R3 448 400. Hierdie syfer is bereken op grond van die begroting van uitgawes vir 1995. Dit moes gedoen word as gevolg van die skerp afname in ontvangste wat gevolg het na die besluit van die sinode van 1991 waar kerkrade aftrekkings kon maak vir trust- en ander gelde.

2. Met besondere besparings wat deur die kantoorpersoneel te weeg gebring is, kon die boekjaar afgesluit word met 'n oorskot van R704 143 teenoor die werklike ontvangste van 1995. Hiervan is R425 000 oorgeplaas na die Bedieningsfonds en R196 861 na die Reserwefonds.

3. Die uitgawes moet egter vergelyk word met die **begrote** syfer vir 1995 nl. R3 448 400. Dit beteken dus 'n oorskot van R35 699 oor die **begrote** uitgawes – vergelyk die volgende staat.

4.5.2.3 **Kommissiewerk – stand van die begrote syfers op 31 Desember 1995**

Die volgende staat gee die stand van die begrote syfers vir die kommissies op 31 Desember 1995:

KOMMISSIEWERK 1 JANUARIE 1995–31 DESEMBER 1995

	WERKLIK	TOTALE BEGROTING	NOG BESKIKBAAR	% BESKIKBAAR
	R	R	R	%
Argief	86	2 000	1 914	96
Barmhartigheidsdiens	450	6 000	5 550	93
BRKA	24 949	35 000	10 051	29
Bybelverklaring	7 999	6 000	(1 999)	(33)
Finansies	13 839	15 000	1 161	8
Verbondsonderrig en Opvoeding	3 351	18 000	14 649	81
Kerkleer en Christelike Etiek	430	10 000	9 570	96
Kerksang en -musiek	20 067	22 000	1 933	9
Kerkregtelike Sake	33 096	20 000	(13 096)	(65)
Kuratorium	24 232	30 000	5 768	19
Formuliere en Liturgie	142	2 500	2 358	94
SKK	20 949	35 000	14 051	40
SKK – ander kommissies	1 726	15 000	13 274	88
Subtotaal	151 316	216 500	65 184	30
Publikasies	12 603	12 000	(603)	(5)
TOTAAL	163 919	228 500	64 581	28

4.5.3 **Verslag 1996**

Die volledige verslag met al die bylaes en opmerkings word hiermee aangebied vir kennisname.

4.5.3.1 **Geouditeerde finansiële jaarstate**
1 Januarie–31 Desember 1996

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

FINANSIËLE JAARSTATE - 1996

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie	2
Bekragtiging van die finansiële jaarstate	2
Verslag van die ouditeur	3
Inkomstestaat	4
Balansstaat	5
Aantekeninge by die finansiële jaarstate	6-10
Kontantvloeistaat	11

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

Die Rekenmeester het ingeslote finansiële jaarstate aan die Finansiële Kommissie (FK) van die Sinode voorgelê. Die FK het die state deeglik nagegaan en dit is aanbeveel vir aandag by die BRKA wat dit goedgekeur het. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state blyk duidelik hoe die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël word. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met die geseënde werk voort te gaan:

Aan ons Rekenmeester, Rekeningkundige Beamptes, Rekenaaroperatrise/Klerk en ander personeel betrokke, ons hartlike waardering vir baie harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, onderstreep.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.

DS NJ (NICO) RAUTENBACH
(Voorsitter, BRKA)

BEKRAGTIGING VAN FINANSIËLE JAARSTATE

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 - 11 is op 15 Mei 1997 deur die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedgekeur.

Geteken namens die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie

DS NJ RAUTENBACH
(Voorsitter, BRKA)


MNR LJ KORKIE
REKENMEESTER

OUDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 4 - 11 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die BRKA. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons oudit ooreenkomstig algemeen aanvaarde ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Oudit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek op toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmaking wat in die finansiële state ingesluit is, steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons ouditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële toestand van die BRKA op 31 Desember 1996 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.



16 Mei 1997

MA FAUL
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER (SA)
BENONI

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1996

	Aantekening	1996 R	1995 R
INKOMSTE		4 689 446	4 135 134
Gemeentebydraes (15%)		4 627 316	4 116 844
Rente ontvang		40 944	16 359
Skenkings ontvang		2 071	1 931
Wins met verkoop van bates		19 115	-
UITGAWES		2 574 110	2 358 543
Advertensies		-	158
APK Jeugtuiste - verlies	2	56 596	47 780
Bankkoste		3 311	660
Groepversekering		44 231	42 859
Huur van toerusting		20 553	17 777
Instandhouding - geboue/terrein/meubels		73 774	116 540
Kommissiewerk		136 322	129 341
Kuratorium/Teologiese skool-uitgawes	3	844 742	723 653
Mediese bystand afgetrede lede		35 035	29 600
Munisipale koste	**	11 013	42 902
Ouditgelde		4 750	4 000
Posgeld		11 565	9 823
Regskoste		2 148	-
Reiskoste - administratief		25 337	26 442
Rente betaal		3 084	1 474
Salarisse - administratief		1 138 418	967 174
Sinodekoste		120	49 719
Skryfbehoeftes		29 854	31 954
Spaarplan - leraars		11 364	11 461
Spyseniering en verversings		3 789	3 312
Telefoon en faks		21 820	17 984
Versekering		15 159	12 959
Waardevermindering		81 125	70 971
NETTO INKOMSTE VIR DIE TYDPERK		2 115 336	1 776 591
Min: Oorplasing na ander fondse		1 364 778	1 776 591
Motorvervangingsfonds		28 778	9 730
APK Trustfonds		120 000	-
Bedieningsfonds		550 000	875 000
Studiefonds - leraars		-	50 000
Publikasiefonds		80 000	352 000
Reserwefonds		386 000	339 861
Willie Lubbe Studiefonds		200 000	150 000
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) NA OORPLASING NA ANDER FONDS		750 558	
Plus: OPGEHOOPTE FONDS AAN BEGIN VAN TYDPERK		2 339 929	2 339 929
OORGEDRA VANAF RESERWEFONDS		2 692 229	
OORGEDRA VANAF BIBLIOTEEKFONDS		71 319	
OORGEDRA VANAF TEOLOGIESE OPLEIDINGSFONDS		82 304	
OPGEHOOPTE FONDS AAN EINDE VAN TYDPERK		5 936 339	2 339 929

** R18 618.71 deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1996

	Aantekening	1996 R	1995 R
FONDSE BESKIKBAAR			
Opgehoopte fonds		5 936 339	2 339 929
Reserwefonds	4	297 550	2 603 779
Spesifieke fondse		2 874 187	2 815 505
Alimentasiefonds	5	31 472	41 515
APK Trustfonds	6	438 103	399 420
Motorvervangingsfonds	7	81 532	48 501
Bedieningsfonds	8	603 305	551 500
Ander fondse	9	197 551	276 960
Publikasiefonds	10	24 506	266 511
Studiefonds - leraars	11	363 672	361 220
Willie Lubbe Studiefonds	12	1 134 046	869 878
		9 108 076	7 759 213
AANWENDING VAN FONDSE			
Vaste bates	13	4 672 971	4 659 379
Studielenings - leraars	11	295 044	225 898
Studielenings - studente	12	1 107 689	860 307
Biblioteek		142 390	121 831
Netto bedryfsbates		2 889 982	1 891 798
Bedryfsbates		3 172 079	2 235 878
Kontant in die bank		53 232	135 019
Kontant voorhande		3 687	2 194
Spesiale deposito	14	1 769 003	1 007 166
Gemeentebydraes verskuldig		239 152	195 150
Publikasievoorraad		483 706	349 296
Diverse debiteure		620 919	545 713
Deposito's		2 380	1 340
Bedryfslaste		282 097	344 080
Diverse krediteure		282 097	344 080
		9 108 076	7 759 213

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AANTEKENINGE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1996

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

1.1 Rekeningkundige grondslag

Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegrondslag opgestel.

1.2 Vaste bates en waardevermindering

Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie.

Waardevermindering word soos volg voorsien:

- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys

- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys

1.3 Pubikasievoorraad

Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

2. APK JEUGTUISTE

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1996

		1996 R	1995 R
INKOMSTE		91 769	90 921
Losies		90 769	90 121
Skenkings		1 000	800
UITGAWES		148 365	138 701
Etegeld - tekort	*	36 514	28 825
Instandhouding - Geboue, terrein & meubels		74 001	67 304
- Skoonmaakmiddels		6 775	2 606
Munisipale koste	**	22 307	32 373
Skryfbehoeftes		14	170
Telefoon		2 372	2 208
Versekering		1 222	1 471
Waardevermindering		5 160	3 744
RENTE AAN BRKA/(VERLIES NA BRKA)		(56 596)	(47 780)

* Etes:-

Etegeld ontvang	82 535
Min: Eetware	(67 965)
Salaris: Spysenier	(34 941)
Reiskoste: Spysenier	(6 000)
Tydelike hulp vir spysenier	(4 912)
Instandhouding: John Rock 10	(3 665)
Munisipale koste: John Rock 1	(1 566)
Netto etegeld ontvang/(tekort)	(36 514)

** R6 861.02 deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

3. KURATORIUM

		1996 R	1995 R
Dosentevergoeding		625 398	503 268
Huur van toerusting		2 201	2 133
Instandhouding		24 669	69 903
Munisipale koste	**	3 297	6 169
Reiskoste Vergaderings		37 809	25 343
Rekenaaropleiding		3 600	-
Salarisse Administratief		105 585	78 305
Skryfbehoeftes		3 518	4 087
Telefoon		10 936	8 978
Versekering		2 107	2 340
Verversings		1 261	-
Waardevermindering		24 361	23 127
Totale uitgawes		844 742	723 653

** R2 044.67 deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

4. RESERWEFONDS

	1996 R	1995 R
Saldo aan begin van die tydperk	2 603 779	2 263 918
Plus: Oorgedra vanaf opgehoopte fonds	386 000	539 861
	2 989 779	2 803 779
Min: Oorgeplaas na ander fondse	2 692 229	200 000
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	297 550	2 603 779

5. ALIMENTASIEFONDS

Saldo aan begin - Alimentasiefonds	41 515	58 820
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	2 627	5 272
Plus: Rente toegedeel	3 296	2 804
	47 438	66 896
Min: Gevangenisbearbeiding oorgedra na aparte rekening	2 446	-
Min: Bedrag aangewend gedurende die tydperk	13 520	25 381
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	31 472	41 515

6. APK TRUSTFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	399 420	384 181
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	120 000	-
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	87 992	80 528
Plus: Rente toegedeel	37 622	21 902
	645 034	486 611
	206 931	87 191
Min: Premies betaal (beleggingspolisse)	140 000	60 000
Toelaes betaal	66 931	27 191
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	438 103	399 420

7. MOTORVERVANGINGSFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	48 501	36 134
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	9 663	9 730
Plus: Opbrengs uit versekering (MZH236T afgeskryf in ongeluk)	19 115	-
Plus: Rente toegedeel	4 253	2 637
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	81 532	48 501

8. BEDIENINGSFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	551 500	-
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	550 000	875 000
Plus: Rente toegedeel	76 315	328
	1 177 815	875 328
	574 510	323 828
Min: Hulp aan gemeentes	405 624	236 973
Netto koste - reisende leraars	168 305	84 876
Hospitaalbesoeke	581	1 979
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	603 305	551 500

9. ANDER FONDSE

	Beginsaldo	Ontvang/ toegedeel	Uitbetaal/ oorgeplaas	Eindsaldo
	R	R	R	R
APK Weeshuisfonds	1 058	179	-	1 237
Biblioteekfonds	71 319	-	71 319 .	-
Bybelverspreidingsfonds	25 707	9 752	-	35 459
Gevangenisbearbeidingsfonds		5 171	3 736	1 435
Gebeurlikheidsfonds	24 702	57 884	-	82 586
Ouetehuisfonds	529	45	-	574
Studiefonds: Boshoff kinders	11 100	-	11 100	-
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	10 575	6 291	-	16 866
Teologiese Opleidingsfonds	113 365	8 223	82 304	39 284
Vroue-aksiefonds	18 605	2 010	506	20 109
	276 960	89 555	168 965	197 551

10. PUBLIKASIEFONDS

	1996 R	1995 R
INKOMSTE	782 773	629 140
Verkope - Publikasies	593 080	468 472
Verkope - Boodskapper	149 243	141 984
Advertensies - Publikasies	15 040	2 100
Advertensies - Boodskapper	25 410	16 584
UITGAWES	1 104 778	1 052 898
Kosprys van verkope: - Publikasies	271 647	306 258
Beginvoorraad	349 296	367 150
Plus: Aankope en drukkoste	406 057	288 404
Min: Eindvoorraad	483 706	349 296
Beoordeling - boeke	2 597	679
Drukkoste - Boodskapper	248 357	266 089
Instandhouding - meubels & toerusting	3 436	957
Intekengeld	97	78
Kommissie op boekverkope	2 142	-
Ledegeld	-	601
Medewerkers	12 356	-
Motorkoste	1 554	-
Pligiewerings	23 307	4 533
Posgeld - Publikasies	16 372	16 674
Posgeld - Boodskapper	26 867	24 427
Promosies	7 628	200
Regskoste	-	1 418
Reiskoste - Publikasies	3 588	1 920
Reiskoste - Boodskapper	7 924	-
Reiskoste - vergaderings	33 730	12 798
Salarisse - admin. & versending	283 225	262 880
Salaris - redakteur	113 515	106 760
Skryfbehoeftes	18 565	16 351
Tantieme	8 527	9 475
Telefoon	7 178	7 426
Tydelike hulp	5 172	5 330
Verpakking - Publikasies	6 321	8 044
Verversings	673	-
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(322 005)	(423 758)
SALDO AAN BEGIN VAN DIE TYDPERK	266 511	273 844
PLUS:		
Oordrag vanaf ander fondse volgens begroting	80 000	152 000
Aansuiwering vorige jaar volgens begroting	-	200 000
Regstelling ten opsigte van verkope 1991	-	43 732
Rente toegedeel	-	20 693
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	24 506	266 511

11. STUDIEFONDS LERAARS

	1996 R	1995 R
Saldo aan begin van tydperk	361 220	300 000
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	-	50 000
Ontvang deur die jaar	1 616	2 037
Rente toegedeel	8 367	9 183
	371 203	361 220
Min: Skenkings foutief hanteer 1990 en 1991	7 531	-
Saldo aan einde van tydperk	363 672	361 220

Ontleding

Studielenings toegestaan		365 766
	- 1990 tot 1995	277 283
	- 1996	88 483
Studielenings terug ontvang		70 722
	- 1991 tot 1995	51 384
	- 1996	19 338
		295 044
Bedrag onaangewend op 31/12/1996		68 628
		363 672

12. WILLIE LUBBE STUDIEFONDS

	1996 R	1995 R
Saldo aan begin van tydperk	869 878	632 942
Plus: Kontant ontvang gedurende die tydperk	54 288	81 642
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	200 000	150 000
Plus: Rente toegedeel	9 880	5 294
Saldo aan einde van tydperk	1 134 046	869 878

Ontleding

Studielenings toegestaan		1 250 780
	- 1988 tot 1995	979 835
	- 1996	270 945
Studielenings terug ontvang		143 091
	- 1988 tot 1995	119 528
	- 1996	23 563
		1 107 689
Bedrag beskikbaar op 31/12/1996		26 357
		1 134 046

13. VASTE BATES

	1996 R	1995 R
Grond en geboue	3 982 348	3 982 348
- Erf RE 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2	413 853	413 853
Kosprys 24 Oktober 1988	227 083	227 083
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	186 770	186 770
- Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2	716 055	716 055
Kosprys	432 117	432 117
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	283 938	283 938
- Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2	2 753 129	2 753 129
Kosprys	1 528 466	1 528 466
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	1 224 663	1 224 663
- John Rockwoonstel 103, Johnsonstraat, Sunnyside	85 311	85 311
Kosprys	80 916	80 916
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	4 395	4 395
- Onderverdeling 3 van plaas Tweespruit 198, Parys, grootte 20ha	14 000	14 000
Die eiendomme is onbeswaar.		
Meubels en toerusting	615 231	574 844
Kosprys	896 288	772 246
Opgehoopte waardevermindering	281 057	197 402
Motorvoertuie	75 392	102 187
Kosprys	133 976	159 446
Opgehoopte waardevermindering	58 584	57 259
	4 672 971	4 659 379

14. SPESIALE DEPOSITO

	R
Bedrag belê	1 587 166
Plus: Rente ontvang	181 837
Saldo op 31 Desember 1996	1 769 003

Verteenwoordig deur:

	Saldo van spesifieke fondse op 31/12/96	Beleggings ten opsigte van spesifieke fonds op 31/12/96
	R	R
Alimentasiefonds	31 472	31 472
APK Trustfonds	438 103	438 103
Gevangenisbearbeidingfond	1 435	1 435
APK Weeshuisfonds	1 237	1 237
Bedieningsfonds	603 305	603 305
Bybelverspreidingsfonds	35 459	35 459
Gebeurlikheidsfonds	82 586	82 586
Motorvervangingsfonds	81 532	81 532
Ouetehuisfonds	574	574
Publikasiefonds	24 506	24 506
Vroue-aksiefonds	20 109	20 109
Studiefonds leraars	68 628	68 628
Studiefonds: Dr Hanna Pienaar	16 866	16 866
Willie Lubbe Studiefonds	26 357	26 357
Teologiese opleidingsfonds	39 284	39 284
	1 471 453	1 471 453
Reserwefonds	297 550	297 550
	1 769 003	1 769 003

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1996

	1996 R	1995 R
KONTANT BEHOU UIT BEDRYWIGHEDE	1 890 226	2 023 731
Kontant gegenereer deur bedrywighede(Aantekening 1)	1 808 338	2 007 372
Beleggingsinkomste (rente ontvang)	81 888	16 359
KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKTIWITEITE	442 209	603 103
Verbetering aan eiendomme	-	17 994
Aankoop van eiendomme	-	80 916
Aankoop van meubels en toerusting	124 027	133 225
Aankoop van voertuie	(18 905)	28 218
Toename in studielenings - leraars	69 146	59 923
Toename in studielenings - studente	247 382	251 916
Biblioteek aankope	20 559	30 911
KONTANT VERKRY UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE	(766 474)	(452 718)
Toename in spesifieke fondse	58 682	984 012
Toename/(afname) in reserwe fonds	(2 306 229)	339 861
Trek af: Interne oorplasings	(1 481 074)	1 776 591
TOENAME IN KONTANTFONDSE	681 543	967 910

AANTEKENING 1: KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE

Netto inkomste per inkomstestaat	2 115 336	1 776 591
Trek af: Rente ontvang	81 888	16 359
	2 033 448	1 760 232
Tel by: Waardevermindering	110 646	97 842
	2 144 094	1 858 074
Trek af: Wins met verkoop van vaste bates	19 115	13 109
	2 124 979	1 844 965
Min: Aansuiwering vir toename in netto bedryfsbates (uitgesonderd kontantfondse)	316 641	(162 407)
Toename in gemeentebydraes verskuldig	44 002	35 708
Toename/(afname) in publikasievoorraad	134 410	(17 854)
Toename/(afname) in diverse debiteure	76 246	(3 185)
(Toename)/afname in diverse krediteure	61 983	(177 076)
	1 808 338	2 007 372

4.5.3.2 **Opmerkings**

1. By die opstel van hierdie begroting vir 1996 is die syfers van ontvangstes bereken op die ontvangste van 1994 nl. afgerond op R3 600 000.
2. Die uitgawe van 1996 moet dus eintlik vergelyk word met dié begrote syfer soos in die volgende staat weergegee word.
3. Op die begroting was daar dus R248 200 tekort.
4. **Die volgende besluite van die FK moet saam met die verslag gelees word:**

4.1 Die oorskot van R750 558 word oorgeplaas na Opgehoopte Fonds;

4.2 om te verseker dat die Reserwefonds deur 'n gelykmatige belegging verteenwoordig word, is 'n bedrag vanaf die Reserwefonds na die Opgehoopte Fonds oorgeplaas sodat die Reserwefonds op 31/12/1996 dus op R297 550 staan.

Motivering van die besluit

a. Alle interne lenings word dus afgelos.

b. Daar word nie meer terugbegroot om lenings op geboue en meubels te delg nie.

c. Die opgehoopte fonds is hoofsaaklik verteenwoordig in die vaste bates.

4.5.3.3 Meting van werklike bedrae teen die begroting vir die jaar geëindig op 31 Desember 1996

	ONTVANG	BEGROOT	SURPLUS/ (TEKORT)
	R	R	R
	4 627 316	3 600 000	1 027 316
Gemeentebydraes (15%)	4 627 316	3 600 000	1 027 316

	BESTEE	BEGROOT	BESKIKBAAR/ (OORBESTEE)
	R	R	R
	3 792 984	3 848 200	55 216
APK Trustfonds	120 000	120 000	-
APK Jeugtuiste	56 596	-	(56 596)
Bankkoste	3 311	1 000	(2 311)
Bedieningsfonds	550 000	550 000	-
Diverse	-	5 000	5 000
Groepversekering	44 231	55 000	10 769
Huur van toerusting	20 553	25 000	4 447
Instandhouding-geboue/toerusting	73 774	80 000	6 226
Kommissiewerk	136 322	263 500	127 178
Kuratorium	844 742	751 600	(93 142)
Mediese bystand afgetrede lede	35 035	-	(35 035)
Meubels en toerusting	100 000	100 000	-
Munisipale koste ***	11 013	55 000	43 987
Ouditgelde	4 750	3 600	(1 150)
Posgeld	11 565	15 000	3 435
Publikasiefonds	80 000	80 000	-
Regskoste	2 148	10 000	7 852
Reiskoste - administratief	25 337	35 000	9 663
Rente betaal	3 084	-	(3 084)
Salarisse - administratief	1 138 418	1 100 000	(38 418)
Sinodekoste	120	40 000	39 880
Skryfbehoeftes	29 853	50 000	20 147
Spaarplan - leraars	11 364	11 500	136
Spyseniering en verversings	3 789	6 000	2 211
Telefoon	21 820	25 000	3 180
Verbeterings - geboue	250 000	250 000	-
Versekering	15 159	16 000	841
Willie Lubbe studiefonds	200 000	200 000	-
	834 332	(248 200)	1 082 532

*** R18 618.71 deur die Stadsraad terugbetaal ten opsigte van eiendomsbelasting.

4.5.3.4 **Kommissiewerk 1 Januarie 1996–31 Desember 1996**

KOMMISSIEWERK 1 JANUARIE 1996–31 DESEMBER 1996

	WERKLIK	TOTALE BEGROTING	NOG BESKIKBAAR	% BESKIKBAAR
	R	R	R	%
Argief	–	2 000	2 000	100
Barmhartigheidsdiens	161	12 500	12 339	99
BRKA	10 443	45 000	34 557	77
Bybelverklaring	6 058	10 000	3 942	39
Finansies	17 452	15 000	(2 452)	(16)
Verbondsonderrig en Opvoeding	13 110	20 000	6 890	34
Kerkleer en Christelike Etiek		5 000	5 000	100
Kerksang en -musiek	20 834	30 000	9 166	31
Kerkregtelike Sake	22 355	25 000	2 645	11
Kuratorium	36 084	30 000	(6 084)	(20)
Formuliere en Liturgie	4 176	1 000	(3 176)	(318)
SKK	24 175	35 000	10 825	31
SKK – ander kommissies	3 612	15 000	11 388	76
Subtotaal	158 461	245 500	87 039	35
Publikasies	28 710	15 870	(12 840)	(81)
Ad hoc-kommissie *Skriflig ...*	9 891	0	(9 891)	ERR
TOTAAL	197 061	261 370	64 309	25

4.6 **Herstrukturering van vergoedingspakket**

4.6.1 Na aanleiding van voorleggings deur verskillende persone oor hierdie saak, het die FK besluit:

1. Aan die rekenmeester word opgedra om aan elke leraar 'n brief te rig waarin die moontlikhede van die herstrukturering van die vergoedingspakket (nl. die uitgestelde vergoedingskema) i.v.m. betaling van premies aan die mediese skema volledig verduidelik word, sodat die leraar dit aan die kerkraad kan voorlê.
2. In die skrywe moet duidelik aangetoon word dat die leraar self moet besluit hoe hy die fondse wat bespaar word, gaan aanwend.
3. By die BRKA word aanbeveel dat dieselfde skema op die personeel van die Kerkkantoor toegepas word.

4.6.2 By die volgende vergadering het die FK kennis geneem dat die BRKA die gedagte ondersoek waar dit vir leraars verpligtend sal wees om deur 'n groepskema die bespaarde bedrag aan te wend vir verdere pensioenvoordele.

4.6.3 AANBEVELING

Die sinode besluit dat

4.6.3.1 die uitgestelde vergoedingskema deur alle kerkrade toegepas word, nl. dat die kerkraad die volle premie van die mediese skema betaal en die leraar se besoldiging met sy aandeel van die premie verminder word;

4.6.3.2 alle leraars wat na 1 Januarie 1998 bevestig word, by dié uitgestelde vergoedingskema moet inskakel.

4.7 **Huistoelae vir leraars**

Die FK wil weer na die besluit wat in 1995 geneem is, verwys i.v.m. die vasstelling van 'n huistoelae aan 'n leraar (pt. 10.2, bl. 277). Die bedoeling van die aanbevelings wat die FK gemaak het, was dat die formule gebruik word om 'n bedrag as huistoelae te bepaal. Hierdie bedrag hoef nie noodwendig verander te word nie.

4.7.1 AANBEVELING

Besluit 10.2.1 (Handelinge Sewende Sinode 1995 bl. 277) word soos volg gewysig:

Die huistoelae van 'n leraar word gebaseer op die munisipale waardasie van die leraar se eiendom op datum van aankoop en word nie weer aangepas by nuwe waardasies nie.

4.8 **Lening deur 'n kerkraad aan 'n leraar toegestaan**

'n Versoek is aan die FK gerig om leiding en advies te gee oor hierdie praktyk.

Die FK se standpunt word soos volg geformuleer:

Dit is nie wenslik dat 'n kerkraad aan 'n persoon 'n lening toestaan uit kerklike fondse nie.

4.8.1 **Motivering**

Dit kan vele probleme skep en aanleiding gee tot allerhande ongelukkige en negatiewe gesindhede. Daarom moet dit geheel ontmoedig word.

4.9 **Datum van demissie of bevestiging van leraars**

4.9.1 Die rekenmeester het gerapporteer dat die kantoor heelwat probleme ondervind met die berekening van die bydraes aan die pensioenfonds en die mediese skema wanneer die bevestiging en demissie in die middel van 'n maand plaasvind.

4.9.2 AANBEVELINGS

4.9.2.1 Die sinode versoek kerkrade om sover moontlik die demissie en bevestiging van 'n leraar so na as moontlik aan die begin of einde van 'n maand te laat plaasvind.

4.9.2.2 Die sinode besluit dat die volgende reëling by demissie en bevestiging van leraars sal geld:

- **Indien 'n leraar voor of op die 15e van 'n maand in 'n nuwe gemeente bevestig word (demissie ontvang), dra die gemeente waar hy bevestig word die volle maandelikse deel van die premie aan die pensioenfonds en die mediese fonds waarvoor die kerkraad verantwoordelik is.**
- **Indien 'n leraar na die 15e van 'n maand bevestig word, dra die gemeente wat hy verlaat het, die volle maandelikse deel van die premie aan die pensioenfonds en die mediese fonds waarvoor die kerkraad verantwoordelik is.**

4.10 **Finansiële bydrae van gemeentes aan die sinode**

4.10.1 Daar het nog by elke sinode etlike beskrywingspunte gedien wat die basis of die inhoud van die kerkrade/gemeentes se bydrae aan die werksaamhede van die sinode wil verander. Die FK het geoordeel dat dit voordelig sal wees om die basiese gedagtes wat van die eerste sinode af by die besluite en aanbevelings van die FK gegeld het, so volledig as moontlik aan die sinode voor te lê.

4.10.2 Die basis van die FK se werksaamhede is in die besluit wat by die eerste en tweede sinode opgeneem is, opgesluit, nl.:

1. *Die sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste.*
2. *Die sinode stel as beleid dat gemeentes almal dieselfde persentasie van die gemeente se totale inkomste aan die sinode oorbetaal.*

4.10.3 Die redes en motivering vir bogenoemde riglyne kan onder die volgende punte saamgevat word:

1. 'n Persentasiebasis is die regverdigste en billikste metode.

   Voorbeeld: 'n gemeente met 'n inkomste van R100 000 kan *bekostig* om R10 000 (10%) te betaal. So kan 'n gemeente met inkomste van R50 000 *bekostig* om R5 000 (10%) te betaal.

2. Indien die bydrae per lidmaat bereken word, kan sommige gemeentes baie swaar *belas* word.

   Voorbeeld: 'n gemeente wat welvarend is, met 100 lidmate en inkomste van R100 000, dra R100 per lidmaat by, nl. R10 000, (10%).

   'n Gemeente, minder welvarend, met 100 lidmate en inkomste van R50 000, dra R100 per lidmaat by, nl. R10 000, (20%).

   Dit is tog duidelik dat die eerste voorbeeld se bydraes billiker en meer eweredig is.

4.10.4 Reeds by die eerste sinodes het die FK die standpunt ingeneem dat die stelsel van berekening van bydraes vir **geen uitsonderings** opening moet laat nie. Enkele lede wat deur die jare op die FK gedien het, het ondervinding van finansiële sake by ander kerke opgedoen. Hulle standpunt was deurentyd dat uitsonderings op die reëling van die stelsel van bydraes moontlikhede laat vir allerhande ongerymdhede. Selfs die besluite van die sinode van 1991, toe sekere toegewings met kapitaal- en trustfondse gemaak is, het aanleiding gegee tot vele verkeerde toepassings van die betrokke besluite. Daarom neem die FK nog steeds die standpunt in dat dit die beste is om geen uitsluitings of uitsonderings toe te laat nie.

4.10.5 'n Ander baie belangrike beginsel wat van die eerste sinode af beklemtoon is, is dat die stelsel van bydraes **eenvoudig berekenbaar** moet wees. Indien een of ander vorm van aftrekkings of uitsluitings ingevoer word, beteken dit soms ingewikkelde berekenings wat groter moontlikhede vir foute skep. 'n Persentasiebasis is daarteenoor die maklikste: kry die totale syfer van ontvangste en bereken die persentasie.

4.10.6 Die FK het in 1997 besluit om weer die beginsel toe te pas dat die ontvangste uit gemeentes van die vorige jaar gebruik word om die begroting vir die volgende jaar op te stel. (Die bedrag deur die Kerkkantoor ontvang in 1995 is dus gebruik om die begroting vir 1997 vas te stel.)

4.10.7 Die FK word dikwels daarvan beskuldig dat hy net beloftes maak oor vermindering van die persentasie van bydraes, en dat dit nooit realiseer nie. Die aanvrae en behoeftes van die kerkverband het dit tot sover werklik nie moontlik gemaak om 'n vermindering in te bring nie.

Voorbeelde:

1. Die sinode het reeds in 1991 besluit dat 'n vyfde dosentepos in die Teologiese Skool ingestel moet word. In 1995 is 'n voorstel deur 'n lid van die sinode ingedien dat die bydrae van kerkrade op 15% vasgestel word, sodat die instelling van hierdie pos bespoedig kan word. Die FK het tot in 1996 geoordeel dat daar nie fondse beskikbaar is nie. Toe die finansiële posisie verbeter het, is die bedrag dadelik begroot.
2. Die SKK het telkens aangevra dat die Bedieningsfonds vergroot word, sodat kleiner gemeentes finansieel gehelp kan word. In opdrag van die sinode is dit gedoen.

4.10.8 Toe die aanvrae van kommissies in 1996 te hoog was, is die aanvrae na al die kommissies terugverwys met die opdrag dat dit met 14% besnoei moes word, sodat dit kon inpas by die inkomste van 1995. Die FK het tewens deur al die jare heen alle kommissies voortdurend versoek om die grootste moontlike besparings toe te pas.

4.10.9 In 1991 het die sinode besluit, buite die aanbeveling van die FK om, dat kapitaal- en trustfondse van 'n kerkraad uitgesluit word by die berekening van die bydrae aan die BRKA. Die Tydelike FK het destyds gewaarsku dat dit afstuur op 'n bankoortrekking van tussen R1 000 000 en R2 000 000. Dit het presies so gebeur, soos in die verslag aan die sinode van 1993 aangedui is. Daarom aanvaar die FK dat sy gedagte van geen uitsonderings op die persentasie-basis of die vasstelling van die berekenbare bedrag korrek is.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 Wysiging van stelsel waarop sinodale bydrae bereken word

5.1.1 Ring van Clanwilliam

Die sinode besluit dat die huidige stelsel, waarop kerke (gemeentes) 15% van hul inkomste as heffing betaal, verval en dat die heffing voortaan soos volg bereken word:

1. Die FK se begroting word aan die volle sinodesitting voorgelê vir goedkeuring.
2. Die goedgekeurde begrote bedrag word gedeel deur die aantal belydende lidmate van die kerke in kerkverband.
3. Sodanige bedrag soos wat die som in (2) gee, word deur die sinode as heffingsbedrag per lidmaat per jaar, goedgekeur.
4. Elke kerk (gemeente) word belas met die goedgekeurde heffingsbedrag, vermenigvuldig met die aantal belydende lidmate wat in die kerk (gemeente) is wanneer die begroting goedgekeur word en wat kontroleerbaar is uit die F1–vorms wat maandeliks ingedien word. Daar kan kwalik ongerymdhede insluip.
5. Hierdie jaarlikse heffingsbedrag is maandeliks vooruitbetaalbaar en bly konstant vir een jaar.
6. Die heffingsbedrag kan in die jaar waarin daar nie 'n sinodesitting is nie, met dieselfde persentasie as die aanbevole traktementskale, aangepas word.

Motivering

a. Hierdie is 'n beproefde stelsel in kerkadministrasie en werk met groot sukses.

b. SKK, of dan die FK, kan met 'n groter mate van sekerheid reken op 'n stabiele en betroubare begrote inkomstebedrag, aangesien 'n persentasie berekende inkomstebegroting – soos tans die geval is, tog 'n abstraksie en potensieel wisselvallige inkomstebegroting is.

c. Lidmateregisters sal op datum gehou word deur kerke (gemeentes) soos deur die Kerkorde voorgeskryf, sodat hulle nie onnodig belas word nie.

d. Kontrole deur die ring tydens visitasie vereenvoudig.

e. Dit sal meebring dat kleiner kerke (gemeentes) meer regverdig belas word, want pro rata dra elke lidmaat dieselfde by.

f. Kleiner kerke (gemeentes) in die platteland, waar lidmate tradisioneel meer offervaardig is, maar dikwels dieselfde uitgawebegroting as 'n gemiddelde stedelike kerke (gemeente) het, aangesien leraars op dieselfde skaal vergoed word en onderhoud aan geboue steeds gedoen moet word, kan nou ook fondse beskikbaar stel vir Evangelieverkondiging en moontlik ook bouprojekte, sonder om die groter kerke (gemeentes) te finansier aangesien hulle nou, per lidmaat, dieselfde bydra tot die begroting van die kerk in kerkverband.

g. Indien die huidige begrote inkomste nie 'n abstraksie en potensieel wisselvallige bedrag is nie, soos die motivering van die FK vir die vorige sinode beweer, sou die FK dan nou reeds vir die sinode kan sê wat die inkomste vir die volgende jaar gaan wees, ten spyte van droogtes, laksheid, ens.? Om die persentasie bydrae te bereken moet hierdie verwagte inkomste tog immers in ag geneem word.

(i) Voorbeeld van huidige situasie

Gemeente A: 100 lidmate, en wat die FK betref, 'n verwagte maandelikse ontvangste van R15 000. 15%-bydrae beteken R1 500. Gemeente B: 1 000 lidmate en 'n verwagte maandelikse ontvangste van R35 000, 15%-bydrae beteken R5 250.

Per lidmaat dra gemeente A – wat 'n klein plattelandse gemeente met 'n predikant is, 'n maandelikse bedrag van R15 by.

Per lidmaat dra gemeente B – wat 'n groot stedelike gemeente met 'n predikant is, 'n maandelikse bedrag van R5-25 sent by.

Bo en behalwe hierdie groter heffingsbedrag moet gemeente A nou nog fondse kry om die leraar en hul standplaas te onderhou. Hierdie addisionele fondse is ook belasbaar met die 15%, aangesien dit gewoon nog 'n inkomste is. Dit is duidelik dat die kleiner gemeente se lidmaat baie swaarder belas word as die groot gemeente se lidmaat.

(ii) Voorbeeld van voorgestelde situasie

Dieselfde twee gemeentes in voorbeeld (1) word gebruik:

Die veronderstelling is:

(a) Dat die sinode 'n begroting goedkeur van R4 000 000.

(b) Dat die sinode die verslag goedkeur waarin die aantal lidmate in kerkverband weergegee word en dat hierdie aantal, ter wille van die illustrasie, 40 000 lidmate is.

Gemeente A het 100 lidmate.
Gemeente B het 1 000 lidmate.

Die heffingsbedrag wat deur die sinode goedgekeur word is die begrote bedrag (R4 000 000) gedeel deur die aantal lidmate (40 000). Dit maak die heffingsbedrag R100-00 per lidmaat per jaar.

Die maandelikse vooruitbetaalbare heffingsbedrag is dus R8-33 per lidmaat per maand.

Gemeente A se maandelikse bydrae is nou R8-33 vermenigvuldig met 100 lidmate. Dus R833-00.

Gemeente B se maandelikse bydrae is nou R8-33 vermenigvuldig met 1 000 lidmate. Dus R8 333-00.

5.1.2 **Ring van Klerksdorp**

Die sinode beveel aan dat die huidige 15% bydrae deur gemeentes vervang word deur 'n vaste bydrae-stelsel, gebaseer op die aantal belydende en dooplidmate binne die kerkverband.

Motivering

1. **Tekortkominge van die huidige 15% heffing**

1.1 Die risiko bestaan dat die SKK met hierdie stelsel nie die volle koste verhaal nie, deurdat gemeente-inkomste waarop heffing bereken word, nie gegewe is nie.

1.2 Hierdie stelsel benadeel gemeentes wat deur middel van gemeentelike projekte en ander werkswyses addisionele fondse insamel.

1.3 Die basis skep die geleentheid dat gemeente-inkomste nie verklaar word nie en dat 15% heffing nie ten volle oorbetaal word nie.

1.4 Gemeentes kan nie tydens die opstel van die begroting die SKK-heffing as 'n uitgawe akkuraat begroot nie.

2. **Nuwe voorgestelde basis**

2.1 **Funksionering van die stelsel**

2.1.1 Die aantal lidmate van 'n gemeente dien as basis waarvolgens 'n streek, ring en gemeente se aandeel tot die totale koste van die SKK bereken word.

2.1.2 Hierdie is 'n vaste basis wat elke gemeente se aanspreeklikheid vooraf bepaal en 'n gemeente betaal maandeliks aan SKK 'n vaste bedrag ongeag die inkomstevlak van die gemeente in die bepaalde periode.

2.1.3 Die SKK gebruik 'n bepaalde jaar se koste (byvoorbeeld begroting vir 1997) en die deler vir die koste per gemeente is die aantal lidmate (byvoorbeeld jongste statistiek vir lidmaattal vir 1996). Op so 'n wyse kan die SKK sy volle koste vir 'n periode verhaal.

2.2 Voordele van die stelsel

2.2.1 Gemeentes is vooraf bewus van die totale aanspreeklikheid tot die SKK se uitgawes.

2.2.2 Fondsinsamelingsprojekte deur gemeentes om addisionele fondse te verkry word nie beïnvloed deur 'n addisionele bydrae tot SKK-koste nie.

2.2.3 Gemeentes kan selfs besluit om eenmalig sy berekende aanspreeklikheid aan die begin van 'n jaar te betaal wat 'n bedryfskapitaal voordeel vir die SKK-administrasie inhou.

3. Samevatting

3.1 Hierdie voorgestelde basis vir bydrae tot SKK-koste is 'n aanvaarde kosteberekeningsbeginsel wat ook in die rekeningkundige praktyk aanvaar word en omdat dit ook 'n regverdige verspreiding van koste tot gevolg het, rig ons 'n ernstige versoek vir die aanvaarding en implementering daarvan tot die SKK-administrasie.

Bylae 1 by beskrywingspunt van ring van Klerksdorp

Huidige basis vir verhaling van SKK koste

Verwys Handelinge van die Sewende Sinode gehou te Pretoria: bl 284

1. Begroting vir 1996

Samevatting

	BEDRAG
BRKA	1 658 100 00
SKK	640 000 00
KURATORIUM	951 600 00
PUBLIKASIEKOMMISSIE	80 000 00
KOMMISSIES	168 500 00
KAPITALE DELGING	350 000 00
TOTAAL	3 848 200 00

2. Verwagte bydraes vanaf gemeentes

	BEDRAG
15% HEFFING OP GEMEENTE INKOMSTE	3 600 000 00

3. Beraamde tekort

	BEDRAG
ONVERHAALDE UITGAWES 1996	248 200 00

Bylae 2 by beskrywingspunt van Klerksdorp

Voorgestelde nuwe basis vir herhaling van SKK koste

Vaste bydrae gebaseer op aantal belydende- en dooplidmate volgens statistiek in Jaarboek vir 1995

1. Begroting vir 1996 (Verwys bylae 1)

Samevatting

	BEDRAG
BRKA	1 658 100 00
SKK	640 000 00
KURATORIUM	951 600 00
PUBLIKASIEKOMMISSIE	80 000 00
KOMMISSIES	168 500 00
KAPITALE DELGING	350 000 00
TOTAAL	3 848 200 00

2. Vaste bydrae per streek

	AANTAL LIDMATE	TOTAAL BEDRAG
TRANSVAAL	31 339	2 314 400
NATALIA	1 502	110 923
OVS	10 211	754 087
KAAPPROVINSIE	8 353	616 873
NAMIBIË	703	51 917
TOTAAL	52 108	3 848 200

3. Vaste bydrae per ring in Transvaal

	AANTAL LIDMATE	TOTAAL BEDRAG
BENONI	2 454	181 229
DENDRON	2 557	188 836
DERBY	1 863	137 583
ERMELO	733	54 132
GERMISTON	759	56 053
HEIDELBERG	953	70 379
KLERKSDORP	1 495	110 406
LICHTENBURG	1 574	116 241
MIDDELBURG	2 671	197 255
SUB TOTAAL	15 059	1 112 1[illegible]4

Vaste bydrae per ring in Transvaal (vervolg)

	AANTAL LIDMATE	TOTAAL BEDRAG
MIGDOL	1 695	125 177
MOOINOOI	2 593	191 494
MOOT-SENTRAAL	3 472	256 409
MORGENZON	1 135	83 820
NABOOMSPRUIT	1 474	108 856
NELSPRUIT	1 771	130 789
POTGIETERSRUS	1 556	114 911
ROODEPOORT	1 498	110 628
VEREENIGING	1 086	80 202
SUB TOTAAL	16 280	1 202 286
TOTAAL VIR ALLE RINGE IN TRANSVAAL	31 339	2 314 400

4. **Vaste bydrae per gemeente van Klerksdorp ring**

	Aantal lidmate	Bydrae per jaar	Bydrae per maand
BLOEMHOF	166	12 259	1 022
KLERKS-DORP	694	51 252	4 271
LEEU-DORING-STAD	108	7 976	665
POTCHEF-STROOM	487	35 965	2 997
ANDER	40	2 954	246
TOTAAL VIR GEMEENTES	1 495	110 406	9 201

5. **Vaste bydrae per lidmaat**

	RAND PER LIDMAAT
BLOEMHOF	74
KLERKSDORP	74
LEEUDORINGSTAD	74
POTCHEFSTROOM	74
ANDER	74
TOTAAL VIR GEMEENTES	74

5.1.3 AANBEVELING

Die sinode besluit om te hou by die besluit van 1993 (en wat herhaal is in 1995): Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontant-ontvangstes (1993: Notule bl. 253, pt. 6.2.1; 1995: Notule bl. 277, pt. 11.1.1).

5.1.4 **Motivering i.v.m. beskrywingspunt van ring van Clanwilliam:**

1. Die FK beskou 'n persentasie-berekening as die billikste.
2. Verwys na pt. 4.10.3
3. Verwys na pt. 4.10.6.
4. Die konsekwensie hiervan is dat die beraamde uitgawe as norm geneem word, terwyl die sinode reeds in 1987 besluit het dat die beraamde inkomste as norm gebruik word.

5.1.5 **Motivering i.v.m. beskrywingspunt van ring van Klerksdorp:**

1. Die FK het steeds geoordeel dat by berekeninge rondom finansies die getal belydende lidmate as maatstaf geneem word, aangesien dooplidmate nie wesenlike bydraes tot die kerklike fondse maak nie. Die bydrae per lidmaat sal dan R96 beloop (36 999 belydende lidmate).
2. Vir die meer welvarende gemeente sal R96 per lidmaat per jaar 'n geringe bedrag wees, terwyl dit vir ander 'n baie groot bedrag sal wees.

   Voorbeeld: Gemeente A, 225 lidmate, Ontvangste R250 000 p.j. dus R1 111 per lidmaat, 8,6%.

   Gemeente B, 125 lidmate, Ontvangste R80 000 p.j. dus R640 per lidmaat, 15%.
3. Ondervinding het ook al geleer dat die berekening van die getal lidmate soms groot verwarring meebring.
4. Alle stelsels het voor- en nadele. Die FK oordeel dat die persentasiestelsel uiteindelik die meeste voordele het.

5.2 **Ring van Vereeniging: Glyskaal van bydraes**

5.2.1 **Beskrywingspunt**

Die sinode besluit om die eweredige bydrae op 'n glyskaal te bereken t.w. vir elke 50 lidmate onder 300 belydende lidmate te verminder met 1% punt en vir elke 50 lidmate bo 400 met 1% te verhoog.

Motivering

Sedert kerkstigting is die optimale lidmate per gemeente gereken as 300. Tussen 300 en 400 belydende lidmate sou dus 'n billike aandui-

ding wees van 'n sterk genoeg gemeente om 'n predikantspos te dra en die wyer verantwoordelikheid by te bring. Groter gemeentes kan uiteraard naas die instandhouding van 'n predikantspos meerdere verantwoordelikheid neem, terwyl kleiner gemeentes soveel meer finansiële druk ervaar om uit beskikbare bronne 'n predikant te onderhou en dan nog alle ander verantwoordelikheid by te hou. Die ideaal van vermindering van 15% waartoe die FK en die BRKA hulle al uitgespreek het, bly net 'n droom. Hierdie is 'n poging om aan 'n ongelyke maat, al is dit steeds beperk 'n billiker bedeling uit te meet.

5.2.2 AANBEVELING

Die sinode aanvaar nie die beskrywingspunt nie.

5.2.3 **Motivering**

1. Enige glyskaal leen hom daartoe om verwarring te skep.
2. Meer berekeninge bring onteenseglik meer administrasie, vir die plaaslike kerk, sowel as vir die Kerkkantoor.
3. Dit sal verdere vertraging van oorbetaling van die maandelikse bydraes van gemeentes meebring. Die kantoor ontvang nou reeds talle bydraes baie laat.

5.3 **Beskrywingspunte rakende vrystelling van sekere gelde by berekening van bydrae aan die Kerkkantoor**

5.3.1 **Ring van Moot-Sentraal: Vrystelling van spesiaalgegenereerde fondse vir eiendomsontwikkeling asook fondse voorwaardelik vir bepaalde doeleindes beskikbaar**

Die sinode besluit dat spesiaal-gegenereerde fondse vir eiendomsontwikkeling en boudoeleindes asook fondse wat voorwaardelik deur lidmate vir 'n bepaalde doel beskikbaar gemaak word, vrygestel sal wees van bydraes tot enige sinodale fonds (wat tans 15% is).

Motivering

Die 15% sinodale heffing op bou en eiendomsontwikkelingsfondse, asook voorwaardelike skenkings vir 'n bepaalde doel, was sedert die ontstaan van die AP Kerk 'n sensitiewe en netelige saak en dit het reeds tot groot spanning, ongelukkigheid, ja selfs tot skeuring in heelwat gemeentes aanleiding gegee.

Die Kerkorde erken die beginsel dat landswette (wat nie in stryd met die Woord van God is nie) eerbiedig moet word. Lidmate beroep hul op hierdie wetlike vereiste dat wanneer fondse spesiaal en voorwaardelik beskikbaar gemaak word vir bou- en eiendomsontwikkelingsdoeleindes dit slegs vir daardie doel aangewend sal word. Die Kerkraad van Verwoerdburg oordeel dat dit onaanvaarbaar, onbillik en verkeerd is indien 'n sinode nie hierdie regsbeginsel eerbiedig nie en lidmate se vryheid om wel voorwaardelike fondse (bo- en behalwe die lidmaat se normale dankofferbydraes) te mag skenk, respekteer nie, aangesien dit sou beteken dat lidmate geforseer en onder dwang geplaas word.

5.3.2 **Ring van Moot-Sentraal: Vrystelling van fondse van jeug of senior burgers**

Die sinode besluit dat die heffing van 15% betaalbaar deur gemeentes aan die BRKA nie betaalbaar sal wees op fondse ingesamel of bygedra deur aksies van die jeug of senior burgers van die AP Kerk, vir hule eie doeleindes van bymekaarkoms of kampe vir evangelisasie of sending nie.

Motivering

Fondse ingesamel deur aksies van die jeug en senior burgers, word nie gebruik vir gemeentelike doeleindes nie. Hierdie fondse word ingesamel vir eie doeleindes (om 'n koppie tee of koffie saam te geniet, kampe te organiseer vir evangelisasie- of sendingwerk). Verder word, veral vir stranddiensaksies en *kinders van die lig* aksies, fondse spesifiek vir daardie doel bygedra deur buite-instansies en lidmate van ander kerkverbande wat nie genoeë neem daarmee dat 'n heffing daaruit *verlore* gaan nie. Hierdie fondse is dus in die boeke van die kerkraad niks meer as trustkrediteure nie.

5.3.3 **Ring van Graniet: Vrystelling van buitegemeentelike inkomste en uitgawe, leraarspos**

Ter inleiding

Die Kerkraad van die AP Kerk Bothaville, het die aangeleentheid indringend bespreek en besluit:

1. Die kerkraad oordeel dat dit elke gemeente se Christelike, morele en etiese verantwoordelikheid is om SKK-gelde oor te betaal omdat gemeentes aan die breë kerk behoort.
2. Kerkrade en gemeentes mag nie wederstrewig wees teen sinodebesluite nie.
3. Ongelukkig word baie gemeentes finansieel swaar belas deurdat selfs oortrokke fasiliteite aangegaan moet word om SKK-gelde te vereffen bv.:

i. Werklike maandelikse inkomste	R6 000-00
ii. Verpligte maandelikse uitgawes	R6 500-00
iii. SKK-gelde	R 900-00
Totale uitgawes	R7 400-00

4. In die lig hiervan die volgende beskrywingspunt:

Die sinode besluit:

4.1 Dat alle gemeentes 15% van hulle totale inkomste aan die SKK oorbetaal.

4.2 By hierdie 15% is uitgesluit skenkings en donasies wat vir 'n spesifieke buitegemeentelike doel of fonds ingesamel word (bv. Bybelverspreiding, Willie Lubbe Teologiese fonds ens.)

4.3 Dat hierdie 15% bereken word nadat alle uitgawes eers afgetrek is (vergoedingspakket van leraar, salarisse van amptenare, water en ligte, uitgawes aangegaan vir basaar ens.)

OF

4.4 Dat hierdie 15% bereken word nadat die volgende uitgawes afgetrek is:

4.4.1 'n Gemeente met 'n leraarspos: R60 000–00 per jaar.

4.4.2 'n Gemeente sonder 'n leraarspos: R30 000–00 per jaar.

4.5 Motivering

1. Verskeie gemeentes gaan gebuk onder finansiële druk.
2. Sodanige toegewing sal druk verminder en lidmate meer vrymoedig stem om dankoffers te gee. Hierby baat gemeentes en SKK.
3. Gemeentes meer vrymoedig stem om bydraes te maak vir byvoorbeeld Willie Lubbe Teologiese fonds. Dit is net onregverdig dat wanneer 'n skenking gemaak word met die versoek om dit aan die Willie Lubbe studiefonds oor te betaal, die gemeente 'n bykomende 15% moet oorbetaal. (Dit geld ook vir Bybelverspreiding.)

5.3.4 **Ring van Germiston: Vrystelling vir buitengewone fondsinsameling**

Vrystelling 15% op langtermyn fondsinsamelingsprojekte

Die sinode besluit dat buitengewone langtermyn fondsinsamelingsprojekte, wat 'n gemeente se voortbestaan verseker, of voorkom dat bedieningshulp aangewend sal moet word, van sinodale verpligting uitgesluit word.

Motivering

Enkele gemeentes is in 'n bestaan- of oorlewingstryd gewikkel en slaag slegs daarin, omdat langtermyn fondsinsameling met groot opoffering deur lidmate gedoen word. Sou hierdie fondsinsameling gestaak word sal uit die bedieningsfonds gehelp moet word, 'n fonds wat sekerlik almeer getap sal word namate die ekonomiese toestand in ons land versleg.

Hierteenoor, is die 15% sinodale verpligting wat vrygestel word 'n geringe bedrag vergeleke met die bedrag bedieningshulp, en sal dit die lidmate van die betrokke gemeentes wat met sulke projekte besig is, bemoedig en aanspoor.

5.3.5 **Ring van Germiston: Vrystelling van 15% op langtermyn fondsinsameling**

Toegewing vir fondsinsameling

Die sinode besluit dat kerkrade vrystelling kan kry vir buitengewone fondsinsamelingsprojekte vir skulddelging.

Vereistes vir vrystelling:

1. Vrystelling geskied op meriete.
2. Die finansiële state van die aansoeker moet toon dat daar wel 'n gesonde styging in normale inkomste van die gemeente plaasvind, insluitende fondsinsamelingsprojekte.

5.3.6 **Ring van Graniet: Persentasie van netto inkomste**

Die sinode besluit dat 'n persentasie van die *netto* inkomste van 'n plaaslike kerk (gemeente) gehef word.

Motivering

1. By baie plaaslike kerke is dit 'n wesentlike probleem dat uitgawes vir instandhouding van kerk en erediens veel hoër is as die inkomste.
2. Volgens die kerkregeringstelsel van die Afrikaanse Protestantse Kerk is die plaaslike kerk 'n volledige openbaring van die liggaam van Christus. Volgens die beginsel *moet* die plaaslike kerk in die eerste plek volledig en sonder gebrek versorg word.

5.3.7 **Ring van Vereeniging: Fondse vir Barmhartigheidsdiens en Bybelverspreiding vrygestel**

Die sinode besluit om:

1. Geld wat deur 'n diakonie/kerkraad ontvang word vir:

1.1 Diens van barmhartigheid vry te stel van 15% oorbetaling aan die BRKA.

Motivering

Geen gelowige wie se hart in ontferming uitgaan na 'n geloofsgenoot in nood reik 'n sny brood aan die nooddruftige waarvan eers 15% afgebreek is om administrasiekoste te dek nie. Dit betaam nie die kerk van Jesus Christus om so ingestel te word op inkomste nie.

1.2 Bybelverspreiding vry te stel van 15% oorbetaling aan die BRKA.

Motivering

In wese is dit trustgeld wat deur die skenker toevertrou is aan die kerkraad as regshandelende persoon om dit doelmatig te hanteer namens die skenker. Om nou 15% af te trek voor hantering skend die wil van die skenker en plaas onbillike druk op die kerkraad om bv. dankoffer wat aangewend moet word o.a. vir instandhouding van die erediens te onttrek vir oorbetaling van 15% op trustgeld.

5.3.8 AANBEVELING

Die sinode besluit om geen insamelings of fondse vry te stel by die berekening van die persentasie vir die sinodale bydrae nie en dus te bly by die besluit van 1995 (Handelinge bl. 277, pt. 11.1.1).

5.3.8.1 **Motivering**

1. Vrystellings of uitsonderings bring gewoonlik verwarring en skep moontlikhede vir allerlei verkeerde berekeninge. Indien kerkrade in die verlede toegewings wat gemaak is, reg hanteer het, sou dit dalk nog oorweeg kon word.
2. By *buite-gemeentelike* insamelings, soos bv. vir Bybelverspreiding kan die kerkraad instaan vir die % oorbetaling uit sy lopende fondse.
3. Dit moet steeds in gedagte gehou word dat die gelde wat aan die sinode (kerkverband) oorbetaal word, nog steeds in kerkdiens gebruik word. Dit word tog nie aan buitekerklike-instansies bestee nie.

5.3.9 **FK antwoord op beskrywingspunte**

5.3.9.1 Die FK steun die eerste punt van die beskrywingspunt van die ring van Graniet, 5.3.3 (vergelyk pt. 4.3 van die verslag).

5.3.9.2 Ten opsigte van skenkings vir 'n buitegemeentelike doel, vergelyk pt. 2 van die motivering by 5.3.8.1.

5.3.9.3 Indien alle uitgawes eers afgetrek word, sal dit in die meeste gevalle beteken dat die netto inkomste op R0 te staan kom. So 'n kerkraad hoef dus geen bydrae aan die sinodale fondse te maak nie. Na die besluit van 1991 het dit selfs voorgekom dat 'n kerkraad besluit het dat die leraar uit 'n *trustfonds* besoldig is. Wat dus gewone lopende uitgawe moes wees, is deur 'n verkeerde interpretasie vrygestel. Ander gemeentes moes dus weer met subsidiëring die laste dra.

5.3.9.4 Om 'n sekere bedrag af te trek vir koste aan die leraarspos, bring ook weer talle vrae en onduidelikhede. Uiteindelik skep dit dan weer meer verwarring en onsekerhede.

5.3.9.5 Die gedagte van die ring van Germiston (5.3.5) dat die voorwaarde gestel word dat die finansiële state 'n gesonde groei moet toon, is nie prakties nie. Wie gaan byvoorbeeld daardie kontrole doen? Dit laat weer die deur wawyd oop vir misverstande en verkeerde interpretasies.

5.3.9.6 In 1991 het die sinode besluit om die persentasie van bydrae te bereken op die netto inkomste, soos die ring van Graniet nou voorstel (5.3.6). Die voorstel van die ring van Germiston dat *buitengewone fondsinsamelingsprojekte vir skuldelging* vrygestel moet word, sluit hierby aan. Die gevolg van die besluit van 1991 was dat die BRKA met 'n oortrokke rekening van bykans R1 000 000 moes worstel, met al die rente wat dit meegebring het. Talle aftrekkings is deur kerkrade gemaak wat nie by die bedoeling van die besluit ingereken was nie.

5.4 **Beskrywingspunte rakende vermindering van die persentasie onder die huidige stelsel**

5.4.1 **Ring van Graniet: Verminder na 10%**

Die sinode besluit om die 15%-bydrae te verminder na 10%.

Motivering

Kleiner gemeentes kan nie langer die mas opkom en dan ook nog hulle plaaslike verpligtinge nakom nie.

1. Versoek die sinode om die gemeentelike bydraes vanaf die kerke aan die raad van finansies vanaf 15% na 10% te verminder.

   Sinode na sinode word oor die probleem gepraat maar elke keer word nie gehoor aan die versoek gegee nie. Daar word gemerk dat by visitasie die visitatore elke keer moet navorsing doen om seker te maak dat die betrokke gemeente sy bydrae van 15% bybring. Wat 'n ellelange proses, om die nodige fondse, met polisiëring in die kerkkas of beurs te kry.

Kom ons versoek hierdie sinode dringend om goedkeuring daaraan te verleen om die 15% na 10% te verminder maar dan verwag ons van almal om die 10% sonder mik of stoot te betaal, dat ons nie polisie moet speel om geld vir die kerk van die Here te in nie.

2. Die kleiner gemeentes kan nie langer die mas opkom en dan ook nog hulle plaaslike verpligtinge nakom nie. Die FK van die sinode belowe van sinode tot sinode dat daar gekyk sal word na die bydrae van 15%.

   Indien daar nie dringend aandag gegee word aan die saak nie, sal al hoe meer gemeentes hulle wend tot wanpraktyk om die 15% te omseil.

   Die hele befondsing klink vir my so wêrelds in 'n kerk van Christus. Hoekom veg ons daaroor. Die Bybel vra ons tog om ons tiendes te bring en nie meer nie. Die kerk is mos nou na 10 jaar op dreef, ek dink ons kan dit bekostig.

5.4.2 **Ring van Moot-Sentraal: 15% verminder na 10% of ander laer persentasie**

Die sinode besluit dat die heffing van 15% betaalbaar deur gemeentes aan die BRKA verminder word na 10%, of sodanige laer persentasie as wat die noodsaaklike behoeftes van die BRKA dikteer.

Motivering

Verder in die algemeen, lê die huidige vlak van 15% waarteen die heffing aangeslaan word, 'n byna ondraaglike las op die gemeente en moet beslis aandag geniet tot verlaging daarvan na 10% of laer.

5.4.2.1 AANBEVELING

Die sinode besluit om die moontlike vermindering te bespreek as die begroting vir 1998 behandel word tydens die addendumverslag.

5.5 **Beskrywingspunt rakende die alimentasiefonds: ring van Vereeniging**

Die sinode besluit om:

1. Die alimentasiefonds as fonds afsonderlik te behou;
2. jaarliks die rente te kapitaliseer teen heersende rentekoers;
3. die beheer onder die kommissie van Diens van Barmhartigheid te plaas en dit by die lasgewing van die kommissie by te werk;
4. die BRKA te weerhou van vetoreg of onnodige vertraging van oorbetaling van gelde deur die kommissie van Diens van Barmhartigheid.

Motivering

1. Die fondse dateer uit die dae van 'n besondere ramp in die land en behoort beskikbaar te wees vir rampomstandighede (wat individuele gesinne) of gemeentes kan tref. (Werkloosheid, toemaak van 'n myn of afbetaling vanweë onbillike arbeidspraktyke sou seker gronde wees om 'n ramp aan te dui).
2. Die beheer van die fonds is nie toegewys aan enige kommissie nie. Die naam van die Fonds en die doel daaragter plaas dit onder beheer van die Kommissie vir Diens van Barmhartigheid.

5.5.1 AANBEVELING

5.5.1.1 Die sinode besluit dat die alimentasiefonds aangewend word vir besondere rampomstandighede wat in die land of in 'n bepaalde gemeenskap mag voorkom.

5.5.1.2 Die sinode besluit dat die alimentasiefonds deur die BRKA beheer word.

5.5.1.3 Die sinode besluit dat die BRKA 'n reglement opstel waarvolgens die alimentasiefonds beheer sal word.

5.5.2 **Motivering van aanbeveling van FK**

1. Die alimentasiefonds word nog altyd as afsonderlike fonds hanteer.
2. Volgens besluit van 'n vorige sinode word by alle trustfondse en -rekeninge jaarliks rente gekapitaliseer.
3. Omdat hierdie fonds geskep is vir besondere rampomstandighede oordeel die FK dat die huidige reëling moet bly geld en dat die fonds onder beheer van die BRKA bly. Die BRKA kan enige kommissie raadpleeg by die besteding van fondse.
4. Die FK is nie bewus van enige vetoreg wat die BRKA of enige ander kommissie het by besteding van bepaalde fondse nie.

5.6 **Beskrywingspunt rakende** *Die Boodskapper* : ring van Vereeniging

Die Boodskapper weer te laat verskyn en te versprei uit die begroting.

Motivering

Met die aanvanklike besluit van die 15% oorbetaling, was die druk en verspreiding van *Die Boodskapper* op rekening van die begroting. Die wysiging van hierdie besluit, het net verdere druk op die uitgawes van die plaaslike kerke

geplaas. Deur *Die Boodskapper* so te hanteer soos voorgestel voorkom dat sommige kerkrade te min bestel en die effektiewe kommunikasiemiddel nie elke besoekpunt bereik nie.

5.6.1 AANBEVELING

Die sinode besluit om te bly by die huidige reëling dat *Die Boodskapper* uitgegee word deur die Publikasiekommissie.

5.6.2 **Motivering**

1. Die ideaal sou eerder wees dat *Die Boodskapper* finansieel selfstandig sou wees.
2. Aangesien dit nie prakties uitvoerbaar is nie, word *Die Boodskapper* nog steeds deur die begroting gesubsidieer, juis met die doel dat die blad alle besoekpunte moet bereik.
3. Of die kerkrade self die koste van die blad by wyse van intekening dra, en of die blad deur die begroting van die sinode gedra word, die uitgawe word in elk geval deur die kerkrade gedra.

6. BEGROTING VIR 1997

6.1 Die aanvrae van die kommissies vir 1997 was geweldig hoog. Dit het 'n vermeerdering van 29% bo die begroting van 1996 verteenwoordig. Die FK het in November 1996 al die aanvrae na die kommissies terugverwys met die versoek dat minstens 14% besnoei moet word. Die kommissies het baie positief gereageer, sodat 'n realistiese begroting vir 1997 opgestel kon word.

6.2 **Die volgende besluite is op 30 Januarie 1997 geneem:**

6.2.1 **Begroting vir 1997**

6.2.1.1 Die FK spreek sy dank uit teenoor die rekenmeester vir die voorbereidende werk wat gedoen is om al die veranderde gegewens vir die begroting te bekom.

6.2.1.2 Die FK neem kennis dat daar nie 'n aangepaste begroting van die volgende kommissies ontvang is nie:

Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek en Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

6.2.1.3 Na breedvoerige bespreking word die begroting soos volg goedgekeur:

1. **Inkomste**

Die FK besluit om die formule wat reeds in 1988/89 aanvaar is, weer streng toe te pas, nl. dat die vorige jaar se 15%-bydrae van gemeentes geneem word as inkomste vir die volgende jaar se begrote uitgawes. Dit beteken dat die inkomste van 1995 se 15% bydraes as basis geneem word vir 1997 se begroting nl. afgerond op R4 200 000.

2. **Uitgawes**

6.3 Totale uitgawebegroting vir 1997

	WERKLIK 1995	BEGROOT 1996	AANVRAAG 1997	HERSIENE AANVRAAG 1997	BEGROOT 1997	% VERMINDERING
	R	R	R	R	R	%
Ad hoc-Hersieningskommissie			21 000	18 000	18 000	14.3
Argief	43 001	50 000	46 000	44 530	44 500	3.3
Barmhartigheidsdiens	450	12 500	13 750	10 450	10 400	24.4
BRKA	1 390 396	1 658 100	1 915 000	1 854 000	1 854 000	3.2
Bybelverklaring	8179	10 000	10 000	10 000	8 600	14.0
Finansies	13 989	15 000	20 000	20 000	17 000	15.0
Formuliere en Liturgie	142	1 000	17 000	14 637	14 600	14.1
Jeug en Verbondsonderrig	3 365	20 000	30 000	25 800	25 800	14.0
Kerkleer en Christelike Etiek	430	5 000	5 000	5 000	4 300	14.0
Kerkregtelike Sake	33 261	25 000	35 000	35 000	30 000	14.3
Kerksang en -musiek	20 067	30 000	30 000	25 800	25 800	14.0
Kuratorium	873 653	951 600	1 287 300	1 230 300	1 226 700	4.7
Publikasies	152 000	80 000	282 000	242 520	242 500	14.0
SKK	523 768	640 000	830 000	750 000	750 000	9.6
	3 062 701	3 498 200	4 542 050	4 286 037	4 272 200	5.9
KAPITAALITEMS	350 000	350 000	450 000	180 000	180 000	60.0
	3 412 701	3 848 200	4 992 050	4 466 037	4 452 200	10.8

NOTAS:

1. Vra dat besparing op kapitaalitems aangewend word om 'n vermindering van 14% teweeg te bring.
2. Vra dat besparing op 1996 se begroting by hierdie bedrag gevoeg word.
3. Geen hersiene begrotings ontvang nie.
4. Onderbegroting op meubels en toerusting word versprei oor 5 jaar.

BEGROTE TEKORT R252 200.

BRKA: BEGROTING 1997

	BEGROTING 1996 R	WERKLIK TOT 30/9/96 R	BEGROTING 1997 R
UITGAWES	1 658 100	1 228 430	1 854 000
APK - Trustfonds	120 000	60 000	
APK Jeugtuiste - verlies		38 721	24 000
Bankkoste	1 000	2 996	4 000
Diverse	5 000		5 000
Groepversekering	55 000	33 197	55 000
Huur van toerusting	25 000	15 034	20 000
Instandhouding - geboue/terrein/meubels	80 000	61 643	200 000
Mediese bystand afgetrede lede		26 017	50 000
Munisipale koste	55 000	7 255	40 000
Ouditgelde	3 600		4 000
Posgeld	15 000	7 974	15 000
Regskoste	10 000	2 148	5 000
Reiskoste - administratief	35 000	19 091	35 000
Reiskoste & etes - vergaderings	45 000	7 267	20 000
Rente betaal		2 281	4 000
Salarisse - administratief	1 100 000	871 616	1 255 000
Skryfbehoeftes	50 000	29 512	50 000
Spaarplan - leraars	11 500	11 364	12 000
Spyseniering en verversings	6 000	3 141	6 000
Telefoon en faks	25 000	17 679	30 000
Versekering	16 000	11 494	20 000
KAPITAALITEMS	310 000	105 600	180 000
Meubels en toerusting	100 000	105 600	80 000
Verbeterings geboue	210 000	-	100 000
	1 968 100	1 334 030	2 034 000

KOMMISSIE VIR BYBELVERKLARING – BEGROTING

Die KVB het in die 1996 boekjaar nie sy volle bedrag opgeneem nie as gevolg van die feit dat daar minder geskeduleerde vergaderings was as wat aanvanklik beplan is aangesien die werksopdragte wat die lede gekry het meer tyd in beslag geneem het as wat aanvanklik gemeen is.

Die kommissie sal in hierdie boekjaar (1997) sy volle begrote R10 000-00 opneem en versoek die FK om die surplus uit die vorige boekjaar ook tot die kommissie se beskikking te stel sou dit nodig wees vir buitengewone vergaderings met die aanloop tot die sinode.

KURATORIUM: BEGROTING VAN UITGAWES VIR 1997

ITEM	BEGROOT 1996 R	WERKLIK TOT 30/09/96 R	BEGROOT 1997 R
DOSENTEVERGOEDING	540 000	435 266	701 000
REISKOSTE: DOSENTE	30 000	24 375	38 000
REISKOSTE: VERGADERINGS	30 000	26 634	30 000
BIBLIOTEEKFONDS			10 000
WILLIE LUBBE STUDIEFONDS	200 000	200 000	256 000
	800 000	686 275	1 035 000
ANDER UITGAWES			
Huur van toerusting	3 300		
Instandhouding: Geboue en terrein	10 000	22 738	52 000
: Meubels en toerusting	1 000		1 000
Munisipale koste	12 000	4 438	6 000
Salarisse: Administratief	101 000	67 874	112 000
Skryfbehoeftes	11 000	3 162	11 000
Telefoon	11 000	8 575	11 000
Versekering: Meubels en toerusting	1 100	1 496	1 100
Verversings	1 200	1 038	1 200
TOTALE UITGAWES	951 600	795 596	1 230 300

PUBLIKASIEKOMMISSIE: BEGROTE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31/12/1997

	WERKLIK 1995 R	WERKLIK TOT 30/06/96 R	BEGROTING 1997 R
INKOMSTE	629 140	393 489	800 000
Verkope: Publikasies	468 472	268 662	570 000
: Boodskapper	141 984	106 273	200 000
Advertensies: Publikasies	2 100	5 950	8 000
: Boodskapper	16 584	12 604	22 000
UITGAWES	1 052 898	537 650	1 267 520
Aankope en drukkoste: Publikasies	306 258	98 978	218 000
: Boodskapper	266 089	146 138	322 000
Advertensies			500
Beoordeling - boeke	679		2 000
Instandhouding: meubels & toerusting	957	1 022	2 000
Intekengeld	78	25	300
Ledegeld	601		
Pliglewerings	4 533	36 767	44 610
Posgeld - Publikasies	16 674	6 647	20 000
Posgeld - Boodskapper	24 427	12 739	31 000
Promosies	200	3 901	4 200
Regskoste	1 418		2 300
Reiskoste: Publikasies - adm.	1 920	2 374	8 000
Reiskoste: Boodskapper		110	10 000
Reiskoste: vergaderings - publikasies	12 798	19 208	12 510
Salaris: Redakteur	106 760	52 890	145 000
: Publikasies - adm.	262 880	135 703	398 000
Skryfbehoeftes	16 351	4 560	10 000
Spyseniering & verversings			2 600
Tantieme	9 475	8 659	11 000
Telefoon	7 426	3 281	11 000
Tydelike hulp	5 330	1 621	4 500
Verpakking - Publikasies & Boodskapper	8 044	3 027	8 000
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(423 758)	(144 161)	(467 520)
SALDO VAN PUBLIKASIEFONDS 31 DESEMBER	273 844	266 511	200 000
BEGROOT VIR PUBLIKASIES	152 000	80 000	242 520
AANSUIWERING VORIGE JAAR VOLGENS BEGROTING	200 000		
REGSTELLING TEN OPSIGTE VAN VERKOPE 1991	43 732		
RENTE TOEGEDEEL	20 693	11 463	25 000
SALDO VAN PUBLIKASIEFONDS AAN EINDE VAN TYDPERK	266 511	213 813	

SKK: BEGROTING 1997

I T E M	BEGROOT 1995 R	WERKLIK 1995 R	BEGROOT 1996 R	WERKLIK TOT 30/09/96 R	BEGROOT 1997 R
SINODE-UITGAWES	40 000	49 719	40 000	120	40 000
BEDIENINGSUITGAWES	450 000	323 828	550 000	341 854	600 000
10-JARIGE FEESVIERING	0	0	0	6 476	30 000
REISKOSTE:VERGADERINGS	35 000	28 323	35 000	17 699	20 000
ANDER KOMMISSIEWERK	15 000	1 726	15 000	3 612	10 000
SUB-TOTAAL	540 000	403 596	640 000	369 761	700 000
STUDIEFONDS - LERAARS	50 000	59 924	-	58 819	50 000
TOTAAL	**590 000**	**463 520**	**640 000**	**428 580**	**750 000**

Vir sinode-uitgawes word R80 000 benodig.
Indien die ongebruikte gedeelte van 1996 nie in 'n fonds omskep kan word nie, moet begroting aangepas word.

BEGROTING KOMMISSIE FORMULIERE EN LITURGIE

	R
Reiskoste vir drie vergaderings	**11 717-00**
Verblyfkostes	**975-00**
Etes	**360-00**
Faks	**360-00**
Telefoon	**225-00**
	13 637-00
Onvoorsiene uitgawes	**1 000-00**
	14 637-00

Motivering

1. Die KFL het opdrag van die sinode 1995 vir 'n grondige besinning oor die liturgie van die kerkverband met die oog op hersiene uitgawe van *Die Kerkboek*. Handelinge bladsy 226 item 30,1995 sinode.
2. Brief van die Pk. ontvang vir hersiening van Liturgiese formuliere.
3. Hersiening van *Die Kerkboek*. (Brief Pk. gedateer 22 Julie 1996)

BEGROTING VAN DIE KOMMISSIE VIR VERBONDSONDERRIG EN OPVOEDING

Hiermee versoek hierdie kommissie u graag om, indien moontlik, die volgende begroting goed te keur:

	R
Reiskoste en etes	17 000-00
Sub-kommissie vir Onderwys	5 000-00
Sub-kommissie vir Jeugwerk en Verbondsonderrig	3 000-00
Kursus vir Verbondsonderrigvoorgangers (Sakelys Sewende Sinode, bl. 100, pt. 3.2.1.3)	2 000-00
Kursus vir Jeugbearbeiding (Sakelys Sewende Sinode, bl. 101, pt. 3.3.1.3)	3 000-00
	30 000-00
Min 14%	4 200-00
	25 800-00

U sal merk dat dit R10 000-00 meer is as die huidige begroting. Hierdie kommissie het juis in sy voorstel aan die Kommissie vir Kommis-

sies asook met sy aanbeveling aan die sinode oor funksionering by wyse van sub-kommissies, gepoog om reiskoste te bespaar deurdat die Jeugwerk-been van die kommissie nader aan Pretoria woon en die Onderwys-been hoofsaaklik nader aan Bloemfontein is.

Intussen het daar groot onvoorsiene verskuiwings met geweldige finansiële implikasies plaasgevind. Dr. Ellis is na Biesiesvlei. Ds. Viljoen na Lichtenburg. Ds. Pretorius na Amajuba (Volksrust). Ds. Boshoff is na Kareedouw en na wat verneem is het ds. Bezuidenhout 'n beroep aangeneem na Steynsburg/Cradock. Die reiskoste vir 'n vergadering is dus nou byna dubbel, met inagneming van die verhoogde reiskoste soos deur u kommissie aanbeveel.

Hierdie kommissie vestig ook graag u aandag daarop dat ons sover bekend nog nooit die totale jaarlikse begroting oorskry het nie. Aangesien ons gesonde finansiële bestuursbeginsels probeer toepas, het ons ook maatreëls getref wat daartoe gelei het dat ons vanjaar aansienlik kon bespaar op die begroting.

KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF

AANVANKLIKE BEGROTING VIR 1997

Vergoeding vir amptenaar 1996:	R
R40 300 + 10% = R44 330, afgerond tot	45 000
Twee telefoonvergaderings	1 000
	46 000
Verminder met 14%	6 440
Mikpunt vir 1997	39 560

HERSIENE BEGROTING VIR 1997

Vergoeding vir amptenaar 1996:

	R
R40 300 + 10% = R44 330	44 330
Telefoonvergadering	200
– Mikpunt vir 1997	39 560
Oorskryding van begroting	4 970

	R
1996 Ongebruikte fonds vir apparaat	8 400
Minus oorskryding vir 1997	4 970
Beskikbaar vir apparaat, 1996	3 430
1997	NUL

BEGROTING BARMHARTIGHEIDSDIENS 1997

		R
2 Vergaderings © R3 300 per vergadering	=	6 600
Etes t.o.v. vergaderings		550
Gevangenesbearbeiding		6 600
	Totaal	13 750
	–	3 300
		10 450

HERBEGROTING VAN AD HOC-HERSIENINGSKOMMISSIE VIR *SKRIFLIG OP KERK EN VOLK* 1997

1.	**Reiskoste:**	
1.1	Voltallige vergadering	R8 000
1.2	Vyf verwagte vergaderings van kernredaksie	R7 000
2.	**Etes**	
2.1	19 etes x R20.00	R380
2.2	Verdere 5 vergaderings 5 x 9 x R20.00	R900
3.	**Tik van finale manuskrip**	R500
4.	**Ander uitgawes** (telefoon, seëls, papier)	R500
5.	**Onvoorsiene uitgawes**	R720
	TOTAAL	**R18 000**

6.4 Opmerkings

6.4.1 BRKA vra R24 000 om tekort van Jeugtuiste te dek.

6.4.2 'n Pos vir derde rekeningkundige beampte is reeds ingewerk by die begroting van die BRKA (vgl. memorandum van ad hoc-kommissie).

6.4.3 Kommissie vir Bybelverklaring word gevra om aan te pas by die 14% besnoeiing, aangesien bedrae nie van een begroting na 'n volgende oorgedra word nie.

6.4.4 By die Kuratorium word die volgende aanpassings gemaak:

	R
Skryfbehoeftes	8 000
Telefoon	10 000
Versekering meubels	1 500

6.4.5 Publikasiekommissie sal gevra word om veral met die begroting vir 1998 nog verder te besnoei.

6.4.6 SKK sal gevra word om nog verdere besparing toe te pas.

6.4.7 Die onderbegroting op meubels en toerusting (kapitaalitems) word oor vyf jaar versprei.

6.4.8 Al die kommissies sal per brief bedank word vir hulle samewerking om die begroting te laat inpas by die beskikbare fondse.

6.4.9 Alle kommissies sal in kennis gestel word dat met die begroting vir 1998 nog verder besnoei sal moet word, as gevolg van die ekonomiese toestande en die byna daaglikse veranderinge in finansiële omstandighede.

6.4.10 Die FK oordeel dat met die opstel van die begroting vir 1998 alles moontlik gedoen moet word om die persentasie van gemeentes se bydraes te verminder.

6.5 **Beplanning van kommissies**

6.5.1 Na aanleiding van die worsteling om altyd die nodige aanvrae van kommissies en die beskikbare gelde bymekaar te bring het die FK die volgende besluit aan die BRKA voorgelê. Die FK oordeel dat dit 'n besluit van die sinode moet wees en beveel dus aan:

6.5.2 AANBEVELING

6.5.2.1 Die sinode besluit dat alle kommissies van die sinode hulle finansiële uitgawes met die nodige vooruitbeplanning sal doen. Beplanning moet langer tye omvat as die tydperk van een sinode tot 'n volgende.

6.5.2.2 Die sinode besluit dat groot uitgawes wat moontlik deur permanente kommissies aangegaan moet word, alleen in 'n begroting wat aan 'n sinode voorgelê word, goedgekeur kan word.

6.5.2.3 Die sinode besluit dat oorskrydings op die begroting van kommissies slegs by hoë uitsondering mag gebeur aangesien beplanning so volledig moet wees dat oorbesteding voorkom moet word.

6.5.2.4 Die sinode bevestig dat die FK nie by magte is om ekstra uitgawes deur kommissies goed te keur nie.

7. ANDER AANBEVELINGS

7.1 Die sinode spreek sy innige dank uit teenoor die groot getal kerkrade en kassiere wat hulle verpligtinge stiptelik en met groot sorg nakom.

7.2 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die lidmate in die kerkverband vir besondere offervaardigheid. Dit het meegebring dat die talle werksaamhede van die Kerkkantoor en die kerkverband kon voortgaan.

7.3 Die sinode spreek sy dank uit teenoor die rekenmeester en die personeel van die afdeling finansies vir die stiptelike en getroue nakoming van hulle opdragte.

7.4 Die sinode spreek sy innige en opregte dank uit teenoor die hemelse Vader wat deur middel van die dankoffergawes van die lidmate die stoflike middele aan die gemeentes en die kerkverband verskaf, sodat die werk van God se koninkryk ook gedien kan word.

8. Die kommissie vertrou dat hy sy opdragte en lasgewing van die sinode uitgevoer het. Dit was 'n voorreg om die Kerk van die Hëre op hierdie terrein te dien. Die kommissie glo dat ook die administrasie en finansies inderdaad in diens van die Koning van die Kerk aangewend word.

Mag die sinode 'n geseënde sitting beleef.

DS. CF SWART — VOORSITTER

DS. LD PIENAAR — SKRIBA

BYLAE FK 1

REGLEMENT VIR DIE AP KERK TRUSTFONDS

1. OP WIE DIE FINANSIËLE HULP VAN TOEPASSING IS

1.1 Slegs daardie predikante wat uit die aktiewe bediening in ander Afrikaanse Gereformeerde Kerke bedank het, na die AP Kerk oorgekom en hul pensioenvoordele verloor het.

1.2 Die gevalle van predikante wat vroegtydig afgetree en na die AP Kerk oorgekom het en wie se pensioen minder gunstig is as die finansiële hulp betaalbaar aan predikante wat bedank het, se gevalle kan vir oorweging aan die Sinodale Finansiële Kommissie voorgelê word.

2. DIE GRONDSLAG WAAROP FINANSIËLE HULP TOEGEKEN WORD

2.1 Kategorieë

2.1.1 *Predikante wat voor 30/06/1988 oorgekom het*

Die verskil tussen 25 jaar diens en die werklike pensioengewende diens by aftrede (65 jaar).

2.1.2 *Predikante wat vanaf 01/07/1988 tot 30/06/1989 oorgekom het*

Die verskil tussen 23 jaar diens en die werklike pensioengewende diens by aftrede (65 jaar).

2.1.3 *Predikante wat tussen 01/07/1989 en 30/06/1990 oorgekom het*

Die verskil tussen 21 jaar diens en die werklike pensioengewende diens by aftrede (65 jaar).

2.1.4 *Predikante wat na 30/06/1990 oorgekom het*

Die verskil tussen 20 jaar diens en die werklike pensioengewende diens by aftrede (65 jaar) met dien verstande dat vir die doel van die berekening van die finansiële hulp, dit beskou sal word asof die predikante op 01/07/1990 na die AP Kerk oorgekom het. Dit het die uitwerking dat die 20 jaar elke jaar na 30/06/1990 met een jaar verminder word.

2.2 Voorwaarde

Die tydperke 25, 23, 21 en 20 jaar is onderworpe aan die voorwaarde dat die predikante voldoende aaneenlopende pensioengewende diens by hul vorige kerke by uiteindelike uittrede (65 jaar) sou gehad het indien hulle daar aangebly het (kyk volgende paragraaf).

2.3 Berekening van diens

Die tydperk van aaneenlopende pensioengewende diens vermeld hierbo moet verminder word met 25% om te kompenseer vir die terugbetaling van hul pensioenbydraes aan die predikante toe hulle bedank het.

2.4 Kontantbedrag

Geen voorsiening word gemaak vir die omskepping van 'n gedeelte van die finansiële hulp in 'n kontantbedrag nie.

2.5 Kerf van besoldiging

Indien 'n predikant nie deur die AP Kerk in wie se diens hy gestaan het volgens die regmatige **kerf op die traktementskaal** besoldig was nie, moet die regmatige kerf (we) gebruik word vir die bepaling van sy finansiële hulp.

2.6 Sterfte na aftrede

Indien 'n predikant na aftrede te sterwe sou kom, moet die helfte van die finansiële hulp aan sy weduwee betaal word.

2.7 Aftree-ouderdom

Die finansiële hulp word aan 'n predikant by bereiking van die ouderdom van 65 jaar betaal of hy aftree of in diens aanbly.

3. BUITENGEWONE GEVALLE

3.1 Predikante wat te sterwe kom voordat hulle die ouderdom van 65 bereik het

In sulke gevalle word geen finansiële hulp uit die trustfonds aan die weduwee betaal nie maar ontvang sy die voordele wat op sulke gevalle van toepassing is uit die AP Kerk Pensioenfonds. Die voordele is soos volg:

1. 'n Enkelbedrag gelyk aan driemaal die predikant se salaris met 'n minimum van R150 000.
2. 'n Pensioen gelyk aan die helfte van die predikant se salaris, lewenslank.
3. Al sy bydraes tot die pensioenfonds plus rente.

3.2 Predikante wat vanweë mediese ongeskiktheid aftree voordat hulle die ouderdom van 65 jaar bereik het

3.2.1 In sulke gevalle ontvang die predikant 'n ongeskiktheidstoelae gelyk aan 75% van sy pensioengewende salaris van SANLAM. Daar

word elke maand pensioenbydraes gebaseer op die salaris wat hy ontvang het toe hy ongeskik geraak het, van hierdie toelae afgetrek. Wanneer hy die ouderdom van 65 bereik, word sy pensioen bepaal volgens die salaris wat hy ontvang het toe hy ongeskik geraak het.

3.2.2 Die finansiële hulp moet op die gebruiklike wyse bepaal word wanneer die predikant die ouderdom van 65 jaar bereik volgens die salaris wat hy ontvang het toe hy ongeskik geraak het.

3.2.3 Predikante wat aftree voordat hulle die ouderdom van 65 jaar bereik het.

In sulke gevalle word die tydperk waarvolgens die voordeel bereken word verminder met die tydperk wat voor bereiking van die ouderdom van 65 jaar afgetree is.

4. VASSTELLING VAN GEGEWENS

Omdat daar geen rekord van predikante se vorige diens bestaan nie, moet inligting deur hulle self verstrek aanvaar word, tensy daar rede is om te glo dat die inligting nie korrek is nie.

5. DATUM VAN IMPLEMENTERING

Die hersiene voordele tree op 1 Julie 1996 in werking.

6. VROEG-GEËMERITEERDES UIT ANDER KERKE

Die geval van 'n predikant wat in 'n ander kerk vroegtydig afgetree het en wie se pensioen op 1 Julie 1996 minder gunstig is as die voordeel wat hy sou ontvang het indien hy bedank en na die AP Kerk oorgekom het.

In so 'n geval moet die predikant se "voordeel" uit die trustfonds volgens die neergelegde grondslag bepaal word soos in hierdie reglement uiteengesit. Hy moet versoek word om aan te dui wat sy huidige pensioen is en of hy 'n kontantbedrag ontvang het toe hy met pensioen afgetree het.

(Veronderstel hy dui aan dat sy maandelikse pensioen R1 860-00 bedra en dat hy wel 'n kontantbedrag (gewoonlik een-derde van die pensioen) ontvang het, moet die pensioen met die helfte vermeerder word om te kompenseer vir die kontantbedrag wat hy ontvang het. Die pensioen sal dan vir die doel van vergelyking met die voordeel wat hy sou ontvang het, R2 790-00 per maand wees.)

7. VERHOGING IN UITBETALINGS

Daar word nie gereelde verhogings van die finansiële hulp in die vooruitsig gestel nie, maar daar kan van tyd tot tyd, na gelang die trustfonds dit toelaat, verhogings toegestaan word soos deur die FK bepaal.

BYLAE FK2

GEMEENTES WAT OP 11 APRIL 1997 AGTERSTALLIG WAS MET 15% BYDRAES (D.W.S. BEDRAE WAT REEDS VOOR 7 MAART 1997 BETAAL MOES WORD)

LAASTE KWIT. 41672 (97/04/11)

17-Jun-97

RING	GEMEENTE	DATUM GESTIG	GETAL BELYDENDE LIDMATE	GETAL MAANDE UITST	GEMIDDELDE BYDRAE PER MAAND R	BERAAMDE BEDRAG UITSTAANDE R
BEAUFORT-WES	BEAUFORT-WES	1987/08/09	140	2	1 715	3 430
BENONI	BENONI	1987/09/09	210	3	1 626	4 878
	BRAKPAN	1987/10/21	629	1	3 925	3 925
	DELMAS	1987/11/15	145	3	1 154	3 462
	KEMPTON PARK	1987/09/10	282	2	2 353	4 706
	LEANDRA	1991/06/09	61	2	569	1 138
	SPRINGS	1988/02/22	318	49	1 568	76 814
BETHLEHEM	BETHLEHEM	1987/08/09	314	2	3 676	7 352
	EXCELSIOR	1993/10/17	51	3	1 026	3 078
	** FICKSBURG	1987/10/26	21	15	453	6 801
	LINDLEY	1990/10/21	76	5	443	2 215
	REITZ	1993/06/11	74	2	1 718	3 436
BLOEMFONTEIN	BLOEMFONTEIN	1987/07/12	921	17	4 280	72 760
	BLOEMFONTEIN-NOORD	1990/05/06	435	10	3 043	30 430
	CAAGAUZU	1995/10/22	40	2	207	414
	DEWETSDORP	1988/12/16	107	2	726	1 452
BRANDFORT	BOSHOF	1987/09/13	40	3	410	1 230
	BRANDFORT	1987/08/09	182	1	1 742	1 742
	** BULTFONTEIN	1989/09/17	28	1	510	510
	THEUNISSEN	1990/02/25	62	7	1 023	7 161
CLANWILLIAM	CLANWILLIAM	1988/02/07	126	4	1 254	5 016
	DIAMANTSTREEK	1995/12/10	48	2	413	826
	OLIFANTSRIVIER	1991/07/11	38	2	316	632
	PIKETBERG	1988/02/28	105	2	1 671	3 342
CORNELIA	TWEELING	1987/10/04	32	1	448	448
DE AAR	HOPETOWN	1995/05/24	36	3	581	1 743
	STRYDENBURG	1988/06/15	40	1	743	743
DENDRON	DENDRON	1987/07/26	117	2	3 030	6 060
	HOEDSPRUIT	1989/11/26	73	2	510	1 020
DERBY	BUHRMANNSDRIF	1987/08/16	159	9	2 289	20 601
	COLIGNY	1987/09/03	170	4	2 526	10 104
	** GROOT-MARICO	1987/08/13	56	13	1 208	15 704
	HARTBEESFONTEIN	1989/05/18	26	14	576	8 064
GERMISTON	ALBERTON	1989/06/07	123	1	1 176	1 176
	* BOKSBURG	1988/04/27	153	66	1 469	96 967
GRANIET	PARYS	1990/03/25	233	52	1 501	78 027
HENNENMAN	VIRGINIA	1990/02/25	32	33	409	13 507
	WELKOM	1987/11/13	74	27	1 125	30 371
KIMBERLEY	GRIEKWASTAD	1991/02/11	33	1	306	306

* Gemiddeld volgens Finansiële State vir 1996

** Gemeentes wat reëlings met die BRKA getref het.

GEMEENTES WAT OP 11 APRIL 1997 AGTERSTALLIG WAS MET 15% BYDRAES (D.W.S. BEDRAE WAT REEDS VOOR 7 MAART 1997 BETAAL MOES WORD)

LAASTE KWIT. 41672 (97/04/11)

17-Jun-97

RING		GEMEENTE	DATUM GESTIG	GETAL BELYDENDE LIDMATE	GETAL MAANDE UITST	GEMIDDELDE BYDRAE PER MAAND R	BERAAMDE BEDRAG UITSTAANDE R
LICHTENBURG		BIESIESVLEI	1987/07/12	132	3	2 493	7 479
MEMEL		MEMEL	1987/07/03	75	2	1 670	3 340
MIDDELBURG		BELFAST	1987/08/09	221	8	1 686	13 488
		CULLINAN-RAYTON	1987/09/20	181	6	1 085	6 510
		WITBANK	1987/09/23	399	21	2 736	57 456
MOOINOOI	**	BRITS	1987/07/12	335	8	1 964	15 712
		RUSTENBURG	1987/08/16	443	2	3 813	7 626
MOOT-SENTRAAL		MOOT-SENTRAAL	1987/07/05	527	2	6 613	13 226
MORGENZON		HOëVELDRIF	1987/08/23	284	1	1 659	1 659
		KRIEL	1991/11/21	47	2	178	356
		STANDERTON	1988/05/25	96	36	707	25 437
NABOOMSPRUIT		KOEDOESRAND	1987/09/06	18	14	151	2 114
		VAALWATER	1991/05/12	69	2	992	1 984
		WARMBAD	1987/08/09	125	1	1 378	1 378
NELSPRUIT		LEBOMBO	1988/06/26	173	2	1 248	2 496
		WITRIVIER	1987/11/01	170	17	588	9 996
NEWCASTLE		DUNDEE-GLENCOE	1987/10/21	44	23	388	8 917
		UTRECHT	1988/03/02	30	13	414	5 382
OLIFANTSHOEK		DANIELSKUIL	1990/11/29	20	16	40	640
		KATHU	1987/07/24	193	1	1 221	1 221
		KURUMAN	1988/02/01	79	7	1 128	7 896
OUTJO		GOBABIS	1992/07/13	24	14	358	5 012
		KEETMANSHOOP	1989/06/04	108	7	1 286	9 002
		WINDHOEK	1989/07/23	69	37	572	21 147
PETRUSBURG		JAGERSFONTEIN/FAURESMITH	1991/05/05	79	3	339	1 017
		KOFFIEFONTEIN	1992/02/09	63	45	273	12 263
POTGIETERSRUS		GROBLERSDAL	1987/08/30	280	2	3 688	7 376
		TUINPLAAS	1987/07/19	57	1	1 822	1 822
RIVERSDAL		GEORGE	1987/08/27	59	5	610	3 050
ROODEPOORT		CARLETONVILLE/WELVERDIEND	1988/01/28	92	2	1 100	2 200
SOMERSET-OOS	**	ALGOA	1987/09/20	130	15	1 362	20 430
		GRAAF-REINET	1988/02/07	19	1	213	213
STEYNSBURG		GRENS	1991/04/06	21	48	91	4 379
		MACLEAR	1991/02/17	30	1	179	179
SUIDKUS	**	HLUHLUWE	1988/02/28	85	6	1 145	6 870
		RICHARDSBAAI	1993/01/31	55	1	525	525
		ZULULAND	1990/04/29	49	2	954	1 908
VEREENIGING	**	FOCHVILLE	1987/08/13	93	30	830	24 913
				10 784	778		848 210

** Gemeentes wat reëlings met die BRKA getref het.

Die volgende gemeentes dui nie hul kontant-ontvangstes op die F1-vorm aan nie en betaal ook nie die volle 15% nie:

Clanwilliam - betaal R8.10 per lidmaat

Derby - betaal blykbaar slegs 10%

Groot-Marico - betaal blykbaar slegs 10%

BYLAE FK3

DIE VOLGENDE GEMEENTES WAS OP 30 APRIL 1997 MEER AS R4 000 AGTERSTALLIG TEN OPSIGTE VAN PENSIOEN-, GADEVERSEKERING, MEDIESE- EN UITGESTELDE VERGOEDINGSBYDRAES. (EEN MAAND SE VERPLIGTING IS ONGEVEER R3 000)

GEMEENTE	PENSIOEN R	GADEVER-SEKERING R	MEDIES R	UITGESTELDE VERGOEDING R	TOTAAL R
BELFAST	299	11	2 073	3 576	5 959
BETHLEHEM	2 650	96	4 549		7 295
BIESIESVLEI	4 330	35	4 361	1 239	9 965
BLOEMFONTEIN	8 767	173	9 028	1 254	19 222
BLOEMFONTEIN-NOORD	3 294	69	6 383	(301)	9 445
BOKSBURG			17 693		17 693
BOTHAVILLE	3 465	211	2 769		6 445
BUHRMANNSDRIF	13 234	135	14 147	1 802	29 318
CULLINAN-RAYTON	10 331	187	10 772		21 290
DENDRON	1 396	47	5 830	2 487	9 760
DERBY	1 923	9	2 824		4 756
EXCELSIOR	15 900	165	17 156	4 800	38 021
FOCHVILLE	21 341	191	10 265	401	32 198
KROONSTAD	447	(8)	4 865		5 304
KRUGERSDORP	4 134	55	5 688	390	10 267
LINDLEY	1 625	29	2 405		4 059
MIDDELBURG	1 306	(6)	6 314	1 166	8 780
MIGDOL	5 223	60	5 476		10 759
NABOOMSPRUIT	3 629	1	1 905		5 535
PARYS	3 550	53	3 561	418	7 582
PIKETBERG	3 975	68	2 689	1 342	8 074
RUSTENBURG	4 093	95	7 248	(491)	10 945
SPRINGS	17 124	348	19 667		37 139
VILJOENSKROON	145		6 681		6 826
VRYBURG	7 624	63	4 572	396	12 655
WARMBAD	4 005	(15)	2 687		6 677
WELKOM	11 921	88	10 935		22 944
WINDHOEK	5 668	50	3 712		9 430
WITRIVIER	13 111	98	16 786		29 995
ZULULAND	1 890	90	2 591		4 571
TOTAAL	176 400	2 398	215 632	18 479	412 909

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK SPRINGS

Posbus 1368
SPRINGS
1560

3 September 1996

Die Voorsitter van die agtste sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in sitting
Posbus 11488
BROOKLYN
0011

Weleerwaarde Heer

AGTERSTALLIGE 15% BYDRAES

In opdrag van die kerkraad rig ek die volgende versoek aan die agbare sinode:

Volgens inligting voorsien deur die BRKA aan ons kassier, beloop die bedrag wat hierdie kerk aan die BRKA verskuldig is in agterstallige 15% heffings ongeveer R62 000-00.

U is bewus van die geskiedenis van die kerk in Springs, dat ons verskeie kere in krisisse ingedompel is waaruit ons slegs deur die genade van ons hemelse Vader gekom het. In die proses van hierdie krisisse het die kerk nie net onberekenbare finansiële verliese gelei nie, maar ook talle goeie lidmate verloor. In der waarheid het die AP Kerk Springs, na al die teëslae, vir alle praktiese doeleindes ophou bestaan.

Die huidige AP Kerk Springs word uit die ruïnes van daardie geteisterde kerk opgebou, en dit is 'n proses wat nie gou voltooi sal wees nie. Telkemale dan stort die mooi nuwe muur wat op die ruïnes gebou is inmekaar en moet daar maar weer van vooraf begin word. So iets veroorsaak 'n groot terugslag.

Gedurende die afgelope maande is die AP Kerk Springs weer gedagvaar deur 'n vroeëre lidmaat, mnr. Hansie van Heerden, vir 'n bedrag van meer as R20 000-00 wat hy beweer dat hy in belang van die kerk aan hofkoste betaal het. Alhoewel hy volgens ons regsverteenwoordigers nie die saak kan wen nie, het hy veroorsaak dat die kerk tot op hierdie tydstip regskoste ten bedrae van R6 527-00 gehad het. Dit is egter nog nie die einde nie, want die saak is uitgestel omdat Van Heerden se regsverteenwoordigers nie alle ter saaklike stukke gereed gehad het nie. Dit beteken verdere regskoste vir die kerk, aangesien Van Heerden van regshulp gebruik maak en die kerk se koste nie verhaalbaar sal wees nie, al word die saak teen Van Heerden uitgewys.

Die BRKA het die Kerk by verskeie geleenthede uit die bedieningsfonds finansieel ondersteun, en ons is hiervoor baie dankbaar.

Hierdie en ander faktore het ook bygedra tot die agterstallige heffingskuld. Ander faktore is byvoorbeeld swak boekhouding sodat die ouditeur in sy voorlaaste verslag gerapporteer het dat die kerk se boeke onouditeerbaar is. Daar kan dus ook glad nie met sekerheid vasgestel word wat die agterstallige heffingskuld is nie.

Die kerkgebou is voor daardie jare van stormagtigheid aangekoop en die kerk van Springs het oordrag geneem van die gebou. Tot die tweede helfte van verlede jaar is daar slegs rente aan die NG kerk, van wie die gebou gekoop is, betaal. Toe ons nie 'n verband by enige van die finansiële instellings kon bekom nie, het die NG kerk 'n verband aan ons toegestaan, en tans word die verband afbetaal soos normaalweg t.o.v. 'n finansiële instelling gedoen sou word.

Ek wil aanneem dat op die stadium toe die gebou aangekoop is die kerk dit wel kon bekostig, dit was voor die moeilikhede in die gemeente uitgebreek het. As gevolg van hierdie stap wat deur vroeëre lidmate geneem is, het hierdie kerk 'n geboueskuld van R310 000-00 plus rente.

Die kerkraad en lidmate werk tans hard om deur middel van projekte en bydraes hierdie skuld te delg.

Indien die kerkraad nou na die lidmate toe moet gaan en hulle meedeel dat die kerk 'n addisionele skuldlas van meer as R60 000-00 by die BRKA het, dan kan ek u verseker gaan dit 'n uiters nadelige uitwerking op die gesindheid van die lidmate hê.

Die Kerk het die predikant met die AP Kerk Delmas gedeel tot einde Julie 1996. Daar bestaan nog 'n samewerkingsooreenkoms met die AP Kerk Devon. Deur hierdie samewerkingsooreenkomste is 'n inkomste van R5 500-00 per maand verkry. Projekte wat aangepak is het ook die stand van die kerkfinansies ten goede beïnvloed. Vir die eerste keer sedert die moeilikhede hier uitgebreek het kon ons vir 'n kort wyle sê dat dit redelik gaan met die kerk se geldsake. Met die jongste hofsaak en die verslegtende finansiële toestand van ons mense begin die skoen egter weer druk.

Wat die betaling van die 15% heffing betref, was daar vir die tye wat nie betaal is nie, doodeenvoudig net nie die nodige fondse beskikbaar nie. U sal egter sien, dat die oomblik toe dit vir ons moontlik was om te betaal, ons dit onmiddellik begin doen het.

Ons besef die noodsaaklikheid van die betaling van die heffing en ons is heeltemal positief daarteenoor ingestel, maar ten opsigte van die uitstaande heffings wil ons vra of u nie u weg kan oopsien om die kerk van Springs met hierdie bedrag te subsidieer nie, omdat ons seker is dat u net so min as ons sal wil sien dat hierdie kerk weer in 'n toestand van hulpbehoewendheid verval.

Die AP Kerk Springs plaas hierdie saak voor die agbare sinode in die geloof dat u in die wysheid van die Heer van die kerk die regte besluit sal neem.

Finansiële state en begroting tot en met einde Augustus 1996 word hierby aangeheg.

Ons wil 'n dringende beroep op u doen om baie simpatiek te wees wanneer u na hierdie aansoek kyk, en dat u ook die talle ongelukkige gebeure van die verlede in die AP Kerk Springs in gedagte sal hou en ook die feit dat die aanslag uit die verlede nog nie afgehandel is nie.

Ons wag met vertroue op u wyse besluit.

Groete in Christus

w.g. AH DE VRIES
SKRIBA VAN DIE KERKRAAD

Verslag: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KCE)

1. PERSONEEL

Prof. dr. JC Lombard – voorsitter.
Dr. WA Burger – skriba.
Di. JA Jacobs, NJ Groenewald.
Oudl. AJP Opperman – het sedert die vorige sinodesitting uit die kommissie bedank en ds. NJ Groenewald het as eerste sekundus sy plek ingeneem.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het twee keer vergader te Bloemfontein en wel op 24 Februarie 1997 en 14 April 1997.

3. SAKE DEUR VORIGE SINODE VERWYS

3.1 **Aanskoulike weergawes van die geopenbaarde Bybelinhoud** (Handelinge Sewende Sinode 1995, bl. 237, pt. 43.2.1)

In opdrag van die sinode is 'n studie gemaak van tegnieke soos films en passiespele om die inhoud van die Bybel aanskoulik weer te gee. Die verslag is saamgestel deur prof. dr. JC Lombard. Dit word by die verslag van die kommissie aangeheg as Bylae KCE1.

3.1.1 AANBEVELINGS

3.1.1.1 Die AP Kerkverband gee kontinu langs elke weg gepaste leiding ten opsigte van aanskoulike weergawes van geopenbaarde Bybelinhoud (films, passiespele, ens.) soos in die verslag gestel. Dit kan gedoen word by wyse van woord en geskrif. Die doelwit is dat ons as lidmate, wat alle ampsdraers insluit, ons sal distansieer van en getuig teen die aanvegbare praktyke wat betref die visuele voorstelling van die geopenbaarde Bybelinhoud.

3.1.1.2 Dit word aan die KKCE en die Kommissie vir Jeug, Verbondsonderrig en Opvoeding opgedra om gesamentlik duidelike riglyne op te stel ten opsigte van die positiewe, geoorloofde gebruik van visuele hulpmiddels vir gemeentelike voorligting asook Bybelonderrig op skool en tersiêre vlak. Dit moet positief uitlig wat van opvoedkundige kant gesien mag en moet word, teenoor wat nie geoorloof is nie.

3.2 **Borgstaan in stryd met die Skrif?**

(Art. 65 van die KO en Bep. 65A3; Handelinge van die Sewende Sinode, bl. 291, pt. 2.5.1)

Op grond van 'n brief van mnr. HCG Bester van Groter Durban rakende bogenoemde artikel van die Kerkorde (gedateer 11 Februarie 1995), het die sinode besluit dat hierdie kommissie 'n studie moet maak van die saak van borgstaan. Prof. Lombard het in opdrag van die kommissie so 'n studiestuk saamgestel. Dit word onder die opskrif: *Borgstaan in stryd met die Skrif?* as Bylae KCE2 by die verslag aangeheg.

3.2.1 AANBEVELING

Op grond van die studie van die KKCE oor borgstaan besluit die sinode dat Art. 65 Bep. 65A3 van die Kerkorde gehandhaaf word.

3.3 **Ondersoek insake kerke afgesien van die reeds erkende kerke** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 291, pt. 8)

Die kommissie is van mening dat die ondersoek by wyse van konsentriese sirkels gedoen moet word, d.w.s. vanaf die mees *suiwere* ander kerke tot die minder suiwere of Bybelgetroues. Dan moet verder beweeg word na die charismatiese kerke en Pinksterbewegings as buite kerklik.

Die kommissie het hierdie opdrag nie voltooi nie. Die opdrag van die sinode is breed gestel en moet skerper geïnterpreteer en omskrywe word. Dit is ook 'n kontinue opdrag wat voortgaande voltooi sal word.

Vir die doel van bogenoemde ondersoek sal dokumentasie van *ander* kerke verkry moet word waaronder die *belydenisskrifte* in sover dit bestaan. Die Skriftelike neerslag oor struktuur en metodes sal ook oorsien moet word.

Dit is ook 'n vraag of die Engelssprekende kerke hierby ingesluit moet word, bv. die Presbiteriaanse Kerk en die Church of England in South Africa. Hierdie *kerke* se uitsprake oor verskillende sake, met name soos bv. die Skriftgesag, sal ook ondersoek moet word.

So is die standpunt oor die huidige politieke situasie onder 'n uiters problematiese rewolusionêre bewind, ook 'n belangrike toetssteen.

3.3.1 AANBEVELING

Die belangrike maar omvangryke studie oor erkende Kerke word voortgesit.

3.4 **Onderskrif by Kerknaam**

(Handelinge Sewende Sinode 1995, bl. 299, pt. 2.2.2)

3.4.1 AANBEVELING

Die sinode besluit dat die bewoording *onder blanke Afrikaners* vervang word met die woorde: *onder die Afrikaner Boerevolk*, 'n term wat reeds wye aanvaarding ook in die AP Kerkverband geniet.

3.4.1.1 **Motivering**

3.4.1.1.1 Dit is positief en skakel die noodsaak uit van die dubbele gebruik van die onderskrif by die naam van die Kerk.

3.4.1.1.2 Die opsie van die afwisselende metodes van gebruik of nie-gebruik van die onderskrif, is aanvegbaar. Dit skep ook die indruk van twyfel of huiwering oor die gebruik van die onderskrif. Ons lewe wel in rewolusionêre noodomstandighede onder 'n *vreemde* owerheid wat spesiale strategieë noodsaak. Ons meen egter dat die aanbeveling die probleem ondervang en nogtans 'n sterk, vrymoedige bewoording is.

3.4.1.1.3 Blanke volksheid moet aan die wette van God gehoorsaam wees, anders maak dit in alle geval geen sin nie.

3.4.1.1.4 Graag wys ons ook die sinode daarop dat God in die lig van sy Woord, die Eerste en die Laaste en die Onfeilbare is. Dit beteken o.m. dat die blankheid van ons Afrikaner Boerevolk ook altyd aan die Christelike etiese norme moet beantwoord en tot eer van God moet gedy. Dit vereis ook suiwere konsekwente Christelike integriteit in ons woorde en dade.

3.5 **Aborsie**

(Handelinge Sewende Sinode, bl. 237, pt. 4.2)

Die kommissie wys weer eens op die memorandum oor aborsie wat opgestel is deur prof. R Marè op versoek van die SKK (Handelinge Sewende Sinode bl. 72, pt. 4.2).

In die afgelope tyd is voor die aanname van die wetgewing ten gunste van aborsie 'n hewige debat hieroor gevoer, met 'n baie sterk getuienis teen hierdie praktyk. Van owerheidskant is aborsie oorwegend deur al die instansies goedgepraat. Wat bemoedigend was, is dat van Christelike kant 'n groot aantal kerke, Christelike organisasies en persone sterk beswaar gemaak het teen die beoogde wetgewing, met goeie motivering. Dit kan miskien nog beter, maar dit het nie ontbreek aan volgehoue en vreeslose protes nie.

Die owerheid staan egter by verre oorwegend neutraal en belangeloos teenoor die Christelike standpunt insake etiese vraagstukke. Hierdie wet is dan ook ten spyte van watter klemmende argumente ook al met 'n magsblok van getalle goedgekeur. Intussen gaan die protes teen die wet voort, ook van positiewe Christelike kant.

Die deurlopende gedagte, soos dit verskeie kere reeds gesê is, is dat daar gevalle is wanneer aborsie wel toegepas kan word:

1. wanneer die moeder se lewe deur die swangerskap bedreig word;
2. wanneer die swangerskap die gevolg is van gewelddadige verkragting. Dit sluit bloedskande in.

Alle ander vorme van aborsie is onaanvaarbaar in die lig van die Skrif. Veral die konsep van "aborsie op aanvraag" is totaal humanisties en hou nie met God as Skepper rekening nie. Sodanige aborsie is moord en elke meedoener sal voor die lewende God verantwoording moet doen.

3.5.1 AANBEVELING

Die sinode besluit dat die studie oor aborsie in die lig van die Skrif voortgaan asook die voortdurende getuienis teen aborsie.

3.6 **Pornografie-bestryding**

(Handelinge Sewende Sinode, bl. 330, pt. 2.7.2)

Die Christengelowiges in die land moet alles in werking stel om die huidige humanistiese owerheid te vervang. Die feit dat die owerheid geensins bevoeg of geïnteresseerd is om sy roeping, volgens Art. 36 van die NGb. na te kom nie, is een van die groot redes vir die geestelike verval op alle lewensvlakke. Die krane van ongeregtigheid is oopgedraai en nou moet ons angsvallig die water opdroog, maar die krane bly oop. Die owerheid doen nie sy skokbrekerswerk teen die deurwerking van die sonde nie.

Wat protes teen pornografie betref, kan ons dieselfde getuig as in die verslag oor aborsie. Daar is aktiewe protesaksies geloods teen die beoogde wetgewing wat pornografie sou sanksioneer. In die O.V.S. het Dames Perspektief die leiding geneem en talle mense gemobiliseer met sukses. Daar is ook sterk getuienis gelewer vanuit verskeie kerklike demoninasies en Christelike organisasies. In die beskaafde media het uitstekende verweer teen hierdie euwel na vore gekom. Die owerheid het egter liberaal en vrygewig die *lewensruimte* vir hierdie euwel teen die sewende gebod verbreed.

3.6.1 AANBEVELING

Daar moet ten opsigte van al die implikasies van die sewende gebod, positief en negatief, skerpbelynde strategie en getuienis na vore kom via die kanale van

- ★ **die kerklike prediking en verbondsopvoeding;**
- ★ **die opskerping hieroor van die amp van die gelowiges se taak;**
- ★ **pogings om polemiek aan die gang te kry in die nie-kerklike blaaie, en in die korrespondensiekolomme van Afrikaanse koerante;**
- ⛤ **uitoefening van druk op boekwinkels en kafees waar die pornografiese literatuur in 'n wye verskeidenheid opgestapel lê (hiermee is al konkrete sukses bereik);**
- ★ **georganiseerde besoeke aan videowinkels en gesprekke met eienaars oor pornografiese films en spesifiek die sogenaamde *volwasse* films;**
- ★ **boikotte en weerhouding van koopkrag wat wyd georganiseer word;**
- ★ **voorbidding vir diegene wat blootgestel word asook diegene wat dit georganiseerd bestry.**

3.7 Koop en verkoop op Sondae

Hierdie kommissie is reeds vroeër via die kerkkantoor versoek om die beginselstandpunt te stel oor die verkoop van Christelike leesstof op Sondae, o.m. na die erediens by die kerk. Daarna het nog 'n versoek van 'n gemeente in Transvaal gevolg wat o.m. insluit die koop en verkoop van dankofferprodukte wat Saterdag na die dankofferverkoping gebring is maar om verskeie redes oorbly of nie teruggeneem kan word huis toe nie. Mag dit op Sondag van die hand gesit word?

Dit is hier van belang om die vorige stuk oor die Christelike leesstof hierbo genoem, toe te voeg. Dit stel die beginselriglyn duidelik.

Die kommissie het destyds geen beswaar gehad teen die verkoop van Christelike leesstof as geestelike dienslewering op Sondag binne die struktuur van die gemeentelike omstandighede nie. Dit geld ook kolportasie met die goedkeuring van die kerkraad.

As motivering is genoem dat ons nie 'n Sabbatsrigorisme (wettiese gestrengheid) beoefen nie. Ons streef eerder na Christelike vryheid in diens van God se koninkryk in die lig van Jesus se leer oor die Sabbat soos aangeteken in Mk 2:23–28 en Lk 6:1–5. Die motief by die verkoop van Christelike leesstof op Sondae is nie primêr om wins te maak en besigheid te doen nie, maar om die lig van die Woord te laat skyn al is die geld die onvermydelike middel om die leesstof deur te gee. Dit is geld in geestelike diens soos die dankoffers (kollekte) in die erediens. Dit dien tot geestelike verryking en verdieping van die gemeente in die sin van Kol 1:9–10 en Ef 6:14–17.

Ons sien dit verder as 'n sinvolle, praktiese reëling, omdat die gemeente op Sondag bymekaar is. Dit geld nog meer vir uitgestrekte gemeentes.

Praat ons van produkte wat oorgebly het van die Saterdag-*basaar* dan geld dit vanselfsprekend net vir bederfbare produkte wat die Sondagoggend nog van kwaliteit is. Ons besef ook dat dit juis 'n ernstige probleem is vir uitgestrekte gemeentes – as hierdie produkte nie geskenk word nie (bv. aan ouetehuise en dies meer) kan kopers dit tog saamneem en later betaal. Dit is in 'n bepaalde sin spesiale omstandighede en geen gemeente mag en sal gewoonlik handelspraktyke op Sondae bedrywe nie.

Die produkte wat oorgebly het en Sondag nog oor is, is tog net soos die Christelike leesstof in diens van die saak van die Evangelie. Daarom is die kollekte (dankoffer) in die erediens liturgies 'n integrale geestelike deel van die erediens. Dit is ook nie nodig om voedselprodukte te mors nie.

In die lig van die beginsellyn wat getrek is oor Christelike leesstof op Sondae, wil die kommissie die onderstaande aanbeveling maak:

3.7.1 AANBEVELING

Die sinode konstateer dat daar geen beswaar kan wees teen die uitsonderlike, noodsaaklike afhandel van die naklanke van die *basaar* op Sondag nie, maar dan kort en saaklik en nie as 'n kontinue handelsoptrede nie. Die geld wat so ingesamel word, is net soos die eredienskollekte, *kerkgeld*.

4. NUWE SAKE

4.1 **Gravamen: karate – dr. JH Ellis** (Handelinge Sewende Sinode, bl. 236, 50.2, pt. 3.1.1.1)

Hierdie kommissie het sy finale vergadering met die oog op die saamstel van 'n verslag aan die sinode op 16 April 1997 gehou. Die gravamen is eers op 2 Mei 1997 van die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie ontvang. Die voorsitter van die kommissie het eers op 4 Mei 1997 telefonies kennis gekry van die gravamen.

Na onderlinge raadpleging het die kommissie gevoel dat die gravamen baie deeglike bestudering vereis. Dit kan nie betyds afgehandel word voor die afsnydatum vir verslae aan die sinode nie, t.w. 15 Mei 1997.

Die gravamen word as Bylae KCE3 by hierdie verslag aangeheg. Die kommissie wil derhalwe die volgende aanbeveling maak.

4.1.1 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan die Tydelike Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om die gravamen van dr. JH Ellis teen die sinodebesluit (1995) oor karate te bestudeer en die sinode van 'n aanbeveling te bedien.

4.2 Ondersoek na die organisasie Pro-Christo

Op grond van verskeie skrywes en beskrywingspunte het hierdie kommissie 'n dringende studie gemaak van 'n beleidsdokument van die organisasie PRO-CHRISTO. Beskrywingspunte is ontvang van beide die gemeentes Kimberley en Jacobsdal wat in gewysigde vorme deur die onderskeie ringe, onder wie hulle sorteer, aan die kommissie gestuur is.

Die SKK het ook na aanleiding van 'n skrywe van ds. Nico van Zyl van Kimberley die volgende besluit geneem: *Die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek word versoek om ondersoek in te stel na die organisasie PRO-CHRISTO en die wenslikheid van samewerking daarmee al dan nie.*

Die kommissie het die studie voltooi en dit word as Bylae KCE4 by hierdie verslag aangeheg.

4.2.1 AANBEVELINGS

4.2.1.1 Die sinode besluit dat vanweë kerkregtelike en ander gepresiseerde beginselbesware teen PRO-CHRISTO, skakeling en samewerking met hierdie buitekerklike organisasie nie toelaatbaar is nie. Dit geld uit die aard van die saak vir alle gemeentes en alle ampte.

4.2.1.2 Lidmate, wat ook alle ampte insluit, word opgeroep om in Christelike gehoorsaamheid aan die Here, doelbewus en planmatig ons kerk se evangelisasie- en sendingtaak dinamies uit te bou.

4.3 Navraag: Redakteur *Die Boodskapper* – korttermynversekering

Dr. HJ Smith het 'n brief geskryf namens die Publikasiekommissie na aanleiding van 'n navraag van die AP Kerk Fraserburg oor die bestaan al dan nie van: *enige studiestukke in verband met korttermynversekering (soos van Bybelse kant gesien).*

Die Dagbestuur van die Pk. het besluit om die saak na hierdie kommissie te verwys met die vriendelike versoek om 'n artikel daaroor vir publikasie in *Die Boodskapper* gereed te maak. Die studiestuk kan ook na die betrokke gemeente deurgestuur word.

Hierdie navraag het ons ongelukkig na die finale vergadering bereik.

4.3.1 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan die KKCE op om 'n studie oor korttermynversekering te maak met spesifieke verwysing na die Christelik-etiese aspekte daarvan.

4.4 Appèl GJ Nel – besluite ring van Lichtenburg oor Belydenisskrifte

(Sakelys Sewende Sinode, bl. 73, pt. 4.6.1 tot 4.6.4; Handelinge Sewende Sinode, bl. 238, pt. 4.6.1)

4.4.1 Broer GJ Nel teken appèl aan teen 'n besluit van die ring van Lichtenburg om nie 'n beskrywingspunt goed te keur waarin gevra word dat toeligting by wyse van voetnote by sekere dele van die Belydenisskrifte gedoen word nie. Die ring se besluit lees soos volg:

1. *Hierdie belydenisskrifte is alreeds vier eeue oud en in gebruik deur Geref. Kerkverbande.*
2. *Die belydenisskrifte word in die verbondsonderrig en deur prediking verduidelik sodat lidmate dit behoort te verstaan.*
3. *Dit is nie gebruik om belydenisskrifte of woorde daarvan by wyse van voetnote te verklaar nie.*
4. *Dit is onmoontlik om vanuit hierdie beskrywingspunte te kan konkludeer dat dit 'n algemene behoefte by lidmate sonder meer is dat woorde in belydenisskrifte verduidelik hoef te word by wyse van voetnote.*
5. *Dit is werklik 'n ope vraag of die paar gemelde woorde of sinsnede die enigste sou wees wat vatbaar kan wees vir misverstand.*
6. *In die Heidelbergse Kategismus gaan dit tog oor die na-opstanding situasie sodat daar geen misverstand behoort te wees nie as verwys word na die opstanding van die vlees. Dit geld ook vir die Apostoliese Geloofsbelydenis en vir die Nederlandse Geloofsbelydenis.*

4.4.2 Hierdie appèl raak ook 'n besluit van die vorige sinode. Ons verwys hier na bl. 238 punt 4.6.1 van Handelinge van die Sewende Sinode. Op grond van 'n ordemosie van prof. R Marè is besluit om die idee van die aanbring van voetnote te *verwerp*. Die ordemosie lees soos volg: Die sinode besluit oor die beginsel of die APK op die weg wil begin gaan om voetnote by die belydenisskrifte aan te bring waardeur interpretasie gedoen word.

4.4.3 Die appèl is aan hierdie kommissie gestuur deur die Direkteur van Kerkadministrasie met die aanbeveling dat dit in oorlegpleging met die Kommissie vir Kerkregtelike Sake hanteer word. Na 'n gesprek met die voorsitter van die KKS is besluit dat die KKCE 'n verweer teen die appèl sal opstel wat gekontroleer sal word deur die KKS. Die verweer sal betyds voorberei en voltooi word vir voorlegging aan die sinode. 'n Afskrif sal aan die appellant gestuur word.

4.4.4 Die appèl van GJ Nel word as Bylae KCE 5 by hierdie verslag aangeheg.

4.4.5 AANBEVELING

Die KKCE hou die voorbereide stuk i.v.m. dié appèl van GJ Nel insake voetnote by belydenisskrifte aan die sinode voor vir verdere oorweging en besluitneming.

4.5 **Video's oor satanisme**

(Handelinge Sewende Sinode, bl. 291, pt. 2.3.1)

Hierdie kommissie het die opdrag van die sinode in verband met die besigtiging en evaluering van die video's met die oog op keuring soos volg hanteer. Ons het dit aan verskeie predikante beskikbaar gestel en as kommissie dit self besigtig. Daar was ook verskeie kerkrade wat dit reeds vroeër aangekoop het. Hulle het ingewillig om 'n evaluerende verslag aan ons te stuur. Die video's is tans by persone met opvoedkundige en onderwysagtergrond.

Verskeie positiewe aspekte in verband met die moontlike gebruik is reeds geïdentifiseer waarvan die doel om die gevare van satanisme aan ouers en kinders bekend te stel, baie belangrik is. Daar is egter nog 'n paar probleme wat oorbrug moet word.

Die kommissie sal die verslag gereed hê vir die sitting van die sinode.

4.5.1 AANBEVELING

Die sinode versoek die KKCE om die evaluering van die video's oor satanisme as deel van die verslag aan die sinode voor te lê.

4.6 **Dobbelary**

(Handelinge Sewende Sinode, bl. 237, pt. 4.1.1.1 en 4.1.1.2)

Die Kommissie het dit aan 'n lid van die kommissie, dr. WA Burger, opgedra om 'n brosjure oor die Bybelse lering oor dobbelary en lotery te skryf. Na wat verneem word behoort dit tydens die sitting reeds beskikbaar te wees.

4.6.1 AANBEVELING

Die KKCE lewer verslag aan die sinode in verband met die beskikbaarheid van die brosjure oor dobbelary en lotery al dan nie.

4.7 **Israelvisie**

(Handelinge Sewende Sinode, bl. 237, pt. 4.4.1)

Die KKCE het dr. WA Burger gevra om 'n brosjure op te stel soos goedgekeur by die vorige sinode. Dit behoort by die aanvang van die sinode beskikbaar te wees. Vanweë die omvang van die saak sal verskeie brosjures wat die belangrikste grondbegrippe van die Israelgedagte agtereenvolgens behandel, geskryf moet word. Dit vereis dat Volkekundige, Bybelse en Kerklik-teologiese bronne ontgin moet word.

Dit is verder belangrik dat dit in 'n vorm aangebied moet word wat geskik sal wees vir gebruik by Bybelstudie.

4.7.1 AANBEVELING

4.7.1.1 Die KKCE lewer verslag in verband met die vordering of beskikbaarheid van 'n brosjure oor die Israelvisie al dan nie.

4.7.1.2 Die sinode besluit dat 'n vroeëre reeks artikels in *Die Boodskapper* oor die Israelvisie desgelyks in 'n brosjurevorm uitgegee word. 'n Lys van publikasies wat geraadpleeg kan word, moet deel vorm van die brosjure. Die sinode versoek die Publikasiekommissie om aandag aan hierdie saak te gee.

5. **Beskrywingspunte**

5.1 **Ring van Petrusburg: Eksegetiese studie oor ouderlinge en diakens**

('n Eksegetiese studie van die rol, funksie en eietydse kerkregtelike toepassing van verskeie begrippe rondom die amp van ouderling en diaken.)

Die Direkteur van Kerkadministrasie het 'n beskrywingspunt van die ring van Petrusburg na die KKCE gekanaliseer. Dit lees soos volg:

Die sinode dra dit aan die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om 'n eksegetiese studie te maak van die rol, funksie en eietydse kerkregtelike toepassing van die begrippe presbuteroi, diakoneo, diakonia, episkopos, episkopeo, poimen en ander moontlike verbandhoudende terme in sowel die Ou as die Nuwe Testament, met die doel om die sinode te adviseer oor die eietydse funksionering van die ampte van ouderling en diaken in die Afrikaanse Protestantse Kerk, sodat die sinode kan oordeel of die funksionering van die ampte, soos uitgespel in die Kerkorde van 1996, Skrifgetrou is.

5.1.1 Motivering

5.1.1.1 Skrif en Belydenis

Op die gereformeerde grondslag van *sola scriptura* word aanvaar en geglo dat die Bybel die presbiteriale kerkregeringstelsel as norm voorhou vir toepassing in die Kerk van Jesus Christus, soos veral uiteengesit in artikels 30, 31 en 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGb.).

'n Deeglike verkenning van hierdie artikels in die NGb. bring aan die lig dat die drie besondere ampte, naamlik leraar, ouderling en diaken, se pligte van mekaar *onderskei* word, maar dat in amptelike funksionering die ampte nooit van mekaar *geskei* word nie. So praat art. 30 van die NGb. van dienaars, herders, opsieners en diakens, sonder dat daar 'n sweem van sprake is dat vier besondere ampte ter sprake is in plaas van drie. Artikels 30, 31 en 32 moet as geheel beskou word om tot die besliste slotsom te kom dat daar net drie besondere ampte (leraar, ouderling en diaken) is. Bestudering van die Skrifgetuienisse by die vermelde artikels (soos aangedui in die Kerkboek van die AP Kerk) bring boonop aan die lig dat woorde, terme en uitdrukkings wat die Skrif gebruik om na die besondere ampte te verwys, nie op 'n simplistiese, direk-ooreenstemmende wyse op die huidige ampte van leraar, ouderling en diaken van toepassing gemaak kan word nie. Daarom moet ook aanvaar word dat wanneer daar van 'n *presbiteriale* stelsel gepraat word, daar nie bedoel word dat dit byvoorbeeld net na 'n *ouderlingstelsel* verwys nie, maar inderdaad in breër sin na 'n stelsel wat *deur die ampte* bedryf word.

5.1.1.2 Ontwikkeling in die AP Kerk

Die afgelope aantal jare het daar met betrekking tot die funksionering van die besondere ampte 'n besliste ontwikkeling in die AP Kerk plaasgevind wat daartoe lei dat 'n oordrewe onderskeiding tussen die ampte van ouderling en diaken nou 'n geskeidenheid tot gevolg het. Hierdie ontwikkeling kan veral nagespeur word in die wysigings wat in die Kerkorde aangebring is om die werksaamhede van die kerkraad al hoe meer om die taak van die ouderling te laat wentel. Die huidige Kerkorde (van 1996) dui in ongeveer 80 gevalle, in sowat 39 artikels en bepalinge, aan dat magte, funksies en verantwoordelikhede in die ouderlinge/ouderlingeraad gesetel is wat, sonder om teen die letter of gees van die Formuliere van Eenheid in te druis, ook in die kerkraad (ouderlinge en diakens gesamentlik) gesetel kon wees. Net 'n paar van hierdie magte, funksies en verantwoordelikhede word ter illustrasie genoem:

★ Direkte betrokkenheid by die verkryging van lidmaatskap deur nuwe aansoekers, hetsy vanaf ander kerke/kerkverbande, of persone wat aansoek doen om belydenis van geloof af te lê.

★ Direkte betrokkenheid by die beëindiging van lidmaatskap van lidmate wat die kerk verlaat.

★ Direkte betrokkenheid by die ondersoek na besware teen die verkiesing van ampsdraers en/of die beroeping van leraars.

★ Toesig oor die verbondsonderrig.

★ Toesig oor die sakramentsbediening. (Veral by die bediening van die nagmaal, waar die bedienende diaken by uitstek in die posisie is om toe te sien dat ongemagtigde persone nie die brood en beker misbruik nie, sou die diaken ook kon toesig hou.)

5.1.1.3 Gevolge van die huidige stand van sake

Die pertinente inperking van die direkte betrokkenheid van die diaken in bovermelde aangeleenthede deur die huidige Kerkorde, is 'n anomalie:

★ Artikel 49 van die Kerkorde (1996) dui aan dat die *kerkraad* (ouderlinge en diakens gesamentlik) lidmate van die kerk moet toerus, aktiveer en organiseer om diensbaar te wees in die Kerk van Christus; sonder die uitdruklike opdrag van toesig, saam met die ouderlinge, word hierdie opdrag in groot mate onuitvoerbaar vir die diaken.

★ Bepaling 23B dui aan dat die *kerkrade* die groslys moet finaliseer voor die verkiesing van ampsdraers; hierdie taak moet uitgevoer word veral met verwysing na die leer en wandel van genomineerde persone. Sonder die uitdruklike opdrag van toesig is hierdie taak dan ook vir die diaken onuitvoerbaar.

In die suidelike streke van ons land, waar sowat dertig persent van die gemeentes in ons kerkverband gesetel is, word die geskeidenheid tussen ouderling en diaken geaksentueer, aangesien kerkrade in hierdie streke grootliks uit enkelgetalle bestaan. Dit bring mee dat uit hoogstens twee of drie persone 'n ouderlingeraad- of diakonievergadering moet konstitueer; die stremming op sinvolle besprekings en besluitneming is dikwels onhoudbaar. Sou daar egter meer gewag gemaak word van die funksionering van die volle kerkraad, sal hierdie probleme uit die weg geruim word.

5.1.1.4 Samevatting

Aangesien geen volledige, oortuigende Skrifbewyse of interpretasie nog aangevoer is vir

die huidige geskeidenheid tussen ouderling en diaken nie, en aangesien groter eenheidsfunksionering van die besondere ampte nie 'n voordie-hand-liggende negering van die gereformeerde belydenis sal wees nie, word hierdie beskrywingspunt voor die sinode gelê sodat die Skrif self kan aandui hoe die ampte die Kerk van Christus beter kan bedien.

5.1.2 Omdat die finale vergadering van die KKCE reeds agter die rug was voordat die beskrywingspunt hanteer kon word, het die lede na oorlegpleging met mekaar besluit om die volgende aanbeveling aan die sinode te maak:

5.1.1.5 AANBEVELING

Die sinode dra dit aan die nuwe KKCE op om in samewerking met die KKS en die dosente van die Departemente Ou en Nuwe Testament, 'n studiestuk op te stel wat lig kan werp op die probleem wat in die beskrywingspunt van die ring van Petrusburg oor 'n eksegetiese studie oor ouderlinge en diakens genoem word.

5.2 **Ring van Mooinooi: Toepaslike tekste by Dordtse Leerreëls**

Die sinode besluit om meer toepaslike tekste by die tetiese deel van die Dordtse Leerreëls te voeg.

5.2.1 **Motivering**

As gevolg van onkunde en 'n gebrek aan Bybelkennis leef die mening by sommige lidmate dat die Dordtse Leerreëls *mensewerk* is wat nie met die Woord ooreenkom nie. Wanneer daar, soos by die ander twee besondere belydenisskrifte, heelwat motiverende tekste aangebring word, sal hierdie probleem oorkom word.

In dié verband kan ons Kerkverband baie uniek wees. (Hierdie beskrywingspunt is ná die finale vergadering ontvang.)

5.2.2 AANBEVELINGS

5.2.2.1 Die byvoeging van meer toepaslike tekste by die teksdeel van die Dordtse Leerreëls is 'n besondere studie.

5.2.2.2 Die sinode keur die beginsel daarvan goed, en dra dit aan die volgende KKCE op om dit tot uitvoer te bring.

5.3 **Ring van Beaufort-Wes: Kwalifisering van landbouprodukte vir Moslemgebruik**

Die sinode spreek hom uit teen die doelbewuste kwalifisering van landbouprodukte vir Moslemgebruik ten einde marktoegang en prysvoordeel te verkry. Kerkrade word versoek om daarop bedag te wees en die doelbewuste kwalifisering van landbouprodukte vir Moslemgebruik teen te werk.

5.3.1 **Motivering**

5.3.1.1 Daar is 'n toename in sekere landbousektore en by uitnemendheid in die vleisbedryf wat grotendeels deur belydende Christene bedryf word om doelbewus meganismes daar te stel en om produkte beskikbaar te stel wat kwalifisering vir Moslemgebruik moontlik maak.

Die fisiese aspek met betrekking tot kwalifisering vir Moslemgebruik het geen invloed op die Christen nie omdat daar te midde van *baie sogenaamde gode maar net een God... en een Here Jesus Christus (is) deur wie alles is* (1 Kor 8:5, 6).

Die handeling van die Christen word egter deur die Woord geoordeel aan die getuieniswaarde wat sy optrede het met betrekking tot sy kennis van Christus. As ons dan te midde van ons kennis van Christus ons broers laat struikel deur voedsel, sondig ons teen Christus (1 Kor 8:10–13).

Die handeling van Christen-boere en sakemanne versterk die selfversekering van 'n al groterwordende Moslemgemeenskap in Suid-Afrika. Hiermee doen hulle mee om afgodediens te bevorder. Die wyse waarop Christene deur hul besigheidshandeling vir Christus getuig, deur produkte wat onder sy seënende Hand geproduseer is beskikbaar te stel vir afgodediens, maak 'n bespotting van die koninkryk van Jesus Christus in die oë van afgodedienaars. Hierdeur word Jesus Christus verloën voor die aangesig van 'n minagtende Moslemgemeenskap wat geen kennis van sy Almag het nie en wat daarop toegewys is om sy beeld in sy volgelinge waar te neem.

Die Christen-landbouer en sakeman wat dus die Here se seën afbid op sy lewensbestaan moet nie net met sy mond bely nie, maar met sy hele lewe, en dus ook sy produkte wat hy uit God se genadige Hand ontvang, getuig dat daar geen ander God as die Drie-enige is nie en dat Jesus die enigste Weg tot die ewige lewe is en dat God ook sy kinders op aarde genoegsaam versorg sodat hulle nie afgodsgeld nodig het vir hulle lewensbestaan nie.

5.3.2 AANBEVELING

Die sinode keur die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes soos volg goed:

Die sinode spreek hom uit teen die doelbewuste kwalifisering van landbouprodukte vir Moslemgebruik ten einde marktoegang en prysvoordeel te verkry. Kerkrade word versoek om daarop bedag te wees en die doelbewuste kwalifisering van landbouprodukte vir Moslemgebruik teen te werk.

Die Kommissie vertrou dat hy sy taak na wense afgehandel het en bid die sinode die seën van die Here toe met die huidige sitting.

PROF. JC LOMBARD
VOORSITTER

DR. WA BURGER
SKRIBA

BYLAE KCE 1

Aanskoulike weergawes van die geopenbaarde Bybelinhoud

1. INLEIDING

1.1 Die aktualiteit en die probleme

Daar is 'n toenemende tendens in ons land om die Passiespele op te voer, ook deur belydende lidmate van kerke van gereformeerde belydenis. Hierdie mense aanvaar ook onkrities die reisprogram deur reisagentskappe, predikante en ander instansies gereël waarby die bywoning van die Passiespele te Oberammergau dié of een van die hoogtepunte is. Die "Bybel op doek" is 'n sondige waagstuk wat streng afgekeur moet word. Vgl. inligting Rapport Tydskrif 26 November 1995 "Die Bybel op doek – eers Mattheus en nou Handelinge" en sonder kritiese bevraging. Daar verskyn telkens nuwe "Jesusfilms" of Bybelfilms wat hoogstens 'n uiters aanvegbare skouspel is, met inkleding volgens die interpretasie van toneelskrywers en produksieregisseurs wat Bybelinhoud op die verhoog sleep waarvoor engele die aangesig bedek. Vir sommige of baie Christenbelyers lyk dit na 'n vrome avontuur – maar watter prinsipiële leiding ontvang ons mense hieroor met name ook van kerklike kant? Hierbenewens moet ons as gereformeerde Kerk ons deeglik verantwoord oor die sg. religieuse dramas, die talle Kersopvoerings wat aangebied word, die Showfilms met Bybelse temas, die speelfilms met godsdienstige tema en strokiesfilms. Ons moet die Kinderbybels evalueer, wat insluit die voorstellings daarin van onderskeidelik God die Vader, die Seun Jesus Christus en ook van die Heilige Gees.

1.2 Positiewe leiding

Tegelyk moet ons nie goeie gereedskap en hulpmiddels saam met die verwerplike opruim nie. Daar is geoorloofde visuele hulpmiddels wat gebruik kan en moet word t.o.v. gemeentevoorligting, elke vorm van Bybel- en verbondsonderrig, ook op skool en tersiêrevlak, asmede teologiese opleiding. Wat sluit dit alles in en waar lê die grens?

1.3 Begrensing van hierdie tema in die verslag

Met hierdie deel van die KKCE se opdrag word net beoog om prinsipiële riglyne te bied vanuit Bybelse perspektief. Ter wille van die omvang van die verslag en die agenda van die sinode word dit berekend so bondig as moontlik gestel. Die eksegetiese en dogmatiese motivering word dus uiteraard saaklik gestel, en dit moet nie verwar word met oppervlakkigheid nie.

Die term: *Visueel* – Dit word hier gebruik in engere sin nl. te sien, te kyk of waar te neem, d.w.s. die sigbare vir die oog. Die probleem sentreer hier om die vraag of konkrete voorstellings van o.a. God en van Jesus Christus moontlik en toelaatbaar is.

2. DIE BYBEL SE MENSVORMIGE (ANTROPOMORFE) SPREKE OOR GOD.

2.1 Daar is baie voorbeelde in die Bybel van die mensvormige spreke oor God. Ons stip net enkele voorbeelde aan uit talle.

God se gestalte: Hy het 'n aangesig: Gn 32:30; Mt 18:10; 1 Kor 13:12 en so meer. Hy het oë: Dt 11:12; Ps 11:4; Heb 4:13. Hy het 'n mond: Nm 12:8; Ja 5:4. Hy het 'n hart: Gn 6:6; Hd 13:22. Hy het voete: Ps. 110:1.

God se gevoelens: Sy liefde: Hs 11:1; Rm 8:37. Berou: Gn 6:6,7. Vreugde: Dt 28:63. Toorn: Am 5:21. Droefheid: Ef 4:30. Sy handelinge: Hy sien: Mt 6:4,6,18. Hy hoor: Jn 11:41,42. Hy soek: Jn 4:23. Hy werk: Jn 5:17.

Hierdie mensvormige spraakgebruik uit die Ou Testament word in die Nuwe Testament voortgesit, al is daar aksentverskille, bv. Op 21:4 "En God sal al die trane van hulle oë afvee".

2.2 Dis 'n lewende spreke oor God in die Joodse stylfigure

Die Oosterlinge, m.n. ook die Jode, se taalgebruik en inkleding was plasties en konkreet met voorbeelde uit die praktyk om sake te beskrywe. Hulle het die God van Israel ook anders gesien en belewe as wat die heidene die stomme en sinlose afgode gesien het en dit in hulle taal weergegee het. Hy was tegelyk onvergelyklik verhewe bokant alle skepsele (transendent) maar dan ook die lewende, dinamies aktiewe Verbondsgod met wie Israel in geloof en liefde in lewende gemeenskap moes bly. Die taal wat hierin moes dien was nie die logiese beredeneerde uitdrukkingswyse van die Westerse kultuur nie, maar analoog met dit waarmee 'n gewone lewende mens beskrywe is, al was dit stamelend om God se heerlikheid, sy almag en sy werke te verkondig.

God werk hierin ook volgens sy vrymag. Hy verskyn aan hulle soos Hy wil en wanneer Hy wil en hoe Hy wil (Ex 33:19). Die volk staan egter in hulle verhouding met God in 'n GELOOFSVERHOUDING (vgl. Heb 11), waarin die onsienlike gesien word, al kom die gedagte van 'n gestalte van God na vore in die terme waarmee hulle God noem en beskrywe.

L Herman som dit kernagtig op en wel soos volg: *Die gedagte aan 'n gestalte van God het te midde van die vele Bybelse antropomorfismes slegs 'n geringe rol gespeel. En ofskoon Hy mensvormig voorgestel is, is daar nêrens blyke van enige refleksie daarvan in 'n konkrete, aanskoulike vorm nie. Ook word dit nêrens aan die orde gestel om die verhouding tussen die gestalte van God en die menslike liggaamlikheid analogies te verklaar nie.*

Hy vervolg: *Die aanskoulike uitdrukkingswyse waarop die Bybelse antropomorfismes oor God spreek, veronderstel geensins dat God tot voorwerp van die aanskouende mens gemaak kan word nie.* L Herman, D. Phil Proefskrif bl. 119.

2.3 Wat beteken en impliseer die "sien van God" deur die mens?

Die Christelike Kerk bely uit die Woord die onsigbaarheid, die verberging van God. Vgl. hier Jn 1:18, 1 Tm 1:17 en 6:16. Tegelyk "sien" Hagar die Here – Gn 16:13, en Jakob sien Hom van aangesig tot aangesig – Gn 32:30. Volgens Ex 3:6 verberg Moses sy aangesig omdat hy bevrees is om God aan te sien, maar klim op die berg (Ex 24:9,10) saam met Aäron, Nadab, Abiha en die 70 oudstes van Israel: "En hulle het die God van Israel gesien". Die klassieke vindplek hiervan is Ex 33:11–23, waar die Here met Moses praat soos 'n man wat met sy vriend praat (v.11) waarop hy 'n versoek rig om die Here te sien (v. 18). Die Here antwoord Moses "Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie" (v.20). Tog word Moses toegelaat om die Here te sien (v. 22,23) vgl. Nm 12:8; Mt 5:8; Op 22:4.

Ons kan hieruit nie aflei dat die Bybelskrywers God met die oog gesien het nie, maar wel dat hulle intens bewus was van God se majesteitlike en heerlike teenwoordigheid, in die besondere verskyning of gestalte waarin Hy Hom geopenbaar het. As God "gesien" word, word nooit 'n gedetailleerde beskrywing van sy gestalte gegee nie, maar wel van die begeleidende verskynsels wat sy heerlikheid en heiligheid uitstraal. Dis nie identies met wat ons met ons oë sien nie. Al seën Hy ons met sy verbondsliefde – Ps 25:14 en Gn 5:24, bly Hy nog die onsienlike. Hy bly die onbeskryflike – Ex 24:17 en 18:19.

Die Bybelse waarheid van die sien van God is nie identies met die sien deur die menslike oog nie. God besluit in sy vrymag waarom Hy Hom verberg en hoe Hy Hom sal openbaar en sigbaar sal maak, maar hierdie sigbaarheid is onafbeeldbaar en kan nie visueel konkreet gemaak word nie. Ons "sien" Hom in die geloof, met die geloofsoog in die ervaring van sy genadewerking aan ons.

2.4 Die persoon van Jesus Christus en die mensvormige (antropomorfiese) spreke van God

Die persoon van Christus was die duidelikste beliggaming van die antropomorfiese spreke van God (vgl. ook Calvyn J, op. cit. 1, 11,3). Die wonder van Christus se vleeswording was God se magtige ingrype en openbaringswoord, soos in die Woord voorspel. Jesus Christus het God gebly ook toe Hy die menslike natuur aangeneem het. Wat hier vir ons van belang is, is dat, soos in geval van die reeds genoemde Bybelse antropomorfismes (mensvormige spreke van God), nie van God se visuele, met die vleeslike oog sigbaarheid sprake is nie – die verberging bly (Jn 1:18). Opsommend: die mensvormige spreke van God soos in die Bybel opgeteken en soos dit in die vleeswording van Jesus Christus by uitnemendheid sy gestalte vind, bied geen gronde om God Drieenig, of die persoon van Jesus visueel voor te stel nie.

3. DIE TWEEDE GEBOD

Daar is 'n noue samehang tussen die eerste en tweede gebod van die Tien Gebooie. Die tweede vloei uit die eerste gebod, waarin God proklameer dat Hy geen ander gode voor sy aangesig wil hê nie, waaruit volg dat geen visuele afbeelding van Hom gemaak moet word wat kan lei tot afgodery nie. Die tweede gebod mag dus nie eensydig toegespits word op die maak van afgodsbeelde nie. Die tweede gebod geld veral teen die maak van kultiese godsdienstige beelde wat in die plek van die ware God gestel word. Dis nie 'n verbod op die beeldende kuns en die voortbring van kunssinnige kultuurgoedere nie.

Daar was dan ook geen konkrete, visuele voorstelling of afbeelding van Jahwe tydens die patriargale tydperk van die OT nie, ook nie in die tabernakel en die tempel van Salomo nie. Die onafbeeldbaarheid van God was 'n integrale deel van Israel se ware Godsdiens. Jahwe kán nie afgebeeld word nie, omdat God nie vir ons sintuiglike waarneming "sigbaar" is nie, en HY MAG ook nie afgebeeld word nie. Hy word net deur sy vrymagtige openbaring geken.

Calvyn stel dit soos volg: "Om God af te beeld in 'n sigbare gedaante sien ons as ongeoorloof omdat Hy dit self verbied het en omdat dit nie kan geskied sonder om sy eer te ontheilig nie". Op. cit. i, 11,12. God hoef ook nie afgebeeld te word nie. Die Skrifopenbaring is volmaak en genoegsaam. Prof. AB du Preez stel dit soos volg: "Elke menslike gedagte of aanskoulike voorstelling van God is altyd net ongod, niegod, popgod, valse god en daarom vir God 'n gruwel." Vgl. "Die onafbeeldbaarheid van die openbaringsinhoud van die Bybel" in N.G.T.T. Junie 1965. In sover God self beelde en tekens vir sy openbaring gebruik, is dit in diens van die Woord wat Hy spreek. Vgl. die reënboog, die donder (Ps 29), die sakramente. Dis beelde wat oprank teen die stam van die Woord. Die beeld self roep nie die mens tot beslissing vir en voor God nie, maar het 'n dienskarakter vanuit sy openbaringswoord. Die sakramente deur God ingestel is sy verordinering en spreek direk van sy onuitspreeklike verbondsgenade in Jesus Christus. Vgl. hieroor Heidelbergse Kategismus, Sondag 25 tot 30.

4. DIE PERSOON VAN CHRISTUS: EEN PERSOON EN TWEE NATURE

4.1 Die probleem insake die visuele

Konkrete afbeelding van Christus is veral 'n Christologiese probleem. Ons bely op grond van die Woord dat Hy volkome God is van ewigheid af, maar dat Hy die volle menslike natuur aangeneem het, of bygeneem het. Vgl. art. 10, 18 en 19 NGb. Heidelbergse Kategismus Sondag 14–15, Nicea, Athanasius en Apostoliese Geloofsbelydenis. Dit is twee nature in die EENHEID van sy persoon, waarby die menslike natuur nie in die Goddelike verdwyn nie (Apollinaris c.s) of die menslike so beklemtoon word dat die twee nature geskei is nie (Nestorius c.s.). Art. 19 van die NGb. bied hierdie waarheid besonder duidelik aan. Bg. beteken logies en teologies konsekwent dat wie Jesus visueel wil weergee of sy rol wil aanbied in 'n opvoering of film, God wil afbeeld, waarby ons punktueel moet onthou dat God Drie-enig EEN WESE is in DRIE PERSONE en ook die Drieeenheid in so 'n poging betrokke is. Dit alles illustreer die ligsinnige gewaagdheid van so 'n poging.

4.2 Die twee sakramente as sigbare tekens

Die doop en nagmaal, soos reeds genoem, is die enigste twee sigbare tekens deur God ingestel, as genademiddele. Dit is net 'n ander wyse van Woordverkondiging, niks meer of niks minder nie, waardeur die Heilige Gees van Christus inwendig in die hart werk tot versterking van die geloof. Dit spreek van ongeloof as mens sou meen dat aan bg. genademiddele iets visueels oor die Drie-eenheid of een van die Goddelike Persone toegevoeg moet word.

4.3 Jesus se liggaamlike, dus visueel sigbare gestalte, is nie geïsoleerd van sy Godheid nie

Sy Godheid het juis d.m.v. sy mensheid tot openbaring gekom (Jn 1:18). PC Rule stel dit soos volg: "They knew directly the man Jesus. They believed in his divinity. Yet, somehow, through the mystery of faith they did experience the divine Person. The incarnation, like the rest of revelation, is a matter of communication. The divinity, the Logos, communicates with us by means of the humanity he assumed. Jesus IS divinity, He POSSESSES humanity. How then can a director filming a life of Christ for example, represent that experience of his divine presence as it affected those around Him?" (Rule PC "Reflections on the religious dimensions of the film", in *Christian Scholars review*, vol. VII no. 1, 1977 p. 40).

4.4 Christus-afbeeldings in die geskiedenis

Die Christelike Godsdiens het van die begin af die Woordverkondiging sentraal gestel en beelde is nie ter sake geag nie. Ook daarom is daar geen outentieke oorspronklike afbeelding van Christus en gee die Evangelies nie 'n beskrywing van sy gestalte of voorkoms nie. Alle Christusbeelde in watter vorm ook al, is hipoteties, waarby ons moet onthou dat nie twee eners is nie. Dis 'n versameling van kaleidoskopiese variante. In Michaelangelo se "Laaste Oordeel" (skilderwerk), word Jesus se gespierde liggaam bv. voorop gestel, sodat Cope tereg opmerk: "It is not the schale of Christ's figure which distinguishes him in the painting but his perfect muscular torso and classically beautiful features emphasizing him as a superman" (Cope, G op. cit. p. 43). Nog die NT skrywers of die vroeë Christelike Kerk het probeer om Christus se uiterlike voorkoms weer te gee. Dit geld ook van die geskrifte van die Kerkvaders. In die derde eeu n.C., vanaf 230, het die afbeeldings toegeneem maar dit was nog simbolies van aard – Christus is voorgestel as 'n goeie herder wat 'n lam op sy skouers dra. Calvyn wys daarop dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen die opkoms van Christus-voorstellings en die verval van die suiwere bediening van die Evangelie, op. cit. 1.12,13.

4.5 Die verwerping van en kritiek op afbeeldings van Christus

Op die sinode van Elvira (306 en 312) het Eusebius van Caesarea hom op die Tien Gebooie beroep om Christusbeelde te verwerp. Die

sinode van Tertulanum (692) maak beswaar teen die afbeelding van Christus as 'n lam. Die sinode van Konstantinopel (754) beskou alle afbeeldings van Christus as verwerplik en stel dat die ware beeld van Christus die nagmaal is.

Die Protestantse Hervormers het sterk geformuleerde protes gelewer teen alle vorme van beeldediens en afbeeldings van Christus.

Die algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk het in 1970 die volgende duidelike besluit oor hierdie saak geneem:

Betreffende die voorstelbaarheid of afbeeldbaarheid van die Christusfiguur, wil die kerk getuig dat die openbaring van Christus so misterievol en ryk aan inhoud is dat dit alleen in die vleesgeworde Woord van God, Jesus Christus, waarvan die Bybel die onfeilbare weergawe is, uitgedruk kan word en nie in enige menslike afbeelding deur enige vorm van kuns, adekwaat en openbaringsgetrou, weergegee kan word nie.

Aan alle afbeeldinge – ook die bes bedoelde van die Christusfiguur, kleef die gevare van vervlakking deur die byvoeginge van die menslike verbeelding. Die norm moet altyd wees om so getrou moontlik te hou aan die besonderhede van die openbaring van die Bybelwoord (algemene sinode, 14 Okt. 1970, Pretoria).

Dit is dus ongehoorsaamheid aan hierdie sinodebesluit as gesiene lidmate en ook predikante die leiding neem in die organisering van Passiespele. Die kritiek van K Schilder in hierdie verband bevestig bg. sinodebesluit as hy sê dat ons van Christus "kan getuig, maar dat Hy nie beskrywe kan word nie". Hy sê dat alle eiemagtige konstruksies van Jesus se voorkoms en Persoon die kunstenaar se aprioriese beskouing oor Christus na vore bring, volgens die oortuiging uit sy hart. Schilder K. *Christus en Cultuur,* bls. 27–28.

Die rewolusionêre bevrydingsteoloog sien Hom as 'n bevrydende vakunieleier en die sektariese Jesulatris – (aanhanger van Jesus sonder samehang met Gods Drie-eenheid) sien Hom as 'n individuele godsdiensleier.

Vgl. ook Potgieter, FJM. oor "Beginselvrae insake die rolprent", *Die Kerkbode* 26 Julie 1950.

Vgl. ook Van der Walt, SP. oor "Mag Christus afgebeeld word?" Kerkblad 15 Jan. 1964, bl. 8. Ons moet as belydende Christene en as kerk onder die gesag van die Koning en sy Woord vashou aan Jesus Christus soos in die Woord geopenbaar. Hy is die beeld van die onsienlike God (Kol 1:15). Nogeens, die genademiddele wat God, met name ook vir die Nuwe Verbond verorden het, d.w.s. die Woord en die Sakramente, was nog altyd en is genoegsaam, deur die werking van die Heilige Gees, om sy kerk te vergader, op te bou en al die uitverkorenes in te samel.

Eiesinnige visuele toevoegings getuig van oneerbiedigheid en kleingeloof want God self werk met hierdie genademiddele die onweerstaanbare genade soos in die leerreëls van Dordt duidelik gestel word.

5. DIE PASSIESPELE EN JESUS-FILMS

5.1 Passiespele

Dis ontstellend dat die Passiespele ook selfs by die Afrikaanssprekende van gereformeerde belydenis insypel en bevorder word. In die *Volksblad* van 29 Maart 1994 is die volgende berig:

Passiespele op Goeie Vrydag in Bloemfontein in buitelug opgevoer. Die plek lyk toevallig baie soos Gólgota en Getsémane waar Jesus gekruisig is. Soldate in uitrustings uit die Bybelse tyd sal die rantjies met lanterns uitklim. 'n Koor van meer as 100 mense uit Bloemfontein se gemeentes (NG gemeentes – JCL) sal die samesang lewer. Mev. Maartens, predikantsvrou van die NG Gemeente Noordhoek sê sy glo 'die enigste ware weg tot versoening tussen mense van verskillende rasse, is 'n ontmoeting om die kruis'. Sy sê deelnemers wissel van 4 tot 70 jaar ... 'n silwerkollekte sal ook opgeneem word. Die mense moet ook iets aansmeer om die muskiete weg te hou, sê mev. Maartens.

In die Algemene Kerkbode van 10/11 Mei 1996 lees ons:

Help Oos-Londen met Passiespele 1997. Die NG Gemeente Oos-London beplan die Passiespel vir en deur die gemeenskap van Oos-Londen vir 16–19 Maart 1997 ... Volgens ds. E Vosloo, gemeenteleraar, is dit 'n interkerklike projek vir alle taalgroepe van die Oos-Kaap nl. Afrikaans, Engels en Xhosa. Die skrywer en regisseur van die Passiespel, is mev. Marie van Rensburg, 'n bekende in dramakringe in Oos-Londen. (Die stuk is op "Die Evangelie van Markus" gebaseer.)

Die ATKV het dit oorweeg om met hulle 50-jarige feesviering in 1980 'n Passiespel op te voer, en met die NG Kerk daaroor geskakel. Die NG Kerk het toe hulle 1970-besluit voorgehou en aan die ATKV meegedeel dat die dramatisering van hierdie eenmalige heilsgebeurtenis vreemd is aan die gereformeerd-reformatoriese beskouinge van die kerk. Die ATKV het toe nie die Passiespel aangebied nie.

5. Bybelfilms met name Jesus-films

Daar het gaandeweg reekse verskyn as historiese Bybelfilms, maar die meeste as Jesus-films. Ons stip net enkele voorbeelde aan om te wys op die bedenklike aard daarvan, afgesien veral van die bogenoemde beginselbeswaare daarteen vanuit Bybelse perspektief.

The Ten Commandments Cecil B de Mille. Die boek Exodus is gebruik vir hierdie ligsinnige waagstuk. In die film is baie historiese foute en die gebruik van eie diskresie wat bots met die Bybelse gegewens, en daar is geen begrip wat betref die gesag van die Woord volgens die gewyde geskiedenis nie. Die skrywer en digter WEG Louw sê o.a. van hierdie film wat 4 uur lank draai:

Daar is ander oomblikke waarin die sigbare en hoorbare beeld so jammerlik te kort skiet by die werklikheid dat mens jou slegs kan verbaas oor die wansmaak, die gebrek aan kennis van die medium – en die menslike hart – wat dit moontlik gemaak het – die brandende doringbos, die stem wat daarin spreek, die voltrekking van die tiende plaag, die vurige wolk wat skeiding maak tussen Farao en Israel aan die Skelfsee, die wonder van die gekloofde waters, ja bowenal, die gee van die wet op Sinai. Dit is Hollywood, maar erger, dit is kitsch.

Maar wat bly dan oor? vra WEG Louw.

'n Skouspel, so weelderig, so uitvoerig, soos 'n mens net in hierdie eeu kan belewe. Ek wil toegee dat die skouspel boei maar met die werklike drama het dit eintlik niks te make nie. Alles wat die menslike vernuf, die verstand, die geld kan verskaf is in hierdie film aanwesig. Net nie die gees self nie. Tot sover Louw.

Die film **Simson en Delila** is totaal buite die konteks van die Bybelse boodskap, en die seksuele verleidingstonele so realisties aangebied dat onderwysers van hoërskole ernstige probleme onder die senior kinders opgetel het – laat staan nog die invloed buite die skool om.

Toe Zefferelli een van sy amateuragtige Jesus-films gemaak het, het hy dit duidelik gestel dat hy nie die NT se Jesus-beeld aanvaar nie, maar sy eie interpretasie gaan toepas en daarvoor 'n gepaste rolspeler sal kies.

De Mille het baie geld en tyd belê in **The King of Kings**, met HB Warner in die rol van Christus. Die eerste dag van die filmopnames is begin met gebede van Protestante, Roomses, Jode, Boeddhiste en Moslems.

Butler het van die film gesê, en met name oor Warner wat Christus se rol gespeel het:

It is easy to believe the American minister who told Warner some time later – "I saw your face in the 'King of Kings' when I was a child and now, everytime I speak of Jesus, it is your face I see." Butler I op. cit. bl. 40.

Van hierdie film is na 1960 'n nuwe uitgawe gemaak met die Christus-figuur volkome gesekulariseer, sonder enige verwysing na sy Godheid, en net sy wonderwerklike wat rasioneel verkoop kan word (soos hulle mense), is selektief uitgekies om te vertoon.

Die Ned. Geref. Kerk het na 'n deeglike ondersoek van die film **Jesus** veelseggende kritiese opmerkings gemaak, aansluitend by vorige sinodebesluite oor die onvoorstelbaarheid van Jesus Christus. Van besonderse betekenis is dat by monde van die Dagbestuur van die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie, die volgende standpunt vasgelê is:

Dat die kerk hierdie beginsels toepas, moet hy tot uitdrukking bring dat hy afwysend staan teen sulke verskynsels soos 'n strokiesprent Bybel, 'n Klankkinderbybel en visuele middele by die katkisasie wat op onverantwoordelike wyse die openbaringsinhoud van die Skrif uitbeeld (vgl. L Hermans op. cit. bl. 334).

5.3 Profetiese getuienis

Hierdie kommissie van die sinode beskou die tyd meer as ryp dat ons Kerk die profetiese stem sal laat deurklink teen die amateuragtige, oppervlakkige en ligsinnige gepeuter met die geheimenisvolle, uniek en eenmalig geopenbaarde Bybelinhoud, veral dan by wyse van Passiespele en Jesus-films. Dit is tog skrynend dat sondige mense gewerf word om die Jesus-rol te vul, d.w.s. Hom "na te speel" wat volkome God en mens tegelyk was. Maar dit traak nie die kommersiële filmbase en die "professionele" rolspelers nie, want die ergerlike sonde wat hulle pleeg – daarvan begryp hulle niks. Dwase en gekke storm in by heilige sake waarvoor die engele hulle aangesigte bedek.

6. WAT VAN GEOORLOOFDE VISUELE HULPMIDDELE IN DIE KERK EN DIE CHRISTELIKE ONDERWYS?

Bogenoemde prinsipiële uiteensetting impliseer dat ons tegelyk progressief moet besin oor tegniese en ander visuele hulpmiddels t.o.v. gemeentelike aktiwiteite op alle vlakke benewens in die onderwys en opvoeding. Hier kom in sig die gebruik van simbole (bv. 'n driehoek om die Drie-eenheid visueel te verduidelik), asook dokumentêre films van volkekundige, historiese, argeologiese en kultuur-historiese aard. Die tegniek en die media moet

maksimaal aangewend word vir die gebruik van geoorloofde inhoud wat visueel oorgedra kan word om so die opvoedkundige en sielkundige waarde van die sien wat die hoor aanvul, ten volle te benut. Hieroor is van behoudende gereformeerde kant waarlik baie goeie bydraes gelewer.

7. AANBEVELINGS

7.1 Ons kerk gee kontinu langs elke weg gepaste leiding ten opsigte van die onderhawige probleem soos in hierdie verslag gestel, en dit by wyse van woord en geskrif. Die doelwit is dat ons as lidmate, wat alle ampsdraers insluit, ons sal distansieer van en getuig teen die aanvegbare praktyke wat betref die visuele voorstelling van die geopenbaarde Bybelinhoud.

7.2 Dit word aan hierdie Kommissie en die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding opgedra om gesamentlik duidelike riglyne op te stel ten opsigte van die positiewe, geoorloofde gebruik van visuele hulpmiddels vir gemeentelike voorligting asook Bybelonderrig op skool en tersiêre vlak. Dit moet positief uitlig wat van opvoedkundige kant gesien MAG EN MOET word teenoor dit wat nie geoorloof is nie.

8. AANGEHAALDE LITERATUUR

8.1 Gepubliseerde werke

Calvyn, J *Institusie*, vertaal deur A Sizoo, Cope, *G Christianty and the visual arts.*

Herman, LJ: *'n Skriftuurlik-prinsipiële besinning oor visuele voorstellings van God in die aanbieding van godsdiensonderrig en Bybelkunde* – D Phil proefskrif UOVS Bfn. Studieleier: Prof. JC Lombard.

Schilder, K *Christus en Cultuur.*

8.2 Tydskrifartikels

Du Preez (prof. AB) *Die Kerkbode,* 28 Julie 1948.

Du Preez (prof. AB) *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* Junie 1965.

Potgieter (prof. FJM) *Die Kerkbode* 26 Julie 1950.

Potgieter, ditto *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* Jan. 1978.

8.3 Versamelwerke

Cope, G: *Christianity and the visual arts.*

Christelijke Encyclopedie, Kok, Kampen, 1960.

Geraadpleegde werke is nie genoem nie.

BYLAE KCE2

BORGSTAAN IN STRYD MET DIE SKRIF?

1. OPDRAG

Verwysing: Handelinge van 1995 sinode bl. 329 by 2.5 en 2.5.1. Die studie-opdrag hiertoe is in 2.5.1 (bl. 291) vervat:

Die sinode besluit dat met die oog op 'n deeglike studie in verband met die onderhawige saak, hierdie brief na die Permanente Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KCE) verwys word met terugvoering na die volgende sinode.

Die genoemde brief is van HCG Bester van AP Kerk Groter-Durban.

2. DIE PROBLEEMSTELLING

In die Kerkorde handel Art. 65 oor die Raad vir Kerkadministrasie (RKA). Bepaling 65A bepaal die bevoegdhede van die RKA en volgens punt 3 het die Raad ook die magtiging *om op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik.* Hierdie artikel is die motivering vir die vraagstelling en die opdrag van die kommissie.

3. WAT IS BORGSTAAN?

Die borgstaan waarteen in ons samelewing beswaar gemaak word lê op die ekonomiese vlak en hang saam met die agtste gebod. Dit gaan om die verleentheid as deur iemand borggestaan word en die skuldenaar wat deur die borgstaner gehelp is, nie sy skuld kan betaal nie en nou moet die borgstaner inbetaal en instaan by die skuldeiser. Dit lê dus op die persoonlike medemenslike vlak. Dit is dan nie net armoede of verleentheid wat die borgstaner in die gesig staar nie, maar die gevolg kan ook wees spanning, verbittering en byvoorbeeld armoede vir 'n persoon, 'n gesin of skade vir 'n instansie. Dit het dikwels in ons samelewing gebeur.

4. DIE GETUIENIS VAN DIE WOORD

4.1 Oor ekonomiese borgstaan

Die klassieke vindplek hiervoor is in die Spreukeboek en wel in hoofstukke 6:1–5; 11:15; 17:18; 20:16 en 27:13 (laasgenoemde twee feitlik gelykluidend) asook in hoofstuk 22:26, 27. Al hierdie tekste lewer dieselfde boodskap in kern en Spreuke 6:1–5 verg daarom ons aandag.

Verse 1–5 is baie ernstige advies aan iemand wat as borg instaan vir 'n skuldenaar om so gou moontlik uit die situasie uit te kom, want hy is in die greep van en eintlik 'n gevangene van die man aan wie hy hulp verleen het.

4.2 Wat behels borgstaan in Spreuke?

Ons moet bogenoemde Spreuketekste ook lees binne die kultuurhistoriese milieu van daardie tyd – sonder om relativisties te word of die gesag van die Woord te versmal. As ons dit *kontekstueel* ontleed, beteken dit juis dat die Woord beter tot sy reg kom.

WH Gispen (Korte Verklaring) wys daarop dat hy wat borggestaan het en sake het skeef verloop, *ook as slaaf* verkoop kan word en hy dus as *persoon* 'n gevangene word van die skuldeiser, met al die negatiewe implikasies daarvan. Die gedagte dat 'n mens vir 'n ander borgstaan, vind ons ook in Genesis 43:9, waar Juda hom as borg aanbied – alhoewel nie in 'n ekonomiese sin nie. Dit is te begrype dat die wyse man in Spreuke 6:3 ernstig pleit om ekonomiese en *persoonlikheidsredes* (slaaf word) dat die borgstaner hom uit dié dilemma moet uitwoel. Dit dra by tot die erns van die aandrang vanaf die kant van die wyse. Ons lees ook in 2 Konings 4:1 van die vrou wat aan Elisa sê: *nou het die skuldeiser gekom om my twee kinders as slawe te neem.* Vergelyk ook Matthéüs 18:25.

Die Verklarende Bybel in Afrikaans se kommentaar oor Spreuke 6:1–5 lui soos volg:

Die Spreukedigter oor borgstaan veroordeel borgstaan baie skerp. Dit behoort tot die styl van die Spreuke (masjal), dat sake skerp gestel word en daar nie met uitsonderinge rekening gehou word nie. In die tyd van die ontstaan van Spreuke het daar waarskynlik op handelsgebied ernstige misbruik ontstaan, sodat borge selfs as slawe verkoop is. Borgstaan op sigself is nie verkeerd nie, anders kan die gedagte nie op Christus toegepas word nie, vergelyk Hebreërs 7:22. 'n Sodanige mens moet egter uiters versigtig wees met borgstaan, wat natuurlik nie die plig tot naasteliefde uitsluit teenoor diegene wat in die moeilikheid verkeer nie, dus ook nie die leen aan die arme nie – vergelyk Exodus 22:24,25; Psalm 37:26.

WH Gispen stel ook in sy kommentaar oor Spreuke 6 die volgende (direk vertaal):

Die vraag kom op of 'n raadgewing soos hierdie wel Evangelies is, of dit nog vir ons,

Christene geld en of dit nie in stryd is met uitsprake soos Lukas 6:30, 34 en 36 nie, asook 1 Korinthiërs 6:7. Dit is 'n sinvolle en geregverdigde vraag, alhoewel ons meen dat hy as behoudende gereformeerde vakeksegeet van die Ou Testament *strydig* as begripskeuse moes vervang met die evangeliese ontsluiting, verdieping en verbreding in die Nuwe Testament. Sy vraag is egter ter sake as sodanig.

5. ENKELE RIGLYNE OOR BORGSTAAN

5.1 Ondeurdagte en onberekende borgstaan

Ondeurdagte en onberekende borgstaan, wat reeds voorkom hetsy met watter filantropiese motiewe ook al, is sonde teen die agtste gebod. Dis sonde teen die eerste tafel van die Wet, omdat die mens rentmeester is vir die Gewer van alle goeie gawes. Dis sonde teen die tweede tafel van die Wet omdat naasbestaandes en/of ander medemense gaan ly onder die gevolge. In Christelike verantwoordelikheid moet alle faktore met betrekking tot die situasie-ontleding en die integriteit van wie gehelp word plus die nodige stipulasies glashelder op die tafel lê, alvorens 'n beslissing geneem word.

5.2 Geoorloofde borgstaan

Daar is positiewe, geoorloofde voorbeelde van borgstaan, byvoorbeeld tussen ouer en kind (om op die been te kom, studielenings en so meer) wat staan onder die leiding van die Christelike liefde. Dit sou simplisties wees om alle voorbeelde van borgstaan summier af te skiet.

5.3 Moderne sakestyl

Kundige Christelike sakemanne wys daarop dat daar tans verskeie variasies is van *borgstaan*, wat nie aanvegbaar is nie. Vergelyk hier die verskeie vorme van sekuriteitswaarborge (byvoorbeeld 'n polis).

5.4 Geen onfeilbare waarborge

In hierdie sondige bedeling is daar vir geen mens of menslike organisasie, absolute en onfeilbare waarborge vir ekonomiese onfeilbaarheid nie. Met die beste sekuriteite, bly nog die onvoorsiene gebeurlikhede en veranderlikes en ook al die ander honderde variasies van verfynde diefstal in die sakewêreld wat nie in die ongedifferensieerde samelewing van die Spreuketyd bestaan het nie.

6. EVALUERING VAN ARTIKEL 65, BEPALING 65 A3

Die KKCE is nie op hoogte van die agtergrond en motivering van hierdie artikel, wat deur die sinode vir die Kerkorde goedgekeur is nie. Dit is in alle geval op 'n geheel ander vlak as die borgstaan, soos dit hierbo in die verslag behandel is, want dit staan in 'n fyn gespesifiseerde *kerklike konteks*. Die kerklike geheelstruktuur waarbinne dit funksioneer, moet verreken word in terme van die personeelsamestelling en bepalinge soos gegee in Bylae 3, Konstitusie vir die Raad vir Kerkadministrasie en Reglement vir die BRKA.

Die motief en funksie van hierdie artikel is net bedoel vir eventuele tipiese kerklike ondersteuningsaksie of waarborg en dit in diens van die kerk se roeping.

BYLAE KCE3

Gravamen: – Dr. JH Ellis

Karate:

Die besluit waarteen appèl aangeteken word:

Die sinode versoek ouers van ons kerk wie se kinders aan karate deelneem om hulle deeglik te vergewis wat betref die lewens- en wêreldbeskouing van die afrigters en leiers in hierdie sportsoort om so moontlike verkeerde invloede te weer, en versoek kerkrade om ouers te waarsku teen "Karate-Zen" en "Shotokai" as twee karatestyle wat beginsels van die Oosterse Zengodsdiens bevat (Handelinge van die Sewende Sinode bl. 236).

Implikasies van die besluit van die sinode

Die besluit impliseer dat die sinode goedkeuring verleen aan die beoefening van karate, uitgesonder die "Karate-Zen" en "Shotokai" style. Per implikasie word dan gesê dat dit die enigste twee karatestyle is wat beginsels van die Oosterse Zen-godsdiens bevat. Die besluit van die sinode kom daarop neer dat karate nie verkeerd is nie, behalwe twee van die karatestyle wat beoefen word.

Enkele vrae:

Enkele vrae ontstaan na aanleiding van die besluit van die sinode, te wete:

1. Waarom is die saak van karate só belangrik en moes daar tot 'n spoedige besluit daaroor gekom word?
2. Waarom het die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek nie 'n meer gebalanseerde verslag wat die negatiewe sowel as die positiewe elemente van karate bevat, aan die sinode voorgelê nie? Hulle verslag bevat baie positiewe elemente oor karate en persone word aangehaal wat pro-karate is, dog geen enkele aanhaling van persone wat deur geloofsoortuiging karate gelos het, word aangehaal nie.
3. Kan die Oosterse wortels in sy geheel van karate losgemaak word? Kan dit as 'n onafhanklike sportsoort wat "verwesters" is beoefen word? Indien wel, wie het die Oosterse wortels van karate afgesny? Wanneer het dit gebeur? Waar en hoe het dit gebeur? Hoekom bewys die sakwapen, die knielhouding en die kreet dan geen getuienis van verwestering nie?

Die KKCE sê self karate is "... omring met die totaliteit van die Oosterse godsdiens" (Sakelys bl. 76).

Die ontstaan van Karate

Karate is volgens Van der Hoven se studie 'n uitvloeiing vanuit die Sjinese gevegskunste. Hierdie gevegskunste het in die Shaolintempel in Sjina onder die invloed van Bodidharma, 'n Indiese Zen-Boeddhis onstaan en ontwikkel.

Zen het urelange meditasie vereis en monnike in die tempel kon nie daarmee volhou nie. Bodidharma het 'n alternatiewe wyse van meditasie geskep deur sekere bewegings in 'n vorm ("kata" in Japannees) saam te vat en te implementeer. Die monnike het nou met die hulp van "katas" gemediteer.

Hierdie katas is later ontwikkel om nie slegs vir meditasie te dien nie, maar ook 'n wyse waarop die monnike hulleself kon verdedig. Hierdie was die beginpunt van die ontstaan van die Oosterse gevegskunste en te danke aan Bodidharma het hy dit spoedig ontwikkel tot 'n stelsel wat die verbeelding van duisende mense aangegryp het. Hy was as die agt-en-twintigste reïnkarnasie van Boeddha bestempel. Hy was een van die vernaamste Indiese monnike wat na Sjina gekom het om die leerstellinge van Boeddha te verkondig.

Bodidharma het 'n nuwe konsep van Boeddhisme na Sjina gebring wat as Zen-Boeddhisme bekend gestaan het.

Karate het egter sy oorsprong in Okinawa. Hierdie eiland het as gevolg van sy ligging as 'n tipe "brug" tussen Japan en Sjina gedien. Hier het Japannese en Sjinese kulture ontmoet en vermeng.

'n Persoon met die naam van Kushanku, 'n Sjinees, het in Okinawa twee persone in die Shaolin gevegskunste afgerig. Hierdie twee persone was Karate Sekugawa en Kitan Yari. Karate Sekugawa was reeds 'n meester "to de" (die Okinawese gevegskuns) en het ook nou afrigting in die Shaolingevegskunste ontvang. Hy het hierdie twee stelsels in die Shuriteskool verenig en daaruit het "Karate-jutsu" ontstaan.

Alhoewel karate uit hierdie twee style gevloei het, het Zen steeds as 'n basis gedien, aangesien die Shaolin-gevegskunste juis ontwikkel

was om leemtes in die praktiese beoefening van Zen uit te skakel.

Funakoshi was daarenteen die grondlegger van die hedendaagse karate. Hy het die eerste openbare demonstrasie daarvan in omstreeks 1917 in Japan gegee en sodoende karate aan die wêreld bekend gestel.

Funakoshi het onderrig in die Shaolin-gevegskunste (afkomstig uit die Shaolin-tempel) ontvang en was ook in die Shorin Ryu styl – afkomstig vanaf die Shurite-skool (waar karate ontstaan het) – afgerig.

Funakoshi het karate twee keer hernoem en om verskillende redes. In die eerse geval het hy karate, wat oorspronklik "China Hand" beteken het, na "Empty Hand" verander. Die rede hiervoor was dat daar gedurende hierdie tydperk sekere geskille tussen Japan en Sjina bestaan het en as gevolg daarvan het daar 'n anti-Sjinese gevoel in Japan ontwikkel.

Die laaste verandering van die naam van karate was egter van kardinale belang. Karate "jutsu" is na "Karatedo" verander. Hiermee sou Funakoshi 'n groot klemverskuiwing in karate teweeg bring en sodoende as die "Vader van Karatedo" bestempel word. Die woordjie "do" word deur die Japanese vertaal as ... A WAY TO FOLLOW THROUGH LIFE.

Deur die verandering van die naam en ook die implementering van "Ddojo" (die plek waar karate beoefen word) wat beteken... "THE PLACE OF THE WAY", wou Funakoshi die klem in karate op die geestelike aspek, naamlik die leerstellinge van Zen laat val.

Karate in die Oosterse godsdiens

Hier word net 'n wyle stilgestaan by die filosofie van die Oosterse godsdiens, om aan te toon hoe karate vandag nog gewortel is in die Oosterse mistiek.

As ons kyk na die Oosterse godsdiensfilosofie, moet veral gelet word op die Boeddhisme en Hindoeïsme wat vanaf Indië na Japan en Sjina oorgewaai het. Dit het die lande se godsdienste so beïnvloed dat dit in 'n nuwe rigting in beweeg het, nl. die Zen-Boeddhisme.

Zen-Boeddhisme is soos die ander oosterse godsdienste ook panteïsties van aard, waar God gelyk gestel word met die magte van die natuur en die heelal, dat God alles is en alles is god. Verdere kenmerke van hierdie godsdiens is:

1. Die sigbare wêreld word as minderwaardig gesien.
2. Mense wat hierdie godsdiens beoefen, het geen sondebegrip of sondebewussyn nie, wat daartoe lei dat daar geen sprake van verlossing is nie, maar hulle glo net aan die selfverlossingsleer.
3. Daar is geen sprake van God wat skepper van hemel en aarde is nie.
4. Hulle maak dus nie staat op 'n verbale openbaring van God nie. Hulle eie geskrifte is hulpmiddels wat tot kennis lei en 'n tipe handboek is.

Behalwe die Zen-Boeddhisme en sy kenmerke is die mees belangrike leer, die leer van yin en yang. Hierdie leer van yin en yang word veral toegepas in die beoefening van akupunktuur, joga, karate en judo. Volgens hierdie leer loop daar twaalf meridiane deur die liggaam van die mens, waarvan ses yin en ses yang is. Yang beskerm yin en yin onderhou weer vir yang. Die wêreld van die geeste is yin en die wêreld van die mens is yang. Yin is negatief, donker, koud, stadig, vroulik, stil en stoflik, terwyl yang positief is, aktief, lig, vinnig, manlik, klankryk en energiek. Daar word geleer dat as yin in die liggaam toeneem, dan neem yang af en omgekeerd. Sodra daar met groot inspanning, oefening en konsentrasie, 'n balans in die liggaam bewerkstellig word, ontstaan daar 'n ewewig wat as "Ki" bekend staan. Hierdie toestand van ki – van ewewig, is die toestand van die mens bekend as atman, wanneer jy vermag om een te word met Brahma.

Hierdie gekultiveerde bo-natuurlike krag of ki-energie, ook bekend as die lewenskeppende krag van die heelal, waar Atman en Brahma harmoniseer, bring die beoefenaar in 'n geestestoestand waar hy onbewus is van homself en sy onmiddellike omgewing. Hierdie ki-energie, word geleer, is die wêreld deurtrek in die vorm van oerkrag of kosmiese strale. Vir ons as Christene is hierdie verskynsel en leer ook vreemd aan die Skrif, en kan dit slegs as demonies van aard verklaar word. Dit is dus vir ons duidelik dat die hele Zen-Boeddhisme met die Oosterse godsdiens-filosofie, hom tot die okkultisme, demoniese of magiese betrokkenheid leen.

Waar Ki die toestand van harmonie tussen Brahma en die mens is, is daar 'n soortgelyke toestand van harmonie tussen die mens en die natuur bekend as "OM" (uitgespreek A-U-M). A staan vir Brahma, die kosmiese liggaam van die heelal. U staan vir Vishua – die kosmiese intellek en M staan vir Shiva – die kosmiese bewussyn. OM op sigself is weer 'n Hindoedrie-eenheid. Sodra daar nou weer harmonie met die natuur en die mens bereik word, staan die toestand van ewewig weer bekend as Ai.

Soos in die geval van Ki – die lewenskeppende krag van die heelal, en Ai – die harmonie met die natuur en die mens, is daar in albei gevalle 'n perfekte balans tussen yin en yang.

Hierdie balans word ook voorgestel deur middel van simbole soos:

1. Die Taoïstiese simbool ook bekend as die dubbele vis om die balans tussen yin en yang aan te toon.
2. Die son en maan simbool van yin en yang.
3. Die Taoïstiese simbool wat yin en yang in vloeibare vorm aandui.
4. Die Japanse vorm van die Taoïstiese simbool.
5. Die Taoïstiese simbool om beweegbaarheid en relatiwiteit van yin en yang aan te toon – ses meridiane links – ses meridiane regs in die liggaam van die mens.

Hierdie simbole verskyn vandag op karate sertifikate, lapelwapens en briefhoofde in SA om daarmee hulle verbintenis met die Oosterse mistiek te erken en te bevestig. Alle karate in SA is ook geaffilieer met Japan. As dit nie so is nie mag niemand aan karate kompetisies deelneem nie.

Die kreet (Mantra)

Ki – die lewenskeppende krag van die heelal en Ai – die harmonie met die natuur, vorm die "Ki-ai". Hierdie woord ki-ai is die kragkreet wat elke karatestudent van die eerste dag af moet leer om te gebruik wanneer daar 'n hou of 'n kap toegedien word. Hierdie woord ki-ai is niks anders as die mantra van karate nie. 'n Mantra is 'n spesifieke woord wat herhaaldelik gebruik word of gemompel word om sodoende psigiese vibrasies te veroorsaak wat die liggaamlike en geestelike funksies van die beoefenaar positief beïnvloed. Wat so 'n persoon nie besef nie is dat die aanhoudende herhaling van so 'n mantra en veral as die verstand sogenaamd gesuiwer is van denke, as hy in 'n mediterende passiewe toestand verkeer – hy die gevaar staan om homself demonies te verbind. Igamie het gesê: "You must be oblivious of your surroundings, you must forget yourself and clear your mind of all unhealthy thoughts".

Tiochi Tohei – een van die groot karateleermeesters van Japan, noem ki-ai sy "spirit unifying shout". Die kreet ki-ai volgens karateka is om ki-energie vry te stel en, sê hulle: "It is impossible to progress in any form of material art without first mastering Ki". Die voorwaarde is dat dit nie net 'n geluid moet wees wat uit die keel kom nie, maar uit die maag, die "Hara" genoem, 5cm onder die naeltjie waar die sogenaamde "vital force" vergader is. Dit is tegelykertyd die swaartepunt van die liggaam. In sy boek "Karate SA" sê Rob Marsh: "Initially I found this concept difficult to understand, but the more I practised it, the more sense it made. Suffice it to say that with tune one comes to appreciate that everything begins and end in hara".

Die selfverlossingsleer van die Zen-Boeddhisme is ook duidelik sigbaar in die 5 stelreëls van die SA-karate wat die karatestudent in die dojo leer – dit is die oefensaal of sentrum waar geleer word.

1. Ek sal gedurig my liggaam en gees oefen om sodoende volmaaktheid in my karatepraktyk te bereik.
2. Ek sal trag om die ware pad van karate (the way of karate) te begryp en dit met opregtheid te volg.
3. Ek sal saamwerk om 'n ware gees van die pad van karate en sy voorskrifte te bevorder.
4. Ek sal nooit misbruik maak van my karatebehendigheid nie maar my toespits op selfbeheersing.
5. My hoogste doel sal wees om met inspanning en 'n ysterwil 'n buigsame gees te bekom.

Funakoshi – die grondlegger van die hedendaagse karate na wie die Funakoshi styl in SA vernoem is, het die volgende gesê: "The ultimate aim of karate lies not in victory or defeat but in the perfection of the character of its participants". Met ander woorde die beoefening van karate gaan nie soseer om die sport nie, maar om 'n bepaalde filosofie.

Karate-oefeninge

In die oefensaal verloop dit gewoonlik so: Die atmosfeer is formeel; volgens algemene Oosterse gebruik word die skoene uitgetrek en by die ingang gelaat. Die instrukteur word aangespreek as "Sensei" (leermeester) of "Shihan" (meester). Voordat die oefenvloer betree word, word 'n buiging gemaak in die rigting van die hoofmuur waar die vereniging se simbool gewoonlik hang. Die buiging is 'n teken van respek en is vergelykbaar met die kruis wat geslaan word voordat 'n persoon die Rooms Katolieke Kerk binnegaan. 'n Buiging na die instrukteur skep verder 'n behoorlike student-leraar verhouding. Wanneer die oefening begin, val die karatika in rye voor die instrukteur in. Hoewel die prosedure wat volg nie in alle klubs dieselfde is nie, stem dit tog naastenby ooreen. Op die bevel "Shindanmirai" (ons buig

voor god) buig die klas. Op die bevel "Mockso" word die oë gesluit en 'n tyd lank nagedink oor die betekenis van bg. groet. Al die style sit in die Za-zen posisie (sittende meditasie) met die oë gesluit en met konsentrasie op die houding en asemhalingsbeheer. Die oogmerk moet wees: "Not to try to achieve your objective in spite of your partner, but to achieve it with him, allowing your energy to flow freely all the time and become one with his". So sien ons die Zen-Boeddhistiese invloed op karate in SA ook duidelik in die buigings, die asemhalingsoefeninge, meditasie en voorgeskrewe sitwyse. Soos in die geval van die Oosterse tempels waarvan die gebou aan die binnekant as heilig beskou word – en daar van die aanbidder sowel as die besoeker verwag word om sy skoene uit te trek voordat hulle die gebou binnegaan, word die mat waarop karate beoefen word ook as heilig beskou en geen persoon word toegelaat om met enige vorm van bedekking aan sy voete daarop te verskyn nie.

Uit die voorafbehandelde gedeeltes is dit sonder om verder daarop in te gaan, duidelik dat karate 'n Zen-Boeddistiese inslag het waarvan dit nie losgemaak kan word nie. Die feit is dat dit 'n transendentale dimensie bevat wat ook nie betwyfel kan word nie, met die gevolg dat die beoefenaar van karate vroeër of later in 'n situasie kan beland waar hy of sy aan bo-natuurlike magte blootgestel kan word wat dan ook demonies van aard is.

Wat sê die Bybel?

Die vraag is dan of die Christen beïnvloedbaar is deur hierdie bo-natuurlike magte? Vir 'n antwoord hierop sal ons na die Woord van God moet gaan as ons enigste rigsnoer hier op aarde. As ons na die volgende Skrifgedeeltes kyk, dan is dit duidelik dat die Christen wel beïnvloedbaar is.

In Ef 4:22 staan daar: "Gee aan die duiwel geen plek nie". Ja 4:7 "Weerstaan die duiwel". 1 Pt 5:8 "Wees nugter en waaksaam want julle teenstander die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind". So kan u ook lees: Ef 6:11,17; 1 Kor 10:20–21.

In 2 Tm 2:25–26 staan daar: "... of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen". Karate is 'n slinkse metode van Satan om die onskuldige wat nie weet waarom dit gaan nie, te vang.

Uit Ri 8:21–27 is dit duidelik hoedat iets wat jy onskuldig aanpak, vir jou 'n struikelblok kan word. Die Woord van die Here is baie duideik daaroor dat jy geen ander gode voor sy aangesig mag hê nie, Ex 20:3,23; Ex 34:14. Kan karate losgemaak word daarvan? Dit wil nie so voorkom nie aangesien dit deurspek is van die Oosterse godsdiensaanbidding.

Getuienis van oud-karateka's

1. Andrè van Niekerk getuig soos volg:

"Dit wat ek aanvanklik gedink het nie moontlik is nie, naamlik om nie meer aan karate deel te neem nie, was later vir my 'n noodsaaklikheid. In die opgaaf van redes waarom ek karate laat vaar het, gaan ek probeer om so objektief as moontlik te wees. Dit sal inderdaad nie maklik wees nie, aangesien die argument wat ek gaan aanvoer, my in wese diep geraak het en dus moontlik subjektief deurgegee kan word.

Ek moes hierdie drastiese besluit neem aangesien ek bepaalde probleme wat ek met myself ondervind het, direk gekoppel het aan my beoefening van karate. Hierdie probleme, naamlik depressiwiteit, swaarmoedigheid en terneergedruktheid het 'n emosionele wanbalans by my veroorsaak, sodat ek op 'n stadium selfmoordgedagtes begin koester het, in so 'n mate dat ek die presiese manier begin uitwerk het. Ek moes vir myself 'n saak uitmaak of my emosionele probleme werklik te make het met my beoefening van karate, aangesien dit alom bekend is dat daar ander oorsake vir soortgelyke probleme ook kan wees. Ek het wel tot die besef gekom dat die simptome wat ek genoem het, verskyn sodra ek karate beoefen het. Om die waarheid te sê, ek het later besef dat dit vir my soos 'n demoniese binding was.

Ek het dit 'n saak van gebed gemaak en gerugsteun deur die Woord, tot bepaalde insigte gekom. Ja 1:5 sê immers: "As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt".

Ek wil dit duidelik stel dat ek met hierdie weergawe van my ervaring niemand wil verwyt nie; betrokkenheid by karate bly nog altyd 'n persoonlike besluit. Ek sou dankbaar wees indien my ervaringe egter ander karatekas en/of voornemende karatekas sal laat dink waarvoor hulle hul inlaat. Die bevryding wat ek sedert ek opgehou het met karate, ondervind, wens ek alle mense toe.

Nie 'n maklike besluit nie

Karate word sedert die vyftigerjare in Suid-Afrika beoefen. Ek was een van die eerste

karateleerlinge in die Republiek wat, nadat karate op 'n meer georganiseerde grondslag beoefen is, die swart gordel in 1965 verwerf het. Nadat ek my plaaslik en oorsee in die mediese professie bekwaam het, het ek by my terugkeer na Suid-Afrika, karate onder twee van die JKA (Japanse Karate Assosiasie) se hoofsenseis beoefen. Hulle was twee van die sogenaamde Shihankai. Gedurende hierdie tydperk het ek baie duidelik agtergekom dat ek op geestelike vlak 'n probleem begin ontwikkel wat ek nie tevore gehad het nie. Ek was ook besig om, in my totale oorgawe aan karate en veral weens my ongevoelige houding teenoor alle fasette van die lewe, my vrou van my te vervreem. Ek was baie aggressief en onsensitief en dit het toegeneem totdat ek in depressiwiteit verval het.

Ek het gevorder tot instrukteursvlak en het ook my instrukteursgradering verwerf in die Shokokai-styl. Ek was dus sensei en was al by groot karatetoernooie, byvoorbeeld internasionale kompetisies en die Suid-Afrikaanse kampioenskappe (eie styl en alle style) verantwoordelik vir hulpverlening tydens beserings. Ek was by meer kompetisies gemoeid as wat ek kan onthou.

Dit was dus 'n baie moeilike besluit om nie meer karate te beoefen nie, want karate was vir talle jare een van my belangrikste aktiwiteite. Ek is in my besluit gehelp deur geestelike gesprekke en 'n groepie gelowiges wat wonderlik toegerus was om so 'n saak te hanteer. Verder het die getuienisse van mede-karatekas wat in dieselfde bootjie as ek was, ook tot my besluit bygedra. Ek verwys hier na vyf senseis, waarvan twee JKA, en Budokan en twee Shukokai was. Hierdie vyf het ook getuig van kragdadige bevryding nadat hulle karate afgesweer het."

2. **Gerhard van der Hoven skryf in sy boek *Die ontmaskering van karate* soos volg:**

"Verskeie mense het geestelike literatuur aan my gegee gedurende die tydperk waarin ek karate beoefen het. Hierdie literatuur het karate as sonde bestempel. Ek het dit egter as 'n klomp snert beskou; die rede hiervoor was dat hierdie mense slegs oor boekkennis beskik het en geen benul gehad het van wat praktiese karate behels het nie. 'n Ander rede was dat sommige dinge wat hulle geskryf het, glad nie gestrook het met wat ek prakties in die klub ervaar het nie.

Ek vra egter aan u, die leser, om nie hierdie boek as slegs gebaseer op kennis uit boeke of die een of ander afgewaterde teorie aan te sien nie. Ek het fisies karate beoefen en het 'n baie groot liefde daarvoor gehad, en ek sou die laaste persoon op aarde gewees het om karate vir die een of ander ongegronde rede op te gee.

Alhoewel baie van die dinge in hierdie boek nie vir my 'sigbaar' was terwyl ek karate beoefen het nie, het ek tot die besef gekom dat, net soos wat 'n mens van kleins af 'n basiese opleiding in wiskunde moet hê om eendag op universiteitsvlak te kan staan, so moet jy ook eers 'n basiese vlak van opleiding in karate hê (wat jare kan neem) om later die dieper fasette te kan verstaan ...

Gedurende hierdie jare waartydens ek karate beoefen het, het ek met baie toewyding geoefen en 'n groot liefde daarvoor ontwikkel. In kampioenskappe het ek uitgeblink en telkens óf 'n goue óf 'n silwer medalje verower ...

God het egter my lewe ingrypend verander en ek het 'n ware ontmoeting met die Koning van die konings, Jesus Christus, gehad. God het my gedurende hierdie tyd oortuig dat karate nie sy wil is nie en ek het van karate afgesien ... Die duiwel was egter nie daarvoor te vinde nie en het 'n geslaagde aanval as 'n 'engel van die lig' geloods. Ek het karate hervat deur dit slegs uit 'n ander oogpunt te beskou. My redenasie was dat aangesien ek 'n kind van God is en Hom as enigste God aanbid, wat sou daarmee skort om karate slegs as 'n sportsoort te beoefen? Ek was nie van plan om enige ander god te aanbid nie, ek wou slegs 'n sport beoefen, net soos ander mense swem, boks en tennis speel.

In hierdie stadium was ek egter nog nie bewus van wat agter karate geskuil het nie (dit wat God kon raaksien en waarvan ek salig onbewus was). Ek het weereens met toewyding begin oefen, maar God was getrou en ek het nooit werklik vrede met my 'sport' gehad nie. Ek het verskeie ander Christene om 'n opinie gevra, maar nooit 'n definitiewe 'NEE, DIT IS VERKEERD' as antwoord gekry nie.

Een aand tydens 'n bevrydingsdiens in ons gemeente het God my finaal van karate verlos. Ons leraar het aan ons gesê dat ons die Here moes vra wat daar in ons lewens was, wat Hom nie welgevallig was nie en waarvan Hy ons moes bevry. Terwyl ek die Here gevra het wat daar in my lewe was waarvan Hy my moes verlos, het hy ons huis aan my gewys. Die huis was dakloos en ek het binne-in die huis gestaan, daar het 'n ontsettende skerp lig van bo af in die huis geskyn.

Die lig het egter net plek-plek binne-in die huis geskyn omdat daar verskeie swart wolke oor

die huis gehang het. Soos wat ek vir verskeie dinge (wat die Heilige Gees op my hart gelê het) begin bid het, is daar al hoe meer van hierdie wolke verwyder, totdat daar slegs een wolk oor was wat reg voor die ingang gehang het.

Ek het die Here toe gevra om aan my te wys wat hierdie wolk was. 'Karate' het onmiddellik by my opgekom. Die oomblik toe ek God vra om my daarvan te verlos, was hierdie laaste wolk letterlik voor die lig weggeruk en die lig het die hele huis vervul. Na hierdie gebeurtenis het ek finaal van karate afgesien ... MAAR OOK VASBESLUIT OM UIT TE VIND WAT AGTER KARATE SKUIL EN WAAROM DIT VERKEERD IS ...".

3. **Mej. Tilly Coetsee van Pretoria getuig só van haar betrokkenheid by en verlossing van karate:**

"Ek het karate vir sowat drie jaar beoefen. Die eerste keer toe ek iemand hoor praat het van dít agter die sport, het ek gedink dat sulke mense nie 'n idee het waaroor die sportsoort gaan nie. In elk geval het ek die sport vir net een rede beoefen, en dit was vir selfverdediging.

Voordat jy die dojo mag betree, moet jy eers 'n buigbeweging uitvoer. Voordat die les begin, was daar 'n meditasie en nadat die les verby was, is dit met meditasie afgesluit. Ek het baie opgang in die sport gemaak en dikwels kampioenskappe gewen. Dit was altyd asof daar iets oorneem wat jou aanvuur om hoër en hoër te wil gaan – al moet jy diegene rondom jou vertrap. In 1987 het ek 'n ontmoeting met die Here Jesus Christus in my lewe gehad en die gawe van die ewige lewe ontvang. Nadat die fondament van Christus in my lewe gelê was, kon Jesus deur sy Heilige Gees die oortuigingswerk begin doen. Aan die begin het ek egter hard gestry en wou niks verkeerd met die sport sien nie. God is egter getrou, en wanneer Hy volgens sy Woord 'n goeie werk (nl. bekering) in jou lewe begin het, sal Hy dit voleindig tot op die dag van Jesus Christus.

Die dag het aangebreek dat ek met karate, die selfverdediging, moes breek! Die Here Jesus het my blinde oë oopgemaak! Hoe kan 'n kind van God ooit met 'n sport saamgaan wat in 'n dojo (die plek van die weg) op 'n Oosterse – ek kan amper sê op 'n okkultiese – wyse beoefen word? Hoe kan ek as kind van God met meditasie saamgaan, waar jy geleer word om alles uit jou gedagtes te kry, om sodoende op 'n stadium wanneer jy goed geoefen is, met bonatuurlike magte kontak te maak? Hoe kan ek as 'n kind van God wat Jesus se liefde na ander moet uitstraal, met 'n harde amper duiwelse gesigsuitdrukking sekere katas beoefen? Dit is gevegsbewegings wat help met dieper meditasie deurdat jy sodoende jou alles daarop moet vestig – jou hele wese. Hoe kan ek as kind van God 'n kragwoord nl. Ki-ai uiter wat eintlik die oproep van 'n bonatuurlike energie is? Nooit word daar egter in die opleiding na die werklike betekenis van hierdie dinge verwys nie. 'n Mens word blindelings geleer om die 'mooi' in karate raak te sien: dit help dat kinders se hiperaktiwiteit kalmeer, dit bevry hulle van agressiwiteit en maak hulle rustig.

Die duiwel kom soos 'n engel van die lig. Ek praat uit ondervinding. Toe ek in die sport was, het niks verkeerd geloop nie; maar toe ek daar uit was en die Here my oë geopen het, het die aanslae gekom. 'Maak my gesond Here, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof' (Jer 17:14). Elkeen moet in sy lewe 'n besluit neem. Jesus het self gesê dat die wat nie vir Hom is nie, is teen Hom (Mk 9:40). Wat beteken dit? Ek moet bereid wees om met alles wat my verhouding met die Here Jesus kan belemmer, te breek. Indien nie, is ek volgens hierdie Skrifgedeelte nog nie heeltemal vir Hom nie.

Indien jy nog in die sport is en niks van alles wat gesê word maak vir jou sin nie, vra die Here Jesus om jou oë te open. Hy is getrou!"

(Oud-karateka, T Coetsee)

"As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" (Jn 8:36).

Wat sit agter alles?

"Ons gaan Suid-Afrika in 'n Moslemland verander – ons het die fondse om dit te doen." Hierdie woorde is van Jousuf Deedat, Sekretaris-Generaal van die Islamitiese Propaganda Sentrum in Durban.

Die besoek van die President van Iran, Ali Akbar Rafsanjani, met sy noemenswaardige gevolg was nie slegs 'n diplomatieke of sakebesoek nie, maar om te verseker dat hul droom van 'n Islamitiese oorname 'n werklikheid word. Gedurende sy baie onlangse besoek het hy geen geheim daarvan gemaak nie dat die tyd ryp is om die Islamitiese geloof voluit in Suid-Afrika te verkondig. Hy het verklaar dat dit die plig van elke Moslem is om die sake van alle mense op aarde te behartig. Hy het bygevoeg dat Iran 'n hedendaagse voorbeeld van hierdie beginsel is, aldus Beeld 14 Sept. 1996.

Die rede vir die beswaarskrif

Skrywer van die beswaarskrif wil dit probeer duidelik maak dat karate in sy geheel nie van die Oosterse Zen-godsdiens losgemaak kan word nie. Daar is nie net sekere karatestyle wat

daaraan gekoppel kan word nie, maar karate in sy geheel.

Dit is ook duidelik dat karateka's verskil oor die beoefening daarvan al dan nie. Baie verdedig karate en baie het dit uit godsdienstige oortuiginge gelos nadat hulle deur die Heilige Gees oortuig is dat dit verkeerd is. Aangesien hierdie standpunte ingeneem word en daar onsekerheid ontstaan oor die beoefening al dan nie van karate, is die goue middeweg nie om jou daarvan te distansieer nie?

Verg die onderwerp nie 'n deegliker studie as die studiestuk wat voor die sinode van 1995 gedien het nie? 'n Studiestuk wat die voor- en nadele van karate uitspel, sodat die sinode 'n meer objektiewe besluit kan neem nie?

Ek versoek die sinode om sy besluit in heroorweging te neem.

w.g. **DR. JH ELLIS**

Bibliografie:

1. AP Kerk 1995 *Sakelys van die Sewende Sinode.*
2. De La Guerre F.J. 1995 *Elke New Age knie sal buig.* Wesprint. Potchefstroom.
3. Jonker K. 1991 *Satanisme, 'n realiteit.* Sigma Pers. Pretoria.
4. IRS 1992 *Venster op Sport.* PU vir CHO.
5. Malan J.S. 1992 *Verleidende geeste.* Basuin Uitgewers. Brooklyn.
6. Oosthuizen G.C. 1977 *Godsdienste van die Wêreld.* NG Kerkboekhandel. Pretoria.
7. Pypers. D. sg. *Waarom karate nie aan die eise van die Skrif voldoen nie.* Ongepubliseerde lesing.
8. Van der Hoven G. sg. *Die ontmaskering van karate.* Bet-El Sendingpers. Pretoria.

BYLAE KCE4

DIE ORGANISASIE PRO-CHRISTO

1. OPDRAG

Die Direkteur van Kerkadministrasie het 'n brief namens die Sentrale Kerkekommissie aan KKCE gerig, met die volgende versoek: *Die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) word versoek om ondersoek in te stel na die organisasie Pro-Christo en die wenslikheid van samewerking al dan nie.*

Tegelyk is Pro-Christo se *Uittreksel uit Beleidsdokument: Funksionering en verhouding met die Kerk* saamgestuur. Hierdie dokument bevat die kernsake waaroor dit gaan om die AP Kerk se standpuntinname teenoor die organisasie te bepaal.

2. METODE VAN LEWERING VAN KOMMENTAAR

Terwille van maksimale bondigheid, asook geheelperspektief oor die inhoud van die dokument vir objektiewe beoordeling, word dit deur onsself in punte genumereer en volledig weergegee. Kommentaar word dan makliker volgens ons punte gelewer.

3. UITTREKSEL UIT BELEIDSDOKUMENT VAN PRO-CHRISTO

3.1 Funksionering en verhouding met die kerk

3.1.1 Pro-Christo is 'n organisasie wat bestaan uit wedergebore kinders van God die Vader wat 'n *wêreldevangelisasievisie deel.* In hierdie sin is die organisasie eksklusief, maar nie in terme van *denominasie, geslag, ras of enige ander kwalifikasie nie.*

3.1.2 Die organisasie funksioneer outonoom en is dus nie aan 'n denominasie verbind nie. Medewerkers van Pro-Christo moet noodwendig deel vorm van 'n plaaslike gemeente en behoort ook daar 'n aktiewe bydrae te lewer.

Persone wat aktief by Pro-Christo betrokke wil raak behoort hul gemeentes hieroor in te lig en ook die goedkeuring en seën van die gemeente te vra.

Pro-Christo is nie 'n *Kerk* nie en is ook nie in opposisie met gemeentes nie. Sou dit so wees, dan sou Pro-Christo direk in stryd wees met die model wat in die Skrif gevind word.

3.1.3 Pro-Christo se ontstaan en bestaan berus op die volgende uitgangspunte:

3.1.3.1 Plaaslike gemeentes is soms glad nie of slegs op beperkte skaal besig om Die Opdrag uit te voer;

3.1.3.2 gebrek aan begrip en sensitiwiteit vir Die Opdrag bestaan by baie lidmate;

3.1.3.3 eienaarskap vir die uitvoer van Die Opdrag bestaan by min gelowiges;

3.1.3.4 prediking met Die Opdrag as tema vind selde of nooit plaas;

3.1.3.5 beweging tussen denominasies en uitreiking binne die Liggaam in die breë word deur formele strukture beperk, maar is nie bindend op die interkerklike organisasie nie;

3.1.3.6 die Here kombineer unieke gawes van individue binne die organisasie op 'n besondere wyse wat nie noodwendig binne die grense van 'n enkele gemeente moontlik is nie;

3.1.3.7 die universele Liggaam kan gebruik maak van die dienste van 'n organisasie wat spesialiseer in sekere areas;

3.1.3.8 die dinamiese werkwyse wat nodig is kan prakties baie moeilik binne beperkings van 'n gemeente gevestig word.

3.2 Belydenis

3.2.1 Omdat die organisasie voorsiening maak vir Christene uit alle denominasies, is dit nodig dat 'n belydenisdokument as grondslag bestaan. Hierdie dokument verseker dat persone nie in hul amptelike hoedanigheid as medewerkers van Pro-Christo, in dogmatiese dispute betrokke raak nie. Om namens Pro-Christo uitsprake te maak oor dogmatiese en leerstellige geskilpunte kan net nadelig inwerk op die ekumeniese samewerking wat ter wille van 'n wêreldevangelisasievisie nagestreef word. Die integriteit en geloofwaardigheid van die organisasie is in alle opsigte vir ons van grootste belang.

3.2.2 **Die volgende standpunte ondersteun dit wat ons bely en getuig:**

3.2.2.1 Ons glo dat die oorspronklike teks van die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament, deur die Heilige Gees geïnspireer is. Die Bybel is die foutlose Woord van God en is daarom die finale outoriteit van die Kerk;

3.2.2.2 ons glo in een ewige God wat Homself openbaar in drie persone as Vader, as Seun en as Heilige Gees;

3.2.2.3 ons glo dat Jesus Christus volkome God is, maar ook volkome mens was. Ons glo in sy maagdelike geboorte, sy sondelose lewe,

die geloofwaardigheid van sy wonderwerke, sy plaasvervangende en versoenende sterwe en die opstanding van sy liggaam. Ons glo dat Hy tans vir ons in die hemel as Middelaar intree by God die Vader;

3.2.2.4 ons glo dat die Heilige Gees 'n persoon en God self is. Ons glo Hy gee lewe, Hy lei ons, heilig ons, gee ons krag en vertroos ons;

3.2.2.5 ons glo dat die mens oorspronklik sondeloos geskape is, maar dat hy deur die verleiding van Satan ongehoorsaam aan God was en daardeur die totale mensdom verdoem het tot die ewige skeiding van God;

3.2.2.6 daarom is die mens tot niks goed in staat nie, behalwe as hy deur die Gees van God wedergebore word. Ons glo dat mense deur Christus gered word, deur 'n ware geloof in Hom, by sy Liggaam (die Kerk) ingelyf word en al die weldade, wat God uit louter genade aan ons geskenk het, deelagtig word. Ons glo die kerk is die Liggaam van Jesus Christus en bestaan uit alle wedergebore gelowiges;

3.2.2.7 die huidige taak van die Kerk is die aanbidding en verering van God, opbou en toerusting van die heiliges en die evangelisering van die wêreld;

3.2.2.8 ons glo dat ons Here Jesus Christus fisies na die aarde gaan terugkeer om ons saligheid te bevestig en sy glorieryke koninkryk te vestig.

4. KOMMENTAAR

4.1 Lidmaatskap: punt 3.1.1

Die organisasie is nie eksklusief *in terme van denominasie, geslag, ras of enige ander kwalifikasie nie.* Pro-Christo bied hom nie aan as KERK nie, maar die AP Kerk is 'n kerklike instituut op die belydenisgrondslag, soos gestel in die Kerkorde: Artikel 3 Punt 3.2 en 3.3.

Die twee uitgangspunte staan skerp teenoor mekaar. Ook die *Belydenis* (punt 3.2 hierbo) in die laaste deel van hulle dokument, bied geen waarborg teen uiteenlopende vrysinnigheid nie, en ons het al met duur skoolgeld geleer dat papier geduldig is.

As ons 'n lys sou hê van al die betrokke denominasies sou mens 'n baie skerper analise kon doen van hoe en wat hulle glo en dink. Bowendien, die lid of lidmaat van 'n denominasie bly dieselfde mens met dieselfde siening as hy in Pro-Christo medewerker is. Hierdie saamvoeging is nie pragmaties doelmatig nie, maar pragmaties onberekend. As daar uit so baie monde gepraat word is daar geen kontrole oor Bybelgetroue leersuiwerheid nie – al word 'n baie kort mini-belydenis voorgeskryf. Dit is tog opportunisties om op ad hoc-basis terwille van losse evangelisasiedoelwitte volgens eie styl en goeddunke die kerklike belydenis op die kantlyn neer te sit. Ons staan voor die aangesig van die lewende God wat die volle raad van sy Woord geopenbaar het, wat ook geld vir sending en evangelisasie.

Watter kontrole en toesig is hier oor selfs die waarhede in die mini-belydenis gestel oor sulke fundamentele leerstukke soos die Skrifgesag (die onvermydelike vertrekpunt), die uitverkiesing (die hart van die Kerk, sê Calvyn), die genadeverbond (die slagaar deur die Ou en Nuwe Testament), die leer van die Drie-eenheid, die heilsorde (via salutis), die onweerstaanbare werking van die Heilige Gees en die leer van die volharding van die gelowiges? Dit wemel mos veral in die buite-kerklike bewegings en ook in kerkinstitute van semi-Pelagianisme.

Bogenoemde en ander groot waarhede van ons geloof is nie maar geliefkoosde geleentheidstemas vir die kerklike sitkamer nie, maar juis ook vir die werkskombuis. Dit is nie geleentheidsgereedskap nie. Dit is hierdie waarhede wat ons lei waar ons ook al op die werksakker van die koninkryk besig is, met name en juis ook in evangelisasie en sending. Aktivisme sonder kompas in terme van gehoorsaam wees aan die Woord is oppervlakkig. Diepgang is om vanuit die eenheid van die waarheid te werk.

4.2 Funksionering van Pro-Christo: punt 3.1.2

Die organisasie funksioneer outonoom en is dus nie aan 'n denominasie verbind nie. Dit beteken outonoom op sendinggebied waarby institutêre-kerklike bestel soos deur God bepaal, met al die toerusting daarvan as indifferent beskou word. By Pro-Christo is dit basies iets anders as die werk in die amp van alle gelowiges binne die kerkinstituut onder leiding van die ampte. Vaste leiding, toesig en kontrole is hier nie aan die orde van die dag nie.

Die betrokkenheid van die medewerkers met hulle gemeentes wat hier genoem word, is 'n byvoegsel vanuit 'n foutiewe prinsipiële uitgangspunt by voorbaat. Die vlag dek nie die lading nie en dit kom baie duidelik na vore in punt 3.1.3.

4.3 Pro-Christo se ontstaan en bestaan: punt 3.1.3

4.3.1 Die motivering hier oor die ontstaan en bestaan van Pro-Christo is besonder problematies en negatief-onthullend. Dit spreek eintlik as geheel vir homself. Dit behels as geheel 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die kerk as

instituut en die werk van plaaslike gemeentes vanweë hulle sogenaamde onwilligheid en al die voorbeelde van versuim wat hier opgesom word. Dit getuig van geen Bybelse kerkbegrip by Pro-Christo nie en geen kennis van reformatoriese optrede waar die gemeentes en die Kerk wel hulle plig versuim nie.

4.3.2 Hier word gesê: die *formele strukture beperk, maar is nie bindend op die interkerklike organisasie nie.* Ons veronderstel dat geen lidmaat of leraar van ons kerk met hierdie gewaagde, tipies buitekerklike siening, by Pro-Christo betrokke is nie, want bogenoemde stellings getuig van geen ABC kennis, ware kerkstruktuur en kerkregering in sy dienende karakter nie. Hier gebeur waarvan die pad in die Kerkgeskiedenis al vol lê: som die kerk, die gemeente se foute op vir 'n rede om buitekerklik te wees. So dreineer ons die kerk met uitleivore en dan sê ons die kerk is droog, dor, doods. Só skiet die waterlote op langs die stam van die boom, wat tap uit die wortels, maar geen wesenlike bydrae maak nie.

4.3.3 Spesiale vrae:

Watter *universele Liggaam* is dit wat Pro-Christo wil gebruik? En kan die gemeente en kerk dan nie goed genoeg met die ampte en toerusting wat die Here gegee het ook in al die areas *spesialiseer* nie? Werk ons dan met halwe gemeentes en halwe kerke? Waar is hier die nodige Christelike ootmoed en liefde teenoor die gemeente en Kerk vir wie die genade van die Here genoeg is? Kan dit waar wees dat gemeentes nie *dinamies* is nie en dat hulle *beperkings* 'n versperring vir die werk van die Here is? Dit is uiters sensurabele uitsprake.

4.4 Belydenis en motivering daarvoor: punt 3.2

Die metode wat gevolg word is om *nie in dogmatiese en leerstellige dispute betrokke te raak nie.* Met soveel hoofde soveel sinne binne so 'n oop versameling van medewerkers kan daar inderdaad 'n probleem ontstaan. Hier is 'n uitgesproke allergie vir kerklike belydenisskrifte en geloofsleer in die breër sin van die woord en daarom 'n mini-belydenis. Wat word van die profetiese getuienis in die lig van die Woord oor die ander groot waarhede wat God in sy Woord geopenbaar het, wat nie in die mini-belydenis van Pro-Christo gestel is nie? Die waarheid is tog 'n eenheid en die liefde is bly met die waarheid (1 Korinthiërs 13:6). Dit is die kenmerk van Skrifgehoorsame sending en ekumene.

4.5 Die huidige taak van die kerk: punt 3.2.2

Ons lees onder andere in hierdie punt: *Die huidige taak van die Kerk is die aanbidding en vering van God, opbou en toerusting van die heiliges en die evangelisering van die wêreld.*

Dit is mooi en goed, maar in punt 3.1.3 word in agt stellinge die gemeente en die kerk se vermoë daartoe betwyfel, bevraagteken en opsygeskuiwe, want Pro-Christo is nodig om dit eintlik reg te doen. Hier is 'n innerlike teenstrydigheid. Is die taak van die kerk dan nie tydloos en kontinu tot by die wederkoms nie? Wanneer het die ware kerk 'n ander taak? Wissel die hooftaak en waar en hoe? Moet 'n interkerklike liggaam dan die taak van die kerk oorneem?

Die *standpunte* wat hier gestel word as belydenis is waar. In die lig van die konteks van ons bedenkinge, soos in die vorige punte gestel is, is dit wel 'n riskante saak of dit oral en altyd tot sy reg sal kom vanweë al die remminge en beklemminge en veiligheidskleppe wat ingebou is teen *dogmatiese en leerstellige geskilpunte* en dit vir *vogelen van vele diverse pluimage* uit alle windrigtings.

Dit moet ook skerp in gedagte gehou word dat 'n Bybelgetroue-gereformeerde Kerk sy norme en begrensinge het vir interkerklike en ekumeniese deelname na buite.

BYLAE KCE 5

APPÈL GJ NEL – BESLUITE RING VAN LICHTENBURG

3de Straat 72
LICHTENBURG
2740

17 Maart 1997

Die Direkteur
Ds. MC Adendorff
Posbus 11488
HATFIELD
0028

Hiermee teken ek appèl aan teen die besluit van die ring van Lichtenburg oor die besprekingspunte in verband met die Belydenisskrifte. Ek het reeds skriftelik kennis aan die ring gegee dat ek teen hul besluit gaan appelleer.

BESLUIT

Volgens die notule van die ring van 28 Februarie 1997, punt 12.6: *Beskrywingspunt. Die verslag word goedgekeur.*

REDE TOT APPÈL

Ek voel dat die ring onreg pleeg teenoor die beskrywingspunte. Die verslag van die tydelike kommissie word nou woordeliks aangehaal en ek antwoord puntsgewys daarop:

Verslag

Tydelike kommissie vir beskrywingspunte. Die kommissie beveel soos volg aan:

2. *Beskrywingspunte in verband met Toeligting van Belydenisskrifte*

   Apostoliese Geloofsbelydenis
   Heidelbergse Kategismus
   Nederlandse Geloofsbelydenis
   Geloofsbelydenis van Nicea.

Die kommissie beveel aan dat beskrywingspunte nie goedgekeur word nie.

1) *Hierdie belydenisskrifte is alreeds vier eeue oud en in gebruik deur Geref. Kerk verbande.*

Antwoord

Die ouderdom van 'n Belydenisskrif is geen verskoning nie. Die NG Kerk, Hervormde Kerk, Gereformeerde Kerk het in die tagtigerjare, voor die stigting van die AP Kerk, die Apostoliese Geloofsbelydenis verander. Ek verwys na *ter helle neergedaal het* verander na *neergedaal het na die hel* en *die lewende en die dode* verander na *die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.*

Ek is dankbaar dat die AP Kerk teruggekeer het na *ter helle neergedaal het.*

2) *Die Belydenisskrifte word in die verbondsonderrig en deur prediking verduidelik sodat lidmate dit behoort te verstaan.*

Antwoord

Ek is seker dat daar tot op hede aan geen kind in die verbondsonderrig of aan 'n gemeente deur die prediking al verduidelik is, dat ons deur ons Belydenisskrifte bely dat die *vlees* opstaan terwyl ons bedoel dat ons met 'n verheerlikte liggaam opstaan en dat ons bely dat die *doop* ons sondes vergewe terwyl ons bedoel die bloed van Jesus Christus.

3) *Dit is nie gebruik om belydenisskrifte of woorde daarvan by wyse van voetnote te verklaar nie.*

Antwoord

Ek sou graag liewer 'n verandering wou gehad het, dan is 'n verklaring deur 'n voetnoot nie nodig nie.

Geloofsbelydenis van Nicea: Die woorde *doop* word verander na *bloed*. Apostoliese Geloofsbelydenis: Die woord *vlees* word verander na *liggaam.*

Heidelbergse Kategismus: Die woord *vlees* word verander na *liggaam*. Nederlandse Geloofsbelydenis: Die woorde *met die liggaam waarin ons geleef het* verander na *met 'n verheerlikte liggaam waarmee ons opstaan.*

Ek het op 30 Januarie 1995 met prof. Roelof Marè hierdie saak bespreek. Sy raad was om vir 'n voetnoot aan te vra ter verduideliking.

4) *Dit is onmoontlik om vanuit hierdie beskrywingspunte te kan konkludeer dat dit 'n algemene behoefte by lidmate sonder meer is dat woorde in belydenisskrifte verduidelik hoef te word by wyse van voetnote.*

Antwoord

Die doel van die besprekingspunte is nie 'n meningsopname om te bepaal of daar 'n behoefte by lidmate aan verduideliking is of nie.

Die doel is dat die Belydenisskrifte dieselfde taal praat en dieselfde uitdrukking gee

as wat die Bybel gee. Die Bybel sê die *bloed* van Jesus Christus en praat nie van *doop* nie (1 Jn 1:7) en van 'n verheerlikte liggaam wat onverganklik is en dat die *vlees* tot stof terugkeer, (1 Kor 15).

5) *Dit is werklik 'n ope vraag of die paar gemelde woorde of sinsnede die enigste sou wees wat vatbaar kan wees vir misverstand.*

Antwoord

As daar nog is, bring dit na vore. Ons Belydenisskrifte moet dieselfde geestelike waarhede weergee as wat die Bybel gee. Mense onder leiding van die Heilige Gees het die Belydenisskrifte opgestel soos die behoefte daardie tyd was. Daarom verskillende Belydenisskrifte met verskillende beklemtonings.

6) *In die Heidelbergse Kategismus gaan dit tog oor die opstandingsituasie sodat daar geen misverstand behoort te wees nie as verwys word na die opstanding van die vlees. Dit geld ook vir die Apostoliese Geloofsbelydenis en vir die Nederlandse Geloofsbelydenis.*

Antwoord

Dit is juis hier waar die meeste misverstande oor die woord *vlees* voorkom. Selfs die ring trap in dieselfde slagyster in 2.6 as verwys word na *die opstanding van die vlees.*

Die vlees staan nie op nie, dis verganklik: 1 Kor 15:44, 50–53, Gn 2:7, 3:19, Job 34:15, Ps 90:3 en Prd 12:7.

Afskrifte van die besprekingspunte soos dit voor die ring gedien het word aan u gestuur.

Mag God die Heilige Gees u in waarheid lei. Mag sy Naam in ons AP Kerk verheerlik word.

Seënwense aan u.

w.g. GJ NEL

Verslag: Vyfde Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie

TYDPERK: 9/5/1995 TOT 15/5/1997

1. BESTUURSPERSONEEL

1.1 Lede deur die RKA verkies

Primarii: Oudle. CH Groenewald, AJ Lourens, WP Murray, JJ de Jager, SA van der Westhuizen.

Sekundi: Oudle. PS Pretorius, BJM Rossouw, GP Bezuidenhout.

1.2 Lede benoem

Deur SKK
Primarius: Ds. NJ Rautenbach
Sekundus: Ds. IA Brink

Deur Kuratorium
Primarius: Ds. JH van der Walt
Sekundus: Ds. IA Brink – nadat hy as teologiese dosent benoem is, is dr. CI van Heerden in sy plek as sekundus aangewys.

Deur FK
Primarius: Oudl. BJM Rossouw
Sekundus: Oudl. BHA van den Berg

Deur KKS
Primarius: Ds. IP du Preez
Sekundus: Ds. JC Lampbrecht

1.3 Ampsdraers

Voorsitter	Ds. NJ Rautenbach
Ondervoorsitter	Ds. JH van der Walt
Sekretaris	Ds. MC Adendorff (Direkteur van Kerkadministrasie, adviserend)
Assistentsekretaris	Mnr. CJ de la Rey (Administrateur, adviserend)

1.4 Eiendomskomitee:

Die BRKA het uit sy geledere die volgende lede op die Eiendomskomitee aangewys:

Ds. NJ Rautenbach (voorsitter), ds. JH van der Walt (ondervoorsitter), oudle. AJ Lourens en SA van der Westhuizen, die Administrateur, mnr. CJ de la Rey (sameroeper) ampshalwe en die Direkteur van Kerkadministrasie, ds. MC Adendorff ampshalwe, wanneer dit vir hom moontlik is om vergaderings by te woon.

1.5 Beheerraad van die Jeugtuiste

Die Beheerraad is saamgestel deur die BRKA en bestaan uit die volgende lede: Di. JH van der Walt (voorsitter), JA de Beer (ondervoorsitter), NJ Rautenbach, prof. IA Brink, oudl. JJ de Jager, mnr. CJ de la Rey (administrateur, ampshalwe, skriba), en die vyf lede van die Huiskomitee waarvan slegs twee stemreg het.

Tydens die vergadering van 16 Januarie 1997 is oudl. SA van der Westhuizen aangewys as verteenwoordiger van die BRKA op die Beheerraad in die plek van oudl. JJ de Jager wat na Ventersdorp verhuis het.

Die Huiskomiteelede vir 1996 was mnrr. SE Terblanche, CR Vermaak, JA Kruger, LD Greyling, GDS Smit en vir 1997 mnrr. GDS Smit, CR Vermaak, LD Greyling, P Cornelissen, T Theunissen.

1.6 Ad hoc-komitees

Die BRKA het van tyd tot tyd volgens behoefte ad hoc-komitees benoem wat almal aan die BRKA verslag gedoen het.

2. VERGADERINGS

In die 24 maande van die verslagtydperk het die BRKA 11 vergaderings gehou.

3. SENTRALE KERKKANTOOR

3.1 Permanente personeel

3.1.1 **Direkteur van Kerkadministrasie:** Ds. MC Adendorff

Hy is ooreenkomstig die woordomskrywing in die Konstitusie van die RKA die hoof administratiewe en hoof uitvoerende amptenaar van die BRKA.

3.1.2 **Sekretaresse vir Direkteur:** Mev. R McDonald

3.1.3 **Administrateur:** Mnr. CJ de la Rey

Hy is die amptenaar deur die BRKA aangestel om die direkteur in administratiewe sake by te staan.

3.1.4 **Sekretaresse vir die Administrateur:** Mev. SC Marè

3.1.5 **Rekenmeester en hoof van afdeling Finansies:** Mnr. LJ Korkie

3.1.6 **Rekeningkundige beampte:** Mev. E van Tonder

Mev. Van Tonder is vanaf 30 April 1997 vir ses maande met kraamverlof.

3.1.7 **Rekeningkundige beampte:** Mej. SH Bezuidenhout

Mej. Bezuidenhout is op 1 April 1996 in die pos aangestel.

Die pos is vakant nadat mej. Bezuidenhout op 30 April 1997 bedank het.

3.1.8 **Rekenaaroperatrise/Klerk:** Mej. JG Bresler

3.1.9 **Argivaris:** Ds. WM Grové

Ds. Grové beklee die pos op deeltydse basis (voormiddae gedurende weeksdae).

Vanaf 19 Oktober 1995 tot 30 Junie 1996 het ds. Grové ook waargeneem as boekwinkelbestuurder en het hy volle kantoorure gewerk d.w.s. tot 16:00 elke dag.

3.1.10 **Afdelingshoof Publikasies:** Dr. HJ Smith

Dr. HJ Smith is in die pos aangestel op 1 Maart 1997 nadat prof. WJG Lubbe op 28 Februarie 1997 afgetree het.

3.1.11 **Sekretaresse Publikasies:** Mev. A Britz

3.1.12 **Uitgewersassistent:** Mev. JP van Lille

Mev. Van Lille tree ook op as sekretaresse vir *Die Boodskapper.*

3.1.13 **Boekwinkelassistent:** Mnr. L Retief

Mnr. Retief het die pos faktotum/opsigter beklee tot 8 November 1996. Vanaf 9 November 1996 is hy aangestel as sekuriteitsbeampte/boekwinkelklerk en vanaf 1 Desember 1996 is hy aangestel as boekwinkelassistent en word hy tydelik ook met bemarkingswerk belas.

3.1.14 **Boekwinkelklerk:** Mev. L Dippenaar (deeltyds)

Mev. Dippenaar is tydelik in 'n halfdagpos in die boekwinkel aangestel vir ses maande eindigende 31 Julie 1997 met dien verstande dat 'n verdere benoeming na verstryking van die ses maande oorweeg kan word.

3.1.15 **Rekenaaroperatrise/klerk vir boekwinkel:** Mev. JC Vosloo

3.1.16 **Boekwinkelbestuurder/bemarker**

Dr. MFM Pretorius is vanaf 1 Julie 1996 deeltyds en tydelik in hierdie pos aangestel vir drie maande. 'n Verdere benoeming word elke drie maande oorweeg. Dr. Pretorius het hierdie pos tot 31 Desember 1996 beklee. Die BRKA in oorleg met afdeling Publikasies het besluit om die pos van boekwinkelbestuurder voorlopig nie meer te vul nie.

3.1.17 **Tiksters:** Mev. A Alester en mej. E Nicklbauer

3.1.18 **Ontvangsdame/liasseerklerk:** Mev. GA Booyens

Mev. Booyens is vanaf 24 Februarie 1997 met siekteverlof na 'n groot rugoperasie. Na verwagting sal sy weer op 1 Augustus 1997 diens aanvaar. Mev. AM Brink neem intussen tydelik waar as ontvangsdame/liasseerklerk.

3.1.19 **Tegniese beampte:** Ds. JD Jansen van Rensburg

Ds. Van Rensburg lewer diens op 'n deeltydse basis.

Ds. Van Rensburg is op 1 Augustus 1996 aangestel in die plek van mnr. BA Coetzee wat op 6 Junie 1996 bedank het. In die tyd wat die faktotumpos vakant was het die tuinier, mnr. PRCW van Schalkwyk ook die noodsaaklike faktotumwerk behartig.

3.1.20 **Spysenier:** Mev. M van Huyssteen

3.1.21 **Skoonmaker by Brookshuis:** Mev. AMJ Coetzee

3.1.22 **Skoonmaker by Brookshuis en Jeugtuiste:** Mev. MC Scheepers

3.1.23 **Skoonmaker/aflosspysenier by Jeugtuiste:** Mev. DEH Prinsloo

3.1.24 **Registrateur/sekretaresse:** Mev. CM Venter

3.1.25 **Skoonmaker Teologiese Skool:** Mev. AJC van Heerden

3.1.26 **Nutsman/tuinier:** Mnr. PRCW van Schalkwyk

3.1.27 **Sekuriteitsbeampte:** mnr. V Stoman (waarnemend)

Na die aanstelling van mnr. L Retief as boekwinkelassistent is die sekuriteitswerk behartig deur teologiese student LJ van Wyk tot 31 Januarie 1997. Mnr. Vaughn Stoman, 'n getroude veeartsenykundige student, is vanaf 1 Februarie 1997 as sekuriteitsbeampte aangestel, met dien verstande dat hy die sekuriteitswerk na-ure behartig met as enigste vergoeding die inwoning vir hom en sy gesin in die woonstel op die terrein.

3.1.28 **Deeltydse hulp**

Wanneer nodig word van deeltydse hulp gebruik gemaak vir beperkte tye, soos byvoorbeeld in afdeling Finansies, en afdeling Publikasies tydens versending van *Die Boodskapper.*

Met die bedanking van mej. SH Bezuidenhout

op 30 April 1997 en mev. E van Tonder se kraamverlof wat op 30 April 1997 'n aanvang geneem het, het afdeling Finansies in 'n personeelkrisis beland. Alle pogings wat aangewend is om tydelike hulp te werf wat die werk sal kan doen, was tot dusver vrugteloos.

3.1.29 'n Organogram word as Bylae BRKA 1 by hierdie verslag aangeheg waarop die verskillende poste aangedui word (kyk ook 22.2.1).

3.1.30 AANBEVELINGS

3.1.30.1 Die RKA keur 'n permanente halfdagpos in die boekwinkel goed.

3.1.30.2 Die RKA begroot vir 'n bemarkingspos wat slegs gevul sal word indien en sodra die Publikasiekommissie dit versoek.

4. AGTERSTALLIGE BYDRAES VIR PENSIOENFONDS EN KAAPSE MEDIESE PLAN

Groot bedrae is aan die BRKA verskuldig ten opsigte van pensioen en medies. Daar is verskeie kerkrade wat selfs die leraar se bydraes aan die pensioenfonds en die mediese skema van sy traktement aftrek en dan versuim om dit aan die BRKA oor te betaal. Afdeling Finansies gee deurlopend aandag aan die invordering van agterstallige bydraes maar vanweë die wisseling van predikante, skribas en kassiere is dit 'n tydrowende taak.

5. AGTERSTALLIGE 15% BYDRAES

Aan elke gemeente wat agterstallig is met 15% bydraes is 'n persoonlike brief gerig waarin die besluit van die sewende sinode aangehaal is en optrede van die kerkraad dienooreenkomstig gevra is. 'n Afskrif van dié brief is aan die betrokke ringskommissie gerig met die versoek dat aandag daaraan by 'n spesiale ringsitting geskenk word, en dat die ring (nie die ringskommissie nie) verslag oor die aangeleentheid aan die BRKA moet lewer. Die betrokke gemeente is van dié optrede verwittig.

Die sinodebesluit (Handelinge Sewende Sinode, paragraaf 95) het soos volg gelui:

5.1 Die sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15% bydraes, die agterstallige bedrae moet vereffen.

5.2 'n Agterstallige gemeente bespreek sy agterstalligheid en die vereffening daarvan binne 60 dae na verskyning van die Handelinge van die Sewende Sinode met die BRKA.

5.3 Die sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig opname te maak van elke agterstalligheid en wat is i.v.m. terugbetaling met die BRKA gereël.

5.4 Elke ring sien toe dat die reëlings in punt 3 hierbo genoem, nagekom word.

Daar is gemeentes wat op die skrywe gereageer het, maar 'n aantal gemeentes het nie gereageer nie. In bylae FK 2 aangeheg by die FK-verslag verskyn die name van die gemeentes wat nog steeds agterstallig is met hulle 15% bydraes sowel as die aantal maande wat hulle agterstallig is.

Die BRKA het dit goedgekeur dat die FK 'n voorstel vir gedeeltelike afskrywing van agterstallige bydraes en afbetaling van die res onder streng voorwaardes en vereistes aan die sinode voorlê.

6. AANWYSINGSBORDE NA BROOKSHUIS

Onderhandelings met die Stadsraad in dié verband was nie gunstig nie. As aanwysingsborde aangebring moet word wat na Brookshuis as gedenkwaardigheid verwys, moet daar aan sekere vereistes voldoen word wat nie vir die BRKA aanvaarbaar is nie. Tydelike aanwysingsborde kan wel aangebring word, maar daarvoor moet periodiek aansoek gedoen word vir verlenging vir die tydperk van vertoon daarvan. Die BRKA het besluit om van die saak af te stap.

7. INWIN VAN REGSADVIES

Die BRKA het die KKS op 22 Augustus 1996 versoek om 'n reglement t.o.v. die prosedure vir die inwin van regsadvies op te stel en aan die BRKA voor te lê, met die oog op uiteindelike voorlegging aan die sinode/RKA. Die reglement word nog afgewag.

8. MOONTLIKE VERKOOP VAN BROOKSHUIS

Lede van die advokatekamer het d.m.v. 'n agent 'n aanbod van R4 miljoen vir Brookshuis gemaak. Lede van die Eiendomskomitee het 'n eiendom besigtig wat moontlik in 'n ruiltransaksie betrek kon word, maar so 'n ruiltransaksie onwenslik gevind. Na alternatiewe moontlikhede vir kantoorhuisvesting is gekyk. 'n Nuwe kantoorblok wat nog in aanbou was, wat ongeveer dieselfde ruimte sal bied as die huidige Sentrale Kerkkantoor kos ongeveer R7 miljoen. Die erf waarop die eiendom opgerig word, is slegs die helfte van die grootte van die terrein by Brookshuis. Uit dié ondersoek blyk die verkoop van Brookshuis dus hoogs onwenslik te wees. Die BRKA het besluit: Indien die lede van die advokatekamer bereid is om 'n buitengewone hoë aanbod vir Brookshuis te maak, moet dit skriftelik gedoen word ná besigtiging van Brookshuis, en dan moet die administrateur 'n ontmoeting tussen die Eiendomskomitee en die lede van die advokatekamer reël gedurende November om die aanbod te bespreek.

Dit het nie gerealiseer nie.

9. TESTAMENTÊRE BEMAKING HM FOURIE

In 'n geldige testament het mev. HM Fourie oorspronklik R150 000 vir Bybelverspreiding aan die AP Kerk bemaak. 'n Tweede testament is daarna opgestel waarvan die geldigheid deur die efgename, volgens die eerste testament, betwis is. 'n Skikking is bereik en die skikkingsooreenkoms is deur die BRKA aanvaar. In terme van die skikkingsooreenkoms sal ongeveer R86 000 aan die BRKA oorbetaal word sodra die boedel afgehandel is.

10. TOEKOMS VAN ALIMENTASIEFONDS

Om onsekerheid uit die weg te ruim waarvoor die alimentasiefonds aangewend mag word, is die BRKA in oorleg met die FK, die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens en die KKS besig om 'n reglement vir die alimentasiefonds op te stel.

11. EIENDOMSBELASTING OP BRKA-EIENDOM

Na onderhandelinge met die Stadsraad van Pretoria oor die hoë belasting op Brookshuis, die Teologiese Skool en die Jeugtuiste het die Stadsraad besluit om vir die afgelope jare R27 524-40 terug te betaal aan die BRKA as 'n hulptoekenning ingevolge die munisipale ordonnansie. Voortaan word jaarliks volgens die vereistes van die Stadsraad aansoek gedoen om 'n hulptoekenning vir die eiendomsbelastingheffing.

12. BRUIKLEEN VAN PERDEKAR

'n Perdekar van mnr. AJ van der Nest is in bruikleen ontvang en word op die voorstoep van Brookshuis vertoon. Volgens 'n skriftelike ooreenkoms met mnr. Van der Nest is hy verantwoordelik vir die restourasie en instandhouding van die kapkar.

Mnr. Van der Nest is onlangs oorlede en volgens 'n testamentêre bepaling is die perdekapkar nou die eiendom van sy eggenote. Sy is van voorneme om die bruikleenooreenkoms voort te sit en sal na afhandeling van die boedel aandag skenk aan die restourasie van die perdekapkar.

13. ONDERSOEK NA 'N BETER MEDIESE SKEMA

In opdrag van die BRKA het oudl. BJM Rossouw 'n vergelyking tussen die Kaapse Mediese Plan en Momentum Health se Discovery Klassieke Plan opgestel en aan lede van die BRKA en FK besorg vir bestudering. Die FK doen verslag oor die finale besluit.

14. TOEREIKENDHEID VAN PENSIOEN VAN LERAARS MET MINDER AS 15 DIENSJARE IN AP KERK

Na deeglike ondersoek het die FK 'n besluit geneem oor verhoogde pensioen uit die AP Kerk Trustfonds en dit aan die BRKA oorgedra. Dit het op 1 Julie 1996 in werking getree. Besonderhede van die besluit verskyn in die verslag van die FK.

15. RUGSTEUN VAN REKENAARDATA IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR

Die BRKA het dit aan sy Dagbestuur opgedra om ondersoek in te stel na die doeltreffendste metode van rugsteun vir die data op die rekenaars van veral afdeling Finansies wat in die brandkluis van die argief bewaar moet word. Die nodige apparaat is geïnstalleer teen 'n bedrag van R3 562-00.

16. INSTANDHOUDING VAN EIENDOM VAN BRKA

'n Reglement vir die instandhouding van eiendomme van die BRKA is opgestel en word by hierdie verslag aangeheg as Bylae BRKA 2.

17. UITGESTELDE VERGOEDING

Besparing van belasting as gevolg van die hersiening van die amptelike beleid van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste in 1995 deur alternatiewe betaling van ledegeld aan mediese skemas, is deur die FK by leraars en die BRKA t.o.v. die personeel van die kerkkantoor aanbeveel. Die BRKA het dit goedgekeur dat in oorleg met 'n finansiële adviseur van Sanlam

17.1 sover moontlik die vergoedingspakkette van alle leraars en personeel wat bydra tot die mediese fonds, herstruktureer word om die eie bydrae tot die mediese fonds deel van die vergoedingspakket te maak en die belasting wat daardeur bespaar word, in uitgestelde vergoeding te belê;

17.2 die reglement van die pensioenfonds aangepas word sodat die pensioengewende salaris nie verminder nie;

17.3 dit in groepsverband gedoen word om bewysvrye lewensdekking te kry, ook vir die lede wat gesondheidsprobleme het.

18. GEBEURLIKHEIDSFONDS

'n Reglement vir die gebeurlikheidsfonds is opgestel. Die gebeurlikheidsfonds word versterk en opgebou deur bedrae wat daarin geplaas word volgens diskresie van die BRKA in oorleg met die FK. Die BRKA het dit goedgekeur dat die bedrag van ongeveer R900-00 per

maand asook die eenmalige bedrag van R21 000-00 wat die BRKA toegekom het uit die implementering van uitgestelde vergoeding waarby die bydraes tot die mediese plan betrokke was, in dié fonds inbetaal word. Die reglement word aangeheg as bylae BRKA 3.

19. HULP AAN AFGETREDENES MET BYDRAES TOT MEDIESE SKEMA

Die BRKA het dit aan oudl. BJM Rossouw opgedra om sy gedagtes oor die subsidiëring van die 50% bydraes van geëmeriteerdes aan die FK voor te lê. Die FK lê 'n omvattende aanbeveling aan die sinode voor.

20. WERKSAAMHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE

20.1 Vergaderings

Die komitee het gereeld vergader en die nodige beplanning gedoen en beheer uitgeoefen oor die instandhouding van die eiendom.

20.2 Eiendom

Die BRKA besit die volgende eiendomme wat voortdurend aandag van die Eiendomskomitee geniet:

Brookshuis (Sentrale Kerkkantoor), terrein en historiese kapel; die argiefgebou; die boekwinkel waar ook boekvoorrade van die Publikasiekommissie bewaar word en versendingwerk gedoen word; die opsigterswoonstel; die Teologiese Skool; die Jeugtuiste; die woonstel van die spysenier en Vaalterrein.

Al die eiendom is in Pretoria behalwe Vaalterrein wat enkele kilometers van Parys af geleë is.

20.3 Instandhouding van die eiendom

Die Eiendomskomitee het 'n deeglike inspeksie gedoen by al die eiendomme met die oog op herstel en opknapping later in die jaar en verder aan. Die FK is versoek om 'n instandhoudingsfonds daar te stel sodat die begrote fondse wat nie in een finansiële jaar bestee word nie, oorgedra kan word na 'n volgende finansiële jaar.

20.4 Sekuriteit

Ten spyte van die hoë doelmatige omheining, lemmetjiesdraad en hekke wat elektronies beheer word, is 'n voertuig en fietse by die Jeugtuiste gesteel. By Brookshuis is 'n sekuriteitshek oopgeforseer, maar die rathefboomslotte het voorkom dat die twee afleweringsvoertuie van die BRKA gesteel is. Bykomende veiligheidsmaatreëls is aangebring soos sekuriteitsligte met ligsensors en alarmstelsels op die motorhekke wat geaktiveer word as die hekke nie met afstandbeheer oopgemaak word nie.

20.5 Voorkoming van weerligskade

Na aansienlike skade as gevolg van weerlig aan die alarmstelsels by Brookshuis en die Teologiese Skool en die telefoonstelsel en elektroniese toerusting by Brookshuis is verdere maatreëls op aandrang van SANTAM getref om weerligskade te voorkom. SANTAM het verantwoordelikheid vir al die weerligskade aanvaar.

20.6 Rekenaarstelsel vir Teologiese Skool

'n Noodsaaklike uitbreiding van die biblioteek is 'n rekenaarstelsel wat deur middel van Internet kan skakel met teologiese biblioteke by universiteite en teologiese skole binnelands en buitelands. Hierdie stelsel maak ook voorsiening vir uitgebreide naslaanwerk in kommentare en die Bybel in sy oorspronklike tekste met die nodige woordverklarings en aanwysings. Die stelsel is geïnstalleer en die werking daarvan is in die hande van die Kuratorium en dosenteraad. Die stelsel het R39 255-00 gekos. Studente en dosente is opgelei in die gebruik van die rekenaars teen 'n koste van R3 600-00. 'n Logos 2.0 netwerk sagtewareprogram vir die rekenaarnetwerk is aangekoop teen 'n bedrag van R2 500-00.

20.7 Fotokopieerder vir Teologiese Skool

Op versoek van die Teologiese Skool het die BRKA dit noodsaaklik geag om die ou fotokopieerder wat dikwels buite werking was te vervang teen 'n koste van R47 226-00.

20.8 Rekenaarprogram vir gemeentelike administrasie

In opdrag van die BRKA het die Eiendomskomitee ondersoek ingestel na 'n geskikte rekenaarprogram vir gemeentelike administrasie en beveel die "Kerkkan"-rekenaarprogram aan. Ds. Jan Venter is die eienaar van die program en bemark dit ook.

21. WERKSAAMHEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN DIE JEUGTUISTE

21.1 Vergaderings

Die Beheerraad het gereeld vergader en by elke BRKA-vergadering verslag gedoen.

21.2 Huiskomitee

Die inwoners wys self hul huiskomitee aan met bepaalde magte wat uitstekend werk. By elke vergadering van die Beheerraad doen die huiskomitee verslag. Daar heers 'n goeie gees onder die inwoners. Hiervoor is die huiskomitee grootliks verantwoordelik.

21.3 Keuring

Die Beheerraad het die afgelope twee jaar streng keuring toegepas t.o.v. die toelating van inwoners. Daar is gebly by die reëls soos deur die sinode vasgestel nl. dat toelating geskied volgens voorkeurlys te wete

a. Teologiese studente van die AP Kerk
b. Admissiestudente van die AP Kerk
c. Voltydse studente van die AP Kerk
d. Deeltydse studente van die AP Kerk
e. Werkende jongmense van die AP Kerk.

21.4 Huisgelde

By die vasstelling van huisgelde het die Beheerraad enersyds die opdrag van die BRKA, dat die Jeugtuiste selfversorgend moet wees, in gedagte gehou, maar andersyds ook rekening gehou met losiesgelde vir soortgelyke huisvesting. Vir die afgelope twee jaar is die losiesgeld soos volg vasgestel:

	1996 R	1997 R
Verblyf	4 200	4 200
Etegeld	3 300	3 900
	7 500	8 100

Vir die dubbelkamer betaal die twee studente elk R3 600.

22. AD HOC-KOMITEE VIR PERSONEELAANGELEENTHEDE EN MENSLIKE HULPBRONNE-KONSULTANTE

Tydens sy vergadering van 8 November 1995 het die BRKA 'n ad hoc-komitee bestaande uit die voorsitter, ds. NJ Rautenbach, oudle. SA van der Westhuizen en WP Murray (met die reg van koöpsie) aangewys om ondersoek in te stel of die behoefte aan 'n personeellid in afdeling Finansies op die vlak van 'n rekeningkundige beampte of op die vlak van 'n assistentrekenmeester lê. Die vergadering neem kennis daarvan dat in die begroting wat deur die sinode goedgekeur is, reeds voorsiening vir die pos assistentrekenmeester gemaak is. Die ad hoc-komitee moet ook die oortydwerk in afdeling Publikasies ondersoek en daaroor verslag doen.

Op 18 April 1996 het die BRKA die ad hoc-komitee versoek om ook ondersoek in te stel na alle aangeleenthede rakende die produksie en bemarking van publikasies in soverre die administrasie daardeur geraak word.

Die sewende sinode het besluit om 'n ernstige versoek tot die BRKA te rig vir die verligting van die werklading van ds. Adendorff en na bevind van sake 'n vermindering van pligte te implementeer. Die BRKA het op 13 Junie 1996 dit ook aan die ad hoc-komitee opgedra om ondersoek na die aangeleentheid in te stel.

Die ad hoc-komitee is op 22 Augustus 1996 hersaamgestel. Ds. Van der Walt is op versoek van ds. Rautenbach tot voorsitter van die komitee gekies.

'n Skriftelike verslag van die ad hoc-komitee is tydens die vergadering van die BRKA op 16 Januarie 1997 voorgelê waarin aanbeveel is om menslike hulpbronne-konsultante te kry om ondersoek te doen na die personeelopset in die Sentrale Kerkkantoor. Die BRKA het besluit om nie van die dienste van menslike hulpbronnekonsultante gebruik te maak nie, nadat die voorsitter sy beslissende stem daarteen uitgebring het. Die argument was dat die inrigting van die administrasie nie van sodanige aard is dat dit so 'n duur en omvattende ondersoek benodig nie. Die BRKA het ook besluit om sy opdragte aan die ad hoc-komitee i.v.m. oortyd en personeelaangeleenthede te kontinueer. Die ad hoc-komitee het daarna versoek dat 'n buitengewone vergadering van die BRKA op 27 Februarie 1997 gehou word waarop die saak weer bespreek is.

Die BRKA het toe besluit:

Die dienste van Fourie en Van Wyk Assosiate word geïmplementeer om ondersoek in te stel na die administrasie in die Sentrale Kerkkantoor, die Jeugtuiste en die Teologiese Skool sover dit personeel onder beheer van die BRKA raak. Daarbenewens moet die konsultante aandag gee aan die werksaamhede van die BRKA aan die hand van die reglement daarvoor, en ook aan die lasgewing van sinodale kommissies, met dien verstande dat die verhoging in koste t.o.v. die uitgebreide opdrag nie meer as 25% van die kwotasie bedra nie. Die konsultante moet vooraf, voordat die werklike ondersoek onderneem word, 'n uiteensetting van die elemente in die ondersoek aan die BRKA voorlê. Dit word aan die ad hoc-komitee vir personeelaangeleenthede opgedra om alle onderhandelinge met die konsultante t.o.v. die opdrag te voer.

Voorts is die volgende besluite geneem:

Die ad hoc-komitee vir personeelaangeleenthede word soos volg nuut saamgestel: ds. JH van der Walt (sameroeper), oudle. JJ de Jager, WP Murray en SA van der Westhuizen. Ds. Rautenbach woon vergaderings amptelik by sover dit vir hom moontlik is, en die vergadering aanvaar dit so.

Die BRKA aanvaar in beginsel die wenk van die direkteur in sy voorlegging dat die volgende paragraaf onder aandag van die konsultante

kom en in die BRKA-verslag aan die sinode opgeneem word:

'n Lid van die BRKA wat op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, wesenlik belang het by 'n kontrak of voorgenome kontrak wat deur die BRKA aangegaan word, of wat aldus 'n belang by so 'n kontrak bekom nadat dit aangegaan is, moet sy belang en volle besonderhede daarvan verklaar, en dit moet genotuleer word.

'n Lid van die BRKA mag nie deelneem aan die stemming in 'n vergadering wanneer besluit word oor 'n aangeleentheid waardeur hy, of 'n onderneming waaraan hy verbonde is, geldelik kan baat of andersins bevoordeel word deur die besluit nie.

Die menslike hulpbronne-konsultante, naamlik Fourie en Van Wyk Assosiate, het die eerste konsep van hulle verslag met die ad hoc-komitee, en 'n tweede met die ad hoc-komitee en ander belanghebbendes bespreek. Daarna is 'n finale verslag voorgelê wat deur die BRKA op 'n buitengewone vergadering op 26 Mei 1997 behandel is. Van die twintig aanbevelings waarin die verslag gekulmineer het, het die BRKA nege in gewysigde vorm aanvaar, asook afsonderlike aanbevelings in verband met salarisaanpassings. Van die aanvaarde gewysigde aanbevelings word die onderstaande kern vir goedkeuring aan die RKA voorgelê. Die laaste twee aanbevelings is nie deel van die gewysigde aanbevelings van die konsultante nie.

22.2 AANBEVELINGS

22.2.1 Die RKA keur die organogram soos opgestel deur die konsultante Fourie en Van Wyk Assosiate, en gewysig deur die BRKA soos in Bylae BRKA 1 goed.

22.2.2 Die pos van administrateur word op die diensstaat van die Sentrale Kerkkantoor geherstruktureer om onder meer die funksies te behartig wat deur Fourie en Van Wyk Assosiate aan die pos van adjunk-direkteur toegedeel is.

22.2.3 Die huidige administrateur word in beheer van afdeling Finansies geplaas met posbenaming van finansiële bestuurder.

22.2.4 Die posbenamings van die twee poste (van mev. Britz en mev. Van Lille) word gewysig na senior publikasiebeampte en publikasiebeampte indien dit vir die Publikasiekommissie aanvaarbaar is.

(Opmerking: Vanweë die laat stadium waarop die verslag van die konsultante behandel is, kon dié saak nog nie met die Publikasiekommissie uitgeklaar word voordat die sakelys ter perse moes gaan nie.)

22.2.5 Die BRKA moet toesien dat die pos van tegniese beampte deur 'n tegniesvaardige persoon gevul word en die benaming bly tegniese beampte.

22.2.6 Die posbenaming van arbeider/verwer word verander na nutsman.

22.2.7 Die posbekleërs van die drie poste (tegniese beampte en die twee nutsmanne) sal deurlopend slegs tydelik aangestel word om ploolbaarheid te verhoog.

22.2.8 Die RKA keur dit goed dat die BRKA volgens die ruimte daarvoor gelaat in die besluit van die vorige RKA (Handelinge van die Sewende Sinode, bl. 244, pt. 3.1.27.1) twee en 'n half rekeningkundige beampte-poste in afdeling Finansies geskep het.

22.2.9 Die RKA keur dit goed dat 'n rekeningkundige klerk in afdeling Finansies aangestel word.

22.2.10 Die pligstate van die direkteur, administrateur, finansiële bestuurder en die rekenmeester, moet herskryf word sodra bogenoemde aanbevelings deur die RKA goedgekeur is.

Die voorsitter van die BRKA, ds. NJ Rautenbach het skriftelik versoek dat aangeteken word dat hy voorbehoude het t.o.v. die volgende punte: direkteur (versterking met adjunk 22.2.2); administrateur (22.2.3); finansiële bestuurder (22.2.3); finansiële beampte (versterk met personeellede soos nodig).

23. BESKRYWINGSPUNTE

23.1 Ring van Moot-Sentraal: Samestelling van BRKA

Die sinode/RKA verander die reglement vir die BRKA 6.1.1 (a) om soos volg te lees:

Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie bestaan uit 9 lede plus sekundi deur elke RKA aangewys. Hierdie lede hoef nie noodwendig uit afgevaardigdes te bestaan nie. Lidmate met kundigheid in administrasie en organisasie behoort in aanmerking te kom.

23.1.1 **Motivering**

1. Kundiges, soos bo genoem, het nie altyd sitting op die sinode/RKA nie. Hulle kundigheid gaan verlore vir die Kerk met die wyse van samestelling soos dit tans is.
2. Die kommissie wat tans persone aanwys om op die BRKA te dien het nie altyd kundiges om te dien nie. Terwyl die BRKA 'n

gespesialiseerde taak het (kyk na die doelstellings van die RKA en die bevoegdhede en pligte soos dit in die konstitusie gestel word) kan dit alleen die saak dien as die mees kundige persone sitting op die BRKA het.

23.1.2 Benewens die beskrywingspunt het ook 'n voorstel van die skriba van die FK aandag van die BRKA geniet. Daarvolgens word lede van die BRKA onder meer streeksgewyse aangewys. Die BRKA het egter besluit om met die onderstaande aanbevelings te volstaan.

23.1.3 AANBEVELINGS

23.1.3.1 Die sinode/RKA gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die ring van Moot-Sentraal oor die samestelling van die BRKA nie.

23.1.3.2 Die samestelling van die BRKA bly dieselfde as in die verlede en ouderlinge op die BRKA word gekies uit afgevaardigde ouderlinge.

23.1.3.3 Die ouderlinge op die BRKA (5) word soos volg gekies:

a. afgevaardigde ouderlinge se belangstellings- en ervaringsveld moet met gemeentes se geloofsbriewe na die RKA saamgestuur word;

b. RKA-lede nomineer ouderlinge vir die BRKA en gee self saam met nominasies 'n kort uiteensetting van die belangstellings- en ervaringsveld van die genomineerde;

c. die Kommissie vir Kommissies maak 'n lys van genomineerdes met 'n opsomming by elke genomineerde se belangstellings- en ervaringsveld soos verkry uit gemeentes se inligting en die inligting van die persoon wat genomineer het;

d. die RKA besluit per stembrief op 5 uit hierdie genomineerdes as lede van die BRKA.

23.2 **Ring van Newcastle: Behuising en hulp aan ACVHO studente**

23.2.1 Die sinode/RKA van die Afrikaanse Protestantse Kerk moet weer opnuut besin oor watter studente/jongmense toegelaat word om verblyf te kry by die Jeugtuiste te Farendenstraat, Pretoria. Die prioriteit van toelating behoort soos volg te wees:

a. teologiese studente van die AP Kerk;

b. studente uit die AP Kerk aan die ACVHO (Akademie vir Christelik-volkseie Hoër Onderwys);

c. ander studente uit die AP Kerk;

d. werkende jong mense uit die AP Kerk;

23.2.2. Die sinode/RKA moet dit oorweeg om 'n studiefonds te stig waaruit studente van die ACVHO gehelp kan word soortgelyk aan die gestigte Willie Lubbe studiefonds.

23.2.3 **Motivering**

1. Die Akademie vir Christelik-volkseie Hoër Onderwys (ACVHO) is 'n tersiêre inrigting wat hoofsaaklik deur ons kerk en lidmate van ons kerk tot stand gebring is vir opleiding aan ons jong mense vir 'n Christelik-volkseie studierigting.
2. Daar bestaan 'n behoefte aan behuising en verblyf vir ons kinders wat besig is om hulle te bekwaam vir die toekoms waar ons weet hulle die beste versorging en toesig sal geniet.
3. Die AP Kerk het nie net 'n behoefte aan predikante nie, maar ook aan opgeleide mense wat die Christelik-volkseie karakter, wat vir ons baie kosbaar is, op elke lewensterrein kan bevorder.
4. Daar was in die verlede probleme met damesstudente wat in die kerk se Jeugtuiste gebly het, maar ons glo dat hierdie probleem deur goeie toesig en beheer oorkom kan word.
5. Damesstudente behoort dieselfde voordeel te kan geniet as die mansstudente omrede die kerk 'n gelyke pastorale verpligting het teenoor al sy jongmense, ook die dames.

23.2.4 AANBEVELING

Die sinode/RKA gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die ring van Newcastle oor hulp en behuising vir ACVHO-studente nie.

23.3 **Ring van Nelspruit: Werksaamhede van die RKA**

Die sinode besluit om 'n nuwe punt 6.5.6 in die Reglement van die BRKA in te voeg wat soos volg lees:

6.5.6 BRKA – ledebelange

'n Lid (of lede) van die BRKA wat op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, wesenlik belang het by 'n kontrak/transaksie of voorgenome kontrak/transaksie wat deur die BRKA namens, of in opdrag van die RKA, aangegaan word, of wat aldus 'n belang by so 'n kontrak/transaksie bekom nadat dit aangegaan is, moet sy belang en volle besonderhede daarvan verklaar, dit moet genotuleer word, en hy moet hom van verdere deelname van die werksaamhede van die BRKA rakende die saak onttrek.

23.3.1 Die sinode besluit om die BRKA te versoek om die numerering na die invoeging aan te pas.

23.3.2 Die sinode besluit dat besluit 6.5.6 dadelik van krag word.

23.3.3 **Motivering**

a. In die Maatskappywet no. 61 van 1973 word voorsiening gemaak vir sodanige reëling.

b. Die reëling raak alle direksies van maatskappye en die BRKA kan inderdaad as die direksie van die RKA gesien word.

c. Dit is 'n gesonde en beskermende reëling wat alle bestuurslede raak. Persoonlike bevoordeling vanuit 'n vertrouensposisie is immers nie eties regverdigbaar nie.

23.3.2 AANBEVELING

Die sinode/RKA behandel die beskrywingspunt van die ring van Nelspruit oor wysiging van die reglement van die BRKA in die verslag van die KKS waar goedkeuring aanbeveel word met uitsondering van die voorgestelde punt 23.3.2.

23.4 **Ring van Beaufort-Wes : Goedkoper mediese skema**

Die sinode besluit om voort te gaan met ondersoeke na 'n goedkoper mediese skema wat vir beide leraar en kerkrade die beste mediese en finansiële voordele bied.

Motivering

Die huidige mediese skema bly vir baie leraars en kerkrade steeds onhoudbaar duur terwyl daar goedkoper skemas is wat dieselfde voordele bied.

23.4.1 AANBEVELING

Die sinode/RKA gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes oor 'n goedkoper mediese skema nie. Die FK doen verslag oor die ondersoek na 'n beter mediese skema en die aanbevelings van die BRKA en FK dien voor die huidige sinode in die FK-verslag.

24. **Koste meegebring deur adviese deur lede van KKS**

Die BRKA spreek sy kommer daaroor uit dat die adviese van sekere lede van die KKS reeds geweldige koste vir die kerkverband meegebring het. Tydens die sinode kan bepaalde voorbeelde daarvan voorgelê word.

24.1 AANBEVELING


Die RKA versoek die sinode om ernstige aandag te gee aan die samestelling en werkswyse van die KKS.

Hiermee vertrou die BRKA dat hy sy opdragte tot bevrediging van die RKA uitgevoer het, en bid die RKA en sinode seën toe op sy beraadslaginge.

wg. **DS. NJ RAUTENBACH**
VOORSITTER

DS. MC ADENDORFF
SEKRETARIS

BYLAE BRKA 1


BYLAE BRKA 1
ORGANOGRAM
RKA
BRKA
1 DIREKTEUR
KURATORIUM
29 REKTOR
2 ADMINISTRATEUR
3 SEKRETARESSE
10 SEKRETARESSE
11 FINANSIËLE BESTUURDER
23 REKENMEESTER
30DO-SENT
31DO-SENT
32DO-SENT
33DO-SENT
34 REGISTRATEUR/ SEKRETARESSE
25 TIKSTER/ KLERK
35 SKOONMAKER
28 REK OP. KLERK
REK. BEAMPTE (HALFDAG)
26 REK. BEAMPTE
27 REK. BEAMPTE
ASS REK BEAMPTE
ASS REK BEAMPTE
PUBLIKASIEKOMMISSIE
4 REDAKTEUR
REDAKSIE DB
HOOF PUBLIKASIES
5 PUBLIKASIE-BEAMPTE SR
PUBLIKASIE-BEAMPTE
6 PUBLIKASIE-BEAMPTE SR
PUBLIKASIE-BEAMPTE
12 ARGIVARIS
BESTUURDER/ BEHARKER
7 HOOFBOEKWINKEL-KLERK
ASS. BOEKWINKEL KLERK
8 BOEKWINKEL-KLERK (HALFDAG)
9 REKENAARROPE-RATRISEE/ KLERK
PERSONEEL-BEAMPTE
13 TIK-STER
15 SKOON-MAKER
14 ONT-VANGS
16 SKOON-MAKER
17 SE-KURITEIT
18 TEGNIESE BEAMPTE
19 NUTS-MAN
20 NUTS-MAN
21 SPYSE-NIER
22 SPY-SENIERS ASS.
PERSONEEL
ONTVANGS
SEKURITEIT
TEGNIESE DIENSTE
SPYSENIERS
EIENDOMME*
FINANSIES
ARGIEF
BOEKWINKEL
* Eiendomme behels 1. algemene bestuur volgens besluite van BRKA (kyk reglement 6.5.1 - 6.5.6); 2. instandhouding en onderhoud (tegniese dienste en skoonmakers); 3. sekuriteit.
DIREKTE BEHEER OOR ALLE ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE
BEHEER OOR NET ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE

BYLAE BRKA 2

REGLEMENT VIR DIE ONDERHOUD VAN EIENDOMME VAN DIE BRKA

1. PROBLEEMSTELLING

Bevoegdhede van BRKA t.o.v. eiendomme – Kyk Reglement KO Boek bl. 66, 6.5.1–6.5.6:

6.5.1 Eiendomme, goedere en fondse deur die BRKA verkry asook fondse onder beheer van die RKA as geregistreerde Welsyns- en Fondsinsamelingsorganisasie, word deur die BRKA geadministreer.

6.5.2 Die BRKA is bevoeg om enige regshandeling wat met die betrokke bates verband hou, te verrig, o.m.

6.5.2.1 om eiendomme, roerend en/of onroerend te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse;

6.5.2.2 om eiendomme roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar;

6.5.2.3 om gelde onder sy beheer te belê o.m. in aandele, skuldbriewe, staats- of munisipale effekte, by geregistreerde finansiële instellings, of uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goed dink, en om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel.

6.5.3 In alle regsgedinge of in dispute oor eiendomme, goedere en fondse tree die BRKA sonder bepaalde lasgewing sowel eisend as verwerend op na raadpleging van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

6.5.4 Ten einde sy opdrag uit te voer, word alle stukke onderteken deur twee lede van die BRKA wat daartoe gemagtig is.

6.5.5 Die BRKA oefen toesig en beheer uit oor die Sentrale Kerkkantoor en personeel, eiendomme, toerusting, geboue, terreine en fondse onder sy beheer geplaas en alle werksaamhede aan hom opgedra, met verantwoording aan die ledevergadering.

6.5.6 Die BRKA kan, sonder om van sy oorspronklike bevoegdhede en verantwoordelikhede afstand te doen, sy bevoegdhede en verpligtinge vermeld in 6.5.5 hierbo, volgens sy diskresie aan die volgende persone, delegeer:

6.5.6.1 Die Direkteur en personeel.

6.5.6.2 Subkomitees deur die Bestuur uit sy geledere benoem.

Die Eiendomskomitee is 'n subkomitee van die BRKA volgens 6.5.6.2.

Kragtens sy opdragte was die Eiendomskomitee gemoeid met die restourasie en aanbouings by Brookshuis, met die opknapping van die Teologiese Skool, met die opknapping en aanbouings by die Jeugtuiste.

Omdat die werk nie deur 'n ondernemer van buite gedoen en op 'n bepaalde datum afgelewer is nie, het daar mettertyd 'n vaagheid ontstaan oor waar die verpligtinge van die Eiendomskomitee ophou en die verantwoordelikheid van die administratiewe personeel t.o.v. onderhoud en instandhouding begin. Die vaagheid raak die datum sowel as die aard van die werk, aangesien die Eiendomskomitee steeds voortbestaan met 'n eie verantwoordelikheid t.o.v. die eiendomme.

Wat die datum betref, kan aanvaar word dat "aflewering" van die groot werk reeds plaasgevind het, en dat die verantwoordelikhede van die administratiewe personeel en die Eiendomskomitee voortaan geskei word soos hieronder aangedui.

2. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

2.1 Noukeurige versorging van alle vaste en roerende bates van die RKA, wat insluit:

2.1.1 Die skoonhou van die geboue, tuine, apparaat en voertuie;

2.1.2 die versorging van die grasperke en tuine;

2.1.3 herstel- en verfwerk van kleinere omvang en koste wat nie R5 000 te bowe gaan nie;

2.1.4 die aankoop van apparaat wat vir die administrasie nodig geag word teen 'n bedrag wat nie R1 000 te bowe gaan nie (dit raak nie die gewone skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels wat op gereelde basis aangekoop word nie).

2.1.5 Dié beperking geld nie gevalle waar skade ontstaan het wat deur 'n versekeringsmaatskappy gedek word nie, soos bv. weerligskade aan die rekenaars. In gevalle van groot skade waar die struktuur van die geboue aangetas is, moet die Eiendomskomitee en die BRKA egter eers geken word.

2.2 Verslag oor die eiendomme en die uitvoering van die pligte onder 2.1 genoem aan die BRKA.

2.3 Waar herstel- en/of verfwerk of aankope van groter omvang nodig is, word dit aan die Eiendomskomitee gerapporteer.

3. VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE

3.1 Die ondersoek na en behartiging van groter herstel- en/of verfwerk d.m.v. kontrakteurs, of die aankoop van apparaat tot op 'n bedrag van R10 000. Vir sodanige werk moet tenders, en vir aankope kwotasies aangevra en 'n geskikte kontrakteur of leweransier aangewys word.

3.2 Verslag oor dié werk of aankope word aan die eersvolgende vergadering van die BRKA voorgelê.

3.3 Waar dit uit die ondersoek blyk dat werk of aankope van groter omvang as die toegelate bedrag van R10 000 noodsaaklik is, word die uitslag van die ondersoek en die aanbevelings van die FK eers aan die BRKA voorgelê vir goedkeuring.

4. ALGEMEEN

Geen verandering mag aan die struktuur van geboue of aan die kleurskemas aangebring word sonder goedkeuring van die BRKA nie.

BYLAE BRKA 3

REGLEMENT VIR GEBEURLIKHEIDSFONDS

1. ONTSTAAN

Die Gebeurlikheidsfonds is gestig toe mev. Sanet Smit, verteenwoordiger van Sanlam, 'n gedeelte van haar kommissie wat sy op transaksies met die APK verdien het, aan die APK terugbetaal het. Daar is indertyd geen definisie van gebeurlikhede gegee waarvoor dié fonds aangewend kon word nie. Die fonds is later versterk deur diverse bydraes, onder meer ook deur die opbrengs van 'n polis wat op die lewe van wyle ds. Piet van Staden uitgeneem is.

2. DOEL VAN DIE FONDS

Die fonds word aangewend om bystand te verleen aan predikante en hulle gesinne wat hulle vanweë 'n onvoorsiene gebeurlikheid in 'n geldelike krisis bevind.

3. BEHEER OOR DIE FONDS

Besteding van bedrae uit dié fonds berus uiteindelik volledig by die diskresie van die BRKA.

4. WYSE VAN BESTEDING

Betaling van bedrae uit dié fonds geskied direk aan die krediteure van die betrokke leraar en sy gesin, tensy die BRKA anders besluit.

Aangesien sodanige onvoorsiene gebeurlikhede soms spoedeisende optrede verg, is dit die plig van die Direkteur of sy gevolmagtigde om eers telefonies met die BRKA-lede te skakel alvorens uitbetaling gedoen word. Indien moontlik moet aansoek om hulp uit dié fonds voor 'n volledige vergadering van die BRKA dien. In alle gevalle van besteding uit die fonds word volledig verslag gedoen aan die eersvolgende vergadering van die BRKA.

5. INSTANDHOUDING VAN DIE FONDS

Die Gebeurlikheidsfonds word versterk en opgebou deur bedrae wat daarin geplaas word volgens diskresie van die BRKA in oorleg met die FK. Die BRKA-vergadering van 16/1/1997 het dit goedgekeur dat die bedrag van ongeveer R900-00 per maand asook die eenmalige bedrag van R21 000-00 wat die BRKA toegekom het uit die implementering van uitgestelde vergoeding waarby die bydraes tot die mediese plan betrokke was, in dié fonds inbetaal word.

Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

1. PERSONEEL

Di. AS van Jaarsveld (voorsitter), JC Lamprecht (ondervoorsitter), JA du Plessis (skriba), IP du Preez (hulpskriba), MJ Hartzenberg, G Smit, PJ du Plessis, oudle. AJ Pienaar, F Swanepoel, prof. FAH van Staden (adviseur).

Prof. R Marè is aanvanklik tot ondervoorsitter verkies, dog versoek om vir die duur van 1996 onthef te word van die werksaamhede van die KKS vanweë veelvuldige verpligtinge en op aanbeveling van die Kuratorium.

Vier adviseurs is benoem vir amptelike advieslewering t.w. voorsitter, skriba, prof. FAH van Staden en R Marè. Na eerbiediging van die versoek van prof. R Marè is ds. JC Lamprecht as vierde adviseur benoem.

2. VERGADERINGS

Die KKS het nege keer vergader tot 6 Mei 1996.

3. SAKE IN OPDRAG VAN DIE SINODE (1995)

3.1 Die wysiginge in die kerkorde, ordereëls en ter saaklike sinodebesluite is uitgevoer. Die woordverklaringe is nie opgeneem in die Kerkorde nie (kyk besluit bl. 254 pt. 8.31). Die dokument deur die KKS voorberei is verlê by die Publikasiekommissie en die vervangde dokument was nie geredigeer nie. Die saak staan dus oor.

3.2 **Ander werksopdragte is uitgevoer soos hierna vermeld**

3.3 **Stappe van kerklike tug. (Sakelys bl. 34, pt. 1.16, Aanbeveling 41. Handelinge sinode bl. 228, pt. 40.4)**

Die Handleiding vir Kerklike Tug het verskyn en aan die opdrag van die sinode is uitvoering gegee. Met groot dank aan prof. FAH van Staden.

3.4 **Aangeleentheid oor eiendomsreg (Sakelys bl. 43, Handelinge, bl. 229)**

Die sinode besluit om goedkeurend van notas 1,2, en 4 kennis te neem, maar nota 3 nie te aanvaar nie weens die kollegialistiese onderbou daarvan en verwys nota 3 terug na die KKS.

Nota 3

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n kerk (gemeente) sy regspersoonlikheid bekom het deur 'n kerk (gemeente) van die AP kerke in verband te word, vergelyk Bepaling 31. As so 'n kerk (gemeente) sy lidmaatskap van die verband van AP kerke opsê, verbeur hy sy regspersoonlikheid en sal hy op 'n ander wyse weer regspersoonlikheid moet bekom. Hy sal in elk geval nie bevoeg wees om met AP kerk- (gemeente) eiendom te handel nie. Daar kan dus 'n nuwe regspersoon tot stand kom en sal 'n endossement kragtens die bepalings van die Akteswet (Artikel 93) nie vir so 'n gemeente beskikbaar wees nie. Ek meen verder dat as al die lidmate van 'n kerk (gemeente) van die AP kerke in verband besluit om lidmaatskap van die kerkverband op te sê dan het hulle verder geen handelingsbevoegdheid met gemeente-eiendom nie. Daar bestaan dan nie 'n AP kerk (gemeente) nie, terwyl die eiendom nog in so 'n kerk (gemeente) vestig. Dit kan dus wees dat die eiendom *bona vacantia* raak en 'n hooggeregshofbevel sal aangevra moet word om te beslis oor die eiendomsreg van sulke eiendom en die bevel sal duidelik moet bepaal wie met die eiendom kan handel.

Sien Aanbeveling KKS. Sake in opdrag van sinode pt. 3.11.

3.5 **Handves Fundamentele Regte (Sakelys bl. 48, Handelinge bl. 232, pt. 15.6.3)**

Die SKK rapporteer oor die aangeleentheid.

3.6 **Herderlike Brief (Handelinge 1995, bl. 241, pt. 20.4, amendement 2)**

Die sinode besluit om oor die gebruik om 'n herderlike brief uit te stuur, te besin. Wat is die sin en betekenis daarvan? Die volgende KKS kry die opdrag om die saak prinsipieel en kerkregtelik te ondersoek en die volgende sinode met 'n aanbeveling te bedien.

3.6.1 **Histories**

Dit blyk dat die Ned. Gereformeerde Kerk reeds vanaf sy eerste sinode in 1824 die gebruik ingevoer het om 'n herderlike brief na die sinodesitting aan die gemeente te sirkuleer soos dit deur die sinode opgestel en goedgekeur is.

Dit het sedert daardie tyd gebruik geword in sinodes van die NG. Kerk(e) dat herderlike briewe deur sinodes gesirkuleer word. Die indruk is dat sinodes die gemeentes wou inlig in verband met van die belangrikste besluite in verband met sake van algemene belang.

3.6.2 **Praktiese oorweginge**

Dit lyk of die praktiese oorweginge dié is, wat as motivering vir die amendement op bl. 240 van die Handelinge 1995 gestel is. Samevattend gaan dit om die feit dat ses sinodes die praktyk gevolg het, gemeentes ter bemoediging wag op 'n boodskap van die sinode, inligting, belangrike heersende vrae beantwoord en dat die gedagtes wat by die sinode na vore kom deurgegee word aan die gemeente.

3.6.3 **Aanbeveling van die SKK**

Na aanbeveling van 'n beskrywingspunt van die ring van Potgietersrus dat sinodes herderlike briewe spoediger moet versend aan gemeentes en dat afgevaardigdes spoediger terugvoering aan gemeentes moet gee, het die SKK aanbeveel dat die herderlike brief gestaak moet word en dat met 'n besluiteregister volstaan moet word, terwyl besonderhede ook in *Die Boodskapper* gepubliseer kan word.

3.6.4 **Kerkregtelik**

Die verwysing na die KKS vra vir 'n prinsipieel en kerkregtelike ondersoek.

Die sinode is 'n tydelike vergadering van die kerkrade van plaaslike kerke in kerkverband, wat aangeleenthede van gemeenskaplike belang tot welsyn van die plaaslike kerke in behandeling neem, waaruit besluite volg. Die moontlikheid van prinsipeel en kerkregtelik kan dan alleen hierin gesoek word. Dit wil egter eerder blyk 'n praktiese saak te wees, aangesien dit eerder die taak van die afgevaardigdes is om aan die afvaardiger, die kerkraad, terugvoering te gee, wat weer tot taak het om die gemeente in te lig.

3.6.5 **Bevinding**

Dit blyk dat die aanbeveling van die SKK aan die sinode dat volstaan moet word met 'n "besluiteregister" die beste die doel sal dien om inligting aan die plaaslike kerke deur te stuur.

Motivering

★ 'n Herderlike brief kan net van die belangrikste besluite opneem, aangesien dit andersins 'n te lywige dokument word, wat in elk geval 'n noodsaaklike "besluiteregister" gaan oorvleuel.

★ 'n Besluiteregister het díe voordeel dat dit alle besluite bevat en deurgee tot volledige kennisname van gebeure.

★ Dit is die taak van die kerkraad om die gemeente in te lig. Selfs 'n herderlike brief moet deur die kerkraad hanteer word.

★ 'n Sinode kan ook besluit om die "besluiteregister" in te lei met 'n bemoedigende woord, wat juis kan verwys na die besluite, wat die welsyn van die plaaslike kerke moet dien.

3.7 **Interpretasie van art. 56 (Sakelys bl. 118 pt. 4.9.1.1 en 2, Handelinge 247, pt. 4.9.1.1)**

3.7.1 AANBEVELING

Sien Handleiding vir Kerklike Tug.

3.8 **Studiestuk Kerkorde en Belydenisskrifte (Sakelys bl. 118 pt. 4.7.1, Handelinge, bl. 247, pt. 4.7.1) hieronder aangehaal:**

4.7 Studiestuk: KO. en Belydenisskrifte – Kennis geneem.

4.7.1 AANBEVELING

Die sinode kontinueer die opdrag aan die KKS soos vervat in Handelinge sinode 1993, bl. 278 pt. 167 soos in Sakelys 1995 pt. 4.7 van die KKS-verslag aangehaal.

Daarmee is ook beskrywingspunt 6.11 oor die diaken in die kerkraad, bl. 135–135 na die KKS terugverwys.

3.8.1 AANBEVELING

3.8.1.1 Die studie is nog nie voltooi nie.
3.8.1.2 Verwys na TKKS vir moontlike rapportering.

3.9 **Prosedure by appèlle. (Bl. 119, pt. 4.11.1 Sakelys en bl. 247 Handelinge)**

3.9.1 AANBEVELING

Die sinode word verwys na bl. 41,42 van die Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug wat hieroor handel.

Appèlle word afgehandel deur die appèlskrif en die verweer van die kerklike vergadering wat die besluit geneem het en wat alle dokumentasie moet insluit ter tafel te neem.

3.9.1.1 **Motivering**

Appèlle is nie 'n herverhoor nie, maar 'n toetsinginstrument vir 'n bepaalde besluit.

3.10 **Toesig van ring oor ampdraers in ressort. (Sakelys bl. 119, pt. 4.11.1 en Handelinge bl. 247, pt. 4.11.1)**

Kyk Sakelys 1995, bl. 119, pt. 4.11: *Die KKS moet ook aandui hoe 'n ring toesig moet hou kragtens art. 37.6 indien 'n klag nie deur 'n ouderlingeraad deurgestuur word nie* en Handelinge 1995, bl. 247, pt. 4.11.1, *'n amendement wat wil reël dat, as 'n ouderlingeraad sy plig*

versuim om 'n klag/gerug behoorlik te ondersoek, die ring volgens art. 37 sy ringskommissie opdrag kan gee om die ondersoek te doen en indien dit uit die ondersoek sou blyk dat die ouderlingeraad sy plig versuim het, die ring kan besluit om die ouderlingeraad/leraar indien nodig tydelik in hulle amp te stuit tot na afhandeling van die ondersoek.

3.10.1 **Beredenering**

1. Art. 37.6 – (Die werksaamhede van die ring is) *opsig en tug oor ampsdraers in sy ressort*

Hierdie artikel word op sy eie as 'n selfstandige artikel gelees én verstaan as sou opsig en tug oor ampsdraers in sy ressort die eksklusiewe taak van 'n ring wees. Dit spreek veral duidelik uit die bostaande amendement, wat aan die ring die bevoegdheid wil gee om in te gryp en self by moontlike versuim deur 'n ouderlingeraad 'n klag/gerug te ondersoek en af te handel, selfs die ondersoek deur die ringskommissie te laat doen en intussen "ouderlingerade" en leraars te stuit in die amp.

Art. 37.6 is nie 'n selfstandige artikel nie en moet saamgelees word met ander relevante artikels en dan daarvolgens verstaan word. Art. 15 bepaal onder andere vir die leraar en art. 23 vir die ouderlinge *die uitoefening van regering, opsig en tug oor die gemeente....* Oor die gemeente bedoel al die lidmate, belydend en dooplidmate. Die predikant, ouderlinge en diakens is in die eerte plek almal ook lede van die gemeente. Lees hiermee saam art. 52.1. Bep. 53A bepaal dat alle klagtes teen 'n belydende lidmaat of 'n "ampsdraer(s)" by die ouderlingeraad ingedien moet word. Arts. 55 en 56 bepaal dat die ouderlingeraad 'n klag teen 'n ouderling, diaken of predikant, wat volgens Bep. 53A by hom ingedien is, moet ondersoek en substansie vasstel. As substansie bevind is, kom die ring eers ter sprake. Dit is dan die ring wat beslis en besluit oor skuldigheid en tugtoepassing. Dit is waarop art. 37.6 dui, dit wil sê finaliter. Wie dit anders verstaan, hou geen rekening met die gemelde tugartikels nie.

Die eerste aangeleentheid (Sakelys 95, bl.119, pt. 4.11) vra hoe 'n ring toesig hou as die ouderlingeraad nie 'n klag deurstuur nie, dit wil sê na 'n ring nie. Art. 55.1 gelees met Bep. 55A bepaal dat net klagtes, waaromtrent die ouderlingeraad substansie bevind het, deurgestuur moet word. Klagtes sonder bevonde substansie word juis nie deurgestuur nie. Die amendement maak melding van pligsversuim deur die ouderlingeraad. Die vraag is of dit hier gaan om reële pligsversuim of word dit as pligsversuim geag indien 'n klag as sonder substansie bevind word. 'n Ouderlingeraad is 'n geslote vergadering. Wie kan van bulte die vergadering oordeel of die ouderlingeraad sy plig versuim het – 'n ontevrede klaer of wie? Dit blyk 'n relatiewe saak te wees. Moet aanvaar word dat 'n predikant en elke lid van die ouderlingeraad so oneerlik is dat niemand eerlik genoeg is om waar die eer van God en die welsyn van die gemeente ter sprake is, substansie te bevind, waar substansie is nie? Die feit is dat, alhoewel 'n klaer, vgl. art. 58, behalwe ten opsigte van 'n leerklag, nie appèlreg het nie, hy wel, volgens art. 31, 'n beswaarskrif by die ouderlingeraad kan indien teen 'n besluit van niesubstansie of selfs 'n nuwe klag kan indien. 'n Klaer moet egter ook waak teen vervolgsug.

Wat 'n klag teen die plaaslike predikant betref, bepaal art. 37, Bep. 37 F2.2 dat die konsulent as voorsitter optree by die ondersoek. Dit plaas wel 'n groot verantwoordelikheid op die konsulent, maar dit is juis die bedoeling van die bepaling dat hy moet sorg dra dat die reg en geregtigheid teenoor alle partye moet geskied. Die bepaling sou wel uitgebrei kan word om ook ouderlinge en diakens in te sluit.

Wanneer in gedagte gehou word dat arts. 55 en 56 die ondersoek so ernstig opneem dat die ring en die betrokke ouderlingeraad 'n gesamentlike ondersoek instel, kan nooit toegegee word dat 'n ringskommissie van hoogstens drie lede 'n tugondersoek kan doen nie. Dit kan nie toegestem word onder die kerkregeringstelsel van ouderlingeregering nie. Dit blyk dat daar in die kerkverband sekere bevoegdhede aan ringskommissies gegee word en dat ringskommissies ook strydig optree, gesien die Kerkordereëls. Wie gee díe bevoegdhede aan ringskommissies? Persoonlik word geoordeel dat binne die kerkregeringstelsel van ouderlingeregering gewaak moet word teen selfstandige tugbevoegdhede aan die vergaderinge van die kerkverband. Ouderlinge en diakens word net binne 'n gemeente vir die gemeente gekies. Watter rol speel die kerkverband hier? Kragtens art. 10 word predikante binne die kerkverband deur die kerkverband toegelaat. Daarom verkry die kerkverband wel hier seggenskap ten opsigte van diensopskorting en afsetting. Die Kerkorde ken stuitingsreg net aan die ouderlingeraad toe wat die klag ontvang, die substansie moet bepaal en eerstens moet oordeel oor die erns van die klag en die aanwesigheid van substansie.

3.11 **Ordelike uittrede uit Kerkverband (Sien ook 3.4 van die sakelys)**

3.11.1 AANBEVELING

Die sinode besluit dat met handhawing van die gereformeerd-kerkregtelike beginsels die lidmate en ampsdraers wat agterbly die betrokke plaaslike kerk voortsit, selfs wanneer 'n meerderheid van die kerkraad of lidmate besluit om uit te tree uit die kerkverband. Gevolglik bly alle bates die eiendom van die lidmate en ampsdraers wat nie die kerkverband verlaat nie. Wanneer 'n eenparige besluit geneem word kan uit die kerkverband getree word met behoud van bates.

Die beginsel van vrywillige toetrede tot die plaaslike kerk is onderhewig aan die feit dat daar 'n liggaam tot stand gekom het, nl. 'n plaaslike kerk wat kragtens gereformeerde kerkregtelike beginsels kan voortbestaan selfs met enkele lidmate.

3.12 **Beskrywingspunte: Ring van Germiston. (Sakelys bl. 137 pt. 6.16.1, Handelinge bl. 253, pt. 6.16.1)**

Die 4 beskrywingspunte wat laat ingedien is, per faks, blyk nie opspoorbaar te wees nie. Derhalwe kon studie nie gedoen word nie.

3.13 **Diensooreenkomste kerke en leraars**

Aard van diensooreenkomste tussen kerke en leraars, veral ook sover dit afvaardiging na meerdere vergaderings raak.

A Opdrag: Die opdrag van die sinode is dié uiteengesit in die opskrif. Kyk 1995 sinode se Handelinge bl. 257, pt. 7.6.2. Gerieflikheidshalwe word die opdrag in twee dele verdeel nl. A1 Die aard van diensooreenkomste en A2 Die afvaardiging na meerdere vergaderings.

Opdrag A1 Die diensooreenkoms

A1.1 Die Kerkorde maak vir geen ander ooreenkoms tussen 'n beroepende kerkraad en die beroepe leraar voorsiening as deur middel van die beroepsbrief nie. Kyk art. 12 van die Kerkorde 1996 uitgewe.

A1.2 By die aanvaarding van 'n beroep en die ondertekening van die beroepsbrief deur die beroepende kerkraad en die beroepene ontstaan daar 'n kontrak tussen die partye wat slegs deur mutuele ooreenkoms gewysig kan word. Kyk na klousule 11 van die verskeie soorte beroepsbriewe vervat in bylaes 5.7; 5.8 en 5.10 by die Kerkorde.

A1.3 Daar word in die verskeie beroepsbriewe voorsiening gemaak vir die afwyking van die aanbevole traktementskale en vervoertoelaes, deur die FK aan die sinodes, soos deur die kerkraad jaarliks besluit. Kyk na klousules 3 en 5A van die beroepsbriewe.

A1.4 Kerkrade en hulle leraars kan natuurlik onderlinge reëlings maak om dienste van die leraar aan te pas maar word deur die volgende beletsels beperk:

A1.4.1 Kyk 1995 Sinode Handelinge bl. 248, pt. 4.12.2.7 t.o.v. ooreenkomste met bedienaars van die Woord in beperkte opdrag verbonde aan gemeentes.

A1.4.2 Kyk 1995 sinode Handelinge bl. 257, pt. 7.6.2 t.o.v. leraars wat sedert die 1993 sinodebesluit, tot die diens toegelaat is en reeds die ouderdom van 65 jaar bereik het by toelating.

A2 Afvaardiging na meerdere vergaderings

A2.1 Die Kerkorde reël die afvaardigings van bedienaars van die Woord na meerdere vergaderings in art. 36.1 t.o.v. die ring en arts. 38.1 en 38.2 t.o.v. die sinodes. Daar is beperkings op sulke afgevaardigdes (hoogtens 2 bedienaars van die Woord per gemeente in art. 38.1) en (die hoedanigheid van die teologiese dosent wat betref sy adviserende hoedanigheid in art. 38.2).

A2.2 In die 1995 Handelinge van die Sinode bl. 258, pt. 7.6.3 het die sinode bepaal dat 'n toegelate predikant uit 'n ander gereformeerde kerkverband nie sittingsreg met stemreg op 'n meerdere vergadering sal hê voordat hy 'n amptelike beroep opgevolg het nie. Kyk ook Kerkordeboekie bl. 123, pt. 4.1.

A2.3 Dit wil nie voorkom asof kerkrade en leraars ruimte het om oor verteenwoordiging van die leraar op meerdere vergaderings te beding nie. Daar blyk ook nie goeie redes te bestaan waarom so 'n bedingingsmag in die Kerkorde ingevoeg behoort te word nie.

A2.4 Artikel 20.3 van die Kerkorde 1996 uitgawe bepaal dat 'n bedienaar van die Woord behou sy status as bedienaar van die Woord maar reël nie die moontlikheid van status by 'n meerdere vergadering se sitting nie, bv. sittingsreg sonder keurstem nie.

Daar moet op gelet word dat 'n emeritus leraar nie verkiesbaar is as ouderling of diaken nie en dus nie deur 'n kerkraad na 'n meerdere vergadering afgevaardig kan word nie. Kyk Handelinge van Eerste Sinode 1987, bl.56, pt. 88 pt. 1.12.

3.14 **Vergoeding van leraars (FK en KKS bl. 276 pt. 7.5)**

3.14.1 AANBEVELING

Die sinode besluit om die rapport aan die TKKS op te dra vir voorlegging aan die sinode.

3.15 **Sittingsreg van kerke wat agterstallig is t.o.v. 15% oorbetaling aan die BRKA**

15% AGTERSTALLIGE HEFFING

3.15.1 Is die bydrae van 'n plaaslike kerk, soos deur die sinode bepaal, verpligtend? (Handelinge 1995, bl. 276, pt. 8.4.1.1)

3.15.1.1 **Beredenering**

1. Elke plaaslike kerk is 'n komplete kerk van Jesus Christus en daarom selfstandig.
2. Plaaslike kerke tree egter met mekaar in kerkverband en leef met mekaar in kerkverband saam.
3. Plaaslike kerke in kerkverband vergader, soos ooreengekom, deur middel van die afgevaardigdes van die kerkrade, as sinode.
4. Die ooreenkoms vind uitdrukking in die Kerkorde (die akkoord van die kerkverband).
5. Deur die ooreenkoms word gesamentlike besluitneming oor gemeenskaplike sake ter wille van die welsyn van die plaaslike kerke en eenvormigheid in handelinge in die kerke vasgestel.
6. Daarmee gee die plaaslike kerke sekere aspekte van hulle selfstandigheid prys ter wille van die gemeenskaplike besluitneming.
7. Daarom is die gemeenskaplike besluitneming bindend op elke plaaslike kerk.
8. Die Kerkorde bepaal dan ook in art. 66 dat die Kerkorde bindend is op alle lidmate, kerkrade en meerdere vergaderings.
9. Die artikels en bepalings van die Kerkorde is wesenlik sinodale besluite.
10. Alle sinodebesluite word egter nie in 'n kerkorde opgeneem nie, maar hierdie kategorie besluite, as gesamentlike besluitneming, is ook bindend op alle lidmate en kerklike vergaderings.
11. Art. 31 bepaal dan ook dat die besluit van 'n vergadering bindend is, ens.
12. Hierdie bindende besluite is onderworpe aan die kerklike weg van gravamina en appèlle.
13. Sinodale besluite kan egter nie onderworpe wees aan appèlle nie, omdat die sinode die laaste kerklike vergadering is tot wie appèlle gerig kan word.
14. Besluite kan in revisie geneem word volgens ordereëls 25 en 26 of by wyse van beskrywingspunte.
15. Besluite van kerklike vergaderinge kan daarom nie geïgnoreer word of deur lidmate of kerklike vergaderinge eensydig ter syde gestel, geminag of geweier word nie.

3.15.1.2 **Bevinding**

Die besluit in verband met die 15% heffing is daarom bindend op kerkrade en verpligtend om uit te voer.

3.15.2 Stappe teen plaaslike kerke wat nie 15% oorbetaal nie?

Handelinge 1995, bl. 276, pt. 8.4.1.2

Geen stappe kan gedoen word nie, die minste nog om te vra na die moontlikheid dat 'n plaaslike kerk daarom uit die kerkverband geweer of sittingsreg in 'n meerdere vergadering geweier kan word.

Die enigste weg is

1. dat die nie-betalende kerkraad daartoe gelei moet word om die beginsel van "kerkverband" te verstaan en die verpligtinge, wat gesamentlike besluitneming as binding op elke plaaslike kerk het, na te kom;
2. dit moet verder bevorder word deur oortuiging en oorreding;
3. dit kan gedoen word deur omsendbriewe, wat die kerkverband en sy implikasies duidelik stel en deur die ring deur middel van kerkvisitasie, waar die implikasies van die kerkverband duidelik uitgespel word;
4. dat kerkrade dit ook aan die verstand gebring moet word dat terwyl hulle deel in die voordele van die kerkverband hulle ook moet deel in die verpligtinge van die kerkverband.

Handelinge 1995, bl. 276, pt. 8.4.1.3 met verwysing na die Sakelys bl. 173, pt. 8.4.1 in verband met sittingsreg.

Reeds hierbo behandel.

Sakelys 1995, bl. 52, pte. 5.1.1 en 5.1.2 gelees met Handelinge 1995, bl. 276, pt. 8.4.1.3 in verband met sittingsreg op RKA en sinode.

Pt. 5.1.1 RKA weier sittingsreg aan gemeentes

Die Konstitusie vir die RKA bepaal dat 'n sinode se stemgeregtigde afgevaardigdes 'n ledevergadering van die RKA konstitueer, vgl. 5.2.1, 5.2.2, 5.7.1, 5.7.2. Nêrens word bepaal dat die RKA lede op enige wyse of om welke rede ook al kan uitsluit nie. Art. 5.8 bepaal dat net 'n besluit van die ledevergadering die konstitusie kan wysig. Die RKA is 'n skepping van die sinode, art. 5.9 en kan net in opdrag van die sinode ontbind. Die RKA sou daarom net lede kon uitsluit deur konstitusiewysiging mits die sinode dit goedkeur. Die sinode kan nie

gemeentes uit die kerkverband weer nie. Geen kerkraad kan, tensy elke ingeskrewe belydende lidmaat daartoe sou toestem, besluit dat die gemeente uit die kerkverband tree nie. Die lidmate wat daarteen stem, is steeds die gemeente. 'n Sinode kan dus ook nie die RKA magtig om van sy lede uit te sluit nie.

Dit is verder die sinode wat besluit op die 15% heffing. Dit is die begroting van die sinode, wat deur die sinode goedgekeur word. Die RKA se funksie is onder andere arts. 5.6.1 en 5.6.6, met ander woorde administrasie van fondse en uitvoering van sinodale opdragte aan die RKA. Die RKA administreer deur die BRKA die begroting en voer opdragte daaromtrent uit, kyk arts. 6.5.8.1, 6.5.8.2, 6.5.8.3, 6.5.8.4 en 6.5.8.5. Volgens art. 6.5.8.2 moet die BRKA die 15% heffing invorder, volgens art. 6.5.8.3 belê en volgens art. 6.5.8.4 kanaliseer na permanente kommissies volgens die sinodale begroting.

Indien plaaslike kerke sonder goeie redes die 15% oorbetaling volgens sinodale besluit sou versuim en nie reageer op BRKA aanmanings nie, moet die BRKA aan die RKA rapporteer en laasgenoemde aan die sinode. Dit voer dan terug na wat onder pt. 2.2 hierbo gesê is. Dit is dan presies wat pt. 5.1.2 Sakelys 1995, bl. 52 aanbeveel.

3.16 Gesamentlike vergadering van SKK, KKS en Pk. ter uitvoering van sinodebesluit op bl. 297 van die Handelinge van die Sewende Sinode

Die vergadering is gehou en die SKK sou die aangeleentheid finaliseer.

3.17 Approbasie van ring by beroeping van leraars

A. Verwysings:

1. Sakelys Sewende Sinode 1995, bl. 134, 135 pt. 6.9 waar KKS saak na TKKS verwys.
2. Handelinge Sewende Sinode 1995, bl. 297, pt. 91 deur sinode na PKKS verwys op aanbeveling van TKK.

B. Aanbeveling van FK:

Die FK versoek dus dat die beginsel van approbasie van die ring se kant in die Kerkorde opgeneem word deur die volgende **OF**

Die konsulent moet insae hê in die beroepsbrief voordat dit na die beroepene gestuur word **OF**

Die konsulent moet deel hê aan die vergadering waar 'n leraar beroep word **OF**

Die ringskommissie moet goedkeuring verleen aan die beroep deurdat die beroepstukke aan 'n lid van die ringskommissie of die ringskommissie self voorgelê word.

C. FK se rede vir aanbeveling:

Uit die motivering van die FK wil dit voorkom asof hulle kommer gaan oor gemeentes wat nie meer hulle predikant kan besoldig nie, of voldoende besoldig nie.

D. Oplossing: Dit wil voorkom asof die invoeging deur die sinode van 1995 bl. 249, pt. 5.7.1 van die Handelinge van Bep. 18a in die Kerkorde 1996 uitgawe, hierdie bekommernis grootliks ondervang het.

E. KKS se kommentaar: Daar bestaan kommer dat die FK se aanbevelings te ver strek.

E1. **Die konsulent**

E1.1 Die konsulent kan die beroepene wees.

E1.2 Die konsulent het nie stemreg in vergaderings van gemeente nie. Kyk Kerkorde Bep. 37F5.

E1.3 Daar kan moontlik nie 'n konsulent wees nie. Naboomspruit se ring het vir 'n tyd lank net een predikant gehad. Vakatures en siekte van een van die oorblywende leraars.

E2. **Die ringskommissie**

E2.1 Die meerderheid van die ringskommissie kan uit lede van die beroepende gemeente bestaan.

E2.2 Inmenging van die ringskommissie kan spanning tussen ringsgemeentes meebring. Kyk ook Kerkorde bl. 102, pt. 3.1.

E3. **Algemeen**

E3.1 Sulke magte aan die ring verleen is 'n ingrype in die selfstandigheid van die plaaslike kerk.

E3.2 Die uitbring van 'n beroep is 'n saak tussen die beroepende gemeente en die beroepene en word beheer deur die beroepsbrief wat, sodra albei die partye dit onderteken het 'n kontrak tot stand bring wat afdwingbaar is. As die ring nou inspraak het by die beroep en die beroepsbrief, kry hy medeverantwoordelikheid teenoor die beroepene vir al die voorwaardes in die beroepsbrief behels? Die beroeping word beheer deur artikel 11 met sy bepalings; art. 12 met sy bepalings; en art. 13 met bepalings van die Kerkorde 1996 uitgawe asook tersaaklike sinodale besluite en geen verdere voorskrifte word nodig geag nie.

3.18 Lasgewing ringskommissie (Nr. 14)

Handelinge Sinode 1995, bl. 277, pt. 8.6 lees soos volg:

"Lasgewing van die ringskommissie – kennis geneem".

Volgens die Sakelys bl. 173 was pt. 8.6 en aanbeveling 8.7 na die TKKS verwys. Die verslag van die TKKS is nie deur my bewaar nie. Dit wil dus volgens die Handelinge voorkom of die TKKS se aanbeveling net gehandel het oor kennisname en dat die KKS nie 'n opdrag daaromtrent het nie.

3.18.1 AANBEVELING

Die KKS laat die saak daar en indien die FK by die Sinode 1997 daarna verwys hou die KKS die bewoording van die Handelinge 1995 voor.

3.19 **Ring van Outjo** (bl. 299, Handelinge 1995)

3.19.1 AANBEVELING

Nadat advies aan die ring van Outjo gegee is, het die ring versoek dat die aangeleentheid oorstaan tot die volgende sinode.

Die sinode besluit om die versoek van die ring van Outjo te eerbiedig.

3.20 **15% Oorbetaling op erflating. Sakelys bl. 46 Handelinge bl. 296.**

3.20.1 AANBEVELING

Die sinode besluit dat 'n erflating met sy betrokke voorwaardes nie onderworpe gestel kan word aan die 15% bydrae nie.

Motivering

'n Erflating uit 'n boedel word nie gelyk geag aan 'n skenking nie. Erflatings is gewoonlik onderworpe aan bepaalde voorwaardes wat eers bekend word na afsterwe by die lees van die testament. Dusdanige voorwaardes kan anders as t.o.v. 'n skenking nie onderhandel word nie.

4. **BESKRYWINGSPUNTE**

4.1 **Beskrywingspunte wat kerkordewysiginge verlang**

4.1.1 **Beskrywingspunt: Byvoeging by art. 4 (ring van Graniet)**

Die sinode besluit dat die volgende punt by artikel 4 van die Kerkorde gevoeg word:

Artikel 4.4: Indien 'n lidmaat persoonlik sy/haar attestaat by 'n gemeente inhandig, staan dit die ouderlingeraad vry om, nadat 'n gesprek met sodanige lidmaat gevoer is, die lidmaat/lidmate te aanvaar sonder approbasie deur die gemeente.

4.1.1.1 **Motivering**

1. Indien 'n lidmaat sy/haar attestaat persoonlik by 'n gemeente kom inhandig, beteken dit:

1.1 Hy/sy meld hom/haar persoonlik aan;

1.2 Getuig van getrouheid en opregtheid.

2. Die ouderlingeraad van die vertrekkende gemeente wat sodanige lidmaat/lidmate ken, het deur die uitreiking van 'n attestaat getuig van getrouheid en geloofsoortuiging.

3. Lidmate van ander AP gemeentes wat persoonlik hulle attestate inhandig voel soms te nagekom as hulle nie dadelik aanvaar word nie. In baie gevalle ten regte omdat hulle by hulle vorige gemeentes werklik steunpilare vir Christus was.

4.1.1.2 AANBEVELING

Die sinode besluit: 1. Die beskrywingspunt van die ring van Graniet oor 'n byvoeging by art. 4 is formeel ontvanklik. 2. Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

4.1.1.3 **Motivering**

1. Die reg van approbasie vir die gemeente in verband met aansoeke om lidmaatskap, die beroeping van predikante en die verkiesing van kerkraadslede is 'n wesenlike bestanddeel van die presbiteriale stelsel van kerkregering, waarop geen gereformeerde kerkverband 'n uitsondering kan maak sonder aantasting van die approbasiereg nie;

2. die gereformeerde stelsel van kerkregering maak geen voorsiening vir kategorieë van lidmate en voornemende lidmate nie;

3. volgens Bep. 4B van die Kerkorde is dit die veronderstelling dat 'n attestaat "by vertrek uit die gemeente uitgereik" word, met ander woorde dat die verpligting op die lidmaat rus om sy attestaat aan te vra en mee te neem vir stiptelike inlewering by die volgende gemeente, terwyl Bep. 4C versuim en nalatigheid aanspreek;

4. daar is geen verskil ten opsigte van approbasie vir "getroue" voornemende lidmate en approbasie vir "getroue" lidmate, wat as kerkraadslede verkies word nie.

4.1.2 **Beskrywingspunt: Wysiging van art. 4.4 (ring van Naboomspruit)**

Die sinode besluit:

Artikel 4.4: Opname deur ouderlingeraad op grond van attestaat of bewys (verklaring), woonagtig in 'n buurgemeente slegs met die skriftelike toestemming van die betrokke ouderlingeraad van die buurgemeente.

4.1.2.1 **Motivering**

1. Onenigheid het ontstaan tussen die kerkraad en sy leraar.

2. Leraar het vertrek uit die gemeente.
3. Lidmate wat die leraar ondersteun het, het onttrek uit die gemeente.
4. Die kerkraad het vrugteloos gepoog om hulle terug te win.
5. 'n Buurgemeente het vir dié lidmate 'n tuiste gebied.
6. Ten spyte van samesprekings met buurgemeentes om lidmate te oortuig om terug te kom, het die buurgemeente die lidmate opgeneem nadat hul bewys van lidmaatskap van hul gemeente ontvang het.
7. Die lidmate beweer dat hulle geen probleem met iemand in hul gemeente gehad het nie.
8. Die situasie het veroorsaak dat daar na drie jaar nog nie versoening tussen die lidmate en hulle gemeente bewerkstellig is nie.
9. Die buurgemeente het nou 'n wyk binne ons gemeente grense.

4.1.2.2 AANBEVELING

Die sinode besluit:

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Naboomspruit oor wysiging van art. 4.4 is formeel ontvanklik;**
2. **Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

4.1.2.3 **Motivering**

1. Daar kan nie in 'n kerkorde vir enkele plaaslik voorkomende gebeure en omstandighede reëlings vasgelê word nie;
2. art. 4.2 en 4.3 van die Kerkorde bepaal reeds dat opname "op grond van 'n attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap deur 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk (gemeente)" uitgereik, geskied. Bep. 4B bepaal dat "'n attestaat ... by vertrek uit die gemeente uitgereik (word) vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods direk aan die nuwe kerkraad gestuur word". Met ander woorde 'n kerkraad weet wanneer 'n lidmaat 'n attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap aanvra by welke gemeente die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap ingelewer sal word;
3. indien 'n lidmaat 'n attestaat vra sonder om te verklaar by welke gemeente dit ingelewer sal word, is dit reeds duidelik dat die lidmaat om 'n rede nie bekend wil maak wat sy bedoeling met die aanvraag is nie, wat wesenlik opsegging van lidmaatskap is en moet in plaas van 'n attestaat 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap uitgereik word;
4. Beps. 4B, 4C en 4E reël dat 'n attestaat net drie maande geldig bly, waarna 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap uitgereik word. Hierdie bewys is nie soos die attestaat 'n getuigskrif nie, maar bloot 'n verklaring dat 'n persoon tot op 'n bepaalde datum lidmaat van 'n bepaalde plaaslike kerk was. Volgens die Kerkorde is die maksimumperiode na vertrek uit 'n gemeente, waarvolgens nog enigsins optrede kan wees van opsig, drie maande. Kragtens die reëling van Bep. 4C is alle bewyse (verklarings) van lidmaatskap onderworpe aan "'n bevredigende verklaring van die houer" vir die versuim om betyds 'n attestaat te bekom of in te lewer.

4.1.3 Beskrywingspunt: Wysiging van Bep. 12D (ring van Middelburg)

4.1.3.1 Artikel 12 – Bepaling 12D:

Die Bepaling word gewysig soos volg:

'n Beroepe predikant/proponent moet na die approbasietydperk maar nie later as op die derde Sondag nadat 'n beroep op hom uitgebring is, sy antwoord aan die voorsitter of skriba bekend maak en daarna skriftelik bevestig, tensy hy weens gegronde redes verdere uitstel van hoogstens drie weke van die beroepende kerkraad verkry. Anders verval die beroep.

4.1.3.2 **Motivering**

Ter wille van die goeie orde in die kerk is dit noodsaaklik dat beroep en antwoord nie onnodig lank uitgerek word nie.

4.1.3.3 **Huidige redaksie**

'n Beroepe predikant/proponent moet na die approbasietydperk, maar nie later as op die derde Sondag nadat 'n beroep op hom uitgebring is, sy antwoord aan die voorsitter of skriba bekend maak en daarna skriftelik bevestig, tensy hy weens gegronde redes verdere uitstel van die beroepende kerkraad verkry.

4.1.3.4 AANBEVELING

1. **Formeel ontvanklik.**
2. **Die beskrywingspunt van die ring van Middelburg word in gewysigde vorm goedgekeur om Bepaling 12D, soos volg te laat lui: 'n Beroepe predikant/proponent moet na die approbasietydperk, maar nie later nie as op die derde Sondag nadat 'n beroep op hom uitgebring is, sy antwoord aan die voorsitter of skriba bekend maak en daarna skriftelik bevestig, tensy hy weens gegronde redes verdere uitstel van hoogtens ses weke**

van die beroepende kerkraad verkry, anders verval die beroep.

4.1.3.5 **Motivering** 'n Periode van hoogstens ses weke is uit praktiese ervaring 'n beter opsie.

4.1.4 **Beswaarskrif ingevolge art. 31**

Ondergetekende teken beswaar aan teen die besluit van die sinode 1995 oor die wysiging van art. 18.

Die besluit wat geneem is lui:

"Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord" uit te brei om te lees:

"Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord.

Indien die plaaslike kerk dit nie meer kan bybring nie, word die kerkverband genader vir hulp." (Besluit op bl. 249, pt. 5.7.1.1).

4.1.4.1 **Motivering**

1. Die aanbeveling van die KKS in die Sakelys bl. 126 vir die Sewende Sinode van 4 tot 9 September 1995 het met hierdie geamendeerde besluit nie tot sy reg gekom nie. Dit het in aansluiting by die bestaande art. 18 destyds gevra vir die uitbreiding met die volgende:

   "Indien die plaaslike kerk dit nie meer kan bybring nie, staan die kerkverband die plaaslike kerk daarin by".

2. Die beredenering van die amendement deur die skriba van die sinode van weë wat beskikbaar is en opgevolg kan word en wat gelei het tot die aanvaarding van die amendement is kort na die sinode November 1995 teëgespreek in die handelinge van die SKK. 'n Afvaardiging van vermelde kommissie het 'n onderhoud aangevra met die ringskommissie van die ring van Vereeniging en die kerkraad van die AP Kerk Fochville. Tydens die ontmoeting het die afvaardiging van die SKK onomwonde verklaar dat *alle* finansiële ondersteuning vanuit die bedieningsfonds aan die einde van die finansiële jaar gestaak word ten opsigte van hulp aan AP Kerk Fochville. Ten opsigte van die probleem wat maak die AP Kerk Fochville voortaan met die predikantspos waartoe hulle deur beroep kontraktueel verbind is en wat hulle nie kan bybring nie, is die suggestie deur die lid van die SKK gegee om die band met die predikant los te maak onder art. 19. Genoemde artikel dui op losmaking wanneer die predikant nie langer tot stigting die kerk kan dien nie. Genoemde suggestie sou, indien opgevolg word, nie die waarheid dien nie en is dan ook nie deur die kerkraad en die leraar gevolg nie.

3. Aangesien die kerkverband predikante tot die bediening toelaat en predikante dan beroepe ontvang en opvolg sonder kennis van die finansiële vermoë van kerkrade en daar dan moontlik deur verhuising of toemaak van myne of aanslae op gesinne vanuit lokasies, 'n krimpende lidmaattal, kerke in krisis geraak sou die opdrag aan die kerke in verband seker ook geld:

   "Dra mekaar se laste en vervul so die wet van die liefde".

4. Broeders predikante het vir selfs so min as R3 000-00 per maand volle predikantsverantwoordelikheid opgeneem in tot 3 en moontlik 4 gemeentes gelyktydig sonder dat ringe deur visitasie ingegryp het, en waar ringe op adviesaanvraging van die SKK nog aanbevelings gedoen het is dit deur die SKK geïgnoreer.

   Vanuit die motivering pleit ek dat die aanbeveling van die KKS aan die sinode 1995 die besluit van die sinode word en die amendement wat aanvaar is, vervang. DS. JA DU PLESSIS.

4.1.4.2 AANBEVELING

1. **Formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om die beswaarskrif van ds. JA du Plessis oor verpligte hulp uit die kerkverband aan 'n kerkraad wat nie die leraarsonderhoud van sy leraar kan bekostig nie, te handhaaf en artikel 18 dienooreenkomstig t.o.v. die 2de sin soos volg te wysig: "Indien die plaaslike kerk dit nie meer kan bybring nie, staan die kerkverband die plaaslike kerk daarin by".**

4.1.5 **Beskrywingspunt: Skrapping van art. 19A2 (ring van Naboomspruit)**

Die sinodebesluit moet geskrap word.

Artikel 19A2:

Mag 'n beroep uitbring indien daar nie binne die vereiste tydperk (21 dae) 'n appèl of beswaarskrif aanhangig gemaak word nie.

4.1.5.1 **Motivering**

1. Artikel 19 is nie 'n tugartikel nie, daarom behoort daar nie sprake te wees van 'n appèl of 'n beswaarskrif nie.
2. Indien 'n appèl aangeteken word teen art. 19 kan dit wees dat 'n gemeente vir twee jaar nie kan beroep nie.

3. Die appèl teen die ringsbesluit moet na die sinode verwys word.
4. Gestel die leraar raak seniel of is moedswillig kwaad vir die gemeente moet hy nogtans aanbly in die gemeente.
5. Talle dinge gebeur voordat 'n kerkraad oordeel dat art. 19 toegepas moet word.
6. Die leraar is dan reeds 'n geruime tyd nie meer tot stigting in die gemeente nie.
7. So 'n gemeente kan ontbind weens die lang tydsverloop.

4.1.5.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Naboomspruit oor skrapping van art. 19A2 is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit die beskrywingspunt word nie in huidige vorm aanvaar nie.**

4.1.5.3 **Motivering**

Die eis van 'n beswaarskrif kan te enige tyd ingedien word (Bep. 31 A).

4.1.6 **Beskrywingspunt: Uitbreiding van art. 34 (ring van Naboomspruit)**

Die sinode besluit:

Artikel 34.3:

Die kerkraad/ouderlingeraad kan te enige tyd besluit om 'n nuwe voorsitter te kies onder bepaalde omstandighede. Indien 'n voorsitter sy posisie so gebruik dat hy nie meer tot stigting van die betrokke vergadering is nie, kan hy gevra word om te bedank.

4.1.6.1 **Motivering**

Wanneer die voorsitter die vergadering manipuleer, vertragingstaktiek toepas of die skriba manipuleer, dan moet die betrokke vergadering die reg hê om die voorsitter te vervang.

4.1.6.2 AANBEVELING

1. **Formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om nie artikel 34 soos gevra deur die beskrywingspunt van die ring van Naboomspruit uit te brei t.o.v. vervanging van 'n voorsitter nie.**

4.1.6.3 **Motivering**

Die Kerkorde maak genoegsaam voorsiening dat 'n voorsitter vir 'n termyn aangewys kan word en die betrokke vergadering kan die termyn bepaal en reël.

4.1.7 **Beskrywingspunt: Afvaardiging van ouderlinge (ring van Mooinooi)**

Wysiging art. 36.1; 36.3; 38.1

Die sinode besluit om bogenoemde artikels te wysig

Ou redaksie

Art. 36.1: Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee kerkraadslede van wie ten minste een 'n ouderling moet wees.

Nuwe redaksie

Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee ouderlinge.

Art. 36.3 Gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie kerkraadslede verteenwoordig van wie ten minste twee ouderlinge moet wees.

Nuwe redaksie

Gemeentes wat nie 'n predikant het nie, word deur drie ouderlinge verteenwoordig.

Art. 38.1 Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: uit elke kerk (gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee kerkraadslede per gemeente van wie ten minste een 'n ouderling moet wees.

Nuwe redaksie

Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: uit elke kerk (gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee ouderlinge.

4.1.7.1 **Motivering**

1. Die ampdiens van die diakens is barmhartigheidsdiens, ens. (Hd 4:32–37; 6:1–6) en die van die ouderlinge regering, ens. (1 Tm 5:17; Tt 1:9–11; 1 Tm 3:4–5; 1 Pt 5:2).
2. Nie die Bybel of art. 22 gee enige regeringsbevoegdheid aan die diakens nie. By die plaaslike ouderlingeraadsvergadering, wat die gemeente regeer, mag die diakens nie teenwoordig wees nie, maar wanneer 'n meerdere vergadering sake wat leer en lewe raak (en selfs tugsake) bespreek, is die diakens wel teenwoordig. Hd 15 leer dat die apostels en die ouderlinge – sonder die gemeente en diakens – die besluit oor die besnydenis geneem het.
3. Die werksaamhede van die ring (art. 37) en die sinode (art. 41) is in die eerste instansie sake wat die regering van kerkverband raak. Die regeeramp lê by die ouderlinge. Hierdie is 'n ernstige inkonsekwensie in ons Kerkorde.

4.1.7.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Moolnooi oor afvaardiging van ouderlinge is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om gevolg te gee aan die beskrywingspunt.**

4.1.8 **Beskrywingspunt: Gemeentegrense en lidmaatskap (ring van Potgietersrus)**

4.1.8.1 Die sinode doen 'n beroep op elke lidmaat en ouderlingeraad in al die Afrikaanse Protestantse kerke om die gemeentegrense wat kragtens KO art. 37.4 deur ringe vasgestel word, te eerbiedig.

4.1.8.2 Aangesien gemeentegrense egter nie tot die wese van die kerk behoort nie, sal kerkrade geen persoon dwing om lidmaat te word of te bly van die gemeente in wie se grense hy/sy woon nie. Indien 'n persoon wat in die gemeentegrense van gemeente A woon, verkies om lidmaat van gemeente B te wees, staan dit hom vry om by B aansoek om lidmaatskap te doen. Sou die persoon reeds lidmaat in A wees, moet A hom op sy versoek van 'n attestaat voorsien. 'n Attestaat sal dus voortaan nie net uitgereik word wanneer 'n lidmaat uit die gemeentegrense verhuis nie, maar ook wanneer hy steeds binne dieselfde gemeentegrense bly, maar by 'n ander AP kerk lidmaat wil wees.

4.1.8.3 Geen kerkraad mag hierdie sinodebesluit misbruik deur lidmate van ander gemeentes te probeer werf nie.

4.1.8.4 Hierdie besluit geld van die oomblik af wat dit geneem is (vgl. sinodebesluit 2, Kerkordeboek bl. 123) en moet in die volgende uitgawe van die Kerkordeboekie as 'n sinodebesluit onder afdeling V van die Kerkordeboekie opgeneem word.

4.1.8.5 **Motivering**

1. Onaangenaamhede, ongelukkigheid, dreigemente met die tug, ens. kan nie toegelaat word ten opsigte van 'n middelmatige saak soos in watter gemeente 'n gelowige hom vervoeg nie.
2. Ewe-eens moet spanning oor hierdie saak tussen lidmaat (X) en sy kerkraad (A) nie oorgeplaas word na 'n konfrontasie tussen kerkraad A en kerkraad B (waar X aansoek doen) nie.
3. Lidmate van AP kerke het 'n stryd wat op sovele vlakke gevoer moet word (byvoorbeeld teen die liberalisme, teen ongodsdienstigheid, teen verwêreldliking, teen morele afval, teen onregsinnigheid, teen inslurping van die onderwys in 'n "neutrale" stelsel, teen afbraak van volkseie, ens.), sodat ons nie kan bekostig om nog stryd met mekaar te voer oor inskakeling en voortgesette lidmaatskap by hierdie of daardie gemeente nie.
4. Hierdie sinodebesluit wil juis orde op sake stel. Wanneer oor middelmatige sake dwingend te werk gegaan word, is die gevolglike onverkwiklikhede 'n wanorde wat nie geduld kan word nie. As die sinodebesluit eers geneem is, is dit die orde wat in ons kerkverband geld.
5. Dit kan gebeur dat 'n ouderlingeraad sake op 'n rigoristiese wyse op 'n lidmaat afdwing, en selfs met tugstappe dreig, want hy het mos nie die reg om in 'n ander gemeente lidmaat te word nie – daarom "sal ons hom regsien".
6. Dit het al gebeur dat ouderlingeraad B in die situasie beland dat lidmaat X van gemeente A by B wil inskakel omdat hy nie langer kans sien om lidmaat in A te bly nie. Sou B aansoek weier (deel die lidmaat mee), is X verplig om of kerkloos te bly (wat beslis nie mag nie), of na 'n kerk in 'n ander kerkverband oor te gaan (wat tog uiters ongewens is).
7. Die inskakeling van persone as lidmate van die gemeente binne wie se grense hulle woon (A), het onder meer finansiële implikasies vir daardie gemeente. Sou 'n beduidende persentasie van bydraers by 'n ander gemeente inskakel, kan dit veroorsaak dat A nie meer finansieel die mas kan opkom nie. Daarom is dit noodsaaklik dat lidmate nie ligtelik tot so 'n stap oorgaan nie. Ouderlingerade sal ook hulle bes doen om alles uit die weg te ruim wat 'n lidmaat nie langer daar wil laat bly nie, sonder om beginsels prys te gee. Trouens, sodanige ongelukkige lidmate weerhou soms uit protes hul kerkbydraes.
8. Ouderlingeraad B is natuurlik nie verplig om so 'n aansoek van X (wat A verlaat) om by B lidmaat te word, goed te keur nie. Sou B wel X as lidmaat opneem, aanvaar hy die konsekwensie dat hy X buite sy (B se) gemeentegrense moet bedien. Die predikant van B tree dan ook nie in stryd met Kerkorde art. 16 op as X tuis bedien nie.
9. Hierdie besluit hou nie in dat 'n lidmaat van Messina sou aansoek doen om by Paarl waar hy nooit kom nie, in te skakel nie. Normaalweg sal hy hom by 'n buurgemeente wil vervoeg.

10. Die praktyk het geleer dat hierdie probleem nie altyd opgelos kan word deur 'n ooreenkoms tussen ouderlingerade A en B nie, aangesien A botweg kan weier om dit toe te laat "want die Kerkorde maak nie ruimte daarvoor nie". Onderlinge ooreenkomste tussen kerkrade is 'n ou praktyk in die gereformeerde kerkfamilie, maar in ons eie kerkverband kon dit in talle gevalle nie realiseer nie. Daarom is 'n ander reëling nou noodsaaklik.

4.1.8.6 AANBEVELING

Die sinode besluit die beskrywingspunt van die ring van Potgietersrus oor gemeentegrense en lidmaatskap is nie ontvanklik nie.

4.1.8.7 Motivering

Art. 37.4 dui dit as 'n ringswerksaamheid aan. Derhalwe moet hierdie soort sake deur die ringe afgehandel word met inagneming van art. 4 van die Kerkorde. Sien in hierdie verband art. 26.2.

4.1.9 Beskrywingspunt: Uitbreiding van art. 37.6 (ring van Middelburg)

Die sinode besluit dat alle ampsdraers onder die toesig en tug van die ring waaronder hulle ressorteer, staan.

4.1.9.1 Motivering

1. Die werksaamheid van die ring soos in art. 37.6 neergelê, moet toegepas en uitgebrei word.
2. Die beskrywingspunt handel oor klagtes wat teen ampsdraers gelê word. Onder die dwang van die praktyk moet 'n gewysigde reëling getref word ten opsigte van die subjek van tughandeling.
3. Die ongerymdheid wat nou by elke klagte in gemeentes na vore kom, is dat die ouderlingeraad die klag moet ondersoek en as daar nie substansie is volgens die ouderlingeraad nie, verval die klag.
4. Die geskiedenis van klagtes in die AP Kerk het onweerspreekbaar uitgewys dat ringe ontman is en kragteloos en tandloos is.
5. Die praktyk wat nou in die AP kerke gevestig word, naamlik dat lede van die KKS of die hele KKS by ringsake en klagtes teen ampsdraers só betrokke geraak het, dat geen ring dit kan en wil waag om 'n saak te hanteer sonder dat die KKS daarby betrokke is nie, is NIE 'n gereformeerde kerkreg-praktyk nie – nog minder 'n Bybelse praktyk.
6. Die ander beginsel wat na vore tree, is naamlik dat die rol van die kerkverband in berekening gebring moet word. Die regsposisie is dat die ring 'n direkte bevoegdheid het om tug uit te oefen oor ampsdraers.

4.1.9.2 AANBEVELING

Die sinode besluit:

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Middelburg oor uitbreiding van artikel 37.6 is formeel ontvanklik.**
2. **Kennis word geneem van die beskrywingspunt.**

4.1.9.3 Motivering

1. Art. 37.6 van die Kerkorde bepaal reeds wat deur die beskywingspunt bepaal wil word;
2. die gegewe motiverings pte. 1 tot 5 is volgens die beginsels van die presbiteriale stelsel van kerkregering en dus volgens die gereformeerde kerkreg aanvegbaar en weerlegbaar;
3. ten opsigte van tugondersoek, bevinding en tugtoepassing in verband met ampsdraers bepaal die Kerkorde reeds dat die ring die subjek van tughandeling is vir sover die presbiteriale stelsel van kerkregering en die gereformeerde kerkreg die ring as subjek erken;
4. Calvyn, die vader van die gereformeerde kerkreg verklaar vanuit die Skrif dat Christus, die Hoof van die kerk, die ouderlingamp ingestel het as die regeringsamp in die plaaslike kerk deur wie Hy sy gesag in die plaaslike kerke uitoefen. Die regering sluit in die opsig en tug. Voetius, Rutgers, A Kuyper, H Bouwman, Nauta en ander en die artikels van die Konvent van Wesel (1568) en die sinodes van Emden (1571), Dordrecht (1574), Dordrecht (1578), Middelburg (1581), 'SGravenhage (1586) en Dordrecht (1618–19) stel die raad van die ouderlinge as subjek van tughandeling. Hierdie kerkregkundiges en kerkordes verklaar dat by die tugondersoek van ouderlinge en diakens 'n naburige plaaslike kerk binne die ringsressort of 'n deputasie uit die naburige ouderlingeraad betrek moet word. Die uitgangspunt is dat ouderlinge en diakens, net soos die lidmate tot die plaaslike kerk behoort. Onder bepaalde omstandighede kan die kerkraad 'n finale beslissing van die ring vra. Ten opsigte van predikante is die subjek van tughandeling die ouderlingeraad tot met skorsing, dog afsetting berus vanweë die kerkverband by die ring;

5. in die tugartikels van die Kerkorde word meer bevoegdheid aan die ring gegee as subjek van tughandeling as wat die gereformeerde kerkreg stel;
6. H Bouwman: "De Kerkelijke Tucht", bl. 219 vermeld verskeie omstandighede waarom 'n ouderlingeraad geen grond (substansie) in 'n klag mag bevind nie en hy verklaar "in dit geval moet de kerkraad de zaak laten rusten". Die feit dat die Kerkorde in arts. 55 en 56 met bepalings dié reëlings tref, waar geen substansie bevind word nie, kan dus nie sonder meer, soos in pt. 3 van die motivering beweer word as "die ongerymdheid" gestel word nie;
7. die stelling in motivering pt. 5 in verband met die KKS is nie 'n motivering wat verband hou met die beskrywingspunt nie en is 'n ongegronde veralgemening, wat geensins rekening hou met pt. 3 van die lasgewing van die KKS soos deur die sinode goedgekeur nie, want geen lid van die KKS of die KKS raak betrokke by tugsake behalwe langs die weg van aangevraagde advies nie. Indien die sinode, wat die lasgewing goedgekeur het, oordeel dat dit nie "'n gereformeerde kerkreg-praktyk (is) nie – nog minder 'n Bybelse praktyk", kan die sinode die lasgewing herroep en is die vraag wat van die aktuarius-in-reses in die Ned. Geref. Kerk of die "Kerkordekommissie" sinode Noord-Transvaal NG Kerk, waarmee AP kerkverband predikante en lidmate saamgeleef het?;
8. die Kerkorde bring reeds die rol van die kerkverband in berekening wat die ring betref vir sover die gereformeerde kerkreg en die presbiteriale stelsel van kerkregering dit in berekening bring. Die ring as 'n tydelike kerklike vergadering dien die welwese van elke plaaslike kerk in die ringsressort. Dit mag 'n "regsposisie" wees (en dit word op stewige kerkregtelike gronde betwis) "dat die ring 'n direkte bevoegdheid het om tug uit te oefen oor ampsdraers", maar dit is geen "kerkregposisie" sonder meer nie;
9. die Kerkorde bepaal in art. 37F. 2.2 dat die konsulent in sy konsulentsgemeente optree as voorsitter van die ouderlingevergadering wanneer 'n klag wat teen die predikant gelê is, ondersoek word.

4.1.10 **Beskrywingspunt: Byvoeging by Kerkorde art. 42.3 (ring van Ermelo)**

4.1.10.1 **Huidige redaksie**

42.3 Die leiding van die erediens berus by die plaaslike bedienaar(s) van die Woord of, in sy (hul) afwesigheid, die konsulent of ander predikant van die AP kerke deur die kerkraad daartoe versoek; of deur 'n manlike lidmaat van daardie AP kerk, deur die kerkraad aangewys, wat 'n leesdiens hou.

4.1.10.2 **Beskrywingspunt: nuwe redaksie**

4.1.10.2.1 Bylae 1 van die Kerkorde 1996 "Wie mag preek in die APK?" word geskrap en punt 1.3 van die Bylae word gevoeg by art. 42.3.

4.1.10.2.2. Art. 42.3 lui dan soos volg:

Die leiding van die erediens berus by die plaaslike bedienaar of bedienaars van die Woord of, in sy (hul) afwesigheid, die konsulent of ander predikant van die AP kerke deur die kerkraad daartoe versoek; of deur 'n manlike lidmaat van daardie AP kerk, deur die kerkraad aangewys, wat 'n leesdiens hou. By geleentheid van 'n AP Kerk familielid se doop/belydenisaflegging/bevestiging as ampsdraer kan 'n dienende of geëmeriteerde leraar van die NG Kerk/NH Kerk/Geref. Kerke/Afrikaanse Reformatoriese kerk die Woordverkondiging waarneem mits hy daartoe uitgenooi is deur die plaaslike kerkraad. Hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie.

4.1.10.3 AANBEVELING

1. **Formeel ontvanklik**
2. **Die sinode besluit:**

2.1 **Die beskrywingspunt van die ring van Ermelo oor 'n byvoeging by KO art. 42.3 word nie in sy huidige vorm goedgekeur nie.**

2.2 **Die sinode besluit om Bylae 1 in geheel te skrap en die nodige voorsiening te maak deur 'n nuwe bepaling by Kerkorde art. 42. In die nuwe bepaling moet die inhoud van die beskrywingspunt in ag geneem word en die woord "kerkraad" vervang word deur "ouderlingeraad".**

2.3 **Die sinode gee opdrag aan die TKKS om 'n aanbeveling oor die nuwe bepaling voor te lê.**

4.1.10.4 **Motivering**

Die sinode het reeds die toelating van leraars uit ander kerke aan die Kuratorium alleen toegewys. Die aanbeveling, indien dit goedgekeur word kan reëlings baie vereenvoudig en praktyke wat wrywing in gemeentes veroorsaak voorkom.

4.1.11 **Beskrywingspunt: Wysiging van art. 55 (ring van Middelburg)**

Die sinode besluit:

4.1.11.1 Art. 55.1 – Skrap "stel sy ouderlingeraad ondersoek in".

4.1.11.2 Skrap (a) en die eerste sin van (b) en voeg by:

"Stel die ouderlingeraad die ringskommissie in kennis sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad".

Behou die laaste sin van (b).

4.1.11.3 Skrap art 55.2.

4.1.11.4 Art. 56 – verander dieselfde as art. 55.1.

4.1.11.5 **Motivering**

1. Daar is goeie redes waarom die opsig en tug oor ampsdraers aan die ring opgedra moet word.
2. Omdat kerkraadslede dikwels meer direk by 'n klag teen 'n ampsdraer betrokke is, is die moontlikheid van 'n onpartydige uitspraak deur die ring soveel groter.
3. Die KKS wat advies gee, het baie keer net die een kant van die saak gehoor en gee dus nie volledige advies nie.
4. Die ring se bevoegdheid in die tughandeling dien ook as liggaam by wie daar om hoër beroep gegaan kan word teen uitsprake van kerkrade.
5. Ouderlingerade kan nie onpartydig oordeel of 'n saak substansie het nie. So is daar in die afgelope jare baie onregverdigheid teenoor klaers gepleeg en is groot skade in gemeentes berokken.

4.1.11.6 AANBEVELING

Die sinode besluit:

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Middelburg oor wysiging van art. 55 is formeel ontvanklik.**
2. **Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**

4.1.11.7 **Motivering**

1. Die beskrywingspunt versoek van die sinode skrappings, wysigings en toevoeging betreffende arts. 55 en 56 van die Kerkorde wat strydig is met die gereformeerde kerkreg en die presbiteriale stelsel van kerkregering;
2. die Afrikaanse Protestantse kerke en kerkverband is gereformeerde kerke en kerkverband wat ingerig is en regeer word volgens die presbiteriale stelsel van kerkregering;
3. volgens art. 37.4 van die Kerkorde is opsig en tug oor ampsdraers reeds aan die ring toegesê, gelees met arts. 55 en 56 vir sover die gereformeerde kerkreg dit wel toesê;
4. indien ouderlingerade "dikwels meer direk by 'n klag ... betrokke is" en "nie onpartydig oordeel ... nie", wat die ampsdraers betref, hoedanig is die betrokkenheid by en oordeel oor die klagtes teen lidmate of is dit wat die lidmate betref irrelevant en is dit nie 'n motivering wat hom skuldig maak aan veralgemening wat baie ouderlingerade se bevoegdheid en integriteit in die gedrang bring nie;
5. appèlle is nie 'n tughandeling nie, maar die versoek tot die toetsing van die uitspraak of besluit van 'n kerklike vergadering. 'n Kerklike vergadering toets nie sy eie uitsprake of besluite nie, maar 'n volgende vergadering en vandaar die appèlreg na 'n ring. Ringe kan, net soos ouderlingerade, uitsprake doen en besluite neem, wat ten opsigte van prosedure, ondersoek en bevinding feilbaar is, vandaar voorsiening van appèl na die volgende vergadering, die sinode betreffende ringsuitsprake en -besluite;
6. die KKS is nie vanselfsprekend en sonder meer betrokke by klagtes en tugondersoeke nie, dog net vir sover advies gevra word volgens pt. 3 van die, deur die sinode goedgekeurde lasgewing van die KKS, terwyl dusdanige adviese nie net betrekking het op klagtes en ondersoeke betreffende ampsdraers nie, maar ook in verband met lidmate, wanneer ouderlingerade veral advies vra.

4.1.12 **Beskrywingspunt: Skrapping van art. 55.2 (ring van Naboomspruit)**

Die sinode besluit:

Moet geskrap word.

Art. 55.2: Indien by geleentheid meer as die helfte van 'n ouderlingeraad aangekla is, reël die voorsitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlinge wat handel volgens art. 55.1.

4.1.12.1 **Motivering**

1. Nie logies dat meer as die helfte van die ouderlingeraad aangekla kan word nie.
2. Enige lidmaat kan moedswillig met die doel om die ouderlingeraad se werk te vertraag 'n klag indien.
3. Die vertraging kom voort daaruit dat wanneer 'n ampsdraer aangekla word die saak

eers deur die ring ondersoek moet word en is die gemeente sonder bestuur.

4. Die art. neem nie die gemeente in ag nie.

4.1.12.2 AANBEVELING

1. Die beskrywingspunt van die ring van Naboomspruit oor skrapping van art. 55.2 is formeel ontvanklik.

2. Die sinode besluit dat die beskrywingspunt nie goedgekeur word nie.

4.1.12.3 **Motivering**

Dit was juis as gevolg van praktiese probleme wat tereg voorsien is dat die artikel deur die sinode van 1995 bygevoeg is.

4.1.13 **Beskrywingspunt: Toevoeging tot Bepaling 11C (ring van Middelburg)**

Bepaling 11C se paragraaf word gewysig na 11C1. (Die inhoudelike bly onveranderd).

Nuwe bepaling

11C2 Geen predikant sal beroepbaar wees binne 'n tydperk van 3 jaar na bevestiging in 'n gemeente nie, behalwe in die geval waar daar losmaking kragtens art. 19 van die Kerkorde plaasgevind het.

4.1.13.1 **Motivering**

Die beroeping van 'n predikant sonder om voorsiening te maak vir 'n minimum dienstydperk in 'n gemeente hou twee groot nadele in:

1. Die koste om 'n predikant te trek en te vestig het baie groot afmetings aangeneem. Dit plaas 'n groot finansiële las op 'n gemeente om kort-kort 'n ander predikant te moet huisves.
2. 'n Beroep is 'n baie ernstige saak wat deur die predikant biddend oorweeg moet word.. As 'n predikant nou bevestig word, kan daar met reg gesê word dat hy op 'n roepstem geantwoord het. Dit is dan seker ook so dat die predikant sekere doelwitte daar stel. Om hierdie predikant nou te bly beroep is 'n onnodige lasgewing op hom as mens en hy word nie die geleentheid gegun om die gemeente op te bou nie. Ons moet die predikant en die gemeente die geleentheid bied om mekaar te vind en om saam die koninkryk van God op aarde uit te bou.

4.1.13.2 AANBEVELING

Sien aanbeveling na 4.1.14 wat oor dieselfde saak handel.

4.1.14 **Beskrywingspunt (ring van Ermelo)**

Beroepbaarheid van leraars na bevestiging in nuwe gemeente

Die sinode besluit:

Leraars wat in 'n plaaslike AP kerk bevestig is moet vir ten minste 2 jaar nie beroepbaar wees nie.

4.1.14.1 **Motivering**

1. Dit plaas 'n onnodige finansiële las op die gemeentes wat betref die vervoer van meubels en ander koste wat daarmee gepaard gaan.
2. 'n Leraar kan nie sy persoonlike geestelike werk in 'n gemeente sinvol in 'n paar maande doen en tot uitvoer bring nie.
3. Dit is ontwrigtend vir enige gemeente om kort-kort 'n ander leraar te beroep. Die gemeente ly geestelik skade as gevolg van die feit dat 'n gemeente partykeer lank vakant bly.

4.1.14.2 **Kommentaar**

Beredenering:

In wese is die motivering van beide die beskrywingspunte dieselfde:

1. Die finansiële las op die gemeente wat beroep het en gepaardgaande koste om die predikant daar te vestig.
2. Ontwrigting vir gemeentes om kort-kort 'n ander leraar te beroep.
3. Roepingsbewustheid en sinvolle bearbeiding van die predikant in die gemeente.

4.1.14.3 AANBEVELING

1. Die beskrywingspunte van die ringe van Middelburg en Ermelo oor 'n verpligte verblyftydperk van 'n leraar in 'n gemeente is formeel ontvanklik.

2. Die sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunte nie.

4.1.14.4 **Motivering**

Die prinsipiële beginsel staan hier teenoor die pragmatiese. Die beginsel dat die Gees van die Here 'n predikant onder beroep lei in die biddende aanvaarding van of bedanking van 'n beroep kan nie anders as om as eg gereformeerde kerkregbeginsel en Skriftuurlike oorweging deur die kerk hanteer te word nie.

Die nood van 'n gemeente wat beroep en ook biddend onder leiding van die Heilige Gees so 'n beroep uitbring kan ook nie anders as prinsipieel beskou word nie. Om die prinsipiële teen die praktyk op te weeg bring 'n eeue oue historiese agtergrond van die kerklike reg ter sprake. Deurgaans word daar vermeld dat die

predikant eers funksioneel predikant is in 'n gemeente na gelang van tyd. Jare diens kan wel 'n gemeente bevoordeel. Ons Kerkorde bou deur middel van Bep. 12E voldoende kommunikasie tussen plaaslike kerkraad en predikant in om die saak behoorlik deur te trap en uit te maak.

4.1.15 **Beskrywingspunt: Afgevaardigdes na buitengewone ringsitting insake tug (ring van Moot-Sentraal)**

Die sinode besluit dat afgevaardigdes na buitengewone ringsittings, waarvan die agenda tugsake behels, slegs uit ouderlinge bestaan.

4.1.15.1 **Motivering**

Uit die gees van die inhoud van onder andere arts. 21, 22, 51, 52.2, 53A, 54, 55.1, 55.2, 55A, 55B, 56 en 57 van die Kerkorde, die bevestigingsformulier asook die Bybel self (o.a. Ex 18:21, Lv 4:13–15, Nm 11:16 en 17, Rt 8:11, 1 Sm 4:13 en ook gedeeltes in die Nuwe Testament) is dit duidelik dat regering, opsig en tug die ampstaak van die ouderlingeraad is. Indien dit nie so gehandhaaf word nie kan die bevoegdheid van 'n ringsvergadering, wat 'n tugsaak behartig, tegnies bevraagteken word.

4.1.15.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Moot-Sentraal oor afgevaardigdes na ringe wat tugsake hanteer, is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om**

2.1 gevolg te gee aan die beskrywingspunt en werk die besluit in op die gepaste plek in die Kerkorde;

2.2 die finale redigering van die saak te verwys na TKKS.

4.1.16 **Beskrywingspunt: Wysiging van Bep. 41F (ring van Mooinooi)**

Wysiging Bep. 41F

Die sinode besluit om Bep. 41F soos volg te wysig:

Ou redaksie

Niemand mag vir meer as twee agtereenvolgende sinodes as voorsitter optree nie.

Nuwe redaksie

Niemand mag by twee agtereenvolgende sinodes as voorsitter optree nie.

4.1.16.1 **Motivering**

1. Daar is geen beginselgrond waarop 'n voorsitter 'n tweede maal herkiesbaar is nie. Ook hier moet gewaak word teen moontlike hiërargie en die skyn van 'n persoon wat as "kerkhoof" optree.
2. Hierdie bepaling is nie konsekwent nie, want die voorsitter van 'n ring mag nie 'n tweede keer herkies word nie. En dié twee voorsitters is tog in wese gelyk.

4.1.16.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Mooinooi oor 'n wysiging van Bep. 41F is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om gevolg te gee aan die beskrywingspunt.**

4.2 **Beskrywingspunte wat nie Kerkordewysiging vereis nie.**

4.2.1 **Beskrywingspunt: Beperkte opdrag (ring van Mooinooi)**

Die sinode besluit dat sy vorige besluit (Handeling Sinode 1995, bl. 247, pt. 4.12.2.5.1.) herroep word en vervang word met 'n besluit wat soos volg lui:

Die sinode besluit dat ringe in uitsonderlike gevalle, en nadat die ring absoluut oortuig is dat dit vir die voortbestaan, geestelike groei en welwese van die gemeente onontbeerlik is, mag toelaat dat 'n leraar met beperkte opdrag deur daardie gemeente beroep word.

4.2.1.1 **Motivering**

1. Daar bestaan talle gemeentes (plaaslike kerke in kerkverband) wat uit minder as 200 lidmate bestaan en 'n behoefte het aan 'n leraar, nie net 'n prediker nie, maar wat nie 'n voltydse leraar kan bekostig nie. Daar is nie genoeg professore, emeriti en predikante as amptenare van die kerkverband om hierdie behoefte te bevredig nie.
2. Daar is gemeentes wat nie 'n voltydse leraar kan bekostig nie, maar omdat hulle nie toegelaat word om 'n leraar met beperkte opdrag te beroep nie, beroep hulle 'n voltydse leraar maar vergoed hom met 'n "beperkte" traktement.
3. Die besluit of 'n beroep met beperkte opdrag uitgebring kan word al dan nie, hoort by die ring en nie by die sinode nie. Vergelyk KO art. 37 insake die werksaamhede van die ring.
4. Dit word sterk betwyfel of ons professore werklik die tyd kan inruim om die pastorale sorg (huweliksprobleme, drankmisbruik, geestelike nood ens. ens.) na wense te behartig, veral waar hulle ver buite die gemeentegrense woon.

5. Indien daar beginselbesware bestaan dat leraars beroep mag word met beperkte opdrag, behoort dieselfde beginselbesware te geld ten opsigte van teologiese dosente, predikante as amptenare in diens van die kerkverband en emeriti.

4.2.1.2 AANBEVELINGS

4.2.1.2.1 Die beskrywingspunt van die ring van Mooinooi oor beperkte opdrag is formeel ontvanklik.

4.2.1.2.2 Die sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

4.2.1.2.3 Die sinode besluit om die status quo te handhaaf, soos vervat in onder meer die onderstaande besluite van die sinode van 1995:

a. Die sinode besluit dat geen predikant, uitgesonder emeriti, predikante as amptenare in diens van die kerkverband en teologiese dosente soos bedoel in die besluit van 1988, Handelinge bl.15, pt. 34.10.5, 'n beroep met beperkte opdrag mag ontvang, oorweeg of aanvaar nie.

b. Die sinode besluit dat indien 'n predikant, wat met beperkte opdrag 'n gemeente bedien en nie binne die bogemelde drie kategorieë predikante val nie, 'n beroep ontvang en dit opvolg, beperkte diens vir hom verval (Handelinge Sinode 1995, bl. 247/8)

4.2.1.3 **Motivering**

1. Die besluite van die verlede asook die beskrywingspunt van Mooinooi dui op 'n werklike behoefte wat in die AP Kerk bestaan.

2. Die besluit wat 'n vorige sinode geneem het, naamlik, dat 'n predikant op 65 moet emeriteer het dan ook die lys van emeriti met beperkte opdrag gesluit.

3. Die KKS wil die sinode daarop wys dat

3.1 Al die lede van die KKS deel van die sinode is (ons deel dieselfde probleme).

3.2 Die aanwas van lidmate in die AP Kerk plat af en daarmee saam plat die groei in predikantsposte af.

3.3 Daar is steeds 'n konstante stroom van predikante uit ander kerkverbande wat aansoek doen om status. (Waar is die poste?)

3.4 Jaarliks studeer van ons eie studente af en die getalle neem selfs toe. (Waar gaan hulle geakkommodeer word?)

3.5 Die BRKA ondervind probleme met die pensioenfonds en die mediese fonds as 'n predikant (met beperkte opdrag) 'n volle lid is, dog 'n kwart of halwe bydraer.

3.6 Dit kan vir een party (bv. die kerkraad) soms moeilik wees om 'n bestaande ooreenkoms met 'n ander party (bv. 'n predikant met beperkte opdrag) te wysig of op te skort, terwyl daar 'n behoefte is (die gemeente kon mooi gegroei het).

4. Die KKS het begrip vir die nood van die tyd (klein gemeentes, swak ekonomiese toestande, ens.), maar pleit vir begrip vir die volgende:

4.1 Beginsel en praktyk kom dikwels in botsing. Laat ons alles in ons vermoë doen om die praktyk by die beginsel aan te pas en nie die beginsel by die praktyk nie.

4.2 Laat ons nie afwyk van die neergelegde norme nie, want ons beweeg in die rigting van tentmakerbediening, terwyl ons dit reeds afgewys het.

4.3 Soek oplossings binne die bestaande en neergelegde, soos:

4.3.1 Moontlike, praktiese kombinasies en bedieningsooreenkomste.

4.3.2 As 'n emeritus leraar in u gemeente woon, wat versorg is wat die medies en pensioen betref, kan so 'n leraar wel hulpdiens vir bepaalde periodes lewer. Dit kan groot verligting bring.

5. Die KKS wil kerkrade daarop wys dat dit binne u vermoë is om ooreenkomste met leraars aan te gaan en dat u later in gedinge betrokke kan raak as hierdie ooreenkomste buite die perke van die Kerkorde en sinodale besluite gaan. Hierdie handelinge word dikwels vir ringe, die sinode en die KKS 'n turksvy, waarmee ons gewone sterflinge nie regtig raad weet nie. As ons dus aanbeveel en pleit, dan doen ons dit as medebroeders wat daarna streef om hierdie sake broederlik op te los. Die ou spreekwoord sê: Voorkoming is beter as genesing.

4.2.2 **Beskrywingspunt: Losmaking van leraar met beperkte opdrag (ring van Mooinooi)**

Die sinode neem daarvan kennis dat daar nie 'n artikel in die Kerkorde bestaan waarvolgens 'n leraar met beperkte opdrag se band met 'n gemeente losgemaak kan word behalwe in die geval van 'n aanname van 'n beroep, emeritering volgens artikel 20, of losmaking volgens artikel 19 nie.

Die sinode besluit om 'n nuwe artikel te skep waarvolgens sodanige leraars van hul gemeentes losgemaak kan word.

4.2.2.1 **Motivering**

Om 'n predikant se band met sy gemeente volgens art. 19 los te maak beteken dat hy nie meer met stigting in die gemeente kon arbei nie. Wanneer 'n leraar met beperkte opdrag om welke rede nie meer die gemeente kan bedien nie kan art. 19 nie sonder meer op hom toegepas word nie.

Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die gemeente in so 'n mate groei dat die betrokke leraar die gemeente nie meer na wense kan bedien nie. Om die band met die gemeente volgens art. 19 los te maak is nie billik teenoor daardie leraar nie, hy kon dalk in beperkte mate tog met groot vrug arbei. Art. 19 "brandmerk" hom dan as 'n leraar wat nie met stigting kan werk nie.

4.2.2.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Mooinooi oor losmaking van 'n leraar met beperkte opdrag is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.**

4.2.2.3 **Motivering**

1. Beperkte opdrag is nie 'n verskynsel wat homself in ander kerkordes voordoen nie.
2. Daar is al meermale gepoog om die saak uit te bou en nie om dit af te skaal nie, soos reeds hierbo genoem.
3. Die probleme is reeds genoem en daarom voel die KKS dat dit liewer moet verdwyn.

   Daarom die aanbeveling om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie. Sulke probleme wat wel baie ad hoc voorkom en hopelik mettertyd sal verdwyn, behoort ad hoc hanteer te word.
4. Die beperkte opdrag behoort net beëindig te word.

4.2.3 **Beskrywingspunt: Span van regslui (ring van Hennenman)**

Die sinode besluit om vir die Afrikaanse Protestantse Kerk 'n span van regslui in die lewe te roep ten einde – wanneer dit nodig mag word – ouderlingerade ten dienste te wees wat in burgerlike geregshowe mag beland weens die uitoefening van die tug in hul gemeentes.

4.2.3.1 **Motivering**

1. Kerkrade/ouderlingerade het al die ondervinding gehad om na die burgerlike geregshof geneem te word a.g.v. tugtoepassing deur hulle.
2. Regsgedinge kan baie geld kos en kan gemeentes of lede van ouderlingerade finansieel ruïneer.
3. Toepassing van die tug is volgens Vraag en Antwoord 82 van die Heidelbergse Kategismus een van die sleutels tot die hemelryk en mag nie verwaarloos word nie. As gevolg van die bedreiging van moontlike burgerlike regsgedinge mag ouderlinge daarvoor terugdeins om tug toe te pas waar nodig.
4. Die meeste lede van ouderlingerade is nie kundiges op die gebied van die regstelsel en regspleging nie én plaaslike regslui mag ook weer op hulle beurt onkundig wees t.o.v. hoe die kerkreg funksioneer. Indien die kerk oor so 'n span van regslui beskik, sal hulle spoedig hoogs vertroud wees met die kerkreg en die prosedures om kerklike sake in burgerlike howe te hanteer. 'n Gemeente kan nie bekostig om 'n saak in 'n burgerlike hof te verloor a.g.v. byvoorbeeld 'n prokureur wat nie bekwaam genoeg vir 'n kerklike saak is nie.

4.2.3.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Hennenman oor 'n span regslui is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt.**

4.2.3.3 **Motivering**

Die sinode het reeds voorsiening gemaak vir regslui vir kerklike sake.

4.2.4 **Beskrywingspunt (ring van Germiston)**

Lidmaatskap van persone wat met gegronde redes lidmaat wil word van 'n ander gemeente as die gemeente waarbinne die lidmaat geografies woon.

Die sinode besluit dat die geografiese grense, soos onderling ooreengekom, as ordereëling sal geld, maar dat lidmate as volle lidmate kan inskakel by 'n ander gemeente indien hulle aansoek deur die ontvangende gemeente goedgekeur word.

Hierdie ontvangende gemeente moet oorleg pleeg met die gemeente waar die aansoeker geografies woon om vas te stel of die lidmaat nie in 'n tughandeling, wat substansie het, betrokke is nie en of dit die geestelike heil van die lidmaat wat aansoek doen sal bevorder.

4.2.4.1 **Motivering**

1. Grense is 'n ordereëling tot heil van die kerk en nie 'n wesensaak nie.

2. Dit is belangrik dat lidmate 'n geestelike tuiste sal vind waar hulle hulself kan uitleef en die koninkryk kan dien.
3. By 'n gemeente, as geestelike tuiste, is familie- en vrienskapsbande belangrik.
4. Lidmate mag nie vervreem word van die kerk omdat hulle nie aanklank kan vind by 'n leraar of die spesifieke gemeentekultuur nie.
5. Orde in die kerk van Christus bly steeds belangrik en daarom moet aansoek gedoen word by die ontvangende gemeente.
6. Verskille, wat soms onoorbrugbaar is en nie herlei kan word tot sonde nie, kan meebring dat lidmate vervreem raak van 'n gemeente. As die lidmate dan verhinder word om 'n ander geestelike tuiste te vind, gaan hulle vir die AP Kerk verlore. Paulus en Barnabas se skerp verskil het einde ten laaste die kerk gedien.

4.2.4.2 AANBEVELING

Die sinode besluit dat die beskrywingspunt van die ring van Germiston oor lidmaatskap in 'n ander gemeente as waarbinne die lidmaat woon, nie ontvanklik is nie.

4.2.4.3 Motivering

1. Die beskrywingspunt handel oor gemeentelike grense, en 'n uitsonderingsreëling in verband met lidmaatskap;
2. die reëling met kerkrade en gevolglike vasstelling van gemeentelike grense is volgens art 37.4 van die Kerkorde 'n werksaamheid van die ring en nie van die sinode nie;
3. die gemeentelike grense bepaal die plek van lidmaatskap, art. 37.4 gelees met arts. 4 en 5;
4. art. 26.2 verbied dat sake wat by die ring tuishoort deur 'n sinode in behandeling geneem kan word.

4.2.5 Beskrywingspunt: Geheime organisasies (ring van Graniet)

Die sinode besluit dat lidmate wat moontlik kan behoort aan geheime organisasies te wete die Vrymesselary, die Afrikaner (Broeder)bond en Toekomsgesprek, nie verkiesbaar is vir die diens in die amp van ouderling en diaken nie. Verder word ook gevra dat leraars wat aan sodanige organisasies behoort onmiddellik hulle daarvan moet losmaak deur te bedank.

4.2.5.1 Motivering

Kerkorde artikel 60, (Handelinge Sinode 1989, bl. 465 en 466 pt. 5.2.6)

1. Daar word voortdurend ervaar dat lede van Toekomsgesprek nie hou by hulle grondwet en doelstellings nie. Daar is bewyse dat broers van sodanige organisasies vir mekaar opkom en selfs beskerm. Waar opsig en tug sy loop moet neem, word persone van die organisasies beskerm en selfs met inligting gevoer uit die ouderlingeraad.
2. Verskeie AP Kerk-leraars het al gebots met sulke persone oor hulle doelstellings. Kort voor lank word daar dan 'n kampanje gevoer teen sodanige leraars en word met mag en mening gewerk om artikel 19 in werking te stel (losmaak van die band).
3. Persone met sulke geheime agendas kan en wil dikwels nie eers die koninkryk laat kom nie, maar jaag hulle eie projekte na.
4. Daar moet gelet word daarop dat lede van Toekomsgesprek grootliks sy oorsprong het vanuit een politieke party, maar nou ook alreeds geïdentifiseer is deur instansies soos Misdaad Inligting en moontlik-selfs Nasionale Intelligensie.

4.2.5.2 AANBEVELING

Die sinode neem gewoon kennis van die beskrywingspunt van die ring van Graniet oor geheime organisasies.

4.5.2.3 Motivering

1. Die sinodes van 1987, 1988, 1989, 1995 het hom reeds uitvoerig oor die Afrikaner Broederbond en die Vrymesselary uitgespreek en 'n duidelik afwysende standpunt ingeneem (sien Kerkorde, Bepalings, ordereëls vir vergaderings, bylaes en sinodebesluite, 1996–uitgawe, bl. 127, 128).
2. Oor die in die beskrywingspunt beweerde organisasie genaamd "Toekomsgesprek" ontbreek daar enige aanduiding van feitegesteunde bewyse, publikasies of aanverwante dokumentasie en kan derhalwe geen beoordeling aangebied word nie.

4.2.6 Beskrywingspunt: Sinodale optrede teen kerkrade/leraars (ring van Olifantshoek)

Die sinode besluit dat dissiplinêr deur die sinode opgetree word teen kerkrade/leraars wat liberale idees in die kerk vestig deur die toepassing daarvan ten spyte van sinodebesluite wat dergelike idees verwerp het, bv. ampsdrag, die vrou in die amp, ens.

4.2.6.1 Motivering

1. Die AP Kerk is 'n behoudende kerk wat enige vorm van liberalisme verwerp en beveg;

2. Deur nie dissiplinêr op te tree nie, vereenselwig die sinode hom met die toepassing van dergelike denkwyses en optredes;
3. Dit is noodsaaklik, aangesien dissipline 'n vereiste is vir enige liggaam en veral vir die kerk.

4.2.6.2 AANBEVELING

Die sinode besluit die beskrywingspunt van die ring van Olifantshoek oor sinodale optrede teen leraars met liberale idees is nie ontvanklik nie.

4.2.6.3 **Motivering**

Die Kerkorde reël hoe sulke sake hanteer moet word, nl. deur klaglegging en opsiguitoefening deur ouderlingerade.

4.2.7 **Beskrywingspunt: Outonomie van plaaslike kerk (ring van Graniet)**

4.2.7.1 **Inhoud**: Die sinode besluit dat outonomie van elke afsonderlike kerk in die Kerkorde so vasgelê word dat daar geen twyfel bestaan by kerk, kerkraad en lidmate nie.

4.2.7.2 **Motivering**

Na tien jaar van bestaan van die AP Kerk begin dit deurskemer dat die outonomie van die afsonderlike kerke aangetas word deur ringsen/of sinodebesluite.

Ons aanvaar almal dat Christus sy kerk deur die ampte regeer, maar daar word gevoel dat die ampte aan die lidmaat, wat hom gekies het, verantwoordelik moet wees soos dit 'n Christenmens betaam.

So ook kan ons mos nie die gevoel van die lidmaat oor sy kerk ignoreer nie; die lidmaat weet mos beter as 'n ringsverteenwoordiger wat die probleem in sy kerk is en wat die oplossing daarvoor is, of behoort te wees.

So onlangs soos Februarie 1997 is bostaande saak baie uitdruklik in *Die Boodskapper* bevestig: "sinodebesluite oor gaste by nagmaal". Hier word links en regs aan kerkrade voorgeskryf, let wel voorgeskryf en nie aanbeveel nie. Ouderling Piet van die plaaslike kerk weet tog hoe en wat hy moet doen met 'n gas by die kerk se nagmaal. Hy ken sy mense en die wat hy nie ken nie, doen hy navraag oor. Dan kan hy besluit. Die verduideliking in *Die Boodskapper* van Februarie 1997 maak dit haas 'n jaarlange beplanning en net so 'n lange besluit of broer Jaap wel nagmaal in die AP Kerk Putsonderwater kan gebruik. Hier is 'n baie goeie voorbeeld van hoe die AP Kerk deur die sinode en nie deur hulleself regeer word nie.

Geagte broers, ons moet hierdie saak in die reine bring. Soos reeds gesê, as die outonomie nie eerbiedig gaan word nie, is ons terug in ons ou bedeling van kerkaffiliasie waaruit ons kom.

4.2.7.3 AANBEVELING

Die sinode besluit:

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Graniet oor die outonomie van die plaaslike kerk is ontvanklik.**
2. **Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.**
3. **Die sinode versoek kerkrade en leraars om erns daarmee te maak dat lidmate en ampsdraers die kerkregering van die AP kerke in kerkverband sal verstaan en eerbiedig, hetsy deur prediking en/of lering op kerkraadsvlak. Dit moet veral beklemtoon word wat dit beteken dat Christus direk sy kerk regeer deur sy Woord en Gees deur die ampte wat Hy daarvoor verorden het, en dat by toetrede tot kerkverband die plaaslike kerk van sekere magte afstand doen in belang van die welwese van alle kerke in kerkverband gesamentlik.**

4.2.7.4 **Motivering**

1. Wanneer daar na tien jaar se volgehoue pogings deur geskrifte, adviese, prediking en besluite van kerkvergaderings, 'n beskrywingspunt met hierdie inhoud en argumente op die sakelys van die sinode kom, is dit tegelyk teleurstellend en kommerwekkend.
2. Die motivering sê niks anders as dat die belydende ongesensureerde lidmate wat die betrokke broeders kies in die ampte om die Christusregering te behartig, geen vertroue in hierdie ampsdraers en gevolglik in hulle eie verkiesing het nie. Waarom hulle dan verkies as die lidmate die eintlike regeermag het? Hoewel die motivering sê: "Ons aanvaar almal dat Christus sy kerk deur die ampte regeer", blyk dit uit die motivering dat daar juis NIE hierdie aanvaarding is nie.
3. Die AP kerke in kerkverband het reeds voor stigting, onder andere deur geskrifte, en sedert stigting vir 10 jaar dit bo alle twyfel gestel wat dit beteken dat ons GEREFORMEERDE kerke van CHRISTUS onder blanke Afrikaners wil wees. Hierdie beskrywingspunt is in stryd hiermee en verwerp in beginsel die kerkverband soos dit deur die Heilige Skrif vereis word. Twee voorbeelde uit bekende geskrifte lewer bewys

dat die beskrywingspunt se inhoud en motivering ernstige misverstande huisves:

3.1 Aanhaling uit *Geloof en Protes* (Mei 1987, bl. 9):

"pt. 3.3 Ons glo dat die welwese van die plaaslike kerk bewerkstellig word in sy verband met ander selfstandige plaaslike kerke, en wel alleen by wyse van ordelike samekoms-van-alle-plaaslike kerke, as konvent of sinode (KO 32). Uit die sleutelmag van elke plaaslike kerk word gesamentlike gesag oorgedra aan hierdie samekoms van kerke en verkry die samekoms akkumulatiewe (opgestapelde) gesag (KO 29, 35).

pt. 3.4 Ons glo dat juis hierdie siening waarborg dat in die presbiteriaal-sinodale verband geen oorheersing óf deur plaaslike kerke óf deur die sinode sal plaasvind nie".

3.2 Aanhaling uit *Die Boodskapper*, September 1995, nl. die redakteursartikel:

"GEREFORMEERD:

... Wat afwyk van Gods Woord is deur 'n Gereformeerde Kerk steeds as uitwasse verwerp hoe aanloklik sulke uitwasse vir die sondaarmens ook mag wees. Die sug na heerskappy van een Christen oor 'n ander, is 'n on-Bybelse sug van die sondige mens ...".

4.2.8 **Beskrywingspunt: Wegdoen met Raad vir Kerkadministrasie (ring van Middelburg)**

Die sinode besluit om weg te doen met die Raad vir Kerkadministrasie en dat die sinode die regspersoon van die AP kerke sal wees wat die werksaamhede deur 'n verkose sinodale kommissie sal behartig.

4.2.8.1 **Motivering**

1. Die motivering vir die ontstaan van die Raad vir Kerkadministrasie soos in die Kerkorde 1996-uitgawe op bl. 56, pt. 1.1 gegee word, is onlogies. As die sinode by afsluiting ontbind, geld dit ewe-eens van die Raad vir Kerkadministrasie want dieselfde personeel is betrokke. Die RKA se personeel is ook 'n vergadering van afgevaardigdes van kerke.

   Waar is die regspersoon ná afsluiting?

2. Dit het tydens die afgelope sinodes telkens gebeur dat die voorsitter en die sinode vergeet het om te konstitueer as RKA en soms het die afgevaardigdes van die sinode nie geweet of die besluite wat geneem is besluite van die sinode of die RKA was nie.
3. Die hoofargument is en bly egter: Die sinode en die RKA bestaan presies uit dieselfde personeel, gevolglik lei dit tot verwarrende optrede deur die sinode.
4. Die werk kan net so goed verrig word as die sinode die regspersoon bly en die kerkadministrasie dan 'n sinodale kommissie is met sy eie lasgewing.
5. Die argument in pt. 1.2.1 op bl. 56 van die Kerkorde bevestig juis die voorstel wat nou voor die sinode dien.

   'n RKA is in die lewe geroep en aan die Raad is regspersoonlikheid toegeken en beklee met dieselfde magte as wat die sinode sou hê.

   Dit is mos 'n onsinnige argument.

4.2.8.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Middelburg oor die wegdoen met die Raad vir Kerkadministrasie is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om die beskrywingspunt nie op te volg nie.**

4.2.8.3 **Motivering**

1. 'n Sinode is 'n vergadering van afvaardigende kerke wat 'n sakelys afhandel en dan ontbind die vergadering. Daarom kan 'n vergadering wat soos tans elke tweede jaar vir 'n week vergader nie 'n regspersoon wees nie. Werksaamhede word na ontbinding deur kommissies verrig wat met die aanvang van die volgende sinodevergadering ontbind en wat dan deur die sinode vir die duur van die sinodevergadering sig van tydelike kommissies bedien wie se werksopdragte beëindig word met die afsluiting van die sinodale vergadering. Sien 1.1 van die Konstitusie van Raad vir Kerkadministrasie.
2. Die RKA daarenteen bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan. Sien 1.2.4 van die Konstitusie bl. 56, Kerkorde 1996.

4.2.9 **Beskrywingspunt: Die gebruik van die naam van die AP Kerk (ring van Naboomspruit)**

Die sinode besluit:

Die naam van die AP Kerk soos op die voorblad van die Kerkorde 1996 word te alle tye volledig, tesame met die onderskrif tussen hakies, gebruik op alle amptelike stukke van die kerk.

4.2.9.1 **Motivering**

1. Die AP Kerk het sy merkwaardige groei sedert sy ontstaan alleen te danke aan die onmiskenbare seën van die Here.

2. Om die onderskrif selektief te gebruik of weg te laat in die AP Kerk se omgang met die wêreld, openbaar ons skandelike gebrek aan vertroue in die voortgesette seën van die Here om ons ook in die toekoms staande te hou.
3. Kleinmoedigheid in ons omgang met die wêreld betaam ons nie aangesien dit vir die wêreld sê dat ons nie werklik glo in die almag van God nie.
4. Is ons skaam en ondankbaar dat God ook ons volk, en blank, volgens sy alwyse raadsplan geskep het?

Hd 17:26–27.

"En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie";

5. 1 Pt. 5:8–10

"Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.

En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves!"

4.2.9.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Naboomspruit oor die naam van die AP Kerk is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om nie die beskrywingspunt te aanvaar nie.**
3. **Die sinode volstaan met die besluit tydens die sinode 1995 geneem.**

4.2.9.3 **Motivering**

1. Die motivering ten gunste van die beskrywingspunt is nie aanvaarbaar nie.
2. Die Skrifverwysinge is irrelevant.

4.2.10 **Beskrywingspunt: Wysiging Reglement BRKA (ring van Nelspruit)**

4.2.10.1 Die sinode besluit om 'n nuwe punt 6.5.6 in die Reglement van die BRKA in te voeg wat soos volg lees:

6.5.6 BRKA ledebelange

6.5.6.1 'n Lid (of lede) van die BRKA wat op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, wesenlik belang het by 'n kontrak/transaksie of voorgenome kontrak/transaksie wat deur die BRKA namens, of in opdrag van die RKA, aangegaan word, of wat aldus 'n belang by so 'n kontrak/transaksie bekom nadat dit aangegaan is, moet sy belang en volle besonderhede daarvan verklaar; dit moet genotuleer word, en hy moet hom van verdere deelname van die werksaamhede van die BRKA rakende die saak onttrek.

4.2.10.2 Die sinode besluit om die BRKA te versoek om die numerering na die invoeging aan te pas.

4.2.10.3 Die sinode besluit dat besluit 6.5.6.1 dadelik van krag word.

4.2.10.4 **Motivering**

a. In die Maatskappywet no. 61 van 1973 word voorsiening gemaak vir sodanige reëling.
b. Die reëling raak alle direksies van maatskappye en die BRKA kan inderdaad as die direksie van die RKA gesien word.
c. Dit is 'n gesonde en beskermende reëling wat alle bestuurslede raak. Persoonlike bevoordeling vanuit 'n vertrouensposisie is immers nie eties regverdigbaar nie.

4.2.10.5 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Nelspruit oor wysiging van die reglement van die BRKA t.o.v. ledebelange is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit 4.2.10.1 en 4.2.10.2 word goedgekeur. 4.2.10.3 kan nie goedgekeur word nie. Die besluit geld eers wanneer die Handelinge van die sinode en die RKA verskyn.**

4.2.11 **Beskrywingspunt: Vyftien persent (15%) van gemeente-inkomste na BRKA (ring van Middelburg)**

Die sinode besluit dat alle gemeentes wat nie sy 15% betaal nie, nie spreek- en stemreg op die sinode sal hê nie en dat gemeentes wat reëlings getref het met die BRKA oor agterstallige bedrae, net spreekreg sal hê.

4.2.11.1 **Motivering**

1. Die AP kerke staan in 'n gemeenskaplike akkoord met mekaar en leef met mekaar saam in kerkverband.
2. 'n Gemeente sluit vrywillig by dié verband aan.

3. Dié vrywillige aansluiting beteken dat 'n gemeente hom ook vrywillig onderwerp aan die orde van die akkoord sowel as die besluite van die kerklike vergadering. 'n Gemeente is deel van sy ring en sinode en besluit saam met ander gemeentes in hierdie vergaderings.
4. Die besluit oor die 15% was 'n gesamentlike besluit. As 'n gemeente hom aan dié besluit onttrek, onttrek hy hom aan 'n gesamentlike besluit van die hele akkoord.
5. As 'n gemeente sy 15% bydrae ontduik, is hy oneerlik teenoor die akkoord en ondergrawe hy die akkoord. So iets pas nie by eerlike en opregte Christene nie.
6. Waar gemeentes eerlik en openhartig met mekaar beraadslaag en besluit, daar is dit betaamlik dat dié besluite ook met lojaliteit uitgevoer word.
7. Waar lojaliteit afwesig is, moet 'n vorm van dissipline ingebou word. 'n Dislojale gemeente kan nie saam met en oor ander gemeentes besluite neem nie. Daarvoor sê ons hartlik: NEE!

4.2.11.2 AANBEVELING

1. **Die beskrywingspunt van die ring van Middelburg oor die gemeentelike verantwoordelikheid om 15% bydraes te betaal, is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt nie.**

4.2.11.3 **Motivering**

Sien studiestuk onder werksopdragte van sinode aan KKS oor die saak.

4.2.12 **Beskrywingspunt: Bedienaar van Woord slegs op een sinodale kommissie dien (ring van Middelburg)**

Die sinode besluit dat 'n bedienaar van die Woord verbonde aan die AP Kerkverband alleenlik op een permanente sinodale kommissie of die BRKA of die Kuratorium of rade mag dien.

4.2.12.1 **Motivering**

1. Daar is nou genoeg bedienaars van die Woord binne die kerkverband sodat hierdie pligte meer eweredig versprei kan word.
2. Die bedienaar van die Woord staan kontraktueel in diens van die gemeente waaraan hy verbonde is en nie die sinode of ring nie.
3. Die lading van ekstra werk op die bedienaar van die Woord deur sinodale kommissies, die BRKA, die Kuratorium en rade kan daartoe bydra dat gemeentewerk afgeskeep word.

4.2.12.2 AANBEVELING

1. **Beskrywingspunt van die ring van Middelburg oor leraars wat slegs op een sinodale kommissie mag dien, is formeel ontvanklik.**
2. **Die sinode besluit om die beskrywingspunt in die huidige vorm nie net so goed te keur nie.**
3. **'n Wysiging sou nodig wees t.o.v. die BRKA: Slegs in hoogstens 4 gevalle waar kommissies 'n lid moet benoem op die bestuur van die BRKA wat nie 'n kommissie van die sinode is nie, sal die beskrywingspunt gewysig moet word.**
4. **Soos gewysig om voorsiening te maak vir aangewese personeel van die BRKA kan die beskrywingspunt gesteun word om dan te lui: Geen predikant van die AP Kerk sal op meer as een sinodale kommissie dien nie.**

5. AANBEVELINGS VAN DIE KKS AAN DIE SINODE KRAGTENS LASGEWING PT. 7

5.1 **Artikel 19 – Losmaking van band – word so gewysig:**

19.1 Wanneer 'n bedienaar van die Woord oordeel dat hy nie langer tot stigting in die plaaslike kerk (gemeente) of in 'n kombinasie volgens sy beroepsbrief kan dien nie, moet hy sy besluit skriftelik aan die kerkraad bevestig, met dien verstande dat sy besluit nie mondeling of skriftelik herroep kan word nadat die kerkraad die besluit oorweeg en goedgekeur het vir deursending na en hantering deur die ring volgens art. 19.3 nie.

19.2 Wanneer 'n kerkraad of die gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie oordeel dat die bedienaar van die Woord nie die plaaslike kerk (gemeente) of in die kombinasie langer tot stigting kan dien nie, nadat hy oor 'n redelike tydperk sonder positiewe resultaat herhaaldelik vermaan is met telkense skriftelike bevestiging, wat genotuleer is, besluit die kerkraad of gekombineerde kerkraad om hul oordeel na die ring deur te stuur vir hantering volgens art. 19.3.

19.3 Wanneer 'n ring die besluit van 'n bedienaar van die Woord volgens art. 19.1 of die besluit van 'n kerkraad of gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie volgens art. 19.2 ontvang het, stel die ring behoorlik ondersoek in (wat insluit dat die ring hom deeglik daarvan moet vergewis dat die saak nie in werklikheid

onder die tugartikels behandel moet word nie) en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente of die kombinasie losgemaak moet word. Indien besluit word op die losmaking van die band moet die bedienaar van die Woord en die kerkraad of gekombineerde kerkraad skriftelik met die besluit bedien word.

19.4 Indien die bedienaar van die Woord in 'n kombinasie wat gesamentlik beroep, dien, word die band met al die gemeentes in die kombinasie losgemaak en word die kombinasie ontbind, met dien verstande dat dit die betrokke kerke (gemeentes) vrystaan om daarna opnuut 'n kombinasie na eie goeddunke te vorm.

19.5 Die ring moet verseker dat die volgende voorsiening vir die versorging van die bedienaar van die Woord, waartoe die kerkraad of die gekombineerde kerkraad verplig is, uitgevoer word: die kerkraad of gekombineerde kerkraad is verantwoordelik vir huisvesting of behuisingstoelae, krag, water, die basiese traktement by losmaking, mediese fondsbydraes en pensioenfondsbydraes (waar van toepassing) met uitsluiting van reiskoste/vervoertoelae, telefoontoelaes en alle ander ongemelde toelaes, vir 'n tydperk van drie maande, solank 'n beroep nog nie ontvang is nie, met dien verstande dat die voorsiening vir versorging gestaak word, sodra die beroepene op die beroep geantwoord het. Indien die beroep nie aanvaar is nie, terwyl die tydperk van drie maande nog duur, word die voorsiening vir versorging in elk geval gestaak by beantwoording van die beroep.

19.6 Indien 'n bedienaar van die Woord, wat losgemaak is, geen beroep binne die eerste drie maande ontvang het nie, besluit die ring in oorleg met die bedienaar of hy tot 'n ander lewenstaak mag oorgaan en of hy vir nog drie maande lank beroepbaar sal bly, maar sonder aanspraak op die voorsiening vir versorging deur die kerkraad of gekombineerde kerkraad soos onder art. 19.4 gereël. Indien hy gedurende hierdie tweede drie maande nie 'n beroep ontvang nie, verwys die ring die aangeleentheid na die Kuratorium in verband met die leraar se behoud van status.

19.7 Die ring moet, nadat hy 'n band losgemaak het, onmiddellik kennis gee aan die kerke in kerkverband deur publikasie in *Die Boodskapper* dat die betrokke leraar beroepbaar is. Die ring moet sorg dra dat die kerkraad of die gekombineerde kerkraad aan die predikant 'n dokument gee dat hy volgens arts. 19.3 en 19.4 losgemaak is (Bylae 5.3). Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien, kyk ook Bep. 4H.

19.8 Indien die bedienaar van die Woord nie binne die vereiste tydperk (21 dae) 'n appèl- of beswaarskrif aanhangig maak nie, kan die kerkraad of 'n gekombineerde kerkraad indien 'n nuwe kombinasie (art. 19) gesluit is, 'n beroep uitbring.

5.2 **Bepalings 55A en B moet ook as bepalings 56A en B onder artikel 56 verskyn**

Motivering

Hierdie aanbeveling het per abuis weggeval uit die verslag aan die sinode 1995.

6. APPÈLLE

6.1 A du Plessis teen besluit van ring van Derby insake losmaking kragtens art. 19.

5.2 K Janse van Vuuren, DLH Stans, JC le Roux teen 'n besluit van die ring van Derby op 30 Maart 1996.

6.3 AP Kerk Boksburg teen besluit van ring van Germiston. Besluit waarteen geappelleer word handel oor gemeentegrense.

6.4 GJ Nel teen besluite van ring van Lichtenburg. Besluite waarteen geappelleer word handel oor wysigings aan die Belydenisskrifte.

6.5 HJ Badenhorst teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer word handel oor die toelating van prediking deur 'n NG Kerk-leraar.

6.6 JF Jonker teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer word handel oor 'n beskrywingspunt aan die eersvolgende sinode.

6.7 JF Jonker en AME Jonker teen besluite van die ring van Kimberley. Die besluite waarteen geappelleer word handel oor Kerkorde art. 42.3 saamgelees met Bylae 1.1.4.

6.8 JJ Combrink teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer word handel oor die beslissing van die ring dat die broer se appèl nie ontvanklik was nie.

6.9 ED Coetzee teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer word handel oor die ring se beslissing dat die broer se appèl nie ontvanklik was nie.

6.10 DS Swiegers teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer word handel oor die ring se besluit dat die broer se appèl nie ontvanklik was nie.

6.11 S Deetlefs teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer

word handel oor die ring se besluit dat die broer se appèl nie ontvanklik was nie.

6.12 Nic Badenhorst teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer word handel oor die ring se besluit dat die broer nie reg tot appèl tot by die ring het nie.

6.13 B Germishuizen teen 'n besluit van die ring van Kimberley. Die besluit waarteen geappelleer word is dat die broer se appèl nie by die ring ontvanklik was nie.

6.14 RG Diedericks teen 'n besluit van die ring van Suidkus. Die besluit waarteen geappelleer word handel oor skuldigbevinding na aanleiding van 'n klag teen leer en lewe.

6.15 LCR Beyers teen 'n besluit van die ring van Dendron insake werksaamhede van die ringskommissie.

6.16 AANBEVELING

Die sinode verwys die appèlle ten aanvang van die sinodale vergadering na die TKKS vir formele voorlegging aan die sinode.

7. GRAVAMINA

7.1 Drs. S Botes insake karate.

7.2 Ds. JA du Plessis art. 18 (te behandel onder beskrywingspunte ter wysiging van Kerkorde).

8. Hierdie verslag is opgestel en voorberei deur die skriba van die KKS, ds. JA du Plessis en deur die KKS goedgekeur op sy vergadering van 6 Mei 1997.

Vertrouende hiermee uitvoering te gegee het aan ons opdrag kragtens lasgewing.

Ons bid die vergadering die seën van die Here toe op al u werksaamhede.

AS VAN JAARSVELD — VOORSITTER

JA DU PLESSIS — SKRIBA: KKS

Verslag: Kuratorium

1. PERSONEEL

1.1 Lede van die Kuratorium

Di. A Boshoff sr. (voorsitter), MC Adendorff, IA Brink, MJ Hartzenberg, NJ Rautenbach, HDK van der Merwe, JH van der Walt, drr. JH Ellis, GJJ Labuschagne, JA Scholtz, CI van Heerden.

Sekundi

Di. A Gerber, FJ van der Merwe, AE van den Berg, JA de Beer.

1.2 Uitgetree uit Kuratorium

Ds. IA Brink het uitgetree nadat hy as vyfde dosent aan die Teologiese Skool benoem is.

1.3 Sekundus opgeroep

Ds. A Gerber is opgeroep en het gedien in die plek van ds. IA Brink.

1.4 Skriba van die Kuratorium

Prof. dr. FAH van Staden (honorêr).

1.5 Registrateur-sekretaresse

Mev. CM Venter.

1.6 Halfdagtiksterspos

Mej. E Nicklbauer.

1.7 Skoonmaker

Mev. A Walsh tot einde Februarie 1997.

2. VERGADERINGS

Die Kuratorium het tot op 15 Mei 1997, waarop alle sinodale verslae ingelewer moet wees, 11 keer vergader en wel op 8 September 1995, 16 Oktober 1995, 22 en 23 November 1995, 30 Januarie 1996, 19 Februarie 1996, 27 Maart 1996, 12 Junie 1996, 9 September 1996, 20 en 21 November 1996, 28 Januarie 1997, 21 April 1997. 'n Twaalfde vergadering is vir 25 Junie 1997 beplan.

Die Kuratorium het een buitengewone vergadering op 7 Oktober 1996 gehou in verband met die onderhandelinge met die Bedryfskomitee van die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys, (BCVO), t.o.v. admissie en gevorderde teologiese studie vir M- en D-grade aan die Akademie vir Christelike Volkseie Hoër Onderwys – kyk punte 5.2 hieronder.

3. DAGBESTUUR

3.1 Samestelling

Ds. A Boshoff sr. (voorsitter), dr. CI van Heerden (ondervoorsitter), ds. JH van der Walt (hulpskriba) en prof. FAH van Staden (skriba).

4. DAGBESTUURVERGADERINGS

Die Dagbestuur het 5 keer vergader en wel op 02/10/1995, 11/03/1996, 27/05/1996, 19/08/1996, 03/02/1997.

5. SUB- EN AD HOC-KOMMISSIES

5.1 Die Kuratorium het, om sy werksaamhede te bespoedig, 'n Subkommissie onder voorsitterskap van ds. IA Brink benoem, wat voorbereidende diens lewer in verband met die keuring van studente, lenings, begroting en fondse en wat die opdrag van studentebegeleiding behartig het.

5.2 Die Kuratorium het 'n ad hoc-kommissie benoem, bestaande uit ds. IA Brink, (voorsitter), ds. A Boshoff en prof. FAH van Staden met die opdrag om met die Bedryfskomitee van die BCVO te onderhandel in verband met propedeutiese studie en nagraadse teologiese studies aan die Akademie vir Christelike Volkseie Hoër Onderwys. Die ad hoc-kommissie is later uitgebrei met di. A Gerber, JH van der Walt en prof. R Marè as die addisionele lede.

6. TEOLOGIESE SKOOL (KO arts. 9 en 10)

6.1 Raad van Dosente

6.1.1 Omstandighede tot op 29 Julie 1996

Prof. dr. FAH van Staden – rektor, behartig departemente Ekklesiologie (3 vakke), Missiologie (4 vakke) en die vakke Kybernetiek, Liturgiek, Ensiklopedie en Ekumenika, (totaal 11 vakke);

Prof. dr. HS Theron – behartig departement Nuwe Testament (6 vakke) en die vakke Poimeniek, Diakoniek en Evangelistiek (totaal 9 vakke);

Prof. dr. HCG Robbertze – behartig departement Ou Testament (6 vakke) en die vakke Homiletiek en Kategetiek (totaal 8 vakke);

Prof. dr. R Marè – behartig departemente Dogmatologie (6 vakke), Godsdienswetenskap (2 vakke) en die vak Pastorale Psigologie, (totaal 9 vakke).

6.1.2 Omstandighede ná 29 Julie 1996

Nadat, volgens sinodale besluit, die Sinodale Finansiële Kommissie die Kuratorium verwittig het van genoegsame fondse, het die Kuratorium ds. IA Brink benoem as teologiese

dosent op 27 Maart 1996 vir die, deur die sinode reeds goedgekeurde vyfde leerstoel vir die departement Diakonlologie of Praktiese Teologie. Ds. Brink het die benoeming aanvaar en is op 11 Junie as teologiese dosent in diens gestel. Na onderhandeling is besluit dat prof. Brink op 29 Julie 1996 die departement Praktiese Teologie met die volgende vakke oorneem: Liturgiek (van prof. Van Staden), Poimeniek, Diakoniek en Evangelistiek (van prof. Theron) en Homiletiek en Kategetiek (van prof. Robbertze). Prof. Brink is verantwoordelik vir alle praktiese werk deur studente. Poimeniek word verleng tot 'n driejarige kursus, sodat voorsiening gemaak kan word vir siektebesoek, hospitaalbearbeiding, jeugwerk en ander. Vanweë die belading praktiese werk en die feit dat hy ook doktorale studie sal onderneem, is voorlopig aan hom ses vakke vir onderrig gegee.

6.1.3 AANBEVELINGS

6.1.3.1 Die sinode bid ons teologiese dosente die rykste seën van die Here toe in die groot werk wat gedoen word in die opleiding en toerusting van leraars in die AP Kerkverband – ook in die groot werk wat gedoen word op die terrein van die Teologie.

6.1.3.2 Die sinode bring aan die Here die eer en dank vir die voorsiening, dat Hy dit moontlik gemaak het om die 5de leerstoel te vul; ook dat Hy aan ons die persoon gegee het om dit te vul.

6.1.3.3 Die sinode betuig dank aan gemeentes, kerkrade en lidmate wat hierdie 5de stoel se finansies voorsien.

6.1.3.4 Die sinode verwelkom prof. Izak Brink in sy nuwe hoedanigheid, en bid hom en sy eggenote die seën van die Here toe.

6.1.3.5 Die sinode neem kennis van die ernstige siekte en groot operasies van proff. Van Staden en Robbertze, en dank ons Meester dat Hy hulle weer aan ons teruggegee het.

6.1.3.6 Die sinode bid ons professore gesondheid en krag na liggaam en gees toe; ook dat hulle elke dag die toerusting mag ontvang wat nodig is om hulle groot en verantwoordelike taak met blymoedigheid en toewyding te vervul.

6.1.4 Teologies wetenskaplike publikasies

6.1.4.1 Doktoreer – prof. Theron het die graad D.Th aan Unisa in die Nuwe Testament verwerf met 'n proefskrif oor die Openbaringboek, getitel "Die heerskappy van God as eskatologiese motif – enkele belangrike aspekte in die boek Openbaring".

6.1.4.2 Die Kuratorium moedig die teologiese dosente aan om teologiese wetenskaplike publikasies die lig te laat sien. Die groot probleem is 'n uitgewery en die gebrekkige belangstelling van die predikante in vakliteratuur.

6.1.4.3 Publikasie – van die hand van prof. Van Staden het gedurende Januarie 1997 verskyn: "Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug".

6.1.4.4 "Teologiese Tydskrif" – die tweede uitgawe het na die vorige sinodesitting verskyn. Die afset is baie swak weens gebrekkige belangstelling van die kant van predikante en lidmate. Die Raad van dosente, as kernredaksie, is besig met die voorbereiding van die derde uitgawe.

6.2 Vergaderings

Die Raad van dosente het so gereeld vergader as nodig en verslag is aan die Kuratorium gedoen.

6.3 Teologiese dae

6.3.1 Die Kuratorium het in samewerking met die Raad van dosente twee teologiese dae gereël, te wete op die 31ste Januarie 1996 en op die 29ste Januarie 1997, met onderwerpe, wat volgens die oordeel van die Kuratorium en die Raad van dosente, besonder aktuele onderwerpe vir die predikante is. Vir beide die geleenthede was die belangstelling uiters skraal en die bywoning swak en teleurstellend.

6.3.2 Die Kuratorium kon nog nie uitvoering gee aan die besluit van die sinode 1995, (Handelinge bl. 254, pt. 6.4.1) om teologiese dae op streeksbasis te organiseer nie, vanweë die koste-aspek en die tyd wat in beslag geneem is deur die onderhandelinge met die Bedryfskomitee van die BCVO. Die bedoeling van die teologiese dae, wat saamval met die jaarlikse opening van die Teologiese Skool is eerstens om die predikante se teologiese kennis op te skerp en tweedens om hulle belangstelling in die Teologiese Skool aan te wakker. Indien teologiese dae op streeksbasis aangebied word, sal die tweede doelstelling totaal verlore gaan.

Die Kuratorium het ook besluit om die benaming "teologiese dag" te verander na "predikantekonferensie" met die versoek aan kerkrade om predikante se reiskoste te vergoed, sodat hulle, sonder finansiële verskoning, die konferensies, wat vir elke predikant 'n essensiële teologiese skolingsgeleentheid is, kan bywoon.

6.3.3 AANBEVELING

Die sinode besluit om

6.3.3.1 die besluit, sinode 1995, dat teologiese dae op streeksbasis aangebied word, te herroep;

6.3.3.2 'n ernstige beroep op predikante te doen om moeite te doen om die predikantekonferensies by te woon ter wille van gesamentlike teologiese besinning en verryking; en

6.3.3.3 'n dringende versoek tot kerkrade te rig om predikante aan te moedig om die predikantekonferensies, wat een keer per jaar gehou word, by te woon deur die reiskoste te vergoed of 'n bydrae te doen.

6.4 Verdere Teologiese Opleiding (VTO)

Daar kon nog nie weer 'n VTO-kursus vir predikante gereël word nie. Die jaarlikse eindeksamen begin reeds vroeg in Oktober. Gedurende 1996 het twee dosente ernstige operasies ondergaan. Die onderhandelinge met die Bedryfskomitee van die BCVO het reeds gedurende Maart 1996 begin en veel tyd in beslag geneem.

6.5 Onderhandelinge met die Bedryfskomitee van die BCVO

Soos aan vorige sinodes gerapporteer, het die behoefte aan 'n vrye universiteit, wat rondom die Teologiese Skool gestig behoort te word, om twee redes uiters aktueel geword. Die eerste is dat dit dringend noodsaaklik geword het, vanweë nadelige beïnvloeding aan universiteite, dat die admissante 'n veilige opleiding moet ontvang en tweedens groei die behoefte en neem die aandrang toe, soos dit ook korrek is, by die oud-studente van die Teologiese Skool en vele predikante, om gevorderde teologiese studie te onderneem aan 'n teologiese inrigting waarin die AP kerkverband 'n sê het en onder die leiding en promotorskap van die dosente van die Teologiese Skool.

Die Kuratorium het gevolglik verskeie moontlikhede ondersoek. Die eerste was om te onderhandel met die Bedryfskomitee van die BCVO vir studie aan die Akademie vir Christelike Volkseie Hoëronderwys. Na maandelange onderhandelinge, waarin sekere toegewings beding kon word, het die onderhandelinge skipbreuk gely vanweë die eis van 'n hele aantal verpligte vakke, waaromtrent die Bedryfskomitee nie toegewings wou maak nie, terwyl die sinode net ten opsigte van Grieks en Hebreeus en 'n leeskennis van Duits verpligtinge gestel het. Dit is die sinode wat besluit wat verpligtend is vir sy studente en nie die universiteit nie.

Die tweede was om die moontlikheid te ondersoek van 'n eie propedeutiese studie en gevorderde teologiese studie of akkreditering by 'n binnelandse of buitelandse universiteit. Intussen is kennis geneem van 'n brosjure in verband met "Understanding the Nationale Qualifications Framework – a quide to lifelong learning" van die Departement van Onderwys, waarvolgens geregistreer kan word as 'n "Professional Institution" met die reg van toekenning van B-, M- en D-grade. Dít maak die deur dan oop dat, as die Teologiese Skool as 'n professionele inrigting sou kan registreer, die Teologiese Skool ook nie langer net 'n Diploma in Teologie kan toeken nie, maar 'n B.Th en dan verder 'n M.Th en D.Th, asook 'n BA-admissie. Navraag is gedoen vir die registrasie, dog toe het die Departement van Onderwys nog nie die Raad saamgestel by wie geregistreer moet word nie. 'n Aanbod is gemaak dat die Kuratorium name voorlê om die benoeming van die Raad te bespoedig.

Die Kuratorium het derdens aandag gegee aan 'n eie propedeutiese opleiding met verpligte vakke soos Grieks, Hebreeus en 'n Duitse leeskennis en keusevakke. Die Kuratorium het ook die teologiese dosente geraadpleeg ten opsigte van hulpverlening met onderrig in die propedeutiese vakke, asook hulp deur kuratore en ander predikante, sodat die aanstelling van addisionele dosente sover doenlik voorkom kan word, soos byvoorbeeld Grieks (prof. Theron), Hebreeus (prof. Robbertze), Geskiedenis (prof. Van Staden), Bybelkunde (prof. Marè), Volkekunde (ds. HDK van der Merwe), Sosiologie (dr. H Smith), om enkeles te noem. Die klasgeld wat admissante betaal, sal in hoë mate die koste van honoraria aan dosente kan vergoed. Die biblioteek besit reeds publikasies vir Grieks, Hebreeus, Wysbegeerte, Sielkunde, Sosiologie, Volkekunde en ander, asook die rekenaar sodat boeke daarop opgespoor kan word. Daar sal ook voorlopig, afhangend van die toename in studentetal, genoegsaam ruimte in die Teologiese Skoolgebou wees vir die akkommodasie van admissante. Die roosters sal opgestel kan word volgens behoefte.

Ander moontlikhede word ondersoek en sal DV by die sinode toegelig word.

6.5.1 AANBEVELING

Die sinode besluit

6.5.1.1 in beginsel om admissiestudie en gevorderde teologiese studie op meesters- en doktorale vlak aan die Teologiese Skool vanaf 1998 te implementeer;

6.5.1.2 om volmag aan die Kuratorium te gee om die implementering van gevorderde teologiese studie op M en D vlak op die mees eko-

nomiese wyse uit te voer in die beste belang van die kerkverband;

6.5.1.3 dat die Finansiële Kommissie die Kuratorium hierin sal bystaan.

6.6 **Teologiese Opleiding**

Kragtens besluit van die sinode 1991 moet die onderstaande gegewens ten opsigte van die teologiese opleiding aan die Teologiese Skool in elke verslag van die Kuratorium aan die sinode herhaal word. Die teologiese opleiding, wat oor drie jaar strek, is tans soos volg:

6.6.1 **Volledige kurrikulum**

Ou Testament: Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek (½ jr.);

Nuwe Testament: Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek (½ jr.);

Dogmatologie: Dogmatiek (3 jr.); Christelike Etiek (3 jr.); Dogmageskiedenis (3 jr.); Simboliek (1 jr.); Apologetiek (1 jr.); Sektekunde (1 jr.);

Ekklesiologie: Algemene Kerkgeskiedenis (3 jr.); Vaderlandse Kerkgeskiedenis (3 jr.); Kerkreg (3 jr.); met Ekumenika (½ jr.) en Ensiklopedie (½ jr.);

Praktiese Teologie (Diakoniologie): Homiletiek (teorie en prakties (3 jr.); Liturgiek (1 jr.); Poimeniek (3 jr, vanaf 1997, verleng na 3 jaar); Kategetiek (2 jr.); Diakoniek (½ jr.); Evangelistiek (½ jr.); Pastorale Psigologie (2 jr.) en Kybernetiek (2 jr.);

Missiologie: Sendingteorie (1 jr.); Sendingmetodiek (1 jr.); Elenktiek (½ jr.) en Sendinggeskiedenis (2 jr.);

Godsdienswetenskap: Godsdiensgeskiedenis (1½ jr.); Fenomenologie van die godsdiens (½ jr.).

6.6.2 **Praktiese Opleiding**

Die praktiese opleiding wat die studente ontvang, is soos volg:

6.6.2.1 praktiese werk in die Homiletiek, wat bestaan uit klaspreke in die vierde, vyfde en sesde jaar uit die Ou Testament, Nuwe Testament en Belydenisskrifte; 'n kritiekpreek in die vyfde jaar in 'n erediens in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente en 'n proefpreek in die sesde jaar in 'n erediens in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente met twee kuratore as eksterne eksaminatore by elke proefpreek;

6.6.2.2 al die praktiese vakke, asook van die ander vakke, waar enigsins moontlik, word só aangebied dat die studente vanuit die teorie in die praktyk ingelei word; bepaalde vakke bied ruim geleentheid vir praktiese klasbespreking;

6.6.2.3 al drie jaargange is verplig om jaarliks in 'n plaaslike kerk Pinksterbyeenkomste waar te neem soos gereël met plaaslike kerkrade met die goedkeuring van die dosent in Praktiese Teologie;

6.6.2.4 die vierdejaarstudente doen verpligtend vir tien dae per jaar allesinsluitende praktiese werk in 'n plaaslike kerk onder leiding van die pastor loci, soos deur die dosent in die Praktiese Teologie gereël, wat volgens vaste voorskrif skriftelike verslag aan die Kuratorium moet doen;

die vyfdejaarstudente doen die verpligte praktiese werk vir veertien dae en die sesdejaarstudente vir drie weke, net soos bepaal vir die vierdejaars, met verslag aan die Kuratorium, met dien verstande dat die sesdejaarstudente ook in 'n vakante gemeente onder toesig van die ouderlingeraad die voorgeskrewe praktiese werk kan doen;

6.6.2.5 die vierdejaarstudente kry vergunning om, vanaf die tweede semester en ook in die vyfde studiejaar, leesdienste onder toesig van die pastor loci of ouderlingeraad waar te neem, as deel van die praktiese werk, terwyl die sesdejaarstudente die vergunning het om onder dieselfde toesig, as deel van hulle praktiese werk, ook in vakante gemeentes of indien die predikant met verlof is 'n eie "preek" as stigtelike woord te spreek in plaas van 'n preek wat voorgelees word.

6.6.2.6 Die vak Poimeniek is verleng na 'n driejarige kursus ten einde die dosent in die Praktiese Teologie die geleentheid te bied om ook siekebesoek, hospitaalbearbeiding, jeugwerk en ander praktiese aangeleenthede te laat beoefen.

6.6.3 AANBEVELING

Die sinode neem met waardering kennis van die hoë vlak van teologiese opleiding wat ons studente ontvang; ook van die praktiese ervaring wat hulle opdoen gedurende hul studiejare en die bystand wat kerkrade in verband met die praktiese opleiding verleen.

6.7 **Studente**

6.7.1 **Teologiese studente**

Sedert die vorige sinode het die volgende studente aan die Teologiese Skool afstudeer:

1995 – WJA van Schalkwyk, met lof;

1996 – CA Swanepoel, met lof.

Die volgende studente moes ongelukkig hulle studies staak: J Rossouw in sy finale jaar 1995 en JP Duvenage aan die einde van sy vyfde jaar, 1995.

1997 –

Sesdejaar: N Swart.

Vyfde jaar: CJ Bezuidenhout, A Hough, LJ van Wyk en A Swart. G de Bruyn het sy teologiese studies gedurende 1996 na ses maande gestaak.

Vierde jaar: MJL Jordaan, PJ Möller, LE Prinsloo en JL Schutte. K Myburgh, 'n onderwyser, kon nie met sy teologiese studies begin nie, omdat die Onderwysdepartement besluit het om sy pakket eers in Junie 1997 in plaas van Desember 1996 uit te betaal. JJ Potgieter het sy BA verwerf, maar nie vanjaar met teologiese studie voortgegaan nie. WA Botha het besluit om na die NH Kerk oor te gaan.

6.7.2 Admissante

6.7.2.1 Die volgende studente het vir die studiejaar 1997 geregistreer:

GDS Smit (BA III UP), C Vermaak (BA III UP), LD Greyling (BA III UP), Neil Prinsloo (BA III PU vir CHO), JN Ackerman (BA III PU vir CHO), T Joubert (BA II PU vir CHO), C le Roux (BA II UP), W Pretorius (BA I Akademie), H Schermann (BA I UP), PJ van der Nest (BA II Unisa), Viljoen (BA I PU vir CHO), mej. E Senekal (MA UOVS), BJP Oosthuisen (UP).

Die volgende studente het studie gestaak: JGL Booysen, W Wessels, mej. Y Swart.

6.7.3 AANBEVELINGS

6.7.3.1 Die sinode verwelkom die 2 studente wat sedert die vorige vergadering hulle studie voltooi het as leraars, t.w. di. Willem van Schalkwyk en Alwyn Swanepoel.

6.7.3.2 Die sinode neem met dankbaarheid kennis van die mooi getal studente in die 6 studiejaargange en versoek hulle van volgehoue belangstelling en voorbidding.

6.7.3.3 Die sinode roep kerkrade en gemeentes op om gereeld te bid dat die Here van die oes arbeiders sal uitstuur. Jongmanne word ook gevra om erns te maak met die roepstem van die Here.

6.7.3.4 Die sinode neem met leedwese kennis van teologiese studente en admissante wat hul studie gestaak het.

6.8 Eksaminering sesdejaarstudente

Die Kuratorium het in 1994 'n stelsel vir die intensifering van die eksamen van die sesdejaarstudente geïmplementeer. Ten opsigte van die akademiese eksamen tree kuratore op as eksterne eksaminatore in elke finalejaar vak met skriftelike verslag aan die Kuratorium. Vir die kerklike eksamen en ondersoek verdeel die kuratore in subkommissies wat elke student indiwidueel ontmoet, ondersoek en ondervra ten opsigte van roepingsbewustheid, regsinnigheid, praktiese kennis, die Kerkorde en praktiese toepassing. Elke subkommissie rapporteer oor die studente aan die Kuratorium. Die kuratore, wat as eksterne eksaminatore met die proefpreke optree, rapporteer skriftelik oor die proefpreeklewering. Vir elke skripsie tree twee kuratore as eksterne eksaminatore op met skriftelike verslag aan die Kuratorium. Die Kuratorium ontmoet dan die studente persoonlik met al die inligting vir die finale ondersoek en ondervraging, waarna besluit word oor die legitimasie.

6.9 Oefenaar

Die laaste oefenaar, MJG Botes, wat werksaam was in die AP Kerk Middelburg, het sy BA verwerf en sy teologiese studies gedurende 1996 afgehandel. Na ondersoek deur die Kuratorium is hy op 9 September 1996 gelegitimeer en beroepbaar gestel as proponent.

6.9.1 AANBEVELING

Die sinode neem met dankbaarheid kennis van die laaste oefenaar wat sy studie voltooi het, en verwelkom ds. Gerhard Botes as leraar in hierdie vergadering.

6.10 Biblioteek

6.10.1 Boekery

Sedert die vorige sinode het die biblioteek heelwat skenkings, veral van predikante van die AP Kerkverband ontvang, dog ook van predikante uit ander kerkverbande. 'n Ruim aantal baie waardevolle teologies wetenskaplike werke, hoofsaaklik oor die nuwe Testament, met insluiting van dogmatiese, etiese, praktiese, kerkhistoriese en kerkregkundige publikasies is vir 'n billike prys van prof. G Kruger, Stellenbosch aangekoop. 'n Paar ander teologies wetenskaplike publikasies is aangekoop.

6.10.2 Rekenaar

'n Rekenaarstelsel met vier rekenaars is vir die biblioteek aangekoop teen R34 000-00 en geïnstalleer, waarmee wêreldwyd met biblioteke geskakel kan word.

6.10.3 Ruimte

Aangesien die biblioteekruimte reeds te klein geword het, het die Kuratorium die rektor ver-

soek om die boekery na te gaan en alle publikasies, wat eintlik nie in 'n teologiese biblioteek gehou behoort te word nie, uit te soek en sover doenlik van die hand te probeer sit, onder andere aan die studente. As gevolg van skenkings het dit ook gebeur dat van bepaalde publikasies daar eintlik te veel is, wat ook verkoop kan word, aangesien skenkers nie voorwaardes gestel het nie. Dit word geoordeel dat vyf van 'n publikasie en drie stelle van 'n reeks genoegsaam is vir die biblioteek, veral vanweë die onvoldoende ruimte. Daarmee moet geen donateur, wat teologies wetenskaplike publikasies wil skenk, ontmoedig word om skenkings te doen nie, aangesien steeds ontbrekende publikasies ontvang word.

6.10.4 Ordening

Die rektor het tot aan die einde van 1995 alle boeke in die biblioteek volgens die verskillende teologiese vakke en volgens ander vakke soos geskiedenis, wysbegeerte, sielkunde ens. uitgesorteer gehad. Hy het toe begin met die ordening van die boeke van elke vak. Ongelukkig het 'n ernstige operasie aan die begin van 1996 stremmend ingewerk. Intussen is gedurende 1996 heelwat skenkings ontvang en die boekery van prof. Kruger in ontvangs geneem. Al hierdie boeke is egter reeds in die verskillende vakke gesorteer. Die ordening van die boeke van elke vak vorder goed, asook die uitsortering van die boeke, kyk pt. 6.10.3. Die probleem van ruimte bly steeds aktueel. Die biblioteek behoort teen die einde van 1997 georden te wees ten spyte van nuwe skenkings wat steeds ontvang word.

6.10.5 AANBEVELINGS

6.10.5.1 Die sinode neem met dankbaarheid kennis van die uitbreiding van die biblioteek deur skenkings en aankope; ook van die wonderlike moontlikhede wat die rekenaar bied.

6.10.5.2 Die sinode bedank die rektor, prof. Van Staden, vir sy persoonlike bemoeienis met die biblioteek; ook vir die baie tyd en energie wat hy bestee het in die ordening van die boeke.

6.10.5.3 Die sinode neem kennis van die beperkte ruimte vir die teologiese biblioteek en versoek die BRKA om hulp te verleen.

6.10.5.4 Die sinode besluit uit erkentlikheid teenoor prof. FAH van Staden wat die biblioteek van die grond af opgebou het, om die biblioteek te vernoem tot die "FAH van Staden Biblioteek".

6.11 Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

Admissante en teologiese studente word vanuit hierdie enigste studiefonds met studielenings gehelp na die mate dat die sterkte van die fonds dit toelaat, wat jaarliks ontoereikend blyk te wees vanweë die toename in die studentetal en die swak ekonomiese toestand in die land. Donasies is baie min. Die reëling dat polisse die lenings na 'n periode terugbetaal, het nog nie die uitbetalingsdatums begin bereik nie. Wanneer dit bereik word, sal 'n jaarlikse bedrag na die fonds terugkeer. Gevolglik is die fonds nog hoofsaaklik afhanklik van bewilliging deur die sinode op begroting.

Die broeder W Scholtz van die AP Kerk Ottosdal, wat tragies op sy plaas vermoor is, het 'n bedrag van R500 500,00 nagelaat aan die AP kerk Ottosdal vir studielenings aan blanke studente. Die kerkraad moes, kragtens die testament, as trustees self die erflating belê en kon dit nie oordra aan 'n ander instansie nie. Dit is besluit om dit ten beste te belê en die jaarlikse rente-opbrengs min 20%, waarmee die kapitaal aangesterk moet word, oor te betaal aan die Kuratorium ten bate van die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds. Die rente-opbrengs van net meer as R2 000-00 vir die kort beleggingsperiode gedurende 1996 is aan die Fonds oorbetaal.

AANBEVELINGS

6.11.1 Die sinode neem met dankbaarheid kennis van die toename in die getal teologiese studente en besef dat die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds alhoemeer ontoereikend word om te voorsien in die groter aanvraag. Kerkrade en lidmate word opgeroep om biddend te oorweeg wat hieraan gedoen kan word.

6.11.2 Die sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die groot nalatenskap van wyle br. W Scholtz van APK Ottosdal. Die kerkraad word bedank vir die pragtige bedrag wat hulle na die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds gekanaliseer het asook vir wat hulle nog in die toekoms mag doen.

7. PREDIKANTSKAP/PROPONENTSKAP

7.1 Aanmeldings en aansoeke

By die skriba van die Kuratorium het sedert die sesde sinode tot op 21 April 1997 34 predikante uit ander kerkverbande, oud-predikante uit die AP Kerkverband en ander kerkverbande en proponente uit ander kerkverbande aangemeld met die oog op aansoek vir predikantskap/proponentskap in die AP Kerkverband.

Hiervan het 28 aansoeke ingedien.

7.2 Aansoeke goedgekeur en beroepbaar gestel

Die volgende 11 aansoekers is vanaf Oktober 1995 tot April 1997 na intensiewe ondersoek deur en gesprekke met die Kuratorium goedgekeur en beroepbaar gestel:

Di. FC Burger, LLE de Lange, WF du Toit, KK Lamprecht, D Louw, NJ Nell, JCG Janse van Vuuren, WJD van Wyk en proponente JI de Kock, HM Grobler, CT Kleynhans.

7.2.1 AANBEVELING

Die sinode neem met dank kennis van hierdie 11 leraars wat tot ons predikantegeledere toegevoeg is sedert die vorige sinode; hulle word hartlik verwelkom in ons vergadering.

7.3 Aansoeke hangende

Die aansoeke van 5 persone is nog hangende.

7.4 Aansoeke afgekeur of teruggetrek

Die aansoeke van 12 persone is afgekeur.

7.5 Ondersoek na behoefte

Die Kuratorium het 'n ondersoek ingestel na die behoefte aan predikante in die kerkverband met inagneming van die studente en predikante wat binne jare mag emeriteer ten einde te verseker dat toelatings nie 'n oorskot van predikante tot gevolg gaan hê nie.

7.6 Keuring

Indien gelet word op die getal aansoekers, die getal toegelaat en die getal afgekeur, is dit duidelik dat die Kuratorium arts. 10.1, 10.2 en 10.3 van die Kerkorde en die besluit van die sinode 1993 met 'n baie fyn sif toepas. Die Kuratorium waak baie ernstig oor die belange van die kerkverband. Aansoekers is verplig om 'n preek elk uit die Ou Testament, Nuwe Testament en die Heidelbergse Kategismus in te lewer en skripsies oor die ontstaansgeskiedenis van die AP kerkverband en die kerkvergaderings volgens die Kerkorde. Dit is ook besluit om voortaan aandag te gee aan die liturgie aan die hand van prof. Van Staden se nuwe publikasie "Orde in die erediens". Die Kuratorium het besluit om geen proponent uit 'n ander kerkverband se aansoek te finaliseer, alvorens elke proponent, volgens die vereistes wat die Kuratorium stel, vir 'n korter of langer tydperk aan die Teologiese Skool hospiteer nie, met besondere aandag aan die Belydenisskrifte, bepaalde leerstellings, die presbiteriale stelsel van kerkregering en die Kerkorde en die prediking, veral die Kategismusprediking. Sommige predikante wat aansoek gedoen het, was ook aan hierdie vereistes onderwerp.

Die Kuratorium probeer ook, sover doenlik en bewegings vasgestel kan word, om plaaslike AP kerke se kerkrade en ook die ringe te raadpleeg, dog nie altyd met sukses, veral wat die ringe betref nie. Aan die anderkant ontvang die Kuratorium soms te laat besware, terwyl die Kuratorium nie altyd kennis verkry vanuit die aansoek en andersins waar 'n aansoeker wel in die AP kerkverband bekend is nie. Die Kuratorium het ook soms ten opsigte van aansoekers gerugte verneem, wat oor 'n lang tydperk van maande opgevolg is met navrae waar enigsins moontlik, sonder dat enige bevestiging hoegenaamd verkry is. Die Kuratorium kry ook soms te maak met die aandrang van 'n kerkraad, wanneer 'n aansoek afgekeur is, dat die aansoeker toegelaat moet word, omdat, soos die persoon daar plaaslik leer ken is, hy bo alle verdenking is, terwyl die Kuratorium met ander getuienis sit. Die Kuratorium kry ook te make met AP Kerkverbandpredikante wat dwingende voorspraak doen vir aansoekers, terwyl die Kuratorium ook oor negatiewe getuienis beskik. Die Kuratorium ontvang ook soms 'n beswaar, wat opgeweeg moet word teen 'n geweldige oorwig van goeie getuienis. Hier kom dan baie wysheid te pas wanneer eerlikheid en regverdigheid baie swaar weeg.

7.6.1 AANBEVELING

Die sinode versoek die Kuratorium om steeds baie deeglike keuring toe te pas wanneer daar gehandel word met aansoeke om status.

7.7 Status van predikante

Die Kuratorium neem periodiek kennis van emeriti, hetsy om redes van ouderdom of gesondheid, wat demissie ontvang het, (kyk in die verband bep. 4H van die Kerkorde) dog nie sorg dra dat dit as attestaat ingelewer word by die gemeente waar hulle vestig of by herbevestiging vir verkryging van lidmaatskap in die plaaslike kerk (kyk art. 4) nie. Versuim hiermee bring die lidmaatskap in die gedrang en daarmee vanselfsprekend die predikantstatus. Dit kan langs die weg gebeur dat 'n emeritus-predikant sy lidmaatskap en status verbeur het, dog lustig voortgaan met prediking, sakramentsbediening en selfs tydelike bediening in 'n gemeente. Dit is nie maklik vir ringe om op te tree nie, omdat ringe nie altyd kan weet wie die skuldiges is nie en kerkrade goedertrou van die dienste gebruik maak. Die Kuratorium, ringe en kerkrade het die verleentheid dat hulle glad nie weet by welke ouderlingeraad navraag gedoen kan word nie. Die Kuratorium het met die verleentheid sonder kerkordelike bevoegdheid by sekere emeriti navraag gedoen met

goeie gevolg, dog ook tevergeefs. Dit bring eredienste, sakramentsbediening, huweliksbevestiginge ens. in ernstige gedrang. Die sinode moet 'n weg aanwys om die situasie te beredder.

7.7.1 AANBEVELING

Die sinode besluit

dat aangesien die Kuratorium volgens art. 10 en 17.3 van die Kerkorde status aan predikante verleen en studente legitimeer en beroepbaar stel, waardeur predikantstatus eventueel verkry kan word, om dit aan die Kuratorium op te dra om in samewerking met kerkrade en ringe kontrole uit te oefen oor die lidmaatskap van emeriti met die gepaste optrede saam met kerkrade en ringe volgens die artikels en bepalings van die Kerkorde ter beskerming van gemeentes teen ongerymde optrede.

8. BESKRYWINGSPUNTE

8.1 **Ring van Vereeniging (1)**

Die sinode herinner aan sy besluit (Handelinge 1993, bl. 229) wat lui: Die sinode besluit dat by die toetrede van leraars en proponente, instudering in die eie etos (identiteit) van die APK soos dit na vore tree in die KO en Bepalings en sinodale besluite, vereis sal word, en dat daar op 'n geskikte wyse, soos deur die Kuratorium gereël, rekenskap geëis sal word. Hierdie rekenskap behoort binne die eerste jaar na toetrede afgehandel te word. Die sinode versoek die Kuratorium om tydens hierdie sitting, en op hiernavolgende sittings van die sinode te rapporteer oor sy gedrag.

AANBEVELINGS

8.1.1 Die sinode neem kennis van die herinnering aan sy besluit oor die instudering in die etos van die AP Kerk deur toegelate leraars en proponente (Handelinge 1993, bl. 229) en

8.1.2 die sinode neem kennis dat die Kuratorium die besluit uitvoer soos onder pt. 7.6 van sy verslag aan die agtste sinode.

8.2 **Ring van Vereeniging (2)**

Die sinode neem met ontsteltenis kennis dat die sinodebesluit oor 'Wie mag in 'n AP Kerk preek?' (KO 1996, bl. 51–52) deur sommige binne die APK sodanig afgewater word in praktyk dat aan die APK-karakter van die AP Kerke ernstige skade berokken word. Derhalwe bring die sinode die besluit opnuut onder die aandag van alle APK-lidmate, APK-ampsdraers en APK-vergaderings. Die sinode gee opdrag aan ringe om onverwyld op te tree teen kerkrade wat hul skuldig maak aan afwatering van die besluit. Ook beklemtoon die sinode dat hy met 'SKK' en 'dagbestuur van die Kuratorium' hierdie liggame in amptelike vergadering bedoel; en dat van die uitnodiging van 'n kerkraad aan 'n nie-APK-leraar om by geleentheid in 'n AP kerk (AP-gemeente) op te tree, skriftelike bewys aan die SKK of die dagbestuur van die Kuratorium voorgelê moet word, en dat die betrokke ring/ ringskommissie onmiddellik van die besluit van die SKK of dagbestuur van die Kuratorium verwittig moet word. Die SKK en die dagbestuur van die Kuratorium via die Kuratorium moet aan die sinode rapport lewer van die getal vergünnings aan kerkrade toegestaan.

8.2.1 Motivering

1. Veral die vergunning aan nie-APK-leraars (1.3 en 1.4 van die betrokke besluit) om by wyse van hoë uitsondering op te tree in AP kerke, word ernstig afgewater. Kerkrade laat toe dat eie ouderlinge die geleentheid om 'n leesdiens te hou, ontsê word deur 'n bekombare nie-APK-leraar (soms in aller yl) nader te roep.
2. Kerkrade laat toe dat 'n nie-APK-leraar vir korter of langer tyd in 'n gemeente preek en selfs pastorale arbeid verrig.
3. 'n Enkele lid of 'n paar lede van die SKK of dagbestuur van die Kuratorium gee telefonies goedkeuring vir die optrede van 'n nie-APK-leraar in 'n AP kerk (AP-gemeente).
4. Ringe kyk roerloos en lydelik toe na misbruik deur kerkrade van wat as sinodale vergunning "slegs by wyse van hoë uitsondering en as tydelike maatreël" bedoel was.
5. Intussen word die selfstandigheid en karakter van die AP Kerk weens die afwatering van 'n sinodale vergunning afgetakel.

8.2.2 AANBEVELING

Die sinode besluit om te volstaan met sy besluit soos dit in die kerkordeboek 1996 bls. 51–52 onder die opskrif "Wie mag in 'n AP kerk preek?" gepubliseer is en doen 'n dringende beroep op kerkrade om die besluit te gehoorsaam en streng toe te pas tot beskerming en die welwese van die gemeentes, aangesien sinodale besluite bindend is op lidmate, kerkrade en ander kerklike vergaderings, met volledige inagneming van die bepaling van art. 37F2 van die Kerkorde.

Motivering

1. Die besluit van die sinode beperk kerkrade tot die minimum toegewing in noodsituasies met die bale streng vereistes van 'n tydelike maatreël by wyse van hoë uitsondering;

2. kerkrade van vakante en nie-vakante gemeentes moet volgens art. 37F2 onderhandel vir konsulentsbediening;
3. kerkrade van vakante gemeentes moet vir langer dienstydperke kennis neem van die lys van die emeriti in die AP Kerkverband;
4. ringe behoort kennis te neem van die bediening in vakante gemeentes en in gemeentes met 'n eie predikant deur middel van kerkvisitasie en leiding te gee.

9. BEGROTING

Kyk vir die Begroting van die Kuratorium met aanbeveling in die Verslag van die Sinodale Finansiële Kommissie aan die sinode-1997.

10. SLOT

Die Kuratorium vertrou dat hy sy opdrag volgens arts. 9 en 10 van die Kerkorde-1996 en sy lasgewing, Kerkorde-1996, bl. 116, bevredigend uitgevoer het en bid die sinode die seën van die Here toe op sy sitting, beraadslagings en besluite.

DS. A BOSHOFF SR. (VOORSITTER)
PROF. DR. FAH VAN STADEN (SKRIBA)

Verslag: Kommissie vir Kerksang en Kerkmusiek (KKM)

TYDPERK: 5 SEPTEMBER 1995 TOT 7 MEI 1997

1. PERSONEEL

1.1 Deur sewende sinode aangewys

Di. JD van der Merwe (voorsitter), GG le Roux (ondervoorsitter), DJ Malan (skriba), JH Theron, CJS Botha, JG van Staden. Sekundus: ds. ZB Loots. **Gekoöpteerde lede:** proff. R Marè, JC Lombard, HCG Robbertze, ds. G Venter, mevv. PJ Cloete en A Boshoff.

1.2 Deur KKM gekoöpteer a.g.v. kundigheid en belangstelling

Dr. Louw du Toit (digter) en ds. OD Scheuer.

2. VERGADERINGS

Vier gewone kommissievergaderings is gehou t.w. op 5 September 1995 – konstituering tydens sinodesitting; 3–4 Mei 1996 (Pretoria); 21–22 Oktober 1996 (Pretoria) en 27–28 Januarie 1997 (Pretoria).

Drie Dagbestuurvergaderings is gehou t.w. op 18 November 1995 (Vereeniging); 5 Mei 1997 (Frankfort); 6 Mei 1997 (Pretoria).

Enkele ad hoc-kommissievergaderings is gehou o.a. op 22 November 1995 – St. Lucia; 25 April 1996 (Brookshuis, Pretoria) saam met Pk. en KKS; 8 Februarie en 5 November 1996 (Sinodale sentrums NHK en NGK, Pretoria) op uitnodiging van Tussenkerklike Kommissie vir Publikasies (TKKP); 5–6 November 1996 en 10–12 Maart 1997 (Pretoria), Gesamentlike Gesange-hersieningskommissie.

3. UITVOERING VAN OPDRAGTE VAN SEWENDE SINODE IN DIE LIG VAN KKM LASGEWING (Kerkorde 1996, bl. 115)

3.1 Proefsangbundel (Psb)

3.1.1 **Lasgewing 1** *Die kommissie stel hom ten doel om uiteindelik 'n eie sangbundel vir die AP Kerk daar te stel in die plek van die huidige Psalm- en Gesangeboek.*

3.1.2 **Sinode-opdrag** (Handelinge bl. 265)

Die KKM het 'n voorlopige konsep-Psb voor die sinode gelê wat in beginsel goedgekeur is.

Die sinode besluit voorts: Die hele Psb word na gemeentes deurgestuur vir gebruik buite die erediens vir kritiese evaluering; en die sinode keur dit goed dat deel 1 tot 3 van die Psb aan alle gemeentes beskikbaar gestel word vir voorafsang voor die erediens.

3.1.3 **Grondige hersiening en herrangskikking van die konsepproefsangbundel. Finale produk gedruk en versprei.**

Die KKM het die konsep-Psb wat voor die sewende sinode gedien het, grondig hersien in die lig van 'n prinsipiële, dogmatiese en literêre kritiek wat prof. R Marè gelewer het, asook ander kritiek wat direk na die sinodesitting aan die KKM gerig is.

Gevolglik is die verdeling in drie dele weggelaat en die inhoud alfabeties gerangskik. Liedere (verkieslik *Proefgesange* – sien **AANBEVELINGS** hieronder) waaraan nog *geskaaf* moet word, is deeglik en grondig hersien en afgerond. Die voorwoord is in sy geheel herskryf en Proefgesange waaroor twyfel bestaan het t.o.v. die kopiereg, is weggelaat.

Hierdie finale produk is deeglik met die Publikasiekommissie (Pk.) en Kommissie vir Kerkregtelike Sake bespreek en in 'n groter lettertipe aan die Pk. voorsien vir druk en verspreiding aan gemeentes.

Die bladuitleg en setwerk is deur ds. Gerhardt Venter gedoen en die Psb is gedruk en gebind deur Aurora drukpers. Dit verskyn op 17 Julie 1996.

Die Psb het verrassend goed verkoop. Die eerste oplaag was 5000, die tweede 4000 en die derde 2500. Hierdie oplae is reeds uitverkoop.

3.1.4 **Kommentaar en kritiek op die Psb**

3.1.4.1 SINODEBESLUIT

... Dat die Psb ... na gemeentes deurgestuur word vir kritiese evaluering en

Die sinode versoek kerkrade om voor 30 November 1996 terugvoering te gee en kommentaar te lewer op die Psb en/of wysigings aan die KKM voor te lê.

3.1.4.2 **Datumverlenging**

In die lig van die laat verskyning van die Psb (op 17 Julie 1996) het die KKM d.m.v. *Die Boodskapper* gevra dat die "afsnydatum" vir insending van kritiek verleng word tot einde Februarie 1997.

3.1.4.3 **Kritiek gevra deur die KKM**

In die voorwoord tot die Psb vra die KKM vriendelik dat gemeentes en/of lidmate vrymoediglik terugvoering sal gee in die vorm van skriftelike kritiek – sowel positief as negatief.

3.1.4.4 **Kommentaar/kritiek is o.a. van die volgende persone ontvang**

Mev. Ina van Rensburg, APK Groter Durban; mev. JM van der Walt, Heilbron; Heidi Faber, Rietkuil; Ronnie Gower, Nelspruit; ds. TJ Verryne, Hluhluwe; mnre. ALI Naude en PJJ Laubscher, Orania; mnr. DF Hüsselman, Velddrif; De Bruyngesin, Riversdal; mev. GM Swanepoel (2), Maraisburg-Noord; DJ Kleingeld, Riversdal; SE Swart, Brixton, Johannesburg; K van Zyl, Potchefstroom; JH Swanepoel; dr. CI van Heerden en mev. M van der Lith (orreliste), Bronkhorstspruit; CH Bester, Amandasig Aftree Oord, Karenpark; RG Tait, Germiston; LA Kriel, Kuilsrivier; J de Klhu, Philippolis; mev. Hilde du Plessis, Johan Terblans, Rina en Susan Geldenhuys – almal van Lichtenburg.

3.1.4.5 **Kommentaar/kritiek van gemeentes/ kerkrade/ringe**

Die AP Kerk Roodepoort betuig waardering maar lewer ook skerp kritiek.

Die AP Kerk Namakwaland verwerp die Psb in sy geheel. Die AP Kerk Kimberley gee kennis dat hulle dit nie sal gebruik nie.

AP Kerk Bronkhorstspruit spreek hul kritiese waardering uit. Die AP Kerk Griekwastad – mate van verset onder lidmate; kerkraad wil deur fotokopiëring die Psb bekendstel. Die ring van De Aar spreek positiewe en negatiewe kritiek uit.

3.1.4.6 **Volledige, weldeurdagte kritiek is van die volgende persone ontvang**

Prof. R Marè, di. RMJ Britz, Wonderboom; OD Scheuer, Koffiefontein; mev. EM Hanekom, Messina; ds. en mev. FC Burger, Carnarvon – 'n volledige verhandeling.

3.1.4.7 **Mondelinge en telefoniese kritiek**

Talle lidmate het telefonies en in persoonlike gesprekke met KKM-lede hulle waardering uitgespreek t.o.v. die Psb.

Tydens die orrelistekonferensies het baie orreliste getuig dat hulle reeds die Psb in hul gemeentes gebruik waaruit hartlik gesing word.

3.1.4.8 **KKM-reaksie op kritiek**

3.1.4.8.1 In die meeste gevalle is die kritici persoonlik en/of skriftelik deur KKM-lede geantwoord.

3.1.4.8.2 Uit waardering vir die volledige kritiek wat ds. OD Scheuer gelewer het, is hy deur die KKM uitgenooi na 'n werkswinkel-vergadering op 27–28 Januarie 1997.

3.1.4.8.3 Op grond daarvan dat die Psb verskeie herdrukke beleef het en dat tot op datum reeds duisende kopieë gedruk en versprei is, kan met reg die afleiding gemaak word dat talle gemeentes en lidmate die Psb met vrug gebruik, ook omdat dit in 'n lank gevoelde behoefte voorsien!

3.1.4.9 **Inhoudelike van die kritiek**

3.1.4.9.1 'n Eie AP Kerk-Proefsangbundel waarvan die woorde verskil van die "kerkliedere" wat skoolkinders en jongmense sing, skep verwarring en verleentheid by die jeug.

Hiermee sou die KKM kon saamstem, maar ...

★ in die Nuwe SA word godsdiens op skool al hoe meer afgeskaal en gevolglik word min geestelike liedere gesing;

★ 'n mens sing tog immers die woorde wat jy voor jou op skrif het – ons kan mos almal lees. Die wysies is immers bekend.

3.1.4.9.2 In die algemeen is die Psb gekritiseer as sou sommige liedere daarin "blote rymelary" wees. Verwerkings of omdigtings van die ou Hallelujaliedere is slegs kosmeties van aard.

3.1.4.9.3 Veral die ouer lidmate is (om verstaanbare redes) verknog aan die ou Hallelujaliedere en sou graag wou sien dat dit onaangetas in die Psb opgeneem word.

3.1.4.9.4 Die musiek-toon-en-woord-verhouding pla plek-plek, bv. woorde wat klem dra, is onder onbeklemtoonde note geskryf en omgekeerd.

3.1.4.9.5 Sommige liedere is in 'n verkeerde toonaard geskryf.

3.1.4.9.6 Een persoon voel dat dit verwaand is dat die name van digters bo-aan die Proefgesange verskyn. Sommige KKM-lede voel ook skuldig daaroor.

3.1.5 **Hantering van kritiek**

3.1.5.1 Die KKM vind dit uiters teleurstellend dat enkele gemeentes die Psb in sy geheel klakkeloos, d.w.s. sonder gegronde redes verwerp en gevolglik dislojaal is teenoor die sinodebesluit in die verband (vgl. Sewende Sinode Handelinge bl. 271, punt 9.4.2) wat daarop neerkom dat slegs die Psb buite die erediens in alle AP Kerk-gemeentes gebruik mag word.

3.1.5.2 Na reg moes die KKM seker al die ontvange kritiek geëvalueer en al die Proefgesange in die lig daarvan hersien het. In die meeste gevalle is die Proefgesange dan ook weer deeglik nagegaan. Aangesien daar egter reeds duisende kopieë van die Psb in omloop en versprei is, het die KKM besluit om nie weer voor die sinode 'n hersiene uitgawe die lig te laat sien nie om sodoende nie die lidmate te verwar nie. Die KKM sal die sinode vra wat met die kritiek gemaak moet word in die lig van die feit dat dit slegs 'n Proefsangbundel is.

Indien die sinode sou besluit dat die Psb hersien moet word in die lig van die kritiek, sal die KKM daaraan uitvoering gee.

3.1.6 Kritiek uit eie, d.w.s. KKM-geledere

3.1.6.1 30 verwerkte Gesange

Ons is die mening toegedaan dat die verwerkte Gesange nie baie suksesvol is nie. Dit kan afsteek by die meer bekende, bestaande Gesange in die Gesangeboek. Ons almal gee voorkeur aan die bekende lied, want bekend is bemind.

Dit moet egter onthou word dat die NGK-uitgewers die kopiereghouer is van die huidige Gesange (1976) en dié kopiereg nie aan die AP Kerk wou oordra nie. Indien ons in die rigting van 'n eie sangbundel wou werk, moes ons gebruik maak van ou melodieë en daarvoor nuwe woorde skryf.

LET WEL: Niemand van ons het op die stadium toe aan bogenoemde Gesange gewerk is, geweet dat die AP Kerk met die ander Afrikaanse kerke sou saamwerk aan 'n nuwe Psalm- en Gesangeboek nie. (Sien verslag hieronder in dié verband.)

3.1.6.2 23 Verwerkte ("omgedigte") Hallelujaliedere

Die KKM is van mening dat ons vir ons kerk met sy gereformeerde belydenis die beste en mees aanvaarbare Hallelujaliedere, na inhoud en melodie, uitgekies en ingesluit het in die Psb. Ons laat buite rekening die baie reeds verwerkte Hallelujas in die huidige Gesangeboek.

Die KKM het daarna gestrewe om die Hallelujas leerstellig en literêr te verbeter en is in beskeidenheid oortuig daarvan dat van hierdie liedere geslaagd is.

3.1.6.3 17 Nuwe skeppinge

Ons is van mening dat die nuwe skeppinge die mees suksesvolle in die Psb is.

Die toekoms sal egter uitwys watter van hierdie Proefgesange die toets van die tyd sal deurstaan.

3.2 Begeleiersboek

Die sinode dra dit aan die KKM op om so gou moontlik 'n begeleiersboek (Koraalboek) saam te stel.

Die KKM het gevolg gegee aan die opdrag en 'n netjiesgedrukte begeleiersboek saamgestel.

Die harmonisasies asook bruikbare voor- en naspele vir die proefgesange is uit die pen van mev. Rona Cloete. Sy het ook die fotokopiëring en bind van die begeleiersboek eiehandig gedoen.

'n Netjiese voorwoord verskyn in die bundel.

Die bundel is baie professioneel persklaar gemaak deur mnr. Jurie Korkie m.b.v. sy gesofistikeerde rekenaarprogram.

Die begeleiersboek is by die AP Kerk-boekwinkel teen 'n uiters bekostigbare prys beskikbaar.

3.3 AP Kerk-koorbundel

Die sinode dra dit aan die KKM op om so spoedig moontlik 'n goeie koorbundel vir gebruik in die AP Kerk die lig te laat sien.

A.g.v. verskeie omstandighede is ongelukkig nog nie formeel aan dié opdrag gevolg gegee nie. Tydens die orrelistekonferensies is egter verskeie geskikte koorstukke op los velle uitgeruil.

Sodanige koorstukke is egter vir alle AP Kerk-orreliste beskikbaar by **mev. Rona Cloete, Louis Trichardtstraat 932, Rietfontein 0084 (tel. 012 331–0298)**

3.4 Samewerking met ander Afrikaanse kerke (lasgewing no. 2)

Die KKM werk intussen met die ander drie Afrikaanse Kerke van gereformeerde belydenis saam aan die hersiening van die Psalms en Gesange vir sover dit moontlik is.

3.4.1 Agtergrond

Na aanleiding van samesprekinge wat tussen die SKK van die AP Kerk en die ASK van die NG Kerk en die Deputate van die GKSA vir gesprek met ander kerke gevoer is, het die kopiereg en die hersiening van die Psalm- en Gesangeboek ter sprake gekom. Dit het geblyk dat daar 'n merkbare kentering in die houding van veral die NGK teenoor die AP Kerk ingetree het. Hulle het gesê dat hulle sou wou sien dat die AP Kerk saamwerk aan die hersiening van die Psalm- en Gesangeboek.

Bostaande en die KKM se skriftelike reaksie hierop het eers in die reses (na die sewende sinodesitting) plaasgevind. Gevolglik is die

KKM uitgenooi om as waarnemers die Tussenkerklike Kommissie vir Publikasies (TKKP) se vergadering op 8 Februarie 1996 by te woon.

Tydens dié vergadering is die voorsitter en skriba van die KKM baie vriendelik en hartlik ontvang.

Na afloop van die vergadering het die AP Kerk d.m.v. sy KKM-verteenwoordigers op aanbeveling van die TKKP volle sittingsreg verkry en is ons gevra om verteenwoordigers te benoem op die gesamentlike hersieningskommissies belas met die hersiening van die Psalms en Gesange.

In hierdie verband haal ons graag aan uit 'n skrywe van dr. PJ de Beer, sekretaris van die TKKP o.d. 12 September 1996 gerig aan ds. MC Adendorff:

Ondergetekende het opdrag ontvang van die Tussen Kerklike Kommissie vir Publikasies (TKKP) om u te bedank vir u bereidwilligheid om saam te werk aan die nuwe Psalm- en Gesangeboek wat DV teen die jaar 2000 kan verskyn.

Ons is verder dankbaar dat u verteenwoordigers, di. JD van der Merwe en DJ Malan ons vergadering van 8 Februarie 1996 bygewoon het. Ons verwelkom die samewerking aangesien ons gemeenskaplike kerklied 'n kosbare erfenis is wat ons graag wil bevorder.

In die brief is die AP Kerk ook gevra om verteenwoordigers op die Psalm- en Gesangekommissies te benoem om sodoende insette te lewer.

In die lig van bostaande en lasgewing 2 van die KKM het die KKM die geleentheid benut en is die volgende persone benoem wat die AP Kerk amptelik verteenwoordig:

TKKP: Di. DJ Malan en GG le Roux. Psalmkommissie: Ds. JG van Staden en prof. HCG Robbertze. Gesangekommissie: Ds. JD van der Merwe en mev. PJ Cloete.

3.4.2 **Voordele verbonde aan samewerking**

3.4.2.1 Die kragte van kerke met dieselfde gereformeerde belydenis word saamgesnoer ten einde EEN sangbundel te verkry wat vir die Afrikaanse kerke aanvaarbaar is.

3.4.2.2 Die AP Kerk kry geleentheid om sy insette te lewer. Die KKM het bv. reeds aan die gesamentlike Gesangekommissie die volgende 26 Proefgesange voorgelê vir oorweging en moontlike opname in die Gemeenskaplike Gesangeboek, t.w. nommers: 1, 15, 20, 21, 22, 24, 25, 26, 29, 31, 35, 36, 38, 40, 41, 49, 50, 51, 52, 54, 57, 62, 63, 65, 71, 74. Dit sal moontlik reeds by die volgende gesamentlike Gesangekommissievergadering behandel word.

3.4.2.3 Aangesien die TKKP die kopiereghouer word, verkry die AP Kerk medeseggenskap as mede-kopiereghouer. Gevolglik sal die Geref. Kerke van SA nie meer alléén kopiereg behou oor die Psalms en die NGK Uitgewers alléén kopiereg hê oor die Evangeliese Gesange nie.

3.4.2.4 Kerklidmate van gereformeerde oorsprong en belydenis verkry hiermee een gemeenskaplike liederebundel oor kerkgrense heen wat Christen-Afrikaners saambind.

3.4.2.5 Die jeug van die Afrikaanse kerke sing in die skole en by ander geleenthede dieselfde gewyde liedere en dit skakel derhalwe onnodige verwarring en verleentheid uit.

3.4.3 **Beleidsbepaling deur KKM t.o.v. samewerking**

Op 27 Januarie 1997 het die KKM die volgende beleid neergelê:

3.4.3.1 Die KKM besluit in beginsel om met die NGK, Herv. Kerk en Geref. Kerk saam te werk aan die hersiening van die Psalms en Gesange en om die huidige geleentheid om by die TKKP in te skakel te benut en gevolglik uitvoering te gee aan die LASGEWING VAN DIE KKM (K2 op bl. 115 van die Kerkordeboek 1996-uitgawe).

3.4.3.2 Die KKM sal besin oor liedere wat in die "Stamboek" opgeneem behoort te word. Die "Stamboek" is 'n basiese Gesangeboek wat die goedkeuring van alle meewerkende kerke wegdra en waaroor daar geen twyfel by enige van die deelnemende kerke bestaan nie.

TER VERDUIDELIKING VAN DIE "STAMBOEK"-BEGINSEL:

Tydens die tweede werksvergadering van die Gesamentlike Gesangekommissie, is besef – n.a.v. 'n vraag van die AP Kerk verteenwoordigers – dat dit moontlik kan gebeur dat al die meewerkende kerke nie eenstemmigheid oor al die liedere sal kry nie.

Gevolglik is toe besluit dat die NG Kerk Uitgewers gevra sal word om vir, bv. die AP Kerk 'n Gesangeboek te druk wat naas die "stamboek"-Gesange ook ander gewyde liedere eksklusief vir die AP Kerk sal bevat. Hieraan sal 'n voorwaarde verbonde wees, nl. dat die AP Kerk waarborge sal gee dat 'n x-aantal van hierdie Gesangeboek verkoop sal word.

3.4.4 **Implikasies van samewerking**

Die feit dat samewerking met die ander Afrikaanse kerke verkry is en 'n werklikheid ge-

word het, het sekere praktiese implikasies t.o.v. die werkwyse en opdrag van die sinode aan die KKM, waaronder:

3.4.4.1 Kan lasgewing K1 onveranderd behoue bly of moet dit aangepas word, m.a.w. geld die beginsel van 'n eie sangbundel vir die AP Kerk nog steeds?

3.4.4.2 Moet die KKM dieselfde werkwyse volg as wat hy tot hiertoe gehandhaaf het?

3.4.4.3 Moet die KKM hom in die toekoms – tot met die beoogde verskyning van die nuwe Ps. en Gesangeboek – nie eerder bepaal by die kritiese evaluering van die bestaande Gesange, Jeugsangbundelliedere, *Sing onder mekaar* en ander gewyde liedere wat tans oorweeg word deur die gesamentlike Gesangekommissie nie?

3.4.4.4 Moet die KKM nie konsentreer op die skep en verkry van goeie nuwe liedere vir moontlike insluiting in die Gesamentlike Gesangeboek nie?

4. ANDER WERKSAAMHEDE

4.1 Verdere proefsangbundelliedere

Sedert die sewende sinode het die KKM onverpoosd gewerk aan verdere liedere met die oog op insluiting in die AP Kerk Proefsangbundel, nog steeds in die lig van sy lasgewing. Bo en behalwe die KKM-lede se eie skeppinge, is van verskeie AP Kerk-lidmate bydraes ontvang in die vorm van lirieke, melodieë en gewyde liedere:

4.1.1 Dr. Louw du Toit (AP Kerk Moot-Sentraal het naastenby 20 lirieke aangebied – geskryf vir bekende, bestaande Gesangemelodieë. Onder hierdie lirieke kom pragtige omdigtings voor. Vir twee van hierdie lirieke het mev. Rona Cloete goeie nuwe melodieë gekomponeer.

4.1.2 Ds. OD Scheuer het plus-minus 20 baie verdienstelike lirieke voorgelê, waaronder Psalms, Gesange en Skrifberymings van Jesaja e.a. Al hierdie lirieke is op bekende melodieë uit die bestaande Ps.- en Gesangeboek getoonset.

4.1.3 Mev. Rina Grové (eggenote van die argivaris) het etlike liedere voorgelê aan die KKM – almal lirieke geskryf op bekende Gesangemelodieë. Die meeste van hierdie lirieke is verdienstelik.

4.1.4 Daar is ook ander persone wat liedere, lirieke en melodieë voorgelê het vir oorweging deur die KKM.

In die lig van ons ondervinding met die Psb, nl. dat sulke omgedigte Gesange nie baie suksesvol is nie, is die KKM huiwerig om bovermelde liedere in te sluit in die toekomstige vergrote Proefsangbundel.

4.1.5 Enkele totaal nuwe skeppinge is deur die KKM geredigeer en goedgekeur. Hierdie liedere kan goedskiks deur die plaaslike gemeentes gefotostateer word en agter in die Psb geplak word vir toetsing en terugrapportering aan die KKM.

4.2 Orrelistekonferensies

Gedurende die reses is twee orrelistekonferensies o.l.v. die KKM te Pretoria in die kerkgeboue van die AP Kerk Pretoria-Oos en Moot-Sentraal gehou.

Mevv. Rona Cloete en Adelaide Boshoff het dit georganiseer. Dit is telkens op 1 Mei ("Werkersdag") aangebied. Die bywoning was ietwat teleurstellend. Die konferensiegangers het dit egter baie leersaam gevind en is verryk en gemotiveerd terug na hulle gemeentes.

By die jongste konferensie is besluit om die aanbieding te verskuif na 'n gewone Saterdag.

Van elke konferensie is 'n video-opname gemaak en dit kan teen 'n billike prys verkry word by die APK-Boekwinkel.

Gemeentes word gevra om vir hulle orreliste in te teken op die lyfblad van die Suid-Afrikaanse Orrelistevereniging (SAKOV), nl. *Vir die musiekleier*.

4.3 Besinning oor die plek van die kerkkoor

Na aanleiding van 'n skrywe wat van 'n lidmaat in die AP Kerk Orania ontvang is, asook die standpunt van prof. FAH van Staden oor die plek van die koor in die erediens soos uitgespreek in sy referaat oor die liturgie tydens die teologiese dag aan die begin van 1997, het die KKM hierdie saak grondig bespreek, besin en besluit dat die kerkkoor en/of soliste tot seën 'n sinvolle rol binne die erediens kan vervul.

Ons motiveer graag soos volg:

4.3.1 Deur die jare het kerkkore onteenseglik 'n belangrike funksie in gemeentes vervul. Dit het ongelukkig meegewerk daartoe dat koorleiers die koor in die erediens verkeerd aangewend het, nl. dat dit 'n losstaande item in die erediens geword het wat dan in baie gevalle die erediens in 'n *konsert* laat ontaard het.

4.3.2 Die kerkkoor mag nie ingestel wees op blote vermaak van die gemeente nie.

4.3.3 Die koorsang behoort deel te hê aan die verkondiging van die Woord, die skuldbelydenis, die lofprysing en dankbetuiging van die gemeente.

4.3.4 Die koorsang moet aanpas en aansluit by die prediking en dit bevestig en sodoende 'n bydrae lewer tot groter eenheid in die erediens.

4.3.5 As hulp aan gemeentesang kan die kerkkoor van onskatbare waarde wees, bv. wanneer nuwe liedere aangeleer word, tydens beurtsang en sangdienste, soos 'n Kerssangdiens.

4.3.6 Daar moet egter ten alle koste gewaak word teen swak koor- en/of solosang wat afbreuk doen aan die hoë standaard van 'n gewone erediens as ontmoetingsgeleentheid met die lewende Here.

5. AANBEVELINGS

5.1 Die sinode gee opdrag aan die KKM om die sang tydens die sinodesitting te reël en te lei.

5.2 Die sinode neem met dank kennis van die KKM-verslag in sy geheel.

5.3 Die sinode keur die optrede van die KKM en sy lede goed.

5.4 Die sinode besluit om voorlopig nie 'n hersiene Proefsangbundel te laat verskyn nie, maar gee opdrag aan die KKM om in lyn met sy lasgewing (K4 bl. 115, Kerkorde 1996) gekeurde liedere deur te stuur na gemeentes vir moontlike toevoeging tot die huidige Proefsangbundel.

5.5 Die sinode besluit dat gemeentes aangemoedig moet word om voortaan van Proefgesange te praat wanneer verwys word na liedere in die Proefsangbundel.

5.6 Die sinode spreek hom uit t.o.v. die baie uiteenlopende kritiek wat ontvang is op die Proefsangbundel en sê wat die KKM daarmee moet doen.

5.7 Die sinode bied aan die verteenwoordigers op die Gesamentlike Hersieningskommissies van die Psalms en Gesange geleentheid om mondelings (maksimum 5 minute elk) verslag te doen oor die vordering wat tot op datum gemaak is.

5.8 Ten opsigte van die beoogde nuwe Psalm- en Gesangeboek vir die Afrikaanse kerke besluit die sinode soos volg:

5.8.1 Die sinode bevestig opnuut die beginsel van samewerking met die ander drie Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis soos duidelik blyk uit die lasgewing van sy kommissie vir Kerksang en kerkmusiek (K2, bl. 115 van die Kerkorde 1996) wat so lui:

"... werk intussen met die ander drie Afrikaanse Kerke van gereformeerde belydenis saam aan die hersiening van die Psalms en Gesange vir sover dit moontlik is".

5.8.2 Die sinode besluit om d.m.v. die KKM met die TKKM saam te werk sodat 'n nuwe hersiene en vergrote Psalm- en Gesangeboek teen ongeveer die jaar 2000 kan verskyn.

5.8.3 Die sinode besluit dat sy verteenwoordiging in die Gesamentlike Hersieningskommissies vir beide die Psalms en Gesange vergroot sal word na drie of meer lede van elk waarvan minstens een lid 'n professor in die Teologie moet wees.

5.8.4 Die sinode bid sy verteenwoordigers op beide die hersieningskommissies die kennelike seën van die Here toe sowel wat hulle insette as hul getuienis betref.

5.9 In die lig van samewerking met die ander drie Afrikaanse Kerke van gereformeerde belydenis, besluit die sinode om af te sien van sy doel om uiteindelik 'n eie sangbundel vir die AP Kerk daar te stel en skrap gevolglik lasgewing K1 op bl. 115 van die Kerkorde, 1996-uitgawe.

5.10 Die sinode besluit om die woordjie "intussen" in lasgewing K2 van die KKM (bl. 115 van die 1996-Kerkorde) te skrap.

5.11 Die sinode besluit dat die KKM hom vir die huidige in hoofsaak sal bepaal by die voorbereidende werk aan die nuwe Psalm- en Gesangeboek wat DV teen die jaar 2000 sal verskyn.

5.12 Die sinode kontinueer sy opdrag aan die KKM t.o.v. die samestelling van 'n geskikte koorbundel.

5.13 Die sinode gee opdrag aan die KKM om so spoedig moontlik 'n konsepdienskontrak met pligtestaat vir die orreliste in die AP Kerk op te stel wat kan dien as riglyn vir kerkrade wat daarom vra.

5.14 Die sinode bied geleentheid aan die voorsitter van die KKM om 'n blyk van waardering aan mev. Rona Cloete te oorhandig vir haar onbaatsugtige diens en onvermoeide ywer as lid van die KKM.

5.15 Die sinode keur die begroting van die KKM soos deur die Finansiële Kommissie opgestel, goed.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 Ring van De Aar: Proefsangbundel

6.1.1. Die sinode besluit dat die Proefsangbundel sy huidige status as proefbundel behou. (Die Proefsangbundel word tans dus nog nie die amptelike sangbundel van die AP Kerk nie.)

6.1.2. Die sinode beveel aan dat die KKM die Proefsangbundel voor finale voorlegging na

'n paneel van deskundiges verwys vir beoordeling. Hierdie paneel moet deskundige en ervare wetenskaplikes op die volgende terreine insluit, nl. musiek, literatuur (veral poësieteorie) en teologie.

6.1.3. Die sinode besluit dat die Proefsangbundel na 'n ervare praktiserende regskenner op die gebied van Outeursreg verwys word om seker te maak dat daar nie 'n oortreding van die Wet op Outeursreg plaasvind nie.

6.1.4. Die sinode versoek kerkrade en leraars om die Proefsangbundel met 'n positiewe gesindheid in gemeentes en kerke te gebruik en om die KKM van positiewe en opbouende kritiek te voorsien.

6.1.5 **Motivering**

a. Dit wil voorkom asof die Proefsangbundel in talle plaaslike kerke en gemeentes swak of selfs negatief ontvang word. Dit kan toegeskryf word aan talle literêre en musikale probleme wat deurgaans in die bundel voorkom. Aangeheg is twee studiestukke om hierdie bewering te staaf.

b. Daar is duidelike vraagstukke rondom etlike gesange wat of as verwerk of as nuwe liedere aangedui word, maar herkenbaar uit die NG Kerk se Gesangboek oorgeneem is. Dit is dus gewens om vroegtydig regsadvies in te win voordat daar groot onkostes aangegaan word om dit die lig te laat sien. Dit is beter om enige verleentheid vroegtydig te voorkom. (*8 Maart 1997*)

6.1.6 AANBEVELING VAN KKM

6.1.6.1 Die sinode besluit dat die Proefsangbundel voorlopig sy huidige status as Proefsangbundel behou.

6.1.6.2 Die sinode beveel aan dat die KKM ook 'n deskundige op die terrein van die literatuur kan koöpteer. (Aangesien daar reeds deskundiges op musikologiese en teologiese terreine in die KKM dien.)

6.1.6.3 Die sinode neem kennis daarvan dat die KKM reeds voor publikasie van die Psb professionele regsadvies insake outeursreg via die KKS ingewin het.

6.1.6.4 Die sinode versoek kerkrade en leraars om die Proefsangbundel met 'n positiewe gesindheid in gemeentes (kerke) te gebruik.

6.2 **Ring van Potgietersrus: Proefsangbundel**

Die sinode besluit dat die liedere wat in die Proefsangbundel tot net voor hierdie sinode op die proef gestel is, steeds net buite die eredienste gebruik mag word. Die bundel tesame met ander proefbundels wat nog mag kom, sal nie binne eredienste gebruik word alvorens 'n sinode elke lied woord vir woord goedgekeur het nie. Eers wanneer 'n moontlike eie bundel wat Psalms en Gesange oök sal bevat, deur 'n sinode goedgekeur is, sal dit vir gebruik in eredienste kan dien.

Motivering

a. Die tyd na die verskyning van die huidige proefbundel tot tans was te kort om die liedere werklik deeglik te keur.

b. Die KKM het nou toegang verkry tot die interkerklike kommissie wat met die hersiening van Gesange werk. Dit is baie belangrik om die resultaat van daardie werk ook in ag te neem.

c. Indien 'n voorlopige proefbundel wat nog nie Psalms en Gesange bevat nie, reeds in eredienste gebruik word, sal ons liedereskat (die Psalms en Gesange) uit die eredienste verdring word. *(Potgietersrus, 17/3/1997)*

6.2.1 AANBEVELING VAN KKM

6.2.1.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van Potgietersrus oor die Proefsangbundel.

6.3 **Ring van De Aar: keuring van Hallelujas**

Die ring van De Aar het besluit dat die sinode vir gemeentes toeligting moet gee oor die keuring en sing van Hallelujas totdat die AP Kerk se eie bundel voltooi is.

6.3.1 AANBEVELING VAN DIE KKM

6.3.1.1 Die sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die ring van De Aar oor die keuring van Hallelujas aangesien dit nie aan die neergelegde vereistes voldoen nie en derhalwe nie ontvanklik is nie.

6.3.1.2 Die sinode besluit om die interpretasie wat die aktuarius tydens die sewende sinode gegee het rakende die gebruik en aanvaarding van die Proefsangbundel in die AP Kerk te herbevestig, nl. dat net die Proefsangbundel in die plaaslike kerke (tesame met die Psalm- en Gesangeboek) buite eredienste gebruik mag word vanaf die datum van verskyning van die Psb. Geen ander bundel (bv. die Hallelujaboek of bundels wat plaaslik saamgestel is) mag dan langer gebruik word nie. (Handelinge Sewende Sinode bl. 271, punt 9.4.2.)

6.4 Ring van De Aar: Koorsang deel van liturgiese orde

Die sinode besluit dat koorsang 'n alternatiewe deel uitmaak van die liturgiese orde van die erediens in die AP Kerk.

Motivering

Omdat daar nie voorsiening gemaak is vir koorsang in die liturgiese orde nie, meen sommige lidmate dat koorsang nie 'n regmatige plek in die erediens het nie, terwyl ander baie sterk voel daaroor dat koorsang wel binne die erediens tuishoort. Pogings om konkrete raad te verkry by die permanente sinodale kommissies het nie oplossings meegebring nie. Bogenoemde verskil van mening veroorsaak onenigheid en wrywing binne die gemeentes. *(Carnarvon, 8/3/1997)*

6.4.1 AANBEVELINGS VAN DIE KKM

Die sinode besluit

6.4.1.1 dat die kerkkoor en/of solosang 'n sinvolle rol in die erediens kan vervul;

6.4.1.2 om aan die Tydelike Kommissie vir Formuliere en Liturgie opdrag te gee om tydens die agtste sinode alternatiewe liturgiese ordes uit te werk waarin 'n koor en/of solosang geakkommodeer kan word binne die erediens.

Hiermee vertrou die KKM dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die sinode verrig het en wens die sinode 'n geseënde agtste sitting toe.

DS. JD VAN DER MERWE (Voorsitter)

DS. DJ MALAN (Skriba)

Verslag: Kommissie vir die Kerkargief (KKA)

TYDPERK: MEI 1995 TOT APRIL 1997

1. PERSONEEL

Ouderling AJ van der Nest (voorsitter), ouderling GC Gouws, met ouderling PS Pretorius as sekundus. Br. Van der Nest is skielik en tragies oorlede op 22 November 1996 na 'n motorongeluk. 'n Waardering vir sy persoon en werk het in *Die Boodskapper* verskyn – deels in Maart 1997 en deels die volgende maand. Br. Pretorius het as tweede lid ingeskakel. Die argivaris was gekoöpteerde adviserende lid en skriba.

2. VERGADERINGS

Een telefoon- en een gewone vergadering is gehou. 'n Paar keer is lede onderling geskakel vir menings.

3. UITVOERING VAN OPDRAG VAN DIE SEWENDE SINODE

Die enigste opdrag was aan die argivaris om 'n argiefhandleiding op te stel. 'n Groot stuk werk is reeds daarvoor gedoen. Die opdrag kon nie volledig uitgevoer word nie omdat die argivaris deur die Publikasiekommissie in oorleg met die Kommissie vir die Kerkargief gevra is om as waarnemende boekwinkelbestuurder op te tree. Een uur per dag argieftyd is aan die boekwinkel afgestaan. Met hierdie voldag werk was daar in die betrokke agt maande nie tyd vir die opdrag nie en het minder dringende gewone pligte agterweë gebly en moes bygebring word. Vanaf Januarie 1997 tot in die laaste week van April 1997 was die argivaris meer as voltyds betrokke by die voorbereidingswerk vir die Feesbundel van die kerk se tienjarige bestaansviering. Uitvoering van die opdrag geniet verder die nodige aandag.

3.1 AANBEVELING

Die sinode besluit om die Argiefhandleiding as bylae in die Kerkordeboek op te neem.

4. ONTVANGSTE

4.1 Mev. JJ Beukes het twee besoekersboeke van die eertydse Brook House aan ons geskenk. Sy was 'n besoeker toe die gebou nog gedien het as 'n rusplek vir predikante en sendelinge van oraloor.

Die eerste inskrywing was op 12.12.1938 (die gebou is in 1925 opgerig) en die laaste inskrywing was op 28.02.1982.

4.2 **Van gemeentes**

4.2.1 Dertien gemeentes het ontbind sedert Junie 1987. Van drie van hulle is argivalia ontvang, nl. Oos-Griekwaland (uiters min ten spyte van br. HCG (Manie) Bester se moeite); 'n paar waardevolle stukke van Elliot (met dank aan ds. PJL Olivier) en 'n uitstekende klomp materiaal van Pretoria-Sentraal (met groot dank aan br. Phillo le Roux vir sy onvermoeide ywer totdat dit afgelewer was).

Die grootste aanwins is vanaf Pretoria-Oos se argiefkommissie ontvang. Dit is baie deeglik versorg en georden. Dit dek die tydperk 1987 tot 1996. Ons rig 'n besondere woord van dank aan hulle.

4.2.2 Van tien gemeentes is **verskillende stukke** ontvang.

4.2.3 Van net 58 gemeentes is dusver **registerafskrifte** ontvang.

4.3 **Van ringe**

Vyf ringe se skribas het elk in mindere of meerdere mate argivalia ingestuur, nl. Nylstroom, Bethlehem, Heidelberg, Germiston en Olifantshoek. Ons betuig dank aan hulle. Dit blyk dat skribas van ringe oor die algemeen argivalia opgaar sonder om uitvoering te gee aan Bepaling 37E wat insending van hierdie materiaal betref.

4.4 Vyf persone het baie waardevolle koerantuitknipsels geskenk, mnr. D Marais, mev. Ada Wessels, ds. R Louw, mnr. Abe Louw en mnr. Kloppers. Die meeste daarvan handel oor die ontstaan van die AP Kerk.

4.5 **Algemeen**

4.5.1 Nog net 24 leraars het begin om huweliksregisters aan die argief te stuur. Die afgelope jaar is min daarvan ontvang.

4.5.2 Die Publikasie-afdeling is stiptelik met die pliglewering van nuwe publikasies aan die argief.

4.5.3 **Sinodale kommissies: Argivalia**

Die BRKA en SKK se rustende stukke word ingelewer. Die Kuratorium en ander kommissies doen dit nie. Notules, korrespondensie en ander stukke is baie waardevolle materiaal. Van stukke wat nog nodig is vir naslaandoeleindes kan fotokopieë gehou en die oorspronklikes ingestuur word.

AANBEVELINGS

4.5.3.1 Die sinode dra dit aan die KKS op om by die algemene lasgewing van die kommissies 'n reël by te voeg dat kommissies van die sinode hulle argivalia aan die argief besorg vir bewaring en algemene gebruik.

4.5.3.2 Die sinode doen 'n hernude beroep op kerkrade en ringskribas om hulself te vergewis van watter materiaal waardevol is, dit te bewaar en so gou moontlik by die kerkargief te besorg.

5. FAMILIENAVORSING: VROU SE VAN

Familienavorsers vind dit soms moeilik om 'n vrou se geskiedenis te volg omdat haar van met 'n huwelik verander.

AANBEVELINGS

5.1 Die sinode besluit dat 'n vrou se naam deurgaans met haar nooiensvan in die lidmateregister geskryf word. In die geval van 'n huwelik word die nuwe van in hakies so bygevoeg: (nou .....). By hertrou word dit: (voorheen .....; nou .....).

5.2 Hierdie reëling tree vanaf Januarie 1998 in werking.

6. DOOPLIDMATEREGISTER

Dit is op hierdie stadium te laat om volgens KO art. 66 'n wysiging voor te stel t.o.v. Bep. 4A. Tog deel die kommissie die sinode mee dat die voorskrif van 'n verpligte dooplidmateregister naas die verpligte doopregister steeds verwarring veroorsaak en probleme vir die argief skep. Die nut van 'n dooplidmaatregister word in die handleiding bespreek.

7. ARGIEFONTWIKKELING

Die tyd het aangebreek dat binne die AP Kerk behoefte is aan uitruilinligting. Ander kerkverbande is ons daarin vér voor. Die kerkargief is die beste basis daarvoor indien dit so ontwikkel word. Dit mag dalk die las by een of meer afdelings van die kerkadministrasie verlig.

7.1 AANBEVELINGS

7.1.1 Die sinode dra dit aan die BRKA op om ondersoek in te stel na die ontwikkeling van die kerkargief tot 'n inligtingsentrum en die uitvoerbaarheid daarvan.

7.1.2 Die sinode keur goed dat daarvoor begroot word indien dit uitvoerbaar is.

7.1.3 Die sinode besluit om die pos van argivaris 'n voldag pos te maak en daarvoor te begroot.

8. IN MEMORIAM

Kyk Bylae KKA1.

AANBEVELING

Die Voorsitter vra die vergadering om in eerbetoning en dankbare nagedagtenis aan die oorlede leraars di. MJ de Kock en WF Liebenberg vir 'n paar oomblikke in stilte te staan.

9. BEGROTING VIR 1998

	R
Vergoeding van amptenaar (voldag pos)	156 300
Vergaderings	500
Diverse en aankoop van geskiedkundige materiaal	500
Liasseerkartonne (laaste deel, eenmalig)	7 200
Videomasjien, videospeler, klankapparaat (eenmalig)	5 000
	169 500

Die kommissie bid die vergadering seën toe.

OUDL. GC GOUWS (Voorsitter) **OUDL. PS PRETORIUS** (Lid)

DS. WM GROVÉ (Skriba, adviserend)

BYLAE KKA1

IN MEMORIAM

Ds. MJ de Kock (16.1.1922–13.5.1996)

Ds. Michiel Johannes de Kock (gebore 16.1.1922) is op 13 Mei 1996 in Klerksdorp oorlede en op 17 Mei 1996 aldaar begrawe. Hy en sy eggenote, wat hom oorleef, het in die jongste tyd in die Oleanderpark-ouetehuis te Klerksdorp gewoon.

Wyle ds. De Kock het skoolgegaan in Riebeeck-Kasteel en in die Paarl-Gimnasium. Daarna het hy aan die Sendinginstituut te Wellington afstudeer in 1945. Hy het egter student gebly, en ook aan die Normaal Kollege te Pretoria en aan Unisa studeer. Op dié wyse het hy met verloop van tyd BA H.O.D. B.Ed. behaal, asook 'n diploma in orrel. Hy was 'n bekwame en geesdriftige orrelspeler.

In 1949 is hy getroud met Marie Petronella Jacobs en uit die huwelik is 'n dogter en 'n seun gebore. In lewe het ds. De Kock die gemeentes Kenhardt, Clanwilliam, Coligny, Dalview en Koppies bedien. Ook het hy aan verskeie onderwysinrigtings as onderwyser en dosent opgetree. Vir 'n tyd lank was hy President van die Christelike Evangeliese Beweging van Suid-Afrika. Sy besondere voorliefdes was Bybelstudie, geskiedenis, musiek en onderwys.

Ds. De Kock het in 1990 tot die APK toegetree, maar moes nog dieselfde jaar om gesondheidsredes emeriteer. Na sy emeritaat het hy en sy eggenote eers te Coligny en later te Klerksdorp gewoon.

(Met erkenning aan "Die Boodskapper" Sept. '96)

Ds. WF Liebenberg (01.04.1926–02.03.1997)

Ds. Willem Frederik Liebenberg, gebore op 01.04.1926 in die distrik van Pofadder, het opgegroei op Opwag langs die Oranjerivier. Aan die Hoërskool Groblershoop was hy in 1944 een van die eerste matrikulante. Aan die Universiteit van Stellenbosch en daarna aan die Teologiese Kweekskool daar, het hy hom bekwaam as predikant waar hy sy studies met lof voltooi in 1951.

Hy begin sy bediening in die Ned. Geref. Kerk Van Riebeeck waar hy op 19 Julie 1952 georden en bevestig is. Daarna bedien hy agtereenvolgens die gemeentes Volmoed 1956, Oudtshoorn-Noord 1958, Garies 1963, weer Volmoed 1967 en ook weer Oudtshoorn-Noord 1973, waar hy in 1988 aftree.

Op 24.06.1990 tree hy toe tot die AP Kerk. Hy bedien AP Kerk Mosselbaai vanaf 02.09.1990 en Oudtshoorn vanaf 22.03.1992; daar tree hy finaal af op 31.03.1995 hoewel hy nog sporadies elders hulp verleen het.

Ds. Liebenberg was getroud met Margaretha Magdalena Perold (Maxie) wat hom op 19.12.1996 vooruitgegaan het. Hy is oorlede op 02.03.1997. Die egpaar is op die plaas Bordeaux, distrik Montagu begrawe. Uit die huwelik is drie dogters en een seun gebore.

Verslag: Publikasiekommissie (Pk.)

Tydperk 10 September 1995 – 6 Mei 1997, met vooruitskouing tot 8 September 1997

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIE-KOMMISSIE (Pk.)

Die sinode van 1995 het die volgende persone as Pk. aangewys: Proff. WJG Lubbe (sameroeper), R Marè, di. IP du Preez, PL Storm, AP Viljoen, AJ van Niekerk, AS van Staden. Sekundi: Di. SD Nel, AP Boshoff, A Boshoff (jr.).

Tydens die konstitueringsvergadering is prof. WJG Lubbe as voorsitter, prof. R Marè as ondervoorsitter en ds. AS van Staden as skriba verkies. Hulle moes as dagbestuur dien. Ds. AP Viljoen is as 'n sekunduslid vir die dagbestuur benoem.

Ds. MC Adendorff is op die Pk. en sy dagbestuur gekoöpteer.

Prof. WJG Lubbe het op 28 Februarie 1997 die tuig as redakteur van *Die Boodskapper* (*DB*), as hoof van die afdeling Publikasies, en as voorsitter en lid van die Pk. neergelê. Sy laaste amptelike werksdag was 31 Oktober 1996 waarna hy sy opgehoopte jaarlikse en langverlof geneem het. Die Pk. het op 'n gepaste wyse van hom afskeid geneem en aan hom en sy eggenote 'n gebrandskilderde adres oorhandig.

Met die aanvaarding van prof. Lubbe se bedanking moes 'n nuwe voorsitter gekies word. Die ondervoorsitter, prof. R Marè, is as voorsitter vanaf 31 Oktober 1996 gekies en ds. IP du Preez is as die nuwe ondervoorsitter verkies. Saam met ds. AS van Staden het hulle twee die nuwe dagbestuur gevorm.

AANBEVELING 1.1

Die sinode besluit om met inagneming van die gedagte van kontinuïteit weer sewe kommissielede en drie sekundi aan te wys.

AANBEVELING 1.2

Die sinode betuig sy hartlike waardering vir die toegewyde werk wat prof. Lubbe van die begin af in belang van ons kerkblad en al ons ander publikasies gelewer het. Die sinode boekstaaf sy agting vir die bekwame wyse waarop prof. Lubbe hierdie roeping vervul het. Verder onderskryf die sinode die inhoud van die adres wat hieronder weergegee is.

Geagte professor en mevrou Lubbe

Vanuit die Afrikaanse Protestantse kerkverband wil ons, lede van die Publikasiekommissie, die Sentrale Kerkekommissie, die Kuratorium en die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie, hiermee ons hartlike dank aan u oordra vir die gewaardeerde diens wat u in die afgelope tien jaar gelewer het. Met die rustige bystand van u eggenote, waarvoor ons saam met u die Here dank, het u, Professor, op vele vlakke in die kerkverband leiding geneem: voorsitter van die aanvanklike vergadering van beswaarde lidmate wat in hulle vorige kerk ontuis begin voel het; voorsitter van die Komitee vir Kerkstigting; voorsitter van ses sinodes van die AP Kerk; vir verskeie termyne voorsitter van die Sentrale Kerkekommissie, van die eerste Kuratorium, die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie, en deurentyd van die Publikasiekommissie. As Redakteur van "Die Boodskapper" vanaf die eerste uitgawe het u tot aan die einde van u dienstermyn sterk en suiwer vanuit u besinning oor Gods Woord leiding gegee.

Ons huldig u as kerkman met besondere gawes wat u steeds tot die eer van die Gewer daarvan aangewend het. Ons dink in besonder aan u skerp intellek wat u, benewens aanwending daarvan tot akademiese prestasie, in staat gestel het om menigmaal ingewikkelde situasies te ontrafel; u taalvermoë wat van u woordkunstenaar in eie reg gemaak het; u suiwer en onverhandelbare Afrikanerskap; u rustigheid en vermoë om kalm te bly selfs in die tergendste omstandighede; u volharding in die stryd om die belange te dien van sake waarin u glo; u nederigheid en beskeidenheid – 'n heer in alle omstandighede.

By ons wat van buite na u gekyk het, leef die indruk dat u, mevrou Lubbe, een van die geseënde vroue is van wie die Bybel sê dat hulle waarde ver bo korale is. U was en is vir u man 'n aansporing en het ons hele kerkverband daardeur gedien.

Bowenal dank ons die Here wat u vir soveel jare aan ons geleen het. Mag God Drie-enig vir die offers wat u as gesin gebring het in belang van Gods koninkryk, ryklike genadeloon vir u afmeet. Mag Hy die laatmiddag van u lewensdag glansryk kleur voor die son ondergaan.

2. LASGEWING

AANBEVELING 2.1

Die sinode besluit om die volgende punt in die lasgewing van die Pk. by te voeg:

1.5 redaksionele versorging van manuskripte waar die Pk. dit nodig ag, met dien verstande dat die inhoud van die manuskrip nie daardeur verander word nie.

Motivering

Dit gebeur dat sinne beter verstaan kan word indien die woordorde gewysig word of leestekens verander of aangebring word. Soms is taalkundige verbeterings noodsaaklik. Indien die outeur telkens sodanige kleiner veranderinge eers moet goedkeur, is dit tydrowend, bring dit onnodige telefoon- en posuitgawes mee, en vertraag dit publikasies. Die Publikasie-afdeling het bekwame personeel wat juis aangestel is as gevolg van onder meer hulle taalvaardigheid en redaksionele ondervinding. Daar sal altyd rekening gehou word met elke outeur se skryfstyl. Aan die formulering van rings- en sinodale besluite sal uiteraard nie verander kan word nie.

AANBEVELING 2.2

Die sinode besluit om 'n nuwe punt in die lasgewing van die Pk. as nr. 2 in te voeg wat soos volg lui:

2. ***Die uitgewery waardeur die Pk. sy publikasies die lig laat sien, staan bekend as "Lig in Duisternis Uitgewers".***

Die nommers van die res van die lasgewing moet dan aanskuif.

3. PERSONEEL

Prof. WJG Lubbe het op 28 Februarie 1997 uit diens getree. Vanaf 1 Maart 1997 is dr. HJ Smith die redakteur van "Die Boodskapper" (*DB*) en die hoof van afdeling Publikasies. Die Pk. het dr. Smith in adviserende hoedanigheid gekoöpteer.

Van 1 November 1996 tot 28 Februarie 1997 het prof. R Marè op versoek van die direkteur as waarnemende hoof van afdeling Publikasies opgetree. Hy het verder ook vir 'n tydperk daarna in die kantoor hulp verleen.

Prof. Marè, di. IP du Preez, AS van Staden, RMJ Britz en AP Viljoen het in gemelde tydperk as eindredaksiekommissie van *DB* opgetree.

Vanaf 1 Maart 1997 staan prof. Marè en ds. MC Adendorff as eindredaksiekomitee die redakteur by.

Mev. A Britz het steeds as sekretaresse vir publikasies met groot deskundigheid haar werk gedoen. Sy het gesondheidsprobleme ondervind en moes behandeling ontvang.

Mev. JP van Lille het met haar gewone bekwaamheid as uitgewersassistent aan *DB* gewerk. By haar opdrag is ongeveer een-derde van die manuskripte wat vir publisering voorgelê word, toegewys. Mev. Van Lille se vader is in April 1997 oorlede.

In die boekwinkel het mnr. L Retief (boekwinkelklerk vanaf 31.1.1996) en mev. J Vosloo (rekenaaroperatrise) diens gelewer. Mev. L Dippenaar is vanaf 1.2.1997 in 'n halfdagpos as boekwinkelklerk aangestel. Hierdie benoeming het die gevolg gehad dat die onhanteerbare las op die ander personeel sodanig verlig is dat die boekwinkel sy werk met die vereiste kundigheid op datum kan hou. By wyse van proefneming is die bemarking van publikasies vir 'n beperkte tyd aan mnr. Retief opgedra.

Mev. Vosloo het die vreugde van 'n huwelik belewe. (In die vorige sinodale rapport is oor haar berig onder haar vorige van, nl. Erasmus.)

Nadat mev. Van Lille van die werk as waarnemende boekwinkelbestuurder onthef is, het ds. WM Grové die pos op 'n deeltydse basis gevul tot Junie 1996, waarna dr. MFM Pretorius dit as 'n tydelike halfdagpos tot 31 Desember 1996 beklee het. Hierdie pos moet nog mettertyd gevul word en sal waarskynlik aan bemarking gekoppel word.

AANBEVELING 3.1

Die sinode betuig sy hoë waardering vir die voortreflike werk wat al die personeel in die Publikasie-afdeling verrig het.

Die sinode is dankbaar dat die Here dit so gelei het dat dr. HJ Smith die roeping as redakteur en as hoof van Publikasies opgevolg het, en bid hom seën en sterkte toe.

4. PERSONALIA T.O.V. Pk.-LEDE

'n Broer van prof. Lubbe is oorlede. Verder was ds. PL Storm ernstig siek. Ds. MC Adendorff was ook by tye ernstig ongesteld.

5. VERGADERINGS

Tot op 6 Mei 1997 het die volle Pk. 10 keer vergader, en sy dagbestuur 12 keer. Verdere vergaderings van die dagbestuur sal nog voor die sinode van September 1997 gehou moet word, maar waar Pk.-besluite geneem moet word, sal dit telefonies hanteer word. Daaroor sal DV mondelings tydens die sinode gerapporteer word.

6. OPDRAGTE VAN SINODE VAN 1995

6.1 Indeks

Volgens Algemene Bepaling A8 (KO, bl. 108) moet elke kommissie 'n indeks van sinodebesluite wat op sy terrein val, opstel en jaarliks op datum bring sodat dit vir elke sinode beskikbaar is.

Die Pk. het reeds ver met dié indeks gevorder.

6.2 Opdragte voortvloeiend uit die Lasgewing van die Pk. (KO, bl. 117–120)

Die Pk. het sy opdragte na die beste van sy vermoë uitgevoer. Oor bepaalde aspekte word verder hier onder in meer besonderhede gerapporteer.

6.3 Spesifieke opdragte deur sinode van 1995

6.3.1 Kolofonbladsy (Handelinge 1995, bl. 271)

Op die kolofonbladsy van elke boek word sedert die sinode van 1995 óók gemeld dat die Uitgewer die publikasie gekeur het.

6.3.2 Adresse en telefoonnommers in Kerkjaarboek (Handelinge 1995, bl. 271)

Soos besluit deur die sinode van 1995 is al die adresse en telefoonnommers van die kerkkantoor en voorsitters van kommissies in die Kerkjaarboeke van 1996 en 1997 aangebring (ofskoon dit nie heel voor of heel agter in die *boek* geplaas is nie. Dit kom wel heel agter aan die amptelike gegewens voor). Dit sal DV ook in die volgende Kerkjaarboek gedoen word.

6.3.3 Kinderbybel (Handelinge 1995, bl. 272)

Die Pk. moes ingaan "op die moontlikheid om vir ons kinders 'n Kinderbybel daar te stel wat voldoen aan ons gereformeerde beleid". Die Pk. het vanweë vele werksaamhede nog nie klaar oor die saak besin nie.

6.3.3.1 AANBEVELING I.S. "KINDERBYBEL"

Die sinode besluit om die opdrag i.v.m. die moontlikheid van die daarstelling van 'n "Kinderbybel" wat getrou is aan die Skrif en gereformeerde belydenis te kontinueer.

6.3.4 Hersiening en vertaling van *Skriftig op Kerk en Volk* (Handelinge 1995, bl. 272)

Oor hierdie opdrag sal deur die *ad hoc* Hersieningskommissie gerapporteer word.

6.3.5 Preekbundel (Handelinge 1995, bl. 273)

Leraars en ouderlingerade was deur die sinode versoek om "een of meer van die beste preke van die leraar na die Pk." te stuur "wat die hele Christelike kerkjaar" moes dek.

Alhoewel sodanige preke nie ingestuur is nie, is meer as een preekbundelmanuskrip van een outeur ontvang (kyk hier onder).

6.3.4 "Verbondsgesprek" (Handelinge 1995, bl. 261)

Die Pk. moes hierdie manuskrip publiseer. Dit is gedoen.

7. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

7.1 Sinodale publikasies reeds verskyn sedert sinode 1995

Die volgende sinodale publikasies het verskyn

7.1.1 **Die Boodskapper** en *Die Jeugboodskapper* - Kyk Bylae Pk. 1.

7.1.2 **Die Kerkorde: 1996**

Daar is 2 500 gedruk en 1 844 verkoop.

7.1.3 **Handelinge van die Sewende Sinode: 1995**

830 is gedruk. Tans is 'n voorraad van 61 oor.

7.1.4 **Kerkjaarboek 1996 en Kerkjaarboek 1997**

Albei Kerkjaarboeke is gedruk (3 500 t.o.v. 1996 en 3 750 t.o.v. 1997) en betyds versprei.

7.1.5 **Handleiding: Susterswerksaamhede**

Die druk- en bindwerk van dié publikasie is deur ons boekwinkel gehanteer. Die oplaag was 325, en die voorraad op 1 Mei 1997 was 52.

7.1.6 **Proefsangbundel**

Hierdie publikasie het 3 herdrukke beleef. Altesaam 12 540 is gedruk en uitverkoop.

Die KKM het die Pk. verseker dat die liedere wat in die publikasie opgeneem is, nie die kopieregwet in die gedrang bring nie. Die KKM het daaroor ook met die KKS geskakel. Alle kommentaar wat die Pk. op liedere ontvang het, is aan die KKM deurgegee.

7.1.7 **Beknopte handleiding vir kerklike tug**

Omdat dié handleiding in opdrag van sinodes daargestel is, en die KKS dit gekeur het, word daaroor onder hierdie hoof gerapporteer. Dit het op 13.1.1997 verskyn. 'n Oplaag van 1 000 is gedruk en op 1 Mei 1997 was die voorraad 868.

7.1.8 **Huisbesoekregisterkaarte** (herdruk op 23.10.96)

Oplaag: 8 350. Voorraad op 1 Mei 1997: 6 440.

7.1.9 **Doopregisterblaaie**

Oplaag: 10 000. Voorraad op 1 Mei 1997: 7 280.

7.1.10 **Teologiese Tydskrif nr. 2**

Oplaag: 500. Voorraad op 1 Mei 1997: 437.

7.1.11 **Begeleidingsboek t.o.v. Proefsangbundel**

Oplaag: 146. Voorraad op 1 Mei 1997: 9.

Mev. Rona Cloete het baie hard gewerk om hierdie publikasie wat deur onsself uitgegee is, te vermenigvuldig en die spiraalrûe aan te bring.

7.1.12 **Leer en Bely (st. 9)**

Die Verbondsonderrigwerkboek vir st. 9 is deur prof. Marè en ds. Van Niekerk hersien. 'n Oplaag van 3 413 is gedruk en die voorraad op 1 Mei 1997 was 1 709.

7.1.13 **'n Volwasse man (herdruk)**

Oplaag: 1 050. Voorraad op 1 Mei 1997: 322.

Hierdie boek sal DV deur die outeur hersien word voor 'n volgende druk.

7.1.14 **Niemand tuis-kaarte**

Oplaag: 3 430. Voorraad op 1 Mei 1997: 780.

7.1.15 **Verbondsonderrigdiplomas vir voorgangers** (herdruk)

Oplaag: 2 000. Voorraad op 1 Mei 1997: 650.

7.1.16 **Verbondsonderriggetrouheidsdiplomas** (herdruk)

Oplaag: 3 610. Voorraad op 1 Mei 1997: 630.

7.1.17 **Junior registerkaarte**

Oplaag: 10 400. Voorraad op 1 Mei 1997: 4 670.

7.1.18 **Senior registerkaarte**

Oplaag: 8 310. Voorraad op 1 Mei 1997: 8 000.

7.1.19 **Kwitansieboeke**

7.1.20 **Briefhoofde** (twee keer)

7.2 **Sinodale publikasies wat DV tussen 6 Mei 1997 en 8 September 1997 sal verskyn**

Die volgende sinodale publikasies was met die opstel van hierdie rapport reeds so ver gevorder in die publiseringsproses dat hulle waarskynlik nog voor die sinode van September 1997 sal verskyn:

7.2.1 **Lesgids – voorskools II**
7.2.2 **Lesgids – graad 2 (Leer en vertrou 2)**
7.2.3 **Lesgids – st. 1 (Leer en vertrou 3)**
7.2.4 **Lesgids – st. 4 (Leer en glo 3)**
7.2.5 **Lesgids – st 5 (Leer en lewe 1)**
7.2.6 **Lesgids – st. 6 (Leer en lewe 2)**
7.2.7 **Lesgids – st. 8 (Leer en lewe 4)**
7.2.8 **Stigtingsakte**
7.2.9 **Verbondsonderrig – dr. JH Ellis**
7.2.10 **Besoekkaart: verbondsonderrig**
7.2.11 **Handleiding van die AP Kerk t.o.v. verbondsonderrig**
7.2.12 **Kerkraadsbevestigingskaarte (hersiening)**
7.2.13 **Sertifikaat vir voorskoolse verbondsonderrig**
7.2.14 **Verjaarsdagkaarte vir seuns**
7.2.15 **Verjaarsdagkaarte vir dogters**
7.2.16 **God laat groei (gedenkboek by geleentheid van die 10 jaar-fees van die AP Kerk)**

7.3 **Ander publikasies reeds verskyn sedert sinode 1995**

7.3.1 **Ouderling en diaken in die Here se diens**

Verskyn op 29.4.1997. Oplaag: 1 518. Voorraad op 1 Mei 1997: 1 342.

7.3.2 **Jy, my vrou**

Verskyn op 14.12.95. Oplaag: 3 275. Voorraad op 1 Mei 1997: 2 623.

7.3.3 **Die dou van Gods liefde**

Dit het verskyn tydens die sinode van 1995. Oplaag: 1 000. Voorraad op 1 Mei 1997: 590.

7.3.4 **Geskenkreeks (13 boekies vir kinders)**

Verskyn in Maart en April 1996. Oplaag: 5 000 van elk. Voorraad op 1 Mei 1997 wissel tussen 4 181 en 4 602.

7.4 **Ander publikasies wat DV tussen 6 Mei 1997 en 8 September 1997 sal verskyn**

7.4.1 **Aanmoedigingseëls**
7.4.2 **Bybelstudie oor verhoudinge – vertikaal en horisontaal**
7.4.3 **Gebedeboekie**
7.4.4 **Johannes: vrae vir groep-Bybelstudie**
7.4.5 **Kommentaar op die brief aan Filémon (via die KBVK)**
7.4.6 **Ná my belydenisaflegging/Ná my openbare belydenis van geloof.**
7.4.7 **Siekebesoekkaarte**
7.4.8 **Sondaar – maar begenadigde**
7.4.9 **Verbondsgesprek**
7.4.10 **Orde in die erediens**
7.4.11 **Pret met speel**
7.4.12 **Volkseie kerk (inougurale rede)**
7.4.13 **Bybelinkleurboek II**

7.5 **Ander publikasies wat nie afgekeur is nie, maar in een of ander stadium van keuring en/of publisering is**

7.5.1 **Bevestigingsakte/Ondertekeningsformulier**
7.5.2 **Bybelstudie uit Galasiërs**
7.5.3 **Kerkboek** (moet moontlik aandag geniet ná sinode 1997)
7.5.4 **Kerkjaarboek met Bybelse dagstukkies 1998**
7.5.5 **Lesboek – st. 7 (Leer en lewe 3)**
7.5.6 **Lesgids – st. 2 (Leer en glo 1)**

7.5.7 **Lesgids – st. 3 (Leer en glo 2)**
7.5.8 **Lesgids – st. 7 (Leer en lewe 3)**
7.5.9 **Lesgids – st. 9 (Leer en bely)**
7.5.10 **Diplomas vir junior verbondsjeug**
7.5.11 **Diplomas vir senior verbondsjeug**
7.5.12 **Getroos in lewe en in sterwe II** (preekbundel)
7.5.13 **Hou op en weet: Ek is die Heer!** (preekbundel)
7.5.14 **Kerskaartjies en verjaarsdagkaartjies vir volwassenes**
7.5.15 **Leesgids by Openbaring, deel II**
7.5.16 **Die noodsaaklike vernuwing van die eredienst** (inougurale rede)
7.5.17 **Om te praat met 'n berg** (preekbundel)
7.5.18 **Timótheüs – Bybelverklaring** (die manuskrip word deur KBVK hanteer)
7.5.19 **Die tog oor die Kedron** (preekbundel)
7.5.20 **Die sin van die geskiedenis** (inougurale rede)

7.6 Verdere manuskripte

Afgesien van wat reeds genoem is, is daar ook 'n paar manuskripte wat ontvang is en nog in die eerste fase van beoordeling en keuring is.

7.7 Kassetbande

Die Pk. hanteer kassetbande net soos manuskripte wat voorgelê word, in dié opsig dat hulle ook aan keuring onderwerp word voor verspreiding.

7.8 Dankwoord

Groot waardering moet betuig word teenoor elke voorlopige beoordelaar en elke keurder van manuskripte. Ons is die Here dankbaar vir mense wat Hy aan ons gegee het om dié belangrike werk te doen.

7.9 AANBEVELINGS

Die sinode spreek sy dank uit teenoor

7.9.1 die Pk., die hoof van Publikasies, die twee dames in die Publikasie-afdeling vir die harde werk i.v.m. die publisering van dokumente en boeke;

7.9.2 die boekwinkelpersoneel wat die publikasies hanteer vandat hulle afgelewer word totdat hulle verkoop is;

7.9.3 almal wat met die bemarking gemoeid was;

7.9.4 die voorlopige beoordelaars en keurders;

7.9.5 skrywers van die boeke en dokumente wat gepubliseer is.

8. BEMARKING

8.1 Alhoewel 'n voltydse bemarker nog nie aangestel is nie, is voortdurend aandag aan die saak geskenk. Soos onder punt 3 hier bo gestel is, het sekere persone algaande die taak vervul.

8.2 Daar is met 'n kolporteurstelsel begin. Tans is daar 71 kolporteurs wat *formeel* in gemeentes aangestel is in samewerking met die Pk. Dit behels onder meer dat die Pk. 'n biblioteek vir uitstal- en bekendstellingsdoeleindes deur die kolporteur aan die plaaslike kerk voorsien. (Daar is natuurlik ook kolporteurs wat in plaaslike kerke werksaam is sonder dat hulle amptelik by die stelsel ingeskakel is.)

8.3 'n Geslaagde kolporteurs- en bemarkingsdag is op 21 September 1996 in Pretoria gehou. Die Pk. beplan om hierdie aspek van bemarking vorentoe uit te bou.

8.4 Die Pk. beywer hom daarvoor om, sonder verwaarlosing van sy diens aan ons eie kerkverband, boeke daar te stel wat meer op die buitemark gerig is, om sodoende sterker getuienis na buite te lewer.

8.5 Boekuitstallings is gehou waar dit maar moontlik is en pakkette is by geleenthede saamgestel. Die mees geslaagde uitstalling is tydens die sinode van 1995 gehou. Die Pk. het met die SKK reëlings getref om weer 'n uitstalling tydens die sinode van 1997 te hou en elke sittingsdag, sover moontlik, geleentheid te kry om boekbekendstellings te doen.

8.6 Afgesien van publikasies uit eie kring is ook boeke wat deur ander uitgewers aan ons vir bemarking voorgelê is, gekeur. Baie is ná ons keuring nie versprei nie. Enkele boeke wat na ons oordeel groot meriete gehad het, is wel bekendgestel. Daar was ook enkele kerkrade/leiers van Bybelstudiegroepe wat bestaande boeke vir Bybelstudie aan die Pk. vir keuring voorgelê het. Ná beoordeling het die Pk. dan advies gegee. Verder is 'n verskeidenheid kaartjies teen afslag van verspreiders aangekoop en teen die normale pryse verkoop.

8.7 Die kosprys van die boeke wat tussen 1.9.1995 en 30.4.1997 verkoop is, het R493 209 bedra. Dié boeke het vir R1 001 268 verkoop. Natuurlik kan die "wins" nie as wins beskou word nie, aangesien die oorhoofse koste nie afgetrek is nie.

8.8 Daar is met ds. AS van Jaarsveld gereël dat hy gereeld van ons boeke in *DB* sal resenseer.

8.9 Die Pk. het die SKK gevra of dit gereël kan word dat boekuitstallings by die 10 jaar-feeste gehou word.

8.10 Daar word aan 'n plan gewerk om predikante meer direk by bemarking van ons eie publikasies te betrek.

8.11 Die moontlikheid word ondersoek om lidmate by bemarking betrokke te kry deur verkope op 'n kommissiebasis.

8.12 Die Bemarkingskomitee oorweeg ook die inisiëring van leeskringe in gemeentes (natuurlik met goedkeuring en samewerking van die plaaslike kerkrade).

9. BEPERKTE SPASIE

Die bergruimte in die boekwinkel is reeds ten volle benut. Daarom word dankbaar van 'n vertrek in die Teologiese Skool gebruik gemaak om sekere boekevoorrade te bewaar. Verder is die BRKA versoek om nou reeds te beplan vir verdere bergruimte in die toekoms.

Die Pk. besin oor die moontlikheid om die berging van die ouer boeke te desentraliseer totdat die spasieprobleem opgelos is.

10. UITGEWERS

10.1 Regspersoon

Na die oordeel van die Pk. is daar twee redes waarom dit voordelig kan wees dat die uitgewers (Lig in Duisternis Uitgewers) 'n regspersoon word, nl.

a. indien 'n eis teen 'n publikasie (anders as 'n sinodale publikasie) ingestel sou word, is die AP Kerk en sy bates nie in die gedrang nie;

b. sou die Uitgewers in hofgedinge betrokke raak, is die AP Kerk nie 'n party in die saak nie.

Die Pk. het die advies van die KKS oor die saak gevra en Ig. het met die beginsel dat die Uitgewers 'n regspersoon word, saamgestem en aanbeveel dat die beste wyse waarop dit behoort te realiseer, ondersoek moet word (bv. of die Uitgewers as 'n art. 21–maatskappy moet registreer).

Oor hierdie saak moet die Pk. en die BRKA ook nog konfereer.

Die gedagte van die Pk. is nie dat die Uitgewers nou 'n organisasie word wat finansieel selfstandig en onafhanklik sal optree nie. Die Uitgewers wil presies soos tevore funksioneer, maar slegs beskermingsmaatreëls tref sodat die AP Kerk nie in moontlike hofsake en lastergedinge betrokke raak nie. Daar moet dus steeds 'n Pk. wees wat met 'n sinodale begroting werk en volledig aan sinodes verantwoording moet doen. Hoe dit prakties geïmplementeer kan word, sal m.b.v. regsadvies uitgewerk moet word. Wat die finansiële aspek betref, sal die bedrag waarmee die sinode die Pk. subsidieer as 'n skenking aan die regspersoon in Ig. se boekhouding opgeneem word.

10.2 AANBEVELING

Die sinode

10.2.1 keur die beginsel goed dat Lig in Duisternis Uitgewers 'n regspersoon word indien kundige regsadvies oordeel dat dit wel die nodige beskerming sal verleen;

10.2.2 dra dit aan die Pk. op om onderhewig aan die uitslag van 10.2.1 saam met twee lede van die KKS en twee lede van die BRKA regsadvies te bekom ten einde die saak op die beste wyse te realiseer;

10.2.3 gee opdrag dat onderhewig aan die uitslag van 10.2.1 die Pk. en die vier lede in 10.2.2 genoem die regspersoon daarstel, die nodige konstitusie en reglement (met regsadvies) opstel, en dat die Pk. oor die hele saak aan die volgende sinode rapporteer. Die regspersoon sal dus voorlopig onder gemelde konstitusie en reglement funksioneer totdat die volgende sinode die konstitusie en reglement finaliseer.

11. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

Die sinode van 1989 het onder meer besluit:

Die sinode "gee dit ter oorweging aan die Publikasiekomitee om die beste werk jaarliks met 'n prys te bekroon tydens die opening van die Teologiese Skool".

Die Pk. het in vorige jare nooit aan die saak aandag gegee nie en dit het vergete geraak. Die aangehaalde sinodebesluit het in 1996 egter onder ons aandag gekom en die Pk. het besluit om jaarliks 'n prys, bekend as die *Lig in Duisternis-prys* toe te ken. Die Pk. wil die eerste toekenning(s) graag tydens die sinode van 1997 doen.

In Bylae Pk. 2 word die reëls wat vir toekenning opgestel is vir kennisname van die sinode deurgegee.

12. BEGROTING

12.1 Die begroting van die Pk. is aan die FK deurgegee.

12.2 Die Pk. het na aanleiding van die versoek van die FK probeer besnoei waar dit maar kon. So is byvoorbeeld besluit om net 4 vergaderings van die volle Pk. per jaar te hou (tensy omstandighede meer vergaderings noop), terwyl die Db. DV 6 keer per jaar sal vergader (behalwe as iets ernstigs tussenin sou opduik). Daar word ook in dringende gevalle telefonies dagbestuursbesluite geneem.

12.3 Koerierdienste is ondersoek ten einde vas te stel of daar op posgeld bespaar kan word. Spesiale reëlings word sover moontlik t.o.v. pos na Namibië getref ten einde te bespaar.

12.4 Die Pk. het die FK versoek om voorstelle aan die sinode te doen met die oog op besparing aan reiskoste deur lede van alle sinodale kommissies.

12.5 Dit sou goed wees indien sinodale kommissies gedurende die laaste week van 'n maand vergader, sodat hulle lede posstukke (veral *DB* en *DJB*) kan saamneem.

12.6 AANBEVELING

Die sinode versoek alle sinodale kommissies om sover moontlik liefs in die laaste week van 'n maand te vergader, sodat hulle posstukke na hulle gemeentes kan saamneem.

13. WERK IN PUBLIKASIE-AFDELING

Die Pk. het 'n stel vorms ontwerp waardeur gepoog word om die administratiewe druk op die twee dames in die Publikasieafdeling te verlig, sodat hulle meer tyd het om aan ander dringende professionele sake te wy. Verder word die notules met die oog op dieselfde doelwit, nie meer deur mev. Britz gehou nie, maar deur 'n kommissielid.

14. BESKRYWINGSPUNTE

14.1 Ring van De Aar: Preekbundels

Die sinode beveel by leraars in die AP kerkverband aan dat hulle preekbundels beskikbaar moet stel sodat dit meer geredelik beskikbaar is vir gebruik deur kerkrade sonder leraars. Verder beveel die sinode by die KBVK aan om 'n lys van ander goedgekeurde preekbundels wat in die handel beskikbaar is, aan kerkrade beskikbaar te stel vir gebuik tydens leesdienste.

Motivering:

Die huidige reeks preekbundels, wat deur AP Kerk-leraars beskikbaar gestel is, word in sommige gemeentes, waar daar nie permanente leraars is nie, oor en oor deur kerkraadslede aan die gemeente voorgelees. Dit bereik later die punt dat die kerkraadslid hom na ongekeurde preekbundels wend vir variasie wat nie heeltemal Bybels gefundeer is nie.

AANBEVELING VAN DIE Pk.

14.1.1 Die sinode beveel by leraars in die AP kerkverband aan dat hulle preekbundels beskikbaar moet stel sodat dit meer geredelik beskikbaar is vir gebruik deur kerkrade sonder leraars. Verder beveel die sinode by die Pk. aan om ander bestaande preekbundels te keur en 'n lys van goedgekeurde bundels aan kerkrade beskikbaar te stel vir gebruik tydens leesdienste.

14.2 Ring van Olifantshoek: Preekbundels

Die sinode besluit dat kerkrade hul leraars moet aanmoedig om preekbundels te skryf ten einde te voorsien in die steeds groeiende vraag na preekbundels, veral in kleiner en verafgeleë vakante gemeentes.

Motivering

Die Afrikaanse Protestantse Kerk het 'n groot krag en teenwoordigheid, verspreid oor die hele Republiek van SuidAfrika, in die kleinere gemeentes, wat vanweë getalsterkte, finansies en afstande, nie die dienste en bediening van 'n leraar kan bekom nie, maar tog voortbestaan vanweë die ywer en pligsgetrouheid in die eredienste van 'n paar ouderlinge uit die gemeente, deur altyd hoë gehalte leesdienste te lewer. Ouderlinge vind dit moeilik om week na week geskikte preke te kan voorberei omdat preekbronne beperk is en dit is frustrerend.

AANBEVELING VAN DIE Pk.

14.2.1 Die sinode besluit dat kerkrade hul leraars moet aanmoedig om preekbundels te skryf ten einde te voorsien in die steeds groeiende vraag na preekbundels, veral in kleiner en verafgeleë vakante gemeentes.

14.3 Ring van Beaufort-Wes: Preekbundel: Heidelbergse Kategismus

Die sinode besluit dat aandag gegee moet word aan 'n preekbundel i.v.m. die Heidelbergse Kategismus.

Motivering

Daar is tans nog 'n groot behoefte aan goedgekeurde preekbundels oor die Heidelbergse Kategismus.

AANBEVELING VAN DIE Pk.

14.3.1 Na aanleiding van 'n versoek deur die ring van Beaufort-Wes dat aandag aan 'n preekbundel waarin die Heidelbergse Kategismus behandel word, geskenk moet word, wys die sinode op die preekbundel "Getroos in lewe en in sterwe", Deel 1, wat Kategismuspreke bevat en reeds verskyn het.

14.3.2 Die sinode neem kennis dat Deel 2 DV eersdaags ook beskikbaar sal wees.

14.3.3 Die sinode versoek predikante wat 'n preekbundel wil publiseer, om te oorweeg om 'n Kategismuspreekbundel op te stel en aan die Pk. voor te lê.

14.4 Ring van Olifantshoek: *DB* op strategiese plekke

Die sinode besluit dat kerkrade versoek word om "Die Boodskapper" op strategiese goed-

gesinde plekke beskikbaar te stel om daardeur die Afrikaanse Protestantse Kerk aan die wêreld bekend te stel.

AANBEVELING VAN DIE Pk.

14.4.1 Die sinode besluit om kerkrade te versoek om "Die Boodskapper" op strategiese plekke (van goedgesinde instansies of ondernemings) beskikbaar te stel om sodoende die AP Kerk wyer bekend te stel.

14.5 Ring van Olifantshoek: eie Kerskaartjies

Die sinode besluit dat die moontlikheid ondersoek word om aan gemeentelede 'n Kerskaartjie beskikbaar te stel met 'n eie AP Kerkkarakter en inhoud by wyse van 'n geskikte Bybelversie.

Motivering

Daar word baie geld gespandeer om by die dowes of hand- en mondskilders Kerskaartjies aan te koop. Daardie geld kan eerder gebruik word om by ons eie instansie kaartjies te koop.

AANBEVELING VAN DIE Pk.

14.5.1 Die sinode neem van die beskrywingspunt van die ring van Olifantshoek kennis waarin versoek word dat 'n ondersoek na die beskikbaarstelling van eie Kerskaartjies wat 'n AP Kerkkarakter dra en 'n geskikte Bybelversie bevat, aangesien die Pk. reeds daarmee besig is en sodanige kaartjies DV reeds vir 25 Desember 1997 gereed sal wees.

15. DANKBETUIGING

By al die waardering wat die Pk. het vir medewerkers (outeurs, voorlopige beoordelaars, keurders), vir die kantoor- en boekwinkelpersoneel, en vir die Pk.-lede wat baie hard gewerk het, kom die hoogste dank aan die Here toe. Dit is Hy wat gelei en die krag gegee het. Ons strewe daarna om publikasies van so 'n gehalte te lewer dat hulle waarlik aan Hom gewy kan wees.

w.g. R Marè (voorsitter)
IP du Preez (ondervoorsitter)
AS van Staden (skriba)

BYLAE Pk.1: "DB" + "DJB"

Verslag aan die sinode van 1997 oor *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*

10 September 1995–6 Mei 1997

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)*

Ingevolge Lasgewing M5 (KO, bl. 118–119) het die Pk. die redaksie van *DB*, wat prof. WJG Lubbe as permanente redakteur moes bystaan, soos volg aangewys: di. AP Viljoen, RMJ Britz, prof. JJ Pienaar, br. CC du Preez, mevv. MAE Bosman, PJ Cloete, EH Viljoen. Die kernredaksie was die voorsitter (prof. Lubbe), die skriba (ds. AP Viljoen) en een addisionele lid uit die redaksie, ds. RMJ Britz (vgl. Lasgewing M5.3).

Die Pk. het die volgende medewerkers benoem (Lasgewing M5.4): mnr. JJ Venter, dr. MFM Pretorius, di. AS van Staden, CJJ van Rensburg, AJ van Niekerk, OD Scheuer, JH Theron, PR Jonker, dr. GJJ Labuschagne en dr. JH Ellis.

Mev. JP Van Lille was steeds die uitgewersassistent en sekretaresse.

Na prof. Lubbe die tuig neergelê het, het 'n eindredaksiekommissie (prof. R Marè, di. IP du Preez, AS van Staden, AP Viljoen en RMJ Britz) in opdrag van die Pk. *DB* vir Januarie tot Maart 1997 versorg. Daarna het dr. HJ Smith, die nuwe redakteur van 1 Maart 1997 af, oorgeneem. Die Pk. het sy voorsitter en ds. Adendorff as 'n eindredaksiekomitee van 1 Maart 1997 af benoem om tot beskikking van die redakteur te wees.

AANBEVELING 1.1

Die sinode betuig sy hartlike waardering vir die groot en kundige werk wat prof. WJG Lubbe oor tien jaar heen as redakteur gelewer het. Hy was 'n waardige leier wat ons kerke in kerkverband gedien het. Die sinode sluit hier ook aan by die dankbetuiging in punt 1.2 van die rapport van die Pk.

AANBEVELING 1.2

Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor die eindredaksiekommissie, en in die besonder prof. Marè, wat *DB* vanaf Januarie tot Maart 1997 versorg het.

AANBEVELING 1.3

Die sinode is verheug daaroor dat dr. HJ Smith die redakteurspos oorgeneem het en het die vertroue dat hy voortreflike diens in daardie hoedanigheid sal lewer.

2. REDAKSIE VAN *DIE JEUGBOODSKAPPER (DJB)*

Ds. AP Viljoen was weer die subredakteur wat *DJB* versorg het. Hy is bygestaan deur susters Annamarie du Toit, Ryna Enslin, Helena Müller en Hannatjie Schoeman (vir juniors), en dr. Bobby Ellis, di. Attie Boshoff, Pieter Müller, Deon Pretorius en Danny Nel (vir seniors).

AANBEVELING 2.1

Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor ds. Viljoen en sy medewerkers vir die kundige versorging van *Die Jeugboodskapper*.

3. PERSONEEL

Afgesien van die bekwame bystand van mev. Van Lille, is die redakteur ook ondersteun deur die boekwinkelpersoneel wat die versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* behartig (vgl. verslag: Publikasiekommissie, punt 3).

AANBEVELING 3.1

Die sinode betuig sy hartlike dank teenoor die uitgewersassistent/sekretaresse en die boekwinkelpersoneel vir hulle bydrae tot die versorging en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.

4. VERGADERINGS

Die redaksie het gedurende die verslagtydperk 13 vergaderings gehou. Redaksievergaderings vind op 'n gereelde grondslag plaas, terwyl die kernredaksie en eindredaksiekomitee op 'n ad hoc-basis byeengeroep is.

5. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met die besluit van die sinode 1995 (Handelinge bl. 274 – 4.1) verskyn *DB* en *DJB* tien keer per jaar – elke maand behalwe Julie en Desember. Altesaam 18 uitgawes van *DB* en *DJB* het in die verslagtydperk verskyn.

AANBEVELING 5.1

Die sinode besluit dat die bestaande getal uitgawes van *DB* en *DJB* gehandhaaf word, naamlik tien per jaar.

6. OPLAAG *DB* en *DJB*: Nov. 1995–Mei 1997

	Nov. 1995	Mei 1996	Nov. 1996	Mei 1997
DB	16 500	16 000	16 200	16 000
DJB	10 100	10 000	10 100	10 000

Die getal eksemplare per uitgawe van *DB* en *DJB* wat gedurende die verslagtydperk by die drukker bestel is, het nagenoeg konstant gebly, soos uit bostaande tabel blyk.

7. AANTAL BLADSYE

7.1 *Die Boodskapper*

In ooreenstemming met die sinodebesluit van 1995 (Handelinge bl. 274 – 4.2) word die omvang van *Die Boodskapper* so beheer dat 'n gemiddeld van 20 bladsye per uitgawe gehandhaaf kan word. In die verslagtydperk het *DB* gemiddeld 18.88 bladsye beslaan.

AANBEVELING 7.1

Die sinode besluit dat voortgegaan word om die gemiddelde aantal bladsye van *DB* op 20 te hou.

7.2 *Die Jeugboodskapper*

Die Jeugboodskapper beslaan gereeld 4 bladsye per uitgawe. Die subredakteur (ds. Tonie Viljoen) het versoek dat *DJB* na 8 bladsye per uitgawe vergroot word.

7.2.1 Motivering van ds. Viljoen

a) Daar bestaan al lank reeds by my persoonlik die behoefte om *Die Jeugboodskapper* se volume te verdubbel. Die rede hiervoor is:

★ Daar word meer as genoeg stof ontvang om die volume van die blad te verdubbel.

★ Daar is nog soveel interessante rubrieke wat 'n mens wil aanbied en waarvoor daar eenvoudig nie ruimte in die huidige formaat is nie.

★ Met die volume van die blad tans lees die kinders dit sommer gou Sondae in die motor op pad huis toe deur.

★ Die gesekulariseerde wêreld bied ons jongmense en kinders soveel leesstof wat nie tot opbou van hulle geloof strek nie, maar hulle eerder die verderf in wil lei, dat ons van ons kerk se kant af eenvoudig net iets sal móét doen om 'n teenvoeter daarvoor te kry. Hierin kan *Die Jeugboodskapper* 'n beduidende rol speel.

b) Daar is ook vanaf die Jeugkommissie se kant 'n behoefte om die volume van die blad minstens te verdubbel. Die rede hiervoor is:

★ Die Jeugkommissie wil graag die blad gebruik om van sy programsketse daarin te plaas sodat dié programmateriaal meer geredelik by die kinders en voorgangers uitkom.

Ek vertrou dat die sinode van 1997 hierdie versoek gunstig sal oorweeg tot die voordeel van ons kinders in hierdie verwarde wêreld waarin hulle moet opgroei.

7.2.2 Bykomende koste

Nadat twee kwotasies bekom is, blyk dit dat

a) indien dieselfde kwaliteit papier (glans) gebruik word, sal die ekstra drukkoste tussen R35 500 en R39 000 per jaar beloop. (Dit is die kwotasies van die twee verskillende drukkers.)

b) indien die swakste papier (gelerig) waarop die drukker bereid is om te kwoteer, gebruik word, sal die bykomende koste ongeveer R20 000 per jaar bedra. (Die tweede drukker wat genader is, wou geen kwotasie op hierdie gehalte papier lewer nie.)

7.2.3 AANBEVELING

Die aantal bladsye van *Die Jeugboodskapper* word na 8 vermeerder indien die sinode bereid is om ongeveer R40 000 (teen die huidige drukkoste) daarvoor te bewillig.

Opmerking: In die Pk.-begroting is nie hiervoor begroot nie. Die gehalte van die goedkoopste papier is so swak dat dit te veel afbreuk aan die blad doen en dit gevolglik nie aanvaarbaar is nie.

8. VERSPREIDING EN INTEKENING

8.1 Verspreidingsyfers

Verspreiding van *DB* en *DJB*: Okt. 1995–Mei 1997

	Okt. 1995	Mei 1996	Nov. 1996	Mei 1997
***DB*:** Gemeentes	15 596	15 058	15 383	14 878
Individue	305	265	262	271
Komplimentêr	285	344	370	377
Pligiewering	5	5	5	5
Totaal:	**16 191**	**15 672**	**16 020**	**15 531**
DJB	**9 861**	**9 902**	**9 987**	**9 764**

Vorige sinodes het herhaaldelik besluit om kerkrade te versoek om toe te sien dat *DB* elke besoekpunt in elke gemeente bereik en een eksemplaar van *DJB* binne die bereik van elke verbondskind te bring. Voorts is kerkrade in die verlede versoek om addisionele eksemplare (gratis) te bestel vir bekendstelling in die AP Kerk (10 indien 100 of meer eksemplare bestel word). Hierdie eksemplare kan beskikbaar gestel word aan belangstellendes wat nie lidmate is nie. Gemeentes het egter berig dat heelwat eksemplare elke maand onbenut oorbly. In die lig daarvan het die Publikasiekommissie besluit om slegs 5 gratis eksemplare van *DB* te lewer en wel net aan 'n gemeente wat dit versoek. As gevolg hiervan, en ook omdat gemeentes nou rekeninge ontvang (vgl. pt. 9, kostes) het die versendingsyfer aan gemeentes sedert Februarie 1997 ietwat gedaal.

Komplimentêre eksemplare is gelewer aan gemeentes (vgl. vorige paragraaf); CVO-skole; amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande; personeel (Sentrale Kerkkantoor en Teologiese Skool); argief; boekwinkel; portaal (Sentrale Kerkkantoor); eindredakteur; subredakteur (*DJB*); adverteerders (by eerste verskyning van advertensie); Aksie Morele Standaarde; Bybelgenootskap, redakteurs van kerkblaaie en uitgesoekte nuusblaaie soos Pk. van tyd tot tyd besluit.

Pligleweringseksemplare is aan pligleweringsbiblioteke gelewer.

AANBEVELING 8.1.1

Die Sinode herbevestig dat hy *DB* en *DJB* as uiters belangrike kommunikasiemiddele sien waardeur kerknuus, maar ook inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd.

AANBEVELING 8.1.2

Die sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om nouliettend toe te sien dat *DB* by elke besoekpunt tuiskom – verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat 'n eksemplaar van *DJB* gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.

AANBEVELING 8.1.3

Die sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat 5 gratis eksemplare per uitgawe van *DB* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

8.2 Vestiging van leeskultuur: verbondsjeug

Die Pk. het uit verskillende oorde verneem dat *Die Jeugboodskapper* nie genoegsaam deur ons verbondsjeug gelees word nie. Aangesien die Pk. graag 'n leeskultuur reeds in die kinderstadium by ons verbondsjeug wil vestig, en aangesien *DJB* lesenswaardige materiaal bevat, beveel hy by die sinode soos volg aan:

AANBEVELING 8.2.1

Die sinode versoek verbondsonderrigvoogde om die belangstelling van die verbondsjeug in hul klasse voortdurend te prikkel deur aansporende vrae te vra oor artikels in *DJB* en te sorg dat hulle by 'n volgende geleentheid daaroor terugvoering kry. Ouers word ook opgewek om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees. Verder word ouers van kleuters versoek om elke maand gepaste gedeeltes uit *Die Jeugboodskapper* aan hulle voor te lees.

8.3 Leesvoorkeur

Met die oog op 'n effektiewe markgerigtheid van ons publikasies het die dagbestuur van die Pk. op 18 Maart 1997 besluit om 'n brief in *DB* te plaas waarin lidmate versoek word om hul leesvoorkeure deur te gee. So 'n berig het in die Mei-uitgawe van *DB* verskyn. Daar was egter nie 'n gunstige reaksie nie.

AANBEVELING 8.3.1

Die sinode gee ter vergadering aan die Pk. die geleentheid om 'n vraelys te versprei ten einde die leesvoorkeure van sinodegangers te bepaal.

9. KOSTE

Staat van Inkomste en Uitgawe t.o.v. *DB* en *DJB*: Nov. 1995–Mei 1997

Inkomstes			Uitgawes		
DB + DJB	1. Intekengeld		DB	1. Drukkoste	R443 360,70
	1.1 Gemeentes	R213 590,55		2. Posgeld	R62 607,40
	1.2 Individue	R6 998,50		3. Medewerkers	R15 203,11
	2. Advertensies	R38 833,90		4. Verpakkers	R5 319,90
			DJB	1. Drukkoste	R75 113,94
				2. Medewerkers	R5 019,68
Totaal		**R259 422,05**			**R606 624,73**

In November 1996 het die Pk. goedkeuring verleen dat die stelsel waarvolgens gemeentes se intekengeld op *DB* en *DJB* bereken, getoon en betaal word, vereenvoudig en gestandaardiseer word om in ooreenstemming met die res van die kerkkantoor se rekeningstelsel te kom. Gemeentes betaal tans R1,60 per eksemplaar per uitgawe (*DB* en *DJB*) (R16,00 per jaar vir 10 uitgawes), terwyl individuele intekenaars R35,00 per jaar vir 10 uitgawes betaal. Berekenings toon dat die sinode gemeentes met 60% subsidieer ten einde *DB* te kan ontvang. (*DJB* word word volledig deur die sinode gedra.) Die sinode subsidieer individuele intekenare met 23%. Gemeentes kan die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare van *DB* wat hulle bestel, of maandeliks afbetaal of slegs 'n donasie volgens die kerkraad se vermoë skenk. Die gemeente se rekening word dan maandeliks gekrediteer met die totale bedrag wat hulle betaal het, of maandeliks afbetaal het, of indien 'n donasie betaal word, word hulle met die bedrag van die res van die oorblywende rekening gekrediteer. Indien 'n gemeente hul inskrywingsgetalle verander, word die rekening dienooreenkomstig verander (gekrediteer/gedebiteer vir die toepaslike tydperk).

AANBEVELING 9.1

Gesien in die lig van die belang van *DB* en *DJB* (vgl. aanbeveling 8.1.1 en 8.1.2) en die feit dat die sinode *DB* en *DJB* reeds in so 'n hoë mate subsidieer, versoek die sinode kerkrade weer eens om hulle intekengeld getrou te vereffen. Waar 'n kerkraad werklik nie die verskuldigde bedrag kan bybring nie, bied die sinode hom steeds die geleentheid om 'n bydrae na die beste van sy vermoë te maak. In so 'n geval besef kerkrade dan dat ander kerkrade hul intekening verder subsidieer en sal die kerkraad hom daarvoor beywer om, sodra dit enigsins moontlik word, ook die volle intekengeld te betaal.

AANBEVELING 9.2

Die sinode volstaan met die vergoeding wat die sinode van 1995 vir skrywers vasgestel het, nl. R100 per bladsy (Handelinge bl. 274, 10.1), terwyl uitgawes aan vergoeding nie meer as R19 000,00 per jaar beloop nie (Handelinge bl. 274, 10.2 en 10.3).

AANBEVELING 9.3

Die sinode besluit dat wat foto's betref, voortaan slegs vir die eerste plasing van 'n foto vergoed sal word teen dubbel die bedrag vir 'n geskrewe ruimte van dieselfde oppervlakte.

10. ARTIKEL DS. GERBER

Van ds. A Gerber is 'n artikel met die oog op plasing in *DB* ontvang wat handel oor die onenighede wat die afgelope tyd in ons kerk so skerp na vore getree het. Die artikel is besonder goed geskryf en behoort onder die aandag van elke lidmaat en ampsdraer te kom. Vanweë die sensitiewe aard van sulke inligting na buite, het die Pk. geoordeel dat die artikel nie in *DB* geplaas moet word nie, maar om dit onder die aandag van die sinode te bring met die versoek dat dit tydens die sinode bespreek sal word.

Die artikel word as Bylae Pk. 2 hierby aangeheg.

AANBEVELING 10.1

Die sinode bespreek die bydrae van ds. Gerber: *Oproep tot broederliefde in die plaaslike kerk (Bylae Pk. 2).*

11. DANKWOORD

AANBEVELING 11.1

Die sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van *DB* en *DJB*: lesers, skrywers, adverteerders, intekenaars en almal wat

daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die sinode spreek die bede uit dat die Here *DB* en *DJB* ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.

w.g. HJ SMITH (redakteur)

R MARÈ (voorsitter van Pk.)

BYLAE Pk. 2

OPROEP TOT BROEDERLIEFDE IN DIE PLAASLIKE KERK

Ds. Andrew Gerber

Die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerke moet aangeteken word as een van die belangrikste gebeure die afgelope dekade onder die Boerevolk. Dit het 'n geestelike tuiste geskep vir baie van ons Christenvolksgenote wat bitter ongelukkig was oor die koers wat sekere kerke ingeslaan het.

Die belangrikheid van hierdie gebeure sal in die toekoms helderder na vore tree namate die aanslag op ons volk se geestelike waardes toeneem. Ons kerk kan in die jare wat kom 'n steeds belangriker rol speel in die geestelike toerusting van ons volk. Terwyl baie ander kerke se lidmaatgetalle taan, neem ons met dankbaarheid kennis dat ons nog groei beleef. Die Boerevolk sien dus in toenemende mate ons kerk as moontlike geestelike tuiste.

Dit bring mee dat plaaslike AP kerke 'n sware verantwoordelikheid dra ten opsigte van ongelukkige lidmate uit ander kerke. Terwyl ons ons nie besig hou met proselietmakery nie, is dit tog so dat lidmate van ander gereformeerde kerke toenemend spontaan aansluiting vind by ons standpunte.

Die vraag wat elke plaaslike kerk homself moet afvra, is dit: watter beeld dra ons uit onder daardie Afrikaner-gelowiges wat dit oorweeg om na ons oor te kom?

Natuurlik moet 'n kerk in die eerste instansie hom vergewis van die beeld wat hy voor die Hoof van die Kerk, Jesus Christus, vertoon. Dit is die belangrikste. Hy sal eenmaal oor ons optrede oordeel. Hy sien die hart aan en nie wat voor oë is nie. En tog is daar 'n verband tussen wat God oor ons optrede dink en die oordeel wat gelowiges buite ons kerk oor ons optrede fel. Daarom is dit nodig dat ons plaaslike kerke ook sal let op die beeld wat buitestaanders (ander gelowiges) van ons kerk het. Die bevel van Christus in Mt 5:16 geld nie net individuele gelowiges nie, maar ook die plaaslike kerk.

As buitestaanders die indruk kry dat 'n gemeente gedurig onder mekaar twis – meesal oor nietighede – dat daar weinige onderlinge liefde tussen hulle bestaan, dat tweedrag en vyandigheid 'n groter plek onder hulle het as egte broederliefde, dat klein verskilletjies lei tot groot geskille, moet dit noodwendig 'n negatiewe uitwerking hê op enige voornemende aansoeker wat by die gemeente wil aansluit.

In die tyd waarin ons leef, wil Christenvolksgenote ten minste in hulle gemeente rus en vrede hê vir hulle siele. Hulle is werklik moeg vir die twis en tweedrag in volksgeledere. Gedurende die week word hulle gedurig gekonfronteer met die probleme van 'n nuwe politieke bedeling. Op ekonomiese gebied, in die onderwys, in hospitale en op staatkundige terrein word hulle geroep tot 'n aanhoudende stryd teen dié dinge wat ons volksbestaan bedreig. Dan is dit verstaanbaar dat hulle in sulke neerdrukkende omstandighede ten minste in hul gemeente gelukkig en in vrede wil lewe. Dáár behoort klein verskilletjies nie die saamstem oor groot geloofs- en volkswaardes te vertroebel nie. Die eredienste op Sondae en byeenkomste tydens die week behoort 'n lafenis te bied vir die moeë siele van Afrikaners.

Ongelukkig is daar gemeentes – gelukkig 'n klein minderheid – waar hierdie rustigheid ontbreek. 'n Eindelose getwis lei tot liefdeloosheid en gesindhede wat gelowiges nie waardig is nie. Baie gou weet die hele wêreld daarvan! Die beeld wat so 'n gemeente na buite skep, is nie dié van 'n geestelike tuiste vir soekende gelowiges uit die Afrikanervolk nie.

Die Skrif eis dat gelowiges in liefde met mekaar sal omgaan. Dit beteken nie dat daar nooit 'n verskil van mening onder hulle mag bestaan nie. Dit beteken wel dat ons soos gelowiges en grootmense met mekaar sal verskil en nie in alles ons eie sin wil afdwing nie.

Met huiwering moet ook 'n woord gesê word oor die optrede van leraars. Bedienaars van die Woord is geroep om gemeentes op te bou – nie te verdeel en af te breek nie. Hoë eise word aan hul optrede en menseverhoudinge gestel. Die Skrif sê hy moet iemand wees wat die kwaad kan verdra (2 Tm 2:24). Bakleierige predikante, predikante wat in alles hulle wil op 'n gemeente wil afdwing, wat nie die gemeente in 'n gees van nederigheid en sagmoedigheid voorgaan en nie soms bereid is om vir Christus se saak selfs onreg te ly nie, skep 'n beeld van die kerk wat buitestaanders afskrik.

Dit mag die Here God behaag om die AP Kerk as instrument te gebruik om 'n groot deel van ons volk geestelik te versorg in die jare wat

voorlê. Ons mag 'n instrument word om ons verslae volk weer deur Jesus Christus tot nuwe hoop te bring. Dan moet ons egter almal die hand diep in eie boesem steek en voor die Hoof van die Kerk dié sielsondersoekende vraag beantwoord: Is ons bruikbaar? Watter beeld van die kerk vertoon ek as lidmaat, ouderling, diaken of predikant na buite? Wat is die beeld wat ons as plaaslike kerk onder medegelowiges en medevolksgenote het?

BYLAE Pk. 3: BOEKPRYS

REËLS VIR TOEKENNING VAN PRYS VIR PUBLIKASIE VAN DIE JAAR BEKEND AS *LIG IN DUISTERNIS-PRYS*

1. Die Pk. ken jaarliks 'n prys toe aan die skrywer wat na die oordeel van die Pk. die beste werk geskryf het. (Lees egter punt 14 hiermee saam.) Indien die Pk. oordeel dat geen publikasie van 'n bepaalde jaar die prys regverdig nie, word geen toekenning gedoen nie.
2. Die toekenning sal elke jaar gedoen word tydens die dag vir Voortgesette Teologiese Opleiding (in die middel van die jaar), aangesien die opening van die Teologiese Skool aan die begin van die jaar te kort na die einde van die vorige kalenderjaar volg. In 'n jaar waarin 'n sinode konstitueer, sal dit tydens die sinode gedoen word.
3. Enige AP kerklidmaat mag boeke vir die toekenning nomineer. Die Pk. vul die nominasies aan en stel dan 'n "groslys" saam, bespreek die meriete van elke aanbevole boek, en neem met inagneming van punt 15 die finale besluit. Geen korrespondensie sal oor die besluit gevoer word nie.
4. Nominasies sluit op 31 Maart waarna elke onbetrokke Pk.-lid 'n intensiewe studie van elke genomineerde boek moet maak met die oog op 'n besluit op die vergadering van die Pk. aan die begin van Mei oor 'n toekenning. Lees hiermee ook punt 15 saam. Elke Pk-lid wat 'n genomineerde mag wees, is by die keuring en besluitneming uitgesluit.
5. Die Pk.-besluit word in *Die Boodskapper* bekendgestel en 'n brief van gelukwensing word aan die betrokke outeur gerig.
6. By die bepaling van die meriete van 'n boek wat bekroon word, word die volgende in ag geneem:

   6.1 die *aktualiteit* daarvan;

   6.2 die *regsinnigheid* van die publikasie;

   6.3 die *verkoopsyfers* geneem tot en met 30 April ná die kalenderjaar waarin die boek geskryf is;

   6.4 die *waarde* wat die boek vir AP kerklidmate en/of ampsdraers het (behoort te hê);

   6.5 in watter mate die werk die Bybelse boodskap van lig in duisternis uitdra;

   6.6 *oorspronklikheid; insig* in die behoefte van die ***mark***;

   6.7 *skryfstyl, aanpak*, varsheid, vermoë om die teikengroep te bereik;

   6.8 die antwoord op die vraag of die *tema afgerond* word – is die sáák duidelik gestel, uitgebou en tot sy volledige konsekwensies gevoer?

   Daar kan t.o.v. elke genomineerde boek op 'n skaal van 1 tot 10, punte toegeken word vir elk van die maatstawwe in 6.1 tot 6.8 gestel, ten einde boeke teen mekaar op te weeg. Die Pk. kan besluit om 'n groter waarde aan een of meer van punte 6.1 tot 6.8 toe te ken.

   Die tegniese versorging van die boek moet nie te hoog aangeslaan word in die beoordeling nie, aangesien dit nie die werk van die outeur was nie, maar wel van die Pk.
7. Indien 'n outeur in een jaar 'n hele aantal boeke publiseer, tel die feit daarvan nie noodwendig in sy guns nie.
8. 'n Publikasie van 'n groot omvang (nl. die aantal bladsye) bevoordeel of benadeel nie noodwendig die outeur nie.
9. Alle kategorieë boeke ding gelykelik mee om die toekenning. Daar word eers bepaal watter genomineerde boek in elke kategorie (bv. artikels in *DB*, artikels in die Teologiese Tydskrif, preekbundels, stigtelike leesstof, verbondsonderrig en jeug, Bybelstudie, Jaarboek dagstukkies, kerkregtelik, ander) die beste is, en dan word die boeke op so 'n "kortlys" teen mekaar opgeweeg.
10. Die boek wat deur die meeste persone genomineer is, word nie noodwendig gekroon of bekroon nie. Die Pk. neem 'n selfstandige besluit.
11. Net boeke wat deur die Pk. (tans *Lig in Duisternis Uitgewers*) uitgegee is, kom in aanmerking vir die toekenning.

12. Skrywers van alle boeke, ook verbondsonderrigboeke, mag genomineer word.
13. 'n Skrywer van 'n substansiële bydrae in 'n groepwerk, mag ook in aanmerking kom.
14. Die Pk. moet jaarliks 3 onbetrokke kundiges uit AP Kerk-geledere koöpteer om te help oordeel aan wie die prys toegeken moet word (sonder dat dit enige reiskoste vir die Pk. meebring).
15. 'n Volledige lys boeke wat in die betrokke jaar verskyn het, kan jaarliks in *DB* van Januarie geplaas word ten einde lidmate geleentheid te gee om nominasies in te stuur.
16. Die toekenning sal bekendstaan as *Lig in Duisternis-prys* en word toegeken vir die beste publikasie uit AP Kerk-geledere in die jaar, wat deur Lig in Duisternis Uitgewers gepubliseer is.
17. Die toekenning sal bestaan in die oorhandiging van 'n wisseltrofee en 'n klein persoonlike trofee.

    Die wisseltrofee sal van hout gemaak wees met 'n plaat waarop die naam daarvan gegraveer is. Verder sal daar spasie wees waarop elke jaar 'n balkie aangebring kan word wat die volgende bevat:

    Jaartal. Naam van outeur. Naam van publikasie.

    Die persoonlike trofee moet die volgende gegewens gegraveer hê: Naam van toekenning. Jaartal. Naam van outeur. Naam van publikasie.
18. Wanneer op 'n toekenning besluit is, kan die Pk. ook een of meer boeke identifiseer wat spesiale vermelding verdien, al word 'n toekenning nie daarvoor gemaak nie.
19. Die toekenning kan ook aan meer as een outeur in dieselfde jaar gemaak word deurdat dit tussen hulle gedeel word.
20. By 'n heruitgawe van 'n bekroonde werk sal die feit van die toekenning in die werk vermeld word.

Verslag: Ad Hoc-Hersieningskommissie *Skriflig op Kerk en Volk*

Die Kernredaksie van die ad hoc-hersieningskommissie belas met die hersiening van die sinodale publikasie *Skriflig op Kerk en Volk* doen soos volg verslag:

1. OPDRAG VAN SINODE

Die sinode besluit dat

a) Die sinodale publikasie "Skriflig op Kerk en Volk" so gou moontlik hersien en indien moontlik nie later nie as 30 April 1996 weer op die mark gebring moet word;

b) 'n vertaling in Engels van die beoogde hersiene uitgawe nie later nie as 31 Augustus 1996 gepubliseer moet word, indien moontlik. Vir hierdie beoogde vertaling moet die vertaalwerk wat reeds deur die vorige Publikasiekommissie aangevoor is, benut word;

c) as ad hoc-hersieningskommissie die volgende moet optree: die professore van die Teologiese Skool, een verteenwoordiger van elke permanente sinodale kommissie (PSK) deur so 'n PSK self aangewys en die Pk. as geheel;

d) as sameroeper van die ad hoc-hersieningskommissie die voorsitter van die permanente Pk. moet optree.;

2. PERSONEEL

Prof. WJG Lubbe het die eerste vergadering van die ad hoc-hersieningskommissie op 3 Junie 1996 byeengeroep.

Die volgende persone was teenwoordig: Proff. FAH van Staden, HS Theron, HCG Robbertze, R Marè, IA Brink (van die Teologiese Skool), prof. WJG Lubbe (Pk.), di. AS van Staden (Pk.), AJ van Niekerk (Pk.) IP du Preez (Pk.), PL Storm (Pk.), LD Pienaar (FK), JH van der Walt (BRKA), AE van den Berg (KBD), A Gerber (BVK), JJJ Roodt (KFL), dr. WA Burger (KKCE), di. JA du Plessis (KKS), DJ Malan (KKM), MC Adendorff (KUR), dr. CI van Heerden (SKK). Ds. AP Viljoen (Pk.) en mnr. D van der Nest (KKA) was met verskoning afwesig.

3. WERKSAAMHEDE

3.1 Die lede van die Kommissie is vooraf kennis gegee dat voorstelle vir wysigings voorgelê moes word tydens die eerste vergadering. *Skriflig op Kerk en Volk* is bladsy vir bladsy ter tafel geneem en voorstelle vir wysigings is deur lede van die Kommissie voorgelê.

3.2 Op die vergadering is besluit dat:

3.2.1 'n Kernredaksie bestaande uit proff. WJG Lubbe (voorsitter), FAH van Staden, HS Theron, HCG Robbertze, R Marè, IA Brink, di. MC Adendorff, AS van Staden en A Gerber (skriba) saamgestel word;

3.2.2 alle lede van die Kommissie verdere skriftelike voorstelle aan die Kernredaksie vir oorweging kan oordra;

3.2.3 die Kernredaksie se voorstelle aan alle lede van die Kommissie beskikbaar gestel sal word vir kommentaar en dat die kommentaar weer vir oorweging voorgelê sal word;

3.2.4 die Afrikaanse teks eers gefinaliseer sal word en daarna die Engelse vertaling daarvan.

3.3 Die Kernredaksie het sedert 19 Junie 1996 nege keer vergader.

3.4 Prof. WJG Lubbe het op 8 Oktober 1996 as voorsitter en lid van die Kommissie bedank en prof. R Marè is as voorsitter in sy plek aangewys. Prof. FAH van Staden is as ondervoorsitter verkies.

4. VERDERE BEPLANNING

4.1 Daar word beplan dat die werksaamhede van die Kernredaksie op 19 Mei 1997 afgehandel sal word en dat die volle ad hoc-hersieningskommissie op 10 Junie 1997 die finale afrondingswerk sal doen voordat die hersiene weergawe van *Skriflig op Kerk en Volk* gepubliseer kan word.

4.2 Na die finale hersiening sal onmiddellik voortgegaan word met die vertaling in Engels van die hersiene uitgawe.

5. SLOT

Die kommissie sal tydens die sinodesitting verslag doen van verdere werksaamhede.

PROF. R MARÈ
(voorsitter)

Verslag: Kommissie vir Bybelverklaring (KBV)

TYDPERK 10 SEPTEMBER 1995 TOT 15 MEI 1997

1. PERSONEEL

Prof. HCG Robbertze (voorsitter), ds. JJ Vrey (skriba), proff. R Marè, HS Theron, FAH van Staden, IA Brink, dr. EM Viljoen, drs. S Botes, di. BR Torlage, A Boshoff (sr.), JH van der Walt, A Gerber.

2. VERGADERINGS

Vier gewone vergaderings en een vergadering van die dagbestuur is gehou.

3. UITVOERING VAN DIE OPDRAGTE VAN DIE VORIGE SINODE

Alle opdragte is uitgevoer en wel soos volg:

3.1 Die Bybel – nuwe vertaling (met herformulerings)

'n Aanbeveling aan die sinode of dié weergawe van die Bybel steeds met vrymoedigheid aanbeveel kan word as 'n vertaling *tot toeligting*; (Handelinge 1993, bl. 248; Sakelys 1995, bl. 154 en Handelinge 1995, bl. 268).

Die kommissie het al die herformulerings in die 1993–vertaling van die Bybel, soos vervat in die 11de uitgawe, tweede druk (1992) van die Nuwe vertaling (met herformulerings), ter tafel gehad en elke verandering in die teks van die Bybel is bestudeer.

Geen skriftelike motiverings vir enige van die veranderings kon van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika óf van die Vertalingskommissie van die NG Kerk, NH Kerk en die Geref. Kerke verkry word nie. Die kommissie moes dus selfstandig te werk gaan deur die veranderings in die lig van die gebruikte grondtekste te beoordeel.

Hoewel veranderings op die oog af onnodig aangebring is, is die kommissie daarvan oortuig dat die meeste van die meer as 500 veranderings inderdaad VERBETERINGS was, aangesien daar telkens gepoog is om die betekenis van die teks so na as moontlik aan die grondteks te kry. Blatante foute wat in die eerste uitgawes van die 1983–vertaling voorgekom het, is reggestel. Voetnote word met vrug aangewend om woorde en teksgedeeltes wat in die eerste uitgawes van die 1983-vertaling skynbaar *verdwyn* het as gevolg van verskille in gebruikte grondtekste, weer onder die aandag van lesers te bring.

Gebruikers van die 1983–vertaling moet kennis neem dat al die veranderings nie eensklaps in die 1992 weergawe aangebring is nie, maar dat ALLE veranderings en regstellings wat aangebring is, in die 11de uitgawe, tweede druk (1992) verskyn. Die kommissie is van oordeel dat genoemde druk en alle latere uitgawes beslis 'n beter vertaling van die Bybel is. Dit kan dus uiteraard steeds as 'n vertaling tot toeligting saam met die 1933/1953–vertaling gebruik word.

4. ANDER WERKSAAMHEDE

4.1 Riglyne vir die skryf van Bybelstudieboeke.

4.2 Riglyne vir die skryf van kommentare.

4.3 Riglyne vir die keuring van voorgestelde manuskripte.

4.4 Beleid en riglyne vir die keuring van manuskripte.

4.5 Herformulering van die BVK se lasgewing en die verhouding tussen die Pk. en die BVK.

4.6 Die kommissie het kennis geneem van 'n Brontaal georiënteerde vertaling van die Bybel in moderne Afrikaans en sal die sinode hieroor inlig wanneer meer inligting bekom is.

4.7 Die Kommissie het kennis geneem van die daarstelling van 'n Bybelvertaling vir dowes in Afrikaans en 'n formeel ekwivalente Bybelvertaling in Afrikaans en sal die sinode hieroor inlig wanneer meer inligting bekom is.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 Beskrywingspunt: Ring van Heidelberg: Erkenning van net die 1933 en 1953 vertaling van die Bybel in Afrikaans

Die sinode besluit om punt 9.3 van Bybelvertaling en Bybelverklaring as volg te wysig:

9.3 Derhalwe besluit die sinode met betrekking tot die Bybel in Afrikaans soos volg:

9.3.1 Die sinode beskou die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel (1933) en sy hersiene vertaling (1953), ofskoon vatbaar vir verbetering, steeds as [1]die betroubare weergawe van God se geïnspireerde Woord [2]in Afrikaans.

9.3.2 [3]Die sinode neem kennis dat die nuwe Afrikaanse vertaling (1983) vir vele omstrede bly, veral ten opsigte van die vasstelling van die bronteks en die vertaalmetode.

9.3.3 Die sinode besluit derhalwe dat in die AP Kerk [4]net die hersiene Afrikaanse vertaling (1953) by Woordverkondiging gebruik moet word.

Motivering

1. [5]Die WARE WOORD van God soos dit in Afrikaans ontvang is, is die 1933 en 1953 vertaling. Die [6]grondteks asook die omstrede vertaalmetode wat gebruik is vir die NAV daarenteen, veroorsaak 'n nuwe boodskap wat strydig is met die gereformeerde leer soos dit uitdrukking vind in die [7]Drie Formuliere van Enigheid.

2. Die versoening van die NAV met die Drie Formuliere van Enigheid is onmoontlik, omdat die Messiaanse profesieë in die Ou Testament deur die NAV afgewater, verswyg en wegvertaal word. [8]Die verwysing na die Messias in die Ou Testament is verander om nie meer spesifiek na Jesus Christus te verwys nie. Hierin is enkele voorbeelde te vind in Ps 2, Ps 22, Ps 45, Jes 42, Jes 49, Jes 53, Mig 5:1 en 2, Ps 110[9].

   Die gereformeerde leer soos deur ons, as lidmate van die AP Kerk bely word vind gestalte in die Drie Formuliere van Enigheid OMDAT DIT OOREENSTEM met die WARE WOORD VAN GOD. Hierdie gereformeerde leer is vir ons 'n kosbare en heilige besitting waarsonder ons die erfenis van ons vaders ontneem sou word. Die hart en kern van hierdie leer bestaan daarin dat die oorsprong van ons redding by God alleen gevind word. God red ons SONDER ons.

   In Rm 1:17 by die NAV word die gelowige vrygespreek OMDAT hy glo en Markus 1:4 dat die mense hulle moet bekeer SODAT God hulle kan vergewe. In Hab 2:4 word gepraat van 'n *regte gesindheid* godsdiens.

3. Die NAV van Ps 110 is te meer onverstaanbaar omdat ons Here Jesus self hierdie profesie op Hom van toepassing maak. As die profesie aangaande die Messias in die Ou Testament nie op Jesus Christus van toepassing is nie, dan is daar vir ons tog geen evangelie tot redding nie. Saam met alle ware gelowiges wil ons egter getuig dat [10]die Skrif self leer dat die profesieë in die Ou Testament in Jesus Christus vervul is (Lk 24:44).

   En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die Psalms vervul moet word.

   [11]Hierdie miskenning van ons Here Jesus Christus is ontstellend en maak die waarskuwing van 1 Jn 2:22 en 23 ter sake:

   Wie is die leuenaar behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun verloën. Elkeen wat die Seun verloën het ook nie die Vader nie.

   As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in julle huis nie ... (2 Jn 1:10).

4. So 'n vertaling verkondig 'n ander evangelie. Hierdie evangelie kan nie met die Drie Formuliere van Enigheid versoen word nie. So 'n ander evangelie kan tog nie ter toeligting van die WARE Evangelie gebruik word nie!

5. Om die NAV enigsins voor te doen as die WOORD van GOD of om dit selfs te gebruik ter toeligting van die WOORD VAN GOD, sou wees om die WAARHEID geweld aan te doen. As die NAV nie die Woord van God is nie, dan mag ons dit nie voordoen nie, want *wat krom is kan nie reguit word nie en wat ontbreek kan nie getel word nie* (Prd 1:15).

6. [12]Om die WOORD VAN DIE HERE te bewaar, beteken om dit te onderhou maar veral ook te bewaar teen verdraaiing of vervalsing of weglating of verandering. Heb 12:28 en 29 *Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees en ons God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur.*

5.1.1 **Beoordeling deur die BVK**

Die numerering hieronder verwys telkens na die voetnootnommer wat deur die kommissie in die beskrywingspunt van die ring van Heidelberg aangebring is.

1. Die vervanging van die onbepaalde lidwoord met "die" het die gevolg dat, sou die sinode die veranderinge goedkeur, die 1953 vertaling die enigste betroubare weergawe van Gods Woord is!

2. Die Bybelskrywers het tog nie in Afrikaans geskryf nie. Sien ook nota 5.

3. Indien paragraaf 9.3.2 die huidige sinodebesluit vervang, beteken dit dat die sinode nie kennis neem dat die NAV wel deur vele aanvaar word nie. Dit sal onsensitief wees.

4. Die voorgestelde paragraaf 9.3.3 sou dan verhoed dat leraars die BHS en Nestlé Aland tekste gebruik, aangesien eksegese en Skrifondersoek 'n wesenlike deel van Woordverkondiging is.

5. "Die WARE WOORD VAN GOD soos dit in Afrikaans ontvang is ...". Hierdie standpunt wat impliseer dat die Bybel in Afrikaans geskryf is, is naïef en het geen grond nie. Dat die 1953 vertaling die enigste "ware Woord" is, nog minder.
6. Die "omstrede grondteks" word genoem, maar nie gepresiseer nie; verwys die beskrywingspunt na die OT of die NT; BHS of UBS?
7. Geen Bybelvertaling moet met 'n Belydenisskrif versoen word nie; Belydenisskrifte moet aan die hand van die Woord geweeg word. Die "Drie Formuliere van Enigheid" word genoem asof dit in hulle geheel nie met die NAV ooreenstem nie – dus 'n veralgemening sonder gemelde gronde.
8. Om Jesus Christus uit die OT te kan "weg vertaal" sou veel meer as net die weglating van 'n paar hoofletters verg. Die hoofletterprobleem moet eerder in die prediking, tydens Bybelstudie en huisbesoek verduidelik word: naamlik dat Hebreeus nie hoofletters gehad het nie, dat die hoofletters in die 1953 vertaling juis "ingelê" is, eerder as "uitgelê"; dat die 1953 vertaling daarom juis by die Messiaanse tekste eerder 'n interpretasie as 'n vertaling is.
9. Die NAV is juis in hierdie opsig in ooreenstemming met die Formuliere van Eenheid – verwys o.a. na HK. Sondag 7 Vraag en Antwoord 20 tot 22. Die "regte gesindheid" waarna verwys word in die beskrywingspunt, het betrekking op Hab 2:4a.
10. Die Skrif leer inderdaad self dat die profesie (aangaande die Messias) van die OT in Jesus Christus vervul is; dit word egter nie deur middel van 'n paar hoofletters by persoonlike voornaamwoorde gedoen nie, maar dit moet met die hulp van die Heilige Gees, deur grondige eksegese en Skrifverklaring ontdek word.
11. Die NAV misken nêrens dat Jesus die Christus is nie.
12. Paragraaf 6 van die motiveringsdeel van die beskrywingspunt is onses insiens eerder 'n betoog dat net die Hebreeuse, Aramese en Griekse tekste in die AP Kerk gebruik moet word. Dit sal weer lei tot die Roomse gebruik van "boeke vir die leke ...".

Die kommissie is ten slotte van mening dat die sinode eerder kennis moet neem van die kommissie se verslag oor hierdie aangeleentheid in opdrag van die vorige sinode en dat die positiewe verbeterings, soos daarin uitgewys, onder die lidmate se aandag gebring behoort te word. Dit is belangrik dat lidmate gemaan moet word om eerder van die 1992 uitgawe van die NAV gebruik te maak as die vorige uitgawes van die NAV. Die vele korreksies, addisionele voetnote ens. maak dit meer "aanvaarbaar", aangesien oënskynlike weglatings (Onse Vader gebed, Markus slot, 1 Jn 5:7 ens.) verduidelik word.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat die sogenaamde "brontaal-georiënteerde" vertaling 'n verdere maatstaf sal wees waaraan bestaande vertalings getoets of mee vergelyk kan word.

5.1.2 AANBEVELING VAN DIE BVK

Die sinode aanvaar nie die beskrywingspunt van die ring van Heidelberg waarvolgens die vorige sinodebesluit oor die Bybelvertaling wat amptelik gebruik moet word, gewysig word nie.

5.2 **Beskrywingspunt: ring van Beaufort-Wes: Status van die nuwe Bybelvertaling (1983 vertaling)**

Die sinode besluit weer om oor die status van die nuwe Bybelvertaling (1983 vertaling) te besin. Die sinode versoek die Kommissie vir Bybelvertaling, wat hom toespits op Bybelverklaring, om sy werksaamhede aan die kerk deur te gee sodat die nuwe vertaling nie meer as bron ter toeligting gebruik hoef te word nie.

Motivering

Daar is steeds by lidmate verwarring of die nuwe vertaling as die onfeilbare Woord van God beskou moet word, veral in die lig daarvan dat die profesie rakende die koms van Christus nie in die nuwe vertaling oorgedra word nie.

5.2.1 **Beoordeling deur die BVK**

1. Die kommissie wil die ring van Beaufort-Wes daarop wys dat die nuutste Kerkorde en die Handelinge van die afgelope sinodes hulle daarop sou wys dat:
   (a) Die Kommissie vir Bybelvertaling se naam verander is na die Kommissie vir Bybelverklaring (BVK).
   (b) Die lasgewing in die Kerkorde (1996) bepaal nie dat die kommissie se werksaamhede 'n eie Bybelvertaling tot gevolg moet hê nie.
   (c) Die betrokke lasgewing bepaal verder ook nie dat die kommissie se werksresultate in die plek van enige bestaande of toekomstige Bybelvertaling gebruik sal kan word nie.

2. Soos uit die kommissie se verslag oor hierdie saak duidelik blyk, moet die sinode kennis neem dat die 1992 uitgawe van die NAV onses insiens 'n *beter* produk is as die eerste uitgawes sedert 1983.
3. Die opstellers van die beskrywingspunt fouteer deur te sê dat die profesie aangaande Christus se koms nie in die NAV oorgedra word nie. Verantwoordelike eksegese en Skrifuitleg, gerig deur die Belydenisskrifte dui tog onomwonde op die Messiaanse interpretasie van al die kontensieuse tekste.
4. Heroorweging van die huidige sinodebesluit moet liefs gelaat word totdat 'n betroubare alternatief vir die NAV beskikbaar is.
5. Om lidmate te beperk tot die gebruik van een Bybelvertaling (OAV), is nie reformatories nie. Die huidige sinodebesluit gee tog die voordeel van die twyfel aan die ou vertaling van die Bybel in Afrikaans (1933 en 1953).

5.2.2 AANBEVELING DEUR DIE BVK

Die sinode aanvaar nie die beskrywingspunt van die ring van Beaufort-Wes oor die status van die 1983–Bybelvertaling nie.

5.3 **Beskrywingspunt: ring van Moot-Sentraal: Daarstelling van 'n eie Bybelskool**

Die ring word versoek om by die sinode aan te beveel dat 'n eie Bybelskool so spoedig moontlik begin moet word. So 'n Bybelskool moet deur afstandonderrig en teen billike koste 'n deurlopende kursus aanbied vir mense wat hul Bybelkennis wil opknap.

Slegs die Bybel sal gebruik word en die kursus kan as volg ingedeel word:

1. **DIE OU TESTAMENT**
   a. Die Pentateug.
   b. Josua – Job.
   c. Die Psalms.
   d. Die Wysheidsliteratuur.
   e. Die groot profete.
   f. Die klein profete.
2. **DIE NUWE TESTAMENT**
   a. Die Evangelies en Handelinge.
   b. Paulus se briewe.
   c. Die sendbriewe.
   d. Die Openbaring.

In elk van hierdie modules word 'n opsionele eksamen afgelê waarna die kandidaat na voltooiing 'n sertifikaat ontvang.

Motivering

Daar is geweldige agteruitgang in algemene Bybelkennis by ons volksgenote te bespeur en daar is 'n besliste behoefte aan 'n goeie, behoudende kursus wat net op die Bybel gegrond is.

5.3.1 AANBEVELING VAN DIE BVK

Die sinode dra dit aan die BVK op om die daarstelling van 'n eie Bybelskool volgens die beskrywingspunt van die ring van Moot-Sentraal te ondersoek en die inkleding van die kursus(se) daarvan te formuleer.

5.4 **Beskrywingspunt: ring van De Aar: Preekbundels**

Die sinode beveel by leraars in die AP Kerkverband aan dat hulle preekbundels beskikbaar moet stel sodat dit meer geredelik beskikbaar is vir die gebruik deur kerkrade sonder leraars. Verder beveel die sinode by die BVK aan om 'n lys van goedgekeurde preekbundels wat in die handel beskikbaar is, aan kerkrade beskikbaar te stel vir gebruik tydens leesdienste.

Motivering

Die huidige reeks preekbundels, wat deur AP Kerk leraars beskikbaar gestel is, word in sommige gemeentes, waar daar nie predikante is nie, oor en oor deur kerkraadslede aan die gemeente voorgelees. Dit bereik later die punt dat die kerkraadslid hom na ongekeurde preekbundels wend vir variasie wat nie heeltemal Bybels gefundeerd is nie.

5.4.1 AANBEVELING VAN DIE BVK

Die sinode beveel by leraars in die AP Kerkverband aan dat hulle preekbundels beskikbaar moet stel sodat dit meer geredelik beskikbaar is vir die gebruik deur kerkrade sonder leraars. Verder beveel die sinode by die BVK aan om 'n lys van goedgekeurde preekbundels wat in die handel beskikbaar is, aan kerkrade beskikbaar te stel vir gebruik tydens leesdienste.

Hiermee vertrou die Kommissie vir Bybelverklaring dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die sinode verrig het en bid die sinode seën toe op al sy verrigtinge.

w.g. PROF. HCG ROBBERTZE — VOORSITTER
DS. JJ VREY — SKRIBA

Verslag: Kommissie vir Barmhartigheidsdiens

1. PERSONEEL

Die volgende personeel is deur die sinode vir hierdie kommissie aangewys:

Di. AE van den Berg (voorsitter), JAC Erasmus (skriba), JJ van der Linde, oudle. OA Carlson en NG Heyns.

Sekundus: oudl. PW de Vos.

2. VERGADERINGS

Geen vergaderings is gehou nie, maar die kommissielede het telefonies met mekaar geskakel.

3. VOLKSHULP 2000

Die kommissie deel die sinode mee dat ds. AE van den Berg, voorsitter van die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens en stigterslid van Volkshulp 2000 in Junie 1996 weer tot ondervoorsitter van hierdie organisasie verkies is. Ds. WJD van Wyk van AP Kerk Delmas dien as voorsitter.

4. GEVANGENISBEARBEIDING

Die kommissie deel die sinode mee dat ds. AE van den Berg wat al vir baie jare gevangenisbearbeiding in Pretoria en die Zonderwatergevangenis te Cullinan doen, vrywillige hulp in die persoon van dr. Pieter Moller gekry het. Dr. Moller is tans onder-leierouderling van AP Kerk Pretoria-Oos en verrig onmisbare diens.

In Pretoria word drie gevangenisse elke Maandag bedien terwyl ds. Van den Berg die Zonderwatergevangenis elke Donderdag bedien. Ongeveer 80 gevangenes word in totaal bedien. Volwasse kategese word gereeld gehou en in 1996 het vyf gevangenes belydenis van geloof afgelê nadat drie van hulle gedoop is. Vanjaar het een gevangene belydenis van geloof afgelê en een is tans met voorbereiding besig.

5. VRYWILLIGE KOLLEKTE VIR GEVANGENISBEARBEIDING

Die kommissie spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat pragtig gereageer het op die oproep van die sinode van 1995 insake 'n vrywillige kollekte vir gevangenisbearbeiding.

5.1 AANBEVELING

Die sinode betuig sy dank teenoor alle gemeentes wat vrywillige kollektes vir gevangenisbearbeiding ingesamel en oorbetaal het.

Die sinode versoek alle kerkrade om weereens 'n kollekte vir gevangenisbearbeiding te oorweeg.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 **Ring van Nelspruit: Strategie vir die versorging van ons eie mense**

Die ring van Nelspruit versoek die sinode om in die wydste moontlike sin te beplan en 'n strategie daar te stel (byna soos die destydse Reddingsdaadbond) vir hulpverlening aan Boere-Afrikaners binne die huidige situasie van maatskaplike verval. Die volgende sake moet onder andere aangespreek word: blanke aanwas, kindersorg, hulp ten opsigte van Christelike Volkseie Onderwys vir ons eie minderbevoorregte kinders (vanaf primêre tot tersiêre vlak), gesondheidsorg, versorging van oues van dae, finansiële strategie, werkskepping vir volkseie jongmense, bevordering van Christen Boere-Afrikaner kultuur.

6.1.1 AANBEVELING

Die sinode versoek ringe om so spoedig moontlik inligting i.v.m. 'n strategie vir versorging van ons eie mense asook enige wenke of aanbevelings aan die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens te besorg sodat 'n spoedige en deeglike strategie beplan kan word.

6.2 **Ring van Newcastle: AP Kerk maatskaplike diens, kinderhuis en ouetehuis**

Die ring van Newcastle versoek die sinode om ondersoek in te stel om 'n eie maatskaplike diens daar te stel wat maatskaplike probleme kan hanteer asook 'n eie kinder- en ouetehuis.

6.2.1 AANBEVELING

Die sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens om die moontlikheid van 'n eie maatskaplike diens te ondersoek. Die sinode versoek ringe om dit emstig te oorweeg om, waar moontlik, 'n maatskaplike werker uit eie geledere in diens te neem. Waar sulke persone nie beskikbaar is nie, kan 'n paslike advertensie in *Die Boodskapper* geplaas word. Aangesien die sinode geen eie projekte **het nie, kan dit geen kinder- of ouetehuis oprig nie. Sulke projekte moet vanuit die plaaslike gemeente of desnoods ring geloods word.**

6.3 **Ring van Mooinooi: Sinodale Barmhartigheid**

Die sinode besluit dat die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens nie in die presbiteriale kerkregeringstelsel bestaansreg het nie. Gevolglik besluit die sinode dat dié kommissie sal ophou bestaan.

6.3.1 Kommentaar van die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens (KBD)

Die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens pleit by die sinode vir die voortbestaan van hierdie kommissie aangesien daar gereeld sake voorkom wat op 'n breër vlak as net die plaaslike diakonie lê. Die voorafgaande beskrywingspunte is goeie voorbeelde hiervan. U kommissie voorsien dat sy taak groter gaan word in die lig van die agteruitgang van die land en kerklike advies asook hulp wat benodig sal word.

6.3.2 AANBEVELING

Die sinode handhaaf die besluit van die sinode van 1993 (Handelinge bl. 231) dat die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens bly voortbestaan.

Die kommissie vertrou dat hy hiermee sy werk na behore afgehandel het en bid die sinode die seën van die Here toe met sy sitting.

DS. AE VAN DEN BERG VOORSITTER

DS. JAC ERASMUS SKRIBA